

**DIE VERBAND TUSSEN EN DIE ONTWIKKELING IN DIE  
PROFETIESE UITSPRAKE IN DIE BOEK HOSEA**

deur

Andries Petrus Bernardus Breytenbach

Voorgelê ter vervulling van die  
vereistes vir die graad

DOCTOR DIVINITATIS

in die Fakulteit Teologie (Afdeling A)

Universiteit van Pretoria,

Pretoria

November 1979



\*1140904\*

Errata.

Bl. 14, par. 4, reël 6, lees voornaamwoorde i.p.v. voornaamswoorde

Bl. 94, par. 1, reël 2, lees of zibhōt 'n hapax legomenon is i.p.v.  
of 'n zibhōt hapax legomenon is

Bl. 101, par. 2, reël 12 en 15, lees hazzōnā i.p.v. hazōnā

Bl. 129, par. 1, reël 5, lees interpretatiewe i.p.v. imperatiewe.

Bl. 134, par. 3, reël 6, lees te voorskyn i.p.v. tevoorskyn.

Bl. 146, par. 1, reël 1, lees aan mekaar te verbind i.p.v. aan mekaar  
verbind.

Bl. 161, par. 6, reël 2, lees die voegwoord w<sup>e</sup> aan 'ak<sup>e</sup>lū i.p.v. die  
voegwoord w<sup>e</sup>, ak<sup>e</sup>lū

Bl. 241, par. 3, reël 4, lees dui hier blykbaar die noordelike ryk  
i.p.v. dui hier blykbaar noordelike ryk.

Bl. 251, vs. 12, reël 3, lees hulle self i.p.v. hulleself.

Bl. 266, par. 2, reël 5, lees en dit te vertaal i.p.v. en dit vertaal.

Bl. 317, par. 3, reël 4, lees regsak i.p.v. regspraak.

Bl. 394, reël 2, lees

Elliger, K., ed., *Biblisch-Historisches Handwörterbuch* (I, II en III),  
Göttingen 1966.

"Eine verkannte Kunstform bei Hosea (Zur Einheit von  
Hos. 5:1f)," ZAW 69 (1957).

i.

Promotor                      Prof. dr. J.P. Oberholzer

Mede-promotor              Prof. dr. W.C. van Wyk

Opgedra aan my gesin

ii.

## VOORWOORD

'n Proefskrif word net deur een persoon geskryf, maar dit is nooit die werk van een persoon alleen nie. Om die kennis en insig te bekom om dit te kan doen en om die werk aan te pak en uiteindelik af te handel, verg baie helpende hande. Dit was ook in my geval nie anders nie en daarom wil ek graag die volgende persone opreg bedank:

Die promotor, prof. J.P. Oberholzer, het deur sy aanmoediging en nugtere kritiek die studiewerk van die begin af in die regte rigting gestuur.

Die mede-promotor, prof. W.C. van Wyk, het met sy skerp insig en wye kennis van die Semitiese tale die flaters wat 'n student kan maak, raakgesien en uitgeskakel.

Met emeritus prof. A. van Selms en ook prof. J.A. Loader kon ek stimulerende gesprekke voer.

My kollega, ds. M.J. Naude het besondere begrip getoon vir my posisie. Hy het baie van my pastorale verpligtinge oorgeneem en toegesien dat ek ongestoord kon werk. Sy aanmoediging en belangstelling was vir my van groot waarde.

Die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde gemeente Bronkhorstspruit het met 'n skenking vir die koste verbonde aan die proefskrif ingestaan en ook ekstra verlof aan my toegestaan.

My ouers het jare gelede baie opgeoffer om dit vir my moontlik te maak om te studeer. Ook by die skryf van hierdie proefskrif het hulle gehelp waar hulle kon.

My vrou se stille toewyding was die grootste motivering vir die afhandeling van die werk.

Aan God die eer vir wat goed is in hierdie werkstuk!

iii.

INHOUD

	<u>Bladsy</u>
Verantwoording . . . . .	iv
Lys van afkortings . . . . .	x
1:1-2a . . . . .	1
1:2b-9 . . . . .	5
2:1-3 . . . . .	18
2:4-15 . . . . .	26
2:16-25 . . . . .	40
3:1-5 . . . . .	53
4:1-15 . . . . .	66
4:16-19 . . . . .	92
5:1-7 . . . . .	104
5:8-6:6 . . . . .	116
6:7-7:7 . . . . .	142
7:8-16 . . . . .	166
8:1-14 . . . . .	186
9:1-9 . . . . .	214
9:10-17 . . . . .	235
10:1-8 . . . . .	253
10:9-15 . . . . .	271
11:1-11 . . . . .	291
12:1-14 . . . . .	314
12:15-14:1 . . . . .	334
14:2-9 . . . . .	354
14:10 . . . . .	365
Konklusie . . . . .	367
Struktuurontleding . . . . .	374
Literatuurlys . . . . .	393
Samevatting . . . . .	398
Summary . . . . .	400

iv.

VERANTWOORDING

Die doel van die ondersoek

Die boek Hosea plaas die eksegeet voor 'n hele reeks probleme. Naas die vrae wat na vore gebring word deur die woord- en taalgebruik in die boek, is een van die moeilikste kwessies dié van die verhouding tussen die verskillende dele van die boek. Die verhouding tussen hoofstuk 1 en 3 is byvoorbeeld 'n omstrede saak. Dit geld ook vir die verhouding tussen die oordeelsprofesieë en daaropvolgende heilsprofesieë aan die begin en einde van die boek. Die doel van hierdie ondersoek is om die verband tussen die profetiese uitsprake in die hele boek na te gaan en om te bepaal of daar enige ontwikkeling ten opsigte van die inhoud aanwysbaar is.

Die metode van ondersoek

Om die gestelde doel te bereik, is 'n noukeurige eksegeese van die hele boek vanselfsprekend 'n voorvereiste. 'n Verdere vanselfsprekende voorvereiste is dat dit teks-immanente eksegeese moet wees. 'n Sinkroniese benadering word gevolg aangesien dit die beste waarborg is dat wilkeur so ver as moontlik uitgeskakel word by die uitleg. Diakroniese gegewens kom ook by die bepaling van die betekenis ter sprake maar dit word as ondergeskik aan die sinkroniese beskou.

Die metode van die ondersoek wat gevolg word, is dié wat deur W. Richter voorgestaan word in 'n vereenvoudigde vorm.<sup>1</sup> As ál die stadia van Richter se metode noukeurig gevolg word en elke faset volledig aandag kry, kan dit 'n geweldige omslagtige ondersoek word. Daarom is daar gepoog om 'n metode te volg wat die ompaaie vermy, sonder

---

1. Vgl. W. Richter, Exegese als Literaturwissenschaft, Göttingen 1971, bl. 49-190.

v.

om die basiese beginsel, naamlik dat die konteks die betekenis moet bepaal, prys te gee of geweld aan te doen.

Die verskillende stadia van die eksegeese is onder die volgende rubrieke tuisgebring:

- i. Afgrensing Die afgrensing van perikope is daarop gerig om hanteerbare eenhede te verkry. Omdat die boek, met die uitsondering van enkele verse hoofsaaklik uit poësie bestaan en tipiese inleiding- of afsluitingsformules meestal ontbreek, is dit soms moeilik om 'n perikope presies af te baken. Daar is in elke geval gepoog om op grond van sake soos woordgebruik en die verandering van styl 'n tematiese eenheid af te grens. So 'n afgrensing kan natuurlik nie finaal wees nie, maar word by die behandeling van die daaropvolgende perikope getoets.
- ii. Tekskritiek Soos in enige ander boek in die Ou Testament kan daar in Hosea verskillende tradisielae onderskei word. So byvoorbeeld verteenwoordig die lesing wat in die masoretiese vokalisasie neerslag gevind het, 'n bepaalde tradisielaag in die oorspronkeling en gebruik van die teks. In die eksegeese kan die vertolking van die teks wat in die vokalisasie van die masorete weerspieël word, as studieveld geneem word. Vir die doel van hierdie studie is die tradisielaag waarin die profetiese uitsprake van Hosea as 'n boek saamgevat is, vir sover dit agterhaalbaar is, as studie-objek gekies. Dit beteken dat daar primêr gewerk word met die ongevokaliseerde Hebreeuse teks soos dit deur die masorete oorgelewer is. In die studie word daarna verwys as die Masoretiese teks (L.W. met 'n hoofletter). Die vokalisasie van die masorete word vanselfsprekend as uitgangspunt geneem by die eksegeese, maar veranderinge daaraan word wel deeglik oorweeg. Dit word gedoen op literêr-kritiese gronde en kry daarom onder die rubriek Betekenis aandag. Onder die rubriek Teks=

vi.

kritiek gaan dit hoofsaaklik oor die konsonante-  
teks. Die doel is om so ver as moontlik die "oor=  
spronklike" konsonante-tekst vas te stel. Hiervoor  
word die teksgetuies gebruik met inagneming daarvan  
dat die oudste vertalings óók 'n bepaalde interpre=  
tasie van die teks reflekteer. Indien met redelike  
sekerheid uit die tekskritiese gegewens afgelei kan  
word dat die Vorlage van die betrokke vertalings 'n  
ander lesing gevolg het as die Masoretiese tekst en  
laasgenoemde 'n fout of doelbewuste verandering  
weerspieël, word die konsonante-tekst gewysig.

iii. Vorm Onder hierdie rubriek word aandag gegee  
aan die poëtiese vorm van die perikoop. Die metrum  
word bepaal om vas te stel of daar enige patroon in  
is. Verder word sake soos metriese beklemtoning,  
verandering in die ritme, ensovoorts, genoteer.  
Vanselfsprekend kan die metrum in bepaalde gevalle  
nie met sekerheid bepaal word nie. So byvoorbeeld  
kan die negatief lō' beklemtoon wees of nie. In  
gevalle van onsekerheid word die algemene patroon  
en die waarskynlikste ritmiese kombinasies as rig=  
lyn geneem. Die resultaat van die skandering word  
in die skematiese struktuurontleding na die finale  
konklusie aan die einde aangetoon. Wanneer in  
die bespreking van 'n versvoet gepraat word, word  
daarmee nie 'n klemtooneenheid bedoel nie, maar  
'n kombinasie van twee tot vier klemtooneenhede.  
Dit is dus prakties 'n sinoniem vir hemistige.

Naas die metrum kry die parallelismus membrorum,  
stylfigure en herhalings van terme ook aandag. Die  
doel van die verwerking van gegewens wat op die  
formele poëtiese vlak lê, is om so ver as moontlik  
vas te stel wat die stemming van 'n bepaalde peri=  
koop is. Dit lewer ook 'n belangrike kontrolerende  
diens om die verkeerde kombinasies van klemtooneen=  
hede, hemistiges of selfs stiges te voorkom.



vii.

iv. Struktuur Die ontleding van die struktuur op grond van die formele kriteria is een van die belangrikste fasette van die ondersoek. Omdat die boek hoofsaaklik uit poësie bestaan en die outeur dus sy gedagtes in hemistiges en stiges gegiet het, word die stige, en in gevalle van onsekerheid, die hemistige, geneem as uitgangspunt by die bepaling van die struktuur en nie die kolon soos in die geval van prosa nie. Indien formele gronde alleen geld, is daar soms meer as een kombinasie moontlikheid by hemistiges en stiges. Al die moontlikhede word oorweeg en die waarskynlikste kombinasie word geneem as uitgangspunt met die konteks as uiteindelijke kontrolemiddel.

Die resultate van die struktuurontleding word skematies uiteengesit met gebruikmaking van verbindingslyne tussen stiges en groter eenhede. Hierdie struktuurontleding is na die finale konklusie ingebind en kan uitgevou word vir makliker hantering. Onder die rubriek Struktuur word die belangrikste eenhede aangedui en slegs die belangrikste argumente vir die groepering word gegee. 'n Gedetailleerde uiteensetting waarin ál die verbindingsmoontlikhede oorweeg word, sou te veel plek in beslag neem.

v. Betekenis Met die struktuurontleding as riglyn word die betekenis of inhoud van die perikoop bepaal. Al die betekenis moontlikhede van terme, maar veral van die kombinasie van terme word oorweeg, sowel as al die moontlikhede wat 'n bepaalde grammatikale konstruksie bied. By verskillende moontlikhede word die struktuur en konteks geneem as die eerste riglyn.

Verandering aan die vokalisasie van die masorete en konjektore met betrekking tot die konsonanteteks word ook onder hierdie rubriek oorweeg. Dit geskied op literêr-kritiese gronde met die oudste vertalings as ondersteunende argumente waar van

viii.

toepassing. Die verband is ook hier deurslaggewend.

Dit is soms nodig om sake wat streng gesproke nie by die bepaling van die betekenis tuishoort nie, soos kultuurhistoriese gegewens, ook onder hierdie rubriek te bespreek. Dit is telkens aangedui met 'n verkleinde blokdruk. Dit geld ook vir langer besprekings wat die voortgang in die uitleg onderbreek. Aan die einde van die rubriek word die belangrikste fasette van die betekenis oorsigtelik aangedui.

vi. Vertaling Die resultaat van die eksegeese word in 'n vertaling saamgevat.

vii. Agtergrond Ná die bepaling van die betekenis kom die agtergrond van die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, ter sprake. Uit die inhoud en verwysings in die perikoop word gepoog om die profetiese uitsprake by benadering te dateer. Naas die datering word in enkele gevalle ook aandag gegee aan die Sitz im Leben van die profetiese uitsprake. Die vraagstelling na die agtergrond word in die eksegetiese proses opgeneem omdat dit soms belangrike perspektiewe na vore kan bring.

viii. Breër verbande en perspektiewe Onder hierdie rubriek word die resultaat van die eksegeese van 'n bepaalde perikoop vergelyk met dié van die voorafgaande perikope. Hier word aandag gegee aan die inhoudelike verband tussen perikope, klemverskuiwings en die opname van nuwe motiewe. Die doel waarvoor die ondersoek onderneem word, is dus hier ter sprake.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die bepaling van die teologie van die boek Hosea nie die primêre doel van die ondersoek is nie. Dit sal vanselfsprekend ook ter sprake kom. Die studie is egter gerig op die verbande tussen en ontwikkeling in die profetiese uitsprake. Dit is waarop die klem ook lê in die konklusie aan die einde.

ix.

Enkele aantekeninge oor formele sake

- i. 'n Outeur se naam verwys in die betoog na sy kommen-  
taar op Hosea.
- ii. Voetnota-verwysings word onder aan die bladsy gegee.  
Die bespreking van 'n nuwe perikoop word as 'n nuwe  
hoofstuk in die proefskrif beskou en daarom word  
voetnotas van voor af genommer.
- iii. By die struktuurontleding ná die finale konklusie  
word stiges of hemistiges afsonderlik genommer ter  
wille van 'n eenvoudiger verwysingsstelsel. 'n Vers=  
aanduiding soos 15ab by die struktuurontleding verwys  
na die twee hemistiges waarteenoor dit staan.
- iv. In die struktuurontleding aan die einde word die  
gewysigde teks en vokalisasie gebruik en nie die  
Masoretiese teks of vokalisasie nie. Dit dui dus  
die resultaat van die ondersoek na die teks en vokali=  
sasie aan.
- v. Die transkripsiesistelsel wat gebruik word is met enkele  
uitsonderings, dié wat in die publikasies van die Ou-  
Testamentiese Werkgemeenskap in Suider-Afrika gevolg  
word.<sup>2</sup> Die hōlem sonder mater lectionis word as ō  
getranskribeer, ḥāṭeḥ s<sup>e</sup>gōl as ě, ḥāṭeḥ pataḥ as ǎ,  
ḥāṭeḥ qāmeḥ as ǒ en pē as f wanneer dit as 'n glyer  
uitgespreek word.

---

2. Vgl. die inleiding van Studies in the Chronicler,  
OTWSA 19.

x.

LYS VAN AFKORTINGS

- ANET J.B. Pritchard ed., Ancient Near Eastern Texts relating to the Old Testament, Princeton 1955.
- BHK R. Kittel ed., Biblia Hebraica, Stuttgart 1966.
- BHS K. Elliger, W. Rudolph ed., Biblia Hebraica Stuttgartensia, Stuttgart 1977.
- Ges-K. W. Gesenius, E. Kautzsch, Hebrew Grammar, Oxford 1910.
- HUCA Hebrew Union College Annual, Cincinnati.
- JBL Journal of Biblical Literature.
- KBL L. Koehler, W. Baumgartner ed., Lexicon in Veteris Testamenti Libros, Leiden 1958.
- OTWSA Publikasies van die Ou-Testamentiese Werkgenootskap in Suider-Afrika.
- THAT E. Jenni, C. Westermann ed., Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament, München 1971.
- VT Vetus Testamentum.
- ZAW Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft.

1:1-2a

1. Afgrensing

Dit is baie duidelik dat vs. 1 'n inleiding of opskrif is en nie deel uitmaak van die res van hoofstuk 1 nie. Cor vs. 2a is daar onsekerheid by die kommentatore en die meerderheid verbind dit met die res van vs. 2 en gevolglik ook met die res van hoofstuk 1. Vs. 2a word egter saam met vs. 1 gegroepeer aangesien dit net soos vs. 1 bedoel is as 'n inleiding of opskrif (vgl. Betekenis).

2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks word gesteun deur al die belangrikste teksgetuies.

3. Vorm

Al wat hier opgemerk kan word, is dat vs. 1 en 2a in prosa=styl is.

4. Struktuur

Die inleiding het geen besondere struktuur nie. Dit bestaan uit twee kola waartussen die enigste verband die voorkoms van die name yhwh en hōšēa<sup>c</sup> is.

5. Betekenis

Vs. 1 is 'n opskrif wat ooreenkoms vertoon met die vs.1 opskrifte van die profeteboeke Joël, Miga en Sefanja. Daar word redelik algemeen aanvaar dat die uitdrukking d<sup>e</sup>bar yhwh 'āšer hāyā 'el afkomstig is van 'n Deuteronomistiese redaktor wat blykbaar verantwoordelik was vir die finale uitgawe van sommige van die boeke van die twaalf Kleinprofete.<sup>1</sup> Die datering van die optrede van Hosea met

---

1. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 13.

-2-

behulp van die regeringstye van Judese konings, toon duidelik dat die boek in sy huidige vorm bedoel was vir gebruik deur Judeërs. Daar is ook in die res van die boek verskillende voorbeelde van 'n poging om die profesieë vir 'n Judese leserskring te aktualiseer.

Vroeër is daar redelik algemeen aanvaar dat die datering in die opskrif nie korrek is nie, aangesien die oorgrote meerderheid kommentatore dit eens was dat Hosea nie ná ongeveer 735 v.C. opgetree het nie. Hierdie standpunt word nie meer gehandhaaf nie en daar word aanvaar dat Hosea se profetiese werksaamheid deurgeloopt het tot net voor of tydens die val van Samaria.

Die verwysing na een van die Israelitiese konings in die opskrif word deur die kommentatore gewoonlik vertolk as 'n oorblyfsel van 'n ou Israelitiese datering wat net betrekking gehad het op die eerste periode van Hosea se optrede. Daar word dan ook dikwels van die standpunt uitgegaan dat die woorde bīmē yārob<sup>c</sup>ām ben-yō'āš oorspronklik verband gehou het met vs. 2a (Wolff, Van Leeuwen, e.a.). Hierdie verklaring is onaanvaarbaar aangesien vs. 2a 'n selfstandige opskrif is (vgl. hieronder) en die Israelitiese kompilator of redaktor van die boek blykbaar 'n tydlose karakter aan die boek wou gee (vgl. die bespreking by 14:10). Die verwysing na Jerobeam in vs. 1 is na alle waarskynlikheid óók van die Judese redaktor afkomstig: Hy wou dit onder die aandag van sy lesers bring dat Hosea nie 'n Judese nie, maar 'n Israelitiese profeet was. Aangesien die name van die Judese konings egter reeds die duur van Hosea se optrede aangedui het, was dit nie nodig om die name van die ander Israelitiese konings in die opskrif op te neem nie en kon hy volstaan met 'n verwysing na die belangrikste en bekendste onder hulle.

Vs. 2a is deur die eeue verskillend verklaar:

vs.2a

- (i) Daar is aanduidings dat Joodse geleerdes dit van die vroegste tye af vertolk het as sou dit beteken dat JHWH van die twaalf profete eerste

met Hosea gespreek het.<sup>2</sup> (Dit is waarskynlik die rede waarom die boek Hosea in die rangskikking van die boeke van die Kleinprofete eerste geplaas is.)

- (ii) Sommige moderne kommentatore vermoed dat t<sup>e</sup>hillā betrekking het op die beginperiode van Hosea se optrede as profeet en dat vs. 2a oorspronklik 'n opskrif was by 1:2 tot 3:5 (Van Leeuwen e.a.).
- (iii) Andere verstaan t<sup>e</sup>hillā weer meer relatief in die sin dat dit nie net betrekking het op die eerste periode van Hosea se profetiese werksaamheid nie. Rudolph parafraseer vs. 1b en 2 in navolging van Lindblom soos volg:

"Ich beginne meinen Bericht über die Gottesoffenbarung an Hosea, indem ich erzähle, wie er auf Jahwes Befehl zur Zeit Jerobeams in die Ehe trat ... und durch die Art, wie er seine Kinder benannte, seinen prophetischen Auftrag erfüllte."

Hierdie verklaring is almal ewe onbevredigend. dibber (vs. 2a) is 'n ongewone pi<sup>c</sup>el infinitief konstruktus van dbr (téén Ges-K. par. 52 o) en dit beteken in die konteks "die spreke van ..." b<sup>e</sup> dui die instrument van JHWH se spreke aan (vgl. 6:5). Vir die uitdrukking "spreek met" word dbr c<sup>a</sup>l (12:11) of 'mr 'el (1:2 vv.) gebruik. Vs. 2a kan dus vertaal word met "die begin van die spreke van JHWH deur die diens van Hosea." Die woorde "die begin van die spreke van JHWH" kom merkwaardig ooreen met die opskrifte of inleidings van sommige Egiptiese wysheidsinstruksies.<sup>3</sup> Aangesien hierdie formulering uniek is in die Ou Testament en die boek Hosea ook afgesluit word met 'n tipiese wysheidspreuk (14:10), is die afleiding geregverdig dat vs. 2a die oorspronklike opskrif was van die hele boek. Daarby

---

2. Rudolph verwys na gedeeltes van die Babiloniese Talmood (Baba Bathra 14b en Pesachim 87a) waarvolgens Hosea vroeër opgetree het as Amos.

3. Vgl. ANET, bll. 414 v., 418 v., 421. Prof. J.P. Oberholzer het my aandag hierop gevestig.

kan ook voorlopig gestel word dat die versameling van die profesieë of eerste redaksionele bewerking van die boek, na alle waarskynlikheid in die wysheidskringe plaasgevind het (vgl. die bespreking by 14:10).

Vs. 1 en 2a is dus twee verskillende opskrifte wat twee stadia van redaksionele arbeid aan die boek verteenwoordig. Die gegewens wat vs. 1 bevat, plaas die optrede van Hosea in die laaste fase van die bestaan van die staat Israel. Hy is as profeet geroep tydens die regering van Jerobeam II; waarskynlik nader aan die einde van sy regering (d.w.s. ongeveer 760 tot 754 v.C.,<sup>4</sup> vgl. ook 1:4). 'n Presieser datering van die tyd van sy roeping kan nie gegee word nie.

## 6. Vertaling

1. Die woord van JHWH wat gekom het tot Hosea die seun van Beëri, tydens die regerings van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda en die regering van Jerobeam die seun van Joas, die koning van Israel.
2. Die begin van die spreke van JHWH deur die diens<sup>1</sup> van Hosea: ...

## 7. Agtergrond

Die agtergrond van die opskrif in vs. 1 moet ongetwyfeld in Juda gesoek word. Daarby is dit redelik seker dat die opskrif sy ontstaan in Deuteronomistiese kringe gehad het. Op die vraag wanneer hierdie opskrif voorsien is, kan geen antwoord gegee word nie.

Die opskrif in vs. 2a hou, soos reeds opgemerk, waarskynlik verband met die slot van die boek en is vermoedelik afkomstig van 'n kompilator of redaktor wat noue verbinde= nisse met die wysheidskringe gehad het. Die (vir die Ou Testament unieke) formulering van hierdie tipiese wysheids=

---

4. Vgl. J. Gray, I and II Kings, Londen 1964, bl. 74. Hierdie kronologiese tabel word geneem as uitgangspunt vir die datering van die regeringstye van die Israelitiese konings.



opskrif sou daarop kon dui dat die agtergrond daarvan waarskynlik in Israel gesoek moet word (vgl. bespreking by 14:10).

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Die verband tussen vs. 2a en 14:10 sal by die behandeling van laasgenoemde verder bespreek word.

### 1:2b-9

#### 1. Afgrensing

Ná die opskrifte begin die eerste perikoop by vs. 2b. Dit eindig by vs. 9 waarna daar tematies 'n nuwe eenheid volg (2:1 v.).

#### 2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks word deur die vertalings gesteun, behalwe in die geval van vs. 6f waar die Septuaginta antitassomenos antitaxomai lees. Aangesien dit waarskynlik 'n interpretasie van die Hebreeuse teks is, is dit nie voldoende rede om af te wyk van die Masoretiese teks en śn 'śn' te lees nie (vgl. die kritiese apparaat in BHS). Die Masoretiese teks verdien in elk geval as lectio difficilior die voorkeur.

#### 3. Vorm

Die perikoop bestaan uit prosa en poësie wat beurtelings gewissel word. Die prosagedeeltes is kort en saaklik en eindig telkens met 'n sin wat ingelei word met wayyō'mer (vs. 2b; 4a; 6b en 9a). Hierdie sin word stelselmatig verkort van wayyō'mer yhwh 'el-hōšēa<sup>c</sup> (vs. 2b) tot

wayyō'mer (vs. 9a). In die poëtiese dele is daar nie 'n vaste ritmiese patroon nie en dit bestaan uit enkelvoetige, tweevoetige en drievoetige versreëls. By vs. 6d tot f is daar metriese beklemtoning (3 + 3 + 3). Die versreëls is oorwegend sinteties parallel. 'n Voorbeeld van klankassosiasie kom voor in vs. 5b (yišrā'e'l/yizr<sup>ec</sup>e'l).

#### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit vier korter eenhede (vs. 2b tot d; vs. 3 tot 5b; vs. 6a tot 7e en vs. 8 tot 9d). Elk van hierdie eenhede is saamgestel uit prosa en poësie. Die poësie is telkens 'n direkte rede wat volg ná die prosagedeelte. In die poëtiese dele gee JHWH elke keer 'n opdrag aan die profeet wat Hy ook motiveer (vgl. kī in vs. 2d, 4c, 6d en 9c). Die eenhede sluit bymekaar aan in soverre die voorafgaande telkens veronderstel word.

#### 5. Betekenis

Die profeet kry 'n opdrag van JHWH om 'n huwelik aan te gaan met 'n 'ešet z<sup>e</sup>nūnīm. Daar bestaan uiteenlopende menings oor die betekenis hiervan (vgl. die besprekings by Van Leeuwen en Rudolph). z<sup>e</sup>nūnīm lê klem op die handeling wat deur die stam van die woord aangedui word (Ges-K. par. 124 f). 'n 'ešet z<sup>e</sup>nūnīm is nie net 'n vrou wat die neiging het om te hoereer nie, maar iemand wat in die verlede gehoereer het en dit nog steeds doen (téén Van Gelderen e.a.; vgl. bv. 'ešet midyānīm in Spr. 21:9 en 19. Dit dui nie net 'n vrou aan wat lus het om te stry nie, maar een wat gedurig stry). Terwyl die nomen rectum in 'ešet z<sup>e</sup>nūnīm 'n eienskap of toestand aandui, beskryf dit in yaldē z<sup>e</sup>nūnīm 'n oorsaak, met ander woorde "kinders wat gebore is as gevolg van hoerery" (vgl. Ges-K. par. 128 s en x). Die oorgrote meerderheid van die kommentatore sien in yaldē z<sup>e</sup>nūnīm 'n verwysing na die kinders oor wie dit in vs. 3 tot 9 gaan. Die gebruik van lō in vs. 3 en die feit dat daar hoegenaamd

geen aanduiding in die teks is dat die ander twee kinders as gevolg van hoerery gebore is nie (vs. 6a en vs. 8), weerspreek so 'n verklaring. Binne die konteks van die perikoop beteken vs. 2b en c dus dat die profeet in die huwelik moes tree met 'n sedelose vrou wat buite-egtelike kinders gehad het (vgl. Agtergrond).

Die ongewone opdrag aan die profeet word in vs. 2d gemotiveer: Sy huwelik met 'n hoer moes dien as spieëlbeeld van die verhouding tussen JHWH en die land. 'ereş dui in hierdie geval die inwoners van die land aan (vgl. Van Leeuwen). Uit die res van die boek is dit duidelik dat die term znh, wanneer dit gebruik word in verband met die volk, verwys na die beoefening van die vrugbaarheidsgodsdienst (vgl. bv. 2:4 tot 15). Israel was dus besig om deur hulle deelname aan die vrugbaarheidskultus die band met JHWH heeltemal te verbreek.

Die huwelik van die profeet was, soos die naamgewing van sy kinders, 'n tekenhandeling wat iets moes verkondig. Dit kom ooreen met die laaste tekenhandeling (vs. 9) in soverre dit 'n bestaande toestand beskryf en nie dui op 'n toekomstige gebeure nie. Die huweliksluiting met 'n sedelose vrou funksioneer dus hier as 'n aanklag teen Israel, maar is nie 'n toekomsskeppende gebeure soos vs. 4b v. en vs. 6c v. nie.

In die uitvoering van die opdrag word daar naas die vs.3 naam van die vrou, ook die naam van haar vader vermeld. Die bedoeling daarvan is waarskynlik om aan te dui dat sy nog onder die jurisdiksie van haar vader was (vgl. Agtergrond). Vs. 3 dien ook as skakel tussen vs. 2 en 4.

Die eerste seun wat gebore word, kry in opdrag van vs.4 JHWH die buitengewone naam Jisreël. Die motivering hiervoor word ingelei met 'n nominale sin (vs. 4c) waarin m<sup>ec</sup>at temporeel gebruik word (vgl. Jer. 51:33; Job 24:24). Die naam Jisreël word verklaar as sinnebeeld van 'n toekomstige daad van JHWH: Hy sou die bloedbad wat

Jehu aangerig het in Jisreël vergeld aan sy dinastie. pāgad word in die boek gewoonlik gebruik om aan te dui dat JHWH die kwaad of onreg wat gepleeg is, op die dader daarvan sal laat neerkom (vgl. 4:9; 12:3). Daar is by die oordele van JHWH telkens 'n ooreenkoms (positief of negatief) tussen die sonde wat begaan is en die straf van JHWH daarvoor (vgl. bv. 4:6 tot 10; 9:1 tot 4). Dieselfde gedagte figureer waarskynlik ook by vs. 4d: Die bloedige staatsgreep van Jehu in Jisreël (II Kon. 9 en 10) sou met 'n soortgelyke bloedige daad vergeld word.

Die profeet Hosea se beoordeling van die optrede van Jehu (vs. 4d), verskil radikaal van dié in II Kon. 9 en 10: Volgens Hosea was dit 'n gruweldaad wat om vergelding geroep het. Volgens II Kon. 9 en 10 was dit in ooreenstemming met die wil van JHWH in soverre dit die vervulling was van profesieë wat Hy deur die diens van Elia bekend gemaak het (vgl. II Kon. 9:36 v.; 10:10, 17 en 30). J. Gray het daarop gewys dat die salwing van Jehu volgens II Kon. 9 en 10 waargeneem is deur een van die ondergeskikte profete en dat profete geen verdere rol gespeel het in die staatsgreep nie.<sup>1</sup> Hieruit sou 'n mens miskien kon aflei dat die profetegroepe in Israel negatief gestaan het teenoor die uitvoering van die staatsgreep.

Dit is wel duidelik dat die outeur van II Kon. 9 en 10 die optrede van Jehu positief waardeur omdat hy die gebeure benader vanuit 'n kulties-ortodokse standpunt<sup>2</sup> en klem lê op die godsdienstige aspek van die opstand, naamlik die uitroeiing van die baäl=diens in Israel (vgl. bv. II Kon. 9:22; 10:18 tot 28). Hy het in die optrede van Jehu waarskynlik 'n voorspel tot en legitimering van die optrede van

---

1. J. Gray, I and II Kings, Londen 1964, bl. 483 v.

2. J. Gray, a.w., bl. 15 v.

Josia gesien (vgl. II Kon. 23:5 en 20). Sy interesse in die vervulling van die profetewoord<sup>3</sup> het waarskynlik óók 'n rol gespeel in sy waardering van die gebeure.

Daarenteen het die afkeuring in Hos. 1:4 duidelik betrekking op die militêre aspek van die opstand. Dit is waarskynlik ook 'n objektiewer beoordeling van die gebeure as dié van die Deuteronomiste meer as 'n eeu later.

Vs. 4e staan parallel aan vs. 4d. Die meeste kommentatore aanvaar dat die uitdrukking bēt yiśrā'el in die boek Hosea, soos in die ander boeke van die Ou Testament, die volk Israel aandui. Dit is vir die betekenis van vs. 4e belangrik om die omvang van die naam bēt yiśrā'el nader te bepaal. 'n Onderzoek na die gebruik daarvan in die boek Hosea is dus noodsaaklik.

---

## EKSKURS I

### Die betekenis van bēt yiśrā'el in die boek Hosea

Die uitdrukking bēt yiśrā'el kom vyf maal in die boek voor (1:4 en 6; 5:1; 6:10 en 12:1). In 5:1 word bēt yiśrā'el saam met die priesters en die koningshuis genoem as 'n groep persone wat vir die regspraak verantwoordelik is en seggenskap het oor kultiese aangeleenthede (vgl. 5:1 v.). Ward sê die volgende in verband met bēt yiśrā'el in 5:1: "The prophet is addressing the officials, whom he regards as deceivers of the people. The House of Israel here is not the covenant-community but its official representatives in palace and temple." Selfs Wolff wat by hoofstuk 1 kategorieë verklaar "bēt yiśrā'el bedeutet bei Hosea immer die Volksgemeinschaft Israel", moet by 5:1 erken: "Die Anrede des bēt yiśrā'el zwischen Priestern und Königshof kann daher sicher nicht als Füllsel und ebenso=

---

3. J. Gray, a.w., bl. 17 v.

wenig auf das Volk schlechthin gedeutet werden, eher könnte der Formzwang der Dreitaktigkeit der Reihen zu einer abgekürzten Redeweise geführt haben. Von Mi. 3: 1, 9 her kann man an die (r'sy) qsyny byt ysr'l, von I S 11:3 I Kō 21:8 Dt 19:12 her für das Nordreich noch eher an die zqny byt ysr'l als für den mšpt verantwortliche Sippenhäupter denken, die sich gelegentlich versammelten." In 5:1 dui bēt yiśra'el dus ongetwyfeld 'n groep persone aan wat 'n regerende funksie gehad het. By 6:10 word die uitdrukking blykbaar gebruik as 'n plekaanduiding. Die betekenis daarvan kan in dié geval nie presies bepaal word nie, maar dit is wél duidelik dat dit beslis nie die volk aandui nie, aangesien Efraim en Israel van bēt yiśrā'el onderskei word.

By 12:1 dui dit ook 'n groep aan wat vir die besluitneming verantwoordelik was. Wolff merk by 12:1 dan ook op: "Angeklagt sind die Bewohner des Rumpfstaates 'Efraim' und die Glieder des 'Hauses Israel' als dessen amtliche Vertreter ('Sippenhäupter')."

Wanneer ons hoofstuk 1 buite rekening laat, word bēt yiśra'el dus nêrens in die boek gebruik om die volk Israel aan te dui nie, maar 'n groep persone wat met die regspraak asook kultiese en politieke besluitneming gemoeid was.

R. Knierim het oortuigend aangetoon dat die koning in Juda waarskynlik sedert die tyd van Josafat beroepsregters aangestel het om hom met die uitoefening van sy regterlike funksie te help.<sup>4</sup> As ons in aanmerking neem dat die Elohistiese gedeelte van Eks. 18 na alle waarskynlikheid uit Israel afkomstig was (Knierim verwerp dit sonder goeie gronde<sup>5</sup>) en dat 'n gedeelte soos Deut. 16: 18 ook behoort tot die korpus van wette wat oorspronklik

---

4. Vgl. R. Knierim, Exodus 18 und die Neuordnung der mosaischen Gerichtsbarkeit, art. in ZAW 73 (1961), bl. 146-171.

5. R. Knierim, a.w., bl. 159 v., vn. 31.

uit Israel afkomstig is, is die afleiding geregverdig dat die gebruik om 'n raad aan te wys wat die koning moes bystaan, sy oorsprong in Israel gehad het en nie in Juda nie. (Josafat het die gebruik moontlik oorgeneem van Agab. Vgl. I Kon. 22:2 tot 4 vir die noue verbintenis tussen Agab en Josafat). (Daar is verskillende aanduidings in I en II Konings dat 'n raad van oudstes of koninklike amptenare met die regering behulpsaam was: ) Volgens I Kon. 20:1 tot 9 het Agab al die oudstes van die land byeen=geroep en geraadpleeg tydens die beleg van Samaria deur die Arameërs. Die verklaring dat dit oudstes was wat vlugteling was in Samaria is onbevredigend,<sup>6</sup> aangesien dit baie onwaarskynlik is dat Agab hom in só 'n situasie sou laat lei deur vlugteling wat in 'n stad wat sy privaatbesit was, kom skuiling soek het. Daar moes in Samaria 'n raad wees van vorste van oor die hele land wat deur die koning geraadpleeg is. Dit word ook veronderstel deur II Kon. 10:1 en 5: Die owerstes van Jisreël, oudstes en voogde of raadgevers van die koninklike familie neem beslissings wat nie net vir die stad Samaria nie, maar vir die hele land gevolg het. Hulle oefen in die afwesigheid van die koning beheer uit oor die aanwysing van sy opvolger. Jehu moes nie net met hulle rekening hou nie, maar eers wanneer hy hulle steun verkry het, gaan hy voort en voltooi die staatsgreep (II Kon. 10:11 en 17). Alhoewel hierdie regerende liggaam aan die koning onderhorig was, moes hy deeglik met hulle rekening hou aangesien verlies van beheer oor hulle vir hom noodlottig kon wees.<sup>7</sup>

Op grond van die konteks kan aangeneem word dat bēt yiśrā'el in 5:1 en 12:1 verwys na hierdie raad van hoofde en amptenare wat die koning moes bystaan met die regering van die land.

---

6. Teen J. Gray, a.w., bl. 376.

7. Vgl. R. de Vaux, Hoe het Oude Israel leefde, Roermond-Maaseik 1961, deel I, bl. 128.

Die presiese nuanse van bēt yiśrā'el kan in die kort spreuk waarin dit voorkom in vs. 4 en 6, moeilik bepaal word. Name soos Efraim en Israel word in die boek gebruik met 'n verrassende soepelheid (vgl. die ekskurs by 4:16 vv.). Dieselfde sou sekerlik ook kon geld vir die benaming bēt yiśrā'el. Dit sou byvoorbeeld by 1:4 en 6 die regeringsliggaam sowel as die volk wat hulle verteenwoordig kon aandui. Wat wel seker is, is dat die naam beslis nie na die volk alleen verwys nie. Alhoewel die omvang van die grootheid wat deur bēt yiśrā'el aangedui word in vs. 4 en 6 dus nie noukeurig bepaal kan word nie, is dit duidelik dat die klem in die benaming val op die owerheid. (Ward dink in dieselfde rigting wanneer hy bēt yiśrā'el in vs. 4 en 6 soos volg verklaar: "It is the monarchical institution of Israel. ... It is not synonymous with the people ...").

---

In vs. 4e word die einde van die monargale regering in Israel aangekondig. Terwyl vs. 4d dus verwys na die dinastie van Jehu, is die oordeel van vs. 4e omvattender en handel dit oor die monargale stelsel as sodanig. Die meerderheid van die kommentatore is nie geneë om hierdie verklaring sonder meer te aanvaar nie op grond daarvan dat die verloop van die geskiedenis anders was en die monargie in Israel bly voortbestaan het ná die val van die dinastie van Jehu. Sulke vooronderstellings behoort egter geen rol te speel by die eksegeese nie.

Vs. 5 bou die oordeel van vs. 4c tot e verder vs.5 uit. šbr 't-qšt was waarskynlik 'n vaste uitdrukking (vgl. 2:20; Jer. 49:35; Ps. 46:10. Dit kom ook voor in die vervloekingstekste van staatsverdrae in die agste eeu.<sup>8</sup>) qešet kan pars pro toto bedoel wees vir

---

8. Vgl. J.A. Fitzmyer, The Aramaic inscriptions of Sefīre, Rome 1967, bl. 14, reël 38 v.



die totale krygsmag (Wolff, e.a.), maar dit het meer waarskynlik net betrekking op die beroepsoldate in diens van die koning. Die verband met vs. 4 maak dit waarskynlik (vgl. ook Jer. 49:35 waar qešet <sup>c</sup>ēlām verwys na die keurkorps van beroepsoldate). Dat die vernietiging van die krygsmag juis in die vlakte van Jisreël sou plaasvind, is begryplik as in ag geneem word dat die dinastie van Jehu aan bewind gekom het ná die bloedvergieting in die vlakte van Jisreël. JHWH sou die dinastie laat eindig soos en waar dit begin het (vgl. die opmerking oor pāqad by vs. 4d).

Vs. 4 en 5 is dus 'n oordeel oor die koningshuis van Jehu. JHWH sou in die nabye toekoms 'n einde maak aan hulle regering. Maar dit sou ook die einde van die monargie in Israel beteken. Dit sou gebeur in die vlakte van Jisreël wanneer die leër van die koning, waarmee hy sy gesag afgedwing het, verslaan word.

In vs. 6a word die geboorte van nog 'n kind vermeld. Soos in die geval van die eersteling sou sy 'n uitsonderlike naam dra en só 'n lewende profesie wees. vs.6

Die naam lō-ruhāmā beteken "sy is sonder ontferming" (Van Leeuwen, vgl. ook Ges-K. par. 152a, vn. 1). Dit word soos by vs. 4 gemotiveer deur 'n oordeelswoord (vs. 6d tot f): JHWH sal Hom nie meer verder ontferm oor die bēt yiśrā<sup>c</sup>ēl nie (vgl. Ges-K. par. 120 a en c). kī lei in vs. 6f 'n konsekatiewe bysin in ná die negatiewe hoofsin (vs. 6d en e; vgl. Ges-K. par. 166a en b). nś' l<sup>e</sup> word hier gebruik met die betekenis "vergewe" (vgl. Gen. 18:24, 26; Jes. 2:9). Vs. 6d tot f kan dan soos volg vertaal word:

"Want Ek sal My nie meer verder ontferm oor die huis van Israel dat Ek hulle enigsins sal vergewe nie."

Hierdie oordeel van JHWH verwys klaarblyklik nie soos vs. 4 na 'n historiese gebeure nie. Dit stel in die algemeen dat die tyd toe JHWH die staat Israel of die ower-

heid in Israel vergewe het (vgl. Ekskurs I), finaal verby is. Die finaliteit van JHWH se beslissing word beklemtoon in vs. 6d (vgl. 'ōsīf <sup>c</sup>ōd) en vs. 6f (nāsō 'eśśā'. Vgl. ook die metriese klem - 3 + 3 + 3).

Vs. 7 is 'n belofte van verlossing aan Juda en vs.7 staan inhoudelik teenoor vs. 6. Daar is ook spanning tussen vs. 7 en die res van die hoofstuk aangesien dit die enigste heilsbelofte bevat in 'n perikoop waarin oordeelsprofesieë domineer. Dit versteur ook die poëtiese struktuur van die perikoop aangesien die drie spreuke waarin die name van Hosea se kinders voorkom, elke keer verkort word. Indien die verwysings na Juda in die res van die boek in ag geneem word, lyk vs. 7 ook verdag om dat die ryke Israel en Juda in die boek eenders beoordeel word en nie een voorkeur geniet bo die ander nie.<sup>9</sup> Op grond hiervan neem die meerderheid kommentatore tereg aan dat vs. 7 'n latere invoeging in die teks is deur 'n Judese redaktor en dat dit waarskynlik sinspeel op die wonderbàarlike verlossing van Jerusalem uit die mag van Sanherib in 701 v.C. (vgl. II Kon. 19:32 vv.).

Vs. 8 dien as oorgang tussen die voorafgaande vs.8 spreuk en vs. 9. Soos by vs. 3 en vs. 6a is hierdie biografiese gegewens nie van primêre belang vir die verkondiging van die perikoop nie, maar verskaf dit agtergrond vir die profesieë en verbind dit die eenhede aan mekaar.

Die naam lō'-<sup>c</sup>ammī is soos lō'-ruḫāmā (vs. 6c) vs.9 en lō'-<sup>c</sup>ehyē (vs. 9d) 'n samestelling wat die teenoorgestelde aandui van die betekenis wat in die tweede deel van die naam opgesluit lê (Ges-K. par. 152 a, vn. 1). In vs. 9c en d word daar deur die woordorde klem gelê op die persoonlike voornaamsworde 'attem en 'ānōkī (vgl. 2:1). Die motivering vir die naam lō'-<sup>c</sup>ammī (vs. 9c

---

9. Vgl. A. van Selms, The Southern Kingdom in Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 100-101.

en d) kom ooreen met vaste formules waarmee regsgeldige optrede bekragtig is.<sup>10</sup> Dit het dus nie soos die voorafgaande twee profesieë betrekking op 'n toekomstige gebeure nie, maar op 'n bestaande toestand. In dié opsig kom die laaste tekenhandeling ooreen met die eerste (vs. 2; so ook Ward). Cammī en 'ehyē is tipiese verbondsterme (Van Leeuwen). In vs. 9c en d word daar dus bekend gemaak dat die verbond verbreek is. Uit die inhoud kan afgelei word dat diegene wat hier aangespreek word die (gewese) verbondsvolk van JHWH is. Dit is dus gerig tot Israel. Daar word nie gesê wáárom die verbond verbreek is nie. Dit is moontlik dat die gegewens van vs. 2, naamlik dat die land weghoereer van JHWH af, die grond is vir die aankondiging in vs. 9 en moontlik ook vir die oordeel in vs. 6.

Die huwelik van Hosea en die name van sy kinders was dus sinnebeeldig daarvan dat die vrugbaarheidsgodsdiens Israel van JHWH geskei het (vs. 2); dat die verbond van JHWH met sy volk verbreek was (vs. 9); dat die dinastie van Jehu en daarmee saam ook die monargie vernietig sou word (vs. 4 en 5) en dat die staat Israel (of die owerheid daarvan?) geen vergifnis van JHWH sou ontvang nie.

## 6. Vertaling

- 2b JHWH het vir Hosea gesê:  
"Gaan trou met 'n sedelose vrou wat buite-egtelike kinders het;  
want die land is besig om deur hulle hoerery die band met JHWH heeltemal te verbreek."
- 3 Hy het toe gegaan en met Gomer, die dogter van Diblaim, getrou. Sy het swanger geword en geboorte geskenk aan 'n seun.
- 4 JHWH het vir hom gesê:  
"Noem hom Jisreël;  
want Ek gaan binnekort die bloedbad wat in Jisreël aangerig is aan die dinastie van Jehu vergeld.  
Ek sal 'n einde maak aan die koningskap van die

---

10. Vgl. R. de Vaux, a.w., deel I, bl. 74 en 103.

- huis van Israel.
- 5 Op dié dag sal die krygsmag van Israel vernietig word in die vlakte van Jisreël."
- 6 Sy het daarna weer swanger geword en geboorte geskenk aan 'n dogter.  
Hy het vir hom gesê:  
"Noem haar Sonder-ontferming;  
want Ek gaan My beslis nie meer verder ontferm oor die huis van Israel en hulle vergewe nie."
- 7 ("Maar oor die huis van Juda sal Ek My ontferm, en Ek sal hulle red deur JHWH, hulle God. Maar Ek sal hulle nie red deur die boog of die swaard of 'n veldslag, deur perde of ruiters nie.")
- 8 Nadat sy Sonder-ontferming gespeen het, het sy weer swanger geword en 'n seun gebaar.
9. Hy het gesê:  
"Noem hom Nie-my-volk-nie;  
want julle is Nie-my-volk-nie en Ek is Nie-julle-verbondsgod-nie."

## 7. Agtergrond

- i. Die huwelik van die profeet Die huwelik van die profeet met 'n sedelose vrou het deur die eeue verskillende verklarings na vore gebring (vgl. Van Leeuwen). Dikwels het moderne, christelike opvattinge oor die huwelik die resultaat van die eksegeese van Hos. 1 bepaal. Dit is egter noodsaaklik dat sedes en gebruike wat in Israel gegeld het, in ag geneem word by 'n beoordeling van 'n gedeelte soos Hos. 1:2 (vgl. ook 2:4 tot 15). Die Ou Testament bied nie 'n beskrywing van sedes en gewoontes in Israel nie, maar sekere afleidings kan wel uit die gegewens van die Ou Testament gemaak word. Die gebruike by ander Semitiese volkere bied gewoonlik ook goeie vergelykingsmateriaal wanneer dit gaan oor 'n saak soos die huwelik met 'n prostituut.

Alhoewel hoerery in die Ou Testament moreel veroordeel word (vgl. bv. Spr. 29:3; 31:3), is daar merkwaaardig genoeg geen wet wat 'n man verbied het om 'n prostituut te besoek nie. Verder is dit ook opvallend dat alleen die priesters verbied is om met

prostitute te trou (Lev. 21:7). Hieruit kan ons aflei dat die gewone Israeliet (alhoewel dit waarskynlik as onwenslik beskou is) met 'n prostituut in die huwelik kon tree sonder om daarmee skande oor homself te haal.<sup>11</sup> In só 'n geval sou die vrou natuurlik haar vorige beroep moes laat vaar.

Prostitute het blykbaar soms saamgewoon en vanselfsprekend ook buite-egtelike kinders gehad (vgl. I Kon. 3:16 tot 27). Uit die verbod in Lev. 19:29 kan afgelei word dat 'n prostituut, veral as sy nog jonk was, soms onder die voogdyskap van haar vader gebly het (vgl. ook Deut. 22:21 v.).

Dieselfde gebruike en benadering ten opsigte van prostitusie het in 'n hoë mate gegeld by die Arabiese volkere. Dit was gewoonlik nie 'n skande om met 'n prostituut in die huwelik te tree nie, mits sy haar vorige beroep laat vaar het.<sup>12</sup> Verder kon die dogters van sommige stamme hierdie beroep beoefen terwyl hulle nog in hulle ouerhuise was. 'n Buite-egtelike kind wat gebore is, het by die moeder gebly en is (interessant genoeg) 'n walad zanu genoem<sup>13</sup> (d.w.s. "kind van hoerery", vgl. yaldē z<sup>e</sup>nūnīm in vs. 2c).

Alhoewel dit in 'n mate gewaagd is om afleidings te maak oor die huwelik van Hosea uit die skrale gegewens in 1:2 en 3, is dit in die lig van die voorafgaande baie waarskynlik dat die profeet in die huwelik getree het met 'n prostituut wat buite-egtelike kinders gehad het maar nog onder die jurisdiksie van haar vader was. Vir die gewone Israeliet was dit blykbaar toelaatbaar, mits die vrou haar

---

11. Vgl. R. Patai, Sex and family life in the Bible and the Middle East, New York 1959, bl. 146.

12. R. Patai, a.w., bl. 152.

13. Vgl. R. Patai, a.w., bl. 141.

beroep laat vaar het. Die opdrag van JHWH aan sy proféet om met 'n sedelose vrou te trou, is egter buitengewoon.

- ii. Datering Die enigste profesie in die perikoop wat met 'n mate van sekerheid gedateer kan word, is vs. 4 en 5. Dit is gelewer vóór die val van die dinastie van Jehu in 753 v.C. Dit klop met die opskrif van die boek wat die optrede van Hosea dateer in die tyd van Jerobeam II (781-754 v.C.). Oor die datering van die res van die perikoop kan daar slegs gegis word.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Hos. 1:2b tot 9d is 'n afgeronde eenheid maar kan inhoudelik nie losgemaak word van 2:1 vv. nie. Die verband tussen hoofstuk 1 en 2:1 vv. sal by die behandeling van laasgenoemde bespreek word.

### 2:1-3

#### 1. Afgrensing

'n Nuwe tematiese eenheid, gekenmerk deur konsekwente perfekta, begin by 2:1. Die meeste kommentatore sluit ook vs. 3 by die eenheid in op grond van bepaalde ooreenstemmende inhoudsmomente in vs. 2 en 3 (bv. Wolff, Rudolph, Van Leeuwen). Die naam Jisreël (vs. 2) en die sinspeling op die name lō'-<sup>c</sup>ammī en lō'-ruḥāmā (vs. 3), wys inderdaad in dié rigting. Die probleem is wel dat die imperatiewe in vs. 4 baie nou aansluit by vs. 3. Indien die afgrensing op suiwer formele gronde gedoen moet word, behoort vs. 3 en 4 saam gegroep te word. By vs. 4 begin daar egter tematies 'n nuwe eenheid en daarom word vs. 1 tot 3 voorlopig as 'n perikoop behandel.

## 2. Tekskritiek

Daar is geen tekskritiese gronde vir veranderinge aan die Masoretiese teks nie.

## 3. Vorm

Die metrum het by vs. 1 'n taamlike eenvormige patroon (2 + 2/3 + 2, 2 + 2). In vs. 3 is daar 'n verandering na sesklem versreëls en die eenheid eindig met 'n nege=klem versreël (w<sup>e</sup>la'āhōtēkem het twee heffings). Die verandering in die metrum kom ooreen met die oorgang van passiewe na aktiewe perfekta (vs. 1 en 2) en die imperatief (vs. 3). Die hemistiges is oorwegend sinteties parallel aan mekaar. Die herhaling van woorde is opmerklik (vgl. b<sup>e</sup>nē in vs. 1a en d, 2a en b; lō' in vs. 1b en c; lāhem in vs. 1c en d, 2c; 'mr l<sup>e</sup> in vs. 1c en d, 3a).

## 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit drie korter eenhede:

- i. Vs. 1 handel oor die b<sup>e</sup>nē yisrā'el. Dit bestaan uit twee dele wat in elke geval ingelei word deur w<sup>e</sup>hāyā (vs. 1a en c) en waarin die gebruik van passiewe imperfekta opval.
- ii. Vs. 2a tot d handel oor die b<sup>e</sup>nē y<sup>e</sup>hūdā en die b<sup>e</sup>nē yisrā'el wat deurgaans subjek is van die aktiewe konsekutiewe perfekta.
- iii. Vs. 2e tot 3b vorm 'n eenheid op grond van die oorgang na 'n nominale sin en die imperatief, asook die voorkoms van die naam Jisreël en die sinspeling op die name lō'-<sup>c</sup>ammī (vs. 3a) en lō'-ruḥāmā (vs. 3b).

Vs. 2 en 3 verbind aan mekaar op grond van die meervoudsvorme. Dit verbind weer met vs. 1 as gevolg van lekseem-ooreenkomste.

## 5. Betekenis

Vs. 1a en b is 'n heilsbelofte aan die Israëliete. vs.1

Die belofte van 'n talryke nasie wat nie bereken (letterlik "gemeet") of getel kan word nie sluit aan by die beloftes aan die aartsvaders (vgl. Gen. 22:17; 32:12), wat weer verband hou met JHWH se verbond met hulle (Gen. 15 en 17).

Vs. 1c en d is ook 'n heilsbelofte, maar dit verwys terug na die oordeelsprofesie in 1:9. bim<sup>e</sup>qōm 'āšer beteken nie "in plaas van" nie, maar "op die plek waar ..." (Van Leeuwen, vgl. Gen. 35:13 v., 40:3). Dit gaan hier dus oor dieselfde plek waar die oordeelsprofesie van 1:9 uitgespreek is.

Rudolph en Van Leeuwen sien in bim<sup>e</sup>qōm 'āšer 'n verwysing na Jisreël. Daar is egter géén aanduiding dat die oordeelsprofesie van 1:9 in Jisreël uitgespreek is nie. māqōm dui eerder 'n heiligdom aan waar die verbond opgesê is (1:9; vgl. die gebruik van māqōm as aanduiding van 'n heiligdom in Gen. 12:6; 13:3 v.; 28:11, 16, 17, 19; 35:7, 13 vv.; Jos. 24:26).

Op dieselfde plek waar die verbond nietig verklaar is, sal aan die Israëliete gesê word dat hulle kinders van die lewende God is. Die logiese subjek van 'mr in vs. 1c en d is dieselfde, naamlik JHWH (vgl. Rudolph). Die uitdrukking "seun(s) van God" is tipiese verkiesingsterminologie (vgl. Hos. 11:1; Eks. 4:22; Deut. 14:1 v., ens.)! 'el-hay is waarskynlik bedoel as polemieë teen die vrugbaarheidskultus waarin die sikliese sterwe en herlewing van die godheid 'n belangrike rol gespeel het (Van Leeuwen). Vs. 1d impliseer dus 'n omkering van wat in 1:9 gestel is: In die toekoms sal die lewende God die Israëliete weer aanneem as sy kinders en so die verbondsverhouding met hulle herstel.

Vs. 2 brei verder uit op die heilryke toekoms vs.2a-d wat in vs. 1 voorsien word deur die reaksie van die volk van JHWH te beskryf: Dit bestaan uit drie hande-linge wat op mekaar volg en 'n hoogtepunt bereik in



vs. 2d. Vs. 2a en b handel oor 'n samekoms van die Judeërs en Israeliete. Sulke samekomste het gewoonlik by 'n heiligdom plaasgevind en het 'n kultiese fees en soms ook militêre optrede ten doel gehad (vgl. bv. I Sam. 7:5 vv.; 13:7 vv.). By dié geleentheid sal die Judeërs en Israeliete vir hulle 'n gesamentlike hoof aanwys. rō'š is uit huis uit 'n sosiologiese term wat veral in die rigtertyd die hoof van 'n stam of groep stamme kon aandui. Die term is ook by uitstek gebruik in verwysings na 'n militêre aanvoerder (vgl. Rig. 11:8 tot 11). Later kon dit ook 'n kultiese beampete aandui.<sup>1</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat die term rō'š gebruik word in die beskrywing van die toekomstige heilstyd en nie šar of melek nie. melek staan in die boek Hosea (met die uitsondering van 3:5 waar ons waarskynlik te doen het met 'n latere toevoeging), altyd in 'n ongunstige verband. Dieselfde geld ook vir šar, 'n term wat dikwels saam met melek voorkom en 'n beampete aandui wat in diens van die koning is<sup>2</sup> (vgl. die bespreking by 3:4). As ons hierby in ag neem dat die pre-monargale tyd op ander plekke in die boek voorgehou word as die ideale tyd (vgl. bv. 9:15), dan is dit duidelik dat vs. 2a tot c die toekomsbeeld skets in die kleure van die rigtertyd: Israel en Juda sal hulle onder een hoof verenig soos die verskillende stamme dit in die rigtertyd gedoen het wanneer daar 'n militêre bedreiging was.

w<sup>ec</sup>ālū min-hā'āreš het in aansluiting by vs. 2a tot c 'n militêre konnotasie, naamlik "beheer oorneem oor die land" (vgl. Eks. 1:10. So ook Van Leeuwen, teen Rudolph). Die Judeërs en Israeliete sou dus, verenig onder een hoof, beheer oorneem oor die land.

1. Vgl. J.R. Bartlett, The use of the word rō'š as a title in the Old Testament, VT 19 (1969), bl. 1-10;  
R. Knierim, Exodus 18 und die Neuordnung der mosaischen Gerichtsbarkeit, ZAW 13 (1961), bl. 146-171;  
Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 705 v.

2. R. Knierim, a.w., bl. 168.

Vs. 2e word deur die kommentatore verskil= vs.2e-3b lënd verklaar. Diegene wat die Masoretiese teks onveranderd handhaaf, sien daarin 'n omkering van die profesie van 1:4 : Volgens 1:4 v. sou Israel 'n nederlaag ly in Jisreël, terwyl hulle volgens 2:2 'n oorwinning sou behaal in Jisreël (vgl. Rudolph en Van Leeuwen). Verwante uitdrukkings in die Ou Testament dui inderdaad daarop dat yōm yizr<sup>ec</sup>e'l vertolk moet word as 'n verwysing na 'n veldslag in die vlakte van Jisreël (vgl. yōm midyān in Jes. 9:3 en yōm y<sup>e</sup>rūšālayim in Ps. 137:7). Dit is egter opmerklik dat yōm midyān en yōm y<sup>e</sup>rūšālayim, nie in die eerste plek beteken "die dag van die veldslag in Midian/Jerusalem" nie, maar dat dit beteken "die dag van die neerlaag van Midian/Jerusalem".<sup>3</sup> In die lig hiervan is dit baie waarskynlik dat yōm yizr<sup>ec</sup>e'l ook beteken "die dag van die neerlaag van Jisreël." Vs. 2e is dan nie die omkering van die profesie oor Jisreël in 1:4 v. nie, maar 'n bekragtiging daarvan! Die verskil lê by die groepe oor wie dit gaan in 1:4 en 2:2: By 1:4 v. was die naam Jisreël die sleutelwoord in die oordeel oor die koning. Die koningskap sou beëindig word en die leër (wat onder bevel van die koning was), sou 'n neerlaag ly in die vlakte van Jisreël. In 2:1 tot 3 gaan dit oor die gewone burgers (b<sup>e</sup>nē yiśrā'el en b<sup>e</sup>nē y<sup>e</sup>hūdā). As die profeet sê dat hulle sal saamtrek, dat hulle (soos in die rigtertyd) vir hulle 'n hoof sal aanstel en dat hulle beheer sal verkry oor die land, dan spreek daaruit 'n duidelike polemieë téén die koningskap. Die neerlaag van "Jisreël" is dus die neerlaag wat die koning en sy troepe gaan ly teen die volk wat verenig is onder 'n bevelvoerder wat hulle self aangewys het.

Hierdie verklaring verskil radikaal van die verklarings in die kommentare. Dié eksegete wat 2:1

---

3. Dié gebruik van ywm kom ook by Arabiese geskiedskrywers soos Aṭ-Ṭabarī voor.

tot 3 as 'n profesie van Hosea beskou, dateer dit in die tyd ná 733 toe Assirië onder andere die Jisreëlvlakte verower het. Verantwoordelike eksegese kan egter nie gebou word op vooronderstellings oor die historiese agtergrond van 'n perikoop nie. Verder is die uitgangspunt van die kommentatore dat 2:1 tot 3 deur 'n redaktor ná 1:2 tot 9 geplaas is om die volle spektrum van die profeet se verkondiging (nl. onheil én heil) aan die begin van die boek reeds na vore te bring, 'n onbewysbare hipotese! (Vgl. verder onder Breërverbande en perspektiewe.)

9 Dit is nie heeltemal duidelik tot wie die oproep gerig is nie en na wie 'āhēkem en 'āhōtēkem verwys nie. In aansluiting by vs. 1 en 2 is dit die beste om dit te vertolk as 'n oproep gerig tot die Israeliete om die beloofde heil te realiseer deur 'n nuwe verbondenheid aan mekaar en toegeneentheid teenoor die Judeërs. (Vgl. bv. I Kon. 20:32 tot 34 waar 'āh gebruik word in 'n konteks waarin dit gaan oor die verbond tussen Agab en Benhadad.) Daar is in vs. 3 'n sinspeling op die oordeelsprofesie van 1:6 en 9. Die onheilspellende name word hier egter positief aangewend (vgl. ook vs. 1c en d).

2:1 tot 3 handel dus oor die heilryke toekoms wat vir die volk voorlê: Die beloftes aan die aartsvaders sal 'n werklikheid word (vs. 1a en b) en die verbond wat voorheen deur JHWH nietig verklaar is, sal weer herstel word (vs. 1b en c). Die Judeërs en Israeliete sal soos in die rigtertyd verenig, vir hulle 'n leier aanwys en die beheer van die land oorneem. Dit sal gebeur met die groot veldslag van Jisreël. Die volk word dan ook aangemoedig om nou reeds saam te staan en te verenig.

## 6. Vertaling

- 1 Maar die getal van die Israeliete sal wees soos die sand van die see wat nie bereken of getel kan word nie.  
Op die plek waar vir hulle gesê is: "Julle is

- Nie-my-volk nie",  
sal aan hulle gesê word: "Kinders van die lewende  
God".
- 2 Die Judeërs en Israeliete sal verenig, vir hulle  
een leier aanstel  
en die beheer van die land oorneem.  
Voorwaar, die veldslag van Jisreël sal groot wees!  
Sê dan aan julle broers: "My volk" en aan julle  
susters: "Beminde".

## 7. Agtergrond

Die meerderheid kommentatore dateer 2:1 vv. in die tyd ná die Assiriese anneksasie van die noordelike en oostelike deel van Israel (vgl. II Kon. 15:29). Daar is egter in die perikoop géén aanduiding dat 'n buitelandse mag Israel bedreig of verower het nie. 2:1 tot 3 sluit formeel en inhoudelik ten nouste aan by 1:2 tot 9 en daar is geen rede waarom dit nie ook gedateer kan word in die beginjare van Hosea se profetiese werksaamheid nie.

Die Sitz im Leben van 2:1 tot 3 was waarskynlik 'n kultiese geleentheid in die lente. Dit was die tyd wanneer sensusopnames gedoen is met die oog op belasting en troepe=monstering (vgl. vs. 1a en b). Dit was die tyd wanneer die vrugbaarheids gode gesterf het (vgl. die polemieë daar=teen in vs. 1d). Die lente was by uitstek die geleentheid wanneer die landelike bevolking by die heiligdomme byeen=gekom het. Die kultiese samekomste in die lente was dan ook tipiese volksfeeste. Daarby was dit veral ook die tyd vir militêre optrede (vs. 2).<sup>4</sup> 'n Volksamekoms in die lente sou 'n ideale geleentheid wees om 'n profesie soos 2:1 tot 3 te lewer.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

By die bespreking van die betekenis het dit duidelik ge=blyk dat daar 'n noue verband is tussen 1:2 tot 9 en 2:1 tot 3. Verskeie kommentatore meen dat daar 'n

---

1. Vgl. J.B. Segal, The Hebrew Passover, Londen 1963, bl. 136 v., vir al hierdie stellings.

spanning bestaan tussen 1:9 en 2:1 omdat daar in 2:1 presies die teenoorgestelde gestel word van wat in 1:9 gesê is. Hierdie standpunt is nie korrek nie: 1:9 was nie soos 1:4 v. en 1:6 'n oordeelsprofesie wat op die toekoms betrekking het nie, maar 'n stelling oor 'n bestaande toestand. Dat die verbond in die huidige situasie nietig verklaar word, beteken egter nie dat daar nie in die toekoms 'n verandering in die toestand kan kom nie. Daarom kan 2:1 oor die toekomstige herstel van die verbond praat, sonder om 1:9 te weerspreek.

Daar is dus nie spanning tussen 1:2 tot 9 en 2:1 tot 3 nie en die twee dele vul mekaar aan: Deur die beoefening van die vrugbaarheidskultus hoereer die land wêg van JHWH af (1:2). Die verbond van JHWH met sy volk bestaan nie meer nie (1:9). In die toekoms sal die verbond egter weer herstel word en sal die beloftes in JHWH se verbond met Israel 'n werklikheid word (2:1). Verder sal die dinastie van Jehu in die nabye toekoms tot 'n val kom en die monargie sal beëindig word (1:4). Die leer van beroepsoldate sal in die vlakte van Jisreël 'n neerlaag ly (1:5). Die volksleër van Juda en Israel sal in Jisreël die oorwinning behaal (1:2). Die huidige politieke bestel word deur JHWH verwerp (vs. 5 en 6)! Uit hierdie parafrase is dit duidelik dat 1:2 tot 9 en 2:1 tot 3 beslis nie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar inderdaad aanvul.

2:4-151. Afgrensing

Die imperatiewe van vs. 4a sluit formeel aan by die imperatief van 2:3. Tematies begin daar egter 'n nuwe eenheid by vs. 4. Die einde van die perikoop word aangedui deur die geykte formule n<sup>e</sup>'um yhwh (vgl. ook 11:11). Die meeste kommentatore beskou ook vs. 16 tot 25 as deel van die perikoop. Die argumente wat daarvoor aangevoer word, is dat lāḳeṇ in vs. 16 'n voortsetting is van lāḳeṇ in vs. 8a en 11a en dat dit in albei dele gaan oor 'n vrou as simbool van die land of volk. Die feit dat vs. 4 tot 15 oorheers word deur oordele en vs. 16 tot 25 deur beloftes van heil, maak dit egter wenslik om die twee eenhede te skei (so ook Rudolph).

2. Tekskritiek

Die Septuaginta en ander teksgetuies wyk op bepaalde punté af van die Masoretiese teks. Dit skep egter die indruk van interpretasies en is daarom nie voldoende grond vir veranderings aan die Masoretiese teks nie.

3. Vorm

Die metrum bestaan uit twee en drievoetige versreëls met twee of drie heffings per versvoet. kī 'ām<sup>e</sup>rā in vs. 7b, lāḳeṇ in vs. 8a en 11a, w<sup>ec</sup>attā in vs. 12a en n<sup>e</sup>'um yhwh in vs. 15c val buite die metrum. Die metrum het nie 'n vaste patroon nie, maar dit is tog opvallend dat die reaksie van die vrou in vs. 7c en d en ook in vs. 10a tot c bestaan uit 'n enkelvoetige versreël met drie heffings, gevolg deur 'n drievoetige versreël. (Vs. 10d is nie hierby ingereken nie omdat dit na alle waarskynlikheid 'n glosse is - vgl. Betekenis). By vs. 12b tot 15b is daar 'n gedeeltelike konsentriese patroon in die metrum: Vs. 12b en vs. 13 (2 + 2 + 3, 3 + 3 + 2) kom ooreen met vs. 15a en b (2 + 2 + 3, 3 + 3 + 2) en vs. 14a (3 + 2), kom ooreen met vs. 14c (2 + 3).

Die hemistiges is oorwegend sinteties parallel. Die figuur (a//b)//c (of omgekeerd) kom op verskillende plekke in die perikoop voor (vgl. bv. vs. 9a en b; 10b en c). By vs. 7c en d is daar endrym.<sup>1</sup> Die herhaling van sekere woorde en suffikse is opmerklik (vgl. ntn in vs. 7d, 10b en 14b; m'hbym in vs. 7c, 12b en 15b; 'ăšer in vs. 14a tot 15a; die derde persoon vroulike suffikse in vs. 4c tot 5b en vs. 13; die eerste persoon enkelvoud suffikse in vs. 7d; ens.). Die gebruik van beeldspraak in die hele perikoop is ook opvallend.

#### 4. Struktuur

Die struktuurontleding toon sewe korter eenhede in die perikoop:

- (i) Vs. 4a en b word van die res van die perikoop geskei deur die voorkoms van imperatiewe. Vs. 4b motiveer blykbaar vs. 4a.
- (ii) Vs. 4c tot 7a veronderstel die voorafgaande (vs. 4a en b). Vs. 4c stel wat van die vrou verwag word en vs. 5a tot 7a gee die maatreëls wat JHWH sal neem as sy nie aan die eis voldoen nie.
- (iii) Vs. 7b tot d staan adversatief teenoor die voorafgaande (vgl. Betekenis) en dui die vrou se werklike reaksie aan.
- (iv) In vs. 8a tot 9d word nuwe maatreëls van JHWH beskryf (vs. 8b tot 9b) en soos by vs. 4c is daar 'n kort gedeelte wat die verwagte optrede van die vrou skets (vs. 9c en d).
- (v) Vs. 10a tot c beskryf weer die vrou se werklike reaksie en staan soos vs. 7b tot d adversatief teenoor die voorafgaande (vgl. w<sup>e</sup>hī').
- (vi) Vs. 11 bevat weer maatreëls van JHWH, maar anders as by vs. 4c tot 7a en 8a tot 9d is daar geen

---

1. Vgl. D.N. Freedman, pšty in Hosea 2:7, art. in JBL 74 (1955), bl. 275, vir die vokalisasie pištay.

verwysing na die verwagte reaksie van die vrou nie. Op grond van die heropname van die terme dāgān w<sup>e</sup>tīrōš (vgl. vs. 10b) en šamrī ūfištay (vs. 7d) en die begrip "naaktheid" (vgl. vs. 5a), verbind vs. 11 met vs. 4c tot 10c.

- (vii) Vs. 12 tot 15 staan los van die voorafgaande in soverre dit 'n afgeronde struktuur het. Op grond van lekseemooreenkomste moet dit egter met vs. 4 tot 11 verbind word.

Die dieptestruktuur van vs. 12b tot 15b toon 'n chiastiese bou: Die ontbloting van die naaktheid voor die minnaars in vs. 12b en c word gebalanseer deur die omhang van tooisels en die agterloop van die minnaars in vs. 15b. Die beëindiging van die feeste in vs. 13 klop met die vergelding van die (fees)dae ter ere van die baëls in vs. 15a (vgl. ook die parallelle gebruik van hišbattī en pāqadtī in 1:4). Die verwoesting van die vrugtebome in vs. 14a word gebalanseer deur die stelling in vs. 14c dat JHWH dit 'n ruigte sal maak. In die sentrum (vs. 14b) is daar die verwysing na die hoerery van die vrou en die gawes van die minnaars — motiewe wat prominent is in vs. 4 tot 11. Die konsentriese patroon van die metrum klop met die chiastiese bou.

Die patroon wat deur die struktuurontleding uitgewys word, kan nie toevallig wees nie. Daarom moet die arbitrêre verplasing van verse en die herrangskikking van eenhede (vgl. Sellin, Weiser, Ward, Van Leeuwen, e.a.) ten sterkste afgewys word. Dit is duidelik dat die perikoop nie 'n los samevoeging van spreuke of afsonderlike retoriese eenhede is wat net tematies bymekaar hoort nie (teen Wolff), maar 'n logiese, sorgvuldig saamgestelde eenheid wat opwerk na 'n hoogtepunt (vs. 12 tot 15).

## 5. Betekenis

Die perikoop begin met 'n oproep aan kinders vs.4a en b om standpunt in te neem teen hulle moeder (vs. 4a).



ryb is 'n regsterm; dit word met die voorsetsel b<sup>e</sup> gewoonlik gebruik in die betekenis van "aankla".<sup>2</sup> Uit die res van die perikoop is dit duidelik dat die moeder wat aangekla moet word, Israel is en dat JHWH die eggenoot is wat die woord voer. Dit is wel eienaardig dat die Israeliete (vgl. vs. 3), wat self deel is van Israel, opgeroep word om Israel aan te kla (vgl. verder by vs. 6).

Vs. 4b is 'n vaste formule waarmee 'n egskeiding bekragtig is.<sup>3</sup> Die meerderheid van die kommentatore vertolk dit egter nie as 'n verklaring dat die verhouding tussen die man (JHWH) en sy eggenote (Israel) verbreek is nie, maar as 'n aanklag teen haar (Wolff, e.a.). Hierdie verklaring berus op die foutiewe standpunt dat vs. 4c bedoel is as 'n vermaning in die hede. Aangesien die reaksie van die vrou op die eis van vs. 4c in die perfektum gegee word (vs. 7b) en dáárop ook weer verdere maatreëls en reaksie volg, is dit duidelik dat vs. 4c tot 9d bedoel is as 'n voltooide verlede tyd. In die lig hiervan moet vs. 4b, soos die ooreenstemmende uitspraak in 1:9, verstaan word as 'n verklaring deur die eggenoot dat die huwelik ontbind is. Dit kom ook inhoudelik ooreen met 1:9: Die verbond tussen JHWH en sy volk bestaan nie meer nie.

In vs. 4c tot 7a word daar gesê wat die man vs.4c verwag het van sy vrou in die verlede (vs. 4c) en watter stappe hy sou doen as sy nie gehoorsaam nie (vs. 5 tot 7a).

Prostitute kon uitgeken word aan hulle grimering en die versierings wat hulle aan die gesig en om die hals gedra

2. Vgl. H.J. Boecker, Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament, Neukirchen-Vluyn 1964, bl. 54, vn. 2.

3. Vgl. R. de Vaux, Hoe het Oude Israel leefde, Roermond-Maaseik 1961, deel I, bl. 74.

E. Neufeld, Ancient Hebrew marriage laws, London 1944, bl. 180.

C. Kuhl, Neue Dokumente zum Verständnis von Hos. 2: 4:15, ZAW 52 (1934), bl. 102-106.

het (vgl. Es. 23:40; Spr. 7:10; Jer. 3:3, waarskynlik ook II Kon. 9:30). Daar is ook aanduidings dat gewyde prostitute n tatoeëermerk op die voorhoof gehad het.<sup>4</sup> Vs. 4c sinspeel op hierdie uiterlike kentekens van die sedelose vrou. Die gebruik van abstrakte selfstandige naamwoorde (z<sup>e</sup>nūnēhā en na'āfūfēhā) dui egter daarop dat dit gaan oor haar gesindheid en lewenshouding. Soos 'n man wat met 'n prostituut trou, kon verwag dat sy haar beroep en gepaardgaande lewenshouding moet laat vaar (vgl. die bespreking by 1:2), so het JHWH verwag dat Israel deelname aan die vrugbaarheidsgodsdiens moes staak.

Vs. 5 beskryf die maatreëls wat die eggenoot sou vs.5 tref as sy vrou nie van lewenshouding verander nie.

Vs. 5a is 'n verwysing na die straf vir egbreuk, naamlik die uittrek van die vrou se klere in die openbaar (vgl. vs. 12; Es. 16:36 tot 39; 23:10; Jes. 47:3).<sup>5</sup> Die stelling van die man dat hy sy vrou sal blootstel soos die dag toe sy gebore is, sluit inhoudelik aan by die ontbloting van haar naaktheid. Dit is egter ook duidelik dat die beeld (nl. die straf vir egbreuk) en die werklikheid wat daarmee beskryf word (nl. die oordeel van JHWH oor Israel) in vs. 5 ineenvloei. šamtīhā kammidbār en šattihā k<sup>e</sup>ereš šiyyā in vs. 5b sou in 'n aanklag van 'n man teen sy vrou kon beteken dat hy geen geslagsgemeenskap met haar sal beoefen nie. Die vergelyking van seksuele omgang met die bewerking van grond kom dikwels voor in die Semitiese literatuur.<sup>6</sup> Dieselfde geld ook vir hāmittiḥā baṣṣāmā' wat vertolk sou kon word as die ont-trekking van die noodsaaklikste lewensmiddel deur die

---

4. Vgl. B.A. Brooks, Fertility cult functionaries in the Old Testament, JBL 60 (1941), bl. 237, vn. 38.

5. Vgl. ook E. Neufeld, a.w., bl. 166, vn. 2; C. Kuhl, a.w., bl. 102 vv; J.A. Fitzmyer, The Aramaic inscriptions of Sefire, Rome 1967, bl. 14, reël 41.

6. Vgl. A. van Selms, Marriage and family life in Ugaritic literature, Londen 1954, bl. 24.

man. Die woordkeuse laat die werklikheid egter sterker op die voorgrond kom.

Dit is opmerklik dat daar nie duidelik onderskei word tussen die land en die inwoners nie. Die eerste deel van vs. 6b het beslis betrekking op die land terwyl die laaste hemistige weer na die inwoners verwys. In die beeldspraak is die grense tussen die land en die inwoners vloeiend (vgl. ook 1:2; 10:1).

As die vrou dus nie haar verkeerde lewenshouding sou laat vaar nie, sou sy die straf vir egbreuk moes ondergaan en sou haar man haar huweliksregte, wat bestaan het uit geslagsgemeenskap en die verskaffing van klere en noodsaaklike lewensmiddele, aan haar onttrek (vgl. Eks. 21:10).

As die moeder nie verander nie, sou die kinders vs.6 ook daaronder ly. Daar is 'n oneffenheid tussen hierdie vers en vs. 4a: In vs. 4a word die kinders opgeroep om teen die moeder standpunt in te neem, terwyl hulle in vs. 6 saam met haar veroordeel word. Dit is duidelik dat die beeld van die vrou met buigsaamheid hanteer word: Die vrou is 'n sinnebeeld vir Israel. Israel bestaan egter uit verskillende komponente en in die beeldspraak kan verwys word na die geheel of kan enige van die samestellende dele op die voorgrond wees. So staan die grondgebied van Israel in vs. 5b voorop, terwyl dit in vs. 13 en 14 weer baie duidelik oor die inwoners van die land gaan. In vs. 4a is die klem weer waarskynlik op die staat as politieke instelling of moontlik ook op die owerheid. (Dit is trouens die implikasie as vs. 4 bedoel is as 'n voortsetting van vs. 1 tot 3.) Volgens vs. 4 kon die individuele Israëliete hulle distansieer van hulle "moeder", Israel. Volgens vs. 6 sou diegene wat aan haar verbonde bly geen genade ontvang as JHWH haar oordeel nie (vgl. Breër verbande en perspektiewe).

In vs. 7b tot d word die werklike reaksie van vs.7b-d die vrou beskryf: In plaas daarvan om haar lewenshouding te verander (vs. 4c), het sy besluit om haar minnaars aan te hang (vs. 7b en c). Vs. 7d motiveer in 'n sekere sin die besluit van die vrou: Haar minnaars voorsien haar van voedsel (laḥmī ūmēmāy), kleding (ṣamrī ūfištay) en weeldeartikels (šamrī w<sup>e</sup>šiqqūyay; vgl. Van Leeuwen). Die beeld wat gebruik word, het hier baie duidelik betrekking op die vrugbaarheidskultus. Die kern-dogma van die vrugbaarheidsgodsdienst was naamlik dat die baëls die skenkers was van die produkte van die land.

lāken lei gewoonlik 'n konklusie in ná 'n voorafgaande uiteensetting.<sup>7</sup> vs.8 In hierdie geval dui dit die slotsom aan waartoe die eggenoot gekom het ná die voorafgaande besluit van sy vrou. hinnē lei in vs. 8b die protasis in van 'n voorwaardesin (vgl. Jos. 2:18; I Sam. 9:7; II Sam. 8:11 en Es. 18:14 tot 17, waar hinnē met die partisipium gebruik word in die protasis van 'n voorwaardesin; vgl. ook Hos. 9:6). Die apodosis volg in vs. 9c.

Die suffiks aan drk word gewoonlik verander na 'n derde persoon suffiks (vgl. die Septuaginta en Siriese vertaling), maar dit is onnodig. In die perikoop gaan dit oor aanklagte van 'n veronregte eggenoot teen sy ontroue vrou. Dit was gebruiklik dat 'n klaer in die hof na die beskuldigde in die derde persoon verwys. Hy kon egter ook die beskuldigde by wyse van uitsondering direk aanspreek.<sup>8</sup> Die tweede persoon suffiks kan dus verklaar word as 'n weerspieëling van die informele styl wat in 'n hofsitting gebruiklik was (vgl. die bespreking by vs. 12).

---

7. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 54.

8. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 71.

Die konklusie van die eggenoot was dan dat as hy sy vrou sou inperk sodat sy nie by haar minnaars kan uitkom nie (vs. 8b tot 9b), sy d n sou besluit om terug te keer na haar eie man omdat hy vir haar goed gesorg het (vs. 9c en d). Dit is uit die woordgebruik duidelik dat vs. 9c terugspeel op vs. 7b en c (vgl. ' m<sup>e</sup>r  ' l<sup>e</sup>k ). Die toepassing van die beeld op JHWH en Israel beteken waarskynlik maar net dat Hy verskillende maatreels getref het om Israel weg te hou van die vrugbaarheidskultus.

Vs. 10a tot c beskryf weer die werklike reaksie vs.10a-c van die vrou: Sy was toe ni  dankbaar teenoor haar man soos hy verwag het nie (vs. 9d) en het nie erken dat h  aan haar alles gee wat sy nodig gehad het nie (vs. 10b en c). Dit beteken dus dat JHWH se tugmaatreels teen Israel (vs. 8b tot 9b) nie vrugte afgewerp het nie, maar dat hulle steeds die vrugbaarheids gode beskou het as die gewers van al die landbouprodukte (vs. 10a en b) en van die algemene welvaart (vs. 10c).

Vs. 10d is na alle waarskynlikheid 'n glosse. vs.10d  
Die volgende redes kan daarvoor aangevoer word:

- i. Dit sluit nie grammatikaal aan by die voorwerpsinne in vs. 10b en c nie en ook nie by vs. 11a nie.
- ii. Dit is die enigste geval in die perikoop waar die konstante gebruik van die derde persoon vroulik enkelvoud as aanduiding van die beskuldigde nie gehandhaaf word nie.

Op grond hiervan moet vs. 10d beskou word as 'n sekond re uitbreiding van vs.10c deur 'n glossator.

Die aanklagte van die eggenoot teen sy ontroue vs.11 vrou eindig by vs. 10. Vs. 11 is 'n konklusie wat nie net betrekking het op vs. 10 nie, maar op alles wat in vs. 4c tot 10c gestel is (vgl. Struktuur). ' s b w<sup>e</sup>l q t  beteken in die konteks van vs. 4c tot 11 nie "weer neem" nie, maar "terugneem" of "terughou" (vgl. Van Leeuwen). Omdat sy vrou konstant geweier het om te erken dat h  haar lewensmiddele verskaf en omdat sy dit

van haar minnaars verwag het, sal hy haar voedsel terugneem en haar kleding wegneem sodat die straf vir hoerery aan haar voltrek kan word. <sup>c</sup>et en mō<sup>c</sup>ed verwys hier na die oestyd van die koring (dāgān) en die parstyd van die druiwe om wyn te verkry (tīrōš). Die werklikheid wat met die beeld beskryf word, kom hier weer sterk na vore.

In vs. 12 tot 15 is die trant anders as in die vs.12 voorafgaande deel van die perikoop: By vs. 4 tot 11 is daar 'n wisselwerking tussen die handeling van die man en die vrou en word die optrede van die man teenoor die vrou beredeneer. By vs. 12 tot 15 word bloot aangekondig wat met die vrou gedoen gaan word. Dit skep dan ook die indruk van 'n beslissende afhandeling van die saak.

w<sup>ec</sup>attā word in vs. 12a gebruik op dieselfde wyse as in Jes. 5:5: Ná 'n voorafgaande uiteensetting waarin die klaer sý optrede stel teenoor dié van die aangeklaagde, word dié finale beslissing ingelei met w<sup>ec</sup>attā. Hierdie finale besluit is vir alle praktiese redes 'n vonnis wat gevel word oor die skuldige (vgl. ook II Sam. 12:10).

Die feit dat vs. 11 skynbaar die finale oordeelswoord van die eggenoot is maar dat die oordele van vs. 11 weer in vs. 12 tot 15 herhaal word, het al dikwels gelei tot die gevolgtrekking dat die perikoop bestaan uit 'n los samevoeging van oorspronklike onafhanklike spreuke. Hierteen getuig die struktuurontleding (vgl. onder Struktuur). Die bepaalde opeenvolging van spreuke wat daar in die perikoop is en die skynbare herhaling van dieselfde oordele is wel verklaarbaar wanneer in ag geneem word dat die perikoop gestileer is as die redevoering in 'n hofsaak waarin 'n ontroue vrou aangekla word van hoerery deur haar man en ook gevonniss word. Vs. 4 bevat die formule waarmee die egskeiding bekragtig word. Aangesien die vrou egter skuldig was aan 'n straf=

bare misdaad, naamlik hoerery, is die saak nie afgehandel met die nietigverklaring van die huwelik nie. Vs. 4c tot 10c is 'n aanklag teen die vrou waarin die eggenoot voor die regters betoog dat sy egbreuk gepleeg het nieteenstaande al die maatreëls wat hy getref het. (Vgl. ook die opmerking oor darkeḵ by vs. 8b.) Vs. 11 rond hierdie betoog af en bevat voorstelle van die klaer oor die vonnis wat opgelê moes word. Die klaer het sulke voorstelle gewoonlik aan die regters voorgelê wanneer hy sy saak stel.<sup>9</sup> Vs. 12 tot 15 is dan die vonnis wat oor die vrou uitgespreek word nadat die regters uitspraak gegee het. (Die uitspraak van die regters sal vanselfsprekend ontbreek in 'n gedeelte soos Hos. 2:4 tot 15; vgl. ook Jes. 5:1 tot 6).<sup>10</sup> Die feit dat die klaer ook die vonnis kon vel, was niks buitengewoon in die regsgebruike van ou Israel nie.<sup>11</sup>

Soos verwag kan word, stem die vonnis ooreen met die straf vir hoerery, naamlik die ontbloting van die vrou se skaamdele in die publiek. Volgens vs. 12b en c sal dit in hierdie geval geskied ten aanskoue van haar minnaars wat magteloos sal toekyk. Dit beteken dat wanneer JHWH Israel "ontbloot", die vrugbaarheidsgode geen hulp sal kan bied nie.

Vs. 13 sluit inhoudelik aan by vs. 12 in so= vs.13 verre dit die beeld van die ontbloting verduidelik. JHWH sal 'n einde maak aan alle feesvreugde (kōl m<sup>e</sup>śōśāh). ḥāg, ḥōdeš en šabbāt dui in vs. 13 die jaarlikse, maandelikse en weeklikse kultiese vierings aan (Van Leeuwen). Die voegwoord by kōl mo<sup>c</sup>ādāh het 'n verklarende funksie

9. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 72.

10. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 83 tot 151.

11. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 87; vgl. ook I Sam. 22:6-19.

(Ges-K. par. 154 a, vn. 1b) en maak dit duidelik dat hāg, hōdeš en šabbāt elke kultiese geleentheid insluit. Deur die herhaling van die derde persoon vroulike suffiks word beklemtoon dat die kultus nie meer in diens van JHWH is nie maar beoefen word ter wille van Israel self (Van Leeuwen).

Vs. 14 is 'n verdere verduideliking van wat die vs.14 "ontbloting" behels. gefen en t<sup>e</sup>'enā in vs. 14a is klaarblyklik kollektiewe verwysings na wingerde en vrugteboorde (vgl. vs. 14c, asook Jer. 5:17). Die gedagte van welvaart spreek waarskynlik ook mee in vs. 14a, aangesien gefen ūt<sup>e</sup>'enā 'n spreekwoordelike uitdrukking was wat in die Ou Testament dikwels in verband staan met vrede en welvaart (Van Leeuwen, vgl. bv. I Kon. 4:25; II Kon. 18:31; Mi. 4:4; Sag. 3:10). JHWH sal dus die welvaart, wat Israel geglo het van die vrugbaarheidsgode afkomstig is, vernietig en die wingerde en vrugteboorde ruigtes maak waar die wilde diere wei.

Die "ontbloting" van Israel is dus een of ander katastrofe wat 'n einde sal maak aan alle kultusbeoefening en die welvaart wat die verbouing van landbouprodukte meegebring het. Dat die oordeel gerig is teen die kultus en die landbou is volkome begryplik aangesien dít juis die terrein van die vrugbaarheidsgodsdiens was.

Vs. 15 sluit die vonnis oor die vrou af. In= vs.15 houdelik bied dit 'n verklaring vir vs. 12b tot 14c: Die straf is die vergelding van JHWH vir die beoefening en aanhang van die vrugbaarheidsgodsdiens en die verloëning van JHWH. Soos dikwels in die boek is daar 'n verband tussen die oortreding en die straf daarvoor.

Die vaste uitdrukking n<sup>e</sup>'um yhwh word in vs. 15c as afsluitingsformule gebruik<sup>12</sup> (vgl. ook 11:11). Dit is waarskynlik ook bedoel om vs. 4 tot 15 af te grens van vs. 16 vv.

Die tema van die perikoop is dus die ontrou van Israel

---

12. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl.25.



teenoor JHWH deur die aanhang van die vrugbaarheids=  
godsdienst. In die eerste plek word die vaste verhouding  
tussen JHWH en Israel, naamlik die verbond, nietig ver=  
klaar (vs. 4b). Daarop volg die eise wat JHWH in die  
verlede gestel het aan Israel en die maatreëls wat Hy  
toegepas het om sy volk aan Hom verbonde te hou (vs. 4c  
tot 7a; 8a tot 9d). Daarmee saam word ook die koppige  
reaksie van Israel gegee (vs. 7b tot d; 10a tot c).  
Die oordeel van JHWH behels die ontneming van dié dinge  
wat Israel ontroou gemaak het, naamlik die kultusbe=  
oefening en die welvaart van die landbou (vs. 12 tot 15).  
Dit word duidelik gestel dat JHWH die oordele sal vol=  
trek, maar oor die vraag hoe dit presies sal gebeur, is  
die perikoop vaag.

## 6. Vertaling

- 4      Kla julle moeder aan, kla haar aan!  
         Voorwaar, sy is nie meer my vrou nie en Ek is  
         nie meer haar man nie.
- Sy moes haar hoertekens van haar gesig verwyder  
         en haar egbreuk van haar hals afhaal.
- 5      Anders sou Ek haar kaal uittrek  
         en haar so weerloos maak soos die dag toe sy  
         gebore is.  
         Ek sou haar soos 'n woestyn maak, soos 'n bar  
         land.
- Sy sou van die dors omkom.
- 6      Ek sou haar kinders nie jammer kry nie  
         want hulle is buite-egtelijke kinders.
- 7      Hulle ma het owerspel gepleeg; sy het hulle ná  
         skandelike optrede verwag.
- Maar haar reaksie hierop was:  
         "Ek gaan na my minnaars toe.  
         Hulle gee my kos en klere en weeldeartikels."
- 8      Ek het toe besluit dat,  
         as Ek haar pad sou versper met doringtakke en  
         'n klipmuur,  
         sodat sy haar planne nie kan uitvoer nie,  
9      en sy haar minnaars agternaloop maar hulle nie  
         ontmoet nie, hulle soek maar nie vind nie;  
         sy dán sal toegee en sê:  
         "Ek gaan terug na my eie man, want Hy het my  
         goed versorg."
- 10     Maar sy het sowaar nié erken dat Ék al haar

lewensmiddele verskaf en haar finansieel versorg nie.

(En die goud het hulle vir Baäl gebruik.)

- 11 Ek is dus van plan om die koring en die wyn wat sy by My kry in die oestyd, terug te hou. Ek gaan ook die klere wat Ek haar gegee het, terugvat sodat sy kaal daarvan sal afkom!
- 12 Haar vonnis is dan die volgende:  
Ek gaan haar kaal uittrek voor haar minnaars; nie een sal haar kan help nie.
- 13 Ek gaan 'n einde maak aan al haar feesvreugde: Haar jaarlikse, maandelikse en weeklikse vieringe, ja elke feesgeleentheid.
- 14 Ek gaan haar wingerde en vyelanings verwoes; dié dinge waarvan sy gesê het:  
"Hierdie is my beloning wat my minnaars my gegee het vir my dienste!"  
Ek sal dit 'n ruijgte maak sodat die wilde diere daarin sal wei.
- 15 Ek gaan haar vergeld vir die tye toe sy die vrugbaarheids gode gedien het en aan hulle geoffer het, toe sy haar getooi het met versierings en na haar minnaars gegaan het en My vergeet het.  
Dit is die uitspraak van JHWH.

## 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, dateer na alle waarskynlikheid uit die tyd van Jerobeam II (Van Leeuwen). Daarop dui die uiterlike welvaart wat in die perikoop weerspieël word (vgl. vs. 7d, 10c en 14a) en die oënskynlike afwesigheid van enige dreigende gevaar of politieke onrus.

Daar is enkele aanduidings in die perikoop dat die Sitz im Leben daarvan moontlik 'n werklike regstryd was wat die profeet teen sy eie ontroue vrou gevoer het. Dit is opmerklik dat alles wat in vs. 4 tot 11 staan, nie=teenstaande dubbelsinnige woordkeuses, op 'n egte hofsaak waarin 'n man sy vrou aankla, van toepassing sou kon wees (vgl. die bespreking by vs. 5b). Die gebruik van die tweede persoon in vs. 8b wys trouens in die rigting van 'n werklike hofsitting. Daarteenoor is dit duidelik dat die vonnis in vs. 12 tot 15 nie op die

veroordeling van 'n ontroue vrou betrekking kan hê nie (vgl. vs. 13), maar sonder twyfel verwys na Israel. Indien die profeet sy vrou werklik aangekla het voor die regters en hulle haar skuldig bevind het, sou dit eers in die vonnis duidelik word dat dit eintlik oor 'n ánder geval van ontrou gaan, naamlik die van Israel teenoor JHWH. Só 'n handelwyse van die profeet sou dan verge=lyk kon word met dié van Natan (vgl. II Sam. 12:1 tot 12) en Jesaja (vgl. 5:1 tot 7). In hierdie gevalle het die regters hulleself veroordeel en dit eers daarna besef.<sup>13</sup> Dit was inderdaad 'n effektiewe manier van verkondiging.

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Te oordeel na die gebruik van imperatiewe in 2:3 en 4, sluit 2:4 tot 15 direk aan by 2:1 tot 3. Daar is egter 'n stilistiese oneffenheid wat daarop dui dat die direkte verbinding van die twee perikope sekondêr is. Die impera=tief in vs. 3 is gerig tot die Israëliete, terwyl die regsge=ding in vs. 4b tot 15 gaan oor Israel (waarby die Israëliete ingesluit is) en na alle waarskynlikheid gerig is tot die regters. Dit beteken dat daar 'n naat is in die komposisie tussen vs. 1 tot 3 en vs. 4b tot 15.

Vs. 4a is vermoedelik bedoel as 'n skakel om vs. 1 tot 3 en vs. 4b tot 15 te verbind. Die gebruik van kī in vs. 4b wys óók in dié rigting aangesien 'n regspraak dikwels begin met kī.<sup>14</sup>

Inhoudelik is daar 'n sterker verband tussen 2:4b tot 15 en 1:2 tot 9 as tussen 2:4b tot 15 en 2:1 tot 3. Die oordeel is in albei perikope op die voorgrond, terwyl 2:1 tot 3 'n heilsprofesie is. Verder kom 2:4b en 1:9 inhoudelik ooreen in soverre die verbondsverhouding in albei gevalle nietig verklaar word.

---

13. Vgl. ook H.J. Boecker, a.w., bl. 82, vn. 4.

14. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 32, vn. 5.

2:16-251. Afgrensing

Die afgrensing na vore is reeds gegee by die behandeling van die voorafgaande perikoop (vgl. ook Betekenis). By 3:1 begin daar tematies 'n nuwe eenheid soos blyk uit die nuwe opdrag aan die profeet.

2. Tekskritiek

Die Septuaginta wyk in 'n paar gevalle af van die Masoretiese teks. Dit kan egter verklaar word as aanpassings vir 'n ander kultuursituasie, of as interpretasies van die teks (vgl. Wolff). Die Masoretiese teks moet dus onveranderd gehandhaaf word.

3. Vorm

Die metrum bestaan uit enkel-, twee- en drievoetige versreëls wat twee tot vier heffings per versvoet bevat. In enkele gevalle is daar onsekerheid oor die kombinasie van heffings: Vs. 16a en b kan byvoorbeeld as 4 + 2 + 2 of as 4 + 4 geskandeer word. In aansluiting by vs. 17 is die laaste moontlikheid die beste. Die metrum het nie 'n vaste patroon nie alhoewel sekere ritmiese kombinasies herhaal word in verskillende strofes (vgl. die metrum 4 + 4 in vs. 16, 17 en 19; die kombinasie 3 + 2, 2 + 2 + 2 in die eerste twee stiges van vs. 18 v. en vs. 20; 3 + 2, 3 in die laaste stiges van vs. 23 v. en vs. 25).

Die stiges is deurgaans sinteties parallel aan mekaar. Herhaling kom voor in die anafoor in vs. 21 v. ('ēraštīk lī) en die kettingspreuk in vs. 23 v. (<sup>c</sup>nh).

4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit vier eenhede:

- (i) Vs. 16 en 17 is 'n betreklike hegte eenheid waarin daar na Israel verwys word in die derde persoon vroulik enkelvoud. JHWH is die subjek (eerste

persoon enkelvoud) in vs. 16a tot 17b en Israel is die subjek in vs. 17c en d.

- (ii) Vs. 18 en 19 bestaan uit twee dele wat met mekaar verbind op grond van bepaalde inhoudsmomente (vgl. w<sup>e</sup>lō' tigr<sup>e</sup>'ī lī c<sup>o</sup>d ba<sup>c</sup>lī en wahāsirōtī 'et-š<sup>e</sup>mōt habb<sup>e</sup>cālīm mippīhā). In vs. 18 is Israel die subjek (tweede persoon vroulik enkelvoud). In vs. 19a is JHWH die subjek en word na Israel verwys in die derde persoon vroulik enkelvoud.
- (iii) Vs. 20 tot 22 bestaan ook uit twee dele wat ook op grond van inhoudsmomente verbind (vgl. w<sup>e</sup>kārattī b<sup>e</sup>rīt en w<sup>e</sup>'eraštīk). In die eerste deel word na Israel in die derde persoon meervoud verwys; in die tweede deel word dit vervang met die tweede persoon vroulik enkelvoud. Soos by vs. 16 en 17 is JHWH die handelende subjek in die grootste deel van die eenheid, maar is Israel subjek aan die einde.
- (iv) Vs. 23 tot 25 bestaan ook uit twee dele wat met mekaar verbind word op grond van die voorkoms van die name van die profeet se kinders in die twee dele (vgl. vs. 24b, 25b en c) en op grond van die sinspeling op die naam yizr<sup>e</sup>c'e'l in vs. 25a (ūz<sup>e</sup>ra<sup>c</sup>tīhā). Soos by vs. 20 tot 22 sluit die eenheid af met 'n reaksie van Israel (vs. 25d) op die handelinge van JHWH.

In al die eenhede gaan dit oor toekomstige handelinge van JHWH. Daarby word deur die hele perikoop na JHWH verwys in die eerste persoon enkelvoud. Verder word, met die uitsondering van vs. 18 en 19, elke eenheid af= gesluit met 'n reaksie van Israel op die voorafgaande optrede van JHWH. Dit is ook opmerklik dat die uitdrukking bayyōm hahū' telkens in die inleidingstiges van die laaste drie eenhede voorkom. Nieteenstaande die onverklaarbare wisseling in persoonsvorme in die verwysings na Israel en die indruk dat die perikoop 'n los

samevoeging van spreuke is, is daar dus tóg 'n mate van eenvormigheid in die verskillende eenhede.

Die laaste drie eenhede is blykbaar bedoel as 'n uitbouing van die eerste eenheid (vgl. die voorkoms van bayyōm hahū'), daarom verbind vs. 18 tot 25 gesamentlik met vs. 16 en 17.

## 5. Betekenis

Feitlik alle kommentatore gee lāken in vs. vs.16 16a konkluderend weer en beskou dit as n voortsetting van lāken in 2:8 en 11. Daar is wel 'n formele verbindingslyn tussen 2:4 tot 15 en vs. 16 vv.: In albei die perikope voer JHWH die woord en word Israel as 'n vrou voorgestel. Die feit dat 2:4 tot 15 'n afgeronde stilistiese en inhoudelike eenheid is, plaas egter 'n vraagteken oor die direkte verbinding van vs. 16 met die voorafgaande. Omdat 2:12 tot 15 'n oordeelsprofesie is en vs. 16 'n heilsprofesie inlei, kan lāken nié 'n konkluderende betekenis hê soos by 2:8 en 11 nie. Daarom moet dit as inleiding van 'n nuwe eenheid bevestigend vertaal word.<sup>1</sup>

hinnē met die partisipium m<sup>e</sup>fattēhā, sou soos in 2:8 'n voorwaardesin kon inlei. Die gebruik van bayyōm hahū' in die volgende spreuke sluit hierdie moontlikheid egter uit. Dit het dus soos dikwels in die Ou Testament die krag van 'n futurum instans.

Met terminologie en 'n beeld wat herinner aan die hofmakery van 'n jongman by 'n jongmeisie, word die optrede van JHWH teenoor Israel in die toekomst beskryf: Hy sal Israel oorreed (vgl. Spr. 25:15), na die woestyn lei en bemoedigende woorde toevoeg (vgl. Gen. 34:3; 50:21;

---

1. Vgl. A. van Selms, Genesis deel I, Nijkerk 1967, bl. 85, vir 'n soortgelyke gebruik van lāken in Gen. 4:15. Vgl. ook Rig. 8:7; I Sam. 28:2.

Rig. 19:3; Jes. 40:2). Dit is nie heeltemal duidelik wat bedoel word met w<sup>e</sup>hōlaktīhā hammidbār nie: Moet dit letterlik verstaan word of het dit 'n simboliese betekenis? Die laaste moontlikheid is die beste. Dit gaan nie soseer oor 'n plek waarheen JHWH Israel sal neem, as wel oor 'n situasie waarin Hy sy volk sal plaas nie (vgl. Mays, Rudolph e.a.). In die woestyn was die verhouding tussen JHWH en Israel ongeskonde (vgl. vs. 17c; 13:4 v.). Dit was die tyd voordat Israel die vrugbaarheids-gode gedien en die verbond verbreek het (vgl. vs. 18 v.). Dit was by implikasie ook die tyd vóór die monargie en al die euwels wat die monargale stelsel meegebring het (vgl. die bespreking by 2:1 tot 3 en 3:4). JHWH sou Israel dus terugvoer na 'n situasie waar daar geen ander "minnaars" is nie en Hy met hulle alleen kon wees. Hoedat dit konkreet gestalte sou kry, word nie gesê nie.

JHWH sal ook soos 'n jongman geskenke gee aan vs.17 sy geliefde (vs. 17a en b). k<sup>e</sup>rāmēhā is waarskynlik pars pro toto bedoel vir al die seëninge van Kanaän (vgl. Van Leeuwen, Wolff). Daarby is vs. 17a 'n klaarblyklike teëhanger vir vs. 14 in die voorafgaande verkoop. miššām het in aansluiting by die betekenis van midbār in vs. 16b die nuanse "vanuit daardie posisie" (vgl. ook 10:9 vir 'n soortgelyke gebruik van šām). Dit beteken dat wanneer JHWH en Israel "alleen" is, Hy die gawes van die land wat Hy in sy oordeel gaan vernietig en wegneem, weer aan sy volk sal gee.

JHWH sal aan Israel ook die dal van Agor gee "as 'n deurgang van hoop". In die konteks van vs. 16 en 17 speel c<sub>e</sub>meq c<sub>a</sub>kōr op die gebeure wat ook in Jos. 7:24 tot 26 verhaal word. Die naam Agor is in die oorlewing verbind met die eerste daad van ongehoorsaamheid en gevolglike teëspoed van Israel in die beloofde land. As sodanig kan dit ook 'n sinnebeeld wees van die algemene ongehoorsaamheid van Israel en die verstoting (c<sub>k</sub>kr) wat hulle ervaar het (vgl. die verwysings na Gilgal in

9:15 en Gibeon in 10:9). In vs. 17 is die bedoeling blykbaar dat die nuwe "inname" van die land nie 'n herhaling sal wees van die eerste inname wat uitgeloop het op 'n geskiedenis van ongehoorsaamheid en verstoting nie, maar dat die nuwe begin wat JHWH met sy volk gaan maak die hoop op 'n beter toekoms inhou.

In vs. 17c en d volg die verwagte reaksie van Israel. | ḥ het verskillende betekenismoontlikhede (vgl. Van Gelderen). In aansluiting by vs. 16a tot 17b pas "gehoorsaam" die beste. šāmmā word deur sommige kommentatore weergegee met "daarheen". Wolff sien in w<sup>ec</sup>ān<sup>e</sup>tā šāmmā 'n pregnante uitdrukking en vertaal dan: "Dorthin wird sie willig folgen ...". šāmmā hoef egter nie noodwendig rigting aan te dui nie, maar kan bloot 'n ekwivalent wees vir šām (so Van Leeuwen, vgl. Jes. 34:15; Jer. 18:2). šāmmā verwys as parallel van miššam in vs. 17a na midbār in vs. 16b en kan in 'n vertaling temporeel weergegee word. Wanneer JHWH Israel weer vir Homself afgesonder het, sal hulle aan Hom gehoorsaam wees soos in die woestyntyd ná die uittog uit Egipteland.

Dit is duidelik dat die profeet Hosea nie 'n aanhanger was van die sogenaamde nomadiese ideaal nie (vs. 17a; vgl. ook 10:12). Tóg was die ontrow van Israel vir hom ten nouste verbode aan die vestiging in Kanaän, omdat Israel die vrugbaarheidskultus dáár begin beoefen het (vgl. hierteenoor bv. Eks. 32; Es. 23:3). Volgens vs. 16 en 17 sal JHWH met sy volk vóór moet begin om die verhouding te herstel en die onverdeelde toewyding van Israel te verkry. Presies hoe hierdie nuwe begin 'n werklikheid sou word, word egter nie gesê nie.

Vs. 18 brei verder uit op die tema van vs. 16 en vs.18 17. bayyōm hahū' verwys in die konteks na dié dag in die nabye toekoms (vgl. vs. 16a) wanneer JHWH dié dinge gaan doen waarvoor vs. 16 en 17 handel. In vs. 18 word die herstellende verbondsverhouding van die toekoms vergelyk met 'n huwelik. 'Iš en ba<sup>c</sup>al was albei terme



wat die eggenoot kon aandui (vgl. II Sam. 11:26). Wanneer gesê word dat Israel JHWH as 'išī sal aanspreek en nie meer as ba<sup>c</sup>lī nie, is dit 'n woordspel wat 'n duidelike verwysing bevat na die titel van die vrugbaarheids=god. Vs. 18b beteken dan dat JHWH nie meer soos 'n vrugbaarheidsgod gedien sal word nie. Daar sal dus geen vorm van sinkretisme bestaan nie.

Volgens vs. 19 sal JHWH se ingryping ook 'n ein= vs.19 de maak aan die aanroeping van die vrugbaarheids gode. Nie net alle vorms van sinkretisme nie, maar ook alle vorms van baäldiens sal beëindig word.

Vs. 20 belig 'n ander faset van die nuwe tyd wat vs.20 JHWH vir sy volk gaan skep. Hy sal ten gunste van Israel (lāhem) 'n verbond sluit met die hele diereryk (vgl. Gen. 1:30 waar die voëls, wilde diere en kruipende gediertes alle lewende wesens wat op die land leef behalwe die mens, aandui.) Die gedagte dat 'n meerdere as bemiddelaar kan optree in 'n verbond tussen afhanklikes was nie vreemd in die Cu Nabye Ooste nie.<sup>2</sup> Die bedoeling is dat JHWH die dierewêreld daarvan sal weerhou om Israel enige skade aan te doen. Die teruggawe van die wingerde (vs. 17) word hier veronderstel.

Volgens vs. 20c sal die bedreiging van oorlog ook beëindig word. milḥāmā het náás gešet en ḥereb waarskynlik die betekenis "oorlogstuig" (Rudolph, Van Leeuwen e.a.). hā'āreṣ verwys nie, soos sommige van die ouer kommentatore dit uitlê, na die aarde nie en ook nie soos Sellin beweer, na die woestyn nie, maar na Kanaän, die grondgebied van Israel. In die afwesigheid van enige oorlogsbedreiging sal die volk in rus en vrede kan woon (vs. 20d). JHWH sal dus in die nuwe toekoms die harmonie, veiligheid en vrede skenk wat met 'n ongeskonde verbondsverhouding ge=

---

2. Vgl. H.W. Wolff, Jahwe als Bundesvermittler, VT 6 (1956), bl. 316-320.

assosieer is (vgl. Lev. 26:6). Vs. 20 staan inhoudelik teenoor die oordele van die voorafgaande perikope.

Vs. 21 en 22 dui eintlik die grond aan van vs.21-22 die nuwe situasie waaroor vs. 20 handel (Wolff). Die pi<sup>c</sup>el van 'rś beskryf die daad waardeur 'n jongmeisie wettiglik verbind is aan 'n jongman as sy vrou - 'n handeling wat enige verbintenis met 'n ánder man uitgesluit en onwettig gemaak het (vgl. Deut. 22:23 vv.). l<sup>ec</sup>ōlām was 'n regsterm wat gebruik is by kontrakte wat onveranderlik en lewenslank van krag was (Wolff). Dit was klaarblyklik ook 'n term wat gebruiklik was by die sluiting van 'n huweliksooreenkoms. (Die term kom voor in Ugarities waar i.v.m. El se huwelik met twee vroue gesê word dat dit w<sup>c</sup>lmh is.<sup>3</sup> Verder kom dit as 'n vaste formule voor in 'n huwelikskontrak op die Aramese papiri.<sup>4</sup>) Die beeld wat in vs. 16 en 17 gebruik is, waarin JHWH as 'n jongman en Israel as 'n jongmeisie voorgestel word, word dus weer opgeneem: In vs. 21 v. verkry hy haar as sy wettige vrou. Die klem word in vs. 21a daarop gelê dat die verbintenis tussen JHWH en Israel permanent sal wees.

In die geval van 'n werklike huweliksluiting het die voorsetsel be wat saam met 'eraštīk lī gebruik word, die bruidsprys aangedui waarmee die saak bekragtig is (vgl. II Sam. 3:14). Die beeldspraak word egter nie gehandhaaf nie, want die gawes waarmee JHWH Israel aan Hom verbind, gee Hy aan Israel self. Wanneer šedeq in verband met JHWH gebruik word, dui dit gewoonlik 'n weldaad aan waardeur Hy die verkiesing van sy volk bevestig (vgl. Rig. 5:11; Ps. 98:2). mišpāt verwys in aansluiting by šedeq na die korrekte beslissing waarmee die verbond met

---

3. Vgl. C.H. Gordon, Ugaritic Manual, Rome 1955, deel II, bl. 144, teks 52, reël 48 v.

4. Vgl. A. Cowley, Aramaic papyri of the fifth century B.C., Osnabrück 1967, bl. 44, papirus nr. 15, reël 4.

sy volk in stand gehou word (Van Leeuwen). hesed is die toewyding en trou aan beloftes wat gemaak is en ondernemings wat gegee is. rahāmim slaan op die liefde teenoor 'n afhanklike en hulpbehoewende. 'ēmūnā (vs. 22a) vat in 'n sekere sin die voorafgaande saam en dui die onverbreekbare trou van JHWH aan waarmee Hy die permanensie van die nuwe verbondsverhouding sal waarborg. Die reaksie van Israel (vs. 22b) vloei voort uit die gawes van JHWH. Om JHWH te "ken," beteken soveel as totale oorgawe aan Hom (Van Leeuwen). Deur sy weldade, troue sorg en liefdevolle toewyding sal JHWH Israel dus permanent aan Hom verbind.

Vs. 23 en 24 handel oor die uitskakeling van vs.23-24 droogte, wat naas die bedreiging wat die dierewêreld en oorlog ingehou het (vs. 20), sekerlik die grootste enkele probleem was waarmee die Palestynse boer te kampe gehad het. In die kettingspreuk waarin die landbouprodukte, die grond en die lug gepersonifiseer word, is "verhoor" (<sup>c</sup>nh) die temawoord. Die belangrikste in die spreuk is egter dat JHWH die primum movens is in die kettingreaksie en dat Hy dus die werklike gewer is van die reën en die vrugbaarheid. Wanneer die vrugbaarheids-gode uitgeskakel is (vs. 19), sal daar nie meer droogte wees nie (vgl. 2:5), maar sal JHWH aan sy volk se versugting gehoor gee en hulle voed met die produkte van die land. Die naam Jisreël kan as laaste van die reeks nie verwys na die vlakte met dié naam nie, maar is 'n oornoeming vir die volk. Die naam is waarskynlik gekies ter wille van die gedagte van vrugbaarheid wat daarin opgesluit lê (vgl. vs. 17b waar die etimologie van die naam ākōr waarskynlik 'n rol gespeel het in die aanwending daarvan).

Die vaste uitdrukking n<sup>e</sup>'um yhwh het in vs. 18a en 23a 'n ánder funksie as in 2:15 waar dit gebruik word as afsluitingsformule aan die einde van 'n spreuk. Wanneer n<sup>e</sup>'um yhwh soos in vs. 18 en 23 nie as afsluitingsformule gebruik word nie, kan dit

dien as verbindingselement tussen verskillende spreuke. 'n Mens kry die indruk dat n<sup>e</sup>,um yhwh gebruik kan word om 'n profesie wat tevore gelewer is, in 'n nuwe konteks aan te haal.<sup>5</sup> Dit sou ook die bedoeling kon wees in vs. 18a en 23a: Profesieë wat by verskillende geleenthede gelewer is, word aangehaal en verbind tot 'n nuwe eenheid. Dit is wel opvallend dat n<sup>e</sup>,um yhwh slegs in 2:16 tot 25 gebruik word in die inleiding van profesieë, terwyl hierdie perikoop juis die indruk skep van 'n samevoeging van verskillende profesieë. Daar kan in elk geval met redelike sekerheid aanvaar word dat die gebruik van n<sup>e</sup>,um yhwh in die boek Hosea deel is van die redaksionele arbeid aan die boek.<sup>6</sup> (Vgl. ook Agtergrond.)

Met 'n woordspel wat aansluit by die naam vs.25 Jisreël word die gedagte van vrugbaarheid in vs. 25a na vore gebring. Wolff vertolk vs. 25a as 'n verwysing na die hervestiging van ballinge in die Jisreëlvlakte ná 733 v.C. Wanneer JHWH sê dat Hy haar (d.w.s. Israel) vir Hom sal saai in die land, word daarmee eerder die gedagte van vrugbaarheid as van hervestiging uitgedruk.<sup>7</sup> Die vrugbaarheid op landboukundige gebied (vs. 23 v.) en van die volk self was een van die beloftes wat verbind is aan 'n ongeskonde verbondsverhouding (vgl. Deut. 28:11 v.).

In vs. 25b en c word die onheilsname van Hosea se ander kinders verander in heilsname. Die ontferming van JHWH oor Israel en die feit dat Israel weer JHWH se volk genoem sal word, beteken dat daar 'n verbondsverhouding tussen Hom en sy volk sal wees en dat die volk weer JHWH se liefde sal ervaar. Wanneer hulle genoeg voedsel het

---

5. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 143 i.v.m. die gebruik daarvan in Mi. 4:6.

6. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 2, nr. 4.

7. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel II, Nijkerk 1974, bl. 78 vir dieselfde beeldspraak in Jer. 31:27.

(vs. 23 v.) en gedy in die land (vs. 25a), sal hulle werklik versorg wees (vs. 25b; vgl. Rudolph). Die ooreenkoms tussen vs. 25c en 2:1 is opmerklik. Soos in vs. 22b volg daar op die handeling van JHWH die reaksie van die volk (vs. 25d) waaruit hulle toewyding aan JHWH blyk. Die aanspreekvorm 'ēlōhay hoort soos ammī tuis binne die verbondsverhouding en het moontlik 'n liturgiese agtergrond gehad (vgl. die bespreking by 8:2).

Alhoewel verskillende motiewe aan die orde is in vs. 20 tot 22 en vs. 23 tot 25, is daar tog 'n opvallende ooreenkoms tussen hierdie twee eenhede: In albei gaan dit eers oor stoflike gawes en die uitkakeling van probleme waarmee die volk in Kanaän te kampe kon hê (vs. 20 en vs. 23a tot 25a). Hierdie gawes van JHWH word dan begrond met die verklaring van JHWH dat Hy die verbond met sy volk gaan hernu en geestelike seëninge aan hulle gaan skenk (vs. 21a tot 22a en vs. 26b en c). Albei eenhede sluit dan af met 'n reaksie van die volk waarin hulle trou en verbondenheid aan JHWH tot uitdrukking kom (vs. 22b en vs. 26d). Hieruit blyk die sorgvuldige rangskikking van die spreuke.

Die perikoop handel oor die nuwe verbondsverhouding tussen JHWH en sy volk. Uit die terminologie en beeldspraak is dit duidelik dat JHWH weer vóór gaan begin met sy volk en in die toekoms 'n nuwe verbondsverhouding met Israel gaan skep. Die model vir hierdie nuwe verhouding is die tydperk vóór die intog in Kanaän en die kennismaking met die vrugbaarheids gode (vs. 16). Israel sal volledig afhanklik wees van die gawes en handeling van JHWH: Hy sal aan Israel die produkte van Kanaän gee en 'n nuwe begin moontlik maak (vs. 17a en b). Hy sal alle vorms van sinkretisme en baäldiens tot niet maak (vs. 18 v.). Hy sal ook beskerming bied teen bedreiginge in die natuur en die gevare van oorlog (vs. 20) en Hy sal droogte en onvrugbaarheid afweer (vs. 23 v.). Die nuwe verhouding sal gegrond wees op sý trou en toegeneentheid teenoor

Israel (vs. 21 tot 22a, 25b en c). Israel sal as reaksie op al die gawes aan Hom gehoorsaam wees en Hom dien (vs. 17c en d, 22b en 25d).

## 6. Vertaling

- 16 Ek gaan haar beslis binnekort ompraat,  
haar na die woestyn lei en haar verseker van  
my liefde.
- 17 Wanneer ons alleen is, sal Ek haar wingerde aan  
haar gee  
en die vallei van verstoting 'n deurgang van hoop  
maak.  
Dán sal sy aan My gehoorsaam wees soos toe sy  
jonk was,  
soos die dag toe sy uit Egipteland weggetrek het.
- /18 En op dié dag (lui die uitspraak van JHWH),  
sal jy My noem "my man".  
Jy sal My nie meer "my baäl" noem nie.
- 19 Ek sal toesien dat sy die name van die baäls nie  
meer noem nie  
en hulle sal nie weer aangeroop word nie.
- 20 Ek sal op dié dag ten gunste van Israel 'n  
verbond maak met die wilde diere, die voëls en  
alles wat roer.  
Ek sal boë, swaarde en alle oorlogswapens in die  
land tot niet maak  
sodat hulle rus en vrede kan hê.
- 21 Ek gaan jou vir My as vrou neem vir altyd.  
Ek gaan jou vir My as vrou neem, aan jou goed doen  
en aan jou sekuriteit gee. Ek gaan trou en  
liefde aan jou bewys.
- 22 Ek gaan jou vir My as vrou neem en vir jou 'n  
bestendige toekoms waarborg.  
Dan sal jy jou Heer dien.
- 23 Op dié dag (lui die uitspraak van JHWH), sal Ek  
hulle verhoor.  
Ek sal die lug verhoor en dié sal die versugting  
van die grond beantwoord.
- 24 Die grond sal koring, wyn en olie oplewer  
wat Jisreël sal voed.
- 25 Ek gaan hulle vrugbaar maak in die land  
en My ontferm oor Sonder-ontferming.  
Ek sal vir Nie-my-volk-nie sê: 'Jy is my volk'  
en hý sal antwoord: 'My Verbondsgod!'

## 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, is waarskynlik nie by dieselfde geleentheid gelewer nie (vgl. die bespreking by vs. 23 v.). Aangesien die afsonderlike spreuke almal oor die toekoms handel en dit geen gegewens bevat oor die omstandighede waaronder dit gelewer is nie, kan 'n datering daarvan baie moeilik gegee word. Daar bestaan in elk geval nie voldoende rede om soos Wolff en Van Leeuwen aan te neem dat die Assiriese inval in Israel in 733 v.C. reeds plaasgevind het nie (vgl. ook Rudolph). Die spreuke in vs. 16 tot 25 skakel inhoudelik met die gegewens in 2:4 tot 15. Daarom is dit waarskynlik dat die profesieë in vs. 16 tot 25 dateer uit die eerste tydperk van Hosea se profetiese werksaamheid en dat dit nie lank ná die profesieë wat in die voorafgaande perikoop opgeneem is, gelewer is nie.

Dit is ook duidelik dat die verskillende eenhede in die perikoop sorgvuldig gerangskik is (vgl. die opmerking by vs. 25) en dit is nie onmoontlik dat die profeet self of iemand ná aan hom vir die ontstaan van die perikoop verantwoordelik was nie (Mays).

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Daar is beslis 'n verband tussen 2:16 tot 25 en 2:4 tot 15. Uit die inhoud is dit duidelik dat vs. 16 tot 25 nie net die voorafgaande perikoop veronderstel nie, maar dat dit in vele opsigte die teendeel bevat van wat in vs. 4 tot 15 gestel word. Dit beteken egter nie dat die twee perikope mekaar weerspreek nie. In 2:4 tot 15 is die hoofsaak waaroor dit gaan die feit dat die verbond tussen JHWH en Israel verbreek is en dat JHWH Israel gaan straf vir die ontrou teenoor Hom. Die vrugbaarheidsgodsdiens was die oorsaak van die breuk tussen JHWH en sy volk. Die verbreking van die verbond word as 'n feit gestel en die vonnis wat JHWH Israel opleë, is nie net 'n dreigement nie. Terwyl die klem in vs. 4 tot 15 op die hede lê,

gaan dit in vs. 16 tot 25 oor die toekoms: Nieteenstaande die huidige toestand sal JHWH in die toekoms 'n nuwe verbondsverhouding met Israel skeep. In die skepping van die nuwe verhouding gaan Hy met sy volk terugkeer na 'n situasie wat soortgelyk is aan dié wat gegeld het vóór die vestiging in Kanaän. Omdat die toekomstige optrede van JHWH (vs. 16 tot 25), staan teenoor die huidige breuk wat veroorsaak is deur die vrugbaarheidskultus (vs. 4 tot 15), is dit volkome begryplik dat die vernietiging van elke vorm van baäldiens, eerste aandag kry in die beskrywing van die nuwe toekoms (vs. 18 v.) en dat dit beklemtoon word dat JHWH vrugbaarheid sal skenk (vs. 23 v.).

Die verhouding tussen vs. 4 tot 15 en vs. 16 tot 25 is dieselfde as dié tussen 1:2 tot 9 en 2:1 tot 3: In die eerste plek is die feit dat die verbond verbreek is en die gevolge daarvan aan die orde (1:2 tot 9 en 2:4 tot 15); in die daaropvolgende perikoop word gestel dat JHWH in die toekoms 'n nuwe verbondsverhouding sal skeep (2:1 tot 3 en 2:16 tot 25). Die verskil tussen 1:2 tot 2:3 en 2:4 tot 25 is daarin geleë dat politieke sake in die eerste geval op die voorgrond is terwyl die klem in 2:4 tot 25 op die kultus val. In albei gevalle sal die nuwe toekoms eers 'n werklikheid kan word ná drastiese veranderings in die bestaande situasie: Op politieke gebied sal die monargale stelsel en die huidige staat moet verdwyn (1:4 tot 6; 2:2); op die kultiese terrein sal die vrugbaarheidsgodsdien vernietig moet word (2:12 tot 15, 18 v.). Alhoewel die perikope vaag is oor die besonderhede, is dit duidelik dat hierdie veranderings deur oorlog en ander ingrypende gebeurtenisse sal plaasvind (vgl. 1:5; 2:2, 12, 13, 14). Dit is ook duidelik dat die nuwe toekoms bedoel is vir die volk (b<sup>e</sup>nē yisrā'el) maar dat die huidige owerheid daarby uitgesluit is. Dit word uitdruklik gesê in 2:1 v. en geïmpliseer in 2:16 waar die situasie in die tyd vóór die vestiging in Kanaän die model is vir die nuwe toekoms.



### 3:1-5

#### 1. Afgrensing

'n Opdrag van JHWH aan die profeet lei die perikoop in. Die uitvoering en konsekwensies van die opdrag eindig by vs. 5. Die bevel gerig aan die Israëliete in 4:1 dui die begin van 'n nuwe perikoop aan.

#### 2. Tekskritiek

Die vertalings wyk in 'n paar gevalle af van die Masoretiese teks. Hierdie afwykings kan egter almal verklaar word en veronderstel nie noodwendig 'n ander konsonante=teks nie (vgl. Rudolph). Veranderings aan die Masoretiese teks is dus ongewens.

#### 3. Vorm

Daar is by die kommentatore geen eenstemmigheid oor die vraag of hoofstuk 3 prosa of poësie is nie. Wolff en Rudolph is redelik oortuig daarvan dat dit nie poësie is nie (vgl. ook BHS). Daarteenoor beskou Ward byvoorbeeld slegs vs. 2 en die inleiding van vs. 1 en 3 as prosa, maar die res as poësie. Aangesien hemistiges en stiges in die res van die boek oorwegend sinteties parallel is, is die afwesigheid van sinonieme parallelisme in 3:1 tot 5 nie 'n argument om die perikoop as prosa te beskou nie. Met die uitsondering van vs. 1a, 2 en 3a kan die eenheid in strofes verdeel en die stiges geskandeer word, sodat die konklusie dat die perikoop wél oorwegend uit poësie bestaan, onvermydelik is.

Indien vs. 5c en e buite rekening gelaat word (vgl. Betekenis), stem die metrum van vs. 1b tot f en vs. 4 presies ooreen en is dié van vs. 3 en vs. 5 ook baie ná aan mekaar. Die herhaling van sekere terme en sinsnedes is

opvallend (vgl. 'hb in vs. 1b, c, d en f; yāmīm rabbīm en yšb in vs. 3b en 4a). Alhoewel verskillende werk= woorde gebruik word, is die ooreenkoms tussen vs. 4a en vs. 5a ook opmerklik (dit is saamgestel uit 'n tydsaanduiding + yšbw bny yśr'l).

#### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit twee dele:

- i. Vs. 1 word ingelei deur 'n kort prosasin met 'mr as werkwoord. Die poëtiese deel wat daarna volg, bestaan uit 'n opdrag (vs. 1b en c) en 'n motivering vir die opdrag (vs. 1d tot e). Binne hierdie eenheid is daar 'n fyn balans tussen die onderdele: 'ěhab 'iššā (vs. 1a) word gebalanseer deur k<sup>e</sup>'ahābat yhwh 'et-b<sup>e</sup>nē yiśrā'el (vs. 1d). Vs. 1c word weer ge= balanseer deur vs. 1e en f.
- ii. Vs. 3 tot 5 word ook ingelei deur 'n kort prosasin met 'mr as werkwoord (vs. 3a). Die res van die eenheid wat uit poësie bestaan, bevat ook 'n opdrag (vs. 3b v.), gevolg deur 'n motivering vir die opdrag (vs. 4). Ná die motivering is daar 'n verdere uitbreiding van die spreuk (vs. 5). Ook in hierdie eenheid is daar 'n balans tussen die onderdele van die opdrag en die onderdele van die motivering vir die opdrag:  
Vs. 3b word gebalanseer deur vs. 4a en die negatiewe in vs. 3c deur die herhaling van 'ēn in vs. 4b tot d.  
Vs. 2 verbind die twee dele aan mekaar. Afgesien van die formele ooreenkoms in die bou van die twee eenhede en die verband wat deur vs. 2 gelê word, is daar ook 'n verdere verbindingslyn: Die werkwoorde wat beweging aandui ná JHWH toe in vs. 5, dien as teenpool vir die beweging wég van JHWH af in vs. 1e.

Die ooreenkoms tussen die bou van 1:2 tot 9 en 3:1 tot 5 is opvallend: Albei die perikope begin met kort prosasinne wat feitlik identies

is (wayyō'mer yhwh 'el-). Die poëtiese deel bestaan uit 'n opdrag wat gemotiveer word. Die uitvoering van die opdrag is weer in prosa en dien as oorgang na 'n volgende deel wat weer begin met 'n kort prosasin wat 'mr as werkwoord het.

Daarop volg dan weer 'n opdrag met 'n motivering. Hierdie strukturele ooreenkoms tussen die twee perikope plaas 'n vraagteken oor die standpunt van die kommentatore dat verskillende outeurs verantwoordelik was vir die twee perikope. Die feit dat daar na die profeet verwys word in die derde persoon in hoofstuk 1 en in die eerste persoon in hoofstuk 3, is nie voldoende grond vir die afleiding dat die twee perikope geskryf is deur verskillende outeurs nie.

## 5. Betekenis

JHWH gee aan die profeet 'n opdrag om weer te gaan vs.1 en 'n vrou te bemin. Cōd het nie betrekking op 'ěhab nie, maar op lęk waarby dit staan. Uit die gebruik van Cōd kan nie afgelei word dat die vrou oor wie dit gaan, iemand is wat die profeet al voorheen liefgehad het nie (teen Wolff e.a.). Dit dui dus slegs aan dat hy 'n tweede (profetiese) handeling moet uitvoer (vgl. ook lęk in 1:2). Die betekenis van 'ěhab kan ook nie afgelei word uit die vergelyking in vs. 1d nie (teen Wolff). Die term 'hb word, met JHWH as subjek, in die boek vanselfsprekend nooit in 'n erotiese sin gebruik nie (vgl. 9:15; 11:1; 14:5). Wanneer die mens die subjek is by 'hb, het dit soms die betekenis "hou van" (vgl. vs. 1f; 12:8), maar meestal het dit 'n definitiewe erotiese konnotasie (vgl. 4:18; 9:1; verder ook die partisipium in 2:7, 9, 12, 14 v.). In die lig hiervan en gesien die feit dat JHWH Hosea bevél om 'n vrou te bemin, is dit duidelik dat 'hb in vs. 1b ook 'n erotiese aksent het.

Die vrou wat die profeet moes bemin, word getipeer as 'hbt r<sup>c</sup>. Die masorete het in die vergelyking wat getref word, blykbaar vs. ld tot f gesien as in ooreenstemming met vs. lc en nie met vs. lb en c nie. Gevolglik is 'hbt in vs. lc as 'n passiewe vorm en r<sup>c</sup> as rea<sup>c</sup> gelees.

Volgens die struktuurontleding is dit egter meer voor-die-hand-iggend dat vs. ld tot f in die vergelyking nie net ooreenstem met vs. lc nie, maar met vs. lb en c.

Daarom is die lesing van die Septuaginta en die Siriese vertaling wat 'hbt as 'n aktiewe partisipium vertolk het en r<sup>c</sup> as ra<sup>c</sup> gelees het, beslis beter as dié van die masorete. Vs. ld stem dan ooreen met 'hb in vs. lb, terwyl vs. le ooreenkom met ūm<sup>e</sup>nā'efet en vs. lf met 'ōhebet ra<sup>c</sup>. Die beswaar van Rudolph dat die lesing van die Septuaginta te algemeen is, is nie 'n wesenlike beswaar nie. ra<sup>c</sup> word absoluut gebruik en dui gedrag aan wat eties afkeurenswaardig is. In aansluiting by m<sup>e</sup>nā'efet beteken dit dan "onsedelike gedrag". JHWH het dus aan die profeet opdrag gegee om 'n liefdesverhouding aan te gaan met 'n (getroude?) vrou wie se dienste beskikbaar was vir ander mans (vgl. vs. 3c).

Die term m<sup>e</sup>nā'efet lewer 'n probleem op indien die res van die perikoop in ag geneem word: Volgens vs. 2 moes die profeet betaal om die vrou te verkry. Volgens vs. 3c en d het hy haar verbied om enige onwettige of wettige seksuele verbintenis aan te gaan met 'n ander man of met homself (vgl. die bespreking by vs. 3c en d). In die lig hiervan is die konklusie onvermydelik dat dit 'n vrou was wat op daardie stadium nie getroud was nie. Rudolph het daarom gelyk wanneer hy in verband met m<sup>e</sup>na'efet sê:

'Das kann nicht eine Frau sein, die jetzt im Ehebruch lebt, indem sie ihren Mann mit einem anderen oder mit anderen betrügt. Denn wie hätte er es anstellen wollen, eine solche zu erwerben? Man darf aber das Wort m<sup>e</sup>nā'efet nicht abschwächen, indem man ihm den weiteren Sinn unbeständig im Verkehr mit Männern beilegt, denn dann wäre es hinter 'hbt r<sup>c</sup> überflüssig, und n'p heisst nun einmal 'ehebrechen' und nichts anderes. Es handelt sich also um eine Frau, die früher verheiratet gewesen war, ihrem Mann die Treue

gebrochen hatte und, nachdem sie von ihm ...  
geschieden oder getrennt war, ein Luderleben  
führte. Dass sie nicht bloss 'a common street=  
walker' ..., sondern zugleich eine frühere  
Ehebrecherin sein muss, hängt mit der Symbolik  
zusammen, der sie dienen soll: ..."

Die verhouding tussen Hosea en só 'n vrou moes dien as 'n  
sinnebeeld van die verhouding tussen JHWH en die Israelie=  
te (vs. 1d). Die uitdrukking 'ʾāšīšē ʿānābīm staan pars  
pro toto vir die vrugbaarheidskultus. Saamgepersde rosyne  
was blykbaar 'n gesogte lekkerny (vgl. Jes. 16:7) en is in  
die vrugbaarheidskultus gebruik (Van Leeuwen), vermoedelik  
vanweë die geloof dat dit bevorderlik sou wees vir vrug=  
baarheid. Die Israeliete se aanhang van die vrugbaarheids=  
kultus (vs. 1f) en hulle navolging van ander gode (vs. 1e)  
sou versinnebeeld word deur die vrou wat lief is vir die  
slegte en voorheen egbreuk gepleeg het.

Soos by 1:2 sou hierdie profetiese handeling nie skeppend  
wees ten opsigte van die toekoms nie, maar sou dit 'n  
bestaande toestand versinnebeeld en as sodanig funksioneer  
dit as 'n aanklag teen die Israeliete. Die skeppende  
handeling ten opsigte van die toekoms volg eers in vs. 3.  
Soos by hoofstuk 1 word ál die tekenhandelinge nie in die  
eerste opdrag gegee nie, maar vind daar 'n ontplooiing in  
die perikoop plaas (vgl. vs. 3 tot 5).

Sommige eksegete is geneig om aan sake wat nie  
in die perikoop vermeld word nie, ook 'n bepaalde  
betekenis te heg. So byvoorbeeld word gesê dat  
die toepassing van die verhouding tussen die pro=  
feet en die vrou op die verhouding tussen JHWH en  
Israel veronderstel dat dit gaan oor sy eie vrou.  
Omdat hy 'n prys vir haar moes betaal (vs. 2), is  
'n verdere afleiding dan dat sy intussen 'n slavin  
geword het en dat dit beteken dat JHWH Israel sal  
loskoop van die slawerny van die vrugbaarheids=  
kultus. Dít word egter nêrens in die perikoop  
gesê nie en daar is 'n wesenlike gevaar dat sulke  
afleidings 'n verkeerde eksegese tot gevolg kan

hê. Dit is daarom die veiligste om te bly by die gegewens en skopus van die teks: Die klem lê in vs. 1 dáárop dat die profeet 'n liefdes=verhouding moes aangaan met 'n vrou wat gehou het van die slegte en wat ontrou was. Die vraag of dit sy eie vrou was, is eintlik nie ter sake nie. Dit kon dalk sy vorige vrou wees; dit was egter meer waarskynlik 'n ánder vrou. Vir die betekenis van die perikoop is dit van geen belang nie. Dit is waarskynlik ook die rede waarom die outeur sy lesers oor dié vraag in die duister laat.

Die term wā'ekk<sup>e</sup>rehā is omstrede. Die betekenis vs.2 daarvan bepaal in 'n hoë mate die uitleg van hoofstuk 3 en gevolglik ook die verhouding van hoofstuk 3 tot hoofstuk 1. Daar bestaan by eksegete onsekerheid oor die afleiding van die woord. Die belangrikste verklarings vir wā'ekk<sup>e</sup>rehā is die volgende:

- i. R. Gordis beskou dit as 'n gal imperfektum van nkr wat volgens hom "buy, as in marriage"<sup>1</sup> beteken. Hy bring die term in verband met nkr in I Sam. 23:7, wat hy op grond van die Septuaginta vertaal met "verkoop". Die beroep op I Sam. 23:7 kan nie gehandhaaf word nie, aangesien nkr in dié geval met "oorgee" of "oorlewer" vertaal moet word. Dat 'ekk<sup>e</sup>rehā "ten huwelik koop" sou beteken, vloei in elk geval voort uit Gordis se standpunt dat dit in Hosea 3 oor 'n huwelik gaan.
- ii. In die supplement tot KBL<sup>2</sup> word 'ekk<sup>e</sup>rehā ook afgelei van nkr en vertaal met "iterum uxorem ducere".

- 
1. R. Gordis, Hosea's marriage and message: A new approach, art. in HUCA 25 (1954), bl. 25.
  2. Vgl. L. Koehler, W. Baumgartner, Supplementum ad lexikon in Veteris Testamenti Libros, Leiden 1958, onder Additamenta novissima, bl. 217.

Hierdie vertaling berus op Gordon se vertaling van nkr in Ugarities.<sup>3</sup> Gordon begrond egter sy vertaling met Hos. 3:2! Gevolglik is dié verklaring ook onaanvaarbaar.

- iii. Die meeste kommentatore beskou 'ekk<sup>e</sup>rehā as 'n gal imperfektum van krh II (KBL bl. 454). Die verdubbeling van die k word dan verklaar as 'n voorbeeld van dageš forte dirimens (vgl. Ges-K. par. 20 h). Hierdie verklaring kan egter bevraagteken word aangesien dit die enigste voorbeeld van dageš forte dirimens in 'n k is en daar op die oog af geen rede is waarom die š<sup>e</sup>wa in hierdie geval meer hoorbaar gemaak moet word nie.
- iv. Die vertalers van die Septuaginta het w'krh ly met emisthōsamēn emautōi weergegee. Dit beteken dat die vorm sonder 'n suffiks gelees is. Verder is dit belangrik om daarop te let dat dit met "huur" vertaal word.

Op grond van die lesing van die Septuaginta is dit die beste om w'krh as 'n konsekutiewe imperfektum nif<sup>c</sup>al van krh II te verklaar in die betekenis "huur". (Die gal kan blykbaar naas "verhandel" ook "verhuur" beteken. Die nif<sup>c</sup>al het dan 'n mediale betekenis, nl. "huur" - vgl. bv. kārā in Arabies wat in die Ie en IVe konjugasie "verhuur" beteken en in die refleksiewe VIIIE en Xe konjugasies die mediale betekenis "huur" het.) Die nif<sup>c</sup>al sou met 'n mediale betekenis 'n akkusatief kan neem (wā'ekk<sup>e</sup>rehā). Dit is miskien nog beter om die vorm sonder 'n suffiks te vokaliseer, naamlik wā'ekkārē. Dit sal wel geen verskil maak in die betekenis nie. Die

3. Vgl. C.H. Gordon, Ugaritic manual, Rome 1955, deel III nr. 1244.  
Vgl. daartéénor J. Aistleitner, Die mythologischen und kultischen Texte aus Ras Schamra, Budapest 1964, bl. 91 en 93.
4. Vgl. M. Ullmann, Wörterbuch der Klassischen Arabischen Sprache, Band I, Wiesbaden 1970.

eerste twee woorde van vs. 2 kan dan vertaal word met "toe het ek vir my een gehuur ...". Dit beteken dat die profeet 'n sedelose vrou gehuur het om van haar dienste gebruik te maak (vgl. vs. 3).

Die prys wat in vs. 2 genoem word, word deur sommige kommentatore vertolk as die koopprys vir 'n slavin, naamlik dertig sikkels silwer (vgl. Eks. 21:32; so bv. Wolff). Teen so 'n berekening bestaan ernstige bedenkinge (vgl. Rudolph). Die presiese waarde van die betaling wat deels in geld en deels in natura gedoen is, kan nie bereken word nie en die enigste regverdigte afleiding is dat vyftien silwer geldstukke en anderhalf hōmer of donkievrag gars (vgl. Van Leeuwen) hoë huurgeld was.

Die hoë huurgeld wat die profeet betaal het, ver= vs.3 klaar die feit dat hy vir 'n lang tyd (yāmīm rabbīm) seggenskap het oor die vrou se seksuele doen en late (vs. 3b v.). In die konteks kan tēš<sup>e</sup>bī lī die beste vertaal word met "jy moet tot my beskikking wees". In vs. 3c stel die profeet aan die vrou dat sy nie mag hoereer nie en ook nie "aan 'n man mag behoort nie". Die uitdrukking hyh l<sup>e</sup>'īš kom naas Hos. 3:3 nog tien keer voor in die Ou Testament (Lev. 21:3; 22:12; Num. 30:7; Deut. 21:15; 25:5; Jer. 3:1; Es. 44:25; Rut 1:12, 12, 13). Wanneer hierdie gevalle nagegaan word, is dit duidelik dat die uitdrukking betrekking het op 'n wettige verbintenis tussen 'n man en 'n vrou. Soms lê die klem op die seksuele aspek in die verhouding (vgl. Rut 1:12 v.). In ander gevalle beteken dit eenvoudig net "getroud wees" of "in die huwelik tree" (vgl. Num. 30:7). Dit word egter in geen geval gebruik vir 'n onwettige of buite-egtelike verbintenis nie. In die lig hiervan moet die tweede deel van vs. 3c verstaan word as 'n verbod om 'n wettige seksuele verbintenis met 'n man te hê. In vs. 3c verbied Hosea dus die vrou om 'n onwettige (lō' tiznī) of wettige (lō' tihyī l<sup>e</sup>'īš) seksuele verhouding met 'n ander man aan te gaan.



Vs. 3d sluit ten nouste aan by vs. 3c en kan letterlik vertaal word met "en ook ék met betrekking tot jou" (vgl. KBL bl. 48 nr. 7). In die konteks kan dit niks anders beteken nie as "ook ék sal nie met jou hoereer of 'n egtelike verbintenis met jou aangaan nie." Hieruit kan afgelei word dat die vrou nie getroud was nie (vgl. die bespreking by vs. 1c) en dat dit waarskynlik nie sy eie gewese vrou was nie (vgl. egter die opmerkings aan die einde van vs. 1). Vs. 3d bring 'n onverwagte wending, want op die oog af was die gebruikmaking van haar seksuele dienste juis die rede waarom die profeet die vrou gehuur het (vgl. Rudolph). Hierdie ongewone optrede is die kern van die simboliese handeling van die profeet en daarom volg die verklaring hiervoor in vs. 4.

Die ongewone optrede van die profeet moes 'n vs.4 teken wees van die onverwagte wat met die Israeliete sou gebeur: Hulle sou vir 'n tydlank moes klaarkom (vs. 4a) sonder koning of vorste (vs. 4b).

Die term śār dui in die Ou Testament gewoonlik 'n persoon aan wat deur iemand in hoër gesag aangestel is. Verder word dit gebruik in verwysings na persone wat in die monargale tyd een of ander amptelike funksie verrig het.<sup>5</sup> R. Knierim vat die gebruik van die term soos volg saam:<sup>6</sup>

"Die śārīm sind immer königliche Würdenträger. Sie haben zum Teil militärische, zum Teil richterliche Kompetenzen, nicht selten beide zusammen."

Dit is ook in die boek Hosea duidelik dat die śārīm aangestelde persone was (vgl. 8:4), wat aan

---

5. Vgl. E. Junge, Der Wiederaufbau des Heerwesens des Reiches Juda unter Josia, 1937, bl. 57.

6. R. Knierim, Exodus 18 und die Neuordnung der mosaischen Gerichtsbarkeit, art. in ZAW 73 (1961), bl. 170.

die koningskap verbonde was (vgl. 7:3 tot 5). Dit dui persone aan wat 'n bestuursamp beklee het en, afhange van die konteks, militêre offisiere, ministers, politieke leiers of regters kon wees. In 3:4b is daar nie 'n spesifieke funksie op die voorgrond nie en daarom kan dit as kollektiewe aanduiding met "(hoë) amptenare" vertaal word. Dit verwys saam met melek na die monargale regeringsvorm.

zēbah en maššēbā verwys pars pro toto na die offerkultus en 'ēfōd ūt<sup>e</sup> rāfīm na die orakelgewing (vgl. Van Leeuwen). Die onttrekking van die vrou aan enige omgang met 'n man was dus simbolies van die feit dat die Israëliete 'n tyd lank sonder 'n monargale regering en sonder die normale vorm van godsdiensoefening sou moes klaarkom.

Die gedagte dat die Israëliete die monargale regeringsvorm en die bestaande kultusbeoefening ontnem sou word, is geen verrassing ná die voorafgaande perikope nie: By 1:2 tot 9 en 2:4 tot 15 het dit duidelik geword dat die breuk tussen JHWH en sy volk ten nouste saamgehang het met die monargie en die verwerde kultus. Vs. 4 gee nie besonderhede oor die vraag hoedat dit 'n werklikheid sou word nie en die afleiding dat 'n ballingskap voorspel word (vgl. Rudolph) kan nie met die gegewens van vs. 4 v. gesubstansieer word nie. Die klem word slegs gelê op die feit dat die wortel van die kwaad in Israel, naamlik die bestaande regeringsvorm en kultus, weggeneem sal word.

Sommige kommentatore beskou vs. 5 in sy geheel vs.5 as 'n latere redaksionele toevoeging omdat die gegewens daarvan nie inbegrepe is in die tekenhandeling van vs. 4 nie (so bv. Rudolph). Dit is egter volkome begryplik waarom die aspek van die terugkeer van die Israëliete na JHWH nie verbeeld kón word deur die profeet se verhouding met die vrou nie: Dit was slegs 'n tydelike verbintenis wat hy met haar gehad het (vgl. die uitleg van vs. 1 en 2). Daar is geen metriese, stilistiese

of inhoudelike gronde om vs. 5a, b en d as 'n latere toevoeging te beskou nie (teen Rudolph e.a.). Die blote feit dat dit 'n heilsprofesie is, is ook nie (soos sommige van die ouer kommentatore beweer het) 'n rede om dit as 'n byvoeging te beskou nie, aangesien 2:1 tot 3 en 2:16 tot 25 ook heilsprofesieë is in dieselfde trant as vs. 5. Vs. 5c en e staan wel los van die res van vs. 5: dāwid malkām is nie net 'n ongewone parallel van yhwh 'ēlōhēm nie, maar dit kan nie as objek ná bqš gebruik word op gelyke voet met yhwh 'ēlōhēm nie. Vs. 5e is weer oorbodig ná 'aḥar in vs. 5a. Vs. 5c en e se terminologie is afkomstig uit die Judees-messiaanse eskatologie (vgl. Wolff) en is na alle waarskynlikheid van 'n Judese redaktor afkomstig (so ook Van Leeuwen).

Vir die profeet Hosea was dit blykbaar vanselfsprekend dat die Israëliete hulle tot JHWH sou bekeer wanneer die struikelblokke van die monargie en verworde kultus nie meer daar was nie (vs. 4a). bqš word in die boek Hosea gebruik om die "opsoek" van die vrou se minnaars tot uitdrukking te bring (2:9), om die kultiese toenadering tot JHWH te beskryf (5:6, 15), asook die nastrewe van die korrekte geloofsverbintenis met JHWH (7:10).<sup>7</sup> Laasgenoemde betekenis moontlikheid pas die beste in die konteks van vs. 5. phd 'el is 'n pregnante uitdrukking wat vergelyk kan word met die gebruik van hrd min in 11:10 en 11. Dit sluit aan by die voorafgaande werkwoorde wat beweging ná JHWH aandui en lê die klem op die eerbied vir JHWH en erkentlikheid teenoor sy gawes wat daar in die toekoms by die Israëliete sal wees. tūb dui konkreet die oorvloed aan wat in tye van voorspoed geniet kon word (vgl. bv. Deut. 6:11; Jer. 31:12) en wat by 'n ongeskonde verbondsverhouding met JHWH tuishoort (vgl. Deut. 28:47).

---

7. Vgl. ook Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 335.

'ēlōhēm staan teenoor 'ēlōhīm 'āherīm en tūbō teenoor 'āšīšē 'ānābīm in vs. 1. As die hindernisse uit die weg geruim is, sal die Israëliete hulle tot JHWH bekeer met die regte gesindheid van eerbied en dankbaarheid.

In die perikoop gaan dit oor twee profetiese tekenhandelinge: Die eerste moes funksioneer as 'n aanklag teen die Israëliete dat hulle die liefde van JHWH versmaad deur ander gode te dien en die vrugbaarheidskultus aan te hang (vs. 1). Die tweede was skeppend gerig op die toekoms en moes die komende situasie waarin die Israëliete hulle sou bevind, verbeeld. Hulle sou naamlik 'n tydlank / moes klaarkom sonder die koningskap en monargale regeeringsvorm asook die offerkultus en orakelgewing (vs. 3 v.).

Hierdie ongewone situasie waarin die Israëliete hulle sou bevind, sou 'n verandering by hulle teweegbring: In plaas daarvan om ander gode en die genietinge van die vrugbaarheidskultus aan te hang (vs. 1), sou hulle daarna strewe om JHWH te dien en sou daar by hulle die regte gesindheid wees teenoor Hom en die gawes wat Hy skenk.

## 6. Vertaling

- 1 Daarop het JHWH vir my gesê:  
 "Gaan nog 'n keer, knoop 'n liefdesverhouding aan met 'n vrou wat haar onsedelik gedra en egbreuk gepleeg het.  
 Dit moet dien as 'n teken dat JHWH die Israëliete liefhet,  
 terwyl hulle hulle wend na ander gode en hou van rosynekoeke."
- 2 Ek het toe vir my een gehuur vir vyftien silwer geldstukke en anderhalf donkievrag gars.
- 3 Daarop het ek vir haar gesê:  
 "Jy moet vir baie dae tot my beskikking wees.  
 Jy mag nie met enige iemand hoereer of in die huwelik tree nie  
 - ék is óók hierby ingesluit."
- 4 Dit sal 'n teken wees dat die Israëliete vir baie dae sal moet klaarkom sonder 'n koning en hoë amptenare, sonder offers en gedenkstone en sonder dié dinge

- waarmee waarsêery beoefen word.
- 5 Daarna sal die Israeliete hulle bekeer.  
Hulle sal daarna strewe om JHWH hulle God reg te dien (en Dawid hulle koning) en hulle sal met ontsag vervul wees teenoor JHWH en die oorvloed wat Hy skenk (aan die einde van die dae).

## 7. Agtergrond

Dit is duidelik dat hoofstuk 3 die voorafgaande perikope veronderstel (vgl. bv. Ād in vs. 1). Indien die datering van die voorafgaande profesieë in die regeringstyd van Jerobeam II korrek is, is dit baie waarskynlik dat die gebeure en gepaardgaande verkondiging wat in hoofstuk 3 beskryf word, geplaas moet word in 'n tyd toe die einde van die dinastie van Jehu aangebreek het of in sig was. Dit is selfs moontlik dat die dood van Jerobeam (754 v.C.) of Sagaria (753 v.C.) weerspieël word in vs. 4b. Hoofstuk 3 skep in elk geval die indruk van 'n afsluiting van 'n bepaalde periode van profetiese werksaamheid (vgl. Breër verbande en perspektiewe).

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Daar is verskillende verbindingslyne tussen hoofstuk 3 en die voorafgaande perikope en die verkondiging is wesenlik dieselfde: Die aanklag teen die volk is dat die vrugbaarheidsgodsdien hulle van JHWH vervreem het en dat die verbondsverhouding verbreek is (vgl. 1:2, 9; 2:4 vv.; 3:1). Nie net die vrugbaarheidskultus nie, maar ook die koning en die monargale staatsvorm word veroordeel (1:4 vv.). Terwyl die oordele in 1:2 vv. hoofsaaklik konsentreer op die monargie en die politieke en militêre instellings wat dit ondersteun het en 2:4 vv. weer handel oor kultiese sake, word die monargiese instellings en godsdiensoefening saam as verworpe verklaar in 3:4. Alhoewel hulle ook aangekla word, is daar vir die Israeliete (b<sup>e</sup>nē yisrā'ēl) hoop op 'n nuwe verhouding met JHWH in

die toekoms. Voordat dit egter sou gebeur, moes die bestaande staatsvorm en vrugbaarheidskultus eers vernietig word (vgl. 2:1 tot 3,12 vv.). Die verwydering van genoemde groothede word ook in 3:4 v. pertinent genoem as 'n voorwaarde vir die aanbreek van die nuwe toekoms. Alhoewel die eerste twee hoofstukke vaag is oor die besonderhede, is dit tog duidelik dat die nuwe verbondenheid van die Israëliete aan JHWH nie 'n werklikheid sou word sonder 'n radikale wending in die bestaande orde nie (vgl. 2:2 waar die rigtertyd en 2:16 waar die woestyntyd as modelle dien vir die toekoms). 'n Radikale verandering in die bestaande orde is ook essensieel in hoofstuk 3. Hoofstuk 3 is dus in 'n sekere sin 'n samevatting en bekragtiging van die voorafgaande perikope. Die tekenhandelinge en meegaande verkondiging in 3:1 tot 5 rond 1:2 tot 2:55 goed af.

#### 4:1-15

##### 1. Afgrensing

Die oproep šim<sup>c</sup>ū d<sup>e</sup>bar yhw lei in 4:1 'n nuwe tematiese eenheid in. Oor die vraag waar die perikoop eindig, bestaan daar uiteenlopende menings: Wolff beskou vs. 1 tot 3 as 'n selfstandige perikoop alhoewel hy self toegee dat vs. 4 n<sup>o</sup>ú aansluit by vs. 1 tot 3. Hy grond sy verdeling op die standpunt dat vs. 3 'n vonnis is ná 'n voorafgaande skuldigbevinding (vs. 2). Hierdie verdeling berus egter nie op goeie gronde nie (vgl. Rudolph). Voorlopig is dit die beste om vs. 15 as die einde van die perikoop te beskou. Die oproep in die tweede persoon meervoud in vs. 1 word weer opgeneem in vs. 15 (vgl. Tekskritiek). In vs. 16 gaan dit oor die opstandigheid van Israel - 'n motief wat nie in vs. 1 tot 15 voorkom nie.

## 2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks lewer by vs. 15 probleme op: Dit is moeilik denkbaar dat die profeet ná vs. 14a slegs Juda sal waarsku om hom nie skuldig te maak nie (vgl. Betekenis). Dit blyk ook uit die res van die boek dat Israel en Juda telkens gelyk behandel word en dat nie een van die twee voorkeur geniet wanneer hulle saam genoem word nie.<sup>1</sup>

Die Septuaginta bied 'n goeie lesing by vs. 15. Verder is dit moontlik om die wyse waarop die veranderings in die Masoretiese teks waarskynlik ingetree het, met behulp van die lesing in die Septuaginta te rekonstrueer: Die vertaling van die Septuaginta gaan klaarblyklik terug op 'n Hebreeuse teks wat <sup>c</sup>m znh (vgl. meta pornēs) gelees het in aansluiting by vs. 14d en te'šam in plaas van ye'šam in vs. 15b. Die lesing van die Masoretiese teks is moontlik veroorsaak deur 'n hoorfout ('im znh i.p.v. <sup>c</sup>im znh) wat weer die verandering van te'šam na ye'šam noodsaaklik gemaak het om die sin grammatikaal te laat vlot. Dit kan ook moontlik 'n doelbewuste verandering wees om die teks vir Judese lesers te aktualiseer in 'n tyd toe kulturele aansprake van groepe buite Jerusalem afgewys moes word. Aangesien die lesing van die Septuaginta in die konteks baie beter pas as dié van die Masoretiese teks word dit as uitgangspunt geneem by die eksegesi (vgl. verder onder Betekenis).

## 3. Vorm

Die perikoop bestaan uit enkel-, twee- en drievoetige versreëls wat twee tot vier heffings per versvoet bevat. Alhoewel die metrum nie 'n vaste patroon het nie, is dit tog opmerklik dat hemistiges met vier heffings veral aan die begin van strofes voorkom (vgl. vs. 7; vs. 10b tot 11b en vs. 14a en b). Daar is metriese beklemtoning by

---

1. Vgl. A. van Selms, The Southern Kingdom in Hosea, art. in OTWSA, 1964-'65, bl. 100-111.

vs. 2, 9 en 15c tot d. Die ritmiese kombinasie by vs. 4 en 5 is ongewoon (2 + 3 + 3, 2 + 4 + 2). In enkele van die ouer kommentare word die ongewone ritme van vs. 5 aangevoer as 'n argument om veranderinge aan die teks aan te bring. Die metri causa-argumente word gelukkig nie meer aanvaar of gebruik in meer resente kommentare nie. Daar is op verskillende plekke in die poëtiese dele van die Ou Testament voorbeelde van soortgelyke ongewone ritmiese kombinasies. In die boek Prediker kom dit veral voor wanneer daar negatief gereageer word op die stellings van wysheidsleraars.<sup>2</sup> Die ongewone ritme in vs. 4 en 5 is dus nie 'n grond vir 'n verandering van die Masoretiese teks of die woordkombinasies nie.

Die hemistiges is oorwegend sinteties parallel aan mekaar. In die geval van drievoetige versreëls is die patroon gewoonlik (a//b)//c of omgekeerd (vgl. bv. vs. 2a en b; vs. 15c en d). Die chiasmes in vs. 3 en 9b het op die oog af geen besondere funksie nie.

#### 4. Struktuur

Die struktuurontleding wys ses eenhede in die perikoop uit:

- i. Vs. 1 tot 3 is gerig tot die b<sup>e</sup>nē yiśrā'ēl. Die funksie van kī in vs. 1b en vs. 1c bepaal in 'n hoë mate die onderlinge verbinding tussen versreëls. Na oorweging van al die betekenismoontlikhede van kī en ook gevolglike kombinasie moontlikhede van die versreëls in vs. 1 en 2 lyk dit die beste om kī in vs. 1c te beskou as inleiding tot 'n grammatikale konstruksie wat in vs. 2 voortgesit word (vgl. Betekenis).
- ii. Vs. 4 tot 6 is gerig tot die priester in die tweede persoon enkelvoud. Die eenheid bestaan uit twee kleiner eenhede: Die konsekutiewe perfekta in vs. 4 skei vs. 4 en 5 van vs. 6.

---

2. J.A. Loader in 'n mondelinge mededeling.



- iii. In vs. 7 tot 10a word na die priesters in die derde persoon meervoud verwys en dit bestaan ook uit twee dele (vs. 7; vs. 8 tot 10a). Elk van hierdie onderdele skets die optrede van die priesters, gevolg deur 'n reaksie van die spreker, naamlik JHWH. In vs. 10a is JHWH wel nie die subjek nie, maar dit is 'n klaarblyklike uitbouing van vs. 9b.
- iv. Vs. 10b tot 13c bestaan uit die volgende onderdele: Vs. 10b tot 12a en vs. 12b tot 13b word albei ingelei deur kī en is elk gekonstrueer op dieselfde wyse as vs. 1c tot 2b. <sup>c</sup>al-ken lê 'n verband tussen vs. 13c en vs. 10b tot 13b.
- v. Vs. 14a tot 15a. Hierin staan 'n handeling van JHWH voorop (vs. 14a en b). Dit word gemotiveer in vs. 14c. Vs. 14d en 15a hoort by vs. 14a tot c aangesien vs. 15b duidelik 'n nuwe spreuk is.
- vi. Vs. 15b tot d word as eenheid gekenmerk deur die negatief en tweede persoon jussief in elke hemistige.

Die gebruik van die tweede persoon meervoud in vs. 13c verbind vs. 10b tot 15a aan mekaar. Hierdie groter eenheid moet ook op grond van die voorkoms van die tweede persoon meervoud verbind word met vs. 15b tot d. Vs. 4 tot 6 en vs. 7 tot 10a verbind aan mekaar op grond van die feit dat die toekomstige optrede van JHWH in albei die eenhede gestel word teenoor die optrede van 'n bepaalde groep. Die gebruik van <sup>c</sup>āz<sup>e</sup>bū sonder 'n spesifieke subjek in vs. 10b veronderstel die voorafgaande eenheid en daarom verbind vs. 4 tot 10a met vs. 10b tot 15d. Die verbinding van hierdie groter eenhede met vs. 1 tot 3 berus hoofsaaklik op die heropname van terme soos ryb in vs. 4a (vgl. vs. 1b) en da<sup>c</sup>at (vs. 1c en b) en die feit dat Israel in die tweede persoon aangespreek word in vs. 1 en vs. 15.

## 5. Betekenis

Verskeie kommentatore beskou vs. 1a as 'n redak=

vs.1

sionele toevoeging (bv. Wolff). Die belangrikste argumente wat aangevoer word, is dat die woordgebruik nie tipies Hoseaans is nie en dat die twee sinne of sinnde dele wat direk na mekaar met kī begin, 'n stroewe indruk maak en 'n bewys is van ingryping in die teks. Die eerste argument is oortuigend weerlê deur Van Leeuwen. Die gebruik van kī in twee opeenvolgende versreëls is geen probleem nie aangesien kī in vs. 1b 'n verband lê tussen vs. 1a en b en kī in vs. 1c 'n nuwe grammatikale konstruksie inlei (vgl. Struktuur).

Vs. 1 is gerig tot die Israëliete of burgerlike bevolking. Hulle word opgeroep om te luister na die woord van JHWH aangesien Hy 'n rīb met die inwoners van die land het. Die vraag of rīb hier 'n aanklag vóór 'n regspraak of die regspraak self aandui<sup>3</sup>, kan eers bepaal word nadat die betekenis van vs. 1c tot 3c vasgestel is. Wolff beskou vs. 1c tot 3c as 'n afgeronde oordeelswoord waarin vs. 1c tot 2b die skuldigbevinding en vs. 3 die strafaankondiging of vonnis verteenwoordig.<sup>4</sup> Volgens hierdie standpunt dui rīb in vs. 1b 'n hofspraak aan en nie net 'n aanklag nie. Hierdie uitleg kan egter op formele en inhoudelike gronde betwis word en skep die indruk van geforseerdheid (vgl. Rudolph). Die belangrikste formele argument daarteen is dat dieselfde grammatikale konstruksie in vs. 12b tot 13c voorkom en dat die gebruik van kī en <sup>c</sup>al-ken asook die voorkoms van perfekta ná kī en imperfekta ná <sup>c</sup>al-ken nie noodwendig dui op 'n skuldigbevinding en vonnis nie.

Vs. 1c is 'n kousale sin by vs. 2 (vgl. vs. 6b en c vir 'n soortgelyke konstruksie). Uit vs. 2 is dit duidelik dat 'ēmet, hesed en da<sup>c</sup>at 'ēlōhīm in vs. 1c betrekking het op die verhouding teenoor die medemens. 'ēmet beteken in die konteks absolute betroubaarheid in die optrede teenoor die naaste. hesed is byna 'n sinoniem daarvan en

3. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 774, c.

4. So ook H.J. Boecker, Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament, Neukirchen-Vluyn 1964, bl. 152 vv.

kan goed weergegee word met "verbondstrou" (vgl. 2:21) of selfs "liefde teenoor die medegelowige". da<sup>c</sup>at 'ēlōhim dui die kennis van en positiewe ingesteldheid teenoor die geopenbaarde wil van God aan (vgl. Wolff). Dit sou in hierdie geval met "gehoorsaamheid aan die wil van God" vertaal kon word. In aansluiting by vs. 2 moet hier in die eerste plek aan die gebooe van die dekaloo wat die verhouding met die naaste reël, gedink word.

Die infinitief konstruktus-vorme in vs. 2a is die vs.2 subjekte van pārāšū (Ges-K. par. 113 b). Dit het baie duidelik betrekking op dae wat in die dekaloo verbied word. 'ālō verwys na die misbruik van God se naam in vervloekings van die naaste en kaḥēš na die valsheid in woorde teenoor die naaste (vgl. Van Leeuwen). rāšoah, gānōb en nā'ōf sinspeel duidelik op die sesde, sewende en agste gebooe van die dekaloo (vgl. Eks. 20:13 tot 15). dāmīm verwys na die dae van bloedvergieting waarvoor die doodstraf gegeld het (Wolff). Vs. 1c tot 2b kan soos volg vertaal word:

"Omdat betroubaarheid, liefde en gehoorsaamheid aan God in die land ontbreek, het vervloeking, bedrog en doodslag, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is halsmisdaad aan die orde van die dag."

Omdat die regte gesindheid van waarheid en liefde teenoor mekaar ontbreek en omdat daar by die Israëliete nie die regte gesindheid is met betrekking tot die gebooe van God nie, het sosiale misstande 'n alledaagse verskynsel ge= word in die land.

Vs. 3 beskryf die gevolge van die toestand waar= vs.3 na vs. 2 verwys: Die land verdor en die inwoners kwyn weg. (Die term 'umlal word bv. in I Sam. 2:5 en Jer. 15:9 ook in verband met mense gebruik.) Saam met die inwoners ly ook die diere en voëls onder die geweldige droogte. Die voorsetsel b<sup>e</sup> druk in vs. 3b ge= meenskap uit (vgl. KBL bl. 103, nr. 11). Die visse word ook geraak deur die droogte: yām dui in die konteks

die groter versamelings water in mere en riviere in die binneland aan.<sup>5</sup> Die term 'sf word hier ellipties gebruik en beteken "omkom" (vgl. Jes. 57:1). Die land is dus vasgevang in 'n knellende droogte. Mens en dier ly daar=onder. Selfs die groter waterpoele het só weggedroog dat die visse daarin vrek. Hierdie ramptoestand is die gevolge van die volk se oortreding van die gebooie van JHWH (vs. 2). Die feit dat daar 'n verband gelê word tussen die ongehoorsaamheid van die volk en 'n ramptoe=stand in die land, moet verstaan word teen die agtergrond van die seën- en vervloekingspreuke van die verbond (vgl. bv. Deut. 28:1 vv, 5, 11 tot 18, 24).

Uit vs. 1c tot 3c is dit duidelik dat rīb in vs. 1b nie 'n hofsaak aandui (soos Wolff beweer nie), maar die voor=stadium van 'n hofsaak soos op verskillende ander plekke in die Ou Testament.

Terwyl die woorde van vs. 1 tot 3 bedoel was vir vs.4 die b<sup>e</sup>nē yiśrā'ēl, is vs. 4 tot 6 gerig tot 'n priester. Die betekenis van vs. 4 is omstrede. Die meerderheid van die kommentatore stel wysigings van die teks voor, maar dit berus nie op goeie gronde nie.

Die woord 'ak kan 'n beperkende betekenis hê. In só 'n geval het dit gewoonlik betrekking op 'n enkele woord wat direk daarna volg (vgl. bv. Gen. 34:15; I Sam. 25:21; Jes. 19:11; 45:24; Jer. 5:4). Dit kan ook bevestigend en instemmend gebruik word in die sin van "inder=daad" of "dit is waar". In dié geval staan dit meestal as inleiding tot 'n hele sin (vgl. bv. Jes. 14:15; Jer. 16:19). Dit kan die woorde van 'n spreker inlei wat reageer op die woorde van iemand anders (vgl. Gen. 29:14) en dit word dikwels gevolg deur 'n teenstelling as dit bevestigend gebruik word. (vgl. bv. Ps. 73:1 v.). In ✓Hos. 4:4 het 'ak betrekking op die hele sin en dit moet

5. Vgl. A. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 257 vir 'n soortgelyke gebruik van yām in Mi. 7:12.

daarom bevestigend vertaal word. Die feit dat dit deur 'n teenstelling gevolg word (vs. 4b), wys ook in dieselfde rigting.

yāreḅ het ná vs. 1 tot 3 die betekenis "aankla" en yōkaḅ kan as parallel daarvan weergegee word met "tot verantwoording roep".

Uit die Septuaginta en ander vertalings is dit duidelik dat vs. 4b van die vroegste tye af probleme opgelewer het. Dit is egter nog geen bewys dat die Masoretiese teks korrup is nie en as lectio difficilior behoort dit ongewysig gehandhaaf te word. Die vokalisasie van die masorete kan wel bevraagteken word. Die meeste kommentatore is dit eens dat kōḅen 'n vokatief is. Die lesing m<sup>e</sup>rībē kan dan egter nie meer gehandhaaf word nie en daarom moet mrby anders gevokaliseer word. m<sup>e</sup>rībay pas goed in die konteks. Die hif<sup>c</sup>īl partisipium van ryb beteken klaarblyklik "teenstander in 'n regsak" (vgl. I Sam. 2:10). Die meervoud het dan betrekking op <sup>c</sup>am. Die voorsetsel k<sup>e</sup> by m<sup>e</sup>rībay is nie dittografie soos die meeste kommentatore aanneem nie, maar is 'n voorbeeld van die sogenaamde kaf veritatis (vgl. Ges-K. par. 118 x, KBL bl. 417, nr. 5). Vs. 4 kan dan soos volg vertaal word:

"Dit is waar, 'n mens moet nie sommer iemand anders aankla en tot verantwoording roep nie; maar j<sup>ó</sup>ú mense is my werklike regsopponente, priester." /

Hierna volg in drie konsekutiewe perfekta 'n vs.5 veroordeling van die priester cum suis. Uit die verdere uitbouing in vs. 6 kan afgelei word dat kšl in vs. 5 nie net "struikel" nie, maar "tot 'n val kom" beteken. Die tydsaanduiding hayyōm ("vandag") in vs. 5a word deur die meeste kommentatore vertaal met "oordag". hayyōm het egter nêrens in die Ou Testament hierdie betekenis nie (vgl. Rudolph). Dit dui in 'n profetespreuk blykbaar op die finaliteit van die oordeel wat uitgespreek word (vgl. I Sam. 15:28).

Dieselfde lot wat die priester sal tref, wag ook op die profeet wat blykbaar saam met die priester diens gedoen

het by die heiligdom (vs. 5b, vgl. Weiser). Wolff beskou vs. 5b as 'n latere toevoeging omdat daar volgens hom nie kultusprofete in Israel voorgekom het soos in Juda nie. Hierdie standpunt is onverdedigbaar in die lig van alles wat in I en II Samuel en I en II Konings meegedeel word oor die profete en sogenaamde profeteseuns in Israel. Die betekenis van laylā is nie volkome duidelik nie. In aansluiting by hayyōm beteken dit waarskynlik "vannag".

Die vraag of kōhen in vs. 4b en nābī' in vs. 5b verwys na enkele persone (Weiser en Wolff) en of dit kollektief verstaan moet word (Rudolph, Van Leeuwen) kan nie met sekerheid beantwoord word nie. Die konstante gebruik van die enkelvoud in vs. 4 tot 6 en die verwysing na bānēkā in vs. 6c wys in die rigting van die eerste moontlikheid. Vs. 4 en 5 skep die indruk dat dit die reaksie is van die profeet op 'n teëwerping deur die priester nadat hy in die naam van JHWH die volk aangekla het (vs. 1 tot 3). Die ongewone metrum in vs. 5, die gebruik van 'ak as inleidingswoord, die vokatief en die ongemotiveerde veroordelings aan die begin, kan die beste verklaar word as ons aanneem dat die profeet hier reageer op die woorde van 'n priester (vgl. ook 9:7 tot 9 waar 'n soortgelyke reaksie van die profeet voorkom). Alhoewel dit nie noodsaaklik is vir die verstaan van die teks nie en die uitleg nie op so 'n veronderstelling gebou mag word nie, lyk dit waarskynlik dat die hoofpriester by die heiligdom waar Hosea opgetree het (vs. 1 tot 3), hom daarop gewys het dat hy nie die reg het om die volk aan te kla nie en dat die heiligdom in elk geval oor sy eie profeet of profete beskik. (Vgl. Am. 7:12 vv. vir 'n soortgelyke situasie.) Hierop het Hosea dan waarskynlik gereageer met die veroordeling in vs. 5. Dit is natuurlik vanselfsprekend dat die onderhorige priesters nie heeltemal uitgesluit sou wees by die oordeel wat oor hulle leier uitgespreek is nie (vgl. vs. 4b).

Vs. 5c lewer verskillende probleme op en daar is verskeie voorstelle vir die wysiging van die Masoretiese teks. Die tekskritiese gegewens maak enige wysiging egter ongewens. Die vokalisasie van dmyty kan wel bevraagteken word. Dit is duidelik dat die lesing van die masorete "maar Ek sal wees soos jou moeder", soos in die geval van vs. 4b, 'n poging is om die oordeel oor die priester minder kras te laat klink - iets wat volkome begrypplik is in 'n ánder situasie as dié wat die agtergrond gevorm het vir die optrede van Hosea. wdmyty lê op dieselfde vlak as kšl in vs. 5a en b. Die feit dat dmyty 'n ander subjek het, is nie 'n argument om vs. 5c van vs. 5a en b te skei nie, aangesien JHWH ook die versweë outeur is van die "val" wat in vs. 5a en b beskryf word. Op grond van die konsekutiewe perfektum moet vs. 5c met vs. 5a en b verbind word. Die term dmyty word in vs. 5c transitief gebruik. Dit is waarskynlik die pi<sup>c</sup>el van dmh wat in vs. 6a; 10:7 en 15 in die nif<sup>c</sup>al voorkom met die betekenis "ten gronde gaan" of "vernietig word". Die betekenis "Ek sal vernietig" pas goed ná kšl in vs. 5a en b.

As JHWH by monde van die profeet aan die priester sê "Ek sal jou moeder vernietig", is dit nie heeltemal duidelik wat met "moeder" bedoel word nie. Verandering van die woord na 'ummēkā (Rudolph) is nie goed gemotiveer nie. Dit is ook hoogs onwaarskynlik dat dit verwys na die eie moeder van die priester (so Wolff). Met "moeder" word waarskynlik dié instansie bedoel wat as "beskermheer" vir die veroordeelde priester opgetree het. In die praktyk sou dit neerkom op die owerheid (vgl. bv. 5:1 v.; I Kon. 12:31). Die veroordeling van priester, profeet en die owerheid wat hulle bestaan geborg het, kom neer op die veroordeling van die kultus in sy geheel.

In vs. 6 volg daar 'n verdere veroordeling.

**vs.6**

Vs. 6a sluit formeel aan by vs. 6c, maar inhoudelik by vs. 1c tot 3c. Die volk van JHWH gaan ten gronde weens 'n gebrek aan da<sup>c</sup>at. In vs. 1c is daar gestel dat kennis van JHWH se geboorte en die regte gesindheid

daarteenoor ontbreek. Dit het tot die oortreding van JHWH se gebooie gelei (vs. 2) wat weer die oorsaak was van die droogte in die land (vs. 3). Die "ondergang" van die volk kon dus teruggevoer word na die gebrek aan die kennis van God se gebooie. Dit was een van die belangrikste take van die priester om die volk te onderrig in die gebooie en voorskrifte van JHWH.<sup>6</sup> Die priester was dus in werklikheid verantwoordelik vir die "ondergang" van die volk wat in vs. 2 en 3 beskryf word. Dit dien dan ook as 'n aanklag teen hom (vs. 6a). Die gemotiveerde veroordeling laat geen twyfel daaroor dat dit die priester se taak was om die gebooie van JHWH aan die volk te leer nie (vs. 6b en c).

Die masorete het die voegwoord by 'em'ās<sup>e</sup>kā as 'n gewone koppelwoord beskou in aansluiting by vs. 6c. Dit moet waarskynlik as 'n waw konsekatief gelees word. Die tweede deel van vs. 6b verwys dan terug na vs. 5a (vgl. ook I Sam. 15:23 en 26). Vs. 6c is 'n kousale sin wat sonder herhaling van kī met 'n waw konsekatief verbind word aan 'n voorafgaande kousale sin. Die nasin volg asindeties in die imperfektum. Die uitdrukking tōrat 'ēlōhēkā verwys na die dekalog en ander oorlewering oor JHWH en sy verbond met Israel (vgl. Van Leeuwen). Met bānēkā (vs. 6c) word die priesters wat aan die hoofpriester ondergeskik was, waarskynlik bedoel. Die verwerping en nalating van 'n wesenlike funksie van die priester word deur JHWH gestraf met die beëindiging van die priesterskap. Verder sou die priesters JHWH se hulp moes ontbeer.

Vs. 6b en c kom merkwaardig ooreen met I Sam.

15:23 en 26, waarin JHWH se finale verwerping van Saul aangekondig word. Die finaliteit van hierdie tipe oordeelspreuk blyk onder andere uit die feit dat 'n soortgelyke spreuk by 'n teregstelling van 'n skuldige uitgespreek is (vgl. Jos. 7:25, asook

---

6. Vgl. R. de Vaux, Hoe het oude Israel leefde, Roermond-Maaseik 1962, bl. 230-232.



die bespreking by Van Leeuwen i.v.m. die herhaling van m's en škh in vs. 6b en c).

Vanaf vs. 7 is die woorde van die profeet nie vs.7 meer gerig tot die priesters nie, maar na alle waar=skynlikheid tot die volk (vgl. vs. 13c tot 14c), alhoewel dit nog oor die priesters gaan. Die oorgang na die meer=voud in vs. 7 hang waarskynlik saam met die verwysing na bānēkā in vs. 6c.

Die toename in die priestertal het gelei tot 'n eweredige toename in die sonde teen JHWH. Die term ḥṭ' was feitlik 'n standaardterm waarmee 'n veroordeelde sy skuld erken het ná sy skuldigbevinding en vonnis<sup>7</sup> (vgl. o.a. I Sam. 15:24 en 30; II Sam. 12:13). Hier word ḥṭ' egter nie deur die veroordeeldes opgeneem nie, maar deur die Regter in 'n verdere veroordeling van die skuldiges. JHWH sal op die sonde van die priesters reageer deur hulle eer in skande te verander. Dit kom neer op 'n totale omkering van hulle posisie. Die term k<sup>e</sup>bōdām is waarskynlik nie net ter wille van klankassosiasie met k<sup>e</sup>rubbām gekies nie - daar is ook 'n inhoudelike verband tussen "'n groot hoeveelheid" of "floereer" (rbb) aan die een kant en "aansien" of "oorvloed" (kābōd) aan die ander kant (vgl. 9:11).

Die trefwoord ḥṭ' word in vs. 8 weer opgeneem vs.8 in 'n verdere uitbouing en beskrywing van die skuld van die priesters. Die term ḥaṭṭā't word in vs. 8 dubbelsinnig gebruik in die sin van "sonde" en "sond=offer" (vgl. Lev. 6:24 vv.). Die sonde van die volk wat deur priesterlike bemiddeling versoen moes word, het vir die priesters in 'n sekere sin voordeel ingehou omdat hulle 'n deel van die offervleis gekry het (vgl. Lev. 10:17). Hierdie reëling is egter deur die priesters misbruik sodat hulle op die sonde van die volk van JHWH geteer het ('kl) en na hulle oortreding verlang het. (Vgl. Ges-K. par. 145 m vir die enkelvoudige suffiks aan

---

7. Vgl. H.J. Boecker, a.w., bl. 112-114.

nefeš.) Dit was 'n geval van "hoe meer sonde, hoe meer te ete". Die hele toestand het 'n bese kringloop geword: Die priesters laat die onderrig van God se wet na (vs. 6b en c). Dit lei tot 'n gebrek aan kennis by die volk (vs. 1c en 6a), wat weer tot uitdrukking kom in hulle oortreding van God se gebooe (vs. 2). Dit gee weer aanleiding tot die droogtetoestand (vs. 3). In 'n nood-situasie is daar vanselfsprekend meer offers gebring waaruit die priesters groter voordeel getrek het (vs. 8).

Vs. 9a en b word deur die meeste kommentatore vs.9 verplaas (bv. Van Leeuwen), of as 'n latere byvoeging beskou (bv. Wolff). In ander gevalle word daar veronderstel dat 'n hemistige uitgeval het (vgl. die kritiese apparaat in BHK). Al hierdie voorstelle tot verbetering van die teks berus op willekeur en is in werklikheid geen verbetering nie. Soos die konsektiewe perfektum aandui, behoort vs. 9a by vs. 9b. Dit vorm deel van JHWH se reaksie op die sonde van die priesters (vs. 8, vgl. ook dieselfde struktuur van optrede/ reaksie by vs. 7). Die feit dat JHWH nie as grammatikale subjek in vs. 9a voorkom nie, maak geen verskil nie, aangesien Hy (soos by vs. 5a en b) die versweë outeur is van die gebeure in vs. 9a. Suiwer grammatikaal geoordeel, kan vs. 9a op twee maniere vertaal word: "Dit sal met die volk gaan soos dit met die priester gaan", of "dit sal met die priester gaan soos dit met die volk gaan" (vgl. Wolff). Die konteks maak die laaste moontlikheid die waarskynlikste: Vanaf vs. 4 gaan dit oor die priesters. Hulle is ook die subjek in vs. 8; daarom is dit logies dat hulle ook die psigo-logiese subjek sal wees van die vergelyking in vs. 9a. Uit die gebruik van die meervoud in vs. 10 is dit duidelik dat kōhen in hierdie geval bedoel is as 'n kollektiewe enkelvoud.

Maar wat bedoel die profeet as hy in naam van JHWH sê dat dit met die priesters sal gaan soos met die volk? In die voorafgaande word dit duidelik gestel dat die

volk wegwyn (vs. 3a) en ten gronde gaan (vs. 6a). Daar= teenoor het die priesters blykbaar gefloreer (vs. 7 en 8) en voordeel getrek uit die nood van die volk. As daar dan gesê word dat dit met hulle sal gaan soos met die volk, beteken dit dat hulle teëspoed gaan ervaar. Vs. 9b maak dit duidelik dat hierdie omkering van voorspoed in mis= lukking niks anders sal wees as JHWH se regverdige vergelding vir hulle eie daede nie.

Die waw kopulatief aan die begin van vs. 10 het vs.10 dieselfde funksie as die waw kopulatief wat dikwels ná die sogenaamde verba cordis voorkom en die oratio obliqua inlei. Dit kan dus vir alle praktiese redes met 'n dubbelpunt weergegee word. Uit die konteks is dit nie duidelik of die perfekta in vs. 10a met die verlede tyd vertaal moet word (d.w.s. hulle het geëet maar sal nie versadig word nie") en of dit bedoel is as futurum exactum-vorme in voorwaardesinne nie (d.w.s. "al sou hulle ook eet, hulle sal nie versadig word nie ..."). Die eerste moontlikheid is die waarskynlikste (vgl. vs. 10 vv.).

Die term 'kl wat in vs. 8 gebruik is om die optrede van die priesters te beskryf, word weer opgeneem, maar volgens vs. 10 is hierdie aktiwiteit van die priesters tot mislukking gedoem (lō' yisb<sup>ec</sup>ū). Die gedagte van gemeenskap wat deur die offer tot stand gebring is<sup>8</sup>, spreek waarskynlik ook mee in vs. 10a: Die priesters sal tevergeefs probeer om die band met God te versterk. Die hif<sup>c</sup>īl hiznū word deur sommige kommentatore verander na 'n gal-vorm (yiznū of wayyiznū). Dit is egter onnodig, aangesien hiznū 'n inwendig transitiewe vorm kan wees met 'n intensiewe konnotasie (Ges-K. par. 53d). Die hoerery van die priesters waarna verwys word (vgl. ook vs. 10b tot 12c en vs. 14b), was 'n belangrike element van die vrugbaarheidskultus. Deur die gewyde prostitusie is die bevrugting van die aarde (of moedergodin) deur die

8. Vgl. R. de Vaux, a.w., bl. 382.

vrugbaarheidsgod, ritueel afgebeeld, met die verwagting dat die algemene vrugbaarheid van mens, dier en grond daardeur bestendig sou word en die koms van die reën daardeur verhaas sou word. Dit is logies om te veronderstel dat 'n droogtetoestand (vs. 3) die gewyde prostitusie sou laat toeneem. Maar ook hierdie optrede van die priesters was tot mislukking gedoem aangesien die teendeel van wat hulle beoog het, sou intree (w<sup>e</sup>lo' yifrōšū).

Vs. 10a is geformuleer in die styl van die sogenaamde Wirkungslosigkeitssprüche waarmee verbondsoortreders bedreig is.<sup>9</sup> Die priesters staan gebrandmerk as oortreders van die verbond wie se aktiwiteite tot algehele mislukking gedoem is.

Vs. 7 tot 10a beskryf, met gebruikmaking van teenstellings, die sonde van die priesters en die oordeel van JHWH oor hulle. Deur die teenstellings word beklemtoon dat JHWH hulle huidige aansien en posisie sal omkeer in die teendeel. Dit is waarskynlik nie toevallig dat die eerste en laaste woorde van die eenheid k<sup>e</sup>rubbām en lō' yifrōšū, ook inhoudelik teenoor mekaar staan nie. (Vgl. ook die gebruik van 'attā en 'ānī in vs. 6b en c.)

Vs. 10b word (sover ek kon vasstel) deur vs.10b-12a al die kommentatore by vs. 10a betrek. Die volgende besware kan teen só 'n groepering ingebring word:

- i. Vs. 10a is 'n afgeronde spreuk waarvan die motiveering in die voorafgaande ingebou is (vs. 8) en wat geen verdere motivering nodig het nie.
- ii. Deur vs. 10b aan vs. 10a te verbind, word die afgeronde struktuur van vs. 7 tot 10a en van vs. 10b tot 13c versteur.

---

9. Vgl. A.S. van der Woude, a.w., bl. 231 v.

Die grammatikale konstruksie van vs. 10b tot 12a en ook vs. 12b tot 13b is byna dieselfde as dié van vs. 6b en c: kī lei 'n kousale sin in wat sonder herhaling van kī uitgebrei word (vs. 11b en 12c); daarna volg die nasin asindeties in die imperfektum. Die posisie van die werkwoorde in vs. 12a en 13a kom ooreen met die posisie van die werkwoorde in die nasin van die kousale sin in vs. 1c tot 2b.

√ Die kommentatore is daarvan oortuig dat vs. 10b tot 13c oor die volk handel. Hierdie standpunt word gegrond op die misstande van die volk waarna vs. 12a pertinent sou verwys (vgl. egter die uitleg van vs. 12). As ons slegs formele faktore in ag neem, is die hooffigure oor wie dit in vs. 10b tot 13c gaan, nog steeds die priesters. Dit kan afgelei word uit die feit dat die eenheid begin met 'n onbepaalde subjek. "Hulle" (<sup>c</sup>āz<sup>e</sup>bū) is dus diegene wat in die voorafgaande ook subjek was. Dit word bevestig deur die onderskeid wat daar in vs. 14 tussen "hulle" (kī hēm) en "julle", naamlik die volk (vgl. vs. 15b v.) gemaak word. Die feit dat <sup>c</sup>ammī subjek is in vs. 12a, is geen argument daarteen nie, aangesien die volk ook as subjek figureer in 'n aanklag teen die priester in vs. 6a.

Vs. 10b sluit formeel en inhoudelik aan by die voorafgaande: Die teenstellings word gedeeltelik voortgesit (vgl. yhwh/z<sup>e</sup>nūt) en die motief van hoerery wat in vs. 10a voorgekom het word weer opgeneem. In plaas van JHWH aan te hang en sý wil uit te voer, het die priesters hulle toegelê op die beoefening van die vrugbaarheids=rites (vs. 11a).

Die terme yayin en tīrōš dui albei alkoholiese drank aan wat van druiwe afkomstig is en die twee woorde kan vir alle praktiese redes as sinonieme beskou word. yayin w<sup>e</sup>tīrōš is dan 'n hendiadis wat waarskynlik ter wille van beklemtoning gebruik word. Deur die (oormatige) gebruik van drank is die priesters se verstand benewel.

Drank en veral nuwe wyn het 'n belangrike rol

gespeel in die Kanaänitiese vrugbaarheidskultus.<sup>10</sup> Die invloed van die baaldiens het blykbaar ook die oormatige gebruik van wyn in die kultusbeoefening van Israel laat posvat.<sup>11</sup> Dit verklaar waarom na z<sup>e</sup>nūt, as aanduiding van die vrugbaarheidsrites, en na die misbruik van drank in die selfde konteks verwys word in vs. 10b tot 11b.

Dit is nie heeltemal duidelik wat met c<sub>e</sub>ṣ en maqṣel bedoel word in vs. 12a nie (vgl. Wolff vir die verskillende moontlikhede). In die verband van vs. 10b tot 12a verwys dit waarskynlik na "private" orakelpraktyke: Omdat die priesters so besig is met die vrugbaarheidsrites en so benewel is deur die drank dat hulle nie goddelike leiding aan die volk kan gee nie, moet die volk maar met hulle eie metodes goddelike inligting probeer verkry (vgl. die suffikse aan c<sub>e</sub>ṣ en maqṣel). c<sub>e</sub>ṣ verwys waarskynlik na die gebruik van houtbeeldjies soos die t<sup>e</sup>rāfīm (vgl. 3:4; II Kon. 23:24; I Sam. 19:13 vv.) en maqṣel na die persoonlike staf wat gebruik is in orakelgewing (die sogenaamde "raddomantiek", vgl. Van Leeuwen). Die tema van vs. 6, naamlik die versuim om JHWH se wil aan die volk bekend te maak, vorm dus ook die basiese aanklag by vs. 10b tot 12a.

Dit is opvallend dat c<sub>a</sub>mmī in vs. 1 tot 15 telkens gebruik word in beskuldigings teen die priesters (vgl. vs. 6, 8 en 12). Wanneer na die volk verwys word buite 'n beskuldigende verband, word c<sub>a</sub>m sonder die suffiks gebruik (vgl. vs. 9a en 14c). c<sub>a</sub>mmī druk in hierdie perikoop blykbaar toegeneentheid en deernis uit, sodat die skuld van die priesters nog skerper na vore kom.

Vs. 12b tot 13b is op dieselfde wyse as vs. vs.12b-13b 10b tot 12a gestruktureer, maar ten opsigte van die inhoud lê dit nader aan vs. 7 tot 10a. Dit gaan naamlik

10. Vgl. J.C. de Moor, New Year with Canaanites and Israelites, Kampen 1972, deel I, bl. 6.

11. Vgl. J.C. de Moor, a.w., bl. 16.

oor die kultiese wanpraktyke van die priesters. Dit is ook duidelik dat die terminologie van vs. 12b en c terugspeel op sake wat vooraf reeds aan die orde was (vgl. vs. 12b en c met vs. 10a tot 11a; vgl. ook 'ēlōhēhem met 'ēlōhēkā in vs. 6c).

Die aanvoeging van 'n suffiks by hit<sup>c</sup>ā (vgl. die kritiese apparaat in BHK) is onnodig aangesien die objek daarvan uit die verband aangevul kan word. Deur te vertaal "dit het hulle mislei" het die Siriese vertaling, Targum en Vulgaat dus die bedoeling van die Masoretiese teks korrek weergegee. Dit is egter geen bewys dat 'n suffiks in die teks ingevoeg moet word nie (vgl. die Septuaginta).

Die hoergees wat die priesters mislei het (vs. 12b) en die feit dat hulle heidense praktyke hulle van JHWH verwyder het (vs. 12c), was die dryfkrag agter hulle diens op die hoogtes (vs. 13). Anders gestel: Die oorvloedige kultusbeoefening (vs. 13) was nie 'n bewys van die priesters se vroomheid en toewyding aan JHWH nie; dit was juis 'n bewys van hulle slegte gesindheid en afval (vs. 12b en c). Alhoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, impliseer die verband waarin vs. 13 staan dat die hoogtediens wat so ywerig beoefen is (vgl. die intensiewe vorme y<sup>e</sup>zabb<sup>e</sup>hū en y<sup>e</sup>qatt<sup>e</sup>rū), ten sterkste afgekeur word.

Vs. 13c dui die konsekwensies aan wat die son=vs.13c dige optrede van die priesters vir die volk het: Die toestand wat in vs. 10b tot 13b beskryf is, lei daartoe dat die volk ook op die hoogtes hoereer en egbreuk pleeg (vs. 13c). Uit vs. 14a is dit duidelik dat vs. 13c nié in die eerste plek bedoel is as 'n verwyteen die familiehoofde nie (so Van Leeuwen) maar dat dit bedoel is om 'n betreurenswaardige feit te konstateer waarvan die oorsaak by die voorafgaande lê (vgl. al-ken<sup>c</sup>). Uit die gebruik van n'f is dit óók duidelik dat dit nié hier gaan oor 'n inisiasierite nie (so Wolff), maar oor die aktiewe deelname van ongetroude en getroude lede van die volk aan die vrugbaarheidsrites. Uit die

feit dat die vroue alleen genoem word, kan daar ook nie gekonkludeer word dat die mans nie aan die vrugbaarheidskultus deelgeneem het nie (vgl. vs. 15b tot d). Die woordkeuse is waarskynlik gemotiveer deur 'n begeerte om die hoorders (die familiehoofde?) gunstig te stem met die oog op die positiewe reaksie wat van hulle verwag word (vs. 15b v.).

Omdat die priesters primêr verantwoordelik vs.14a-15a gehou word vir die verkeerde dade van die volk, sal JHWH nie die volk wat aan die vrugbaarheidskultus deelneem, oordeel nie (vs. 14a en b). Die gebruik en posisie van die voornaamwoord hem in vs. 14c gee deiktiese krag daaraan. Dit verwys terug na persone wat reeds voorheen genoem is (Ges-K. par. 136 a). Dit is dan ook die beste om dit in vertaling met "hulle daar" weer te gee (Van Leeuwen en Wolff). Daarmee word die priesters uitgewys. Dit kan nie alleen afgelei word uit die gebruik van die derde persoon manlik meervoud nie (vgl. vs. 7 tot 13c), maar word ook bevestig deur die feit dat die handeling wat in vs. 14b beskryf word, klop met wat vroeër oor die priesters gesê is (vgl. vs. 14c met vs. 10a, 10b tot 11a, 12b en c; verder ook y<sup>e</sup>zabb<sup>e</sup>hū in vs. 14c met y<sup>e</sup>zabb<sup>e</sup>hū in vs. 13a).

Daar is drie betekenisnuanses moontlik vir hazzonōt in vs. 14b:

- i. Dit kan vroue aandui wat 'n vaste funksie vervul het in die vrugbaarheidskultus.<sup>12</sup>
- ii. Dit kan die profeet se spottende verwysing na die gewyde vroue wees (d.w.s. hulle is identies met die q<sup>e</sup>dęšōt).
- iii. Dit kan terugverwys na die lede van die volk wat deelneem aan die vrugbaarheidsrites (vgl. vs. 13d).

Die trant waarin Hosea oor die priesters se optrede praat,

---

12. Vgl. B.A. Brooks, Fertility cult functionaries in the Old Testament, art. in JBL 60 (1941), bl. 236-239.



maak die tweede moontlikheid die waarskynlikste.

Vs. 14d en 15a lewer verskillende vrae op:

- i. Wat is die funksie van die voegwoord wat hierdie versreël met die voorafgaande verbind?
- ii. Na wie verwys <sup>c</sup>ām lō'-yābīn?
- iii. Wie of wat is die zōnā (vgl. Tekskritiek) waarna vs. 15a verwys?

Hierdie vrae hang vanselfsprekend met mekaar saam.

- i. Vs. 14d word deur die meeste kommentatore vertaal met "só kom die volk wat nie verstand het nie tot 'n val". Dit is egter 'n vraag of w<sup>e</sup> dieselfde funksie kan hê as ken. As in ag geneem word dat vs. 14d verbind met vs. 14a tot c, dan het die voeg= woord hier waarskynlik 'n adversatiewe betekenis. Daar is talle voorbeelde van waw kopulatief wat ná 'n voorafgaande negatief (vgl. lō' 'efqōd) 'n adversatiewe betekenis het (Ges-K. par. 163 a). Dit pas beslis die beste in die konteks. Vs. 14a is dan in 'n sekere sin voorwaardelik: "Ek sal julle dogters nie straf vir die feit dat hulle hoereer en julle skoondogters vir die feit dat hulle egbreuk pleeg nie, want daardie priesters paar af met die hoere en offer saam met die tempelprostitute. Máár, ..."
- ii. Die kommentatore is eenstemmig daarvoor dat lō'-yābīn 'n asidentiese relatiewe sin is by <sup>c</sup>ām (d.w.s. "die volk wat nie ..."). Rudolph meen dit gaan hier oor die jonger lede van die volk. In die lig van vs. 15b tot d is dit totaal onwaarskynlik. (Rudolph beskou vs. 15 as 'n glosse!) Die moont= likheid dat hier 'n terugverwysing is na die volk wat sonder kennis is (vgl. vs. 1c en 6a - so Wolff en Van Leeuwen), is ook uitgesluit in die lig daar= van dat daar dan 'n teëspraak sou wees tussen vs. 14a en vs. 14d. Dit is ondenkbaar dat JHWH sê Hy

sal die volk nié vir hulle daade vergeld nie, maar dat hulle tóg tot 'n val sal kom. Verder kan die moontlikheid dat die manne tot 'n val sal kom, maar dat die vroue daarby uitgesluit is, heeltemal buite rekening gelaat word.

Op grond van hierdie oorwegings is dit die beste om yābīn in vs. 14d te vertolk as 'n gal imperfektum van byn wat absoluut gebruik word (vgl. Ps. 94:7v.) in die sin van "begrip toon" of "(dit) ter harte neem". Dit pas goed in die konteks: JHWH verkondig by monde van die profeet aan die volk dat Hy nie hulle verkeerde daade sal vergeld nie omdat die priesters eintlik verantwoordelik is daarvoor, maar terselfdertyd waarsku Hy ook dat diegene wat nie ag slaan op sy woorde nie, tot 'n val sal kom. Vs. 14d berei dan die oproep in vs. 15b tot d voor.

- iii. Wie of wat is die zōnā na wie daar verwys word in vs. 15a? Vroulike partisipia wat as substantiewe gebruik word, funksioneer dikwels as kollektiewe aanduiding van 'n groep persone wat ook mans kan insluit (vgl. Ges-K. par. 122 s). Hierdie betekenis pas besonder goed ná vs. 14c. Dit verwys na die priesters en prostitute en kan vertaal word met "die klomp hoere". Dit is wel opvallend dat daar 'n lidwoord ontbreek by zōnā. Poëtiese oorwegings, soos die spreekwoordagtige trant van vs. 14d en 15a kan moontlik die rede wees daarvoor. Dit kan selfs ook 'n geval wees van "onbepaaldheid ter wille van beklemtoning" (vgl. Ges-K. par. 125 c).

Vs. 14d en 15a waarsku dus dat diegene wat nie ag slaan op die woorde van die profeet nie, saam met die veroordeelde kultuspersoneel vernietig sal word.

Ná die waarskuwing in vs. 14d en 15a is die op= vs.15b-d roep in vs. 15b tot d geen verrassing nie. Israel (d.w.s. die volk) word dringend vermaan om sekere dinge nie te doen nie. Die naam Juda is na alle waarskynlikheid

'n invoeging in die teks: Daar is géén verwysing na Juda in vs. 1 tot 14 nie en die gebruik van die naam in vs. 15 sou impliseer dat die heiligdomme van Israel veroordeel word maar nie dié van Juda nie. (Vgl. daarteenoor bv. Am. 5:5.) Dit is 'n gedagte wat beslis vreemd is in die boek Hosea en daarom kan die naam Juda in vs. 15 beskou word as 'n byvoeging deur 'n Judese redaktor wat die profesie vir sy lesers wou aktualiseer (vgl. ook Tekskritiek).

Die term 'šm word in die Ou Testament en veral ook in die boek Hosea met verskillende betekenis gebruik (vgl. bv. 5:15; 10:2; 13:1; 14:1). Uit die voorkoms en gebruik daarvan in die Ou Testament kan afgelei word dat dit meestal 'n kultiese agtergrond het. Die betekenisveld van 'šm het twee swaartepunte:<sup>13</sup>

- i. 'n Skuldelaas op jouself laai, dit wil sê "skuldig word" of "- wees".
- ii. 'n Skuldelaas boet of probeer vergoed, onder andere deur die bring van 'n offer en gepaardgaande skuld=belydenis.

Die betekenis moontlikhede van 'šm kan vergelyk word met dié van ḥṭ' wat "sondig" (gal) of "sonde versoen" (pi<sup>c</sup>el) kan beteken. Terwyl ḥṭ' egter die klem meer lê op die oortreding as sodanig, is die klem by 'šm op die gevolge (nl. die skuldverpligting) wat dit meebring.

In vs. 15b kan ons nie met sekerheid sê watter nuanse 'šm het nie. Indien die bedoeling is dat Israel nie sy skuld moet probeer vergoed met offers nie, dan is vs. 15b sino=niem parallel aan vs. 15c en d. Dit is egter meer waarskynlik dat 'šm die nuanse het van "skuld op jouself laai". In dié geval is vs. 15b die inleiding van die spreuk en gee vs. 15c en d dan konkrete inhoud aan 'šm in vs. 15b. Dit pas die beste in die konteks: Israel word gewaarsku om hulself nie skuldig te maak nie; dit beteken dat hulle

---

13. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 252 vv.

moes wegbly van die heiligdomme waar die kultiese personeel hulle onheilige praktyke beoefen het.

Die terme bw' en clh dui in vs. 15 die besoek by of bedevaart na 'n heiligdom aan. Gilgal en Bet-el (hier genoem Bet-awen, vgl. die bespreking by Van Leeuwen) was twee van die belangrikste heiligdomme in die sentrale deel van die land. Vs. 15d word deur sommige geleerdes in verband gebring met die vrugbaarheidskultus.<sup>14</sup> Die uitdrukking hay-yhwh sou volgens dié standpunt 'n kultiese formule wees waarmee die koms van die reënseisoen in die herfs begroet is. Dit sou 'n goeie afsluiting kon wees vir 'n perikoop wat 'n geweldige droogte as agtergrond het (vs. 1 tot 3). Só 'n benadering gaan egter van die veronderstelling uit dat die sinkretisme in Israel sulke afmetings aangeneem het dat JHWH ook beskou is as 'n God wat, gebonde aan die siklus van die seisoene, sterf en ontwaak. Alhoewel die rituele beoefening van die hieros gamos (vs. 10 tot 14) bewys is daarvan dat die vrugbaarheidskultus baie sterk inslag gevind het in Israel en dat die moontlikheid bestaan dat JHWH óók as 'n vrugbaarheidsgod vereer is (vgl. bv. 2:18), is daar géén aanduiding in die Ou Testament dat die sikliese sterwe en ontwaking van die vrugbaarheidsgod ook op JHWH van toepassing gemaak is nie. Op grond hiervan is die moontlikheid van 'n formule wat oorgeneem is van die vrugbaarheidskultus, by vs. 15d uitgesluit.

Aan die ander kant is dit net so onwaarskynlik dat die profeet die aflegging van 'n eed in die naam van JHWH as verbode geag het (vgl. Deut. 6:13; 10:20). Die verband waarin vs. 15d staan, dui daarop dat dit hier gaan oor eedswering by die kultus, byvoorbeeld wanneer die heilige grond betree word (Ps. 24:4?) of wanneer 'n belydenis by die heiligdom uitgespreek word (vgl. Wolff). Die verbod op die uitspraak van só 'n formule beteken dan prakties

---

14. Vgl. G. Widengren, Sakrales Königtum im Alten Testament und im Judentum, Stuttgart 1955, bl. 69 v.

die verbod op die deelname aan enige kultiese bedrywighede. Ná die oopvlekking van die kultiese personeel se sondes is dit volkome begrypplik. Dit klop ook met die profesie in 3:4.

Die perikoop begin met 'n aanklag teen die volk. Hulle word verwytdat hulle vanweë 'n verkeerde gesindheid die gebooi van JHWH oortree. Hierdie ongehoorsaamheid teenoor die Verbondsgod word voorgedhou as die oorsaak van die geweldige droogte wat die land teister. By vs. 4 is daar 'n onverwagte wending wanneer 'n priester (klaarblyklik as verteenwoordiger van 'n groep) veroordeel word en verantwoordelik gehou word vir die situasie waarin die volk hulle bevind. Die oordele teen die priesters word verder uitgebou en dit word duidelik gestel dat daar 'n radikale verandering in hulle posisie gaan intree. Die ywer wat die priesters aan die dag lê in die beoefening van die vrugbaarheidskultus word aangevoer as die rede vir die hoerery van die volk by die heiligdomme. Die volk word dan ook ernstig gewaarsku om deelname aan die kultiese bedrywighede te staak omdat JHWH die beoefenaars van die verwerde kultus gaan oordeel. Die trant van die perikoop is deurgaans dat die volk nie veroordeel word nie, maar slegs gewaarsku word, terwyl die kultuspersoneel ondubbelsinnig die oordeel van JHWH aangesê word.

## 6. Vertaling

- 1 Luister na die woord van JHWH, Israeliëte,  
want JHWH het 'n aanklag teen die inwoners van  
die land:  
Omdat betroubaarheid, liefde en gehoorsaamheid  
aan die wil van God in die land ontbreek,
- 2 het vervloeking, valsheid en doodslag,  
diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem  
en is halsmisdad aan die orde van die dag.
- 3 Dit is die rede waarom die land verdor  
en al die inwoners swaarkry saam met die wilde  
diere en die voëls;  
selfs die visse in die mere en riviere vrek.
- 4 Dit is waar, iemand moet nie sommer 'n ander

- aankla en tot verantwoording roep nie,  
maar jǒú medestanders is beslis my regsopponente,  
priester!
- 5 Jy sal vandag tot 'n val kom  
en die profeet sal vannag saam met jou tot 'n  
val kom  
en Ek gaan dié wat jou bestaan borg, vernietig.
- 6 My volk gaan te gronde omdat hulle nie die regte  
onderrig ontvang nie.  
Omdat jy jou onderrigtaak verwerp het, het Ek  
jou verwerp as my priester;  
omdat jy die bevele van jou God vergeet het,  
vergeet Ek jou onderhoriges!
- 7 Hoe meer die priesters geword het, hoe meer het  
hulle teen My gesondig.  
Ek sal die aansien wat hulle geniet, in vernedering  
verander!
- 8 Hulle teer op die sonde van my volk, ja hulle wens  
dat hulle meer moet sondig!
- 9 Maar dit sal met die priesters gaan soos dit nou  
met die volk gaan.  
Ek sal die priesters straf vir wat hulle gedoen het  
en hulle vergeld vir hulle dade:
- 10 Hulle het aan die offermaaltye deelgeneem, maar  
dit sal vir hulle geen waarde hê nie;  
hulle het aan die kultiese hoerery deelgeneem,  
maar dit sal nie hulle vrugbaarheid verhoog nie!
- Omdat hulle JHWH verlaat het
- 11 om hulle toe te lê op die vrugbaarheidsrites  
en omdat wyn en drank hulle verstand benewel het,  
12 moet my volk hom op hout verlaat vir goddelike  
leiding  
en 'n stok moet aan hom die onbekende openbaar!  
Omdat 'n hoergees hulle beetgepak het en hulle  
weggehoereer het van hulle God af,
- 13 offer hulle ywerig op die bergtoppe  
en bring reukoffers op die heuwels  
- onder al die groot bome waar daar lekker  
koelte is!  
Dit is die rede waarom julle dogters hoereer en  
julle skoondogters egbreuk pleeg!
- 14 Ek sal julle dogters nie hierdie keer straf oor  
hulle hoereer en julle skoondogters oor hulle  
egbreuk pleeg nie,  
want daardie priesters stel die voorbeeld deur af te  
paar met die hoere  
en te offer saam met die tempelprostitute;  
maar dié wat my waarskuwing nie ter harte neem  
nie, sal saam met
- 15 die klomp hoere vernietig word.  
Luister Israel! Moenie jouself in die skuld dompel  
nie! (Dit geld ook vir Juda.)  
Moenie die heiligdom by Gilgal besoek nie  
en moenie 'n pelgrimstog na Bet-awen onderneem nie  
en moenie by enige heiligdom 'n eed aflê in die  
naam van JHWH nie!

## 7. Agtergrond

Die agtergrond van die perikoop is 'n groot droogte wat die land geteister het en 'n toename in die vrugbaarheidsrites tot gevolg gehad het. Dit kan ook met redelike sekerheid aanvaar word dat die perikoop die optrede van die profeet by 'n heiligdom waar die vrugbaarheidsrites aan die gang was, weerspieël (vgl. die uitleg van vs. 4 vv.; vs. 14c). Dit kon moontlik by Gilgal of Bet-el gebeur het (vgl. vs. 15c).

Die datering van die gebeure is moeiliker. Op grond van die klaarblyklike afwesigheid van enige buitelandse bedreiging of binnelandse politieke onrus, moet dit waarskynlik in die tyd van Jerobeam II gedateer word (so ook Wolff). Dit sou ook selfs ná hom, maar in die tyd vóór die Siro-Efraimitiese optrede teen Juda en gevolglike ingryping van Assirië gedateer kon word.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Alhoewel die priesters en kultuspersoneel vir die eerste keer in hoofstuk 4 uitdruklik veroordeel word, is daar tog opvallende inhoudelike ooreenkomste tussen 4:1 tot 15 en die voorafgaande perikope: Een van die sentrale temas in 4:4 tot 15, naamlik dat die kultus ontaard het vanweë die feit dat dit in werklikheid 'n vrugbaarheidskultus geword het, kom ook prominent na vore in 1:2; 2:4 tot 15, 18 v.; 3:1 vv. Die gedagte dat daar hoop was vir die volk as hulle losgemaak word van die verwerde kultus (vgl. 3:4), vind 'n toepassing in 4:15 wanneer hulle opgeroep word om die heiligdomme en deelname aan die kultus te vermy. Die feit dat die optrede van die volk beskuldigend afgekeur word (4:1 tot 3) en dat hulle gewaarsku word (vs. 14d en 15a), maar nie pertinent veroordeel word nie, weerspieël in 'n hoër mate dieselfde uitgangspunt as die heilsprofesieë in die voorafgaande perikope waarvolgens JHWH die volk nie sal verwerp nie.

4:16-19

1. Afgrensing

Die perikoop is formeel van die voorafgaande geskei deur die oorgang van tweede na derde persoon; maar dit is ook inhoudelik geskei vanweë die dreigende en veroordeelende toon teen Israel in vs. 16 v., teenoor die waarskuwende toon in die voorafgaande verse. Die oproep wat gerig is tot die priesters en politieke leiers in 5:1, dui die begin van 'n nuwe perikoop aan.

2. Tekskritiek

Al die kommentatore is dit eens dat daar in vs. 16 tot 19 in 'n mindere of meerdere mate tekskorrupsie voorkom. Teenoor die bedenkinge oor die korrektheid van die Masoretiese teks moet egter gestel word dat daar, behalwe moontlik in één geval, nie voldoende tekskritiese gronde bestaan om verandering aan die Masoretiese teks aan te bring nie. Uit die vertalings is dit wel duidelik dat daar van die vroegste tye af onsekerheid bestaan het oor die vokalisering en betekenis van veral vs. 17 en 18. Om die stelling oor die Masoretiese teks te substansieer, is dit nodig om kortliks die belangrikste tekskritiese gegewens in verband met vs. 17 tot 19 te evalueer.

- i. Vs. 17b en 18a: Die woorde hnh lw in die Masoretiese teks word deur die belangrikste teksgetuies gesteun. Die byvoeging in die Septuaginta (nl. skandala) kan verklaar word as 'n veronderstelling van die vertalers dat Āšabbīm (vs. 17a) ook die versweë objek van hnh lw is (vgl. Rudolph). Vs. 18a word ook deur die vertalings gesteun. Selfs die skynbaar afwykende weergawe van die Septuaginta veronderstel die Masoretiese teks indien ons aanneem dat daar 'n skryffout in die Grieks ingesluip het met die vertaling van sr (vgl. Rudolph) en ons verder aanneem



dat sb'm anders gelees is as wat die masorete dit gevokaliseer het.<sup>1</sup> Die lesing śr in plaas van sr in die Targum en by Aquila kan verklaar word as 'n ortografiese verskil en veronderstel nie noodwendig 'n ander teks nie.

- ii. By vs. 18c is dit moeilik om te bepaal of 'hbw hbw n dittografiese skryffout is vir 'hbw (vgl. die Septuaginta); of dit 'n skryffout is vir 'hb 'hbw (vgl. Symmachus) en of ons hier te doen het met 'n andersins onbekende woord hbw (vgl. Van Leeuwen). Die laaste moontlikheid is die waarskynlikste en word as uitgangspunt geneem by die eksegeese (vgl. verder onder Betekenis). mgnyh in vs. 18c word deur die Septuaginta vertaal met phruagmatos autēs. Dit kan moontlik mg'nh veronderstel, maar dit is meer waarskynlik 'n verleentheidsvertaling wat beïnvloed is deur qālōn (d.w.s. "trots" of "majesteit" teenoor "skande"). Die Masoretiese teks verdien in hierdie geval as lectio difficilior die voorkeur. Wat wel belangrik is, is dat die oënskynlik onverklaarbare derde persoon vroulik enkelvoudige suffiks van die Masoretiese teks ook in die belangrikste kodekse voorkom. Dit kan dus nie sonder meer verontagsaam of verander word soos die meeste eksegete wel doen nie.
- iii. Dieselfde geld ook vir die nota accusativi met die suffiks van die derde persoon vroulik enkelvoud in vs. 19a. Die Septuaginta vertaal die woord met su ei, wat 'n weergawe is van 'th in Hebreeus. 'th is waarskynlik net 'n defektiewe skryfwyse vir 'ōtāh sodat die Masoretiese teks ook in hierdie geval onveranderd gehandhaaf moet word.
- iv. In vs. 19b is dit moeilik om te bepaal of mzbhwtm

---

1. Vgl. J. Zolli, Hosea 4:17-18, art. in ZAW 15 (1938), bl. 175.

deur haplografie ontstaan het uit mmzbhwtm (vgl. Septuaginta) en of 'n zibhōt hapax legomenon is (vgl. Betekenis).

Te oordeel na die tekskritiese gegewens, is bedenkinge oor die Masoretiese teks (as sou dit totaal korrup wees), dus ongegrond en lê die vertalers van alle tye se probleem eerder by onvoldoende kennis van die woordeskat en segswyses van die taal wat Hosea gebesig het.

### 3. Vorm

Die perikoop begin met 'n gina-ritme (vs. 16; ki is soms beklemtoon aan die begin van 'n versreël, veral wanneer dit demonstratiewe krag het, vgl. bv. 5:1). Daarna gaan dit oor na sesklem versreëls.

Die eerste versreël word gekenmerk deur alliterasie: sōrērā sārār yiśrā'ēl. Hierdie alliterasie word weer opgeneem in vs. 18a (sār) en 19a (ṣārār). Daar is ook alliterasie op h (vs. 18) en r (vs. 19a).

### 4. Struktuur

Die bepaling van die struktuur van 'n eenheid soos vs. 16 tot 19, waarvan die versreëls sonder voegwoorde naas mekaar staan, is moeilik. Dit word verder bemoeilik deur die voorkoms van kollektiewe enkelvoudsvorme náás meervoudsvorme. Die subjekwisseling dra ook by tot die probleme.

Vs. 16a en b kan verbind word omdat dit in albei versreëls oor Israel gaan. Die optrede van Israel word ook in albei gevalle met dié van diere vergelyk. Die gebruik van die derde persoon manlik meervoud as subjek (vgl. bv. hiznū in vs. 18b en w<sup>e</sup>yēbōšū in vs. 19b) asook die voorkoms van die derde persoon vroulik enkelvoud as pronominale suffiks in vs. 18c (māginnehā) en aan die nota accusativi in vs. 19a ('ōtāh), dui 'n noue verband aan

vanaf vs. 18b tot 19b.

Vs. 18b neem die derde persoon manlik meervoud wat in vs. 18a voorkom (vgl. die suffiks aan sb') weer op. As daarby in ag geneem word dat van die terme in vs. 17a tot 19b met die kultus te doen het (vgl. <sup>c</sup>šabbīm in vs. 17a en mizzibhōtām in vs. 19b), terwyl die terminologie van vs. 16 nie verband hou met die kultus nie, is dit duidelik dat vs. 17 tot 19 verbind moet word. Laasge= noemde eenheid verbind met vs. 16 op grond van die voor= koms van die name Israel en Efraim. Dit is opvallend dat die patroon van die metrum die genoemde strukturele ver= bindings steun.

## 5. Betekenis

Vs. 16 is grammatikaal nie 'n voortsetting vs.16 van vs. 15 nie en daarom is dit die beste om kī demonstratief te verstaan (vgl. Van Leeuwen). Die optrede van Israel word vergelyk met dié van 'n steeks koei wat in haar eie rigting wil gaan (srr).

Die meerderheid van die kommentatore beskou vs. 16b as 'n retoriese vraag sonder die vraagpartikel (vgl. Ges-K. par. 150 a). Dit maak inderdaad die beste sin aangesien die beeld van 'n herder (hier JHWH) wat 'n jong skaap in die veld laat wei, in die Ou Testament altyd 'n gunstige betekenis het (vgl. Rudolph en Van Leeuwen). Ná die stelling dat Israel koppig is soos 'n steeks koei sou gunstige optrede van die kant van JHWH beslis onverwags wees. In die konteks beklemtoon die retoriese vraag dat JHWH die volk wat so hardkoppig is soos 'n koei nié soos 'n lam sal handel nie.

Die name Israel en Efraim kom in vs. 16 en 17 die eerste keer saam voor. Aangesien die name dikwels in die boek voorkom en klaarblyklik met verskillende nuanses gebruik kan word (vgl. 5:5; 6:11 tot 7:1), is 'n ondersoek na die betekenis moontlikhede van die name noodsaaklik.

---

EKSKURS IIDie gebruik van die name Israel en Efraim in die boek Hosea

Die meerderheid van die kommentatore is oortuig daarvan dat die name Israel en Efraim in die boek Hosea sinoniem gebruik word. Om hierdie standpunt te kan handhaaf, moet 'n deel van 5:5 waar die name naas mekaar voorkom (yiśrā'el w<sup>e</sup>'efrayim) dan as 'n glosse verklaar word. Verder is die verklarings van die kommentatore onbevredigend by 7:1 en 8:8 v. waar daar 'n onderskeid tussen Israel en Efraim geïmpliseer word.

Die naam Israel dui in die boek gewoonlik die volk van die noordelike ryk aan (vgl. 4:15). Soms kan die klem in die naam ook val op die kultiese gemeenskap (vgl. 9:1). In gevalle verwys dit na die uitverkore volk van God vóór die vestiging in Kanaän (vgl. 9:10; 11:1). Dit word in een geval gebruik om die noordelike ryk aan te dui (8:14). Soms is die grondgebied van Israel op die voorgrond in die benaming (vgl. 10:1). In 12:13 word dit gebruik vir die aartsvader Jakob.

Ward het in sy kommentaar hoofsaaklik drie gebruiksmoontlikhede van die naam Efraim onderskei: i. Dit kan die noordelike ryk as staat aandui (vgl. bv. 5:12 v.). ii. Die klem kan in die gebruik meer val op Efraim as stam (vgl. 13:1). iii. Dit kan ook die uitverkore volk van God, los van die gedagte van Efraim as staat of as stam, aandui (vgl. 11:8). Naas genoemde moontlikhede kan die klem ook val op Efraim as woongebied in die sentrale bergland (5:9). Verder kan die naam ook gebruik word om te verwys na die owerheid in Samaria (vgl. 6:11 tot 7:1 waar Efraim en Samaria parallel gebruik word en onderskei word van ḥammī en Israel wat parallel staan). Daar is dan vanselfsprekend ook gevalle waar die klem in die gebruik kan val op die owerheid of politieke beleidmakers sonder dat

die volk per se daarby uitgesluit is (vgl. 7:11 vv.).

Hieruit blyk dat die name Israel en Efraim in die boek met soepelheid gebruik word en dat die name, wanneer dit in dieselfde perikoop of spreuk gebruik word, verskillende nuanses kan hê.

Die naam Efraim kom in die boek Hosea meer voor as in enige ander boek in die Ou Testament. Die vraag waarom die profeet skynbaar voorkeur gee aan die naam Efraim, word verskillend beantwoord deur die kommentatore. Ward meen dat dit moontlik kan saamhang met die feit dat hy in Efraim opgetree het of dalk daar gebore en getoë is. Andere meen weer dat die gebruik van die naam dateer uit 'n tyd toe die ryk nog klein was. 'n Gewilde verklaring is dié van A. Alt wat die gebruik van die naam Efraim as aanduiding van die noordelike ryk gesien het as 'n resultaat van die anneksasie van die grootste deel van Israel deur Tiglat-Pileser in 734 v.C.<sup>2</sup> Verskillende besware kan teen hierdie verklaring geopper word: i. Budde (soos aangehaal deur Ward) het daarop gewys dat dit onwaarskynlik is dat 'n vernederende gebeure soos die anneksasie van die grootste deel van die land, sou lei tot die verandering van die naam Israel na Efraim. ii. Daar is gevalle waar die naam Efraim in die boek Hosea voorkom in profesieë wat met redelike sekerheid vóór 734 v.C. gedateer kan word (vgl. bv. 5:3 tot 7). Daarmee val Alt se verklaring deur die mat.<sup>3</sup>

Die gebruik van die naam Efraim as aanduiding van die noordelike ryk, gaan terug op ou tradisies en die feit dat Efraim die leidinggewende stam was in Israel (vgl. Wolff en Van Leeuwen). Volgens tradisie was Jakob die stamvader van die volk Israel. Die naam Jakob of Israel

---

2. Vgl. A. Alt, Hosea 5:8-6:6. Ein Krieg und seine Folgen im prophetischer Beleuchtung, art. in Kleine Schriften II, München 1953, bl. 176 v.

3. Vgl. Alt se onoortuigende reaksie op die besware van Budde in Kleine Schrifte II, bl. 319 vn. 1.

was nie net die naam van die leier van die stam of familie= groep nie, maar dit kan ook gebruik word as aanduiding van die groep wat onder sy leiding was. Daar is besliste aanduidings dat die leierskap van Jakob volgens noorde= like tradisies op Josef oorgegaan het.<sup>4</sup> Om dié rede kon die stamme van die noordelike ryk ook met die naam Josef aangedui word (vgl. bv. Am. 5:6, 15; 6:6). Die stamme in die suide het natuurlik Juda beskou as die erfgenaam van Jakob se regte as leier van die stamme.<sup>5</sup> Volgens tradisie het die erflike leierskap van Josef weer op Efraim oorgegaan (vgl. bv. Gen. 48:5, 13 tot 19; vgl. ook Hos. 13:1). Die naam Efraim kon dus gebruik word vir die leier van die familiegroep of stamme in die noorde, maar dit kan ook die groep as geheel aandui. Dit is teen die agtergrond van hierdie tradisies dat die gebruik van die naam Efraim in die boek Hosea gesien moet word: Die naam kon die leidinggewende groep (in bepaalde gevalle dus die owerheid) aandui. Dit kan egter ook na die totaliteit (d.w.s. die staat) verwys. Die rede waarom die naam Efraim so dikwels voorkom in die boek, hang waarskynlik saam met die feit dat daar in die profesieë soms 'n bepaalde klem gelê word op die owerheid of die noorde= like ryk as staat. Hiervoor was die naam meer geskik as die naam Israel waaraan die tradisies oor die verbonds= volk weer sterker verbonde was. Die feit dat Hosea 'n burger was van die noordelike ryk, het vanselfsprekend ook 'n invloed gehad op sy gebruik van die name Israel en Efraim en verklaar waarom dit uniek is in die Ou Testament.

- 
4. Vgl. B.J. van der Merwe, Joseph as successor of Jacob, art. in Studia Biblica et Semitica (onder redaksie van W.C. van Unnik en A.S. van der Woude), Wageningen 1966, bl. 221 tot 232. Vgl. ook Deut. 33:16 v.
  5. Vgl. A. van Selms, The Southern kingdom in Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 108.

In vs. 17a word gestel dat Efraim verbonde is vs.17-18a aan afgodsbeelde. Die bedoeling hiervan is blykbaar dat Efraim nie wou afsien van die vrugbaarheidskultus waarin godebeelde 'n belangrike rol gespeel het nie (vgl. znh in vs. 18b). In die perikoop word daar nie 'n onderskeid geïmpliseer tussen Israel en Efraim nie en daarom moet die twee name in hierdie geval as sinonieme beskou word. Vs. 17 bevat dus 'n nadere omskrywing van die koppigheid van Israel waaroor dit in vs. 16a gaan: Israel was koppig deur te weier om af te sien van die vrugbaarheidskultus.

Terwyl die betekenis van vs. 17a redelik duidelik is, bestaan daar geen sekerheid oor die betekenis van vs. 17b en 18a nie. Aangesien die tekstkritiese gegewens daarop dui dat hier waarskynlik nie tekskorrupsie ingetree het nie, lê die probleem blykbaar by die betekenismoontlikhede van woorde en woordkombinasies.

Die vokalisasie van die masorete weerspieël by die woorde hnh-lw na alle waarskynlikheid 'n poging tot aktualisering van die profesie vir die Judese lesers. Aangesien Juda in 4:15 volgens die lesing van die masorete verbied word om die heiligdomme van Israel te besoek, is die imperatief hannah-lō blykbaar óók as 'n bevel aan Juda bedoel: Die Judeërs moes Israel of Efraim, wat hulself in die ongeluk sou dompel deur hulle hardkoppigheid, aan hulle lot oorlaat. Die resultate van ons ondersoek by vs. 1 tot 15 maak só 'n betekenis uiters onwaarskynlik. Die metrum kan ook as bewys daarteen aangevoer word, want dan sou dit 'n onwaarskynlike 3 + 1, 2 + 2 + 4, 4 + 2 moes wees. Net so onwaarskynlik is die verklaring van Wolff dat hnh-lw 'n tussenwerpsel deur ondersteuners van Hosea sou wees. Wolff het wel die probleem van die metrum aangevoel en beskou vs. 16 tot 19 daarom as prosa. Hy verantwoord hom egter nie oor die vraag waarom die reaksie van Hosea se hoorders ná vs. 15 (volgens hom) nié opgeneem is nie, terwyl 'n blote tussenwerpsel wél in 'n profetespreuk opgeneem word.

Indien ons hier met twee parallelle beskuldigings teen Israel/Efraim te doen het (nl. hulle hardkoppige houding), is dit logies om te veronderstel dat die tweede beskuldiging óók gevolg kan word deur 'n retoriese vraag. Die afwesigheid van 'n negasie in 17b, 18a, wys soos by vs. 16b in dié rigting. In die lig hiervan verdien die volgende voorstel oorweging: i. Om die inleidende h- van vs. 17b nie te beskou as preformatief van die hif<sup>c</sup>il van nwh nie, maar as inleidende vraagpartikel hă. ii. Om (h)nh-lw as één woord te beskou (nhlw) en in aansluiting by die suffikse in vs. 16b en 18a, as 'n derde persoon meervoud (perfektum) te vokaliseer. Na aanleiding van Amos 6:6 kan nhlw as 'n nif<sup>c</sup>al van hlh beskou word met ongeveer dieselfde refleksiëwe betekenis, naamlik "hulle het hulle bekommer". nhlw is die teenoorgestelde van 'n houding van selfvoldaanheid.

In die uitdrukking sār sob'ām is sob'ām (infinitief konstruktus met suffiks) die subjek. sār word, soos in Amos 6:6 waar dit óók in verband staan met 'n drinkparty, intransitief gebruik. In vertaling sou vs. 17a tot 18a soos volg weergegee kon word: "Efraim handhaaf 'n bondgenootskap met afgodsbeelde! Het hulle hul (daaroor) bekommer? Het hulle gesuip opgehou?"

Hierdie betekenis pas goed in 'n konteks waarin Israel verwyt word oor hulle hardkoppigheid omdat hulle blykbaar nie positief gereageer het op die oproep van die profeet (vs. 15) om weg te bly van die kultus waar drinkery (vs. 11) en hoerery (vs. 12 tot 14) aan die orde van die dag was nie.

Vs. 18b en c lewer ook vrae op. In die vs.18b en c eerste plek is die afleiding en betekenis van hebū 'n probleem. Die woord hou moontlik verband met hb of hbb in ander Semitiese tale<sup>6</sup> en die betekenis is waarskynlik "met hartstog/begeerte vervul wees" (vgl.

6. Vgl. J.J. Glück, Some semantic complexities in the book of Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 57.



habbābay in 8:13 waar die betekenis vermoedelik "begeerte" of "gulsigheid" is). Die hoofgedagte van die sin word blykbaar weergegee deur 'āhābū (vgl. Jer. 4:5 waar die hoofgedagte, anders as gewoonlik, deur die eerste van twee asindeties-verbonde werkwoorde weergegee word; vgl. ook Ges-K. par. 120g en h). Indien hierdie afleiding korrek is, kan 'āhābū hebū dan vertaal word met "hulle het hartstogtelik liefgehad".

mgnyh lewer ook probleme op: Afgesien van die betekenis waaroor daar onsekerheid bestaan, is die gebruik van die suffiks in die lesing van die masorete moeilik verklaarbaar. Soos reeds aangedui, behoort die lesing van die Masoretiese teks gehandhaaf te word. 'n Moontlike verklaring, naamlik dat met "haar" na Israel verwys word onder invloed van die beeld van die koei (vs. 16a), is onbevredigend, aangesien die werkwoord by Israel in vs. 16a reeds in die manlike staan. Die vroulike suffikse in vs. 18b en 19a maak 'n vroulike antesedent in vs. 18b noodsaaklik. Op grond hiervan moet dit oorweeg word om die vokalisasie van hznh te verander na hazōnā. Dit is dan 'n heropname van zōnā in vs. 15a. Dit bied 'n goeie antesedent vir die vroulike suffikse in vs. 18b en 19a en pas ook in die konteks. hazōnā is dan die objek van hiznū - 'n hif<sup>c</sup>īl wat in hierdie geval 'n transitiewe betekenis gee aan die intransitiewe werkwoord znh. Letterlik kan dit vertaal word met "hulle het die hoer (d.w.s. klomp hoere) behoereer". Dit beteken dat die volk wat gewaarsku is om die zōnā te vermy (vs. 15), nié gehoor gegee het nie (vs. 16a en 17a), maar met aktiewe deelname aan die vrugbaarheidskultus voortgegaan het.

mgn het in die konteks waarskynlik die betekenis "skaamtelose gedrag" (vgl. mgn II in KBL). Die uitdrukking qālōn māginnēhā verwys klaarblyklik na die vrugbaarheidsrites. Met die woorde "hulle het met die hoer gehoereer, hulle het die skande van haar skaamtelose optrede hartstogtelik liefgehad" bedoel die profeet dan dat die volk

met die kultuspersoneel hoereer het en dat hulle die skandelige vrugbaarheidsrites ywerig beoefen het.

Die beskuldigings teen Israel/Efraim sluit inhoudelik aan by vroeëre beskuldigings teen die kultiese personeel (vgl. 4:7 tot 14). Parafraserend kan vs. 16 tot 18 saamgevat word as hardkoppige weiering om beelddiens prys te gee en aktiewe deelname aan die drinkery, hoerery en skandelige rituele van die vrugbaarheidskultus deur die volk.

Volgens vs. 19a het 'n wind haar (d.w.s. die zōnā vs.19 of kultuspersoneel) in sy vleuels toegevou. Met hierdie beeld word die onvermydelike vernietiging van die vrugbaarheidsgodsdiens tot uitdrukking gebring. Soos 'n ligte voorwerp wat deur 'n stormwind opgeraap is, ongetwyfeld weggewaai word, so is die kultuspersoneel wat die vrugbaarheidsgodsdiens aangehang het, "opgeraap" deur die oordeel van JHWH en stuur hulle onontkombaar af op totale uitwissing.

Vs. 19b is 'n gevolgsin wat die konsekwensies van vs. 19a vir die volk aandui. Die presiese betekenis van zibhōtām is nie duidelik nie: Was dit dalk 'n (noorde-like) wisselvorm vir zibhēhem? Verder is daar ook onsekerheid oor die funksie van die voorsetsel min: Beteken dit "vanweë" of dalk "ondanks" (vgl. Miga 7:16)? In die konteks pas "vanweë" die beste. Dit is verder duidelik dat zibhōt (offers?) of mizb<sup>e</sup>hōt (altare) oordragtelik gebruik word vir deelname aan die kultus. Daarom sal 'n keuse tussen "offers" en "altare" nie veel verskil maak in die betekenis nie. Vs. 19 kan dan in 'n vertaling soos volg weergegee word: "'n Stormwind het haar reeds in sy mag, gevolglik sal hulle vanweë hulle deelname aan die kultus bedroë daarvan afkom." Wie die skande liefhet (vs. 18c), sal met skaamte daarvan afkom (vs. 19b)!

In vs. 16 tot 19 word die volk verwytdat hulle hardkoppig is (vs. 16a). Hierdie hardkoppigheid kom tot uitdrukking in die feit dat hulle nie die deelname aan die vrugbaar=

heidskultus wou staak nie, maar dit met oorgawe beoefen het (vs. 17 en 18). Omdat die toekomstige uitwissing van diegene wat die leiding geneem het in die beoefening van die vrugbaarheidsrites, 'n voldonge feit was, sou die volk wat daaraan deelgeneem het, nie skotvry daarvan afkom nie (vs. 19). Alhoewel die profesie vaag is oor wat presies met die volk sou gebeur, is dit duidelik dat JHWH sy beskerming aan hulle onttrek (vs. 16b).

## 6. Vertaling

- 16 Israel is beslis so koppig soos 'n steeks koei!  
Moet JHWH hulle dan nou beskerm soos 'n herder sy skape in die veld oppas?
- 17 Efraim is verknog aan afgodsbeelde!  
18 Hulle het onbesorg voortgegaan met hulle gesuipt!  
Hulle het met die klomp hoere gehoereer  
en hulle afstootlike, skaamtelose gedrag met oorgawe nagevolg!
- 19 'n Stormwind het die klomp hoere reeds in sy mag  
en die wat aan hulle kultus deelgeneem het sal bedroë daarvan afkom.

## 7. Agtergrond

Die profeet is redelik vaag in sy verwysing na wat met die volk sou gebeur. Hieruit kan afgelei word dat daar waarskynlik nog geen dreigende gevare sigbaar was nie. Die profesie dateer dan waarskynlik uit dieselfde tyd as dié van die voorafgaande perikoop. Dit is moontlik ook gelewer by 'n heiligdom waar die vrugbaarheidsgodsdiens beoefen is.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

By die uitleg was dit duidelik dat vs. 16 tot 19 die voorafgaande perikoop veronderstel en ten nouste daarby aansluit. Die stelling dat diegene wat die leiding geneem het in die beoefening van die vrugbaarheidskultus, veroordeel is en vernietig sou word (vs. 19) is 'n terugverwysing na die oordele van 4:4 tot 15. Die gedagte

dat die lede van die volk wat aan die rites deelneem óók deur die oordeel van JHWH geraak sou word, kom ook in albei perikope voor. Vs. 16 tot 19 verskil egter ook van die voorafgaande: Terwyl die volk in vs. 14 waarskuwend verskoon is vir hulle deelname aan die vrugbaarheidskultus, is daar in vs. 16 tot 19 geen verontskuldiging nie en word hulle aangekla in dieselfde trant as wat die priesters in 4:10 tot 14 aangekla is. Dit is begryplik in die lig daarvan dat hulle blykbaar nie positief gereageer het op die oproep in vs. 15 nie.

## 5:1-7

### 1. Afgrensing

{Die drie imperatiewe lei die perikoop in. Alhoewel vs. 8 vv. tematies nie heeltemal losstaan van vs. 1 tot 7 nie, is dit die beste om (soos die meerderheid van die kommentatore) die imperatiewe van vs. 8 as die inleiding tot 'n nuwe eenheid te beskou.

### 2. Tekskritiek

Die meerderheid van die kommentatore wysig l<sup>e</sup>kullām in vs. 2b na lākem op grond van die Septuaginta. Aangesien kullām egter soms gebruik word in gevalle waar kull<sup>e</sup>kem verwag word (vgl. Ges-K. par. 135 r), is dit nie nodig om die Masoretiese teks te wysig nie en moet dit as lectio difficilior die voorkeur geniet (vgl. verder onder Betekenis).

In die geval van vs. 2a en vs. 7b bied die Septuaginta ook ander lesings as die Masoretiese teks. Wanneer die ander vroeë vertalings in ag geneem word, is dit egter duidelik dat die vertaling van die Septuaginta 'n poging

is om 'n verstaanbare vertaling te bied vir moeilik verstaanbare gedeeltes. Verder het die vertalers van die Septuaginta en ander teksgetuies die bedoeling van die Masoretiese teks korrek weergegee deur die derde persoon meervoud as objek by yitt<sup>e</sup>nū te vertaal (vs. 4a) en die derde persoon manlik enkelvoud by yimṣ<sup>e</sup>'ū in vs. 6b. Die Masoretiese teks hoef egter nie verander te word nie aangesien suffikse in die boek Hosea soms weggelaat word wanneer dit uit die verband aangevul kan word (vgl. bv. hit<sup>c</sup>ā in 4:12).

### 3. Vorm

Indien die metrum geneem word as 'n aanduiding van die verskillende eenhede in die perikoop, is dit duidelik dat dit hoofsaaklik uit twee dele bestaan:

- i. Vs. 1 en 2 Hierdie gedeelte bestaan uit twee identiese strofes wat elk gekenmerk word deur parallelle drievoetige versreëls, gevolg deur 'n enkelvoetige versreël. Die enkelvoetige versreël rond in elke geval die strofe af. In die eerste twee versvoete van elke strofe is die posisie van die werkwoordelike komponent telkens dieselfde (vs. 1a en b in die begin - en vs. 1e en f in die middelposisie). In die derde versvoet van elke strofe staan die werkwoord aan die einde sodat 'n chiasme met die voorafgaande twee versvoete gevorm word.
- ii. Vs. 3 tot 7 Met die uitsondering van vs. 5 bestaan vs. 3 tot 7 uit tweevoetige versreëls. In vs. 3a is daar 'n volledige chiasme en vanaf vs. 3b tot 7b is die versreëls sinteties parallel opgebou. Die metrum van vs. 5 is ongewoon (4 + 4 + 3) en sommige kommentatore vermoed op grond daarvan dat vs. 5c 'n glosse is. Dit kan egter op grond van die metrum alleen nie geskrap word nie. Alle kommentatore hanteer vs. 7b as 'n enkelvoetige versreël omdat hōdeš as die subjek van yō'k<sup>e</sup>lēm beskou word. 'n

Enkelvoetige versreël met vier heffings is egter ongewoon in die Hebreuse poësie. Die enigste ander moontlikheid is om vs. 7b as 'n tweevoetige versreël (2 + 2) te beskou. Dit sluit goed aan by die voorafgaande vers omdat die metriese patroon van vs. 6 en 7 dan ongeveer dieselfde is.

#### 4. Struktuur

- i. Vs. 1 en 2 word deur 'n afgeronde struktuur onderskei van die res van die perikoop: Dit bestaan uit twee simmetriese spreuke wat deur hulle parallelisme, asook die gebruik van die tweede persoon meervoud aan mekaar verbind word. (Vgl. Betekenis vir die verklaring van die derde persoon in he<sup>c</sup>mīqū).
- ii. Vs. 3 tot 7 Die bepaling van die struktuur van vs. 3 tot 7 is moeilik en daar is verskillende moontlikhede vir die verbinding van versreëls. Die volgende lyk egter na die beste ontleding van die struktuur: Die konsekutiewe perfektum in vs. 5a lei 'n nuwe onderafdeling in die eenheid in. Op grond hiervan moet kī in vs. 4b terugverbind, sodat vs. 4a en b 'n eenheid is. Dieselfde geld dan ook vir kī in vs. 3b wat 'n verband lê tussen vs. 3a en b. Vs. 7a en b moet ook verbind word omdat JHWH (vs. 7a) die subjek is van yō'k<sup>e</sup>lēm in vs. 7b (vgl. onder Betekenis). Indien vs. 5c buite rekening gelaat word (vgl. Betekenis), dui die gebruik van die derde persoon manlik meervoud imperfektum-vorme in vs. 5b, 6a en 6b 'n verband aan tussen vs. 5 en 6. Op grond van die gebruik van 'n onbepaalde subjek in vs. 4a ("hulle") asook die lekseemooreenkomste (vgl. znh in vs. 3b en 4b; yd<sup>c</sup> in vs. 3a en 4b), moet vs. 3 en 4 verbind word. Die oorgang van die godsrede (vs. 3) na 'n profeterede (vs. 4) is nie 'n argument teen die verbinding nie, aangesien daar ook ander voorbeelde is van 'n soortgelyke oorgang in dieselfde

eenheid (vgl. bv. 11:10 v.). Die gebruik van 'n onbepaalde subjek in vs. 7a dui weer 'n verband aan tussen vs. 7 en vs. 5 v.. Vs. 3 tot 7 bestaan dus uit twee dele naamlik vs. 3 en 4 en vs. 5 tot 7. Die name Israel en Efraim kom in die eerste stiges van albei die dele voor. Dat daar tussen hierdie twee dele verband is, is nie net duidelik uit die gebruik van die name Israel en Efraim nie, maar ook uit bepaalde inhoudsmomente soos die verwysings na hoerery in vs. 3b en 7a en die gaan na JHWH in vs. 4a en 6a.

Tussen vs. 1v en vs. 3 tot 7 word 'n verband gelê deur 'ānī in vs. 2b en 3a en verder ook deur die feit dat dit in albei dele gaan oor die vrugbaarheids= godsdiens.

#### 4. Betekenis

Die eenheid word ingelei met 'n oproep tot aan= vs.1a-d dag, gerig tot die priesters, die huis van Israel en die koningshuis. Dit is onnodig om die teks in vs. 1b te verander (vgl. die kritiese apparaat in BHK), aangesien Hosea met die uitdrukking bēt yiśrā'el nie die volk aandui nie, maar hulle amptelike verteenwoordigers (vgl. Ekskurs I). Die priesters word waarskynlik eerste genoem omdat dit in die perikoop oor kultiese sake gaan (vgl. die verdere bespreking).

Die oproep om te luister word gemotiveer deur die sinsnede lākem hammišpāt. Dit kan beteken "aan julle is die regspraak toevertrou". Dit sou vanuit die kultuurhistoriese situasie die mees voor-die-hand-liggende betekenis wees, aangesien die handhawing van die godsdienstige, sosiale en politieke reg en orde in Israel aan hierdie drie groepe toevertrou was. lākem hammišpāt kan egter óók beteken "die oordeel is vir julle bedoel". Vs. 1e tot 2b bring inderdaad hierdie betekenis moontlikheid na vore. Na alle waarskynlikheid was vs. 1d dan ook bedoel om

dubbelsinnig te wees.

Die presiese betekenis van kī in vs. 1e is nie vs.1e-2b heeltemal duidelik nie. Dit kan redegewend of demonstratief bedoel wees. Dit sou ook bedoel kon wees as 'n verbindingspartikel wat met 'n dubbelpunt weergegee moet word (vgl. Ges-K. par. 157). Die laaste moontlikheid lyk die beste. Vs. 1e v. gee dan inhoud aan zō't in vs. 1a.

Vs. 1e tot 2a is 'n drieledige beskuldiging wat formeel ooreenkom met die drieledige oproep in vs. 1a tot c. Op grond van die simmetriese struktuur en parallelisme van vs. 1a tot d en vs. 1e tot 2b het die konjektuur dat w<sup>e</sup>šahat hasšetim gelees moet word in plaas van die onverklaarbare w<sup>e</sup>šahātā šetim van die Masoretiese teks, algemene inslag gevind.<sup>1</sup> he<sup>c</sup>mīqū word onpersoonlik gebruik en vorm 'n asindetiese relatiewe sin ná šahat.

Met metafore uit die jaggebruike van daardie tyd word die skuld van die priesters, amptelike leiers en koningshuis geteken: Hulle het 'n wip (paḥ), 'n vangnet (rešet) en vanggat (šahat) geword. Uit wat ná vs. 2 volg, is dit duidelik dat dit in vs. 1e tot 2a gaan oor kultiese sake. Dit kan ook afgelei word uit die voorafgaande gedeeltes en word bevestig deur die gebruik van die name Mispa, Tabor en Sittim. Al drie hierdie plekke was bekende kultiese sentra en die vrugbaarheidsgodsdiens het in die tyd van Hosea blykbaar daar gefloreer (Van Leeuwen en Wolff). Hierdie plekname verteenwoordig die belangrikste heiligdomme in die suidelikste deel van die land (Mispa), die noorde (Tabor) en transjordanse gebied (Sittim). Die bedoeling is dan dat die volk in die hele gebied van Israel vasgevang was in die vrugbaarheidskultus. Die drie groepe wat in vs. 1 genoem word, het die godsdienstige

---

1. Vgl. die artikel van K. Elliger, Eine verkannte Kunstform bei Hosea, Zur Einheit von Hos. 5:1f, in ZAW 69 (1957), bl. 151-160.



beleid van die ryk bepaal en die inisiatief en leiding geneem in die baäldiens waardeur die volk verlei is.

Hierdie drie groepe moes egter ook weet dat JHWH nie die verleiding van sy volk ongestraf sou laat bly nie. In 'n kort maar treffende antitetiese sin word sý optrede gestel teenoor dié van die leiers (vs. 2b). Die voorstel van Weiser om mwsr as mōsēr (boei) te vokaliseer in plaas van mūsār (tugtiging), pas besonder goed in die konteks. Dit is tipiese Hoseaanse taalgebruik om die reaksie van JHWH inhoudelik te laat aansluit by die optrede van die skuldiges (vgl. bv. 4:6; 6:4 v.). Die derde persoon suffiks in l<sup>e</sup>kullām is ongewoon na die tweede persoon in vs. 1e. Derde persoon suffikse word egter soms op dié wyse gebruik.<sup>2</sup> In 'n vertaling moet dit met "vir julle almal" weergegee word. In vs. 2b word dus gestel dat JHWH 'n boei sal wees vir almal wat 'n wip, vangnet en vanggat geword het. (Die argument van Wolff dat Hosea sulke beelde altyd met k<sup>e</sup> inlei, vgl. 6:4 v., verval wanneer ons in ag neem dat daar in vs. 1e tot 2a van metafore gebruik gemaak word en nie van vergelykings nie.)

Die kommentatore aanvaar gewoonlik dat die name vs.3 Efraim en Israel in vs. 3 vv. as sinonieme gebruik word. Hierdie standpunt kan alleen gehandhaaf word as die naam Israel of Efraim in vs. 5b as 'n glosse beskou word. Aangesien daar egter nie oortuigende gronde is vir die uitlating van een van die name in vs. 5b nie (vgl. die bespreking by vs. 5), moet daar aanvaar word dat die name Israel en Efraim in vs. 3 vv. verskillende nuanses het. Alhoewel daar 'n ander voorbeeld is van die oorgang van 'n tweede na 'n derde persoon in dieselfde stige (8:5), is die gebruik van die tweede persoon vir Efraim en die derde persoon vir Israel in vs. 3b ongewoon en sou dit ook as 'n addisionele argument

---

2. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 26.

aangevoer kan word dat die name nie dieselfde grootheid aandui in vs. 3 tot 7 nie. Die naam Efraim lê in vs. 3 vv. waarskynlik die klem op die owerheid (vgl. Ekskurs II vir hierdie moontlikheid). Die gebruik van die tweede persoon in vs. 3b (hiznētā), kan dan ook gesien word as 'n voortsetting van die gebruik van die tweede persoon in vs. 1 en 2 (Wolff het dieselfde standpunt, alhoewel hy Efraim in vs. 3b nie as die subjek nie, maar as die objek van hiznētā beskou). Die argument van Rudolph, dat die enkelvoudsvorm hiznētā 'n verbinding met die voorafgaande (vs. 1 en 2) waarin die meervoudsvorm gebruik word, verbied, dra weinig gewig indien die oorgang van 'n kollektiewe enkelvoud na 'n meervoud en andersom op ander plekke in die boek Hosea in aanmerking geneem word (vgl. bv. 2:16 tot 22 en 6:4 v.).

In vs. 3b lei kī 'n kousale sin in waarvan die nasin asin=deties volg in vs. 3bii (vgl. 4:1 v., 6, 10 v., 12 v.). ᶜattā word, soos dikwels in die boek, konkluderend gebruik in vs. 3b (vgl. 4:16). Die hif<sup>c</sup>īl van znh het soos in 4:10 'n inwendig transitiewe betekenis. In die konteks het niṭmā 'n passiewe betekenis (vgl. Wolff). Vs. 3 kan dan soos volg vertaal word:

"Ek ken Efraim en Israel is nie vir My weggesteek nie. Omdat jy dan gehoereer het Efraim, is Israel verontreinig."

Vs. 3 sluit inhoudelik aan by vs. 1 en 2: In vs. 1 en 2 is die feit gestel dat die verleiding op kultiese gebied deur die godsdienstige en politieke leiers oor die hêle land plaasgevind het; in vs. 3 sê JHWH dat Hy álmal ken en dat die hoerery van Efraim daartoe gelei het dat Israel, die volk van JHWH, onrein geword het. Die onreinheid van Israel impliseer natuurlik dat hulle JHWH nie meer kan dien in die kultus nie (vgl. vs. 4 vv.).

Vs. 4 brei verder uit op vs. 3b. Die inhoud van vs.4 vs. 3 tot 5 maak dit waarskynlik dat "hulle" na wie verwys word in vs. 4 die volk, dit wil sê Israel is. ntn word in vs. 4a gebruik met die betekenis "toelaat"

(vgl. Gen. 20:6; Num. 21:23). ma<sup>c</sup>ālāl het in die boek Hosea telkens 'n pejoratiewe nuanse (vgl. 7:2; 9:15) en verwys in vs. 4 klaarblyklik na kultiese wanpraktyke (vgl. 4:9). Die volk se optrede by die kultus maak dit onmoontlik dat hulle na JHWH kan terugkeer (vs. 4a). Vs. 4b gee die rede daarvoor aan. gereb word in 11:9 gebruik in die sin van "(in jou) midde". Dit is blykbaar ook die bedoeling in vs. 4b (vgl. Wolff). Die gesindheid van hoerery wat onder die volk werksaam is, is dié van die priesters en die leiers (vgl. Wolff en Van Leeuwen). Die teenwoordigheid van so 'n slegte gesindheid in die midde van die volk het veroorsaak dat hulle verbondenheid met JHWH verbreek is (lō' yād<sup>e</sup>cū). Só het die priesters en die leiers Israel van JHWH losgemaak (vgl. vs. 1v; asook Wolff).

Vs. 5 dui aan wat die gevolge gaan wees van wat vs.5 in vs. 3 en 4 gestel is. g<sup>e</sup>'ōn yiśrā'el moet in die konteks verstaan word as die vermetelheid van Israel (vgl. Van Leeuwen) om JHWH te probeer dien terwyl hulle kulties onrein is (vgl. vs. 3b, 6) en nie aan Hom verbonde is nie (vs. 4b). Die vermetelheid van Israel word geper=sonifieer wanneer gesê word dat dit openlik teen hom sal getuig (vgl. Jes. 3:9; Job 16:8). Die konkrete betekenis daarvan word in vs. 6 verduidelik.

Feitlik al die kommentatore is dit eens dat vs. 5c en w<sup>e</sup>yiśrā'el in vs. 5b latere byvoegings is. Die perfek=tum kāšal is, naas die imperfektiese vorme in vs. 5a en b, beslis 'n aanduiding dat vs. 5c 'n glosse is. Daarby kan dit ook op metriese gronde as 'n latere toevoeging beskou word. Vermoedelik was die inhoud van 5:8 tot 6:6 waar Juda saam met Efraim aangekla word, 'n faktor wat tot die byvoeging van vs. 5c gelei het. Die verklaring dat w<sup>e</sup>yiśrā'el in vs. 5b 'n latere byvoeging in die teks is, moet egter afgewys word. Daar kan hoegenaamd geen motive=ring gevind word vir die invoeging van w<sup>e</sup>yiśrā'el vóór w<sup>e</sup>'efrayim nie. Indien dit wel 'n glosse is, moet ons aanvaar dat die glossator aangevoel het dat daar 'n

nuanseverskil is tussen die name Israel en Efraim. Dit is ook onwaarskynlik dat die naam Efraim in vs. 5b ingevoeg is op grond van die inhoud van 5:8 tot 6:6, aangesien 'n herhaling van die naam Israel in twee parallelle hemistiges (vs. 5a en b) beslis vreemd sou wees. Op grond van hierdie oorwegings en op grond van die feit dat die name Israel en Efraim by Hosea soms wél verskillende nuanses het (vgl. 6:11 v.), is dit die beste om vs. 5b onveranderd te handhaaf (vgl. ook Ekskurs II).

Die gebruik van die voegwoord w<sup>e</sup> voor twee selfstandige naamwoorde of eiename soos in vs. 5b word in vertaling gewoonlik weergegee met "sowel a as b". Uit Num. 9:14 (w<sup>e</sup>lagger ūl<sup>e</sup>'ezrah hā'āreṣ) kan afgelei word dat dit waarskynlik eerder weergegee moet word met "a soos b". Dit pas goed in die konteks: Nie net Efraim nie (d.w.s. die leiers), maar ook Israel (d.w.s. die volk) sal struikel vanweë hulle sonde (vgl. KBL bl. 104 nr. 16 vir die betekenis "vanweë" vir b<sup>e</sup>).

In vs. 6 en 7 gee die profeet meer besonderhede oor vs.6 hoe Efraim en Israel die gevolge van hulle sonde sou ervaar: Wanneer hulle met hulle offers kulties toenadering soek by JHWH sal hulle daarmee nie bereik wat hulle beoog nie. Die rede daarvoor is dat JHWH Hom aan hulle onttrek het. (hālas mehem is 'n kousale sin; vgl. Ges-K. par. 158a.) Korrekte kultiese handeling maak nie ongehoorsaamheid en eiewilligheid goed nie. Uitwendige vertoon met offers van klein- en grootvee (vs. 6a) kan JHWH nie om die bos lei nie omdat Hy Efraim en Israel ken (vs. 3v).

Deur die vooropstelling van byhwh en deur die gebruik van bekende huweliksterminologie wil die profeet benadruk dat die oortredinge baie dieper lê as verkeerde kultiese toenadering: Dit het gelê by die ontrou aan of verbondsbreuk teenoor JHWH wat gepleeg is deurdat die vrugbaarheidskultus aangehang is. Die buite-egtelike kinders wat verwek is tydens die beoefening van die

vrugbaarheidsrites, was 'n bewys van hulle ontrou (vs. 7a). Vs. 7b word deur die kommentatore verskillend verklaar. Die probleem lê hoofsaaklik by die term hōdeš wat as die subjek van yō'k<sup>e</sup>lēm beskou word. Verskeie voorstelle tot wysiging van die teks het al die lig gesien (bv. Wolff, Van Leeuwen). Hiervoor bestaan daar egter nie voldoende tekstkritiese gronde nie. Teenoor die heersende opvatting oor vs. 7b moet gestel word dat die ritmiese kombinasie van die versreël (2 + 2) die moontlikheid dat hōdeš as subjek beskou kan word, in 'n hoë mate uitsluit. Die enigste ander moontlikheid is om JHWH te beskou as die subjek van yō'k<sup>e</sup>lēm. Dit is nie net waarskynlik uit die vooropstelling van byhwh in vs. 7a nie, maar dit pas ook goed in 'n konteks waarin die optrede van JHWH naas dié van die volk gestel word (vs. 6). Indien hōdeš nie die subjek van die sin is nie, moet dit 'n tydsaanduiding wees wat parallel staan aan <sup>c</sup>attā. Die term hōdeš word hier dus adverbiaal gebruik. Die voorstelling dat JHWH deur middel van natuurrampe of oorlog sy vyande of volk "verteer", is nie 'n vreemde gedagte in die Ou Testament nie (vgl. bv. Am. 7:4). 'n Soortgelyke beeld word in 5:14 gebruik waar JHWH as 'n verskeurende leeu voorgestel word. heleq dui in vs. 7b die bewerkbare grond aan.<sup>3</sup> Die vrugbaarheid van die landerye was naas die persoonlike vrugbaarheid die kern waarom dit in die vrugbaarheidsgodsdiens gegaan het. Daarom sou JHWH die aanhangers van die vrugbaarheidskultus self en ook hulle landerye tot niet maak. Vs. 7 kan soos volg vertaal word:

"Teenoor JHWH was hulle ontrou  
 want hulle het buite-egtelike kinders verwek.  
 Nou gaan Hy hulle vernietig  
 hierdie maand nog gaan Hy hulle landerye verwoes."

Die presiese betekenis van die beeld wat in vs. 7b gebruik word, is nie heeltemal duidelik nie. Die tweede deel van vs. 7b sou konkreet kon verwys na 'n droogte:

---

3. Vgl. Jenni/Westermann, THAT I, kol. 577. Vgl. ook Am. 7:4.

As die laatreën in Maart en April uitbly, is dit fataal vir die oes.<sup>4</sup> Die verwagte opbrengs van die landerye kon werklik in een maand vernietig word as dit teen April nog nie gereën het nie (vgl. ook Am. 4:7a).

Die perikoop word oorheers deur aanklagte en oordele van JHWH. Dit is in die eerste plek gerig teen die kultiese en politieke leiers wat die godsdienstige beleid in die land bepaal het (vs. 1v). Alhoewel die owerheid deur die aanhang van die vrugbaarheidsgodsdiens die oorsaak was van die onrein toestand van die volk, word die volk nie uitgesluit by die oordele van JHWH nie. Die owerheid en die volk sou saam die gevolge van hulle sonde dra (vs. 5): Hulle kultiese toenadering tot JHWH met offers van beeste en kleinvee sou misluk (vs. 6). Die perikoop sluit af met 'n oordeelswoord waarin gestel word dat JHWH hulle en ook hulle landerye in die onmiddellike toekoms gaan vernietig.

## 6. Vertaling

- 1 Luister hierna, priesters!  
Gee aandag, leiers van Israel!  
Let op, koningshuis!  
Die regsbeslissing is vir julle bedoel:  
Julle het 'n wip gestel in Mispa;  
'n vangnet oopgesprei op Tabor
- 2 en 'n diep vanggat gegrawe in Sittim.  
Maar Ek gaan julle almal saam vasmaak!
- 3 Ek kén Efraim, en Israel is nie vir My weggesteek nie.  
Omdat jy nou in hoerery verval het, Efraim,  
is Israel verontreinig.
- 4 Hulle optrede by die heiligdomme maak dit vir hulle  
onmoontlik om na hulle God terug te keer,  
want daar is 'n hoergees tussen hulle  
en hulle is nie meer aan JHWH verbonde nie.
- 5 Die vermetelheid van Israel sal teen hom getuig  
en Israel sal saam met Efraim struikel vanweë hulle  
sonde:  
(Juda het ook saam met hulle gestruikel).
- 6 Met hulle offers van klein- en grootvee sal hulle  
by JHWH probeer toenadering soek.  
Dit sal egter nie slaag nie omdat Hy Hom aan hulle  
onttrek het!
- 7 Hulle was ontrou teenoor JHWH want hulle het buite-  
egtelike kinders verwek.

---

4. Vgl. D. Baly, The Geography of the Bible, Londen 1957, bl. 51 v.

Hy gaan hulle binnekort vernietig;  
hierdie maand nog gaan Hy hulle gesaaides verwoes."

### 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, kan met redelike sekerheid gedateer word in die tyd vóór die Assiriese ingryping in Palestina onder Tiglat-pileser III in 733 v.C.<sup>5</sup> Dit kan afgelei word uit die feit dat die owerheid in Efraim nog beheer gehad het oor die noordelike en transjordanse gebiede van die land (vgl. Tabor en Sittim in vs. 1). Die hoofstad Samaria was waarskynlik die plek waar die profesieë gelewer is (vgl. Wolff), aangesien die owerheid dáárgevestig was (vgl. vs. 1).

### 8. Breër verbande en perspektiewe

5:1 tot 7 sluit inhoudelik aan by die voorafgaande perikope. Die tema is nog steeds die aanhang van die vrugbaarheidskultus deur die volk. In die voorafgaande gedeeltes is die priesters pertinent genoem as die oorsaak dat die volk die vrugbaarheidsrites beoefen en is daar geïmpliseer dat die politieke owerheid ook daarvoor verantwoordelik is. In 5:1 v. word die priesters en politieke owerheid uitdruklik daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die kultiese wanpraktyke oor die hele land. Daar is met betrekking tot die beoordeling van die optrede van die volk 'n nuwe klank in 5:1 tot 7: In die twee voorafgaande perikope is die volk gewaarsku om van die heiligdomme af weg te bly en is daar gestel dat hulle hardkoppige weiering om dit te doen hulle daar bedroë van sou laat afkom. In 5:3 tot 7 word hulle volharding met die vrugbaarheidsgodsdien, terwyl hulle JHWH ook wil dien, getipeer as vermetelheid wat hulle sou laat struikel sáám met die kultiese en politieke leiers. JHWH sou hulle toenadering afwys en hulle vernietig.

---

5. Vgl. J. Bright, A history of Israel, Londen 1960, bl. 257.

5:8 - 6:61. Afgrensing

Die inleidende imperatiewe dui soos by 5:1 die begin van 'n nuwe perikoop aan. Die kommentatore huldig uiteenlopende menings oor die vraag waar die perikoop eindig. Sommige beskou vs. 15 as die einde van die eenheid en die kohortatiewe van 6:1 as die begin van 'n nuwe perikoop (Van Leeuwen, Ward, e.a.). Wolff is oortuig daarvan dat 5:8 tot 7:16 "eine kerygmatische Einheit" is, alhoewel hy toegee dat dit uit kleiner retoriese eenhede bestaan. Rudolph beskou 5:15 as die begin van 'n nuwe eenheid. Vir die doel van hierdie studie word 5:8 tot 6:6 voorlopig as 'n eenheid geneem: Ná die inleidende gedeelte (vs. 8 v.) gaan dit oor die optrede van Efraim en Juda tot by 6:6. Dit is die enigste plek in die boek waar die name Efraim en Juda (sónder die naam Israel) voorkom in 'n redelik omvangryke gedeelte. Alhoewel 6:7 só geformuleer is dat daar nie 'n skerp skeiding is ten opsigte van die voorafgaande nie, is dit duidelik dat 6:7 vv. met betrekking tot die hoorders 'n nuwe fokuspunt het (vgl. 6:11, 7:1).

2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks lewer baie min probleme op. In die volgende gevalle kan wysigings op grond van tekskritiese gegewens aangebring word:

- (i) By 5:11a het die Septuaginta aktiewe perfekta in plaas van die passiewe partisipia cāšūq<sup>en</sup> r<sup>e</sup>šūš. Die aktiewe vorme is grammatikaal beter verdedigbaar as die passiewe partisipia (vgl. Betekenis).
- (ii) By 6:5c is die lettergroepering van die Septuaginta, Siriese vertaling en Targum beslis beter as dié van die Masoretiese teks, naamlik wmšp̄ty k'wr yš' in plaas van wmšp̄tyk 'wr yš'.



### 3. Vorm

Die metrum het vanaf vs. 8 tot 15 geen vaste patroon nie: Die eerste twee versreëls (vs. 8a tot c en vs. 8d tot 9c) het dieselfde metrum naamlik 3 + 2 + 2. Daarna bestaan die metrum oorwegend uit tweevoetige versreëls met twee of drie heffings per versvoet. Vanaf vs. 12 word die metrum geleidelik swaarder totdat die versvoete drie of vier heffings bevat in vs. 13c tot 14b. In vs. 15 breek die swaarder metrum weer af na twee of drie heffings per versvoet.

In 6:1a tot 3a het die metrum 'n konsentriese patroon. (wnd<sup>c</sup>h in vs. 3a word by vs. 2c gevoeg omdat die bestaan van 'n enkelvoetige versreël met vier heffings nog nie met onbetwisbare sekerheid aangetoon is nie.) Die konsentriese patroon van die metrum word ook in die parallelisme van die twee versreëls weerspieël: Vs. 1a is aanvullend parallel aan vs. 1b en c wat 'n sinonieme parallelisme vorm. Vs. 2a en b vorm ook 'n sinonieme parallelisme waarby vs. 2c en 3a weer aanvullend parallel staan. Die subjekwisseling sluit ook hierby aan aangesien die eerste persoon meervoud die subjek en JHWH die objek is in vs. 1a en vs. 2c en 3a; terwyl JHWH weer die subjek en die eerste persoon meervoud die objek is in vs. 1b tot 2b.

Vanaf 6:3b bestaan die versvoete, met die uitsondering van vs. 6a, telkens uit drie heffings. Vs. 3c tot e en vs. 5 word metries beklemtoon deur die kombinasie 3 + 3 + 3.

Die hemistiges van die perikoop is oorwegend sinteties parallel aan mekaar. Die figuur (a//b)//c (of andersom) kom op verskeie plekke in die eenheid voor, naamlik 5:8a tot c, vs. 8d tot 9b; 6:1 en 2, vs. 3c tot e en vs. 5.

### 4. Struktuur

Volgens die struktuurontleding bestaan die perikoop uit drie dele: 5:8 en 9, 5:10 tot 15 en 6:1 tot 6.

- (i) 5:8 en 9. Hierdie deel bestaan uit drie kort spreuke. Die eerste spreuk word gekenmerk deur die imperatiewe in die meervoud en die drie plekname wat in elke hemistige voorkom. Die tweede bevat twee stam- of

streekname, terwyl die derde verwys na die stamme van Israel. Op grond van die oorgang na die eerste persoon enkelvoud in vs. 9d en e word vs. 8a tot c en vs. 8d tot 9c nouer aan mekaar verbind. Die totale afwesigheid van voegwoorde in vs. 8 en 9 is opvallend.

- (ii) 5:10 tot 15. Vs. 10 tot 14 bestaan uit drie spreuke wat ongeveer dieselfde struktuur het: Die optrede van Juda/Efraim in die perfektum word gevolg deur die optrede van JHWH in die imperfektum of in 'n nominale sin. Die optrede van JHWH staan telkens in die eerste persoon en is gekonstrueer as 'n vergelyking.<sup>1</sup>

In vs. 15 is die volgorde omgekeerd: Die optrede van JHWH (imperfektum) word gevolg deur die verwagte optrede van Efraim en Juda (imperfektum). Dit dien as 'n oorgang na die volgende eenheid.

- (iii) In 6:1 tot 6 word die woorde van Efraim en Juda in die direkte rede gevolg deur die woorde van JHWH. In die woorde van Efraim en Juda word die verwagte optrede van JHWH met drie vergelykings beskryf (vs. 3c tot e). Dit staan indirek teenoor die optrede van JHWH in die verlede (vgl. die drie vergelykings in 5:10b, 12 en 14a). In die antwoord van JHWH neem drie vergelykings ook 'n prominente plek in (vs. 4b en 5c).

Die drie eenhede word op grond van bepaalde inhoudsmomente aan mekaar verbind.

## 5. Betekenis

Met 'n drieledige oproep om alarm te maak waarsku die profeet in vs. 8a tot c dat iets buitengewoon gaan gebeur. Die šōfār en ḥāṣṣōṣrā is gewoonlik geblaas

vs. 8a-c

---

1. Vgl. E.M. Good, Hosea 5:8-6:6: An alternative to Alt, JBL 85 (1966), bl. 273-286.

wanneer daar gevaar was of tydens kultiese samekomste (vgl. byv. Num. 10:9v.). Dieselfde geld ook vir die alarmroep wat 'n vyandelike inval kon aankondig (bv. Jer. 6:1), of tydens die hoogtepunt van 'n kultiese prosesie opgeklink het.<sup>2</sup> Die naam van die heiligdom Bet-awen (vgl. 4:15) wys in die rigting van 'n kultiese optog by vs. 8. Vs. 9b sluit egter die moontlikheid van 'n kultiese prosesie uit en daarom moet aanvaar word dat dit in vs. 8a tot c gaan om waarskuwings voor 'n vyandelike inval. Die volgorde van die plekname sinspeel op 'n inval in die suide van Efraim uit die rigting van Jerusalem.<sup>3</sup>

Die meerderheid vertalings en kommentatore volg die masoretiese sinsindeling by vs. 8d en groepeer 'ahărēkā binyāmīn saam met vs. 8a tot c. Dit is moontlik dat metriese oorewegings 'n rol gespeel het by die woordgroepering van die masorete, aangesien die metrum met dié groepering vanaf vs. 8 tot 10 'n vaste patroon het (3 + 2, 2 + 2). Die volgende argumente plaas egter 'n vraagteken oor so 'n woord- en hemistige kombinasie: Die naam bēt 'āwen of bēt-'ēl word in die boek Hosea sonder voorsetsels gebruik waar die bedoeling baie duidelik is om te sê "na Bet-awen" of "by Bet-el" (vgl. 4:15; 12:5). Dit beteken dat die naam in hierdie gevalle, sonder dat dit blyk uit die masoretiese vokalisasie, as 'n lokatief gebruik word. Op grond van die parallelisme in vs. 8a tot c moet bēt 'āwen nie as 'n vokatief vertaal word soos meestal gebeur nie, maar as 'n lokatief (d.w.s. "maak alarm in Bet-awen"). Die oorgang na die tweede persoon in vs. 8d ('ahărēkā) toon dan ook dat vs. 8d by vs. 9b (tihyē) gegroepeer moet word. Die gebruikelike groepering (vs. 8a tot d en vs. 9a tot 9c) kan ook op inhoudelike gronde betwis word: Die stam- of streek=

2. Vgl. H.W. Herzberg, Die Bucher Josua, Richter, Ruth, Göttingen 1965, bl. 40 vv. i.v.m. Josua 6:10-20.

3. A. Alt, Hosea 5:8-6:6. Ein Krieg und seine Folgen in prophetischer Beleuchtung, in Kleine Schriften II, München 1953, bl. 163-187.

naam Benjamin pas nie by die voorafgaande plekname nie. Dit kan ook nie opsommend bedoel wees ná die drie plekname nie, aangesien Bet-el, alhoewel dit in die tyd van koning Josia tot die gebied van Benjamin gereken is,<sup>4</sup> in die agste eeu onteenseglik deel was van die gebied van Efraim.<sup>5</sup>

By vs. 8d begin daar dus 'n nuwe versreël. Die vs.8d-9c kommentatore beskou binyāmīn in vs. 8d as 'n vokatief en betrek die suffiks in 'aḥārēkā daarop. Dit is egter meer voor-die-hand-liggend dat die tweede persoon van die suffiks en die tweede persoon van die werkwoord in vs. 9b albei na Efraim verwys. Verder dra 'aḥārēkā van=weë sy posisie 'n bepaalde klem. Vs. 8d tot 9a kan dus soos volg vertaal word:

"Benjamin is agter jǒú in, Efraim!  
Jy gaan verwoes word ..."

Dit sluit goed aan by vs. 8a tot c waarin daar gewaarsku word teen 'n vyandelike inval in Efraim vanuit die suide. Die vyand word geïdentifiseer as Benjamin wat daarop uit is om Efraim te verwoes.

Alhoewel die vyand met die naam Benjamin aangedui word, is dit duidelik dat ook Juda daarby ingereken moet word.<sup>6</sup> Benjamin was nie in die agste eeu polities selfstandig nie en het in die tradisionele vete tussen Israel en Juda by laasgenoemde behoort (vgl. I Kon. 12:21). Die pertinente verwysing na Benjamin hang waarskynlik saam met die verwysings na die plekname Gibeā en Rama wat deel was van die Benjaminitiese gebied (vgl. Jer. 31:15 en Jos. 18:25 i.v.m. Rama). In die tyd van Baesa het Israel probeer om Rama as 'n vestingstad téén Juda uit te bou. Die poging het egter misluk (II Kon. 15:16 tot 22) en Rama het Benjaminities-Judese

---

4. Vgl. Jos. 18:22 asook die bespreking by H.W. Herzberg, a.w., bl. 110.

5. Teen A. Alt, a.w., bl. 166.

6. A. Alt, a.w., bl. 165 vv.

gebied gebly.<sup>7</sup> Vs. 8a tot c impliseer egter dat Gibeā en Rama onder beheer was van Efraim toe die profesie uitgespreek is (Rudolph). Omdat die regte van die Benjaminiete aangetas is deur 'n suidwaartse uitbreiding van Efraimitiese beheer, word Benjamin pertinent genoem wanneer die profeet 'n teenoffensief uit die suide (vgl. tōkēhā) in die vooruitsig stel.

Vs. 9d en e sluit die eenheid wat by vs. 8 begin vs.9d en e het, af. Die uitdrukking bešibṭē yiśrā'el kan moontlik daarop dui dat Hosea die voorafgaande profesie uitgespreek het tydens 'n kultiese saamtrek by 'n heiligdom. Met die woorde hōda<sup>c</sup>tī ne'ēmānā beklemtoon die profeet dat die verkondigde woord gerealiseer sal word. hōda<sup>c</sup>tī moet as konstaterende perfektum met praesentiese betekenis verstaan word.

Vs. 8 en 9 skep die indruk van afgerondheid. Verder gee die bevel om alarm te maak (vs. 8a tot c) en die afsluitende bevestiging (vs. 9d en e), tesame met die kort hemistiges wat asindeties verbind, daaraan 'n dringende en onheilspellende toon.

Vs. 10 bestaan, soos die volgende spreuke, uit 'n vs.10 aanklag waarin dit gaan oor die optrede van 'n bepaalde groep, gevolg deur 'n teenmaatreël van JHWH. Die terminologie van vs. 10a-ii kom ooreen met die terminologie van een van die verbondsbepalings wat die sosiale orde tussen die deelnemers aan die verbond gereël het (Deut. 27:17).

Die vorste van Juda word verwyt dat hulle opgetree het soos diegene wat grensbakens verskuif (Wolff). Uit die vergelyking is dit duidelik dat dit nie hier gaan oor sosiale onreg wat in Juda gepleeg is nie, maar oor iets anders wat daarmee vergelyk word. In vs. 13 en 14 gaan dit baie duidelik oor politieke optrede deur Efraim en Juda. As ons daarby in ag neem dat vs. 10 volg ná 'n

---

7. K. Elliger in Biblisch-Historisches Handwörterbuch, Göttingen 1966, deel III kol. 1548 v.

gedeelte waarin daar sprake is van 'n inval in Efraim uit Juda, dan is dit voor-die-hand-liggend om by vs. 10a te dink aan een of ander politieke vergryp deur die leiers van Juda. Die meerderheid kommentatore beskou vs. 10a dan as 'n beskrywing van die nadraai van die Siro-Efraimitiese inval in Juda. Volgens dié beskouing het die Judese leiers die geleentheid aangegryp om grond wat aan Efraim behoort het, te annekseer. Alhoewel daar elders in die Ou Testament nie na so 'n gebeure verwys word nie, is dit 'n baie waarskynlike verklaring vir vs. 10a. Die terminologie (wat kom uit die sfeer van die optrede teenoor die verbondgenoot) wys naamlik in die rigting van 'n oortreding teenoor die broedervolk Efraim.

JHWH straf hierdie oortreding deur sy toorn oor hulle uit te giet "soos water". Die bedoeling van die vergelyking is blykbaar dat JHWH se oordeel die skuldiges soos 'n vloed sal oorspoel en meesleur.

Indien die verklaring korrek is dat dit in vs. 8v gaan om 'n vyandelike inval uit Juda en in vs. 10 om die politieke vergrype van Juda tydens of na die inval, dan is dit duidelik dat vs. 8v. en vs. 10v. nie by dieselfde geleentheid uitgespreek is nie, maar dat vs. 10 dateer uit 'n tyd ná die verwagte inval uit die suide (vgl. Agtergrond).

Vs. 11b motiveer vs. 11a en die twee versreëls vs.11a-12a is sinteties parallel aan mekaar. Ná vs. 11 volg 'n adversatiewe sin (vs. 12a), waarin die optrede van JHWH gestel word teenoor dié van Juda en Efraim. Vs. 12 is minder lomp wanneer ḥšq en rsš as aktiewe perfekta gelees word (vgl. Tekskritiek). Dit pas ook beter in die struktuurpatroon van die eenheid as geheel (vgl. Struktuur).

Die passiewe vokalisasie van die Masoretiese teks is waarskynlik beïnvloed deur gedeeltes soos Deut. 28:29 en 33 waarin (m.b.t. ḥšq en rsš) die neiging tot 'n vaste uitdrukking merkbaar is. Die passiewe vorme kan ook moontlik die gevolg wees van 'n poging tot aktualisering van die teks in 'n tyd

toe Efraim as staat nie meer bestaan het nie. Die uitbreiding ton antidikon in die Septuaginta toon nie, soos Rudolph beweer, dat die aktiewe vorme sekondêr is nie, maar dat die vertalers oortuig was dat šq en ršš as aktiewe vorme gelees moet word.

Terwyl die oortreding van die leiers van Juda in vs. 10 gestel is, word dié van Efraim dus in vs. 11 gestel. Die terminologie waarmee dit beskryf word, is óók soos by vs. 10 afkomstig uit dié verbondsbepalings wat die sosiale orde in Israel gereël het en wat verder ook in die seën en vervloekingspreuke van die verbond voorgekom het (vgl. Deut. 24:14; 28:29, 33). Efraim word verwynt dat hy onreg gepleeg het (šq) en dat hy die mišpāt verbreek het. Die term mišpāt het 'n wye reeks betekenismoontlikhede. In vs. 11 dui dit na alle waarskynlikheid op die ordenende bepaling van die verbond wat die onderlinge verhouding tussen die lede van die verbondsvolk gereël het.

In vs. 11b word die rede gegee vir die aanklag in vs. 11a: Efraim het volgehou om šāw te volg. Die term šāw is 'n hapax legomenon en hou vermoedelik verband met šō'ā, "ontlasting" (vgl. die Siriese vertaling en Targum). šw is moontlik die Efraimitiese ekwivalent van šō'ā en moet waarskynlik as šō gevokaliseer word.

Daar is naamlik verskeie voorbeelde op die Samaria-ostraka van sametrekking en 'n verkorte skryfwyse gemeet aan die Judese standaard.<sup>8</sup> Daar is twee moontlikhede waarop šw kan sinspeel:

- (i) Dit kan 'n kollektiewe verwysing wees na afgode. As parallel vir hierdie moontlike gebruik kan verwys word na gillulīm wat op verskeie plekke in die Ou Testament as 'n spottende verwysing na die afgode

---

8. Vgl. D. Diringer en S.P. Brock, Words and meanings in early Hebrew inscriptions, artikel in Words and meanings (onder redaksie van P.R. Ackroyd en B. Lindars), Cambridge 1968, bl. 39-41.

voorkom. 'n Verwysing na die afgode pas egter nie in die totale konteks van 5:8 tot 14 nie (Van Leeuwen).

(ii) Waarskynliker verwys dit na die Arameërs (Wolff), of na die Aramese koning Resin, die medeleier van die Siro-Efraimitiese koalisie teen Assirië. Ons het hier dan 'n terugblik op gebeure voor en tydens die Siro-Efraimitiese inval in Juda.

Indien hierdie verklaring korrek is, beteken dit dat Efraim onreg gepleeg het en die verbondsbepalings verbreek het toe hy hom met die Arameërs verenig het teen Juda, die medelid van die verbondsvolk.

Vs. 12 is 'n adversatiewe sin waarin JHWH se optrede teenoor Efraim en Juda beskryf word. Uit die feit dat Efraim en Juda saam genoem word in vs. 12, kan afgelei word dat vs. 10 en 11 bymekaar hoort. Soos in die geval van vs. 10 word die teenoptrede van JHWH met behulp van 'n vergelyking beskryf. Uit wat in vs. 13 volg (ḥolyō) en uit die vergelyking self is dit duidelik dat cāš in vs. 12 nie soos gewoonlik "mot" beteken nie, maar "sweer" of "abses" (vgl. Wolff en Van Leeuwen). Wanneer JHWH sê dat Hy soos 'n abses is vir Efraim en soos beentering (rāqāb) vir die huis van Juda, beteken dit dat Hy op grond van die vyandskap tussen die twee lede van die verbondsvolk (vs. 10 en 11), hulle stadig maar seker vernietig.

Vs. 13 sluit by vs. 12 aan deurdat dit Efraim en Juda vs.13 se reaksie op die optrede van JHWH beskryf. Daar is 'n oneffenheid in vs. 13 in soverre die naam van Juda wat in vs. 13a voorkom, ook in vs. 13bii verwag word. Uit vs. 14a waar Efraim en die huis van Juda saam veroordeel word, kan afgelei word dat Juda implisiet betrokke is by die optrede wat in vs. 13b beskryf word.

In vs. 13b word šlḥ elipties gebruik in die betekenis van "'n afvaardiging stuur". Die Septuaginta het die betekenis korrek weergegee deur te vertaal apesteilen presbeis. Die meerderheid kommentatore hergroepeer die letters van mlk yrb



en lees malkī rāb (vgl. Wolff). Rudolph handhaaf die masoretiese verdeling en beskou yāreḇ as 'n adjektief van die Aramese woord yrb ("groot wees"). Teenoor die standpunt van Rudolph kan gestel word dat die titel mlk rb voorkom op die Aramese Sefīre-inskripsies.<sup>9</sup> Dit maak sy lesing onwaarskynlik en bied gedeeltelik steun vir die lesing mlky rb (vgl. Ges-K. par. 901 vir die ḥīreq compaginis). Uit die parallelisme (vgl. ook 10:6), is dit duidelik dat mlky rb na die Assiriese koning verwys. Dit moet dan 'n Hebreuse weergawe wees van šarru rabū, een van die titels van die Assiriese koning. Die titel "grootkoning" was in die Hetitiese, Assiriese en vermoedelik ook Aramese wêreld by uitstek die titel vir die opperkoning wanneer dit gegaan het oor sy seggenskap oor vasalvorste. Hierdie nuanse wat die titel in die wêreld rondom Israel gehad het, pas besonder goed in die konteks van Hos. 5:10 tot 14: Die aanklag teen Efraim (en Juda) is dat hulle hulp gesoek het by Assirië en hulle as vasalle verbind het aan die Assiriese koning terwyl JHWH die "opperkoning" van Efraim en Juda is. Binne die gedagtestruktuur van die verbond was dit hoogverraad om hulp te soek by 'n ánder heer.<sup>10</sup>

Vs. 13 stel teenoor die voorafgaande, dat die Assiriese koning magteloos is om Efraim en Juda te genees en die sweer gesond te maak. Uit die oorgang na die tweede persoon kan afgelei word dat daar waarskynlik onder die gehoor van Hosea persone of groepe teenwoordig was wat medeverantwoordelik was vir die voetvallery by Assirië.

Vs. 14 gee die rede waarom die Assiriese opperheer vs.14 nie in staat was om te help nie: JHWH Self het Efraim en Juda in die noodsituasie laat beland. Dit was al duidelik by vs. 12, maar in vs. 14 word dit met 'n nuwe en

---

9. Vgl. J.A. Fitzmyer, The Aramic inscriptions of Sefīre, Rome 1967, bl. 16v., 61.

10. Vgl. J. Wijngaards, Death and resurrection in covenantal context (Hos. VI 2), artikel in VT 17 (1967), bl. 236.

treffender beeld tot uitdrukking gebring: JHWH tree soos 'n verskeurende leeu op teenoor die twee broedervolke. Hulle is sy prooi wat Hy wegdra. In só 'n situasie kan niemand ingryp of hulp verskaf nie (vs. 14b).

Die terminologie van vs. 14b vertoon 'n merkwaardige ooreenkomst met die terminologie van Deut. 32:39 (vgl. ook Deut. 28:27 tot 29 en Ps. 50:22). Soos by vs. 10 en 11 is die ooreenkomst in terminologie 'n addisionele argument dat dit in vs. 10 tot 14 gaan oor oortredings van die verbond met JHWH; in hierdie geval op die politieke terrein.

Vanaf vs. 10 is daar 'n bepaalde ontwikkeling wat 'n hoogtepunt bereik by vs. 14:

- (i) Die aard van die oortredings van Efraim en Juda toon 'n stygende lyn: In vs. 10 is die aanklag vyandige optrede teenoor 'n medelid van die verbondsvolk. In vs. 11 is daar sprake van 'n buitestander wat betrek word by die vyandskap teen die broedervolk. In vs. 13 gaan dit oor in openlike opstand teen die Verbondsgod.
- (ii) Die teenoptrede van JHWH verhewig dienooreenkomstig. Hy giet sy toorn uit "soos water"; dan word Hy "soos 'n siekte" en uiteindelik "soos 'n leeu".
- (iii) Dit loop parallel met die toename in die aantal stiges per spreuk en die metrum wat vanaf vs. 10 tot vs. 14 geleidelik swaarder word. Die hoogtepunt van vs. 10 tot 14 lê dus formeel en inhoudelik by vs. 14 waar die absolute noodsituasie van Efraim en Juda geskets word.

In die lig van hierdie logiese opbou waarin vs. 13v. duidelik die voorafgaande veronderstel, is dit die beste om vs. 10 tot 13 plusquamperfekties te vertaal (vgl. Vertaling).

In vs. 15a word die beeld van die leeu voortge=vs.15  
 sit: Hy keer naamlik terug na sy lêplek. Dit is  
 nie duidelik wat die funksie van die kohortatief 'āšūbā  
 is nie. Dit kan bloot 'n poëtiese vorm wees sonder enige  
 besondere betekenis (Ges-K. par. 108g). Die imperfektum  
 'ēlek wat náás 'āšūbā gebruik word, wys in dié rigting.  
 Die kohortatief kan ook die nuanse van 'n optatief hê  
 (Ges-K. par. 108f). Die waarskynlikste verklaring vir die  
 kohortatief is egter dat dit funksioneer in 'n spreuk wat  
 as 'n alleenspraak gestileer is (Ges-K. par. 108). Dit  
 verklaar die andersins ongemotiveerde oorgang na die derde  
 persoon in vs. 15b en c.

Soos wat soms in die Ou Testament gebeur, laat die pro=  
 feet die beeldspraak van vs. 14a tot 15a in vs. 15b onver=  
 wags vaar.<sup>11</sup> Vs. 15b en c verduidelik dat die optrede van  
 JHWH wat Efraim en Juda in 'n noodsituasie laat beland het,  
 daarop gemik was om hulle tot Hóm te laat terugkeer. Die  
 term 'šm het, parallel met bqš pny, die betekenis "probeer  
 goedmaak" of "skuld bely" (vgl. Betekenis by 4:15). Uit  
 die gebruik van bqš pny is dit duidelik dat vs. 15b na die  
 besoek aan 'n heiligdom verwys. Dit gee aan vs. 15a 'n  
 dubbelsinnige betekenis aangesien māqōm ook 'n heiligdom  
 kan aandui (vgl. bv. Gen. 12:6; 28:11 tot 19; 35:7 tot  
 15). Die "plek" van JHWH blyk dus 'n heiligdom te wees  
 waar Hy die skuldbelydenis en verootmoediging van Efraim  
 en Juda afwag.

šhr (Ges-K. par. 60e) is 'n bekende term in die wysheids=  
 literatuur (bv. Spr. 7:15; 8:17, Job 24:5), maar kom ook  
 voor in tekste met 'n kultiese agtergrond (bv. Ps. 63:2).  
 Uit Ps. 78:34 waar šhr parallel met drš gebruik word, kan  
 afgelei word dat die term in verband kan staan met die  
 orakel.

In vs. 15 sê JHWH dus dat die krisis (šar) waaruit hulle  
 hulself nie kon red met diplomatieke maneuvers nie

---

11. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl. 48.

en waaruit die Assiriese koning hulle ook nie kon verlos nie, hulle sou dwing om by Hóm raad en hulp te soek.

6:1 sluit formeel en inhoudelik aan by die vs.6:1-3 voorafgaande: Die bewoording van 6:1a kom merkwaardig ooreen met dié van vs. 15a (hlk + šwb 'l). Die terme trf en rp' wat in 6:1 weer opgeneem word, toon ook dat daar verband is met vs. 14. Daarby verwoord 6:1 tot 3 die verwagte terugkeer na JHWH waarvan in vs. 15 sprake is. Die Septuaginta, Siriese vertaling en Targum het hierdie inhoudelike verband weergegee deur die invoeging van lē'mōr tussen 5:15 en 6:1

In vs. 1 reageer Efraim en Juda (vgl. vs. 4) positief vs.1 op die voorafgaande verkondiging van die profeet. Met die oproep l<sup>e</sup>kū word daar ongetwyfeld verwys na die besoek aan 'n heiligdom (Van Leeuwen; vgl. ook Ps. 122:1, Sag. 8:21). Met die kohortatief nāšūbā wat afhanklik is van die imperatief (l<sup>e</sup>kū), word 'n voorneme uitgedruk (Ges-K. par. 108d). In vs. 1a gee Efraim en Juda dus hulle voorneme te kenne om na JHWH terug te keer.

In vs. 1b en c word hierdie voorneme met twee parallelle sinne gemotiveer. Dit is nie duidelik of yak (vs. 1c) 'n jussiewe vorm is met die betekenis van 'n praesens, dus "Hy slaan ons, maar sal ons genees," (Van Leeuwen; vgl. ook die Septuaginta), en of dit 'n preteritumvorm is nie. Die laaste moontlikheid is die waarskynlikste. Uit die vooropstelling van hū' (vs. 1b), is dit duidelik dat Efraim en Juda besef dat JHWH alleen verantwoordelik is vir die krisis waarin hulle beland het. Die dodelike wonde waarmee hulle geslaan is, is deur JHWH toegedien en Hy alleen kan weer herstel bring!

Dit is weer eens opvallend dat die terminologie sterk ooreenkoms vertoon met gedeeltes uit die seën- en vervloekingsspreuke van Deuteronomium (vgl. bv. die gebruik van nkh met JHWH as subjek in Deut. 28:22, 27, 28, 35). Daar is ook inhoudelike ooreenkoms met Deut. 32:39 (vgl. Agtergrond).

Vs. 2 bou die verwagting dat JHWH sal herstel vs.2a-3a en genees verder uit. Die woorde "Hy sal ons laat herlewe na twee dae; op die derde dag sal Hy ons laat opstaan," het deur die eeue verskillende verklarings na vore gebring (vgl. bv. die imperatiewe vertaling van die Targum). Moderne kommentatore verklaar vs. 2a en b gewoonlik op een van die volgende wyses:

- (i) Sommige (waaronder Wolff) beskou y<sup>e</sup>hayyēnū en y<sup>e</sup>qimēnū as terme wat die herstel ná 'n siekbed aandui en meen dat die tydsaanduiding miyyōmayim, bayyōm hašš<sup>e</sup>līšī slegs poëtiese waarde het en "binnekort" beteken. Die terminologie van vs. 5 (hšb en hrq) plaas egter 'n vraagteken oor die verklaring dat die beeld wat in vs. 2 gebruik word dié van 'n sieke is wat vinnig herstel.
- (ii) Ander kommentatore interpreteer vs. 2 teen die agtergrond van die vrugbaarheidsgodsdiens waar die herlewing van die vrugbaarheidsgod een van die basiese mitologoumena was. Die grootste beswaar teen hierdie interpretasie is dat dit wat vir die god gegeld het, nie sonder meer op mense oorgedra kan word nie (vgl. Van Leeuwen vir verdere besware daarteen).

Die beste verklaring tot dusver is dié van J. Wijngaards<sup>12</sup> wat die terme y<sup>e</sup>hayyēnū en y<sup>e</sup>qimēnū in verband bring met die verdragsterminologie van die Hetiete, waarin "laat herlewe" soveel beteken as "in die verdrag herstel". Hierdie betekenis pas besonder goed in die konteks van 5:10 tot 6:6. Wanneer Efraim en Juda, wat die verbond verbreek het (5:10 tot 14) hulle voorneem om na JHWH terug te keer, verwag hulle dat Hy hulle wéér in die verbond sal opneem. Dat dit ná twee dae, op die derde dag sou gebeur, hou verband met die gebruik dat die verbond op die oggend van die derde dag gesluit of hernu is<sup>13</sup> (vgl. Ex. 19:10 vv., ook Ex. 5:3).

12. J. Wijngaards, a.w., bl. 226-239.

13. A. van Selms, soos aangehaal deur C. van Leeuwen, a.w., bl. 138.

Hierdie verklaring word deur Van Leeuwen afge= wys, maar hy doen dit sonder goeie gronde. Die aanklag teen Juda en Efraim was praktiese ver= breking van die verbond (5:10 tot 13). Die reaksie van JHWH daarop word beskryf met die terminologie wat treffend ooreenkom met die terminologie waarmee die verbondsverbreker in Deuteronomium bedreig word (vgl. hierbo). In die verdere reaksie van JHWH (vs. 4 tot 6) staan die term hesed, wat by uitstek binne die konteks van die verbond gebruik word, sentraal. Ook die volgende perikoop (vgl. 6:7) bevestig dat dit in 5:10 tot 6:6 gaan oor die verbreking en moontlike hernuwing van die verbond. Daarom pas die betekenis wat Wijngaards met goeie gronde vir vs. 2a en b voorstel, uitstekend in die ver= band.

In 'n gevolgsin (vs. 2c, 3a) word die resultaat van die verwagte hernuwing van die verbondsverhouding geskets: Om "voor die aangesig van JHWH" te lewe, beteken soveel as "onder sy beskerming" lewe.<sup>14</sup> Toe Efraim en Juda die verbond verbreek het, het hulle JHWH se vyandskap ervaar; wanneer dit herstel is, sal hulle weer sy be= skerming geniet (vgl. in dié verband Gen. 17:18 v., waar "voor u aangesig lewe" betrekking het op die verbond met God).

wnd<sup>c</sup>h staan aanvullend by vs. 2c (vgl. Vorm). Die kohor= tatief is egter nie 'n goeie parallel by vs. 2c nie en daarby verwag mens 'n objek ná wnd<sup>c</sup>h. Op grond hiervan is dit beter om die h aan wnd<sup>c</sup>h as 'n verkorte vorm van die manlike enkelvoudige suffiks te beskou en die woord as w<sup>e</sup>nēda<sup>c</sup>hu te vokaliseer. Die suffiks het dan, soos by l<sup>e</sup>fānāw, betrekking op JHWH (vgl. ook vs. 3b). Binne die

---

14. Vgl. A. van Selms, Genesis deel I, Nijkerk 1967, bl. 237.

raamwerk van die verbond het yā<sup>c</sup> dikwels die betekenis van "verbonde wees aan", of "as heer erken".<sup>15</sup> Dit sluit goed aan by die voorafgaande: Efraim en Juda verwag om as resultaat van die verbondsvernuwing onder JHWH se beskerming te leef, terwyl hulle Hom erken as hulle Heer.

Die sinskonstruksie by vs. 3b tot e is byna vs.3b dieselfde as dié van vs. 1a tot 3a: Die spreuk begin met 'n kohortatief in die meervoud en JHWH is die direkte of indirekte objek van die handeling. Hierdie oproep word onderbou met 'n stelling oor die toekomstige optrede van JHWH (vs. 3c), waarna 'n gevolg sin die resultaat vir die sprekers aandui (vs. 3d en e).

Die kohortatiewe oproep in vs. 3b neem die laaste gedagte van die vorige strofe op: Efraim en Juda moet hulle daarop toelê om JHWH te erken as hulle Heer. Dit is moeilik om presies te bepaal wat die verband is tussen vs. 3b en c. Vs. 3c kan moontlik 'n asindetiese relatiewe sin wees by vs. 3b, maar dit is meer waarskynlik 'n redegewende sin sonder kī (Ges-K. par. 158a). Die nominale sin druk in hierdie geval sekerheid uit (Ges-K. par. 140e). Die oortuiging dat die openbaring van JHWH 'n werklikheid sal word, blyk ook uit die posisie van nākōn in die sin (Ges-K. par. 141 l) sowel as die beeld wat gekies word. Die oproep tot verbondenheid aan JHWH is dan gegrond op die vaste vertrouwe dat sy verskyning so seker is soos die dagbreek.

Vs. 3d is 'n gevolg sin ná vs. 3c. Vs. 3e word gewoonlik as 'n asindetiese relatiewe sin by vs. 3d beskou. Dit bied 'n verklaring vir die masoretiese vokalisering - k<sup>e</sup>malqōš, aangesien die lidwoord gewoonlik ontbreek wanneer 'n woord nader bepaal word deur 'n relatiewe sin (Ges-K. par. 126p). Dit is egter eenvoudiger om vs. 3d en

---

15. Vgl. Jenni/Westermann, *THAT*, deel I, kol. 692 asook H.B. Huffman, *The treaty background of Hebrew yāda<sup>c</sup>*, art. in Bulletin of the American Schools of Oriental Research, vol. 181, Baltimore 1966, bl. 31 vv.

e te beskou as twee parallelle sinne met JHWH as subjek by albei.<sup>16</sup> yōrē is na alle waarskynlikheid 'n wisselvorm vir yarwē (Rudolph) en kan die beste vertaal word met "deurdrenk" of "laat reën" (vgl. 10:12 vir lg. betekenis). Wanneer gesê word dat JHWH die land sal deurdrenk, dui dit nie noodwendig op sinkretisme met die vrugbaarheidsgodsdiens (soos Rudolph beweer) nie, maar is dit 'n beeld om die vernuwende en verkwikkende gevolge van JHWH se verwagte ingryping in die noodsituasie van Efraim en Juda uit te druk (vgl. bv. Ps. 68:10).

In vs. 3c tot e kom belangrike elemente van 'n epifaniebeskrywing na vore:<sup>17</sup> JHWH "verskyn" (ys', vgl. Rig. 5:4, Ps. 68:8, Jes. 26:1) en "kom" (bw', vgl. Deut. 33:2, Hab. 3:3) na sy volk. Dit het bepaalde gevolge in die natuur waaruit die volk voordeel trek (vs. 3e, vgl. ook Ps. 68:10).

Soos in die meeste gevalle in die Ou Testament is die epifaniemotief in Hos. 6:3 ook 'n heilsmotief.

Die reaksie van JHWH (vs. 4 tot 6) is vanuit vs.4-6 die standpunt van Efraim en Juda nie baie bemoedigend nie. Hulle toenadering word nie afgewys nie, maar JHWH stel dit duidelik dat die saak nie so eenvoudig is as wat hulle gedink het nie. Die retoriese vrae waarmee die antwoord van JHWH ingelei word, bring dan ook die tekortkoming van Efraim en Juda se boetedoening (vs. 1 tot 3) na vore: Hulle wil terugkeer na JHWH en aan Hom verbonde wees, maar hulle verbondstrou (hesed) is totaal onbestendig. Hierdie onbestendigheid word treffend uitgedruk met die beeld van die oggendnewel en die dou (vs. 4b). Die twee vergelykings in vs. 4b is duidelik 'n bedoelde teëhanger vir die twee vergelykings in vs. 3d en e.

Cal-ken verbind vs. 5 met die voorafgaande. Soos by 4:3

---

16. So ook Hvidberg, soos aangehaal deur Rudolph.

17. Vgl. C. Westermann, Das Loben Gottes in den Psalmen, Göttingen 1963, bl. 69 vv. Vgl. ook A. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 28 v.



en 13 het <sup>c</sup>al-ken hier ook die betekenis van "omdat dít die situasie is." Die onbestendige verbondstrou van Efraim en Juda was dus in die verlede die grond vir JHWH se vernietigende optrede teen hulle. Sy optrede word beskryf met die terme hšb en hrg. Die betekenis moontlikhede wat KBL gee vir hšb, pas nie goed in die konteks nie. Die parallelisme met hrg wys eerder in die rigting van "dood=slaan" of "afmaai".<sup>18</sup> Uit die parallelisme tussen vs. 5a en b is dit ook duidelik dat die voorsetsel in bann<sup>e</sup>bī'īm (vs. 5a) die sogenaamde bēt-instrumenti is (d.w.s. "deur die profete"). Die ontbrekende suffiks by hāšabtī in vs. 5a moet ook op grond van die parallelisme aangevul word (nl. derde persoon meervoud). Dit is nie duidelik waarom die derde persoon suffiks in vs. 5 gebruik word ná die tweede persoon in vs. 4 nie. Sommige kommentatore meen dat die derde persoon suffiks asook die meervoudsvorm n<sup>e</sup>bī'īm daarop dui dat hier verwys word na gebeurtenisse uit die verlede van die verbondsvolk. Op grond van die gebruik van <sup>c</sup>al-ken is dit egter ondenkbaar om te veronderstel dat Efraim en Juda wat in vs. 4a aangespreek word, daarby uitgesluit is. Die gebruik van die derde persoon suffiks maak waarskynlik die spektrum wyer as "Efraim" en "Juda" wat in vs. 4 direk aangespreek word, maar sluit hulle beslissig nie uit nie.

Die inhoud van vs. 5a en b moet as deel van die antwoord van JHWH ook in verband gesien word met vs. 1 tot 3. Daar is (soos by vs. 2a en b aangedui) 'n verband tussen die verwagting dat JHWH Efraim en Juda sal lewend maak (vs. 2a en b) en die stelling dat Hy hulle in die verlede doodgemaak het (vs. 5a en b). Die terme hšb en hrg moet binne die raamwerk van die verbond verstaan word (vgl. vs. 2). Die ontsegging van die verbondsbeskerming (vgl. die byvoegings bann<sup>e</sup>bī'īm en b<sup>e</sup>,imrē-fī) kan letterlik uitloop op die siekte en dood van die afhanklike (vgl. Deut. 28),

---

18. Vgl. C.H. Gordon, Ugaritic manual, Rome 1955, deel III, bl. 268, nr. 734 vir dieselfde betekenis van hšb.

maar dit kan ook as beeldspraak dien vir die teëspoedige toestand waaraan die afhanklike by die beëindiging van die verbond uitgelewer word. By vs. 5a en b moet met albei die moontlikhede tegelyk rekening gehou word.

Ward meen dat die naam Efraim in 5:11 tot 6:4 die staat Israel aandui. Hierdie afleiding van Ward is korrek aangesien die politieke inisiatief wat aan Efraim toegeskryf word in 5:13 by die werksaamhede van die staat tuishoort. Verder staan die naam Efraim in 5:10 tot 6:4 op dieselfde vlak as śārē y<sup>e</sup>hūdā, bēt y<sup>e</sup>hūdā en y<sup>e</sup>hūdā. In hierdie geval is dit al drie benaminge wat gebruik word om 'n groep wat die staat Juda verteenwoordig, aan te dui (vgl. Agtergrond). Dit is ook uit ander gedeeltes in die Ou Testament duidelik dat die hernuwing van die verbond plaasgevind het op inisiatief van en onder leiding van diegene wat die politieke en godsdienstige beleid bepaal het (vgl. Jos. 24:1, II Kon. 23:1, II Kron. 29:20, Esra 9:1 vv.; 10:14, Neh. 9:38; 10:29). Alhoewel die volk nie in hierdie geval uitgesluit is nie, lê die klem by die gebruik van die naam Efraim in 5:11 tot 6:4 op die staat as die verantwoordelike liggaam wat die inisiatief neem op politieke en godsdienstige gebied.

Vs. 5c staan aanvullend parallel by vs. 5a en b. Op grond hiervan moet yš' as perfektum gevokaliseer word.<sup>19</sup> Hierdie versreël is baie duidelik bedoel as 'n teëhanger vir vs. 3c: Die volk verwag dat JHWH so seker soos die dagbreek sal verskyn (vs. 3c). JHWH stel egter dat sy oordele (vgl. Tekskritiek) soos die lig tevoorskyn gekom het. mišpāṭay het in aansluiting by vs. 5a en b, die betekenis van "veroordelings" of "regterlike beslissings", wat gevel is deur JHWH by monde van die profete. Hierdie oordele

---

19. Vgl. A. Alt, a.w., bl. 182 vv.

of beslissings oor Efraim en Juda het, soos afgelei kan word uit 5:10 tot 6:2, 'n vernietigende werklikheid ge=word. By die profetiese verkondiging en oordele van JHWH waarna vs. 5 verwys, is dié van Hosea ongetwyfeld inge=sluit (vgl. 1:4 tot 8; 2:12 tot 15; 4:4 tot 14; 4:19; 5:1 tot 7).

kī verbind vs. 6 nie alleen met vs. 5 nie, maar ook met vs. 4. Inhoudelik lê die swaartepunt van JHWH se antwoord by vs. 6. Die enigste probleem wat hierdie vers bied, is die vraag of w<sup>e</sup>lō' as gewone negasie bedoel is en of dit 'n relatiewe negasie is (d.w.s. "nie slegs ..."). Daarmee hang saam die vraag of min in vs. 6a ii privaatiewe of komparatiewe betekenis het (vgl. Rudolph). Die eenvoudigste verklaring binne die konteks is om w<sup>e</sup>lō' (anders as Rudolph) as 'n relatiewe negasie te beskou en min kompara=tief te vertolk. Vs. 6 kan dan soos volg vertaal word:

"Want Ek verwag verbondstrou eerder as slagoffers en (verkies) verbondenheid aan God bo brandoffers."

Daarmee is die kern van die probleem met betrekking tot die terugkeer van Efraim en Juda na JHWH aangedui. Hulle het gedink dat die belangrikste voorwaarde vir die her=stel van die verbondsverhouding die uiterlike kultiese handeling was. Daarteenoor stel JHWH dat nie die offers nie, maar die persoonlike verbondenheid aan Hom die essensiële is. Daarmee is die toenadering van Efraim en Juda as sodanig nie afgewys nie, maar word die wyse waarop hulle dit wou doen, afgewys (vgl. ook 5:6).

## 6. Vertaling

- 5:8 Blaas die ramshoring in Gibeá, die trompet in Rama!  
Maak alarm in Bet-awen!
- 9 Benjamin is agter jóú in, Efraim!  
Jy gaan verwoes word op die dag van afrekening!  
Onder die stamme van Israel maak Ek betroubare dinge bekend.
- 10 Die leiers van Juda het ópgetree soos mense wat grensbakens verskuif.  
My toorn het hulle soos 'n vloedgolf oorspoel!

- 11 Efraim het onreg gepleeg, hy het die neergelegde  
orde geweld aangedoen,  
want hy het hom met 'n uitvaagsel verenig.
- 12 Maar Ek was soos 'n abses vir Efraim  
en soos beentering vir die huis van Juda.
- 13 Toe Efraim sy siekte sien en Juda sy sweer,  
het Efraim sy toevlug tot Assirië geneem en  
afvaardigings gestuur na die opperkoning.  
. Maar hý kan julle nie gesond maak of die sweer uit  
julle gestel kry nie,
- 14 want Ek is soos 'n leeu teenoor Efraim  
en soos 'n roofdier teenoor die huis van Juda!  
Ek alleen verskeur en gaan my koers;  
Ek dra weg en niemand kan my keer nie.
- 15 Ek sal teruggaan na my woonplek,  
totdat hulle hulle skuld bely en my hulp soek.  
In hulle nood sal hulle my bystand vra.
- 6:1 Kom ons gaan terug na JHWH,  
want Hý het verskeur maar sal ons gesond maak;  
Hy het ons geslaan maar sal ons verbind.
- 2 Hy sal ons ná twee dae laat herlewe;  
op die derde dag sal Hy ons weer laat opstaan  
sodat ons onder sy beskerming kan leef en aan Hom  
verbonde kan wees.
- 3 Ons moet ons daarop toelê om aan JHWH verbonde  
te wees,  
want so seker as wat die son opkom, sal Hy verskyn.  
Dan sal Hy na ons toe kom soos stortreën,  
soos die laatreëns sal Hy ons verfris.
- 4 Wat moet Ek met jou doen Efraim?  
Wat moet Ek met jou doen Juda?  
Julle verbondstrou is soos 'n miswolkie en soos  
dou verdwyn dit vinnig.
- 5 Dít is die rede waarom Ek my profete gestuur het  
om julle te verdoem.  
Ek het julle vernietig met my woorde.  
My oordele het deurgebreek soos die lig.
- 6 Want Ek verwag verbondstrou eerder as slagoffers  
en Ek verkies verbondenheid aan God bo brandoffers.

## 7. Agtergrond

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die agtergrond  
van Hos. 5:8 tot 6:6 na alle waarskynlikheid die tyd kort  
ná die Siro-Efraimitiese optrede teen Juda was toe Hosea  
aan die bewind gekom het in 731 v.C.<sup>20</sup> 5:8 en 9 moet

---

20. J. Gray, I & II Kings, Londen 1964, bl. 568.  
J. Bright, A history of Israel, London 190, bl. 256 v.  
dateer die gebeure ongeveer 'n jaar vroeër.

waarskynlik geplaas word in 'n tyd toe die gety teen Efraim begin draai het nadat die koalisie met die Arameërs in duie gestort het as gevolg van Tiglatpileser se veldtog in die Weste. Juda was in hierdie stadium in staat om wraak te neem op die broedervolk.<sup>21</sup> A. Alt betoog op goeie gronde dat die vestingstede Gibeā en Rama, op dié tydstip nog in die hande van Israel was. Die vraag of Tiglatpileser toe reeds die noordelike dele van Israel geannekseer het, kan nie beantwoord word uit die skrale gegewens van vs. 8 en 9 nie. Uit vs. 9d kan afgelei word dat die profesie (vs. 8 en 9) waarskynlik uitgespreek is tydens 'n kultiese samekoms.

Die Sitz im Leben van 5:10 tot 6:6 is 'n kultiese samekoms of samekomste waartydens die volk die verpligtinge van die verbond met God wou hernu.<sup>22</sup> Peka was reeds vermoor en Hosea ben Ela het probeer om wat oor was van die Israelitiese ryk van totale vernietiging te red deur 'n vasal van Assirië te word (vs. 13; II Kon. 15:29 v.). Die vernietigende nadraai van die Siro-Efraimitiese inval in Juda het krisissituasies in Israel en Juda tot gevolg gehad.<sup>23</sup> Die ramptoestande in Israel en Juda het 'n nuwe moontlikheid van besinning en gevolglike terugkeer na JHWH geskep. Die nuwe bewind in Samaria het blykbaar ook aanvanklik 'n nuwe rigting ingeslaan op godsdienstige gebied (II Kon. 17:2).

Die hernuwing van die verbond het in Israel plaasgevind in 'n noodsituasie wanneer 'n ramp gedreig het of die land reeds getref het.<sup>24</sup>

---

21. A. Alt, a.w., bl. 169 vv.

22. Vgl. A.S. van der Woude, a.w., bl. 203 v.

23. J. Bright, a.w., bl. 256 v.

24. A.S. van der Woude, a.w., bl. 204,  
K. Baltzer, Das Bundesformular, Neukirchen 1964, bl. 68 vv.

Vgl. ook A. van Selms, Temporary henotheism, artikel in Symbolae Biblicae et Mesopotamicae, Leiden 1973, bl. 341-348.

Uit ander gedeeltes in die Ou Testament, waarin dit klaar=  
blyklik ook gaan oor die hernuwing van die bepalings van  
die verbond, kan die volgende afgelei word met betrekking  
tot die belangrikste elemente en fasette van die hernuwings=  
fees:<sup>25</sup>

- (i) Vooraf verkondig 'n profeet aan die volk wat hulle  
verootmoedig dat die verbond verbreek is en dat  
dít die oorsaak is van die krisis. Daar word ge=  
woonlik na konkrete voorbeelde in die onlangse verlede  
van die volk verwys om te illustreer dat die volk  
die bepalings van die verbond nié nagekom het nie.  
Dikwels word dit gestel teenoor die weldade van JHWH  
om die ontrou van die volk en die trou van JHWH  
duideliker te onderstreep. Daarmee word die nood=  
saaklikheid van die terugkeer na JHWH, wat dan ook  
die enigste uitweg uit die krisis is, aangedui.

Hos. 5:10 tot 15 vervul die funksie van die vooraf=  
gaande verkondiging. Dit verskil van die meeste  
ander gedeeltes in die Ou Testament ten opsigte van  
die aard van die oortredings teen die verbond: In  
ander gedeeltes lê die oortreding gewoonlik op die  
vlak van die afgodediens, terwyl dit in Hos. 5:10 vv.  
op die politieke terrein lê. Dat dit egter wel as  
voorbeelde van die verbreking van die verbond met  
JHWH voorgehou word, is seker.

- (ii) Uit dié gedeeltes in die Ou Testament waarin die  
reaksie van die volk opgeneem is, blyk dat hulle  
gewoonlik positief gereageer het op die voorafgaande  
verkondiging deur skuldbelydenis en boetedoening.  
Dit het waarskynlik ook gepaard gegaan met kultiese  
reinheid volgens die eise van die wet. Dit is ge=  
doen met die verwagting dat die verbondsverhouding  
met JHWH herstel sou word.

---

25. Vgl. Deut. 32:1 vv., 1 Sam. 7:2-7, II Kon. 22:15-20,  
Jer. 2:1-4:4; 34:8-22, Miga 6:1-7, Ps. 50, 81, 95,  
Esra 10:1 vv., Neh. 9:1 vv., Ex. 24:1 en 9.

In Hos. 6:1 tot 3 (sommige kommentatore noem dit 'n boetepsalm) word die reaksie van die volk op die verkondiging van die profeet weergegee. Die woorde van die volk impliseer dat JHWH gelyk het en dat hulle skuldig is. Die vertrouwe dat die verbonds=verhouding herstel sal word, oorheers egter vs. 1 tot 3.

- (iii) Ná die voorafgaande het daar gewoonlik 'n dag van voorbereiding gevolg waartydens die staat van verootmoediging, wat bestaan het uit vas en die nakoming van kultiese reinheidsvoorskrifte, voortgeduur het. Die hoogtepunt van die fees het vroeg die oggend van die derde dag plaasgevind (inklusief gereken, vgl. bv. Ex. 19:15 v.; 34:2 en 4). Dit het gepaard gegaan met seremoniële offers. By dié geleentheid het JHWH geantwoord met 'n epifanie en teofanie.

In Hos. 6:4 tot 6 openbaar JHWH Hom deur sy woord (teofanie). Die beelde wat in hierdie gedeelte gebruik word (oggendwolk, dou en dagbreek) hoort al drie tuis by 'n vroeë oggend in Palestina. Op grond hiervan en op grond van die verwysing na offers in vs. 6, kan ons aanneem dat vs. 4 tot 6 die hoogtepunt van die hernuwingsfees weerspieël.

In die lig van die voorafgaande is dit onwaarskynlik dat die agtergrond van 5:10 tot 6:6 by 'n kultiese geleentheid in Samaria gesoek moet word (teen Wolff). Sigem was die sentrum van die prediking van die sogenaamde proto-Deuteronomiese kringe waartoe Hosea na alle waarskynlikheid behoort het.<sup>26</sup> Dit was moontlik dat die hernuwing van die verbond by Sigem plaasgevind het (vgl. Jos. 24:1 tot 27). Dit is egter meer waarskynlik dat die verkondiging vooraf (5:10 tot 15) bv. by Sigem plaasgevind het, maar dat die hernuwingsfees self by Bet-el geplaas moet word. 5:15 skep immers die indruk dat JHWH die skuldbelydenis

---

26. A. van der Woude, a.w., bl. 204.

van die volk by 'n ánder heiligdom afwag. Die oproep in 6:1 (l<sup>e</sup>kū) is ook tiperend vir die bedevaart na 'n heiligdom. Bet-el kom hiervoor in aanmerking om die volgende redes:

- (i) Dit was van die vroegste tye af by uitstek die plek waar die volk hulle voor JHWH verootmoedig het (vgl. bv. Rig. 21:2 vv., Hos. 12:5).
- (ii) Daar is verskillende redes om te glo dat daar dikwels pelgrimstogte (onder andere vanaf Sigem) na Bet-el was<sup>27</sup> en dat dit veral in krisistye plaasgevind het.<sup>28</sup>
- (iii) Die gebruik van die woord māqōm in 5:15 wys ook in die rigting van Bet-el (vgl. hiervoor Gen. 28:11, 16, 17, 19; 35:7, 13, 14, 15 waar māqōm byna as 'n eienaam vir Bet-el gebruik word).

Indien Hos. 5:10 tot 6:6 die optrede van die profeet tydens kultiese samekomste by Sigem en Bet-el weerspieël, kan die vraag gestel word of groepe uit Juda óók by so 'n geleentheid teenwoordig sou wees (vgl. die gebruik van die tweede persoon in 6:4 v.). Vanselfsprekend kan die profeet na Juda verwys in 'n profesie wat tot Efraim gerig is. Hy kon Juda selfs in hulle afwesigheid direk aanspreek soos Jeremia baie jare later Israel direk aangespreek het terwyl die noordelike ryk nie meer bestaan het nie.<sup>29</sup> Anders as in Jer. 2 het ons egter in Hos. 6:4 v. nie met 'n kunsgreep te doen nie en skep die geheel die indruk dat groepe uit Juda by die hoogtepunt van die hernuwingsfees teenwoordig was. Dat dit moontlik was, is duidelik

---

27. A. Alt, Die Wallfahrt von Sichem nach Betel, artikel in Kleine Schriften I, München 1953, bl. 163-187.

28. A. van Selms, Temporary henotheism, bl. 341-348.

29. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl. 41-65.



uit die feit dat die bywoning van kultiese feeste in Juda en Israel nie altyd saamgeval het met nasionale grense nie (vgl. bv. Am. 5:5). Die skrywer van II Konings, wie se ideaal één sentrale heiligdom in Jerusalem was, veroordeel Agas omdat die besoeke aan ánder heiligdomme deur die Judeërs in sy tyd skerp toegeneem het (II Kon. 16:4). Agas self het die heiligdom van 'n vroeëre aartsvyand in Damaskus besoek (II Kon. 16:10). Verder is dit ook opmerklik dat Agas (naas Joram en Ahasia wat familiebande met die Israelitiese koningshuis gehad het), die enigste Judese koning is van wie daar gesê word dat hy "gegaan het op die weg van die konings van Israel" (II Kon. 16:3). Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat nie net die gewone volk nie, maar ook die leidende groepe in die tyd van koning Agas besoek kon aflê by die heiligdom in Bet-el. Dít het hulle waarskynlik gedoen in aansluiting by tradisies soos dié oor Jakob se reis van Berseba na Bet-el (Gen. 28:10 vv.).

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Hos. 5:8 tot 6:6 hoort kronologies ná die voorafgaande perikoop: Die komende verwoesting wat in 5:7 in die onmiddellike toekoms verwag word, is volgens 5:8 v. onderweg en is volgens 5:10 tot 14 gerealiseer.

Daar is in 5:10 tot 6:6 beslis 'n veranderde houding teenoor die staat van die noordelike ryk in die profesieë merkbaar. Die skerp veroordelings in die voorafgaande perikope, maak in 5:10 tot 6:6 plek vir waarskuwende verwyte (6:4 en 6). Dié gedeeltes waarin daar wel sprake is van JHWH se oordele verwys in al die gevalle na gebeure in die verlede (bv. 5:10 tot 14; 6:5). Daarby is dit ook merkwaardig dat die konstante tema van kultiese ontrou in die voorafgaande hoofstukke nie in 5:8 tot 6:6 voorkom nie, maar dat dié gedeelte oorheers word deur sake wat op die politieke terrein lê (vgl. ook die bespreking aan die einde van 7:8 tot 16).

6:7-7:71. Afgrensing

Vanaf 6:7 word die perikope verskillend ingedeel deur die kommentatore. 6:7 tot 7:2 sou as 'n eenheid behandel kon word (Rudolph, Weiser, e.a.) maar die suffiks aan rā<sup>c</sup>ā in 7:7 toon, tesame met die onbepaalde meervoudige subjek van die derde persoon dat daar 'n noue verband is tussen 6:7 tot 7:2 en 7:3 vv. Voorlopig word 7:7 geneem as die einde van die perikoop omdat daar by 7:8 tematies 'n nuwe eenheid begin (dit gaan naamlik oor Efraim se buitelandse politieke verhoudings). Die (moontlike) verband tussen 6:7 tot 7:7 en 7:8 vv. sal by die behandeling van 7:8 vv. aandag kry.

2. Tekskritiek

Ten opsigte van 6:7 tot 7:2 is daar nie voldoende tekskritiese gronde om die Masoretiese teks ingrypend te wysig soos sommige kommentatore voorstel nie.<sup>1</sup> Die enigste wysiging wat aangebring moet word is in 6:10a waar š<sup>c</sup>ryryh as š<sup>c</sup>rwryh gelees moet word (vgl. die q<sup>e</sup>rē). Dit kan verklaar word as 'n skryffout, aangesien w en y op manuskripte in die kwadraatskrif nie altyd goed onderskei kan word nie.

Ten opsigte van 7:3 tot 7 is die meeste kommentatore oortuig daarvan dat teksbederf ingetree het. Robinson sê byvoorbeeld: "Im einzelnen bleibt der Sinn unsicher, weil der Text weithin hoffnungslos verderbt ist und nur durch zahlreiche Korrekturen einigermaßen verständlich gemacht werden kann." Daarteenoor is Van Gelderen weer oortuig daarvan dat die teksbederf nie so ernstig is nie.

Alhoewel die betekenis van 7:3 tot 7 beslis nie eenvoudig is nie, ontbreek voldoende tekskritiese gronde om die Masoretiese teks te wysig. Alle afwykings in die vroeë

---

1. Vgl. die uitvoerige bespreking by Van Gelderen, a.w., bl. 219 vv.

vertalings kan verklaar word as pogings om 'n verstaanbare vertaling te lewer en veronderstel nie noodwendig 'n ander lesing nie.

### 3. Vorm

Ná 'n wysiging in die lettergroepering (vgl. Betekenis) bestaan 6:7 tot 9 uit drie versreëls met die metrum 4 + 3 en 'n enkelvoetige versreël met drie heffings. (Vgl. 5:1d vir 'n soortgelyke geval waar 'n deiktiese kī aan die begin van 'n enkelvoetige versreël beklemtoon word.)

Vanaf 6:10 tot 7:2 wissel die metrum. Uit 'n vergelyking van die metrum met die struktuurontleding is dit duidelik dat die wisseling in metrum by hierdie verse die kleiner boustene van die eenheid aandui. Vs. 11a bestaan uit 'n enkelvoetige versreël met vier heffings en skep die indruk van 'n latere byvoeging (vgl. Betekenis).

Die groepering van hemistiges in BHK en BHS is by 7:6 en 7 onbevredigend. Die duidelike parallelisme tussen vs. 6e en 7a en vs. 7b asook tussen vs. 7c en d word deur dié groepering verbreek. 'n Herrangskikking van hemistiges waarin rekening gehou word met die parallelisme is dus noodsaaklik (vgl. die struktuurontleding).

Die metrum van 7:3 tot 7 het 'n gedeeltelike konsentriese patroon. In vs. 6a moet kī soos in 6:9d en 7:1d beklemtoon word. Die enkelvoetige versreël met drie heffings in vs. 7e skep die indruk dat dit 'n afsluitende versreël is wat vs. 3 tot 7 afrond.

Naas die oorwegend sintetiese parallelisme, kom sinonieme parallelisme ook voor in die perikoop. Die perikoop is ryk aan vergelykings, metafore en woordspel. Dit geld veral by die laaste deel (7:3 tot 7) wat 'n besonder beeldende stuk poësie is.

### 4. Struktuur

Op die oog af is daar verskillende moontlikhede wanneer die verbinding tussen die strofes en kleiner onderdele

van die perikoop oorweeg word. Tipiese verbindingspartikels ontbreek in die meeste gevalle en daarom speel die subjek- en objekwisseling 'n belangrike rol by die bepaling van die struktuur.

6:7 tot 7:2 kan in twee kleiner eenhede verdeel word:

- (i) 6:7 tot 9 Die gebruik van die derde persoon manlik meervoud as subjek verbind die drie strofes aan mekaar. Die voorkoms van drie plekname en die oortredings wat aan elke pleknaam gekoppel word, bevestig die verband tussen die drie strofes. Vs. 9d skep die indruk van 'n samevatting aan die voorafgaande.
- (ii) 6:10 tot 7:2 Die eerste persoon enkelvoudige subjek verbind vs. 10 met vs. 11b v. Die voorkoms van die name Efraim en Israel in albei die verse is 'n addisionele argument vir die verbinding. Nieteenstaande die gebruik van gam sluit vs. 11a vanweë die direkte rede (lāk) nie aan by die voorafgaande of volgende vers nie en is dus na alle waarskynlikheid 'n latere toevoeging (vgl. Betekenis).

Dit is moeilik om te bepaal of vs. 2 net verbind moet word met 6:11b v. en of dit ook met 6:10a v. verbind moet word. Geoordeel op bloot formele gronde is daar seker verskillende moontlikhede. In die struktuurontleding word vs. 2 verbind met 6:11b v. omdat die gebruik van die name Israel, Efraim en Samaria daarop dui dat 'n nuwe spreuk begin by 6:11b en dat daar dus nie so 'n noue verband is tussen vs. 10 en vs. 11b v. nie. Verder word vs. 2a aan 6:11 b v. verbind op grond van die heropname van rā<sup>c</sup>ā (in vs. 2b).

7:3 tot 7 word aan die voorafgaande verbind deur die onbepaalde derde persoon manlik meervoudige subjek en

suffikse in vs. 3.

Te oordeel na die gebruik van imperfekta en partisipia in vs. 3 en 4 en die oorgang na perfekta, partisipia en imperfekta in vs. 5 tot 7d is daar by vs. 5a 'n wentel=punt in die eenheid. Dit word in 'n hoë mate bevestig deur die verwysing na gebeure op 'n bepaalde dag in die verlede (vgl. yōm malkēnū in vs. 5a) en onmiddellik daarna (vgl. kol-hallaylā en bōqer in vs. 6c en d). Vs. 7e staan los van vs. 5a tot 7d aangesien 'ēn gestel word teenoor kullām in vs. 4a en 7a en ook op grond van die gebruik van die eerste persoon (vgl. 'ēlay in vs. 7e) wat nie elders in vs. 3a tot 7d voorkom nie.

Die dieptestruktuur van vs. 3 tot 7 lê 'n chiastiese komposisie bloot: Vs. 3 waarin die koning en vorste prominent figureer, word gebalanseer deur vs. 7c en d waarin die regters en konings die hooffigure is. Vs. 4a en b waarin "hulle almal" vergelyk word met 'n brandende oond het sy teëhanger in vs. 6e tot 7b waar presies dieselfde motief voorkom. Die onaktiwiteit van die bakker ('ph) wat gewoonlik die deeg oornag laat uitrys en die volgende oggend sy werk voortsit (vs. 4c en d), word gebalanseer deur die sluimerende toorn ('phm) wat in die oggend opvlam (vs. 6c en d). In die middelstuk (vs. 5 en 6b) word die sentrale motief van vs. 3 tot 7 met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer (vgl. Betekenis). Die laaste versreël (vs. 7e) wat nie deel vorm van die chiastiese bou nie, stel JHWH se kommentaar oor die voorafgaande in 'n kort kragtige sin.

Uit die feit dat ons in 7:3 tot 7 'n chiastiese komposisie het, hoef nie afgelei te word dat dit 'n afsonderlike perikoop is nie. 'n Chiastiese komposisie maak ook in hoofstuk 2 deel uit van 'n langer perikoop.

## 5. Betekenis

Sommige kommentatore beskou w<sup>e</sup>hemmā (vs. 7a) as 6:7  
'n redaksionele byvoeging wat bedoel is om die

perikope 5:8 tot 6:6 en 6:7 vv. aan mekaar verbind.<sup>2</sup> As argument word aangevoer dat dit in 6:7 vv. slegs gaan oor Efraim en hemmā dan nie na die aangesprokenes in 6:4 tot 6, naamlik Efraim én Juda, kan verwys nie (Mays). Daar is egter inhoudelik soveel verbindingslyne tussen 5:8 tot 6:6 en 6:7 vv., dat die twee perikope met of sonder w<sup>e</sup>hemmā bymekaar hoort (vgl. Breër verbande en perspektiewe). Daarby dui die metrum daarop dat w<sup>e</sup>hemmā na alle waarskynlikheid oorspronklik deel was van die spreuk 6:7 tot 9. hemmā hoef ook nie noodwendig na ál die betrokkenes te verwys nie: Dit kan deiktiese krag hê en net verwys na 'n bepaalde groep persone (vgl. die gebruik van hem in 4:14). Die presiese nuanse van hemmā sal uit die res van die perikoop bepaal moet word.

Die woorde k<sup>e</sup>'ādām cāb<sup>e</sup>rū b<sup>e</sup>rīt word deur die kommentatore verskillend verklaar (vgl. Van Gelderen). Op grond van die plekaanduiding šām (vs. 7b) is dit die beste om 'ādām as 'n pleknaam te beskou (vgl. 'ādām in Jos. 3:16). Indien dit bedoel is as 'n pleknaam, lewer die voorsetsel k<sup>e</sup> 'n geringe probleem op. k<sup>e</sup>'ādām kan egter staan vir k<sup>e</sup> + b<sup>e</sup>'ādām (vgl. Ges-K. par. 118u). Dit beteken dat die profeet die verbreking van die verbond deur die betrokkenes vergelyk met 'n gebeurtenis in die verlede by Adam.

Alhoewel ons in die duister is oor die aard van die verbondsverbreking by Adam, het Van Leeuwen gelyk wanneer hy uit die terminologie van vs. 7b aflei dat dit na alle waarskynlikheid 'n geval was van kultiese ontrou teenoor JHWH (vgl. 5:7)

Die eerste probleem wat vs. 8 oplewer, is die 8 vraag of gl<sup>c</sup>d bedoel is as 'n streeknaam of as 'n pleknaam. Indien dit bedoel is as die naam van die bekende streek in Transjordanië, dan is vs. 8a as 'n metafoor gekonstrueer:

---

2. Vgl. die kritiese apparaat in BKH en BHS.

"Gilead is (soos) 'n stad ..."

Dit pas egter beter in die konteks om gl<sup>c</sup>d as 'n plek= naam te beskou saam met Adam (vs. 7) en Sigem (vs. 9).

Alhoewel daar nêrens in die Ou Testament direk verwys word na 'n dorp met die naam Gilead nie, bied Gen. 31:47 en Rigters 10:17 en 12:7 (vgl. die Septuaginta en Vulgaat) tog grond om met die bestaan van 'n dorpie gl<sup>c</sup>d rekening te hou. Die ruïneheuwels gel<sup>c</sup>ād en gal<sup>c</sup>ūd oos van die Jabbokmonding versterk hierdie moontlikheid.<sup>2</sup>

Die uitdrukking pō<sup>c</sup>ālē 'āwen kan op militêre, politieke of kultiese misdrywe betrekking hê (Wolff). Vs. 8b, 9a wys in die rigting van militêre of politieke wandade.

Die masoretiese lesing ċăqubbā middām uk<sup>e</sup>ħakkē lewer probleme op, soos onder andere blyk uit die vroeë vertalings: In die eerste plek is die betekenis ċăqubbā middām (letterlik "hobbelrig/bedrieglik sonder bloed") totaal duister. Verder is dit onseker of ħakkē 'n infinitief konstruktus pi<sup>c</sup>ēl is van ħkh "beloer" (Ges-K. par. 75 aa).

Die voorstel in die kritiese apparaat om ċiqq<sup>e</sup>bēhem dām te lees in plaas van ċăqubbā middām is sinvol en word deur die meeste kommentatore aanvaar. Die Septuaginta en Siriese vertaling het in khky 'n vorm van kōah gelees. Indien dit as uitgangspunt geneem word bied die volgende lettergroepe= ring 'n goeie lesing: ċiqq<sup>e</sup>bēhem dām w<sup>e</sup>kōah kī 'IŠ ... Dit skakel metries goed in by die voorafgaande en volgende vers.

kōah sal binne hierdie konteks dan "geweld" beteken (vgl. Pred. 4:1). Vs. 8b, 9a is 'n metafoor wat weergegee kan word met "hulle laat 'n spoor van bloed en geweld". Alhoe=

3. Vgl. die verwysings by Van Gelderen, a.w., bl. 227.

wel ons, soos by vs. 7, in die duister is oor die vraag waarna Hosea spesifiek verwys, is dit duidelik dat daar in gl<sup>c</sup>d een of ander gruwelike misdaad gepleeg is.

kī moet in vs. 9b bevestigend vertaal word.

vs.9b-c

Die uitdrukking 'īš g<sup>e</sup>dūdīm word deur die meeste kommentatore vertaal met "rower" of "rowerbende". 'īš g<sup>e</sup>dūdīm is die predikaat van die nominale sin en staan voorop ter wille van die klem (Ges-K. par. 141 b): "Ja die priestergilde is niks anders as 'n rowerbende nie ..."

In vs. 9c word y<sup>e</sup>raṣṣ<sup>e</sup>hū absoluut gebruik. derek is 'n substantief wat as adverbiale akkusatief diens doen (Ges-K. par. 118 q) en waarby šekmā weer in apposisie staan (Ges-K. par. 131 f). In vertaling dus: "... pleeg hulle moord op die pad wat na Sigem toe gaan."

Soos by die voorafgaande twee verse verwys die profeet in vs. 9b tot c na gebeurtenisse waarvan ons geen kennis dra nie. Uit die feit dat daar so min besonderhede gegee word in vs. 7 tot 9, kan ons aflei dat dit gebeure was waarmee sy hoorders bekend was en wat nie lank tevore plaasgevind het nie.

kī word in vs. 9d demonstratief gebruik. Vs. 9d verkry daardeur die krag van 'n uitroep wat die voorafgaande saamvat en bekragtig (Van Gelderen). zimmā word gewoonlik gebruik in verband met onsedelike gedrag. Dit kan egter ook in verband staan met enige skurkagtige optrede (vgl. Ps. 26:9v.). Dit is ook die betekenis wat zimma cāsū het as samevatting van die misdade wat in vs. 7 tot 9 genoem word.

In die meeste gevalle ontken kommentatore dat daar 'n verband is tussen die persone na wie verwys word in vs. 7, 8 en 9. Wolff en Mays stel dit as 'n moontlikheid dat dit nie net in vs. 9 nie, maar ook in vs. 7 en 8 oor die priesters gaan. Hierdie moontlikheid word versterk deur die volgende:



- (i) hemmā kan in vs. 7a nie na die totale bevolking verwys nie maar het slegs betrekking op 'n bepaalde groep (vgl. bespreking by 6:7). Daar is geen rede waarom hemmā nie op die priesters alleen betrekking kan hê nie (vgl. die soortgelyke gebruik van hem by 4:14).
- (ii) Die drie aanklagte wat afgesluit word met 'n enkelvoetige versreël pleit daarvoor dat daar 'n sterk innerlikke verband en samehang is vanaf vs. 7a tot 9c.
- Ons kan dus aanneem dat die aanklagte in vs. 7 tot 9 gerig is teen dieselfde groep persone, naamlik die priesters.
- By vs. 10 bestaan daar onsekerheid oor die betekenis van bēt yisrā'el. 'n Groot groep kommentatore lees bēt-'el in plaas van bēt yisrā'el. Die argumente wat vir die verandering aangevoer word, is dat šām in vs. 10b daardeur verklaarbaarder is en dat vs. 10 dan 'n voortsetting van vs. 7 tot 9 is in dié sin dat daar in elk van die spreuke 'n pleknaam voorkom. bēt yisrā'el sou dan volgens hierdie verklaring die naam bēt-'el in die teks vervang het as gevolg van veralgemening deur 'n redaktor. In dié verband word dan verwys na veralgemening in die Septuaginta by Hos. 10:15 en Am. 5:6 waar bēt yisrā'el gelees word in plaas van bēt-'el in die Masoretiese teks.
- Die volgende besware kan teen so 'n verklaring gestel word:

- (i) Veralgemening in die Septuaginta bied hoegenaamd géén voorbeeld of bewysgrond vir veralgemening in die Masoretiese teks nie. Waarom sou 'n Judese redaktor vir wie die enigste erkende heiligdom Jerusalem is, in 'n geval soos Hos. 6:11, bēt-'el wou veralgemeen tot bēt yisrā'el?
- (ii) Daar is géén oortuigende tekstkritiese grond vir so 'n verandering nie.

Die kommentatore wat die lesing onveranderd handhaaf (bv. Mays en Van Gelderen) vertolk bēt yisrā'el as 'n verwysing na die woongebied van Israel en verklaar vs. 10 dan as

'n samevatting van vs. 7 tot 9. Vs. 10 sluit egter struktureel nouer aan by vs. 11b en 7:1 v. as by vs. 7 tot 9. Verder word die inhoud van ša<sup>c</sup>ārūrīya in vs. 10a nader bepaal deur z<sup>e</sup>nūt en niṭmā' in vs. 10b en c. Dit kan moeilik 'n samevatting wees van die geweld waarna vs. 8 en 9 verwys; gevolglik kan vs. 10 nie as 'n samevatting van die voorafgaande beskou word nie.

Die gebruik van šām in vs. 10b dui daarop dat bēt yiśrā'el as 'n plek- of streeknaam gebruik word. Dit is beslis 'n uitsonderlike gebruik van die uitdrukking in die boek Hosea en in die Ou Testament aangesien bēt yiśrā'el deurgaans na persone verwys. In Jer. 31:27 is daar moontlik 'n parallel vir hierdie gebruik (Van Gelderen), alhoewel dit ook in dié geval na die volk kan verwys.<sup>4</sup> Indien aanvaar word dat bēt yiśrā'el in vs. 10a 'n plek=aanduiding is, bly dit nog 'n ope vraag waarop dit betrekking het. Die verklaring dat bēt yiśrā'el na die land as woonplek van Israel verwys, bied eintlik 'n niksseggende betekenis by vs. 10: Waar anders as in die land Israel sou Efraim sy hoerery bedryf en Israel verontreinig word? Indien dit die héle land aandui maak dit wel sin aangesien vs. 10 dan sou beteken dat die ontrou teenoor JHWH nie net beperk is tot 'n deel van die woongebied nie. Laasgenoemde verklaring is egter ook onbevredigend in die lig daarvan dat die omvang van die uitdrukking bēt yiśrā'el onseker is. By gebrek aan 'n beter verklaring word dit maar (voorlopig) aanvaar.

rā'ā het in vs. 10a soos dikwels in die Ou Testament die nuanse "as regter kennis neem van iets wat in die oordeel verdiskonteer sal word".<sup>5</sup> Die hoerery en kultiese wanpraktyke (Van Leeuwen, vgl. Jer. 18:13) wat oor die hele land voorgekom het, het dus nie die aandag van JHWH, die regter, ontgaan nie (vgl. 5:1 v. waar dieselfde gedagte na vore kom).

---

4. A. van Selms, Jeremia deel II, Nijkerk 1974, bl. 78.

5. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl. 286.

Vs. 11a pas metries, struktureel en inhoudelik vs.11 nie by die voorafgaande en volgende verse nie en daarom kan ons met sekerheid aanneem dat dit 'n Judese invoeging in die teks is. Van Leeuwen het waarskynlik gelyk wanneer hy aanneem dat die glosse in die eerste stadium 'n waarskuwing aan Juda bevat het, maar later verander is na 'n belofte van heil. Daar is egter geen rede om aan te neem dat vs. 11b óók deel is van die glosse nie.

Die eerste persoon enkelvoud kom ná vs. 10 6:11b-7:1 as handelende subjek weer voor in die twee parallelle temporele bysinne wat met die infinitief konstruktus gekonstrueer is (Ges-K. par. 114 d, e en 164 g). Die uitdrukking šūbī š<sup>e</sup>būt <sup>c</sup>ammī dui nie noodwendig op 'n eskatologiese gebeure nie,<sup>6</sup> en ook nie noodwendig op gevangenskap of ballingskap nie. Daar is aanduidings dat šūb s<sup>e</sup>būt in die pre-eksiliese tyd kon verwys na die "herstel" van die volk by die kultiese fees in die herfs.<sup>7</sup> In Hos. 6:11 word dit gebruik in die sin van "die lot verander ten goede". Die betekenis daarvan word nader gepresiseer in 7:1a. Hosa gebruik rp' op ander plekke (5:13, 6:1, 11:3, 14:5) met die betekenis "vergewe" of "in die verbondsverhouding herstel". Dit gaan in 6:11b en 7:1a oor JHWH se optrede teenoor Israel waardeur Hy hulle na Hom laat terugkeer het. Dit verwys klaarblyklik na die gebeure waaroor die voorafgaande perikoop gehandel het (5:14 tot 6:4). Terwyl JHWH besig was daarmee, is die skuld van Efraim en die booshede van Samaria geopenbaar (7:1b en c). Anders gestel: Efraim en Samaria het voortgegaan om te sondig terwyl JHWH bereid was om sy volk van hulle afval en sonde te genees.

Dit is belangrik om daarop te let dat hier 'n onderskeid

---

6. A. van Selms, Jeremia deel II, bl. 56.

7. Vgl. J. Gray, I and II Kings, Londen 1964, bl. 378.

tussen "my volk/Israel" en "Efraim/Samaria" geïmpliseer word. Die profeet het in vs. 1b en c nie die hele Israel in die oog nie, maar bepaalde groepe in Efraim en meer spesifiek Samaria (vgl. ook vs. 1e en f). Aangesien Samaria in die boek Hosea feitlik sinoniem is met die regering (vgl. bv. 8:5), lyk dit asof 6:11b tot 7:1f konsentreer op die owerheid.

Vs. 1d tot f bou die beskuldiging van vs. 1b en c verder uit. kī kan soos by vs. 9b bevestigend vertaal word of anders kan dit met 'n dubbelpunt weergegee word omdat vs. 1d tot f praktiese voorbeelde bied van die booshede van Samaria (vs. 1c). pā<sup>c</sup>ālū šāqer het betrekking op die skuld en boosheid waarmee Efraim en Samaria gereageer het op die vergifnis en herstel van die kant van JHWH. Die valse optrede (pā<sup>c</sup>ālū šāqer) verwys waarskynlik na die verootmoediging waarvan in 6:1 sprake is. Die skuld=belydenis was vals omdat die sonde en boosheid van Efraim en Samaria ongestoord voortgegaan het.

Die waw kopulatief het in vs. 1e redegewende krag na die voorafgaande stelling (Ges-K. par. 158 a). Die Septuaginta en Siriese vertaling het pšṭ in vs. 1f met 'n partisipiale vorm vertaal. 'n Partisipium (pōšṭ) sluit inderdaad beter aan by die imperfektum (yābō') as 'n imperfektum (pāšaṭ). Die imperfektum en partisipium in vs. 1e en f beklemtoon die voortgang van dae wat binne die herstellende verbondsverhouding ontoelaatbaar was. Mays is van mening dat 7:1e en f terugverwys na die priesters (6:9) en dat yābō' en baḥūš betrekking het op die diens in en om die tempel. Hy parafraseer dan ook: "The priests who enter the temple and minister outside in its precincts are robbers and thieves." Dit is egter beter om yābō' en pōšṭ baḥūš in aansluiting by die onmiddellik voorafgaande meer algemeen op te neem en die stad as die milieu van vs. 1e en f te beskou. In vertaling kan 7:1d tot 6 soos volg weergegee word:

"Hulle het vals opgetree; want oral (in die stad) is die we en bendes aktief."

ūbal lei in vs. 2 'n afsluitende spreuk in. Die 7:2 woord dra 'n sterker klem as wat w<sup>e</sup>lō sou hē (Ges-K. par. 152 t). Die betekenis van yō<sup>e</sup>m<sup>e</sup>rū lil<sup>e</sup>bābām kan die beste weergegee word met "in hulle gedagtes opkom."

Vs. 2b is 'n voorbeeld van oratio obliqua wat sonder 'n voegwoord volg na 'mr (Ges-K. par. 157 a). kōl rā<sup>c</sup>ātām het betrekking op wat in 7:1b v. gestel is. Die woord zākar was onder andere 'n tegniese term in die Israelitiese regspraak.<sup>8</sup> In vs. 2b beteken dit soos op talle ander plekke in die Ou Testament nie net "in herinnering roep" nie, maar behels dit 'n besliste dreigement waarvolgens die wandade van die verlede die maatstaf is vir JHWH se oordelende ingryping in die hede.<sup>9</sup>

Die spreuk word afgesluit op 'n dreigende noot waarin die onherroepelikheid van die sondige daade onderstreep word (vgl. die gebruik van cattā by 5:3). Die term ma<sup>c</sup>ālāl dui in die Ou Testament gewoonlik daade aan wat in terme van die verbondsbepalings as oortredings gegeld het.<sup>10</sup> Vs. 2c impliseer dat die oordeel oor die verkeerde daade van die betrokkenes onvermydelik is. In vs. 2d word daar met neged pānay waarskynlik gesinspeel op die heiligdom waar die betrokkenes JHWH se teenwoordigheid opgesoek het en waar die verbondsherstel plaasgevind het (vgl. 5:15).

Die tema van 6:7 tot 7:2 is dat die priesters (6:7 tot 9), die volk oor die hele land (? vs. 10) en leidende groepe in Efraim en Samaria (vs. 11b tot 7:2) ná die verootmoediging en herstel van die verbondsverhouding (6:1 tot 4), ongestoord voortgegaan het met hulle gruweldade en sondes. Dit het hulle gedoen omdat hulle blykbaar onder die indruk was dat dit die aandag van JHWH sou

---

8. H.J. Boecker, Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament, Neukirchen 1964, bl. 106 vv.

9. Jenni/Westermann, THAT deel I, München 1971, kol. 515.

10. H.J. Boecker, a.w., bl. 115.

ontgaan. Vermoedelik het hulle Hom beskou as 'n lokale godheid wat net by 'n bepaalde heiligdom (of heiligdomme) teenwoordig was. Deur die sondes van die priesters by minder belangrike plekke soos Adam, gl<sup>c</sup>d en die pad na Sigem te lokaliseer, beklemtoon JHWH dat niks sy aandag ontgaan nie. Dieselfde gedagte word ook in 6:10 tot 7:2 gedra deur die terme rā'ītī (vs. 10a) en w<sup>e</sup>niglā (vs. 1b) en veral deur die slotreël neged pānay hāyū. Die valsheid van diegene wat hulle voor JHWH verootmoedig het, word dus in 6:7 tot 7:2 oopgevelek. Hierdie valsheid en skuld lê op die kultiese (6:7 en 10) en etiese terrein (6:8 v., 7:1). Die oordeel van JHWH daaroor was onvermydelik (6:9d, 7:2).

In 'n nuwe spreuk gaan die profeet daartoe oor om vs.3 die totale onbetroubaarheid van die maghebbers in Israel verder te beskryf en met 'n voorbeeld te illustreer: Die subjek van y<sup>e</sup>śamm<sup>e</sup>hū word nie nader bepaal nie. Die meeste kommentatore is dit eens dat dit in vs. 3 nie die volk kan wees nie. Dit moes 'n groep persone wees wat in noue kontak was met die koning. Dit is blykbaar dan die politieke maghebbers in Samaria na wie 7:1b tot f ook verwys het.

Die inhoud van r<sup>c</sup>t en kḫš in vs. 3 word egter nie bepaal deur die voorafgaande nie maar deur wat volg. In vs. 4 tot 7 word die ontrou en korrupsie wat in die verlede op staatsgrepe uitgeloop het, beskryf. r<sup>c</sup>t en kḫš verwys binne hierdie konteks na die listige planne en bedrieëry wat só 'n staatsgreep moontlik maak. Uit die gebruik van die enkelvoud melek en die imperfektum y<sup>e</sup>śamm<sup>e</sup>hū kan afgelei word dat Hosea in vs. 3 'n bestaande situasie in sy eie tyd in die oog het en dat dit nie in vs. 3 gaan oor gebeure in die verlede nie.

Wanneer hy sê "hulle verbly die koning met hulle boosheid en die ministers (vgl. bespreking by 3:4) met hulle huigelary", bedoel hy daarmee dat die huidige koning en sy hoë amptenare tevrede is met, en vol lof is vir die vernuf van diegene wat hulle aan bewind help kom het.

In vs. 4 het kullām nie net betrekking op die vs.4 groep wat subjek is in vs. 3 nie, maar sluit dit ook die koning en ministers van vs. 3 in. Hulle word almal "egbrekers" genoem. Sommige kommentatore (o.a. Rudolph) wil m<sup>e</sup>nā'āfīm verander omdat Hosea n'p altyd met 'n seksuele konnotasie gebruik. Indien ons m<sup>e</sup>nā'āfīm egter as beeldspraak verstaan, pas dit besonder goed in die konteks (vgl. Jer. 9:2). Die politieke ontrow van die huidige koning en al sy trawante word daarmee gelaak.

Die masoretiese lesing in vs. 4b en c naamlik "soos 'n oond wat brand sonder bakker", lewer die probleem op dat tannūr manlik is en nie die partisipium (bō<sup>c</sup>ērā) in die vroulik kan neem nie. Die masorete het wel met die aksentuasie probeer aandui dat bō<sup>c</sup>ērā nie die vroulike partisipium is nie, maar die uitgang -ā bly tog onverklaarbaar. Die poging van Van Gelderen om dit in verband te bring met die status konstruktus-uitgang in Ethiopies is totaal onoortuigend. Daarom is dit die beste om die letters te hergroepeer en saam met verskeie kommentatore bō<sup>c</sup>ēr hēm, 'ōfē ... te lees.

Die profeet vergelyk die betrokke koning en die regeerders met 'n oond waarin daar 'n vuur brand. Die betekenis van die beeld word verder uitgewerk in die volgende verse.

Die meeste kommentatore beskou vs. 4c en d as 'n relatiewe sin ná vs. 4b. In só 'n geval behoort daar egter 'n suffiks by 'ōfē te staan (nl. "wie se bakker ..."). Rudolph en Mays het dit aangevoel en voeg dan ook 'n suffiks aan om die sin vlot te laat lees. In die lig van die kombinasie van hemistiges by vs. 4 (a + b, c + d) is dit beter om vs. 4c en d te vertolk as 'n vergelykende sin wat sonder voegwoord by 'n voorafgaande vergelykende sin staan (Ges-K. par. 161 a). Die imperfektum yišbōt word gebruik om 'n handeling te beskryf wat gewoonlik op 'n vaste tydstip herhaal word (Ges-K. par. 107 g). mē<sup>c</sup>īr is 'n voorbeeld van 'n partisipium, wat gebruik word in plaas van 'n verwagte infinitief konstruktus (Ges-K. par. 106 b).

Vs. 4 kan in vertaling soos volg weergegee word:

"Hulle is almal egbrekers;  
hulle is soos 'n oond wat brand.  
Soos wanneer die bakker ophou stook  
vandat die deeg geknie word totdat dit uitgerys het."

Onder normale omstandighede is die deeg, nadat dit geknie is, oornag gelaat om uit te rys. In dié tyd bekommer die bakker hom nie oor die vuur nie en neem die vlamme gevolglik af. Die vuur raak egter nie heeltemal uitgeblus nie want die volgende oggend kon die bakker met 'n paar stukkies vuurmaakhout en droë mis die kole weer vinnig laat opvlam (vgl. vs. 6c en d). Uit die gebruik van die term 'ōfē' kan ons wel aflei dat Hosea in vs. 4 'n beroepsbakker, waarskynlik by 'n kommersiële bakkery in Samaria in die oog het (Mays e.a.).

Die punt van vergelyking by vs. 4 is dat die vuur in die oond afgeneem het maar nie geblus is nie. So het die bose planne en bedrog van die huidige regeerders wat 'n staatsgreep uitgevoer het, bedaar. Dit is egter nie uitgeblus nie. Daar is steeds die potensiaal vir 'n volgende staatsgreep aanwesig. Die een kan die ander nie vertrou nie; hulle is almal "egbrekers".

Die oorgang na perfektumvorme en die spesifie= vs.5 ke verwysing na yōm malkēnū dui daarop dat die profeet in vs. 5 v. van die tipering van die betrokkenes (vs. 4) oorgaan na 'n beskrywing van wat hulle by 'n bepaalde geleentheid gedoen het. Die uitdrukking yōm malkēnū is problematies as ons in ag neem dat JHWH hier aan die woord is. Die oorgrote meerderheid kommentatore verander dit na yōm malkām op grond van die Targum en 'n veronderstelde foutiewe lesing in die Septuaginta (vgl. bv. Wolff). Die Masoretiese teks verdien as lectio difficilior egter die voorkeur. Dit is moontlik dat malkēnū op dieselfde vlak lê as verwysings na JHWH in die derde persoon, midde-in 'n redevoering van JHWH. Dit is egter meer waarskynlik



dat ons in yōm malkeṇū 'n vaste uitdrukking het wat die benaming was vir 'n bepaalde jaarlikse feesdag.

Ons kan nie met sekerheid sê na watter dag yōm malkeṇū verwys nie. In vs. 5 vv. is daar wel twee elemente wat daarop dui dat dit die dag was waarop die koningskap opnuut bevestig is:

- (i) By dié geleentheid, wat na alle waarskynlikheid tydens die jaarwending in die herfs plaasgevind het, is daar groot hoeveelhede wyn gedrink.<sup>11</sup> Dit was die tyd van die nuwe wyn en 'n mens kon jou maklik misreken met die alkoholgehalte daarvan (vgl. Rudolph by 4:11). Die oormatige gebruik en die ernstige effek van die wyn waarvan daar in vs. 5a en b sprake is kan baie goed verklaar word indien dit plaasgevind het tydens die fees in die herfs.
- (ii) Die nuwejaarsfees in die herfs was blykbaar die ideale geleentheid vir 'n nuwe aanspraakmaker op die troon om na vore te tree of, om 'n staatsgreep uit te voer.<sup>12</sup> Die staatsgreep waaroor vs. 5 v. handel, kon baie maklik by so 'n geleentheid uitgevoer word.

heḥlū śārīm kan op twee maniere verklaar word:

- (i) heḥlū kan 'n sogenaamde intensiewe of inwendig-transitiewe hif<sup>c</sup>īlvorm wees (Ges-K. par. 53 d). In dié geval sal śārīm dan die subjek wees; dit wil sê "die ministers het skoon siek geword".
- (ii) Dit kan ook 'n kousatiewe hif<sup>c</sup>īl wees. In dié geval is śārīm die objek en is die subjek dieselfde groep persone as dié na wie in vs. 4a verwys word met kullām.

---

11. J.C. de Moor, New Year with Canaanites and Israelites part I, Kampen 1972, bl. 6, 12, 14 v., 20.

12. J.C. de Moor, a.w., bl. 16 vv.  
Vgl. ook J. Gray, a.w., bl. 512 en 524.

Die laaste moontlikheid is die eenvoudigste en daarom die waarskynlikste. sārīm in vs. 5a omvat dan nie dieselfde groep as sārīm in vs. 3b nie, maar verwys na die ministers of offisiere van die koning wat op daardie stadium (vs. 5 v.) op die troon was.

ḥāmat miyyayin word grammatikaal verskillend verklaar deur die kommentatore. Naas al die bestaande verklarings lyk die volgende vir my die beste: ḥmt is 'n ou akkusatief-vorm (Ges-K. par. 90 g) van ḥemā, wat as adverbiale akkusatief beskryf hoe die handeling heḥlū uitgevoer word (Ges-K. par. 118 m-q). Die voorsetsel min aan yayin dui die bron of oorsprong van ḥmt aan. Vs. 5a kan dus soos volg vertaal word:

"Op die (herdenkings)dag van sy majesteit het hulle die ministers siek gemaak met die skop wat die wyn gee."

Vs. 5b is sekerlik die moeilikste versreël van die peri-koop. Die volgende vrae waaroor daar uitsluitel verkry moet word om 'n sinvolle betekenis te verkry, illustreer dit:

- (i) Wie of wat is die subjek van māšak? Is dit die koning van vs. 5a (Van Gelderen, Ward) of is dit yādō (Wolff, Mays)?
- (ii) Waarna verwys die suffiks aan yādō? Verwys dit na melek of na yayin?
- (iii) Is 't die nota accusativi of die voorsetsel 'itt ("saam met")?
- (iv) Watter betekenis het māšak? Beteken dit "beset" (Rigt. 4:7), "uittrek", "aanhou", "verdra", "span", of "soos 'n wynsak volmaak" (Pred. 2:3)?
- (v) Wat is die betekenis van die hapax legomenon lōš<sup>e</sup>šīm? Volgens KBL is die woord "unerklärt".

Alles in ag genome is die volgende verklaring grammatikaal die eenvoudigste: yādō is die subjek van māšak en lōš<sup>e</sup>šīm die objek. Die suffiks aan yād verwys terug na yayin. Die enigste beswaar hierteen is dat yād gewoonlik

'n vroulike werkwoordsvorm vereis. Daar is egter uitsonderings op die reël (vgl. II Sam. 4:1, Sef. 3:16, Neh. 6:9, II Kron. 15:7, asook Eks. 17:12). Omdat die suffiks aan yād terugverwys na yayin, beteken dit dat yād hier oordragtelik gebruik word in die sin van "mag" (vgl. Hos. 2:12; 13:14).

lōš<sup>e</sup>šīm is 'n partisipiale newevorm van lyš. Die betekenis moontlikhede van die partisipiale vorme van lyš in die verskillende stamformasies is "grootprater", "tolk", "gesant" en ook "adviseur" (vgl. Jes. 43:27; Job. 33:23). In die Fenisiese inskripsies is mlš 'n term wat gebruik word vir 'n groep hoogwaardigheidsbekleërs wat ten nouste met die koning geskakel het en blykbaar sy adviseurs was.<sup>13</sup> Hierdie betekenis moontlikheid pas die beste in Hos. 7:5: Die beplanners van die coup d'état het die ministers dronk gemaak met wyn (vs. 5a). Die mag daarvan (nl. die wyn) het ook die adviseurs beetgepak (vs. 5b). Deur die hoë amptenare (waarskynlik ook die lyfwag) en adviseurs buite aksie te stel, was die pad na die omverwerping van die koning oop.

By vs. 6a en b is die masoretiese lesing "toe vs.6 het hulle hulle hart nadergebring soos 'n oond in hulle hinderlaag" (of "terwyl hulle hinderlaag gereed was") onverstaanbaar. Die Septuaginta vertaal qrbw met anekauthēsan. Dit word deur Mays, Wolff en andere nagevolg, maar is duidelik 'n verleentheidsvertaling en kan nie as bewys dien dat die Masoretiese teks korrup is nie. Die enkele kommentatore wat die Masoretiese teks by vs. 6 onveranderd handhaaf, beskou libbām as die objek van qer<sup>e</sup>bū (Weiser) of veronderstel dat "hande" (n.a.v. vs. 5b) die versweë objek daarvan is (Van Gelderen). In albei

---

13. Vgl. vir hierdie betekenis H.N. Richardson, Two addenda to "Some notes on lyš and its derivatives", artikel in VT 5 (1955), bl. 434-436.

gevalle is die resultaat egter geforseerd.

Die gal van qrb word in die Ou Testament soms absoluut gebruik (vgl. Lev. 21:17 v., Ester 5:2). Daarby is qrb dikwels 'n tegniese term om nadering tot God of die koninklike waardigheid uit te druk.<sup>14</sup> Hierdie nadering tot die koning het vanselfsprekend ingesluit dat die onderdaan voor die koning neer=buig en hom as koning huldig (vgl. 1 Kon. 2:7, Ester 8:3 vv.).

In die lig hiervan is dit die beste om qrbw as 'n gal perfektum te vokaliseer en kī qār<sup>e</sup>bū as 'n temporele sin te beskou: "Toe hulle genader het (tot die koninklike waardigheid) ..." of "Toe hulle (hom) as koning gehuldig het ..." Die subjek is dieselfde as dié van hehēlū in vs. 5a, naamlik diegene wat die staatsgreep beplan het.

Vs. 6b is 'n nominale sin. Dit is uitgebrei met die voorsetsel b<sup>e</sup> aan die infinitief konstruktus van 'rb (vgl. Septuaginta). Die suffiks wat aan 'rb gevoeg is, is die subjek van die handeling wat met die infinitief beskryf word. b<sup>e</sup>'orbām moet in 'n vertaling deur middel van 'n temporele bysin weergegee word: "... hulle hart was soos 'n oond terwyl hulle die hinderlaag opgestel het."

Die lis (r<sup>c</sup>h) en bedrog (kḫš) van die persone oor wie dit vanaf vs. 3 gaan kom baie duidelik na vore in vs. 6a en b: Terwyl hulle uiterlik die koning huldig, is hulle gedagtes (libbām) kliphard besig om sy omverwerping te beplan.

Die profeet het met die vergelyking in vs. 6b weer die beeldspraak van vs. 4 begin opneem. In vs. 6c en d word

---

14. Vgl. hiervoor J.A. Loader, Die stam qrb as religieuse term in die Ou Testament en die daarvan afhanklike Semitiese literatuur, ongepubliseerde MA-verhandeling, Univ. van Pretoria, Pretoria 1971, bl. 18.

die beeld verder uitgebou en toegepas op die gebeure wat vanaf vs. 5 beskryf word. Die partisipia en nominale sinne word in vs. 6c en d dus nie soos in vs. 4a en b gebruik om die betrokkenes te tipeer nie, maar om die verdere verloop van die historiese gebeure te beskryf (Ges-K. par. 116 m, o).

'phm in vs. 6c is deur die masorete gevokaliseer as 'ōfēhem, na alle waarskynlikheid in aansluiting by 'ōfē in vs. 4c. Aangesien hū' bō<sup>c</sup>er (vs. 6d) nie gebruik kan word in verband met 'n bakker nie, is dit beter om 'phm soos die Siriese vertaling en Targum in verband te bring met 'p "toorn". Daar is waarskynlik doelbewuste woordspel in die gebruik van 'ph (vs. 4c) en 'phm (vs. 6c).

'phm kan verklaar word as die enkelvoud van 'p met 'n ongewone vorm van die suffiks (nl. 'app<sup>e</sup>hem, vgl. Ges-K. par. 91 c) of dit is 'n defektief-geskrewe dualisvorm van 'p ('app<sup>e</sup>hem) wat soos in Spr. 30:33 gebruik word in die sin van "drif". Die betekenis is in albei gevalle dieselfde naamlik: "Die hele nag was hulle drif sluimerend, in die mōre (adverbiale akkusatief) was dit vlammend."

Die rebelle het hulle dus gedurende die nag in bedwang gehou en gewag vir die regte oomblik die volgende oggend toe die offisiere en adviseurs waarskynlik hulle roes lê en afslaap het na die vorige dag en aand se jolyt.

Vs. 6e tot 7d beskryf die verdere verloop van vs.6f-7d die staatsgreep. Die optrede van die rebelle word vergelyk met dié van 'n vlammende vuur in 'n vuurwarm oond wat alles verteer (vs. 6f tot 7b).

Uit die gebruik van die perfektum nāfālū is dit duidelik dat die voegwoord w<sup>e</sup>'āk<sup>e</sup>lū nie as 'n konsekutief bedoel is nie. Ná die voorafgaande vergelyking kan dit die beste verklaar word as 'n waw adaequationis (Ges-K. par. 161 a), met ander woorde "hulle was so warm soos 'n oond, so het hulle hulle regters verteer ..."

Ons kan nie met sekerheid bepaal of šōf<sup>e</sup>ṭīm (vs. 7c) 'n sinoniem is vir m<sup>e</sup>lākīm (vs. 7d) nie. Hosea gebruik

šōfēṭ ongeveer as 'n sinoniem vir šār; om meer spesifiek te wees: Die šōfēṭīm was blykbaar 'n deel van die šārīm. Wolff vat dit goed saam as hy sê: "šōfēṭīm scheint bei Hosea nur ein anderes Wort für (eine Gruppe von) šārīm zu sein (13:10), vielleicht besonders wichtige Hofbeamte, die jeweils mit ihren Königen gestürzt worden". Die lōšēšīm (vs. 5b) sou ook net sowel saam met die šōfēṭīm gereken kon word.

Die bevinding wat in vs. 6e tot 7c gestel word, word in 'n sekere sin in vs. 7d veralgemeen sodat die optrede van die leiers wat op die oomblik aan bewind is, eintlik eksemplaries is vir wat in die verlede telkens in Israel gebeur het: Wanneer die leier van 'n staatsgreep en sy adjudante die regering oorgeneem het, het hulle maar net weer die skyf geword van die volgende opstand en telkens het dit uit dieselfde oord gekom, naamlik van die leidende groepe in Israel.

Vs. 3 tot 7 word afgesluit met 'n kort versreël vs.7e wat klem dra omdat dit buite die chiasiese komposisie val maar tog deel uitmaak van die eenheid. In 'n sekere sin staan vs. 7e teenoor alles wat in vs. 3 tot 7d gestel is (vgl. 'ēn teenoor kullām in vs. 4a en 7a). In hierdie versreël dui JHWH die oorsaak aan van die onbegryplike situasie wat in vs. 3 tot 7d geskets is: Die leiers in Israel vra nie na die wil van JHWH nie! Konings word in staatsgrepe op die troon geplaas en weer met lis en bedrog verwyder sonder dat JHWH ooit daarvoor geraadpleeg word (vgl. Deut. 17:14 v.).

Vs. 3 tot 7 beskryf die absolute onbetroubaarheid van die maghebbers in Samaria. Dit word geïllustreer met die voorbeeld van die staatsgreep. Terwyl 6:7 tot 7:2 handel oor die ontrou teenoor JHWH wat in die gruweldade van veral die priesters en leiers tot uitdrukking kom; gaan dit in 7:3 tot 7 oor die ontrou en lis van die maghebbers teenoor mekaar. Die laaste reël (vs. 7f) lê 'n verband tussen die onderlinge ontrou van die maghebbers

en die ontrou teenoor JHWH. In al hulle optrede (of dit nou was by onbelangrike plekke op die platteland of in die hoofstad), oral het een ding duidelik geword: Die Verbondsgod en die eise van die verbond het vir hierdie mense in hulle daaglikse lewe vir alle praktiese redes nie bestaan nie. Hulle lewens is gerig deur hulle eie begeertes en planne. Aan JHWH en sy oordeel oor die sonde het hulle hulle glad nie gesteur nie. Dit was die onbetwisbare bewys dat hulle vals was in hulle verootmoediging voor JHWH (6:1-3). Met voorbeelde uit die verlede (6:7 v.; 7:5 vv.) en hede (7:1e, f, 3v.) word bewys dat hulle sondige lewenshouding nie verander het nie.

## 6. Vertaling

- 6:7 Maar daardie manne het soos in Adam die verbond  
verbreek;  
daar was hulle ontrou teenoor My.
- 8 Gilead is 'n dorp vol skurke,  
hulle laat 'n spoor van bloed en geweld.
- 9 Ja die priestergilde is niks anders as 'n rowerbende  
nie,  
hulle pleeg moord op die pad wat na Sigem toe  
gaan.  
Hulle het soos boewe opgetree!
- 10 In die huis van Israel het Ek 'n afstootlike ding  
opgemerk:  
Daar het Efraim gehoereer, is Israel verontreinig.  
(Ook vir jôú, Juda, is daar 'n oes beskik).
- 11 Terwyl Ek die lot van my volk wil verander,  
7:1 terwyl Ek bereid is om Israel te herstel  
kom die skuld van Efraim  
en die booshede van Samaria aan die lig:  
Hulle het gehuigel  
want oral is diewe en rowers aktief!
- 2 Dit kom sowaar nie eers in hulle gedagtes op  
dat Ek al hulle boosheid onthou nie.  
Nou het hulle sondes hulle ingehaal,  
dit lê oop en bloot voor My.
- 3 Hulle stel die koning tevrede met hulle lis  
en die ministers met hulle bedrog.
- 4 Almal van hulle is totaal onbetroubaar:  
Hulle is soos 'n oond wat brand,  
soos wanneer die bakker ophou vuurmaak,  
vandat die deeg geknie word totdat dit uitgerys  
het.

- 5 Op die herdenkingsdag van sy majesteit het hulle  
die ministers dikkop gemaak met die skop van  
die wyn;  
die raadgewers was sterk onder die invloed.
- 6 Toe die rebelle die koning gehuldig het,  
was hulle kliphard besig om die aanval te beplan!  
Deur die nag het hulle hulle drif in bedwang gehou.  
Teen die môre was die wêreld aan die brand!
- 7 Die hele spul was soos 'n vlammeende vuur,  
hulle het gebrand soos 'n oond;  
So het hulle hulle regeerders verteer,  
al hulle konings het tot 'n val gekom.  
Nie een van hulle vra ooit na My wil nie.

### 7. Agtergrond

Vir die bepaling van die agtergrond van die perikoop is 7:3 tot 7 belangrik aangesien die staatsgreep waarna daar= in verwys word, dateringsmoontlikhede bied. Die probleem is net dat in die jare vanaf 753 tot 731 v.C. vier van die vyf konings in Israel in staatsgrepe omgekom het.<sup>15</sup>

Sommige kommentatore wil op grond van die gebruik van kōl in vs. 7d, die eenheid dateer vóór Menahem, die enigste van die vyf konings wat nie in 'n staatsgreep omgekom het nie. kōl het in vs. 7d egter 'n sterker kwalitatiewe as kwantitatiewe nuanse sodat daar geen rede is om die eenheid nie ná Menahem te dateer nie. Die afleiding van Van Leeuwen, dat dit in die tyd van Peka gedateer moet word omdat daar 'n nuwe staatsgreep, naamlik dié van Hosea ben Ela, op hande is, is foutief omdat dit nie die strek= king en bedoeling van 7:3 v. (vgl. Betekenis) in ag neem nie.

Daar is geen rede om 7:3 tot 7 nie in die tyd van Hosea ben Ela te dateer nie. Vs. 7c en d wek immers die indruk dat daar op 'n hele reeks koningsmoorde teruggekyk word.

Dieselfde datering pas ook die beste by 6:7 tot 7:2. Verwysings na gebeure in die Transjordanse gebied (6:7 v.) is geen bewys dat dit gedateer moet word vóór die tyd

---

15. Vgl. die kronologiese uiteensetting van J. Gray, a.w., bl. 55 tot 74.



toe Tiglath-pileser hierdie gebied geannekseer het nie (teen Van Leeuwen e.a.). Dit is duidelik dat gebeure uit die verlede (7:5) in die perikoop óók funksioneer in die aanklag van JHWH teen die leidende groepe. Daarby het die anneksasie van Gilead en die deportasie van die inwoners (II Kon. 15:29) beslis nie beteken dat daar géén Israëliete of priesters in dié gebied oorgebly het nie. Omdat 6:7 tot 7:2 inhoudelik die gebeure wat in 5:10 tot 6:6 beskryf word, veronderstel en omdat dit ook deur die versamelaar-outeur van die boek deur die huidige plasing bedoel is as 'n vervolg op wat in 5:10 tot 6:6 staan, is dit die beste om 6:7 vv. te dateer in die tyd ná die bewindsoorname deur Hosea ben Ela. Dit is nie moontlik om te sê hoe lank ná sy bewindsoorname dit gedateer moet word nie, maar die perikoop skep die indruk dat dit nie baie lank ná die gebeure van 6:1 tot 6 was nie.

In die perikoop is daar verskillende aanduidings dat die profeet hierdie woorde waarskynlik in Samaria uitgespreek het (vgl. bv. 7:1 en 4).

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

6:7 tot 7:7 sluit logies en inhoudelik aan by 5:8 tot 6:6. Die leidende groepe in die land het die waarskuwing van JHWH in 6:6, in die wind geslaan. Weg van die p<sup>e</sup>nē ywhh het hulle soos in die verlede voortgegaan met hulle gruweldade op kultiese en etiese terrein. Oortredinge wat die dekalog uitdruklik verbied (bv. 6:9c; 7:1e) was steeds aan die orde van die dag. Die sonde van Efraim en Samaria staan teenoor die vergifnis en genesing wat JHWH bereid was om te skenk. Die hele perikoop is 'n bewys daarvan dat die priesters, volk en regeerders vals was (7:1d) in hulle verootmoediging voor JHWH (6:1 vv.).

## 7:8 tot 16

### 1. Afgrensing

Daar is ook oor die afgrensing van Hos. 7:8 vv. verskil van opinie by kommentatore. Wolff reken 7:8 vv. nog tot die voorafgaande perikoop, Rudolph beskou 7:8 tot 16 as 'n perikoop, terwyl Van Leeuwen, Mays en andere dit as twee perikope behandel (7:8 tot 12 en 7:13 tot 16). Almal is dit wel eens dat 8:1 'n nuwe perikoop inlei.

Alhoewel die weeroep ('ōy, vs. 13) in ánder profeteboeke dikwels die begin van 'n nuwe perikoop aandui (vgl. Am. 5:18 vv.; 6:1 vv.), is daar inhoudelik soveel verbindingslyne tussen 7:8 tot 12 en 7:13 tot 16 dat dit die beste is om die twee dele as een perikoop te behandel.

### 2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks is goed oorgelewer. Die enigste tekskritiese veranderinge wat aanvaarbaar en noodsaaklik is, is die volgende:

- i. By vs. 14 maak yitgōrārū ("hulle lê rond") van die Masoretiese teks nie sin nie. Die Septuaginta het in hierdie geval yitgōdādū ("Hulle kerf hulleself") gelees. Dit pas goed in die samehang en word deur feitlik al die kommentatore aanvaar as die oorspronklike lesing. Die lesing van die Masoretiese teks kan verklaar word as 'n skryffout wat betreklik laat in die kwadraatskrif ingesluip het en daarom nie in die Septuaginta en 'n hele aantal manuskripte gereflekteer word nie (vgl. ook Jer. 30:23).
- ii. By vs. 14d het die Septuaginta na alle waarskynlikheid jsrw gelees, maar dit verkeerdelik as yuss<sup>e</sup>rū gevokaliseer (Van Gelderen, Wolff). Die lesing yāsōrū (van srr) pas baie beter in die konteks as yāsūrū (van swr) soos die masorete gevokaliseer het. Die Targum en Siriese vertaling het trouens óók die woord as 'n vorm van srr vertolk.

Daar is egter nie goeie gronde om yissartī in vs. 15a soos die Septuaginta weg te laat nie (teen Wolff). Die weglating in die Septuaginta kan verklaar word as 'n onvermydelike gevolg van die verkeerde vokalisering van ysrw in vs. 14d (nl. "hulle is deur My onderrig"). In só 'n geval is yissartī in vs. 15a 'n herhaling van vs. 14d en daarom oorbodig.

Die meeste kommentatore verander ook lō' cāl in vs. 16a. Hiervoor is daar nie oortuigende tekstkritiese gronde nie (vgl. die bespreking by Van Gelderen). Die vertaling van die Septuaginta en Symmachus dui moontlik op 'n lesing l<sup>e</sup>lō' cāl, maar dit is meer waarskynlik dat eis in albei gevalle ter wille van die betekenis ingevoeg is ná yāšūbū (vgl. Betekenis).

### 3. Vorm

Die perikoop bestaan hoofsaaklik uit tweevoetige versreëls waarvan die hemistiges oorwegend sinteties parallel is aan mekaar. By vs. 10a het die masorete g<sup>e</sup>'ōn yisrā'el tot een klemtoneenheid verbind om sodoende 'n drievoetige versreël (vs. 10a tot c), met drie heffings in elke versvoet, te verkry. Andersins is vs. 10a 'n enkelvoetige versreël met vier heffings (vgl. 5:5), wat dit dan op metriese gronde na 'n latere byvoeging laat blyk.

Indien vs. 10a buite rekening gelaat word (vgl. Betekenis), dui die metrum die onderafdelings van die perikoop aan:

- (i) Vs. 8 tot 10 en vs. 11 bestaan uit versreëls met vier of vyf heffings. Dit word in elke geval afgesluit met die metrum 3 + 3 (vs. 10b en c en vs. 12c en d). Laasgenoemde vershelptes is in albei gevalle sinoniem parallel in teenstelling tot die ander versreëls waar (met die uitsondering van vs. 11c en d) sintetiese parallelisme voorkom.
- (ii) Vs. 13a en b hoort metries by die volgende strofes, maar indien die parallelisme in ag geneem word, staan dit tog 'n bietjie los van die res.

- (iii) Vs. 13c tot 14c en vs. 14d tot 16a is twee strofes wat elk bestaan uit 'n tweevoetige en drievoetige versreël. Die drievoetige versreël vertoon in elke geval die patroon a/(b//c). In albei gevalle is daar ook 'n chiasme in die laaste twee hemistiges (vs. 14b en c en vs. 15c en 16a).
- (iv) Die versvoete van vs. 16b tot f kan op twee maniere kombineer, naamlik b, c + d, e + f of b + c, d + e + f. Aangesien ons hier te doen het met sintetiese parallelisme, is 'n keuse moeilik. Die kombinasie sal dus inhoudelik bepaal moet word (vgl. Beteke= nis).

In die eerste strofe (vs. 8 tot 10) word hoofsaaklik ge=bruik gemaak van metafore om Efraim se optrede en toe=stand te beskryf (vs. 8a tot 9b). Die voorkoms van 'n negatief in elk van die versreëls behalwe vs. 8a is op=vallend (vs. 10a word buite rekening gelaat). In die tweede strofe (vs. 11 v.) kom drie vergelykings voor waar=mee die optrede van Efraim beskryf word. Die gebruik van teenstellings is weer opmerklik in vs. 13c tot 16a. Woordspel kom voor in vs. 11d en 12a ('aššūr hālākū, ka'āššer yeḷekū) en vs. 14d en 15a (yāsōrū bī, wa'ānī yissartī). By vs. 16d tot f is daar alliterasie op m.

#### 4. Struktuur

Die struktuurontleding dui die volgende onderafdelings in die perikoop aan:

- (i) Vs. 8a tot 10c In vs. 8a en b is Efraim telkens die subjek. In vs. 9a en b is Efraim die subjek in die tweede hemistige en in vs. 10b en c word daar van die kollektiewe enkelvoud oorgegaan na die meervoud en is "hulle" (d.w.s. Efraim) die subjek en JHWH die objek.
- (ii) Vs. 11 en 12 sluit aan by die voorafgaande. Efraim is die subjek in vs. 11. In vs. 12 is daar 'n

- oorgang en word JHWH in die eerste persoon as sub=  
jek opgeneem (vs. 12b tot d). Die oorgang in  
hierdie eenheid hang ook saam met die gebruik van  
perfekta (vs. 11) en imperfekta (vs. 12).
- (iii) Vs. 13 tot 16a bevat 'n kort inleiding (vs. 13a en  
b) wat tegelyk ook terugverbind met die voorafgaan=  
de (vgl. lāhem). Vs. 13c tot 16a bestaan uit twee  
kleiner eenhede waarvan die struktuur in elk geval  
byna identies is: Die twee kleiner eenhede word in=  
gelei deur 'n stelling in die imperfektum (vs. 13c  
en 14d), waarna 'n antitese volg in die perfektum  
met 'n ander subjek (vs. 13d en 15a). Hierdie teen=  
stellende sin word verder uitgebou met 'n hemistige  
waarvan die werkwoord weer in die perfektum staan en  
met dieselfde subjek as die voorafgaande hemistige  
(vs. 14a en 15b). 'n Verdere uitbouing (vs. 14a en  
15b) word in die een geval aanvullend (vs. 14c en d)  
en in die ander geval (vs. 15c en 16a) teenstellend  
gedoen.
- (iv) Vs. 16b tot f bestaan uit 'n stelling in die perfek=  
tum gevolg deur 'n stelling in die imperfektum (vs.  
16c) en 'n nominale sin (vs. 16e en f). Die bepaling  
van die struktuur is in hierdie geval moeilik omdat  
dit nie heeltemal duidelik is of vs. 16d met vs.  
16c of vs. 16e en f kombineer nie. Omdat dit te  
wagte is dat zō (vs. 16e) eerder 'n nominale sin sal  
inlei as min (vs. 16d), is die kombinasie b, c + d,  
e + f die waarskynlikste. Die subjekwisseling dui  
ook op 'n sesuur tussen vs. 16b en c. zō het daarby  
beslis betrekking op die inhoud van vs. 16c. Dít  
tesame met die gebruik van die derde persoon meer=  
voudige suffikse, lê 'n nouer verband tussen vs.  
16c + d en e + f, as tussen vs. 16b en c + d (vgl.  
Betekenis).

5. Betekenis

vs. 8

Vs. 8a word deur sommige kommentatore as een sin beskou (vgl. Van Leeuwen e.a.). Daarteen pleit die metrum (2 + 2) en die gebruik van hū' náás die naam Efraim. hū' word in vs. 8a gebruik om die subjek van yitbōlāl te beklemtoon. Daarby het dit ook 'n metriese funksie (Ges-K. par. 135 a). Dit is dan beter om vs. 8a as twee sinne te beskou. yitbōlāl word deur die meeste kommentatore weer=gegees met "homself vermeng". S.M. Paul<sup>1</sup> bring dit in verband met 'n Akkadiese woord bālālū wat gebruik word om die knieproses by deeg te beskryf sowel as die vermenging van verskillende volkere. Hy vermoed dan dat Hosea hierdie woord gekies het ter wille van die dubbelsinnigheid daarvan. bālāl is 'n term wat in die Ou Testament ook gebruik word by die voorbereiding (letterlik "aanklam") van deeg en vir die vermenging of deurmekaar roer van tale (Gen. 11:7 en 9). Op grond van die passiewe vorm yitbōlāl en die beeld uit die bakkersbedryf wat in vs. 8b gebruik word, is dit die beste om vs. 8a soos volg te vertaal:

"Efraim is tussen die nasies,  
hy word self geknie!"

Die bedoeling van die profeet met hierdie woorde word in vs. 8b tot 12d uiteengesit. Dit gaan naamlik oor Efraim se dwase hulpsoekery by die grootmoondhede (vs. 11c en d) en die vernietigende gevolge wat dit vir hom inhou.

In vs. 8b word Efraim vergelyk met 'n askoek wat nie omgekeer is nie. Dit is onwaarskynlik dat die profeet hiermee die feit in die oog het dat Efraim nie tot JHWH wil terugkeer nie (teen Wolff, Van Gelderen, e.a.). Die beeld dui eerder op die nutteloosheid en onbruikbaarheid van 'n askoek wat aan die een kant heeltemal verbrand is (Rudolph). Alhoewel daar, soos by 'n onomgekeerde

---

1. S.M. Paul, The image of the oven and the cake in Hosea VII 4-10, artikel in VT 17 (1967), bl. 114-120.

askoek, op die oog af niks verkeerd is met Efraim nie, is hy nutteloos en onbruikbaar.

In vs. 9 is daar 'n verdere aanwending van die vs.9 beeld wat in vs. 8b gebruik is. Soos die vuur 'n askoek wat nie omgekeer is nie, aan die een kant verbrand (vgl. 'ākāl in 7:7), só het vreemdes Efraim se krag verteer (Van Leeuwen). zārīm is in hierdie geval waarskynlik dieselfde groepe as ammīm in vs. 8a. Onder hulle is daar Egipte en Assirië (vs. 11c en d). Of die profeet ook die Arameërs en ander volkere bedoel, kan nie met sekerheid gesê word nie. kōaḥ kan "opbrengs" beteken indien dit in verband staan met landbougrond (vgl. Gen. 4:12). Die naam Efraim verwys in vs. 8 egter nie na die landstreek nie, maar na persone. Die beeld van die askoek wat in vs. 8b gebruik word, maak dit waarskynlik dat die profeet met kōaḥ sinspeel op die lewenskrag van voedsel (vgl. bv. 1 Kon. 19:8). Dit is nie duidelik wat die konkrete betekenis daarvan is nie: Verwys dit na die tribut en verlies aan grondgebied wat aan die Assiriese koning afgestaan is (Rudolph), of verwys dit dalk na die vreemde troepe soos dié van die Arameërs wat die voedselvoorrade laat krimp het (Wolff e.a.)? Die profeet het waarskynlik geen spesifieke gebeure in die oog nie, maar hy stel in die algemeen dat Efraim se buitelandse beleid (vs. 8a) hom duur te staan gekom het: Dit het hom nutteloos (vs. 8b) en kragteloos (vs. 9a) gemaak.

w<sup>e</sup>hū' het in vs. 9a die funksie om die subjek te beklemtoon. Dit versterk ook die adversatiewe aspek van die tweede helfte van vs. 9a. yāda<sup>c</sup> het in hierdie geval die nuanse van "deurdring tot (die besef van)".

Vs. 9b word deur die kommentatore gewoonlik verstaan as 'n stelling waarin die verswakking van Efraim nog steeds die onderwerp is en dat dit hier beskryf word met die beeld van die grysheid (śēbā) wat oor hom (bō) gesprinkel is (pu<sup>c</sup>al zōr<sup>e</sup>qā i.p.v. qal). Paul het egter op goeie gronde betoog dat śybh zrqh bw die semantiese ekwivalent

is van 'n idiomatiese uitdrukking in Akkadies wat in verband met koek gebruik word in die betekenis "muf raak".<sup>2</sup> Letterlik kan dit weergegee word met "skimmel is op hom gestrooi" (zōr<sup>e</sup>qā). Dit pas goed in die konteks en sluit besonder goed aan by die voorafgaande beeld (vs. 8b en 9a). gam lei in hierdie geval die klimaks van vs. 8 en 9 in.<sup>3</sup>

Die profeet gebruik dus beelde wat bekend was by die voorbereiding van voedsel om die toestand van Efraim te beskryf: Efraim word geknie (vs. 8a); hy het soos 'n halfverbrande askoek geword, dit wil sê nutteloos (vs. 8b). Dit is die vreemde nasies wat Efraim nutteloos en kragteloos gemaak het. So 'n halfverbrande askoek muf uiteindelik omdat dit onsmaklik is en lê en oud word.

Die herhaling van w<sup>e</sup>hū' lō' yāda<sup>c</sup> beklemtoon 'n sekondêre motief wat naas die hoofmotief (onbruikbaarheid en nutteloosheid) in vs. 8 en 9 na vore kom, naamlik die dwaasheid van Efraim. Dit dring nie tot hulle deur dat hulle met hulle buitelandse beleid op vernietiging afstuur nie.

Vs. 10a lewer die volgende probleme: Daar is, vs.10 soos Van Gelderen tereg opmerk, inkonsekwensie in die tempora van vs. 10. w<sup>ec</sup>ānā in vs. 10a kan nie 'n konsekutiewe vorm wees nie (vgl. 5:5) aangesien die perfektumvorme in vs. 10b en c dan onverklaarbaar is. Die voegwoord aan cānā kan ook nie in hierdie geval temporele, kousale, vergelykende, verklarende of finale betekenis hê nie, aangesien nie een van die moontlikhede sonder haakplekke in die konteks pas nie. Daarom is dit die beste om in hierdie geval die woordelikse herhaling van

---

2. S.M. Paul, a.w., bl. 119 v.

3. C.J. Labuschagne, The emphasizing particle gam and its connotations, artikel in Studia Biblica et Semetica, Prof. dr. Th. C. Vriezen dedicata (onder redaksie van W.C. van Unnik en A.S. van der Woude) Wageningen 1966, bl. 193-203.



5:5 as 'n invoeging te beskou. Die rede vir die invoeging moet gesoek word by die noue woordelikse ooreenkoms tussen 7:9b (w<sup>e</sup>hū' lō' yāda<sup>c</sup>) en 5:4 (w<sup>e</sup>,et-yhwh lō' yādā<sup>c</sup>ū) en ook by die inhoudelike ooreenkoms tussen 7:10b c en 5:6 (bqš). 'n Soortgelyke geval kom in die Septuaginta ook voor by 8:13 waar die verwantskap tussen 'n deel van 8:13 en 9:3 daartoe aanleiding gegee het dat ub<sup>e</sup>,aššūr ṭāme' yō'k<sup>e</sup> lū aan die einde van 8:13 ingevoeg is.

Die negatiewe houding van Efraim waarvan daar alreeds in vs. 9a en b sprake is, word verder uitgebou in vs. 10b en c. Die werklike terugkeer na JHWH was die enigste manier waarop Efraim aan die nutteloosheid en vernietiging kon ontkom; maar nieteenstaande alles wat oor hulle gekom het, het hulle hierdie moontlikheid nie aangegryp nie.

Die negatiewe houding van Efraim word in vs. 11a vs.11 en b getipeer as domheid. Efraim word met 'n wilde duif vergelyk omdat die duif maklik mislei en gevang kon word.<sup>4</sup> Die stelling in vs. 11a en b word gesubstansieer met 'n verwysing na die buitelandse politieke optrede van Efraim in die verlede (vgl. die perfektumvorme). Uit vs. 12 is dit duidelik dat die vergelyking deurwerk tot aan die einde van vs. 12d. Daarom is dit die beste om vs. 11c en d te vertaal met:

"Hulle het vir Egipte gekoer,  
 maar na Assirië gevlieg."

In plaas daarvan om hulp te soek by JHWH (vs. 10b en c) het hulle hulle toevlug geneem tot die grootmoondhede en dan nog met so 'n dubbelslagtige politiek dat hulle optrede nie anders getipeer kan word as "verstandeloos" en "dwaas" nie.

Dat hierdie onverstandige optrede nie iets van vs.12 die verlede was nie, blyk uit vs. 12a: ka'āšer het saam met die imperfektum die nuanse "telkens as ..." Die

---

4. Vgl. G. Dalman, Arbeit und Sitte im Palästina VI, Hildesheim 1964, bl. 325.

ondeurdagte hulpsoekery het dus voortgeduur. JHWH sal daar egter 'n einde aan maak: Soos 'n voëlvanger dom duiwe in sy net vang, sal Hy hulle sendings laat misluk (vs. 12b). Dieselfde gedagte word ook in vs. 12c tot uitdrukking gebring.

Vs. 12d pas nie in die konteks indien die masoretiese vokalisasie behou word nie. Die lesing "Ek sal hulle tugtig volgens die berig van hulle vergadering" maak in elk geval ook nie sin nie. Die weergawe van die Septuaginta waarin die laaste woord van die versreël weergegee word met "hulle boosheid", gaan waarskynlik terug op 'n foutiewe teksoorlewering of is 'n verleentheidsvertaling. Die meeste kommentatore verander 'ysrm na 'e'esrēm (van 'sr, bind, vang) om sodoende 'n parallel te kry vir 'ōrīdēm in vs. 12c. Die Masoretiese teks 'ysrm kan egter ongewysig óók vertolk word as 'n eerste persoon enkelvoud imperfektum gal van 'sr, naamlik 'ēs<sup>e</sup>rēm. Daar is twee moontlike verklarings vir hierdie ongewone vorm:

- (i) Die selfstandige naamwoord mōsēr ("boei", vgl. 5:2) hou ongetwyfeld verband met die stam 'sr. Hieruit kan afgelei word dat 'sr blykbaar soms soos 'n pē<sup>e</sup>-waw stam vervoeg is. Indien 'sr soos 'n pē<sup>e</sup>-waw stam vervoeg, sal die eerste persoon enkelvoud imperfektum gal met suffiks 'īs<sup>e</sup>rēm of 'ēs<sup>e</sup>rēm wees.
- (ii) Dit is miskien meer waarskynlik dat die 'ālef op 'n vroeër stadium in die Noord-Israelitiese dialek begin kwiëseer het as in die Judese dialek en dat die e in 'n oop lettergreep tot ē verleng het: ye'sōr word dan yēsōr. Die eerste persoon enkelvoud sal dus 'ēsōr wees. Indien die vol skryfwyse gevolg en die suffiks aangevoeg word, sal die vorm 'ēs<sup>e</sup>rēm wees. 'n Voorbeeld van die vroeë kwiësering van 'ālef in die Noord-Israelitiese dialek, vind ons in Deut. 33:21 waar wayyēte' geskryf staan in plaas van die verwagte wayye'ētē (volgens die Judese standaard).

Die masoretiese vokalisasie by kšm<sup>c</sup> is 'n gevolg van die verkeerde vokalisering van 'ysrm. Dit is beter om kšm<sup>c</sup> soos Rudolph te vokaliseer as k<sup>e</sup>šōme<sup>a</sup><sup>c</sup> ("soos hy wat luister"). Dit sluit goed aan by die vergelyking in vs. 12c. Die chiasme tussen vs. 12c en d kom ook op dié wyse duideliker na vore. Verskeie kommentatore vertaal Ādātām<sup>c</sup> binne die konteks dan ook tereg met "hulle swerm" (vgl. Rig. 14:8). Die pronominale suffiks by dh<sup>c</sup> is 'n voorbeeld van die gebruik daarvan in Hebreeus wat soms vir óns oorbodig klink. Vs. 12 kan dan soos volg weer=gegee word in 'n vertaling:

"Elke keer as hulle gaan,  
 sal Ek my vangnet oor hulle gooi.  
 Soos voëls sal Ek hulle vang;  
 Ek sal hulle vastrek soos  
 iemand wat 'n trop duiwe voorlê."

Die hele vers bring dus met 'n passende beeld tot uitdrukking dat JHWH Efraim se buitelandse beleid nie sal laat slaag nie.

Die Palestynse wilde duif waarna die profeet in vs. 11 en 12 verwys, was waarskynlik 'n soort kransduif (Columba palaestinae) wat in die rotsklowe en hol plekke in die kranse geskuil en gebroei het (vgl. Es. 7:16; Hoogl. 2:14; Jer. 48:28). Verder het hulle ook in verlate geboue, vlak grotte en ou waterputte geboer.<sup>5</sup> Hulle was 'n besonder maklike prooi vir die persoon wat geweet het waar hulle skuil (vs. 11a en b en 12a), veral as dit in 'n ou waterput was. Die jagter het eenvoudig sy net (vs. 12b) of selfs 'n mantel oor die opening van die gat gegooi.<sup>6</sup> Deur klippe of 'n brandende stuk hout in die put af te gooi het hy die duiwe verskrik na buite laat vlieg en so het hulle onvermydelik in die net beland. Die jagter kon ook aan die

5. G. Dalman, a.w., bl. 325; vgl. ook die vertaling van Targum by Jer. 48:28.

6. G. Dalman, a.w., bl. 325.

vlerkgedruis hoor wanneer hulle op pad is na die opening en so kon hy dan gereedsit vir die vangs (vs. 12c en d).

Die uitroep 'ōy.lāhem (vs. 13a) het, soos vs.13a en b die parallelle uitroep šōd lāhem (vs. 13b), die funksie om die onafwendbaarheid van die onheil oor die betrokkenes te onderstreep. nād<sup>e</sup>dū, wat ook in verband met voëls gebruik kan word, sluit inhoudelik aan by vs. 11 en 12. Die dwase hulpsoekery by 'n grootmoondheid is in werklikheid 'n vlug wég van JHWH; dit is opstand teen Hom (vs. 13b). Die buitelandse beleid was dus maar net 'n simptoem van 'n baie ernstiger probleem by Efraim, naamlik opstand teen JHWH. Daarom is die onheil en verwoesting vir hulle onafwendbaar.

Vanaf vs. 13c word die opstand van Efraim 13c-14c belig met behulp van teenstellings waarin hulle dwase en hardkoppige eiewilligheid gestel word teenoor die sorgsame optrede van JHWH. Die gebruik van perfekta en imperfekta wat vanaf vs. 13d gebeur in die verlede en huidige toestande teenoor mekaar stel, bring ook die teenstelling tussen die optrede van JHWH en Efraim sterker na vore.

Die voegwoord by vs. 13c verbind vs. 13c tot 16a met vs. 13a en b en het 'n verklarende funksie (sg. waw explicativum, Ges-K. par. 154 a, vn. 1(b)). Die imperfektum het konatiewe waarde en dui saam met die perfektum dibb<sup>e</sup>rū op 'n gebeurte in die verlede. Die voornaamwoorde in vs. 13c en d beklemtoon die teenstelling in die twee hemistiges. Vs. 13 kan soos volg vertaal word:

"Die ongeluk haal hulle  
 omdat hulle vlug weg van My af is!  
 Daar wag teëspoed vir hulle  
 omdat hulle teen My in opstand is!  
 Ek was immers bereid om hulle te verlos;  
 maar hulle het leuens teenoor my gespreek!"

Die meeste kommentatore beskou vs. 13c en d as 'n algemene stelling waarin die leuens (k<sup>e</sup>zābīm) betrekking

moet hê op die voorafgaande of volgende versreëls. Die veronderstelling is dan dat Efraim JHWH se mag en wil om hulle te red (vs. 13c) verloën het (vs. 13d) of dat die leuens betrekking het op die verkeerde kultiese praktyke waaroor vs. 14b en c handel (vgl. bv. Van Leeuwen). In só 'n verklaring word die gebruik van perfekta (vs. 13d en 14a) en imperfekta (vs. 14b en c) egter nie verantwoord nie. Die eenvoudigste is om vs. 13c en d te verstaan as 'n verwysing na 'n gebeure in die verlede. Die verbondshernuwning waaroor 6:1 tot 6 handel, kom hiervoor eerste in aanmerking (Wolff dink ook in dié rigting). JHWH was by dié geleentheid bereid om Efraim te verlos, maar hulle skuldbelydenis was leuens. Hulle het naamlik nie na JHWH "met hulle hart" om hulp geroep nie (vs. 14a asook I Sam. 7:2 tot 9 vir 'n soortgelyke gebruik van die term z<sup>c</sup>q). Die hele oefening was maar net uiterlike vertoon sonder diepte. Die bewys daarvoor kan gevind word in hulle huidige kultiese optrede (vs. 14b en c). yll word in die Ou Testament dikwels parallel met z<sup>c</sup>q gebruik en dit slaan feitlik sonder uitsondering op rituele kultiese klagte waardeur die deelnemers probeer het om die godheid tot medelye te stem. Dieselfde bedoeling lê ook agter die gebruik om jouself met 'n skerp voorwerp te kerf sodat die bloed uitkom (yitgōdādū). Dit was vir die Israëliete verbode omdat dit onder invloed van die heidense godsdiens in Israel beoefen is (vgl. Lev. 19:28, Deut. 14:1, I Kon. 18:28).

Die presiese bedoeling van mišk<sup>e</sup>bōtām (vs. 14b) is nie duidelik nie. 'n Hele aantal kommentatore stel 'n ongegronde wysiging van die teks voor. Wolff verklaar mišk<sup>e</sup>bōtām as die lêplekke waar die geslagtelike omgang plaasgevind het in die vrugbaarheidsgodsdiens. Dit is egter te vergesog (Van Leeuwen). Alles in ag genome lyk dit die beste om mišk<sup>e</sup>bōtām weer te gee met "die plekke waar hulle lê" en daaraan te dink dat dit by rituele veroortmoediging gebruiklik was om op die grond te sit of te lê (vgl. II Sam. 12:16 en die kommentaar van Mays).

In die kultus was daar dus die bewyse dat die verootmoediging voor JHWH (6:1 tot 3) geen werklike verootmoediging was nie, want hulle het hulle voedsel afgesmeek van 'n god wat nie die Verbondsgod was nie!

Vs. 14d sluit inhoudelik direk aan by vs.14d-16a die voorafgaande: Die optrede van Efraim is 'n bewys daarvan dat hulle teen JHWH in verset is (srr). wa'ānī in vs. 15a is 'n voorbeeld van 'n nuwe subjek wat in 'n antitese deur w<sup>e</sup> ingelei word (Ges-K. par. 142 d). Die voegwoord het in hierdie geval soos gewoonlik konsessiewe krag. In vertaling dus:

"Hulle verset hulle teen My  
alhoewel Ek hulle gewaarsku het."

Vs. 15a verwys terug na die waarskuwing van JHWH in 6:6 waar dit duidelik gestel is dat JHWH nie tevrede is met uiterlike verootmoediging nie, maar dat Hy in die eerste plek die regte gesindheid van Efraim eis.

In vs. 15b tot 16a word die stellings van vs. 14d en 15a verder toegelig. Die uitdrukking hizzaq z<sup>e</sup>rōa<sup>c</sup> is waarskynlik 'n idiomatiese uitdrukking wat ongeveer dieselfde semantiese waarde het as hizzaq yādayim, naamlik "moed gee, aanspoor, ondersteun, onderskraag". Uit die feit dat dieselfde uitdrukking in Es. 30:24 gebruik word in verband met 'n militêre onderneming, kan beslis nie afgelei word dat die profeet in Hos. 7:15 óók 'n militêre stryd in die oog het waarin JHWH die volk gehelp het nie (teen Van Leeuwen). Om iemand te "versterk" of "ondersteun" staan in die Ou Testament soms parallel met "genees" of "nuwe lewenskrag gee" (vgl. bv. Es. 34:4 en 16). Aangesien Hosea die herstel van die verbond ook as JHWH se genesende en vernuwende handeling beskryf (vgl. 6:1 tot 3; 6:11 v.), is dit die beste om 7:15b ná vs. 15a óók te beskou as 'n verwysing na die hernuwing van die verbond waardeur Hy aan die gewonde en geslane Efraim (5:12 tot 14) nuwe lewenskrag gegee het.

Vs. 15c stel dat Efraim egter met betrekking tot JHWH

('ēlay) voortdurend boosheid bedink. Onder hierdie boosheid sou ons die oortredinge waarvan daar in die perikoop sprake is, moet reken. Vs. 16a brei die reaksie waaroor vs. 15c handel, verder uit. Die betekenis van lō' cāl is omstrede en het alle vertalers en kommentatore hoofbrekens besorg. Wysiging van die teks soos dikwels voorgestel word, is onverantwoord (vgl. Tekskritiek). Daarom is dit die beste om 'n sinvolle verklaring te probeer vind vir lō' cāl.

Die kommentatore wat die teks onveranderd handhaaf (bv. Van Gelderen), gee vs. 16a gewoonlik weer met "hulle keer terug, (maar) nie boontoe nie". Alhoewel óns nie aan die profeet kan voorskryf hoe hy sy gedagtes in woorde moet giet nie, sou dít tog 'n baie onnatuurlike manier wees om eintlik te sê "hulle keer nie na bo terug nie". Daarby is dit 'n ope vraag of die profeet die terugkeer na JHWH (so word die sin dan verklaar) sou beskryf met die term "boontoe". Hierdie verklaring is dus onbevredigend.

Die uitdrukking lō' cāl is ongetwyfeld 'n samestelling wat op dieselfde wyse gevorm is as lō'-cammī en lō'-ruhāmā. Daar is in Hebreeus verskeie voorbeelde van hierdie sogenaamde "logiese samestellings" waar nuwe uitdrukkings gevorm word deur 'n kombinasie van die negatiewe lō', bal, b<sup>e</sup>li of mibb<sup>e</sup>lī en 'n substantief, adjektief of werkwoordsvorm (Ges-K. par. 81 d, vn. 2 en par. 152 a, vn. 1). In Hosea kom só 'n samestelling náás die genoemde voorbeelde ook nog voor in 13:13 (lō'-ḥākām). cāl moet in die konteks waarin dit in 7:16a staan, egter nie in verband gebring word met cāl - "hoogte" nie, maar met die stam y<sup>c</sup>l wat "nuttig wees" en "help" as betekenismoontlikhede het. cāl is waarskynlik 'n deverbatief (vgl. də<sup>c</sup>, 'n deverbatief van yd<sup>c</sup>). Die samestelling lō'-cāl het dan na alle waarskynlikheid die betekenis "nuttelose" of "hulpelose" (vgl. die gebruik van lō'-kōah en lō'-cōz in Job 26:2). Dit is vermoedelik 'n ouer of moontlik Noord-Israelitiese ekwivalent van die Judese term b<sup>e</sup>liyya<sup>c</sup>al.

Die betekenis "nuttelose" pas goed in die konteks: JHWH het Efraim gehelp en ondersteun (vs. 15b), maar hulle reageer daarop met boosheid (vs. 15c) en keer terug na dit wat geen hulp kan bied nie. Soos in die geval van vs. 15c het vs. 16a betrekking op die hele perikoop. Onder die "nuttelose" moet ons alles verstaan waarby Efraim sy hulp soek. Dit is die dwase beleid (vs. 8 tot 10) en die grootmoondhede (vs. 11 v.), asook die vrugbaarheidskultus (vs. 14b en c).

Die enigste moontlike probleem met hierdie verklaring is dat šwb gewoonlik met die voorsetsels 'el, l<sup>e</sup> of selfs b<sup>e</sup> (Hos. 9:3) gekonstrueer word. Die afwesigheid van 'n voorsetsel is egter verklaarbaar indien ons aanneem dat lō'-cāl bedoel is as 'n akkusatief wat die persoonlike strewe uitdruk (Ges-K. par. 118 f; vgl. ook Num. 10:36).

Die twee kombinasie moontlikhede van die vs.16b-f versvoete van vs. 16b tot f (vgl. Vorm), bied albei sinvolle vertalings:

- (i) In die een geval (b + c, d + e + f) gee vs. 16d die oorsaak vir die spot waarvan in vs. 16e sprake is. In dié geval sal die verband tussen vs. 16b en c dié van oorsaak en gevolg wees; met ander woorde vs. 16b kan as kousale sin sonder voegwoord by vs. 16c beskou word (Ges-K. par. 158 a) óf vs. 16c kan 'n gevolgsin sonder voegwoord wees by vs. 16b (Ges-K. par. 165 a). Die betekenis sal in albei gevalle dieselfde wees en kan soos volg weergegee word:

"Omdat hulle soos 'n slap boog geword het,  
sal hulle vorste val deur die swaard.  
As gevolg van die feit dat hulle (self) 'n  
vervloeking uitgespreek het,  
sal dit hulle bespottings wees in Egipteland."

- (ii) In die ander geval (b, c + d, e + f) motiveer vs. 16d die stelling van vs. 16c. In vertaling weer=gegee:

"Hulle het soos 'n slap boog geword.  
Hulle vorste sal val deur die swaard  
omdat hulle (self) 'n vervloeking uitgespreek het.  
Dit sal hulle bespottings wees in Egipteland."



Die laaste moontlikheid is grammatikaal die eenvoudigste en daarom verkiesliker as die eerste (vgl. ook Struktuur).

Vs. 16b sluit inhoudelik aan by die voorafgaande en is 'n konklusie wat Efraim se posisie saamvat: Efraim, wat hulp soek by die nuttelose (vs. 16a), het self so nuttelos geword soos 'n slap boog (vs. 16b). Dit dien geen doel meer nie. Die onbruikbaarheid van Efraim vir JHWH is 'n motief wat in vs. 8 en 9 oorheers en in vs. 16 in die finale konklusie oor Efraim weer gestel word.

Direk ná die konklusie, wat byna die funksie het van 'n skuldigbevinding, volg JHWH se oordeel in vs. 16c met 'n motivering in vs. 16d. Die presiese betekenis van vs. 16d is onseker. Dit is duidelik dat die suffiks aan lāšōn terugverwys na śārēhem in vs. 16c. Dit is egter nie duidelik waarop die verwensing of vervloeking (za<sup>c</sup>am) wat die leiers uitgespreek het, dui nie. Die probleem is naamlik dat za<sup>c</sup>am in die Ou Testament altyd in verband met God gebruik word en slegs in Hos. 7:16 in verband met mense. Daar is dus vir alle praktiese redes geen parallel vir Hos. 7:16 wat lig kan werp op die presiese betekenis nie. Die meerderheid kommentatore vertolk dit as 'n verwensing van JHWH en sy diens (bv. Van Leeuwen). Wolff verklaar dit as 'n verwensing van Hosea deur die howelinge. Albei hierdie verklarings veronderstel meer as wat waarskynlik is.

Aangesien die opstand teen JHWH wat tot uitdrukking kom in die buitelandse beleid, pertinent genoem word in die inleiding van vs. 13 tot 16 en daar in die eenheid telkens terugverwys word na die verbondshernuwing en die verbreking daarvan, is dit die beste om 'n verklaring vir za<sup>c</sup>am in dié rigting te soek: Seën en vervloeking was 'n vaste element by die verbondshernuwing tussen JHWH en Israel.<sup>7</sup> Daarby was dit primêr die leiers wat by die verbondshernuwing die vervloeking oor die verbrekers van

---

1. Vgl. K. Baltzer, Das Bundesformular, Neukirchen 1964, bl. 29-100. Vgl. ook bv. Deut. 27 en 28, Jos. 24:19 vv.

die verbond uitgespreek het (vgl. bv. Jos. 24:1). mizza<sup>c</sup>am l<sup>e</sup>šōnām verwys dan na die vervloeking wat die leiers self uitgespreek het oor elkeen wat die verbond nie hou nie. Deur hulle optrede het dit 'n vervloeking oor hulleself geword en sou hulle met hulle lewens daarvoor boet (vs. 16c). Dat die val van die leiers in Egipte 'n spottende weerklank sou vind, is te wagte as in ag geneem word dat die leiers eers hulp gesoek het by Egipte (vs. 11c), maar daarna aansluiting gesoek het by Egipte se aarstvyand Assirië (vs. 11d).

Die betekenis van vs. 16b tot f kan soos volg saamgevat word: Efraim het vir JHWH as instrument onbruikbaar geword (vs. 16b). Die vorste wat by die hernuwing van die verbond die leiding geneem het, gaan met hulle lewens boet, want hulle het self 'n vervloeking uitgespreek oor die verbrekers van die verbond. Wanneer die leiers tot 'n val kom, sal Egipte met voldoening en spot daarvan kennis neem.

Die naam Efraim dui in vs. 8 vv. dieselfde groep persone aan as in 5:10 tot 6:6. Uit die politieke inisiatief wat aan Efraim toegeskryf word, is dit duidelik dat die politieke leiers die eerste aangesprokenes is. Mede inbegrepe is die godsdienstige leiers en die volk of 'n deel van die volk. Dit is baie moeilik om te bepaal of Hosea die hele volk Israel daarby insluit en of hy, soos by 7:1, slegs 'n deel van die volk wat hoofsaaklik in Samaria gekonsentreer was in die oog het. Wat wel opmerklik is, is dat die oordeelwoord in vs. 6c net die leiers geld.

## 6. Vertaling

- 8 Efraim is tussen die nasies, hy word self geknie!  
Efraim het soos 'n gebrande askoek geword!
- 9 Vreemdes het hom gekroei, maar dit dring nie tot  
hom deur nie!  
Hy het selfs muf geraak, maar dit dring nie tot  
hom deur nie!

- 10 (En die trots van Israel getuig openlik teen hom).  
Hulle het nie na JHWH hulle God teruggekeer nie  
en te midde van dit alles het hulle nie sy bystand  
gevra nie.
- 11 Efraim het geword soos 'n duif - dom en sonder  
verstand:  
Hulle het vir Egipte gekoer  
maar na Assirië toe gevlieg.
- 12 Elke keer as hulle gaan, sal Ek my net oor hulle  
gooi.  
Soos voëls sal Ek hulle vang;  
Ek sal hulle vastrek soos een wat 'n trop duiwe  
voorlê.
- 13 Die ongeluk haal hulle, want hulle vlug is weg van  
My af!  
Daar wag teëspoed vir hulle, want hulle is teen  
My in opstand!  
  
Ek was immers bereid om hulle te verlos,  
maar hulle het leuens teenoor My gespreek.
- 14 Hulle het nie uit hulle hart na My om hulp geroep  
nie:  
Hulle kerm op hulle lêplekke;  
ter wille van koring en wyn verwond hulle hulself.  
Hulle verset hulle teen My,  
15 alhoewel Ek hulle gewaarsku het.  
Ek het hulle onderskraag, maar hulle reageer daarop  
met boosheid.  
Hulle gaan telkens terug na die nuttelose!  
Hulle het so onbruikbaar geword soos 'n slap boog!  
Hulle leiers sal val deur die swaard;  
hulle sal die slagoffers word van hulle eie ver=  
vloeking.  
Dit sal hulle bespotting wees in Egipteland.

## 7. Agtergrond

Die agtergrond van vs. 8 tot 16 moet soos dié van die voorafgaande perikoop gesoek word in die tyd kort ná die bewindsoorname van Hosea ben Ela in 731 v.C. Ná die hulpsoekery by Egipte in die tyd van Peka, het Efraim op hierdie stadium 'n verbintenis met Assirië (vs. 11 en 12). Die vyandige invalle en die anneksasie van veral die Jisreëlvlakte deur die Assiriërs het die voedselvoorrade laat krimp en dit het 'n goeie landboujaar 'n absolute noodsaaklikheid gemaak (vs. 14b en c). Daar is nog nie sprake van die toenadering tot Egipte soos wat die geval was in die later jare van Hosea se regering

nie (vgl. II Kon. 17:4). Die duidelike terugverwysings na die hernuwing van die verbond in vs. 13 tot 15 dui ook daarop dat daar nie veel tyd kon verloop het sedert die verbondshernuwing nie. Dit is selfs moontlik dat vs. 8 tot 16 maar met 'n voortsetting is van die profetiese optrede wat in 6:7 tot 7:7 weerspieël word (vgl. Breër verbande en perspektiewe). As plek van optrede kom Samaria waarskynlik eerste in aanmerking.

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Die perikoop sluit direk aan by die voorafgaande perikoop: Daar is in die eerste plek 'n verband tussen die beelde wat in 7:4 tot 7 en 7:8 vv. gebruik word. Verder is die verbreking van die verbond soos dit tot uitdrukking kom in die politieke en etiese optrede van die leidende groepe in Efraim, die hoofmotief in albei die perikope. Terwyl 6:7 tot 7:7 konsentreer op die binnelandse beleid en posisie, handel 7:8 tot 12 oor die buitelandse beleid. Vs. 13 tot 16 gaan oor Efraim se optrede in die algemeen. Die oordeel wat vs. 13 tot 16 afsluit is merkwaardig genoeg van 5:8 af die eerste oordeelsprofesie wat betrekking het op 'n toekomstige gebeure. In die lig daarvan dat daar vanaf 6:7 tot 7:16 telkens verwys word na die valsheid en ontrou van die betrokkenes met betrekking tot die verbondshernuwing (6:1 vv.), moet Wolff gelyk gegee word wanneer hy 5:8 tot 7:16 as "eine kerygmatische Einheit" tipeer.

Die hoofmomente van 5:8 tot 7:16 kan soos volg saamgevat word:

Efraim en Juda word aangekla van verbondsbreuk en die krisis waarin hulle beland het, word verklaar as 'n gevolg van die optrede van JHWH teenoor hulle. Die enigste moontlikheid tot redding was om by JHWH hulp te soek en die verbondsverhouding met Hom te herstel. Hulle neem hulle voor om dit te doen en verwag dat Hy positief sal

reageer op hulle toenadering. Die toenadering van Efraim en Juda word nie deur JHWH afgewys nie, maar Hy stel dit baie duidelik dat Hy nie tevrede is met 'n oppervlakkige bekering waarby die regte gesindheid ontbreek nie (5:8 tot 6:6).

Hierna word verwys na verskillende oortredinge van die leidende groepe in Israel. Dit word klaarblyklik gedoen om te illustreer dat hulle gesindheid nie verander het nie. Tegelyk dien dit ook as 'n aanklag teen hulle. Nadat hulle sondes oor 'n wye spektrum oopgevlek is (6:7 tot 7:12), word hulle dade en gesindheid gestel teenoor die optrede van JHWH (7:13 vv.). Die laaste eenheid word dan afgesluit met 'n oordeelsprofesie.

Dit is opmerklik dat die vrugbaarheidsgodsdiens en gepaardgaande kultiese ontrou teenoor JHWH wat vanaf 1:2 tot 5:7 die dominante tema was, in 5:8 tot 7:16 slegs twee maal terloops ter sprake kom (6:10 en 7:14). Vanaf 5:8 tot 7:16 oorheers sake wat op die politieke en etiese terrein lê die toneel. Hierdie verandering het waarskynlik sy agtergrond in die veranderde beleid wat aanvanklik deur Hosea ben Ela gevolg is op godsdienstige gebied (vgl. II Kon. 17:2). Dit is ook logies om te veronderstel dat die vrugbaarheidsgodsdiens nie veel aftrek gekry het in die politieke krisis tydens en kort na die Siro-Efraimitiese oorlog nie.

Die profesieë van 5:8 tot 7:16 is in die eerste plek gerig aan die adres van die leidende groepe in Israel. Die volk word nie pertinent uitgesluit by die aanklagte teen Efraim nie, maar dit is duidelik dat die beskuldigings konsentreer op diegene wat die landsbeleid bepaal het. Dit is dan ook geensins verrassend dat die leiers in die oordeelsprofesie aan die einde, uitgesonder word nie (7:16). Hieruit blyk dieselfde oortuiging as wat in die eerste hoofstukke van die boek na vore gekom het: Die politieke leiers, wat ook die godsdienstige beleid bepaal het, was die grootste oorsaak van die afval in Israel.

8:1-141. Afgrensing

Die kommentatore is dit eens dat die oproep in 8:1 'n nuwe perikoop inlei. Die meeste is ook oortuig daarvan dat daar eers by 9:1 weer 'n nuwe eenheid begin. Daar is wel by sommige onsekerheid oor die vraag of vs. 11 tot 14 ook deel is van die voorafgaande eenheid (vgl. die druk in BHS). Andere beskou vs. 1 tot 13 as 'n eenheid en vs. 14 as 'n losstaande spreuk. Mays noem vs. 14 "a floating piece". Aangesien daar egter geen deurslaggewende argument is om vs. 11 tot 14 as 'n nuwe perikoop te beskou nie, sal 8:1 tot 14 voorlopig as een perikoop behandel word.

2. Tekskritiek

Die Septuaginta en sy afhanklike vertalings, asook die Targum en ander vertalings wyk op verskillende punte af van die Masoretiese teks. In die meeste gevalle is dit egter duidelik vertolkende vertalings en veronderstel dit nie noodwendig 'n ander teks nie. Alhoewel die Masoretiese teks 'n hele aantal probleme oplewer en die vokalisasie op literêr-kritiese gronde in 'n paar gevalle gewysig kan word, is die konsonanteteks blykbaar goed oorgelewer.

3. Vorm

Die metrum bestaan uit twee- en drievoetige versreëls. Dit het nie 'n vaste patroon nie, maar dit is opvallend dat die verandering in metrum in 'n hoë mate die oorgang na 'n volgende eenheid in die perikoop aandui: Vs. 1 tot 3, vs. 4, vs. 5 en 6, vs. 7, vs. 8 tot 10, vs. 11 en 12, vs. 13 en vs. 14. Die chiastiese patroon van die metrum by vs. 1 tot 4 en vs. 8 tot 10 is ook opmerklik.

Sintetiese parallelisme kom feitlik deurgaans voor. Daar

is enkele chiasmes (vs. 1c en d, vs. 3a en b). Verder kom daar 'n paar vergelykings en metafore voor in die perikoop (vgl. vs. 1b, 8c en 9b). By vs. 7c en d is daar blykbaar bedoelde endrym (vgl. Betekenis).

#### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit kleiner eenhede wat maklik uitgeken kan word en betreklik selfstandig naas mekaar staan (vs. 1, vs. 2 en 3, vs. 4, vs. 5 en 6, vs. 7, vs. 8 tot 10, vs. 11 en 12, vs. 13 en vs. 14). Daar is nouer verband tussen sommige van die kleiner eenhede, maar aangesien tipiese verbindingspartikels ontbreek, is die verbinding op grond van suiwer formele kriteria nie so eenvoudig nie:

- (i) Vs. 1 tot 3 kan verbind word op grond van die algemeenheid van die stellings waarmee die oortreding van die betrokkenes getipeer word (vgl. vs. 1c en d met vs. 3a en b) teenoor die res van die perikoop waar daar in besonderhede ingegaan word op die oortredinge.
- (ii) In vs. 4 tot 6 word die term <sup>c</sup>āśā gebruik in verband met die vervaardiging van godebeelde (vs. 4d en e, vs. 6b en c). Die verwysing na vernietiging in albei gevalle (vs. 4f en 6d) is 'n addisionele argument om vs. 4 tot 6 nouer aanmekaar te skakel.
- (iii) Vs. 7 tot 10 By vs. 7a is dit 'n vraag of kī redengewend gebruik word en of dit 'n voorwaardesin inlei (Ges-K. par. 159 aa, bb). Die res van vs. 7 maak die laaste moontlikheid die waarskynlikste (vgl. Betekenis). kī verbind dus nie terug nie. Tussen vs. 7 en 8 tot 10 word daar 'n verband gelê deur die herhaling van die term bl<sup>c</sup> (vs. 7f en 8a) en ook deur die verwysing na "vreemdes" in albei gevalle (vs. 7f, 8b en 9a).
- (iv) Vs. 11 tot 13 kī in vs. 11a verbind ook nie terug nie maar na vore (vgl. Betekenis). Die verband

tussen vs. 11v en vs. 13 lê in die verwysing na altare en offers - terme wat in die res van die perikoop nie voorkom nie.

Die feit dat JHWH in vs. 12 self aan die woord is (vgl. 'ektōb) en dat na Hom in die derde persoon verwys word in vs. 13, is nie 'n dwingende rede om 'n sesuur tussen vs. 11v. en vs. 13 aan te bring nie. Die oorgang van 'n godsrede na 'n profeterede vind dikwels binne 'n eenheid plaas (vgl. 2:22; 6:4 tot 6).

- (v) Vs. 14 is 'n selfstandige eenheid en word van die res geskei deur die voorkoms van die naam Juda daarin.

Die voorafgaande verbindings word bevestig deur die feit dat spesifieke oordeelswoorde wat op die toekoms betrekking het, met die uitsondering van vs. 1 tot 3, telkens voorkom aan die einde van die groter eenhede (vs. 6d en e, vs. 10b tot d, vs. 13d tot f, vs. 14d en e). Vanaf vs. 1 tot 13 word die verskillende eenhede verbind op grond daarvan dat dit deurgaans oor dieselfde groep persone se optrede gaan - optrede waarteenoor JHWH afwysend staan en wat Hy veroordeel. Vs. 14 verbind met die voorafgaande op grond van die waw konsekutief.

## 5. Betekenis

vs.1

Vanweë die staccato-styl is die presiese betekenis van vs. 1a en b moeilik en omstrede. Die kommentatore is dit wel eens dat hek in vs. 1a (soos dikwels in die wysheidsboeke) nie "verhemelte" nie, maar "mond" of "lippe" beteken (vgl. Job 31:30, Spr. 5:3; 8:7). Vs. 1a is dus 'n bevel om 'n ramshoring aan die mond te bring, dit wil sê om alarm te maak. Dit is egter nie duidelik tot wie hierdie bevel gerig is nie (vgl. die suffiks aan hek). Wolff vermoed dat die profeet in vs. 1a en b 'n militêre bevelvoerder aanspreek. Aangesien daar nêrens na 'n militêre bevelvoerder verwys word nie, lyk hierdie ver-



klaring onwaarskynlik. Die verklaring dat dit gerig is tot die profeet self (Rudolph, e.a.), lewer wel dié beswaar op dat die profeet ná hoofstuk 3, nie direk aangespreek word deur JHWH nie. Die bevel is vermoedelik nie gerig tot 'n spesifieke persoon nie maar is soos die imperatiewe in 5:8 bloot bedoel as 'n dringende waarskuwing van dreigende gevaar. Die waarskuwing is vanselfsprekend bedoel vir die ore van die betrokkenes na wie verder (met die uitsondering van vs. 5a) in die derde persoon meervoud verwys word.

Vs. 1b brei die waarskuwing van gevaar verder uit en verskaf inhoudelik die grond vir die bevel in vs. 1a. Vs. 1b is 'n nominale sin wat ter wille van die effek so kort as moontlik geformuleer is. Met die woorde kanešer <sup>c</sup>al ... bedoel die profeet waarskynlik dieselfde as wat in 'n volledige omskrywing in Jer. 49:22 gestel word: "... soos 'n aasvoël sal hy opstyg en vlieg en sy vlerke uitsprei oor Bosra ..." <sup>1</sup> Dit is egter nie duidelik of nešer in vs. 1b 'n arend of 'n aasvoël aandui nie: Indien die beeld dieselfde is as dié in Jer. 49:22 (vgl. ook 48:40), impliseer dit dat daar 'n sterwende is in die bēt yhwh. Dit sluit goed aan by vs. 1c en d, aangesien die profeet verskeie kere die dood (figuurlik gesproke) as 'n noodwendige gevolg van die verbreking van die verbond voorhou (vgl. 6:1 tot 5; 13:1 en 13). Aangesien daar egter 'n nouer verband is tussen vs. 1a en 1b, is dit beter om vs. 1b in verband te bring met 'n dreigende vyandelike aanval. Die beeld is dan dié van 'n arend of ander roofvoël wat oor sy prooi sirkel en wag vir die regte oomblik om aan te val.

Feitlik alle kommentatore sien in bēt yhwh nie 'n verwysing na 'n tempel nie, maar na die land Israel. Die motivering vir hierdie verklaring is onder andere dat geen tempel binne Israel deur Hosea "die huis van JHWH"

---

1. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel III en Klaagliederen, Nijkerk 1974, bl. 34 en 45.

genoem sou word nie (Van Gelderen). In dié verband word dan gewoonlik ook verwys na 9:15 waar bētī volgens die kommentatore die land aandui. Teenoor hierdie verklaring kan gestel word dat bēt yhwh in 9:4 baie duidelik verwys na 'n tempel. Daarby is dit ook redelik seker dat bētī in 9:15 nié na 'n tempel verwys nie (vgl. die bespreking aldaar). Verder kan die Jerusalem-Judese beoordeling van die tempels in Israel wat in die Ou Testament voorkom, nie dien as 'n maatstaf vir wat Hosea sou bedoel met die uitdrukking bēt jhwh nie. Die feit dat hy die kultusbeoefening byvoorbeeld by 'n tempel soos Bet-el afwys (3:15), is ook geen rede waarom hy die heiligdom aldaar nie tog bēt yhwh kan noem nie. (Vgl. in dié verband die oordeel van die profeet Jeremia oor die tempel in Jerusalem in Jer. 7:1 vv.). In die res van die perikoop is kultiese sake sterk op die voorgrond, en daarom is dit waarskynlik dat die profeet met bēt yhwh na 'n tempel verwys. Die waarskuwing in 5:8 skets ook die verwagte vyandelike inval in daardie geval as 'n uiteindelijke bedreiging vir die heiligdom in Bet-el. (Vgl. verder ook die bespreking by vs. 6). Vs. 1a is dus 'n oproep om alarm te maak en die gevaar waarteen gewaarsku word, is 'n komende vyandelike aanval wat die hart van Israel, naamlik die tempel van JHWH, bedreig. Dit kom daarop neer dat die onheilspellende skaduwee van dood en vernietiging oor dié plek geval het waar die Israëliete geglo het hulle veiligheid kan vind.

Die aanleidende oorsaak (ya<sup>c</sup>an) van die dreigende gevaar word in vs. 1c en d gegee: Die betrokke persone oor wie dit in die perikoop gaan, het die verbond van JHWH oortree en teen sy tōrā in opstand gekom. Die tōrā van JHWH is die verbondsbepalings waaraan Israel gehoorsaam moes wees (vgl. vs. 12a). Hieronder moet die dekalog en ander wette verstaan word (vgl. bv. 4:2; 5:10a en 7:1). Die oortreding van JHWH se gebooie en die verbreking van die verbond het onvermydelike onheil oor die oortreders gebring.

Vs. 2 handel oor die toenadering van die betrok- vs.2  
 kenes tot JHWH. Die term z<sup>c</sup>q word in die Ou  
 Testament dikwels gebruik om die hulpgeroep van die  
 verbondsvolk tot JHWH in die kultus tot uitdrukking te  
 bring.<sup>2</sup> Hosea gebruik die term in 7:14 ook in verband  
 met 'n kultiese samekoms waar Efraim in die nood was en  
 hulp gesoek het by die Verbondsgod. Dit is, soos blyk uit  
 die aanspraak wat in vs. 2b gemaak word, ook die bedoeling  
 in vs. 2a.

Verskeie kommentatore wysig die Masoretiese teks by vs.  
 2b. Die argumente wat hiervoor aangevoer word is die  
 volgende:

- (i) Die Septuaginta volg 'n ander lesing as die Masore-  
 tiese teks (ho theos egnōkamen se).
- (ii) Daar is inkongruensie tussen die enkelvoud van die  
 suffiks aan 'ēlōhay en die meervoudsvorm.
- (iii) Die naam yiśrā'el pas nie in vs. 2b nie vanweë die  
 ontoelaatbare sintaktiese posisie daarvan.  
 Ehrlich<sup>3</sup> het geargumenteer dat 'n substantief nie  
 as apposisie kan aansluit by 'n pronomen wat in 'n  
 verbaalvorm opgesluit lê nie, tensy die pronomen  
 afsonderlik herhaal word.

Hierteenoor kan die volgende gestel word:

- (i) Die lesing van die Septuaginta moet as lectio  
facilior afgewys word.
- (ii) Die beswaar teen die enkelvoudige suffiks in  
'ēlōhay verval as in ag geneem word dat dit in die

---

2. Vgl. bv. E. von Waldow, Der traditionsgeschichtliche  
Hintergrund der prophetischen Gerichtsreden, in BZAW  
 nr. 85, Berlyn 1963, bl. 26; téén H.J. Boecker,  
Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament,  
 Neukirchen 1964, bl. 65 v.

3. A.B. Ehrlich, Randglossen zur hebräischen Bibel; Band  
V: Ezechiel und die kleinen Propheten, Leipzig 1912,  
 bl.

boek Hosea as 'n geykte vorm gebruik word in verwysings na JHWH (vgl. 9:8 en 17).

Die vorm met die enkelvoudige suffiks het waarskynlik in 'n kultiese situasie geïnkasie geraak: In die Ou Testament word Israel in die meerderheid gevalle in die enkelvoud aangespreek deur JHWH wanneer die verbondsverhouding ter sprake is (vgl. bv. Eks. 20:2; verder ook Hos. 9:1; 12:7 en 10; 13:4 en 14:2). In die reaksie van die volk is die gebruik van die enkelvoud waarskynlik voortgesit. Wolff stel dit soos volg: "Die Anrufung 'ēlōhay könnte ein echtes Echo auf das verkündete Bundesrecht sein."

Verder is dit van belang om daarop te let dat 'ēlōhay in baie psalms gebruik word as die element van dreigende gevaar teenwoordig is en die volk hom beroep op die verbondsverhouding as die grond vir die verlossing wat van JHWH verwag word. Mays vat dit soos volg saam: "'ēlōhay is an appellation which lays hold on an election and claims its blessing in trust." Dit blyk ook uit Hos. 2:25 dat die aanspreekvorm 'ēlōhay binne die verbondsverhouding tuishoort.

- (iii) Die grammatikale beswaar teen die Masoretiese teks hou nie steek nie, want wat vir prosa geld, is dikwels nie van toepassing op poësie nie. In Rig. 5:7b is daar inderdaad nóg 'n voorbeeld van 'n eienaam wat sonder herhaling van 'n pronomens apposisioneel aansluit by 'n verbaalvorm (<sup>c</sup>ad šaqqamī d<sup>e</sup>bōrā, šaqqamī 'em b<sup>e</sup>yiśrā'el). Die voorbeeld uit Rig. 5:7 plaas ook 'n vraagteken oor Rudolph se vertaling van vs. 2b, nl. "... wir kennen dich, weil wir Israel sind ...".

Alles in ag genome is dit die beste om yiśrā'el in vs. 2b as 'n permutatief te beskou: Die sprekers wil nie hê dat daar misverstand sal wees dat hulle Israel, die

verbondsvolk, is nie. Dit sluit aan by die feit dat die term yāda<sup>c</sup> en sy derivate in die boek Hosea, soos dikwels in die Ou Testament, gebruik word om die verbondsverhouding tot uitdrukking te bring (vgl. 4:1; 5:4; 6:1 tot 6, ens.).

Vs. 3 staan inhoudelik téénoor vs. 2. (Die vs.3 Septuaginta gee hierdie inhoudelike teenstelling weer met hoti aan die begin van vs. 3.) Diegene wat hulle in vs. 2 tot die Verbondsgod wend en hulle beroep op die feit dat hulle aan Hom verbonde is, se daade getuig van die teendeel. Hulle het naamlik die goeie verwerp. Die term ṭob staan in die Ou Testament dikwels in verband met die bepalings van die verbond (Deut. 6:17 vv.; 12:28 tot 32; Jer. 7:3 tot 7; Mi. 6:8). Die "goeie" is dit wat JHWH beveel en vanselfsprekend ook skenk aan diegene wat Hom gehoorsaam. Dit is ook die bedoeling in vs. 3a (vgl. vs. 1c en d): Hulle wil graag die hulp van die Verbondsgod ontvang (vs. 2), maar hulle verwerp die bepalings van die verbond (vs. 3a).

In die Samaritaanse liturgie word ṭwbh soms gebruik as wisselvorm vir yhwh.<sup>4</sup> Die gebruik van tōb in Hos. 8:3 is die eerste stap in dié rigting.

Vs. 3b brei vs. 3a verder uit. Die meeste kommentatore volg die masoretiese vokalisasie en neem 'ōyēb as die subjek van die sin en yrdpw as 'n imperfektum enkelvoud met 'n ongewone vorm van die suffiks (Ges-K. par. 60 d). Só verstaan, is vs. 3b 'n oordeelswoord oor Israel: "... 'n vyand sal hom agtervolg". Dit is egter eenvoudiger om yrdpw soos die Septuaginta as 'n imperfektum meervoud te vertolk en 'ōyēb te neem as die objek van die werkwoord (so ook Van Gelderen). Die feit dat die werkwoorde met Israel as subjek in vs. 3b in die meervoud staan, is nie 'n argument téén die lesing van die

---

1. A.E. Cowley, The Samaritan Liturgy, Oxford 1909, Vol. II, bl. lvii.

Septuaginta nie, aangesien 'n kollektiewe enkelvoud die werkwoord in die enkelvoud óf meervoud kan neem (vgl. bv. 9:7). Hierdie lesing sluit baie goed aan by die betekenis van rdp op ander plekke in die boek Hosea. Dit word telkens gebruik in die sin van "agternaloop" of "hulp soek by" en nié met die betekenis "agtervolg" nie (2:9; 6:3; 12:2).

Indien yrdpw as 'n imperfektum meervoud gevokaliseer word, is vs. 3b 'n gevolgsin na vs. 3a. Die waw finale ontbreek (Ges-K. par. 120 c) as gevolg van die chiasme in vs. 3. Die betekenis van vs. 3 is dus dat Israel die verbond van JHWH nie nagekom het nie en in plaas daarvan 'n vyand gevolg het. Dit slaan dan op die buitelandse beleid waarmee die regering in Efraim probeer het om hulle posisie te beveilig. In stede van hulle veiligheid te soek in die gehoorsaamheid aan die verbondsbepalings van JHWH, het hulle dit gesoek in 'n verbond met die Assiriërs wat in werklikheid 'n vyand van Israel was (vgl. vs. 8 tot 10; 5:11, 13; 7:8 tot 12, 16a; Deut. 7:2).

Terwyl vs. 1 tot 3 in die algemeen verwys na vs.4 die verbreking van die verbond en ongehoorsaamheid van diegene wat hulleself "Israel" noem, handel vs. 4 vv. oor die besonderhede daarvan.

hem (sonder voorafgaande kī of w<sup>e</sup>) versterk die pronomens wat in die werkwoordelike vorm opgesluit lê en staan teenoor mimmennī in vs. 4b. Diegene oor wie dit hier gaan het dus self konings aangestel, maar dit het gebeur sonder die goedkeuring van JHWH. Die vorm hešīrū in vs. 4b is 'n ongewone hif<sup>c</sup>īl van šrr (vgl. die Septuaginta).

hešīrū is moontlik gevorm terwille van assonansie met himlikū (Wolff e.a.). Daar is egter ook ánder voorbeelde waar die hif<sup>c</sup>īl van <sup>c</sup>ayin-<sup>c</sup>ayin woorde gevorm is op die patroon van <sup>c</sup>ayin-waw woorde. Vgl. bv. pr in Es. 17:19 en Ps. 33:10.

Vgl. verder ook die sinonieme betekenis van šrr en swr, mkk en mwk.

In vs. 4a tot c word verwys na die vele staatsgrepe in Israel. By elk van hierdie geleenthede is daar 'n nuwe koning op die troon geplaas en is daar nuwe amptenare aangestel. Die persone oor wie dit hier gaan (hem in vs. 4a), is dus nie die volk as geheel nie, maar die owerheid in die hoofstad Samaria (vgl. bespreking by vs. 5 v.).

Sommige kommentatore vind dit ongewoon dat daar in vs. 4d oorgegaan word na die kultus. Indien ons egter rekening hou met die feit dat die kultus in Israel (veral dié by Bet-el) 'n staatsbeheerde saak was waaroor die regering volle seggenskap gehad het, is die oorgang verklaarbaar en logies (vgl. ook 3:4). Die afgodsbeelde waarna vs. 4e verwys, het in die lig hiervan nie betrekking op gode=figure en simbole wat vir privaat gebruik bestem was nie (teen Van Leeuwen e.a.). Dit slaan eerder op figure en simbole in die kultus waarvan daar sekerlik nie net die twee voorbeelde by Bet-el en Dan was nie.

Die subjek van yikkāreṭ (vs. 4f) kan kaspām ūz<sup>e</sup>hābām wees (vs. 4d, so bv. Wolff). Die enkelvoud van die werkwoord is dan waarskynlik 'n constructio ad sensum. Die subjek kan ook ʿāṣabbīm wees (vgl. die Septuaginta, Siriese vertaling en Targum). As dit die bedoeling was, moet die enkelvoud van die werkwoord distributief verstaan word (Ges-K. par. 145 b en m). Die eerste moontlikheid is inhoudelik die beste. Vs. 4f is dan ironies bedoel: Deur van hulle silwer en goud afgodsbeelde te maak, word die metaal vir alle praktiese redes aan vernietiging oorgegee.

znḥ in vs. 5a lewer 'n probleem op: Het dit vs.5a-b dieselfde betekenis as znḥ in vs. 3a en indien wel, wie of wat is die subjek daarvan? In vs. 5b word in die eerste persoon na JHWH verwys en daarom is dit baie onwaarskynlik dat Hy in vs. 5a die subjek in die derde persoon is. Die Septuaginta en Theodotion het die probleem omseil deur znḥ as 'n imperatief te lees en Samaria as die subjek te beskou. Wolff volg ook hierdie lesing,

maar doen dit sonder om hom te verantwoord oor die pro=
 bleem dat die imperatief in só 'n geval vroulik moet wees
 (vgl. die suffiks aan <sup>c</sup>egel). Die meerderheid kommenta=
 tore vokaliseer zn̄h as 'n pu<sup>c</sup>al passief (so ook Symmachus)
 en neem <sup>c</sup>egel as die grammatikale subjek ("jou kalf is
 verworpe, Samaria"). Dit is egter beter om zn̄h in vs. 3a
 en zn̄h in vs. 5a as homonieme te beskou - die een met 'n
 transitiewe betekenis (KBL zn̄h II "verwerp") en die ander
 met 'n intransitiewe betekenis (KBL zn̄h I "stink, af=
 stootlik wees"). Op dié wyse word die masoretiese vokali=
 siasie gehandhaaf en kom die klaarblyklike woordspel die
 beste tot sy reg.

Die oorgang van die tweede persoon enkelvoud in vs. 5a na
 die derde persoon meervoud in vs. 5b is ongewoon, maar
 nie onverklaarbaar nie: 'n Profetewoord waarin aanklagte
 oorheers, word meestal aangebied in die styl van die
 klaer of aanklaer in die burgerlike hof. Die aanklaer
 het gewoonlik na die verweerder verwys in die derde per=
 soon, maar kon hom ook in 'n uitsonderlike geval direk
 aanspreek.<sup>5</sup> Die oorgang van die enkelvoud na die meer=
 voud hang saam met die feit dat die suffiks aan <sup>c</sup>egel
 betrekking het op 'n kollektiewe enkelvoud, naamlik
 Samaria. Die verklaring van Wolff dat vs. 5a gerig is
 tot die leiers, maar dat vs. 5b handel oor die hele volk
 hou nie hiermee rekening nie en is geforseerd.

Daar is by die kommentatore geen eenstemmigheid
 oor die probleem van die lokaliteit van die kalf
 van Samaria waarna in vs. 5 en 6 verwys word nie.
 Sommige vermoed dat daar in Samaria 'n heiligdom
 was waar die beeld opgerig is. Wolff het tereg
 daarop gewys dat dit in die lig van II Kon. 10:27
 uiters onwaarskynlik is dat daar in Samaria 'n
 heiligdom sou wees. šōm<sup>e</sup>rōn dui dus in die ver=
 binding <sup>c</sup>egel šōm<sup>e</sup>rōn nie lokaliteit aan nie,

---

5. H.J. Boecker, a.w., bl. 71 vv.; vgl. ook Hos. 2:8.



maar besit. Dit kan dan eintlik op niks anders slaan as op die goue kalf in die staatsheiligdom te Bet-el nie. Hierdie uitleg word tot 'n groot mate bevestig deur Hos. 10:5.

Vs. 5c is 'n retoriese vraag waarin die feit vs.5c-6a gestel word dat dié persone oor wie dit in vs. 5b gegaan het, onbekwaam is om hulleself rein te hou (vgl. Van Leeuwen).

Vs. 6a lewer verskeie probleme op: Die ou vertalings bied geen hulp nie aangesien almal duidelik met die teks verleë was. Die pogings van die kommentatore is oor die algemeen ook redelik onbevredigend. Van Gelderen en andere groepeer vs. 6a saam met vs. 6b en vertaal dan "Voorwaar, uit Israel is ook dit. Een werkmeester heeft het ge=maakt ...". Teen só 'n groepering pleit die woordorde en die metriese kombinasies. Verder is die weergawe van w<sup>e</sup>hū' met "ook dit" 'n noodsprong en neem dit nie die Hebreeuse taaleie in ag nie. w<sup>e</sup>hū' lei beslis 'n nuwe stige in sodat vs. 6a saam met die voorafgaande gegroepeer moet word. Die versweë subjek van die nominale sin kī miyyiśrā'ēl kan in 'n geval soos hierdie niks anders wees as "hulle" van die voorafgaande hemistige nie. Wolff het dit ingesien en vertolk dan vs. 6a as 'n uitroep waarin die hoop op bekering tot uitdrukking kom ("Sie sind doch aus Israel!"). Dit pas egter nie so goed in die konteks nie. kī word hier nie redegewend nie, maar as inleiding tot die protasis van 'n voorwaardesin gebruik (Ges-K. par. 159 l, aa, bb; vgl. ook vs. 7 en 10). min beteken in hierdie geval "'n deel van" (KBL bl. 536, nr. 15). Vs. 5c en 6a is dus 'n voorwaardesin in die vorm van 'n retoriese vraag met die apodosis eerste en die protasis daarna, wat soos volg weergegee kan word: "Hoe lank sal hulle, as hulle dan deel is van Israel, onbekwaam wees om hulleself rein te hou?"

Met die naam Israel in vs. 6a word daar terugverwys na die naam Israel in vs. 2b. Die groep persone oor wie

dit vanaf vs. 1 gaan, is nie die volk Israel nie, maar 'n groep persone wat hulle daarop beroep dat hulle deel is van Israel, die verbondsvolk (vs. 2). Uit vs. 4 en 5 is dit duidelik dat hulle die politieke mag in hulle hande gehad het (vs. 4a tot c), dat hulle sinoniem is met die regeringsetel Samaria en dat hulle verantwoordelik was vir die staatskultus (vs. 5a). Ons het dus hier ook weer te doen met die owerheid. Die retoriese vraag in vs. 5c en 6a betwis by implikasie hulle aanspraak dat hulle deel is van die verbondsvolk. Anders gestel: Die feit dat daar blykbaar geen einde is aan hulle onreinheid nie (vs. 5c), plaas 'n groot vraagteken oor hulle beroep op die verbondsverhouding (vs. 2 en 6a). In die lig hiervan is dit die beste om "Israel" in vs. 3a in 'n sekere sin ironies te verstaan. Dit bedoel nie die hele volk nie, maar verwys na diegene wat hulleself in vs. 2b "Israel" noem.

Terwyl vs. 5b tot 6a handel oor die persone vs.6b-e wat in vs. 5a aangespreek word, handel vs. 6b tot e oor die goue kalf waarna in vs. 5a verwys word. w<sup>e</sup>hū' in vs. 6b is 'n casus pendens (vgl. die suffiks aan cāśā). Daarby is dit 'n demonstratiewe pronomen wat verwys na 'n saak wat reeds ter sprake was (Ges-K. par. 136 a). Die woordorde van vs. 6c impliseer 'n bepaalde klem. Vs. 6b en c kan soos volg vertaal word:

"En daardie ding - 'n ambagsman het dit gemaak en dit is beslis nie 'n god nie."

kī het in vs. 6d demonstratiewe krag en lei 'n oordeelswoord oor die kalf van Samaria in. Die presiese betekenis van die hapax legomenon š<sup>e</sup>bābīm is onseker, maar na aanleiding van die voorkoms en betekenis van šibbēb in Middelhebreus kan aanvaar word dat dit waarskynlik "splinters" of "spaanders" is.

Ná die veroordeling van die verteenwoordigers van vs.7 die staat en staatskultus (vs. 4 tot 6) handel vs. 7 tot 10 oor die buitelandse beleid en verhoudings van

Efraim. Die voorspelbare mislukking van die buitelandse beleid word verduidelik met vergelykings uit die landbou wat bymekaar aansluit en waarin die beeld en die saak wat verbeeld word aan die einde ineenvloei (vgl. ook 5:15; 7:18 v.).

Die meeste kommentatore verklaar kī in vs. 7a kousaal. In aansluiting by vs. 7c tot f is dit egter meer waarskynlik die inleiding tot die protasis van 'n voorwaarde=sin (Ges-K. par. 159 l). rūah is hier, soos dikwels in die wysheidsliteratuur 'n simbool van die onbestendige en nuttelose (Wolff; vgl. Pred. 1:14 en 17; Spr. 11:29; Job 7:7). sūfātā is 'n ou akkusatiefvorm van sūfā (Ges-K. par. 90 g). Op grond van die spreekwoordagtige trant van vs. 7a en b moet die sin onpersoonlik vertaal word:

"As mense wind saai  
sal hulle 'n storm maai."

Hiermee stel die profeet dat daar 'n verband is tussen die dae van mense en die gevolge daarvan. Die resultaat is voorspelbaar uit die optrede. Hiermee word ook gestel dat die gevolge die dae in omvang sal oortref. Onbestendige optrede eindig nie net in onbestendigheid nie, maar in 'n katastrofe. Uit die verband met vs. 8v is dit duidelik dat die profeet hiermee wil sê dat die dwase buitelandse beleid van Efraim op 'n katastrofe gaan uitloop.

Die tweede beeld (vs. 7c en d) handel oor die opbrengs van koring en sluit dus gedeeltelik aan by die beeld van die saad en die oes in vs. 7a en b. Die grammatikale konstruksie van die sin is moeilik. Feitlik al die kommentatore neem qāmā as die subjek van die hele sin, maar is dan verleë met die manlike vorme lō (vs. 7c) en ya<sup>c</sup>āsē (vs. 7d). Diegene wat die teks onveranderd handhaaf, soos Wolff en Van Leeuwen, verklaar die manlike vorme as 'n resultaat van die toepassing van die beeld op Israel. Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat beeld=spraak op só 'n wyse beïnvloed sal word deur die saak

waaroor dit gaan, dat dit aanleiding sal gee tot grammatikale onjuisthede. Rudolph het daarop gewys dat qemah in vs. 7d soos in Jes. 47:2 waarskynlik "koring" beteken en dat semah ("koringstoel") 'n voorstadium is van qāmā ("'n koringaar" of "koring in die aar"). Die meeste kommentatore keer hierdie betekenis in werklikheid om. Rudolph het ook gelyk wanneer hy die manlike vorme lō en ya<sup>c</sup>āsē betrek op semah en nie op die vroulike vorm qāmā nie. Sy verklaring dat qāmā 'ēn-lō moontlik 'n relatiewe sin is waarvan die antesedent (nl. semah) eers daarná volg, is egter totaal onaanvaarbaar aangesien die antesedent altyd aan die relatiewe sin voorafgaan.

Die volgende verklaring los die grammatikale probleme van vs. 7c en d op: Vs. 7c is die protasis en vs. 7d die apodosis van 'n voorwaardesin waarin kī nie weer herhaal word nie (vgl. vs. 7a; Ges-K. par. 159 b). semah is ter wille van die endrym aan die einde geplaas en is grammatikaal 'n permutatief by lō (Ges-K. par. 131 k). Dit is ook die subjek van ya<sup>c</sup>āsē. Daarby moet die enkelvoudsvorme as kollektiewe verstaan word. Vs. 7c en d kan letterlik soos volg vertaal word:

"As daar geen are aan is nie, naamlik (aan) koringstoele, kan dit (d.w.s. die koringstoele) geen koringkorrels lewer nie."

Die beeld is dus dié van 'n lap koring wat staan en verdroog voordat dit are gestoot het. Hiermee word tot uitdrukking gebring dat 'n beleid wat tot mislukking gedoem is, geen bruikbare resultaat kán lewer nie.

Die beeld van die totale misoes waarop die buitelandse beleid van Efraim afstuur, word in vs. 7e uitgebrei, terwyl die saak waarom dit hier gaan, in vs. 7f met die beeld ineenvloei. Vs. 7e en f is óók 'n voorwaardesin sonder inleidingspartikel:

"As dit miskien nog iets oplewer, sal vreemdes dit verorber."

Die betekenis hiervan is dat enige positiewe aspekte wat

daar miskien nog sou voortvloei uit die buitelandse beleid, alleen tot voordeel van die ander nasies sou wees. Efraim sal daar niks goeds van kry nie.

In vs. 8 tot 10 word die tema van die buitelandse vs.8 beleid en die resultate daarvan in drie aaneensluitende spreuke met behulp van vergelykings en metafore verder uitgebrei. Vs. 8 sluit met die trefwoord bl<sup>c</sup> aan by die voorafgaande. Uit vs. 8b en c is dit duidelik dat nibla<sup>c</sup> bedoel is as 'n historiese perfektum. Saam met die meerderheid kommentatore kan ons aanneem dat die profeet in vs. 8 terugverwys na die Assiriese anneksasie van die grootste deel van Israel sodat net die bergland van Efraim oorgebly het van die eens magtige Palestynse staat. Die naam Israel omvat in vs. 8 die grondgebied sowel as die inwoners van die land (vgl. hāyū in vs. 8b). ḥeḥeṣ het hier dieselfde nuanse as wat die woord in Spr. 3:15 en 8:11 het, naamlik "waardevol" (Wolff e.a.). Vóór die anneksasie deur Tiglatpileser III was Israel in 'n belangrike posisie omdat dit Palestina gedomineer het en beheer gehad het oor die hoofweg tussen Egipte en Mesopotamië. Om dié rede was Israel 'n begeerlike gebied in die stryd tussen die grootmoondhede. Nadat die Assiriërs die grootste deel geannekseer het (vs. 8a) was wat van Israel oorgebly het, waardeloos in die stryd tussen die volkere en het dit sy internasionale aansien verloor (vs. 8b en c).

Al die kommentatore vertaal kī in vs. 9a rede= vs.9 gewend in aansluiting by vs. 8 en verklaar ḥemmā op dieselfde wyse as ḥem in vs. 4a, naamlik dat dit die subjek van die werkwoord ḥālū beklemtoon: "... want hulle het uit eie inisiatief na Assirië opgetrek." Die volgende besware kan hierteen ingebring word:

- (i) Op dié wyse sluit vs. 9a grammatikaal nouer aan by vs. 8 as by vs. 9b v. In die poëtiese struktuur moet daar dan 'n sesuur wees ná vs. 9a en is die metrum van vs. 8 en 9 'n onwaarskynlike 2, 3 + 3 + 3, 3 + 2.

(ii) Dit is ook onwaarskynlik dat die profeet die inisiatief van Efraim om hulleself aan Assirië te onderwerp (hetsy onder Menahem, volgens Rudolph e.a., of onder Hosea ben Ela, volgens Wolff e.a.) as die oorsaak van die verlies waaroor vs. 8 handel, sou sien.

Op grond hiervan moet kī en hemmā ánder nuanses hê. hemmā kan die beste verklaar word as 'n demonstratiewe voor-naamwoord wat terugverwys na 'n groep persone wat reeds bekend is (Ges-K. par. 136 a). Uit vs. 9a is dit duidelik dat dit diegene was wat die politieke inisiatief geneem het. hemmā verwys dus terug na dié groep oor wie dit ook gegaan het by vs. 1 tot 5. kī druk in die lig hiervan 'n teenstelling uit: Die politieke leiers het, nieteenstaande die feit dat Israel "ingesluk" is deur die grootmoondheid Assirië, hulle toevlug geneem tot dieselfde grootmoondheid.<sup>6</sup>

Die meerderheid kommentatore vertolk perē' (vs. 9b) as 'n kollektief en groepeer 'efrayim by vs. 9c. Op dié wyse ontstaan daar inhoudelik 'n antitese tussen vs. 9b en c: "Wilde esels hou hulle eenkant (maar) Efraim ...". Die metriese patroon maak dit wensliker om 'efrayim saam met perē bōdēd-lō te groepeer. Vs. 9b is dan 'n metafoor. Verder het die werkwoord bdd, soos in die ander gevalle in die Ou Testament die nuanse "afdwaal" of "eensam wees" (vgl. Jes. 14:31; Ps. 102:8; so ook Weiser). Efraim, wat in hierdie geval die leiers in Israel aandui (vgl. 7:1) word dus vergelyk met 'n wilde esel wat van die trop afgedwaal het.

Die betekenis van htnw in vs. 9c is onseker (vgl. KBL). Die meeste kommentatore volg die voorstel van Nyberg en verklaar htnw as 'n denominatief van 'etnā (2:14). Rudolph het tereg daarop gewys dat die vorm 'etnā in 2:14 'n ad hoc-vorm is vir 'etnān wat ter wille van

---

6. Vgl. ANET, bl. 283 v.

woordspel met t<sup>e</sup>enātāh (2:14) gevorm is. Daarom is dit baie onwaarskynlik dat htnw 'n denominatief is van 'etnā. Daarby verwag 'n mens ook die vroulike enkelvoudige vorm wanneer die beeld wat gebruik word dié van 'n straatvrou is; dit sou baie ongewoon wees om die manlike meervoud (hitnū) as werkwoordsvorm in só 'n geval te gebruik. Rudolph (op voetspoor van König) lei htnw af van tnn wat "vry na" of "aanlê by" sou beteken. Dit is egter net so spekulatief as die afleiding wat hy verwerp. Verder fouteer die kommentatore wanneer hulle 'hbym op grond van die Septuaginta met "liefdesgeskenke" vertaal (so ook KBL). Die Septuaginta het 'hbym as werkwoordvorm beskou en htnw weergegee met dōra (van ntn; vgl. Rudolph). In die lig van die voorafgaande is die kommentatore op 'n dwaalspoor wanneer hulle by vs. 9c en 10a die beeld van 'n hoervrou wat haar dienste nie verkoop kry nie, terugvind.

Dit is logies om vir vs. 9c 'n betekenis te soek wat aansluit by die beeld van die wilde esel in vs. 9b. Daarby is dit ook redelik seker dat die twee werkwoorde in vs. 9c en 10a gevorm is van dieselfde werkwoordstam. Uit al die moontlikhede wat daar is, is die volgende die beste: htnw en ytnw is waarskynlik onderskeidelik die perfektum en imperfektum hitpa<sup>c</sup>el manlik enkelvoud van nwh. Die hitpa<sup>c</sup>el perfektum van nwh sal hitnawwā wees, maar kan ook ter wille van die rym met yitnaw (vgl. vs. 10a) tot hitnaw verkort word (vgl. bv. die gal perfektum van hyh wat tot hay kan verkort, Lev. 25:35 v.). Die betekenis=moontlikhede van nwh is "na weiding trek" of "na weiding soek" of ook "doel op" (vgl. KBL en die betekenis van nawā in Arabies). In die hitpa<sup>c</sup>el sal dit mediale betekenis hê naamlik "vir homself soek" of "as doel stel".

'hbym is die objek van htnw in vs. 9c (vgl. Ges-K. par. 54 f en 117 w vir voorbeelde van die hitpa<sup>c</sup>el met 'n direkte voorwerp). Op grond van die Septuaginta wat in 'hbym 'n verbale vorm gelees het, kan dit as 'n partisipium meervoud 'ōhābīm ("vriende") gevokaliseer word.

Vs. 9 kan dan soos volg vertaal word:

"En tog het daardie manne by Assirië gaan hulp soek.  
Efraim is (soos) 'n eensame wilde esel,  
hy het vir homself vriende gesoek."

Efraim se buitelandse beleid word dus beskryf met die beeld van 'n afgedwaalde wilde esel. Die wilde esel is 'n kuddedier en die alleenloper soek instinktief na sy maats.

In vs. 10 volg die oordeel van JHWH oor Efraim. vs.10  
Vs. 10a is die protasis van 'n subjunktiewe voorwaarde-  
desin ("selfs as hy sou ..."). In 'n geval soos hier=  
die word die jussief gewoonlik gebruik (Ges-K. par. 109  
h-k). Die jussiewe van die dubbelswak werkwoorde  
ayin-waw, lamed-hē, het in die hitpa<sup>c</sup>el gewoonlik 'n  
apokopate vorm (vgl. yit'aw die hitpa<sup>c</sup>el van 'wh in Ps.  
45:12; Spr. 23:3 en 6; 24:1; I Kron. 11:17). Op grond  
hiervan kan ytnw as yitnaw gevokaliseer word in vs. 10a.  
In aansluiting by vs. 9c word dieselfde objek ('ōhābīm)  
vir yitnaw veronderstel in vs. 10a. Soos dikwels in die  
geval van voorwaardesinne, is daar aposiopesis ná vs.  
10a (ges-K. par. 167 a). Uit die inhoud van vs. 10b is  
dit duidelik dat vs. 10a soos volg vertaal en aangewend  
kan word:

"Al sou hy ook vir homself (vriende) soek by die nasies  
(dit sal hom niks baat nie, want) ..."

qbs word in die pi<sup>c</sup>el dikwels gebruik wanneer diere by=  
mekaar gejaag word. Uit die res van vs. 10 is dit dui=  
delik dat daar 'n geringe verskuiwing plaasgevind het in  
die beeld wat gebruik word in dié opsig dat dit hier nie  
meer oor 'n trop wilde esels nie, maar oor 'n trop mak  
esels gaan. In die lig hiervan pas die betekenis van  
"(diere) bymekaar jaag" die beste vir qbs. Die manlike  
meervoudige suffiks aan qbs het nie net betrekking op  
die subjek van yitnaw in vs. 10a (nl. Efraim) nie, maar  
sluit ook gōyīm in (vgl. hieronder vir die betekenis  
daarvan).



Die masoretiese lesing wayyāḥellū ("en hulle het begin met ...") maak nie sin nie. In aansluiting by vs. 10b is dit beter om vs. 10c en d as 'n gevolgsin te beskou en in plaas van die waw konsekatief 'n waw finale te vokaliseer (vgl. Ges-K. par. 111 w, vn. 1). yḥlw moet ook eerder as 'n hof<sup>c</sup>al imperfektum van ḥlh gevokaliseer word (yoḥḏlū) en beteken dan "uitgeput wees". m<sup>ec</sup>at word soos in 1:4 as 'n bywoord van tyd gebruik, dit wil sê "weldra" of "binnekort".

Die oorsaak van die passiewe handeling wat in vs. 10c beskryf word, word aangedui deur min in vs. 10d. maśśā' beteken in hierdie verband "vrag" (vgl. Eks. 23:5; II Kon. 5:17, ens.). Die uitdrukking melek śārīm is soos mlky rb (5:13) 'n titel vir die Assiriese grootkoning (Wolff e.a.). Vs. 10 kan in sy geheel soos volg vertaal word:

"Al sou hy ook vriende maak met die nasies (dit sal  
 hom niks baat nie, want)  
 Ek gaan hulle nou bymekaar jaag  
 sodat hulle uitgeput sal wees  
 vanweë die vrag van die opperkoning."

Vs. 9 en 10 is dus bedoel as 'n oordeel van JHWH oor die dwase buitelandse beleid van Efraim. Nieteenstaande die anneksasie van die grootste deel van die land deur die Assiriërs (vs. 8), het hy by Assirië gaan hulp soek (vs. 9a). Deur dit te doen, was hy soos 'n alleenlopende wilde esel wat vir homself "vriende" soek (vs. 9b en c). As Efraim dit dalk sou oorweeg om vriende te maak met die nasies (waaronder ons waarskynlik Egipte en die Palestynse state moet verstaan), sou dit hom niks baat nie (vs. 10a). JHWH gaan Efraim en die nasies bymekaar jaag soos 'n klomp pakdonkies (vs. 10b) en die genadelose drywer wie se vrag hulle sal moet dra, is die koning van Assirië (vs. 10c en d). As Efraim hom soos 'n wilde esel gedra, sal JHWH hom soos 'n donkie behandel!

Die beeld wat in vs. 10 gebruik word, is duidelik in dié opsig dat dit geen twyfel laat oor die uitbreiding van

die Assiriese mag nie. Dit is egter nie moontlik om te bepaal of vs. 10c en d verwys na die tribuutlas van die vasalstate (Wolff e.a.) en of dit 'n beeld is vir die wegvoering in ballingskap na Assirië nie.

Die kommentatore verskil oor die vraag of vs. vs.11 11 uit twee of drie hemistiges bestaan. As ons Hosea se voorliefde vir woordspel in ag neem, is dit die beste om die versreël soos Rudolph en andere in twee hemistiges te verdeel en lḥṭ' in vs. 11a as 'n pi<sup>c</sup>el infinitief konstruktus te vokaliseer (l<sup>e</sup>ḥaṭṭē'). kī lei in vs. 11a 'n temporele bysin in, dus:

"Toe Efraim meer altare gebou het om sondoffers daarop te offer, het dit vir hom altare geword om op te sondig."

In vs. 11 word ongeveer dieselfde gedagte uitgedruk as in 4:7 v.: 'n Toename in die kultiese bedrywigheid het, anders as wat mens sou verwag, gelei tot 'n toename in die sonde teen JHWH. Wanneer die offerkultus wat bedoel was om die sonde te versoen, bydra tot die sonde van Efraim, is dit duidelik hoe v<sup>er</sup> hulle afgedwaal het. Die sonde waaroor vs. 11 handel het sy diepste grond in die ver=keerde gesindheid waarna vs. 12 verwys.

Rudolph vokaliseer rbw in vs. 12 as ribbō en ver= vs.12 taal dit met "zehntausendfach" (vgl. die besware van Rudolph teen die q<sup>e</sup>rē' van die masorete). 'n Ander moontlikheid is om die vorm as rubbō te vokaliseer en die vorm te verklaar as 'n status konstruktus met 'n waw compaginis (vgl. Ges-K. par. 90 k en o; Hos. 5:13). Die betekenis sal in albei gevalle prakties dieselfde wees, naamlik "ontelbare (afskrifte of voorbeelde) van my tōrā". Vs. 12a is soos vs. 10a die protasis van 'n sub=junktiewe voorwaardesin met aposiopesis aan die einde. Die subjek van nehšābū (vs. 12b) is rūbbō tōrātī (vs. 12a). Vs. 12 kan soos volg vertaal word:

"Al sou Ek vir hom ontelbare voorbeelde van my tōrā skryf, (dit sal geen doel dien nie, want) dit word as iets vreemds gereken."

Hierdie uitspraak moet verstaan word teen die agtergrond van die beskouing dat 'n tōrā wat JHWH self geskryf het, besonder gesaghebbend was (vgl. Eks. 24:12; 32:15 v.; 34:1; so ook o.a. Wolff en Van Leeuwen). Al sou die voorskrifte van JHWH ook in die gesaghebbendste vorm in oorvloed beskikbaar wees, sou dit geen verskil maak nie, want hulle steur hulle eenvoudig nie aan die geopenbaarde wil van JHWH nie.

Vs. 13 is, anders as die res van die perikoop, vs.13 gestileer as 'n spreuk waarin die profeet self aan die woord is. Dit sluit inhoudelik goed aan by die voorafgaande: Terwyl vs. 11 en 12 handel oor die verkeerde gesindheid wat by die vele altare geopenbaar word, gaan dit in vs. 13 oor die verkeerde gesindheid met betrekking tot die offers.

habhābay is 'n hapax legomenon waarvan die afleiding en betekenis heeltemal onseker is: Die vertalers van die Septuaginta het die term in verband gebring met 'hb en die eerste twee woorde van vs. 13a weergegee met "die geliefde altare". Die meerderheid ou vertalings lei die term blykbaar ook af van 'hb. Sommige kommentatore lei habhābay af van die stam yhb en hb en vertaal zibhē habhābay met "offergawes". Delitzsch en Orelli (soos aangehaal deur Van Gelderen) bring dit in verband met hibhēb, 'n nabybelse Hebreeus-Aramese term wat "braai" of "rooster" kan beteken.<sup>7</sup> Resente kommentatore soos Rudolph (gevolg deur Van Leeuwen) verklaar habhāb as 'n onomatopefiese vorm wat "gierig hap" of "vraagsugtig" beteken. Daar word ook verskil oor die vraag of die uitgang -ay 'n suffiks is, of dit 'n abstractum-uitgang is (Nyberg soos aangehaal deur Van Gelderen) en of die y dalk dittografie is. Die eerste moontlikheid kan in die lig van die gebruik van die derde persoon in vs. 13 vir alle praktiese redes buite rekening gelaat word. Ten

---

7. Vgl. ook J.J. Glück, Some semantic complexities in the book of Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 57.

opsigte van betekenis sal daar by die laaste twee moontlikhede geen verskil wees nie. Die verklaring dat y dittografie is, geniet wel 'n relatiewe voorkeur as sommige van die oudste vertalings in aanmerking geneem word (vgl. Aquila se weergawe phere phere, wat hab hab veronderstel).

Dit is duidelik dat zibhē nader omskryf word deur habhābay. habhābay kan dus 'n soort offer aandui en indien dit die bedoeling was, sou die afleiding van hibhēb 'n moontlikheid wees (d.w.s. "braai-", of "vuuroffers"). Binne die konteks is dit egter meer waarskynlik dat vs. 13a nie handel oor 'n spesifieke soort offer nie, maar dat habhābay bedoel is as 'n diskrediterende tipering van die slagoffers wat Efraim bring. Die vertaling van Rudolph en andere (nl. "offers van gulsigheid"), sluit die beste aan by die res van vs. 13 en bied daarom die aanvaarbaarste verklaring tot op hede.

Die waw konsekutief in vs. 13b (wayyō'k<sup>e</sup>lū) is beslis ongewoon ná die voorafgaande imperfektum. Indien dit as 'n waw finale gevokaliseer word is die lesing grammatikaal vloeiender en is die betekenis ook duideliker. Met inagneming van die onsekerheid wat daar bestaan oor die betekenis van habhābay kan vs. 13a tot c soos volg vertaal word:

"Hulle bring offers van gulsigheid -  
vleis, sodat hulle kan eet!  
JHWH keur dit af!"

In hierdie stige word waarskynlik doelbewus gebruik gemaak van priesterlike terminologie wat bekend was by die offerkultus. Dit sluit goed aan by die sarkasme wat veral in vs. 13b hoorbaar is. Die betekenis van vs. 13a tot c is dat die gemeenskapoffers wat aan JHWH gebring word, nie gemotiveer word deur 'n begeerte na verbondenheid met Hom nie, maar deur 'n begeerte na die vleis wat by die gemeenskaplike offer deur die offeraar genuttig is. Omdat die gesindheid waarmee die offers gebring word

totaal verkeerd is, wys JHWH die offers en by implikasie ook die gemeenskap wat dit tot stand moes bring, summier af.

In vs. 13d tot f word die oordeel van JHWH aangekondig oor Efraim wie se slegte gesindheid in die verworde kultus tot uitdrukking kom. Die optrede van JHWH word met tipiese regsterminologie beskryf (Wolff). Dit kom daarop neer dat Hy die skuld van Efraim sal neem as maat=staf vir sy optrede teen hulle (vs. 13d) en dat Hy hulle sonde sal straf (vs. 13e).

Vs. 13f presiseer vs. 13d en e nader en gee konkrete inhoud aan die oordeel van JHWH oor Efraim. Die presiese betekenis van hemmā miṣrayim yāšūbū is omstrede: Sommige kommentatore meen dat "Egipte" in vs. 13e net 'n simbool is vir die slawerny en dat vs. 13e in die lig van vs. 10 verstaan moet word as 'n figuurlike verwysing na die ver= wachte ballingskap in Assirië (Rudolph). Wolff en andere verstaan die oordeelwoord letterlik as 'n terugkeer na Egipte (vgl. 9:6). Die gebruik van hemmā maak die laas= genoemde moontlikheid die waarskynlikste: hemmā word sonder voorafgaande w<sup>e</sup> of kī gebruik en is dus nie 'n demonstratief wat 'n reeds bekende groep stel téénoor 'n ander groep oor wie dit in die onmiddellik voorafgaande handel nie; dit beklemtoon die subjek (vgl. vs. 4a, 6b en 9a). Vs. 13f stel dus dat die betrokkenes self na Egipte sal terugkeer. Voorheen was daar sprake van die berig van hulle val wat Egipte sou bereik (7:16); nou voorsien die profeet dat hulle self daarheen sal terug= keer. In die woorde "terugkeer na Egipte" spreek daar ongetwyfeld ook die gedagte mee dat die verbond beëindig word (vgl. Deut. 28:68 waar die terugkeer na Egipte voorgehou word as die finale straf oor die verbrekers van die verbond). Dit is 'n omkering van die heilshistoriese verlossing uit Egipte (Wolff, Rudolph, Van Leeuwen e.a.). Die verband tussen die sonde by die offers en die straf van JHWH is dus daarin geleë dat hulle die gemeenskap met JHWH minag en dat Hy daarom die verbondsgemeenskap

met hulle finaal gaan verbreek. Dit is ook moontlik dat een van die woestyntradisies (Num. 11:4 tot 20) hier meespreek en die agtergrond verskaf vir 'n meer direkte verband tussen die begeerte na vleis in plaas van die gemeenskap met JHWH aan die een kant en die terugkeer na Egipte aan die ander kant.

Vs. 14 word deur die waw konsekatief en die vs.14 trefwoord hirbā verbind met die voorafgaande. Vs. 14a is ondergeskik aan vs. 14b en kan die beste weergegee word met 'n temporele bysin: "Toe Israel sy Maker vergeet het, het hy paleise gebou."

hēkālōt kan ook tempels aandui (Wolff), maar die verband met vs. 14c maak die betekenis "koninklike vestings" waarskynliker. Vs. 14a is ook die versweë veronderstelling by vs. 14c: Die bedoeling is dat die vermeerdering van vestingstede ook 'n gevolg was van die feit dat Juda sy Maker vergeet het. Wolff het daarop gewys dat die kombinasie Israel/paleise en Juda/vestingstede nie op saaklike nie, maar op stilistiese gronde berus: Israel en Juda het albei die verbondenheid met JHWH prysgegee en in die plek daarvan hulle sekuriteit gesoek in die uitbouing en beveiliging van die staat.

Die oordeel van JHWH volg in vs. 14d en e. Alhoewel die enkelvoudige suffiks gebruik word ( $b^{ec}ārāw$ ), is dit ná vs. 14a tot c die beste om dit as 'n kollektiewe verwysing na Israel en Juda te verstaan. (Vgl. ook die kollektiewe enkelvoudige suffiks in vs. 14e wat betrekking het op die meervoud  $cārāw$  in vs. 14d). Dit kan moontlik ook 'n vaste wending wees, vgl. Am. 1 en 2. Die vuur wat JHWH sal stuur om die stede en huise van die hoogwaardigheidsbekleërs te vernietig, verwys na 'n suksesvolle vyandelike inval wat gewoonlik geëindig het met die woesting en verbranding van die stede en vestings.

Vs. 14 staan inhoudelik los van die voorafgaande. Die enigste inhoudelike verband is dat dit hier ook gaan oor oortredings wat JHWH straf. Dit staan nie net inhoudelik los van die voorafgaande nie,

maar word ook daarvan onderskei deur die onverwagte voorkoms van die naam Juda. In die huidige komposisie fungeer vs. 14 as 'n addisionele voorbeeld van die verbreking van die verbond wat die hooftema is in die perikoop.

Vs. 1 tot 14 word inhoudelik saamgebind deur die tema "verbreking van die verbond" wat in vs. 1 tot 3 gestel word. Dit kom tot uitdrukking in die eiewillige aanwysing van die regering (vs. 4a tot c); in die beelddiens by die heiligdomme (vs. 4d tot f), maar meer spesifiek by die staatsheiligdom te Bet-el (vs. 5 v.). Dit kom ook tot uitdrukking in die vrugtelose en dwase buitelandse beleid (vs. 7 tot 10). Verder blyk dit uit die gesindheid wat die vermeerdering van die kultiese aktiwiteite (vs. 11 tot 13) en die uitbouing en beveiliging van die staat (vs. 14) gemotiveer het.

Die hoofaangeklaagdes by vs. 4 tot 10 is ongetwyfeld die regering en politieke maghebbers van die staat Efraim. By vs. 11 tot 13 is die volk daarby ingesluit. Vs. 14 fokus op Israel en Juda as die volk van God.

## 6. Vertaling

- 1 Maak alarm!  
'n Roofvoël sirkel oor die huis van JHWH  
omdat hulle teen my verbond oortree het en teen  
my wet in opstand is.
- 2 Hulle roep na My om hulp:  
"Ons Verbondsgod, óns, Israel, is aan U verbind!"
- 3 Maar "Israel" het die goeie prysgegee om by 'n  
vyand hulp te seek!
- 4 Hulle het op eie inisiatief konings aangewys sonder  
my goedkeuring;  
hulle het amptenare aangestel met wie Ek niks te  
doen wil hê nie.  
Van hulle silwer en hulle goud het hulle vir  
hulleself afgodsbeelde gemaak  
- hulle het die metaal nutteloos gemaak.
- 5 Samaria, jou kalf is afstootlik!  
My toorn het teen hulle ontbrand.  
Hoe lank sal hulle, as hulle dan
- 6 deel is van Israel, onbekwaam wees om hulleself  
rein te hou?  
En daardie ding - 'n ambagsman het dit gemaak,

dit is beslis nie 'n god nie.  
Voorwaar, die kalf van Samaria sal splinters word!

- 7 As mense wind saai,  
sal hulle 'n storm maai.  
As die koring nie are stoot nie, kan dit geen oes  
lewer nie.  
As dit miskien tog iets sou oplewer, sal vreemdes  
dit insluk.
- 8 Israel is ingesluk.  
Hulle het nou in die oë van die ander nasies geword  
soos 'n waardelose ding.
- 9 En tog het daardie manne juis by Assirië gaan hulp  
soek!  
Efraim is soos 'n eensame wilde esel:  
Hy het vir homself vriende gaan soek.
- 10 Al sou hy ook vriende maak met ander nasies,  
dit sal hom niks baat nie  
want Ek gaan hulle nou bymekaarjaag.  
Binnekort sal hulle almal uitgeput wees  
vanweë die vrag van die opperkoning.
- 11 Toe Efraim meer altare gebou het om sondoffers  
daarop te bring,  
het dit vir hom altare geword om op te sondig.
- 12 Al sou Ek ook vir hom ontelbare voorbeelde van my  
wet neerskryf,  
dit sal geen doel dien nie want dit is vir  
hulle iets vreemds.
- 13 Hulle bring offers vir hulle eie bevrediging -  
vleis, sodat hulle kan eet!  
JHWH keur dit af!  
Nou gaan Hy hulle skuld téén hulle hou en hulle vir  
hulle sondes laat boet:  
Hulle self sal terugkeer na Egipte.
- 14 Toe Israel sy Maker vergeet het, het hy paleise gebou  
en Juda het meer vestingstede opgerig.  
Ek gaan 'n vuur laat ontbrand in hulle stede  
sodat dit die vorstehuse in puin lê.

## 7. Agtergrond

Vs. 1 tot 10 kan gedateer word in die tyd ná die bewinds=  
aanvaarding van Hosea ben Ela (vgl. vs. 8 en 9a). Al=  
hoewel daar nog geen sprake is van openlike verzet teen  
Assirië nie (vgl. II Kon. 17:4), impliseer vs. 10a dat  
die regering in Efraim dit begin oorweeg het om toenader=  
ing te soek by die vyande van Assirië. Op grond hiervan  
moet vs. 1 tot 10 'n jaar of wat ná 731 gedateer word.



Die woorde is na alle waarskynlikheid by 'n kultiese geleentheid uitgespreek. Die verwysing na 'n tempel van JHWH (vs. 1b), die gebedsroep (vs. 2b) en die beelde=diens wat sterk op die voorgrond is (vs. 4d tot 6c), wys alles in dié rigting. Die heiligdom by Bet-el kom hier=voor eerste in aanmerking. Daarop dui die demonstratiewe verwysing na die goue kalf (vs. 6b en c), asook die uit=drukking bēt yhwh (vgl. die volledige bespreking hiervan by 9:1-6). As die beroep op die naam Israel in vs. 2b teruggryp op ou kultiese tradisies soos dié in Gen. 35:10 (vgl. Hos. 12:5), is dit 'n addisionele argument om die agtergrond van vs. 1 tot 10 by die heiligdom in Bet-el te soek. Verwysings na Samaria, die regeringsetel (vs. 5a), en die prominente plek wat die staat en sy beleid in die perikoop inneem, versterk die vermoede dat die profesie uitgespreek is tydens 'n amptelike geleentheid by die staatsheiligdom van Bet-el, waarby regeringsampte=nare ook teenwoordig was.

Die vraag of vs. 11 tot 13, wat handel oor die vermeer=dering van heiligdomme, ook by dieselfde geleentheid as die voorafgaande tuishoort, is moeilik te beantwoord. In die lig van 5:1 v. waar die kultiese bedrywighede oor die hele land op rekening van die owerheid geplaas word, is dit moontlik dat vs. 11 tot 13 ook dieselfde agter=grond het as vs. 1 tot 10. Die tye van voorspoed wat in vs. 11a veronderstel word en wat nie klop met die rege=ringstyd van Hosea nie, is geen argument daartéén nie, aangesien vs. 11a duidelik verwys na gebeure wat in die verlede lê.

Vs. 14 het, soos reeds betoog, waarskynlik oorspronklik 'n ander agtergrond gehad as die res van die perikoop.

### 8. Breër verbande en perspektiewe

8:1 vv. sluit goed aan by die voorafgaande: Die ver=breking van die verbond wat geïllustreer word met konkrete voorbeelde, is soos in die voorafgaande perikope, die

sentrale tema in 8:1 tot 14. Soos by 5:8 tot 7:16 word die owerheid en volk nie veroordeel vir deelname aan die vrugbaarheidskultus nie. Anders as by die voorafgaande is kultiese sake náás die politieke (vs. 4a tot c, vs. 7 tot 10) en militêre verwysings (vs. 14) sterk op die voorgrond. Dit gaan egter oor die staatskultus (vs. 5 v.) en oor die verkeerde gesindheid by die kultusbeoefening (vs. 11 tot 14), maar nié oor die vrugbaarheidsgodsdienst nie. In hoofstuk 8 neem die oordele van JHWH 'n meer prominente plek in as by 6:7 tot 7:16. Die koning van Assirië word hier pertinent genoem as die instrument deur wie JHWH Efraim gaan straf (vs. 10). Wat Egipte betref: Efraim sal self daarheen terugkeer (vs. 13f) en dit sal nie net 'n berig wees oor hulle val wat Egipte sal bereik nie (7:16).

## 9:1-9

### 1. Afgrensing

Die afgrensing na vore is reeds gegee by die behandeling van die voorafgaande eenheid. Die meerderheid van die kommentatore neem vs. 1 tot 9 as 'n perikoop. Anders as by vs. 10 vv. ontbreek die godsrede in vs. 1 tot 9 geheel en al. By vs. 10 vv. begin daar ook 'n nuwe tema. Alhoewel vs. 1 tot 9 tematies uit twee dele bestaan, is daar tog 'n sterk inhoudelike verband in die sin dat die tweede deel die eerste veronderstel. Op grond hiervan is dit die beste om vs. 1 tot 9 saam te behandel.

### 2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks is goed oorgelewer en geen verandering hoef oorweeg te word nie.

### 3. Vorm

Die metrum vertoon nie 'n vaste patroon nie en twee- en drievoetige versreëls kom voor (vgl. vir lg. veral vs. 6 tot 7c). By vs. 2 tot 4 is dit nie 'n uitgemaakte saak of die negatief lō' telkens met die werkwoord verbind moet word tot een beklemtooneenheid en of dit afsonderlik be- klemtoon moet word nie. Die eerste moontlikheid is die waarskynlikste.

Al die kommentatore groepeer vs. 9a soos die masorete saam met vs. 9b. Die probleem is dat <sup>c</sup>l kl drkyw in só 'n geval as een heffing beskou word. Dit is onnatuurlik lank vir een klemtooneenheid (vgl. bv. vs. 1e). Indien vs. 9a en b saam gegropeer word en <sup>c</sup>l kl drkyw as twee hef- fings geneem word, is die metrum van vs. 7d tot 9d: 2 + 3, 2 + 2, 2 + 2, 4 + 3, 2 + 2, 2 + 2. Binne die metrum wat oorwegend bestaan uit vierklem versreëls is 'n seweklem versreël heeltemal ongewoon. Daarom moet vs. 9a saam met vs. 8c gegropeer word. Die perikoop eindig dus, soos dikwels in die boek Hosea, met 'n drievoetige versreël (vgl. Wolff, bl. 38).

Die parallelisme is oorwegend sinteties, maar sinonieme parallelisme kom ook voor (vgl. 5a//b, 7a//b, 9c//d). By drievoetige versreëls is die patroon soos gewoonlik (a//b)//c of omgekeerd.

In vs. 3a en b en vs. 6b en c is daar klankassosiasie (yšbw/wšb en t<sup>e</sup>qabb<sup>e</sup>šem/t<sup>e</sup>qabb<sup>e</sup>rem). Verder is daar ook alliterasie op m by vs. 6.

### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit twee dele, naamlik vs. 1 tot 7c en vs. 7d tot 9d.

- i. Vs. 1 tot 7c handel oor Israel en die oorwegend ver- bale sinne het, met die uitsondering van vs. 1, be- trekking op die toekoms. Die volgende kleiner

eenhede kan in vs. 1 tot 7 onderskei word: Vs. 1 word van die res geskei deur die konstante verwysing na Israel in die tweede persoon enkelvoud, asook die negatiewe imperatief met motiverings in die perfektum. By vs. 2 tot 4 is die negatiewe en imperfekta opvallend. Die heropname van gōren en die feit dat dit nieteenstaande die gebruik van die derde persoon meervoud nog steeds oor Israel gaan, is die skakel met vs. 1. Vs. 5 tot 7c begin ook soos vs. 1 tot 4 met die tweede persoon (in hierdie geval meervoud). In die motivering van die vrae word daar oorgegaan na die derde persoon. Met die uitsondering van vs. 7a en b het die gebeure wat beskryf word betrekking op die toekoms.

- ii. Vs. 7d tot 9 gaan hoofsaaklik oor die profeet en die oorwegend nominale sinne het, met die uitsondering van vs. 9b tot d, betrekking op die hede. Die verbintenis met die voorafgaande is daarin geleë dat vs. 1 tot 7c die aanleiding is vir die stelling of vraag in vs. 7d en e (vgl. onder Betekenis).

## 5. Betekenis

Die perikoop begin met 'n ongewone verbod aan vs.1 Israel (vs. 1a). śmḥ is dikwels 'n tegniese term wat gebruik word in verband met kultiese feeste (Van Leeuwen). Uit die volgende versreëls is dit duidelik dat dit ook hier gaan oor die vreugde by die kultiese viering van een of ander oesfees. Aangesien vreugde 'n wesenlike element was van enige oesfees (vgl. Deut. 16:11 en 14), kom die verbod daarvan neer op 'n afwysing van die fees as sodanig. Dit word bevestig deur die inhoud van vs. 2 tot 6.

Die naam Israel dui in vs. 1 waarskynlik die offisiële kultiese gemeenskap aan (Wolff). Vs. 1 v. is dus gerig tot die volk en die owerheid. Die naam Efraim in vs. 3 lê waarskynlik anders as die naam Israel, nie die klem op die kultiese

gemeenskap nie, maar op die volk as staatsvolk (Wolff). Dit beteken natuurlik nie dat die kultiese gemeenskap daarby uitgesluit is nie. In hoofstuk 9 geld die oordeel een en almal.

Vs. 1b lewer 'n geringe probleem op: 'l gyl is deur die vertalers van die Septuaginta, Vulgaat, Targum, en andere vertolk as 'n parallel van die negatiewe jussief in vs. 1a. Dit veronderstel egter nie, soos die meerderheid kommentatore beweer, 'n ander lesing nie (Van Gelderen). Waarskynlik het die vertalers gyl beskou as 'n afwykende vorm van die infinitief absolutus (vgl. Ges-K. par. 73 d) wat gebruik word as voortsetting van die hoofwerkwoord tišmah (Ges-K. par. 113 z en bl. 346, vn. 2). Hulle het dus na alle waarskynlikheid 'al-gīl gelees in plaas van 'el-gīl. Van Gelderen beroep hom op Job 3:22 om die vokalisasie van die masorete te handhaaf. Die probleem met dié lesing is egter dat slegs die uitbundigheid van die feesviering afgekeur word en nie die fees self nie, terwyl dit uit die geheel van vs. 1 tot 7c duidelik is dat die profeet juis die kultiese viering as sodanig afwys en veroordeel. In die lig hiervan is dit beter om 'al-gīl te vokaliseer en dit soos die vertalers as 'n parallel van 'al-tišmah te beskou (vgl. bv. Ps. 32:11 vir die parallelle gebruik van šmh en gyl). Die vrugbaarheidsrites (vgl. vs. 1c tot e) is die grond vir die negatiewe houding van die profeet ten opsigte van die feesviering en daarom dui ammīm in vs. 1b dié volkere aan wat die vrugbaarheidsgodsdienst beoefen het. Dit kom in die praktyk neer op die Kanaänitiese volks-groepe.

Die rede vir die afwysing van die fees word in vs. 1c tot e gegee: Die vrugbaarheidsrites (vgl. 'etnān in vs. 1c en 2:12) het in die kultus die suiwere diens aan JHWH vervang en die doel van die kultiese aktiwiteite het die verkryging van goeie oeste geword (vs. 1d en e). Wanneer die kultus nie meer beoefen word op die wyse wat JHWH bepaal het en ter wille van die eer van JHWH alleen nie, maar beoefen word soos die ander nasies en ter wille van eie gewin, het

dit geen bestaansreg nie (vs. 1a en b) en is dit alleen 'n getuienis van die "hoerery" of ontrou teenoor JHWH (vs. 1c tot e).

Na die aanklag van ontrou in die tweede persoon, vs.2 word die straf daarvoor aangekondig in die derde persoon meervoud. Die oorgang van enkelvoud na meervoud is verklaarbaar in die lig daarvan dat die enkelvoud van vs. 1 'n kollektiewe enkelvoud is (nl. Israel). Die gebruik van die tweede en derde persoon hang waarskynlik daarmee saam dat die derde persoon gewoonlik gebruik word wanneer 'n vonnis uitgespreek word<sup>1</sup> (vgl. vs. 2 tot 4, vs. 6, vs. 9c en d). Daarenteen is die tweede persoon by Hosea gebruiklik wanneer direkte bevels, vrae of antwoorde die besondere aandag van die gehoor vra (vgl. vss. 1, 5, 7f, asook 2:3 v.).

Die kommentatore verander bāh in vs. 2b na bām op grond van die Septuaginta, Vulgaat, Targum en Siriese vertaling (Wolff, Mays, e.a.), of beskou dit as 'n vroulike vorm onder invloed van die beeld van die ontroue vrou in vs. 1 (Van Leeuwen e.a.). Eersgenoemde uitweg moet afgewys word op grond van die feit dat die lesing van die Masoretiese teks 'n lectio difficilior is. Die moontlikheid dat 'n vroulike suffiks gebruik sal word as gevolg van die nawerking van die beeld van die ontroue vrou, word uitgesluit deur die feit dat Israel nieteenstaande die beeld in vs. 1 in die manlik aangespreek word en ook deur die feit dat die meervoud vanaf vs. 2a konstant gebruik word vir Israel. Die enigste ander moontlikheid is dat bāh nie verwys na Israel nie, maar na yegeb. Alhoewel yegeb op ander plekke in die Ou Testament as 'n manlike vorm voorkom, is dit feitlik seker dat die woord in vs. 2 as 'n vroulike vorm hanteer word. (gat en yegeb dui onderskeidelik die boonste en onderste holtes van 'n parskuip

---

1. H.J. Boecker, Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament, Neukirchen-Vluyn 1964, bl. 143 vv.

aan.<sup>2</sup> gat word deurgaans as 'n vroulike vorm behandel). 'n Addisionele argument is dat wanneer 'n landbouprodukt die subjek van kih̄heš is, dit die betekenis "ontbreek" het (vgl. Hab. 3:17). Indien die skrywer persone wou aandui in vs. 2b, sou die voorsetsel l<sup>e</sup> eerder as b<sup>e</sup> gebruik word (nl. "wyn ontbreek vir hulle"). Dit is dus die beste om bāh op yeqeb van toepassing te maak en goren wāyeqeb as 'n casus pendens te beskou. Vs. 2 kan dan soos volg vertaal word:

"Wat die dorsvloer en die parskuip betref - dit (nl. die dorsvloer) sal hulle nie voed nie en die wyn sal daarin (nl. die onderste kuip) ontbreek."

Hiermee bedoel die profeet nie dat daar 'n misoes sal wees nie, maar dat die feesvierendes die huidige koringoes (vs. 1) nie sal gebruik nie en dat daar nie druiwe uitgetrap sal word nie. Inhoudelik is daar 'n ooreenkoms tussen vs. 2a en 9:7 (Wolff): Die oes sal nie deur diegene aan wie dit behoort, benut kan word nie.

Vs. 3 dui die rede aan vir die stellings in vs. 2: vs.3 Hulle sal nie die oes kan gebruik nie omdat hulle nie meer in die land sal wees nie. In plaas van die koring van die huidige oes (vs. 2a), sal hulle onrein voedsel in Assirië eet (vs. 3c). Alhoewel dit nie pertinent gesê word nie, is dit duidelik dat die profeet in vs. 3 'n wegvoering in ballingskap voorsien. Uit vs. 6 kan afgelei word dat dit vir sommige 'n ballingskap na Assirië en vir andere 'n vlug na Egipte sou beteken.

Dit is opvallend dat die term šwb telkens in die boek gebruik word wanneer daar sprake is van Israel of Efraim se gaan na Egipte (vgl. 8:13; 9:3; 11:5). Die bedoeling kan vanselfsprekend nie wees dat die tydgenote van die profeet voorheen in Egipte was nie. Die woord šwb is na alle waarskynlikheid gekies om ook die implikasies van 'n vlug

---

2. Vgl. G. Dalman, Arbeit und Sitte im Palästina IV, Hildesheim 1964, bl. 354 vv.

of uitwyking na Egipte (vgl. vs. 3 en 6) na vore te bring. 'n Terugkeer na Egipte was in 'n sekere sin 'n omkering van die heilsgeskiedenis. Dit hou die terugkeer na die knegskap in. As straf van JHWH het die terugkeer na Egipte gelyk gestaan aan die beëindiging van die verbond met en verkiesing van Israel. Dit is baie moeilik om te bepaal of die "terugkeer" na Egipte elke keer letterlik verstaan moet word as 'n uitwyking na Egipte. In 9:3 (vgl. ook vs. 6) en 11:5 (vgl. ook vs. 10 v.) is dit klaarblyklik die geval. Die gedagte van die beëindiging van die verbond en die terugkeer na die knegskap spreek egter ook telkens mee.

Die saak van rein en onrein wat in vs. 3c ter vs.4 sprake is, het ten nouste saamgehang met die kultus= beoefening al dan nie (vgl. bv. Jos. 22:19). Hierop brei vs. 4 verder uit. Vs. 4 stel dat daar 'n einde sal kom aan die beoefening van die kultus ter ere van JHWH. ye<sup>c</sup>erbū het as parallel van yiss<sup>e</sup>kū die betekenis "(as offer) bring" (Van Leeuwen). Verder staan yayin en zibḥehem waarskynlik pars pro toto vir alle spys- en slagoffers (Van Gelderen).

Vs. 4c is 'n vergelyking wat byna soortgelyk is aan dié in 8:1. Die saak waaroor dit gaan, moet uit die konteks aangevul word. Uit vs. 4e is dit duidelik dat dit gaan oor die voedsel van die betrokkenes. Hulle voedsel sal vir hulle (lāhem) in die ballingskap wees "soos die voedsel van die wat rou" (partisipium meervoud van 'nh I). Voedsel waarvan daar gedurende die routyd geëet is, was kulties onrein (vgl. Deut. 26:14). Vs. 4c is dus 'n betreklik omslagtige manier om te sê dat hulle voedsel onrein sal wees. Die woordkeuse is waarskynlik beïnvloed deur kultiese gebruike (vgl. Deut. 26:14). Wanneer voedsel onrein is, verontreinig almal wat daarvan eet hulleself ook (vs. 4d).

Die rede waarom die voedsel as onrein sal geld, word in



vs. 4e en f gegee: Dit sal naamlik vir hulleself gebruik word en sal nie in die huis van JHWH kom nie. Verskeie kommentatore beskou vs. 4e maar veral ook vs. 4f as 'n latere toevoeging. Daar bestaan egter geen tekskritiese gronde vir so 'n vermoede nie en die literêr-kritiese gronde wat daarvoor aangevoer word, is heeltemal onoor=tuigend. Die profeet verwys hier na die gebruik in Israel om die eerstelinge van die oes as 'n dankoffer na die tempel van JHWH te bring (Eks. 22:29, Lev. 19:25, Deut. 26:1 tot 11). Deur die eerstelinge aan JHWH te wy, is die hele oes geheilig en kon dit gebruik word. Waar daar in die aanstaande ballingskap geen tempel of kultus sal wees nie, sal die eerstelinge en ander offers nie gebring kan word nie. Gevolglik is alle voedsel onrein - 'n aaklige voor=uitsig vir enige Israeliet (Van Leeuwen, vgl. Es. 4:13 vv., asook Hand. 10:14, Rom. 11:16).

Die beswaar wat kommentatore aanvoer teen die hand=hawing van vs. 4f in die teks, is dat Hosea geen tempel in Israel byt yhwh sou noem nie. Hierop is reeds ingegaan by die bespreking van 8:1. Die volgende kan daar bygevoeg word: Die krasse ver=oordeling van die Israelitiese heiligdomme kom in die Ou Testament hoofsaaklik voor in dié dele waar die Deuteronomistiese invloed merkbaar is. Dat die Deuteronomiste byvoorbeeld die heiligdom by Bet-el as illegitiem sou beskou, is volkome begryplik as die sterk steun wat hulle verleen het aan pogings tot sentralisering van die kultus in Jerusalem, in ag geneem word. In Hosea 1 was dit alreeds duidelik dat Hosea, wat uit die proto-Deuteronomistiese kringe afkomstig was, 'n belangrike saak soos die rewolusie van Jehu totaal anders beoordeel het as die latere Deuteronomiste (vgl. Hos. 1:4 met II Kon. 9:1 tot 10:30). Dieselfde sou ook kon geld van die heiligdomme in Israel. Dit is inder=daad opmerklik dat die heiligdomme self nie deur Hosea veroordeel word in dié sin dat die Jerusalemse

heiligdom byvoorbeeld daarteenoor gestel word nie. Die kritiek is altyd gerig teen die beoefening van die verworde kultus by 'n bepaalde heiligdom (vgl. bv. 4:15, 10:5). Daarby moet ook in gedagte gehou word dat al die proto-Deuteronomistiese materiaal in die boek Deuteronomium wat in verband staan met die kultus, oorspronklik betrekking gehad het op 'n heiligdom of heiligdomme in Israel en nie in Juda nie. Op grond van hierdie feite is dit verkeerd om van die vooronderstelling uit te gaan dat Hosea nie na 'n heiligdom in Israel sou verwys as byt yhwh nie (vgl. onder Agtergrond).

In die algemeen kan gestel word dat die oordele van vs. 4 in 'n hoë mate direk of omgekeerd ooreenstem met die gesindheid en optrede van die feesgangers in vs. 1: Teenoor die feesvreugde van vs. 1a en b staan die rou van vs. 4c. In plaas van die verkeerde kultus waaroor vs. 1c tot e handel, sal daar geen kultus wees nie (vs. 4a en b). Diegene wat die kultus beoefen het ter wille van groter oeste en meer voedsel vir hulleself (vs. 1c tot e), sal in die ballingskap hulle voedsel vir hulleself hê (vs. 4e en f).

Die klaarblyklike ooreenkoms en verwantskap tussen Hos. 9:1 tot 4 en gedeeltes van Deut. 26:1 tot 15 is opvallend: In die eerste plek is daar die vreugde tydens die fees (vgl. Hos. 9:1a en b met Deut. 26:11). Verder is die ooreenkoms tussen die verklaring in Deut. 26:14a en Hos. 9:4c en d opmerklik. Teenoor die erkenning dat JHWH die volk geroep het uit Aram, verlos het uit Egipte en die land aan hulle gegee het (Deut. 26:8 v.), staan die verlies van die land, die "terugkeer" na Egipte en die verblyf in Assirië (Hos. 1:3). Teenoor die bring na en wyding van gawes in die tempel van JHWH (Deut. 26:2 en 10) staan die oordeel van Hos. 9:4f. (Vgl. verder die bespreking onder Agtergrond.)

Vs. 5 is gekonstrueer as 'n vraag waarin die vs.5 viering van 'n fees nog steeds op die voorgrond is. Sommige kommentatore beskou mō<sup>c</sup>ēd en hāg as blote sino=nieme. Dit is egter meer waarskynlik dat mō<sup>c</sup>ēd as 'n algemene aanduiding "fees" bedoel is (vgl. 2:13) en dat hāg verwys na die herfs- of Loofhuttefees (vgl. Lev. 23:19, I Kon. 8:2; 12:32 asook die besprekings by Van Leeuwen en Rudolph). In die lig daarvan dat feeste in Israel altyd langer as een dag geduur het, sal yōm in vs. 5 nie na 'n enkele dag verwys nie, maar is dit bedoel as 'n kollektief of dra dit die betekenis "tyd". Vs. 5 kan dan soos volg vertaal word:

"Wat sal julle doen in die feestyd  
 en wat sal julle doen tydens die herfsfees?"

Vs. 6 motiveer die vraag van vs. 5: hinnē vs.6 funksioneer in vs. 6 as inleiding tot die protasis van 'n voorwaardesin (vgl. KBL bl. 239, nr. 10). Die perfektum hāl<sup>e</sup>kū het voor die imperfekta van vs. 6b en c die krag van 'n futurum exactum (Ges-K. par. 106, o). In vs. 6a tot c word dus gestel dat diegene wat aan die ver= wachte vyandelike inval en gepaardgaande verwoesting sal ontkom, na Egipte sal vlug, maar dat die dood daar op hulle wag. mōf is die bekende Egiptiese stad Memfis wat beroemd was as begraafplek (Wolff, Rudolph, Van Leeuwen e.a.).

Vs. 6d word deur sommige kommentatore verander (Rudolph en Mays). Die argumente daarvoor is die ongewone status konstruktus voor die voorsetsel l<sup>e</sup> en die feit dat (volgens Rudolph), dit ondenkbaar is dat die silwer wat vlugtendes agterlaat of saamneem, nie in die hande van die invallers of rowers sou beland nie. Dit is egter nie voldoende rede om die teks of vokalisasie te verander nie en buitendien is dit onnodig. Uit die gebruik van die suffiks in vs. 6e is dit duidelik dat maḥmad l<sup>e</sup>kaspām as 'n kollektief bedoel is en dat dit ook as casus pendens vooropstaan. Volgens die vokalisasie van die masorete is maḥmad 'n status konstruktus wat as verbindingsvorm gebruik word (Ges-K. par. 130 a). Dit is egter beter om

dit as 'n status absolutus te vokaliseer. Die voorsetsel l<sup>e</sup> het die betekenis "ten opsigte van" of "naamlik" (KBL bl. 465, nr. 19 en 20). Vs. 6d kan dan letterlik vertaal word "kosbaarhede, naamlik hulle silwer ...". Dit gaan in vs. 6d en e nie oor 'n silwer godebeeld nie (teen Van Gelderen e.a.), maar oor private geld en silwer kosbaarhede. Tydens vyandelike invalle is skatte en geld gewoonlik begrawe om ná die verwoesting weer opgegrawe te word. (Die gebruik om private skatte te begrawe is bv. die veronderstelling waarvan die gelykenis in Matt. 13:44 uitgaan.) As die profeet sê dat die onkruid hulle silwer in besit sal neem, beteken dit eenvoudig dat niemand dit weer sal opgrawe nie. Daarmee word bedoel dat diegene wat na Egipte vlug, nie weer sal terugkeer na hulle grondgebied nie. Dieselfde gedagte word ook in die nominale sin van vs. 6f tot uitdrukking gebring: 'hl het hier soos meermale in die Ou Testament die betekenis "woning" (vgl. bv. Deut. 16:7; II Kon. 14:12). As die profeet sê dat daar doringstruke in hulle wonings sal wees, beteken dit dat hulle nie sal terugkeer om hulle huise te herstel en te bewoon nie. Vs. 6d tot f is dus 'n bevestiging en versterking van wat in vs. 6c gestel word: In Egipte wag die dood op die vlugteling. Hulle sal beslis nie na hulle grondgebied en tuistes terugkeer nie.

Jes. 10:3 toon sterk ooreenkoms met Hos. 9:5 v.. 'n Vergelyking van die twee gedeeltes toon dat Wolff verkeerd is wanneer hy c'sh l<sup>e</sup> in verband bring met die voorbereiding of aanbieding van offergawes. Verder toon dit ook dat 'n vyandelike inval in die eerste plek bekommernis oor private rykdom meegebring het (Hos. 9:6d tot f).

Die eenheid sluit af met 'n dringende waar= vs.7a-c  skuwing deur die profeet dat hy nie praat oor 'n tyd in die verre toekoms nie maar dat die tyd van nood reeds aangebreek het. In die boek Hosea word die sogenaamde perfectum propheticum baie selde gebruik (vgl.

10:15) en daarom moet bā'ū waarskynlik as 'n historiese perfektum verstaan word. Die herhaling van bā'ū is klaarblyklik bedoel om 'n bepaalde klem te lê (vgl. 2:21 v.). In sekere gebeure het die profeet dus reeds die aanbreek van 'n onafwendbare verwoesting gesien. Alhoewel JHWH vanaf vs. 1 nêrens as grammatikale subjek voorkom nie, is dit duidelik dat die profeet met die uitdrukkings "dae van vergelding" en "dae van afrekening" (vgl. Jes. 34:8, Mi. 7:3) te kenne wil gee dat JHWH die verwagte verwoesting sal laat plaasvind en dat dit sy regverdige oordeel is oor die sonde van Israel. yd<sup>c</sup> het in vs. 7 die nuanse "erken". Uit vs. 7a tot c kan afgelei word dat die volk die verkondiging van die profeet nie ernstig opgeneem het nie.

Vanaf vs. 7d is 'n nuwe tema aan die orde. Dit vs.7d-g gaan hier oor die werk van die profeet en is die enigste geval in die boek waar ons in 'n mate insae kry in die teenkating en stryd wat sy optrede opgeroep het (Mays e.a.). Die aanleiding tot die vyandskap van sy hoorders was ongetwyfeld sy veroordeling van wat vir die volk heilig en onaantasbaar was. Vs. 1 tot 7c is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Vs. 7d en e word deur verskillende kommentatore beskou as woorde van die volk. Die ongewone woordorde maak dit egter meer waarskynlik dat vs. 7d en e bedoel is as vrae deur die profeet (Ges-K. par. 150 a; so ook Van Leeuwen). Die woordorde en konstruksie van vs. 7f wys ook in dié rigting aangesien dit te abrupt is as inleiding tot 'n profetewoord.

Die term 'šwīl het in die samehang van Hos. 9 die nuanse "iemand wat dwase dinge kwytraak". Die term m<sup>e</sup>šuggā<sup>c</sup> ("waansinnige") word in die Ou Testament 'n paar maal gebruik om 'n afwysende houding van die publiek teenoor profete tot uitdrukking te bring (vgl. II Kon. 9:11, Jer. 29:26). Die vraag van die profeet in vs. 7d en e is ongetwyfeld 'n reaksie op beskuldigings deur sy

hoorders dat hy dwaas en waansinnig is. Dit kan onder andere afgelei word uit die gebruik van die tweede persoonsvorm in vs. 7f. Met só 'n beskuldiging wou hulle hom stil maak en sy invloed effektief uitskakel.

In vs. 7f en g gee die profeet self die antwoord op die vrae van vs. 7d en e. Wolff, Van Leeuwen en andere bring geringe wysigings in vs. 7g aan, maar dit is onnodig en berus nie op goeie gronde nie: cal dui die rede aan vir die onnatuurlike optrede van die profeet (vgl. ook Deut. 9:18). Die voegwoord by vs. 7g beteken nie "voorwaar" of enigiets van die aard nie (teen L. Prijs, soos aangehaal deur Van Leeuwen), maar dui alleen aan dat die voorset cal in die onvolledige parallelisme óók by vs. 7g veronderstel word (vgl. ook vs. 5; 11:5 ens.). Die afwesigheid van 'n lidwoord by maštemā is ook geen rede om die teks te wysig nie (teen Wolff), aangesien lidwoorde in poësie dikwels ontbreek. Die verskil in konstruksie tussen die twee parallelle hemistiges (nl. die genitiefverbinding rb cnk en die nominale sin rbh mštmh) is moontlik ter wille van afwisseling, of andersins is die bedoeling om deur die woordorde in vs. 7g klem te lê op rabbā. Vs. 7d tot g kan soos volg vertaal word:

"Is die profeet 'n dwaas?  
Is die geesvervulde 'n waansinnige?  
Hy is dit vanweë die grootheid van jou sonde  
en omdat die teenkating so groot is!"

Daarmee het die profeet aangedui dat die sonde van die volk en die teenkating teen sy verkondiging die rede is vir sy spelbrekende optrede op die fees (vs. 1 tot 7c) en dat hy dit nie gedoen het omdat hy self iets makeer of geestelik versteurd is nie.

Vs. 8a lewer probleme op. Voorstelle tot ver= vs.8-9a anderings van die Masoretiese teks (vgl. by Rudolph), is onoortuigend. Aan die ander kant is die masoretiese vokalisasie problematies omdat die werkwoord sph nie met cim gekonstrueer word nie en die betekenis van die sin met Efraim as subjek, totaal onduidelik is. Die

Septuaginta bied gedeeltelik 'n oplossing deur sph as 'n status konstruktus te lees (m.a.w. "die wagter van Efraim ..."). Verder het cim nie die algemene betekenis "saam met" of "by" nie, maar moet dit weergegee word met "volgens die wil van". (Die voorsetsel het dieselfde nuanse in Deut. 18:13 en Mi. 6:8, wat die vermoede laat ontstaan dat dit 'n Israelitiese gebruik daarvan verteenwoordig). 'ēlōhay hoef ook nie verander te word na 'ēlōhīm nie (teen Wolff e.a.). Dit is in die boek Hosea 'n ge=ykte vorm wat gebruik kan word wanneer die verbondsver=houding op die voorgrond is (vgl. die bespreking by 8:2). Die vertalers van die Septuaginta het dit heel waarskynlik aangevoel en dit daarom (met die uitsondering van 2:25) telkens vertaal met theos (vgl. 8:2; 9:8; 9:17). Vs. 8a kan dan soos volg weergegee word:

"Die wagter van Efraim is volgens die wil van die Verbondsgod 'n profeet."

Met hierdie woorde verwys die profeet na 'n tradisie wat na alle waarskynlikheid in proto-Deuteronomistiese kringe gevestig was (vgl. Deut. 18:15 vv.) en wat in Hos. 12:14 wéér na vore kom. Alhoewel daar in Hos. 9:8 en 9a na 'n profeet verwys word in die derde persoon, handel dit ongetwyfeld oor sy eie roeping en funksie as profeet. Hy het sy taak dus gesien as dié van 'n wagter wat die volk moes waarsku deur die woord van God te spreek (vgl. bv. 5:8 vv., 8:1 vv.). Die feit dat hy 'n wag moes wees is tegelyk ook 'n verklaring vir sy ongewone optrede by bepaalde geleenthede (vgl. 9:1 tot 7c).

Die gebruik van die naam Efraim wat die klem waarskynlik meer lê op Israel as staat (vgl. by vs. 1 en 3), sou daarop kon dui dat die profeet ook tradisies in gedagte gehad het waarvolgens die profeet God se woordvoerder teenoor die owerheid is (vgl. bv. 1 Sam. 15; I Kon. 21:17 tot 22). Verder sou die keuse van die naam óók beïnvloed kon wees deur die feit dat die owerheid gewoonlik die

inisiatief geneem het in die vervolging van profete (vgl. bv. Amos 7:10 vv., Jer. 3b).

Vs. 8b tot 9a handel verder oor die teenkanting en vyandskap waarna daar in vs. 7g verwys word. Dit staan inhoudelik teenoor vs. 8a: In plaas daarvan dat Efraim sy roeping erken het deur sy prediking te gehoorsaam, het hulle hom bedreig op allerlei maniere en op alle plekke. Alhoewel daar nie spesifiek gesê word wat hulle teen die profeet beplan het nie, is dit uit die beelde en woordgebruik duidelik dat sy lewe waarskynlik in gevaar was. In vs. 8b word die beeld van 'n voëlwip gebruik om hulle optrede teenoor hom te beskryf. Oral waar hy gegaan het, het hulle hom probeer vastrek. Selfs by die heiligdom, waar 'n mens redelikerwys kon verwag dat hy ongestoord kon optree in diens van dié God wat hom geroep het, moes hy vyandskap ervaar (vs. 8c).

Die masorete het h<sup>c</sup>myqw šhtw geïnterpreteer as twee werkwoorde wat asindeties met mekaar verbind. In só 'n geval is die eerste werkwoord sekondêr en het dit die funksie van 'n bywoord (Ges-K. par. 120 g). šhtw is dus die hoofwerkwoord en moet hier 'n intransitiewe betekenis hê: "hulle het absoluut vernietigend gehandel". Dit pas egter nie goed in 'n konteks waarin dit gaan oor beplanning om die profeet tot swye te bring nie. Daarom is die voorstel van Wellhausen (soos aangehaal deur Rudolph) om šahtō ("sy vangkuil") te lees, sinvol. Dit sluit goed aan by die beeld in vs. 8b (vgl. 5:1 v.) en ook by die suffikse in vs. 8b en c. Vs. 9a is dan 'n uitbreiding van vs. 8c. Dit dui op een of ander gemene set waardeur hulle die profeet buite aksie wou stel. Vs. 8b tot 9a kan dan soos volg vertaal word:

"Daar is vangnette oral waar hy gaan.  
 Selfs in die tempel van sy God hou die vyandskap  
 nie op nie;  
 hulle het vir hom 'n diep vanggat gegrawe."

In vs. 9b tot d volg die oordeel oor die teenstanders van die profeet. kīmē haggib<sup>c</sup>ā verwys na vs.9b-d



gebeure in die verlede wat by die hoorders so goed bekend was dat geen verdere beskrywing daarvan nodig was nie. Die oorgrote meerderheid van die kommentatore vermoed dat y<sup>e</sup>mē haggib<sup>cā</sup> betrekking het op die gebeure wat in Rig. 19 en 20 verhaal word. Wolff sien die punt van vergelyking tussen die verwysing in Hosea en die gebeure van Rig. 19 en 20 in die feit dat dit in albei gedeeltes gaan oor die ongasvrye behandeling wat 'n Leviet gekry het. Dit hang saam met sy teorie dat die profeet Hosea tot Levitiese opposisiiegroepe behoort het.<sup>3</sup> Rudolph en Van Leeuwen sien die verband dáárin dat Efraim in die tyd van die profeet téén hom kant gekies het en skandelik teen hom opgetree het, soos wat die stam Benjamin hulleself solidêr verklaar het met die skanddaad teen die Leviet.

Hierdie verklarings is albei ewe onbevredigend. Dit is baie beter om in y<sup>e</sup>mē haggib<sup>cā</sup> 'n verwysing te sien na die regeringstyd van Saul (so ook Ward). Die volgende redes kan daarvoor aangevoer word:

- i. Die term yāmīm dui in die boek Hosea telkens 'n tydperk aan maar nie 'n enkele gebeure nie (vgl. 2:15, 17; 3:3 v.; 9:7; 12:10). Wanneer dit gaan oor 'n gebeure, word die enkelvoud yōm gebruik, selfs wanneer die gebeure verskillende fasette het en strek oor meer as een dag (vgl. 2:2, 5, 17; 5:9; 7:5; 9:5; 10:14). Dit is in die lig hiervan onwaarskynlik dat y<sup>e</sup>mē haggib<sup>cā</sup> sal verwys na die gebeure wat in Rig. 19 en 20 verhaal word. Daarteenoor kan dit wél betrekking hê op die regeringstyd van Saul wat in Gibeon gevestig was (vgl. I Sam. 10:26; 11:4; 14:2; 15: 34, ens.).
- ii. Die punt van ooreenkoms tussen die ervaring van Hosea (vs. 7d tot 9d) en die "dae van Gibeon" is

---

3. H.W. Wolff, Hoseas geistige Heimat, art. in Theologische Literaturzeitung 81 (1956), bl. 85-87.

dat profete in albei gevalle te kampe gehad het met ongehoorsaamheid aan en teenkanting teen die profetewoord (vgl. I Sam. 13:8 tot 14; 15:1 tot 22). Die verhale in I Samuel maak wel nie melding van vyandskap teen die profeet nie, maar dit is moontlik dat Hosea 'n ánder weergawe van die tradisie geken het as dié wat in I Sam. 10 en 19 aangebied word (vgl. bv. Hos. 1:4 met II Kon. 9:1 tot 10:28).

Die betekenis van vs. 9b tot c is dan die volgende: Soos die verwerping van die profetewoord in die dae van Gibeá tot die val van die ongehoorsames gelei het, só sou diegene wat die profetewoord teengestaan het in die tyd van Hosea (vs. 7d tot 9a), tot 'n val kom (vs. 9b tot d).

Die uitdrukking y<sup>e</sup>mē haggib<sup>c</sup>ā is klaarblyklik deur die profeet gebruik as 'n verwysing na die vestiging en uitbouing van die monargie en die staatsbestel wat in sy eie tyd nog gegeld het (vgl. ook 10:9). Dit sluit goed aan by die gebruik van die naam Efraim as aanduiding van die staat of owerheid in vs. 8a (vgl. die bespreking aldaar). Indien bēt 'ēlōhāw in vs. 8c verwys na of sinspeel op Bet-el en dít die heiligdom is waar die profesie van 9:1 vv. gelewer is (vgl. Agtergrond) is die teenkanting van die kant van die owerheid begrypplik: Bet-el was 'n staatsheiligdom en die kultiese personeel is aangestel deur die owerheid (vgl. I Kon. 12:32; Am. 7:13). So 'n staatskultus het die beleid en optrede van die owerheid gesanksioneer. 'n Profeet wat dit sou waag om dáár te verkondig dat Israel in ballingskap sal gaan (Hos. 9:2 tot 6) sou nie in die guns van die owerheid wees nie; trouens, sy lewe sou in gevaar wees (vgl. 9:8a tot 9a asook Am. 7:10 tot 12).

In 9:1a tot 7c verkondig die profeet dat Israel die huidige oes nie ten volle sal geniet nie omdat JHWH

hulle gaan straf vir hulle deelname aan die vrugbaarheidskultus: Die land sal verwoes word en hulle sal weggevoer word na Assirië. Diegene wat na Egipte sal vlug, sal daar sterf en nie weer terugkeer na hulle land nie.

Hierdie verwoesting sou binnekort plaasvind.

In 9:7d tot 9d reageer die profeet op die teenkanting wat daar was teen sy optrede. Hierdie teenkanting en vyandskap het veral van die kant van die owerheid gekom.

Die perikoop sluit af met 'n oordeelwoord waarin gestel word dat JHWH soos in die verlede die teenkanting teen sy woord sal straf.

## 6. Vertaling

- 1 Hou op met die feesvreugde Israel!  
Staak die fees wat jy soos die nasies vier!  
Jy het van jou God af weg gehoereer;  
jy was daarop uit om hoereloon te bekom  
op elke vloer waar koring gedors word.
2. Die dorsvloer en parskuip sal hulle nie voed nie  
en geen wyn sal uitgetrap word nie.
- 3 Hulle sal nie in die land van JHWH bly woon nie,  
maar Efraim sal na Egipte moet uitwyk  
en in Assirië sal hulle onrein voedsel eet.
- 4 Hulle sal nie wyn pleng vir JHWH nie  
en sal hulle slagoffers nie aan Hom bring nie.  
Hulle voedsel sal so onrein wees soos voedsel  
wat tydens 'n routyd geëet word.  
Almal wat dit eet, sal onrein wees,  
want hulle sal dit net vir hulleself gebruik;  
dit sal nie in die tempel van JHWH gewy word nie.
- 5 Wat sal julle doen in die feestyd en op die  
groot fees van JHWH?
- 6 Dié wat aan die verwoesting ontvlug, sal in  
Egipte bymekaarkom en in Memfis begrawe word!  
Die onkruid sal hulle kosbare geld erf;  
doringstruik sal in hulle huise groei!
- 7 Die dae van vergelding het aangebreek,  
die dae van afrekening het aangebreek;  
Israel sal dit nog erken!

Is die profeet dwaas?

Is die geesvervulde waansinnig?

Hy is so vanweë die omvang van jou skuld  
en omdat die vyandskap so groot is.

- 8 Die wagter van Efraim is volgens die wil van die  
Verbondsgod 'n profeet.  
Maar hulle probeer hom vastrek oral waar hy gaan.  
Selfs in die tempel van sy God hou die vyandskap

- nie op nie;  
9 hulle het vir hom 'n diep vanggat gegrawe!  
Soos in die dae van Gibeon  
sal Hy hulle skuld oopvlek,  
sal Hy hulle sondes straf.

## 7. Agtergrond

Die kommentatore is dit eens dat die herfsfees (Loofhutte) die agtergrond is waarteen Hos. 9:1 vv. verstaan moet word. Dit word gebaseer op vs. 1 (vgl. Deut. 16:14), vs. 2a (vgl. Deut. 16:13) en vs. 5 (vgl. I Kon. 8:12; 12:32). Hierteenoor kan die volgende gestel word: Vs. 1 het sonder twyfel betrekking op die insameling van die koringoes. Die fees van die eersteling (latere Pinkster) het die koringoes afgesluit en daarom sal dit, eerder as die herfsfees, die agtergrond wees van Hos. 9:1 vv. Dit was ook 'n vrolike fees (vgl. Deut. 16:10 v.; 26:11) en die verbod in vs. 1 is net so goed van toepassing op hierdie fees. Die afleiding dat gōren wāyeqeb verwys na die Loofhuttefees (Deut. 16:13), verval as in ag geneem word dat die woordpaar, soos die vokalisasie van die voegwoord aandui, 'n vaste uitdrukking is en in elk geval in 'n konteks staan waarin dit oor die toekoms gaan. Die verwantskap tussen vs. 1 tot 4 en gedeeltes van Deut. 26 is 'n addisionele argument daarvoor dat die agtergrond van Hos. 9:1 vv. die fees van die eersteling en die gepaardgaande afgee van tiendes is (vgl. Deut. 12:17 v.; 16:10; 26:1 tot 15). In vs. 5 is daar 'n klaarblyklike verwysing na die jaarlikse herfsfees. Dié fees lê egter nog in die toekoms en bevestig die aanname dat die profesie uitgespreek is by die koringoes aan die einde van die lente en dat die herfsfees nog voor=gelê het. Indien dit korrek is, beteken dit dat Hosea die vyandelike inval en verwoesting vóór die herfs verwag het.

Die perikoop kan saam met die kommentatore gedateer word in die tyd ná die onrus van die jare 733 tot 731 v.C.,

maar vóór die dood van Tiglatpileser III in 727 v.C. (Wolff). Dit kan afgelei word uit vs. 7a en b wat aan die een kant veronderstel dat daar reeds politieke en militêre woelinge was en uit vs. 7c (asook die res van die perikoop) wat aan die ander kant 'n relatiewe rustigheid en skynbaar onbesorgde houding van die volk weer=spieël. Die inhoudelike raakpunte tussen hoofstukke 8 en 9:1 vv. dui ook daarop dat dit waarskynlik uit die= selfde tydperk dateer (vgl. bv. 9:3 en 9 met 8:10 en 13).

Die plek van optrede is na alle waarskynlikheid Bet-el. Die volgende argumente kan daarvoor aangevoer word: Die Deuteronomiste het Jerusalem beskou as die heiligdom waarheen die eerstelinge en tiendes gebring moes word. Vóór die sentraliserende hervormings in Juda was dit eg=ter nie die geval nie. Uit Gen. 28:22 is dit duidelik dat Bet-el in Israel dié heiligdom was waarheen die tiendes gebring moes word. Een van die liturgiese tekste van die Samaritaanse liturgie stel dan ook uitdruklik dat die koning van Israel sy tiende moes bring by Bet-el, die heiligste aanbiddingsplek.<sup>4</sup>

Die betrokke gedeelte verteenwoordig beslis 'n ou tradisie, aangesien dit handel oor die verplig=ting van die koning van Israel op 'n bepaalde fees=dag.<sup>5</sup> Op die oog af verteenwoordig dit ook 'n tradisie wat onafhanklik is van die ooreenstemmende dele in Deut. 26 in die Samaritaanse Pentateug, aangesien die tipiese Deuteronomistiese paranetiese styl ontbreek. Die taalgebruik, waarin die ver=andering van keelklanke en sibilante afwesig is, dui ook daarop dat dit 'n ou rituele teks is.

Dieselfde geld ook in 'n hoër mate vir die liturgiese teks wat handel oor die eerstelinge wat gebring moes word

---

4. A.E. Cowley, The Samaritan liturgy, Oxford 1909, vol. II, bl. 782:

bw mlk ysr'l yqh htnh bl' 'lyl wyqwm wy<sup>c</sup>lh 'l byt 'l qdš hmsgdym ...

5. (sien volgende bladsy)

lqdš mqwmh.<sup>6</sup> Daar is goeie redes om aan te neem dat dit ook na Bet-el verwys.

Op grond van die opmerklike ooreenkomste tussen Hos. 9:1 vv. en dele van Deut. 26 en die feit dat Bet-el, volgens Gen. 28 en die genoemde Samaritaanse liturgiese teks, die heiligdom was waar die tiendes afgegee is en na alle waarskynlikheid ook die eerstelinge, kan ons met redelike sekerheid aanneem dat die profesieë van Hos. 9:1 vv. oorspronklik uitgespreek is by Bet-el.

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

9:1 tot 9 vertoon enkele verbande met die voorafgaande perikoop: In albei is kultiese aangeleenthede sterk op die voorgrond en in albei kom die tema van die "terugkeer" na Egipte en die Assiriese bedreiging voor (vgl. 8:10 en 13). Daar is egter ook 'n ontwikkeling te bespeur met betrekking tot laasgenoemde: Assirië is die land van die ballingskap waar Israel in onrein omstandighede sal moet leef. Hulle sal na Egipte "terugkeer", omdat hulle daarheen sal vlug, maar ook daar sal sterf.

Daar is ook aanmerklike verskille ten opsigte van die voorafgaande: In 9:1 vv. tree die vrugbaarheidsgodsdiens vir die eerste keer ná 5:7 weer sterk op die voorgrond. Dit dien ook as motivering vir die komende katastrofe. (In 8:1 tot 14 het politieke dwaashede en die verkeerde gesindheid by die kultus van JHWH die oordele gemotiveer.) Die perikoop word in vs. 7a tot 7c ook oorheers deur die oordele van JHWH. 'n Nuwe tema wat die eerste keer in die boek hier voorkom is die verwerping van en die teenkanting teen die profetiese verkondiging.

---

5. (verwys vorige bladsy)  
G. Widengren, Sakrales Königstum im Alten Testament und im Judentum, Stuttgart 1955, bl. 34 vv., bring dit in verband met die Loofhuttefees, maar sy argumente is nie oortuigend nie.

6. A.E. Cowley, a.w., bl. 786.

9:10-171. Afgrensing

Die afgrensing na vore is reeds verantwoord by die behandeling van die voorafgaande perikoop. Die volgende kan daar bygevoeg word: Vanaf 9:10 is daar 'n merkbare verandering in die toon en in die hantering van temas (Wolff, Mays, Van Leeuwen, e.a.). Waar die voorafgaande gekenmerk word deur 'n lewendige en variërende toon, is daar vanaf 9:10 'n langer en meer oorwoë uitbouing van 'n bepaalde tema. Verder is daar ook 'n verskil in die hantering van historiese verwysings: In die voorafgaande perikope het dit nie 'n prominente plek ingeneem nie en was verwysings na die geskiedenis van Israel meer terloops. Vanaf 9:10 word historiese gebeure byna tipologies benader omdat daar in die gebeure van die verlede die wesenlike van die hede gesien word.

Die meerderheid kommentatore beskou vs. 10 tot 17 as 'n perikoop wat uit twee dele bestaan, naamlik vs. 10 tot 14 en vs. 15 tot 17. Sommige (bv. Weiser en Mays) behandel dit as twee perikope. Vs. 10 tot 17 sentreer egter rondom dieselfde temas en sal daarom as een perikoop behandel word. By 10:1 begin daar tematies 'n nuwe eenheid.

2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks lewer probleme op by vs. 12d en 13b. Daar is egter nie voldoende tekskritiese gronde om veranderinge aan te bring nie:

Vs. 12d word gesteun deur die meeste vertalings. Selfs die skynbaar afwykende lesing van die Septuaginta (sarx mou ex autōn) gaan vermoedelik terug op 'n oorspronklike lesing bśry mhm, wat die Masoretiese teks steun.

By vs. 13b is daar 'n groter afwyking in die Septuaginta. Die lesing eis thēran parestēsan ta tekna autōn is waar-

skynlik 'n weergawe van lšyd št lh bnyh in Hebreeus (vgl. die kritiese apparaat in BHS). Indien ons egter in aanmerking neem dat w en y asook d en r (vgl. by 9:2 en 7) soms verwar is by die oorskryf van manuskripte, is die lesing van die Septuaginta verklaarbaar. Die Masoretiese teks wat in 'n hoë mate bevestig word deur die ander vertalings, verdien wel as lectio difficilior voorkeur bo die Septuaginta.

### 3. Vorm

Die metrum bestaan uit ewe veel twee- en drievoetige versreëls wat elk twee of drie heffings per versvoet bevat. By vs. 15 word die hemistiges gewoonlik so gekombineer dat drie tweevoetige versreëls gevorm word. 'n Kombinasie van twee drievoetige versreëls is egter beter aangesien kī in vs. 15b nie 'n redegewende sin inlei nie en vs. 15c dus eerder die grond aandui vir die handeling in vs. 15b, as vir dié in vs. 15d.

Die metrum het by vs. 10 tot 12 byna 'n volmaakte konsentriese patroon. By vs. 13 tot 17 is daar 'n gedeeltelike konsentriese patroon: Vs. 13 en 14 klop gedeeltelik met vs. 16 en 17 terwyl vs. 15 in die sentrum staan.

Met die uitsondering van vs. 10a tot d waar twee stiges parallel is, bestaan die eenheid oorwegend uit sintetiese parallele hemistiges. In die geval van drievoetige versreëls is die patroon soos gewoonlik a//(b//c) of omgekeerd (vgl. bv. vs. 14).

Dit is opmerklik dat daar 'n relatief groot aantal vergelykings en ook metafore voorkom in die perikoop. Verder is dit ook besonder ryk aan woordspel, alliterasie, klankrym en herhalings. Voorbeelde hiervan is die volgende: Die herhaling van die voorsetsel min in vs. 11 en 12 en tēn-lāhem in vs. 14; klankassosiasie in vs. 13 (b<sup>e</sup>nāwē/bānāw), vs. 15 (šōrēhem/sōr<sup>e</sup>rīm) en vs. 16 (p<sup>e</sup>rī/b<sup>e</sup>lī, ya<sup>c</sup>šūn/yēlēdūn); alliterasie op m aan die einde



van elke hemistige by vs. 15b tot f; woordspel in vs. 16 ('efrayim/p<sup>e</sup>rī).

#### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit vyf korter eenhede, naamlik vs. 10, vs. 11 v., vs. 13v., vs. 15 en vs. 16v. Met die uitsondering van vs. 15 kan elke korter eenheid in twee dele verdeel word. Verder is dit opmerklik dat die naam Israel of Efraim telkens in die eerste stige van elke eenheid voorkom (vs. 15 is hierop weer 'n uitsondering).

Vs. 10 bestaan uit (i) Twee parallelle vergelykings met werkwoorde waarvan JHWH die subjek is, in die perfektum. (ii) 'n Verdere uitbreiding, sonder vergelykings, in die perfektum met Israel as subjek.

Vs. 11 en 12 bevat: (i) 'n Vergelyking wat handel oor Efraim met die werkwoord in die imperfektum. (ii) 'n Verdere uitbreiding, sonder vergelyking, met imperfektiese werkwoordsvorme. JHWH is hier die subjek van die hoofwerkwoorde.

Vs. 10 tot 12 kan op grond van bepaalde inhoudsmomente verbind word: Die onvrugbaarheid in vs. 11 staan naamlik teenoor die toewyding aan die vrugbaarheidsgod in vs. 10. Formeel klop die chiastiese patroon van die subjekwisseling met die chiastiese patroon van die metrum.

Vs. 13 en 14 bestaan uit: (i) 'n Godsrede in die perfektum waarin 'n vergelyking prominent is (vs. 13a en b). (ii) 'n Profeterede wat die voorafgaande spreuk veronderstel (vgl. lāhem in vs. 14a).

Vs. 15 veronderstel ook die voorafgaande (vgl. die suffiks aan rā<sup>c</sup>ā), maar staan tog los daarvan in dié opsig dat dit 'n afgeronde spreuk met 'n chiastiese struktuur is: Dit word ingelei en afgesluit met nominale sinne wat albei begin met kōl (vs. 15a en f). Hierdie twee nominale sinne omraam 'n middelstuk waarin beeldspraak gebruik word. Vs. 15b en e klop inhoudelik (haat/nie liefhê nie).

Verder is dit opmerklik dat die draaipunt van die chias= tiese spreuk ook die oorgang van die verlede na die toekoms aandui ten opsigte van die verbale sinne (vs. 15b en c is in die perfektum en vs. 15d en e in die imperfek= tum).

Vs. 16 en 17 bestaan ook uit twee dele en is afgesien van die gebruik van perfekta en imperfekta, formeel presies soos vs. 13 en 14 opgebou: Die eerste deel is ook 'n godsrede. In die eerste stige word Efraim met 'n plant vergelyk (vgl. vs. 16a tot c met 13b). In die volgende stige word die beeldspraak laat vaar en gaan dit oor die dood van die kinders van Efraim (vs. 13c en d en vs. 16d en e). Vs. 17 is soos vs. 14 'n profeterede wat die voorafgaande veronderstel en daarby aansluit (vgl. die suffiks aan m's). Hierdie formele ooreenkomste word ondersteun deur die byna identiese metriese bou van albei strofes. Die twee eenders geboude spreuke wat vs. 15 om= raam, gee aan vs. 13 tot 17 'n chiastiese struktuur.

Die perikoop bestaan dus uit twee dele (vs. 10 tot 12 en vs. 13 tot 17) wat elk chiasties opgebou is en verder ook dit in gemeen het dat albei begin met 'n stelling oor 'n waarneming van JHWH in die verlede (vs. 10a tot d en 13a en b).

## 5. Betekenis

Vs. 10 begin met twee beelde waarmee JHWH se in= vs.10 genomenheid met en die verwagting wat Hy gekoester het van Israel in die verlede beskryf word. In vs. 10a en b is die element van verrassing op die voorgrond: Druie is iets seldsaam in die woestyn en kom slegs in uitsonderlike gevalle by oases voor (Van Leeuwen). Wie dit raakloop, ervaar dus blye verrassing. In die gebruik van bammidbār is daar egter ook 'n sinspeling op die ver= blyf van Israel in die woestyn. Soos dikwels in die boek Hosea, vloei die beeld en die werklikheid wat beskryf word op dié punt ineen.

By vs. 10c laat die meerderheid kommentatore b<sup>e</sup>rē'šītāh uit as 'n pleonasme. Hierdie weglating vind net steun in die Siriese vertaling en dit berus dus nie op voldoende tekskritiese gronde nie. Die chiasiese patroon van die metrum dui ook daarop dat die woord behou moet word. b<sup>e</sup>rē'šītāh is, soos die voorsetsel b<sup>e</sup> en die suffiks -āh aandui, nie bedoel as 'n glosse by bikkūrā nie (teen Rudolph, Van Leeuwen, e.a.) en is ook nie 'n pleonasme nie. Die suffiks het betrekking op t<sup>e</sup>'enā en dui dus aan dat dit gaan oor die eerste drag van 'n jong vyeboom. Soos die vroeë vrugte aan 'n vyeboom in sy eerste drag die belofte inhou van nog meer vrugte, so het JHWH in Israel die moontlikheid gesien van 'n vrugbare volk in sy diens. 'ābōtēkem verwys na die Israëliete se nomadiese bestaan vóór die vestiging in Kanaän (vgl. vs. 10e). Die gebruik van die tweede persoon regverdig in dié geval géén afleidings oor die vraag of Hosea in die openbaar opgetree het of nie en of hy hom solidêr gevoel het met sy volk nie (teen Rudolph, Wolff, e.a.). Die uitdrukking 'ābōtēkem is in die Ou Testament meestal deel van die standaardterminologie waarmee daar na die verlede verwys word as die verbondsverhouding of die afwyking daarvan ter sprake is (vgl. bv. Deut. 1:35; 7:8, 12, ens.). Dit kom dan ook veral in die paranetiese gedeeltes van die Deuteronomistiese literatuur voor. Dit word in Hos. 9:10 ook gebruik in 'n klaarblyklike verwysing na 'n ongeskonde verbondsverhouding in die verlede wat vir die huidige verkondiging van die profeet belangrik is.

Vs. 10a tot d stel dus dat JHWH ingenome was met Israel en dat Hy hoë verwagtinge gekoester het van die verbonds= volk voor die intog in Kanaän.

Vs. 10e tot g staan inhoudelik téénoor vs. 10a tot d. hemmā is waarskynlik adversatief bedoel (Van Gelderen, e.a.). Die afwesigheid van 'n voorsetsel na bā'ū dui daarop dat ba<sup>c</sup>al-p<sup>e</sup>c<sup>o</sup>r, anders as in Num. 25:35, as 'n pleknaam gebruik word. Dit verwys ongetwyfeld na die

heiligdom wat waarskynlik as bēt ba<sup>c</sup>al-p<sup>ec</sup>ōr bekend was, maar gewoonlik bēt p<sup>ec</sup>ōr genoem word (vgl. Deut. 3:29; 4:46; 34:6; Jos. 13:20). bēt ba<sup>c</sup>al-m<sup>ec</sup>ōn (Jos. 13:17) (Jos. 13:17) word byvoorbeeld op dieselfde wyse verkort tot bēt m<sup>ec</sup>ōn (Jer. 48:23) of ba<sup>c</sup>al m<sup>ec</sup>ōn (as pleknaam in Num. 32:38). Wanneer bw' gebruik word in verband met 'n heiligdom, beteken dit gewoonlik deelname aan die kultus van die bepaalde heiligdom (vgl. 4:15). Uit vs. 10f is dit duidelik dat die profeet hier verwys na die gebeure wat ook in Num. 25 verhaal word. Wolff het gelyk wanneer hy vs. 10f in verband bring met die seksuele rites van die vrugbaarheidsgodsdienst (vgl. Num. 25:6 vv.). Die term bōšet het in vs. 10f, soos dikwels in die Ou Testament, die betekenis "teleurstelling".<sup>1</sup> Dit word hier gebruik as spotnaam vir die vrugbaarheidsgod.<sup>2</sup> Daarmee word die onvermoë van die vrugbaarheidsgod om vrugbaarheid te skenk, gehekkel; maar tegelyk is dit ook 'n toespeling op die teleurstelling wat JHWH ervaar het van dié volk van wie Hy sulke hoë verwagtinge gekoester het (vs. 10a tot d). Die laaste gedagte word pertinent gestel in vs. 10g wanneer JHWH sê: "Hulle het afstootlik geword". Teenoor die ingenomenheid en verwagting waarvan in vs. 10a tot d sprake is, staan die teleurstelling en afstootlikheid wat in vs. 10e tot g gestel word.

Daar kan nie met sekerheid gesê word of die masorete 'hbm in vs. 10g vertolk het as 'n ongewone infinitief met suffiks van 'hb (vgl. Pred. 3:8; so ook Wolff) en of hulle dit verstaan het as 'n substantief 'ōhab, wat waarskynlik "liefdesobjek" beteken nie (Rudolph en Van

---

1. W.S. Vorster, Aischunomai en stamverwante woorde in die Nuwe Testament, ongepubliseerde doktorsale proefskrif, soos aangehaal deur A. van Selms, bōšet as a substitute for ba<sup>c</sup>al, artikel in OTWSA, Pretoria 1979, deel 19, bl. 1-9.

2. A. van Selms, a.w., bl. 6.

Leeuwen o.g.v. die Vulgaat). Die Septuaginta het dit blykbaar as 'n passiewe partisipium meervoud gelees. Dit is die beste om die woord te verklaar as 'n substantief wat, parallel met bōšet, die afgod aandui. Israel het dus vir JHWH geword soos die afgod wat hulle gedien het: 'n Teleurstelling en iets afstootliks. So is JHWH se verwagting van Israel reeds by hulle heel eerste kontak met die Kanaänitiese vrugbaarheidsgodsdienst, verdel.

Die onverwagte oorgang tussen vs. 10 en 11 van vs.11 die geskiedenis van Israel in die woestyntyd na die toekoms van Efraim in die agste eeu, is alleen verstaanbaar as ons die geskiedbeskouing van Hosea in ag neem. Weiser het dit (by vs. 15) korrek getipeer as 'n beskouing "wonach in einem Punkt der Geschichte sich das Wesen ihres Gesamtverlaufes konzentriert und das gesamte vergangene Geschehen aktuell macht ..." In die verwysing na die geskiedenis word, sonder dat dit uitdruklik gesê word, die optrede van die tydgenote van die profeet gespieëlbeeld. Die gebeure in die verlede (vs. 10), is as 'n tipiese voorafskaduwing van die optrede van Efraim in die tyd van die profeet, 'n aanklag teen hulle waarop die oordeel dan volg (vs. 11 en 12).

Uit die inhoud is dit duidelik dat die naam Israel in vs. 10b verwys na die stammeverbond in die vroeë geskiedenis van die godsvolk. Die naam Efraim dui hier blykbaar noordelike ryk in sy geheel aan (d.w.s. owerheid en volk).

Die oordeel word ingelei met 'n vergelyking. Sommige kommentatore beskou 'efrayim as 'n casus pendens en neem vs. 11a en b as 'n hemistige (m.a.w. "Wat Efraim betref - hulle eer sal wegvlieg soos 'n voël"). Die beswaar dat vs. 11a en b dan totaal buite die metriese patroon val, geld teen hierdie verklaring en daarom is dit beter om vs. 11a as 'n nominale sin te vertolk: "Efraim is soos 'n voël". Die beeld is waarskynlik gekies op grond van

die klankassosiasie van Efraim met 'ebrayim "vlerke" (Wellhausen soos aangehaal deur Rudolph). In vs. 11b word dit wel duidelik dat dit nie Efraim self is wat vergelyk word met 'n voël nie, maar sy kābōd. Dit is 'n voorbeeld van wat soms gebeur by 'n gelykenis, naamlik dat die inleiding "x is soos y" nie die vergelyking self korrek weergee nie (vgl. bv. Matt. 20:1 en ook sommige ander gelykenisse wat begin met "die koninkryk van die hemel is soos ..."). Vs. 11a kan dus die beste weergegee word met "Dit is in die geval van Efraim soos met 'n voël ..." Die voël is hier 'n beeld van dit wat nie vasgehou en vasgevang kan word nie en totaal onbereikbaar is vir die mens (Spr. 23:5). Die term kābōd dui soms konkreet op 'n menigte of groot getal (vgl. 4:7). Uit vs. 11c is dit duidelik dat kābōd hier betrekking het op die aansien wat vrugbaarheid en 'n gevolglike groot nageslag meegebring het.

In vs. 11c word min privaatief gebruik: "sodat daar nie ..." In die eerste geval is dit aan die infinitief van yld gevoeg (vgl. Ges-K. par. 69 m, Gen. 27:1). By mibbeten en mehērayōn moet die infinitief van hāyā veronderstel word (vgl. KBL bl. 536, nr. 16). Vs. 11c dui in omgekeerde orde die drie fases aan wat die lewe van 'n mens moontlik maak, naamlik konsepsie (vgl. Rut 4:13), swangerskap en geboorte. Die oordeel van JHWH sny dus die vrugbaarheid van Efraim by die oorsprong af en die driemaalige herhaling gee aan die oordeel 'n toon van finaliteit. Die volk wat die vrugbaarheidsgodsdiens aangehang het (vs. 10e tot g), word deur JHWH gestraf met totale onvrugbaarheid.

Vs. 12 is 'n direkte voortsetting van vs. 11: vs.12  
kī het in vs. 12a demonstratiewe krag. 'im lei die protasis van 'n voorwaardesin in, waarvan die apodosis in vs. 12b volg. b<sup>e</sup>nēhem verwys nie na ongebore kinders nie, maar na kinders wat Efraim reeds het (Van Gelderen, Wolff e.a.). Hierdie kinders sal hulle tevergeefs grootmaak want JHWH sal hulle (nl. die kinders) laat ombring.

me'ādām versterk šikkaltīm. Soos by vs. 11c het min privaatiewe betekenis en moet die infinitief van hāyā ook hier veronderstel word. Vs. 12a en b kan soos volg ver= taal word:

"Al probeer hulle ook die kinders wat hulle het,  
grootmaak,  
Ek sal hulle beslis kinderloos maak - daar sal  
nie een oorbly nie."

God se oordeel tref egter nie net die opkomende geslag nie, maar ook die ouers self (vs. 12c en d): gam hoort by lāhem (Rudolph) wat na die Efraimiete self verwys (Van Gelderen e.a.). Die weeroep oor die volwassenes word inhoudelik gemotiveer deur die temporele bysin in vs. 12d. Die onsekerheid oor die afleiding en betekenis van b<sup>e</sup>šūrī het 'n hele reeks konjektore opgelewer (vgl. die bespreking by Rudolph). Alles in ag genome, is dit die beste om b<sup>e</sup>šūrī soos die masorete, as 'n wisselvorm vir b<sup>e</sup>sūrī te verstaan (so ook Van Gelderen, Mays en Van Leeuwen). As dit nie 'n wisselvorm is nie, reflekteer dit 'n hoorfout deur 'n afskrywer wat waarskynlik betreklik vroeg reeds ingesluip het (vgl. die Septuaginta).

Die oordeel van JHWH oor Efraim is dus gerig teen hulle vrugbaarheid (vs. 11a tot c), teen hulle kinders (vs. 12a en b) en teen hulleself (vs. 12c en d). Die toekoms van Efraim sal dus die teenoorgestelde wees van wat JHWH van hulle verwag het (vs. 10a tot d) en waarna hulle self ook gestrewe het (vs. 10e tot g). Die oordeel (vs. 11 v.) behels dus die totale omkering van die verwagtinge en be= doelings wat in vs. 10 na vore kom. Hierdie inhoudelike omkering klop met die chiasiese struktuur van vs. 10 tot 12.

Vs. 13a en b lewer die volgende probleme op: In vs.13 die eerste plek is die betekenis van šōr onseker. Die ouer vertalings en kommentatore het dit met Tirus weergegee (so nog Van Gelderen). Daarteen kan egter baie besware ingebring word (vgl. die kritiek by Rudolph).

Aangesien dit volgens vs. 13b duidelik gaan oor iets wat geplant is in 'n weiveld (š<sup>e</sup>tūlā b<sup>e</sup>nāwē), het meer resente kommentatore wat die Masoretiese teks handhaaf, tereg die vertaling "Tirus" laat vaar en 'n betekenis in die plante=wêreld vir šōr gesoek. Tot op datum is die beste voorstel dié van Hitzig (soos aangehaal deur Rudolph) wat dit in verband bring met die Arabiese term šawr wat 'n jong palmboom aandui (vgl. Rudolph vir verdere verwysings).

'n Verdere probleem is die voorsetsel by šōr. Alhoewel rā'ā met l<sup>e</sup> gekonstrueer kan word (vgl. Ps. 64:6 en 1 Sam. 16:7), is dit 'n ongewone, indien nie onmoontlike konstruksie tesame met ka'āšer in vs. 13a. In die lig hiervan verdien die voorstel van Nyberg (soos aangehaal deur Van Gelderen) om k<sup>e</sup>'āšerā te lees in plaas van ka'āšer, oorweging. 'āšerā is dan nie die naam van die bekende vrugbaarheidsgodin nie, maar dui soos dikwels in die Ou Testament, 'n heilige boom aan.<sup>3</sup> Tur-Sinai (soos aangehaal deur Van Leeuwen) het blykbaar in dieselfde rigting gedink deur k<sup>e</sup>'āšer "soos 'n boom" te lees. Die volgende argumente kan ten gunste van die lesing k<sup>e</sup>'āšerā aangevoer word:

- i. Die lesing "Ek het Efraim gesien as 'n heilige boom ..." sluit as inleiding van die eenheid vs. 13 tot 17, perfek aan by die inleiding tot die voorafgaande eenheid, naamlik vs. 10a tot d.
- ii. Die probleem met die voorsetsel l<sup>e</sup> word opgelos, aangesien l<sup>e</sup> in só 'n geval weergegee kan word met "naamlik". Dit lei dus 'n nadere tipering van 'āšerā in (vgl. KBL bl. 465, nr. 20).
- iii. Dit los tegelyk die probleem van die vroulike partisi= piaale vorm š<sup>e</sup>tūlā op, aangesien 'n antesedent daarvoor in die gevokaliseerde Masoretiese teks ontbreek.

---

3. Vgl. B. Maarsingh, Gideon reformator, in Kerk en Theologie, 's-Gravenhage 1977, 28e jaargang nr. 2, bl. 126.



Anders as Nyberg kan ons die res van die vokalisasie van die masorete behou en vs. 13a en b dan soos volg vertaal:

"Ek het Efraim gesien as 'n heilige boom,  
naamlik 'n jong palm wat gevestig is in 'n  
weiveld."

Met hierdie beeld word veiligheid en versekerde groei tot uitdrukking gebring: 'n Heilige boom was vir alle praktiese redes gevrywaar van enige aantasting deur mense. As dit 'n immergroen palm is wat nie deur diere gevreet word nie en daarby ook jonk is (ṣōr) en in 'n gunstige omgewing groei (b<sup>e</sup>nāwē), is dit vry van enige gevaar (vgl. ook Gen. 49:22, 25 v.; Deut. 33:13 tot 16).

Die hoofbeswaar van Van Gelderen teen die lesing k<sup>e</sup>'āšerā is dat die profeet nie met so 'n simpatieke toon sou verwys na 'n afgodiese kultusobjek nie. Hierteenoor kan egter gestel word dat heilige bome aanvanklik nie 'n slegte assosiasie gehad het nie. Hiervan is daar verskillende voorbeelde in die aartsvaderverhale en in gedeeltes soos Rig. 4:5. Gebeure sóos die hervormings van Josia en die ge=paardgaande literêre aktiwiteite van die Deuterono= mistiese kringe het egter 'n term soos 'āšerā as aanduiding van 'n heilige boom pejoratief gemaak. Dit is dan ook vanselfsprekend dat die term 'āšerā, indien dit die oorspronklike lesing was in Hos. 9:13, nie 'n Judese redaksionele bewerking (hoe gering ookal) sou oorleef nie.

Uit die gebruik van w<sup>e</sup>'efrayim kan afgelei word dat vs. 13c en d bedoel is as 'n sterk teenstelling met vs. 13a en b. Teenoor die moontlikheid van groei en vrywaring van beskadiging wat by vs. 13a en b geïmpliseer word, staan die onveiligheid en uitlewering aan 'n moordenaar van vs. 13c en d. l<sup>e</sup> met die infinitief (Ges-K. par. 114 i-k) kan gebruik word om gereedheid uit te druk (vgl. Jes. 38:20) of 'n verpligting (vgl. II Kon. 13:19). Uit die teen= stelling tussen vs. 13a en b en vs. 13c en d en die inhoud en konteks van vs. 13 kan afgelei word dat l<sup>e</sup>hōšī' 'n

verpligting uitdruk. Dit is egter nie duidelik of dit betrekking het op die verlede of op die hede of toekoms nie. In die lig daarvan dat die toekoms telkens teenoor die verlede gestel word in die perikoop (vgl. vs. 15 en 16), is dit die beste om vs. 13c en d soos die meeste kommentatore op die toekoms te laat slaan. Alhoewel daar nie gesê word wie die moordenaar is aan wie Efraim sy kinders sal moet uitlewer nie, is dit uit die konteks duidelik dat dit dié mag sal wees wat Efraim sal wegvoer in ballingskap (vgl. vs. 17).

Feitlik alle kommentatore beskou vs. 14 op voet= vs.14 spoor van Calvyn as 'n bede deur die profeet om versagting van die oordeel van JHWH. Volgens Van Leeuwen (e.a.) adem die teenstelling tussen die verlede en die hede in vs. 13 'n gees van medelye omdat dit tiperend is van 'n klaaglied om verlede en hede te vergelyk. Op grond van die toon van medelye aan die kant van JHWH in vs. 13, waag die profeet dit dan volgens Van Leeuwen om vir Efraim voorbidding te doen deur te vra dat JHWH liever deur onvrugbaarheid sal straf as deur oorlog. Die eerste beswaar teen hierdie uitleg is dat die sogenaamde toon van medelye in vs. 13 'n geforseerde verklaring is. In vs. 13 word die verlede en toekoms teenoor mekaar gestel soos in die res van die perikoop. Verder is die profetewoord in vs. 17 'n bevestiging en aanvulling van die godsrede in vs. 16. Daar is geen rede waarom dit nie ook die geval is in vs. 13 en 14 nie. Die meerderheid kommentatore beskou ma-tittēn in vs. 14a as 'n direkte vraag, naamlik "Wat sal U (aan hulle) gee?" Dit is egter beter om ma-tittēn, op grond van die metriese kombinasie daarvan met tēn-lāhem yhwh in een versvoet, as 'n indirekte vraag te verstaan (so ook Rudolph; vgl. verder KBL bl. 498, nr. 5). Die profeet se bede is dus nie om 'n versagting van die oordeel nie, maar dat JHWH aan hulle sal gee wat Hy wíl gee. Die profeet bedoel nie dat JHWH liever onvrugbaarheid moet gee in plaas van die dood van hulle kinders nie; hy

noem dit as 'n aanvulling by vs. 13 op grond van die geopenbaarde wil van JHWH soos weergegee in vs. 11 en 12.

Ná die oordeel oor Efraim se kinders en hulle vs.15 vrugbaarheid (vs. 13c tot 14c) konsentreer vs. 15 weer op die Efraimiete self. Die verwysing na die gebeure by Gilgal in vs. 15a is nie volkome duidelik nie, maar op grond van die perfektum in vs. 16b en op grond van die chiasiese bou van die spreuk waarin vs. 15a deur vs. 15f gebalanseer word, kan ons met redelike sekerheid aanneem dat dit in vs. 15a gaan oor 'n historiese gebeure waarby 'n owerheid betrokke was wat afgewyk het van die bevel van JHWH (vgl. srr in 4:16). Verder kan daar op grond van die hantering van die historiese verwysings in vs. 10, aangeneem word dat die verwysing in vs. 15a betrekking het op gebeure in die vroeë geskiedenis van Israel. Die meeste kommentatore vermoed dan ook tereg dat vs. 15a sinspeel op die geskiedenis van Saul by Gilgal (vgl. I Sam. 13:7 vv. en 15:12 vv.). Hierdie vermoede word versterk deur die opmerklike verwantskap tussen gedeeltes in Hos. 9:15 tot 17 en I Sam. 15 (vgl. Sellin). Die sonde van Saul was dat hy, teen die uitdruklike bevel van JHWH in, die inisiatief geneem het in kultiese sake. In vs. 15 lê die aanklag teen Efraim blykbaar óók op die terrein van die kultus, aangesien m<sup>c</sup>11 (vs. 15c) in die boek Hosea telkens gebruik word in verwysing na kultiese misdrywe (vgl. bv. 4:9; 5:4; 7:2). Die ongehoorsaamheid van Saul in kultiese sake is dus vir die profeet tipologies van die owerheid wat in sy eie tyd téén die uitdruklike bevel van God in, die voortou geneem het in die afwyking op kultiese gebied (vgl. bv. 5:1 v.). Uit die gebruik van suffikse is dit duidelik dat, alhoewel die owerheid aangedui word as die bron van die kwaad, die oordeel nie net gerig is teen die owerheid nie, maar teen Efraim wat die leiers gevolg het in 'n verkeerde saak (vgl. "hulle leiers" in vs. 15f.).

kī word in vs. 15b deur baie kommentatore redegewend weer=

gegee. In só 'n vertolking haper daar egter inhoudelik iets en daarom is dit beter om kī soos by vs. 12c beves=tigend te vertaal. In vs. 15e word die jussief van die eerste persoon ('ōsef) gebruik in plaas van die kohorta=tief en staan die infinitief sonder die voorsetsel 1<sup>e</sup> (Rudolph). Vs. 15 kan soos volg vertaal word:

"Al hulle boosheid het in Gilgal begin.  
Ja dáár het Ek hulle reeds gehaat oor hulle  
goddelose dade.  
Ek sal hulle uit my huis verdryf;  
Ek wil hulle nie langer liefhê nie.  
Al hulle leiers is rebelle."

Alhoewel die meervoudige manlike suffikse gebruik word, bedien die profeet hom in vs. 15b tot e ongetwyfeld van terminologie wat gebruiklik was wanneer dit gegaan het oor die verstoting van 'n vrou deur haar eggenoot (vgl. sn' in Deut. 22:13 en 16; 24:3; Rig. 14:16; 15:2; Spr. 30:23 en grš in Lev. 21:7 en 14; 22:13; Num. 30:10, ens.). Dit is dus hier soos dikwels in die boek 'n geval waar die beeld en die werklikheid waaroor dit gaan, ineenvloei. Die beeld van 'n man wat sy ontroue vrou verstoot, sinspeel ongetwyfeld op die verwagte ballingskap. Dit beteken egter nie, soos die meeste kommentatore beweer, dat bētī in vs. 15d die land aandui nie (vgl. die besprekings by 8:1; 9:4 en 8). mibbētī 'āgār<sup>e</sup>šem is deel van die beeldspraak in vs. 15.

Terwyl vs. 13 en 14 dus handel oor kindersterftes en onvrugbaarheid as oordele van JHWH oor Efraim, konsentreer vs. 15 op hulle self: Die konstante ongehoorsaamheid van die owerheid in kultiese aangeleenthede sedert die begin van die koningskap in Israel en die feit dat die volk hulle leiers gevolg het, is die rede waarom JHWH sy versorging van Efraim staak en hulle uit sy gemeenskap verdryf.

In vs. 16 word die beeld van vs. 13a en b weer vs.16 opgeneem: Die boom Efraim is so dodelik getref dat sy wortels ook verdroog het (vs. 16a. Soos by vs. 15b

tot e vloeï beeld en werklikheid ook hier ineen; vgl. die suffiks aan šrš). Die onvermydelike gevolge daarvan is dat Efraim wat soveel moontlikhede tot groei en vrugbaarheid gehad het, geen vrug meer kan lewer nie. Uit vs. 16d en e is dit duidelik dat die beeld slaan op die geboorte van kinders. Die volk word hier dus weer verdoem tot onvrugbaarheid.

gam kī met die imperfektum stel in vs. 16d die hipotetiese geval dat daar dalk kindergeboortes kan wees (vgl. 8:10 vir 'n soortgelyke gebruik van gam kī + imperfektum). Die apodosis van die voorwaardesin (vs. 16e) sluit egter die moontlikheid uit dat enige kinders sal grootword, omdat JHWH hulle sal laat ombring. Die uitdrukking maḥāmadde biṭnām is waarskynlik gekies om die skaarste aan kinders te onderstreep (Rudolph).

Vs. 17 is weer 'n profeterede wat die godsrede vs.17 bevestig en aanvul. Die term 'ēlōhay lē nie, soos die kommentatore beweer, klem op die ongeskonde verhouding tussen JHWH en sy profeet nie, maar is soos by 8:2 en 9:8 'n geykte uitdrukking wat die verbondsverhouding na vore roep. Hier word gestel dat die Verbondsgod Efraim sal verwerp omdat hulle nie na Hom geluister het nie. Ongehoorsaamheid aan die Verbondsgod staan gelyk aan die verbreking van die verbond, wat weer lei tot verwerping deur die Verbondsgod. Die gevolge daarvan is 'n ballingskap wat van die verbondsvolk swerweling onder die nasies maak.

Vs. 16 en 17 kom struktureel ooreen met vs. 13 en 14 maar inhoudelik stem dit ooreen met vs. 11 en 12: Dit begin met 'n beeld wat vir Efraim algehele onvrugbaarheid voorspel (vs. 11a tot c en vs. 16a tot c). Daarna word uitdruklik gestel dat JHWH die kinders wat daar mag wees, sal dood (vs. 12a en b en vs. 16d en e). Dit eindig dan met die toespitsing van die oordeel op Efraim self wat die hulp van JHWH sal moet ontbeer (vs. 12c en d en vs. 17).

Die perikoop word inhoudelik saamgebind deurdat dit begin met Israel se verblyf in die woestyn voor die intog in Kanaän (vs. 10a tot d) en eindig met die verwysing na die volk se komende verblyf buite die land (vs. 17c). Verder word die twee dele van die perikoop inhoudelik saamgebind deurdat die oordeel van JHWH oor Efraim deurgaans dieselfde is. Die drie fasette van die oordeel, naamlik onvrugbaarheid, kinderverlies en verwerping deur JHWH word in die perikoop drie maal herhaal: Onvrugbaarheid word voorsê in vs. 11, 14 en 16a tot c; kinderverlies in vs. 12a en b, 13c en d en 16d en e; verwerping van Efraim self in vs. 12c en d, 15b tot e en vs. 17. Ten opsigte van die verwerping van Efraim self is daar 'n ontplooiing in die perikoop in dié sin dat die verwerping deur JHWH aangebied word as onttrekking van JHWH aan hulle (vs. 12c en d), verdrywing uit sy gemeenskap (vs. 15d en e) en laastens die verwysing na hulle doellose verblyf in die vreemde (vs. 17).

'n Vergelyking met die seën en vervloekingspreuke in Deut. 28 laat die vermoede ontstaan dat die oordele in Hos. 9:10 tot 17 inhoudelik teruggaan op vervloekingspreuke by die verbondsluiting (vgl. vs. 10 tot 17 met Deut. 28:62 tot 65). Dit is selfs moontlik dat die driemalige herhaling van die oordeel in vs. 10 tot 17 'n doelbewuste teëhanger is van die driemalige instemming tot gehoorsaamheid wat 'n verbondsluiting of -hernuwing voorafgegaan het (vgl. bv. Eks. 19:8; 24:3 en 7; Jos. 24:18, 21 en 24).

## 6. Vertaling

- 10 Israel was vir My soos druiwe wat 'n mens in die woestyn raakloop.  
Ek het in julle voorouers die belofte gesien wat die heel eerste vrug aan 'n jong vyeboom inhou.  
Maar hulle het na Baäl-Peor gegaan  
en hulle toegewy aan 'n god wat altyd teleurstel,  
en toe self net so afstootlik geword soos die

ding wat hulle vereer het.

- 11 Dit sal met Efraim gaan soos met 'n voël:  
Hulle aansien sal wegfladder,  
want daar sal géén geboorte, géén swangerskap en  
géén bevrugting wees nie.
- 12 Deur My toedoen sal nie een van die kinders wat  
hulle het, met sy lewe daarvan afkom nie.  
Ja, verskriklike dinge gaan hulleself ook tref  
wanneer Ek hulle verlaat.
- 13 Ek het Efraim gesien as 'n heilige boom -  
'n jong palm wat groei waar hy goed aard.  
Maar dieselfde Efraim sal sy kinders moet uitlewer  
aan 'n moordenaar!
- 14 Gee aan hulle wat U wil JHWH!  
Gee aan hulle baarmoeders wat misgeboortes lewer  
en borste sonder melk.
- 15 Al hulle boosheid het by Gilgal begin.  
Ja dáár het Ek hulle al gehaat oor hulle  
goddelose gedrag.  
Ek sal hulle uit my gemeenskap verdryf;  
Ek wil hulle nie langer liefhê nie.  
Al hulle leiers is verleiers!
- 16 Efraim is dodelik getref:  
Hulle wortels het verdroog;  
hulle sal nie meer enige vrugte lewer nie.  
Selfs as hulle kinders sou verwek,  
sal Ek die skatjies van hulle skote laat doodmaak.
- 17 Hulle is deur die Verbondsgod verwerp omdat hulle  
nie na Hom geluister het nie.  
Gevolgluk sal hulle swerweling wees tussen die  
nasies.

## 7. Agtergrond

Die agtergrond van vs. 10 tot 17 is moeilik bepaalbaar aangesien verwysings na spesifieke gebeure ontbreek en die tendens deurgaans is om in die algemeen na die verlede en toekoms van Efraim te verwys. Die toon en verwagting is wel dieselfde as dié van die voorafgaande perikoop, naamlik die onontkombare oordeel van JHWH wat die volk gaan tref. Op grond hiervan kan aanvaar word dat dit ongeveer uit dieselfde tyd dateer (d.w.s. 731 tot 727).

Oor die vraag of die perikoop as profesie in die openbaar of voor 'n kring van volgelingen gelewer is (Wolff), kan

geen uitsluitel gegee word nie. Dit is wel duidelik dat die sorgvuldige samevoeging van die verskillende komponente 'n impromptu ontstaan van die perikoop uitsluit en dat dit in sy huidige vorm na alle waarskynlikheid 'n oorspronklike skriftelike eenheid is.

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

9:10 tot 17 sluit inhoudelik aan by die voorafgaande perikoop ten opsigte van die volgende: Die oordeel van JHWH oor Efraim is onafwendbaar. Die motivering hiervoor is die toewyding aan die vrugbaarheidsgodsdiens. Die verlies van die land is 'n onvermydelike gevolg van die komende katastrofe. Verder speel die verwerping van die profetewoord (vs. 17) óók 'n rol in die motivering van die oordeel. Nog 'n motief wat dwarsdeur die boek telkens opduik en hier ook weer na vore kom, is die bedenklike rol wat die leiers gespeel het in die afvalligheid van die volk oor die jare. Die perikoop verskil van die voorafgaande in soverre die oordele konsentreer op die onvrugbaarheid van die volk en die dood van hulle kinders.

Soos reeds aangedui, verskil 9:10 tot 17 ook van die voorafgaande ten opsigte van die voorkoms en hantering van historiese verwysings (vgl. Afgrensing). Dit word ook voortgesit in die volgende perikope. Hierdie verandering kan gesien word as 'n reaksie op die verwerping van die profetewoord: Wanneer die outoriteit van die profetiese openbaring betwyfel word, wend die profeet hom tot die tradisies oor die vroeë geskiedenis van Israel. Hierdie tradisies was onweerspreekbaar en het as sodanig 'n bepaalde outoriteit gehad vir die volk en sy leiers. Deur die keuse van bepaalde tradisies en die tipologiese hantering daarvan, word die verkondiging van die profeet in 'n sekere sin gedek deur die outoriteit van die tradisies. As die hoorders die aanklagte van die profeet verwerp, sal hulle eie geskiedenis hulle aankla!



10:1-8

1. Afgrensing

Die kommentatore is dit eens dat daar by 10:1 tematies 'n nuwe eenheid begin. Alhoewel die menings uiteenloop oor die selfstandigheid van die verskillende spreuke, is daar tog redelike eenstemmigheid dat die perikoop eindig by vs. 8. Die belangrikste argument hiervoor is dat die temas "kultus" en "koning" wat in vs. 1 tot 3 aan die orde is, eindig by vs. 8. Die beskrywing van die komende katastrofe bereik ook 'n klimaks in vs. 8.

2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks kan onveranderd gehandhaaf word. In al die gevalle waar die teksgetuienis afwyk van die Masoretiese teks, kan dit verklaar word as interpretasies of onsekerheid aan die kant van die vertalers. Daar is nie in een geval oortuigende tekskritiese gegewens op grond waarvan die teks gewysig moet word nie.

3. Vorm

Daar is by vs. 3 verskillende moontlikhede vir die kombinasie van hemistiges. Die meerderheid van die kommentatore vertaal vs. 3 op só 'n wyse dat die volgende metriese indeling uit die vertaling afgelei kan word: 3, 2 + 3 + 3 of selfs 3 + 2 + 3, 3. Die enkelvoetige versreël in die middel van 'n eenheid lyk in hierdie geval verdag en daarom is dit beter om die hemistiges só te kombineer dat die metrum van vs. 3 en 4 soos volg daar uitsien: 3 + 2, 3 + 3, 2 + 2 + 2, 3 + 2. Dit sluit goed aan by die metrum van die voorafgaande strofe (vs. 1 en 2) wat ook begin en eindig met 'n vyfklem versreël en twaalf heffings in die middelstuk het.

Die meerderheid kommentatore kombineer die heffings by

vs. 5c tot e só dat vier hemistiges gevorm word (vgl. BHS). Dit is egter beter om die heffings in drie hemistiges te groepeer (vgl. BHK en die aksentuasie van die masorete). Op dié wyse word die klaarblyklike chiasme by vs. 5c en d nie verbreek nie.

Met die uitsondering van vs. 4a en b en vs. 5c tot e, bestaan die metrum dus deurgaans uit tweevoetige versreëls. Die aantal heffings per stige wissel tussen vier en ses. Daar is geen vaste patroon in die metrum nie, maar dit is tog opmerklik dat die strofes (met die uitsondering van vs. 5a) telkens begin en eindig met dieselfde metrum.

Die parallelisme is oorwegend sinteties en bestaan tussen hemistiges, behalwe in die geval van vs. 1c en d waar twee stiges parallel is. Die enigste volledige chiasme kom voor in vs. 5c en d.

Daar is 'n metafoor in vs. 1 en vergelykings in vs. 4c en d en vs. 7b. Die voorliefde vir klankassosiasies kom duidelik na vore in vs. 4b waar 'ālōt waarskynlik 'n ad hoc-vorm is om aan te sluit by kārōt. Verdere voorbeelde van klankassosiasie is ygylw en glh (vs. 5d en e) asook bšnh en ybwš (vs. 6c en d). In vs. 5 lê die vooropstelling van l<sup>ec</sup>eglōt en gam-ōtō sowel as die herhaling van 'ālāw, besondere klem op die saak waaroor dit gaan. Die voorkoms van 'n figura etymologica (vs. 4a) is iets seldsaam in die boek.

#### 4. Struktuur

Die perikoop is opgebou uit vier korter eenhede, naamlik vs. 1 en 2, vs. 3 en 4, vs. 5a tot 6b en vs. 6c tot 8f.

- i. Vs. 1 en 2 vorm 'n eenheid wat saamgebind word deur die verwysings na mizb<sup>e</sup>hōt en massebōt. In vs. 1 tot 2b is Israel as kollektiewe enkelvoud of meervoud die subjek en word perfektiese en imperfektiese werkwoordvorme gebruik. By vs. 2c en d is daar 'n verandering van subjek en dui die

imperfekta (ya<sup>c</sup>ārōf en y<sup>e</sup>šōdēd) 'n toekomstige gebeure aan.

- ii. Vs. 3 en 4 word saamgebind deur bepaalde inhoudsmomente (vgl. yō'm<sup>e</sup>rū in vs. 3a en dibb<sup>e</sup>rū in vs. 4a). Soos by vs. 1 en 2 word die handelende subjek aangedui met die derde persoon meervoud en word perfektiese en imperfektiese werkwoordsvorme gebruik. Soos by die voorafgaande eenheid is daar ook 'n verandering van subjek in die laaste stige en die waw konsekutief met die perfektum (ūfārah) dui 'n toekomstige gebeure aan (vgl. Betekenis). Vs. 3 en 4 veronderstel die voorafgaande spreuk (vgl. yō'm<sup>e</sup>rū) en verbind daarom terug.
- iii. In vs. 5a tot 6b vorm vs. 5 ook 'n eenheid waarin perfektiese werkwoordsvorme gebruik word. Ook in hierdie geval is daar verandering van subjek in die laaste stige en dui die imperfektum (yūbal) 'n toekomstige gebeure aan.
- iv. Vs. 6c tot 8f Die oorgang na 'n nuwe subjek en die spesifieke verwysing na Efraim en Israel dui in vs. 6c 'n nuwe eenheid aan. In vs. 6c tot 8f kom slegs imperfektiese werkwoordsvorme voor wat betrekking het op die toekoms (vgl. Betekenis vir 'n verklaring van ndmh in vs. 7a). Verder is daar 'n duidelike heropname van woorde uit die voorafgaande drie eenhede (vgl. šōm<sup>e</sup>rōn, melek, 'āwen, mizb<sup>e</sup>hōtām, 'mrh). Op grond hiervan verbind vs. 6e tot 8f met al drie die voorafgaande eenhede.

Die eerste drie eenhede vertoon dus ongeveer dieselfde struktuur, terwyl die vierde eenheid eiesoortig is. Dit dui op 'n klimaks aan die einde.

## 5. Betekenis

Vs. 1 begin met 'n metafoor wat formeel ooreen= vs.1 kom met beelde in die voorafgaande perikoop (vgl. 9:10

en 13). Die betekenis van bōqeq is nie volkome duidelik nie. Uit vs. 1c kan afgelei word dat die beeld in vs. 1a 'n verwysing is na 'n groeiwyse en dat dit verder 'n gunstige betekenis moet hê. Die woord kan beswaarlik in verband staan met bqq - "verwoes wees" (Na. 2:3, vgl. KBL). Die meerderheid van die kommentatore bring dit daarom tereg in verband met 'n Arabiese woord vir "splyt" of "uitbrei", naamlik baqqa. Die vertaling "geil=groeiende-" of "welige wingerdstok" het dan ook redelike algemene inslag gevind (gefen word hier as 'n manlike vorm hanteer). Vs. 1b word verskillend vertolk deur die kommentatore (vgl. Wolff en Van Leeuwen) en sommige wil ook y<sup>e</sup>šawwē met behulp van 'n Arabiese etimologie verklaar. Dit is egter onnodig aangesien die betekenis en bedoelings duidelik is: Israel is die subjek van y<sup>e</sup>šawwē en lō verwys terug na gefen bōqeq. Met inagneming van die feit dat die perfekta in vs. 1c en d betrekking het op die verlede, kan vs. 1a en b dan soos volg vertaal word:

"Israel was 'n welige wingerdstok;  
 (sy) vrugte was gewoonlik net so geil."

Vs. 1c en d sluit formeel aan by vs. 1a en b en bou dit verder uit: Vs. 1a en b dui 'n eweredigheid aan tussen Israel en sy vrug (Van Gelderen), terwyl vs. 1c en d 'n eweredigheid aandui tussen die vrug van Israel en die aanwending daarvan in die kultus. hirbā l<sup>e</sup> word gewoonlik gebruik met die betekenis "(iets) oorvloedig voorsien vir" (vgl. Jer. 2:22). In vs. 1c word dit absoluut gebruik (vgl. Spr. 22:16) in die sin van "beter (offers) voorsien vir die altare". Die naam Israel omvat die grondgebied en die volk in vs. 1. In vs. 1a tot c is die grondgebied op die voorgrond in die beeld (vgl. piryō) en in vs. 1d is die volk meer op die voorgrond (vgl. 'aršō). Dit is waarskynlik die rede vir die oorgang na die meervoud in vs. 1d (hētībū). Verskeie kommentatore lees 'n sekere afkeur in vs. 1c en d, veral met betrekking tot die gebruik van die term maṣṣebōt

(Van Gelderen). Dit is egter 'n vraag of masseḅā die= selfde ongunstige betekenis in die boek Hosea het as wat dit byvoorbeeld in die Deuteronomistiese literatuur het (vgl. 3:4). Vs. 1 impliseer waarskynlik nie verwerping of afkeur nie, maar stel bloot dat dit op godsdienstige gebied uiterlik goed gegaan het met Israel.

Vs. 2a en b kan op verskillende maniere verklaar vs.2 word: Ten opsigte van vs. 2a is daar oënskynlik twee betekenismoontlikhede vir hālaq, naamlik "verdeel wees" ('n intransitiewe betekenis van hlq II wat elders nie voorkom nie) en "vals wees" (van hlq I, vgl. bv. Ps. 55:22). Alhoewel die betekenis nie veel verskil nie, behoort die laaste moontlikheid voorkeur te kry op grond van soortgelyke voorbeelde in die Ou Testament.

Ten opsigte van vs. 2b is daar verskillende betekenis= moontlikhede vir 'šm: Dit kan beteken "sigself skuldig maak" (vgl. 4:15; 13:1), "skuld boet" (bv. 14:1), of "skuld bely" (vgl. 5:15). Die meerderheid kommentatore kies op grond van die oordeel in vs. 2c en d vir die betekenis "skuld boet". Vs. 2 word dan gewoonlik vertaal:

"Hulle hart is vals.  
Nou sal hulle boet:  
Hy self gaan hulle altare ..."

Die probleem met hierdie verklaring is dat vs. 2a en b wat metries bymekaar hoort, op dié wyse geskei word en dat daar 'n nouer verband gelê word tussen vs. 2b en c as tussen vs. 2a en b. Daarby is die weergawe van die voornaamwoord hū' (vs. 2c) in só 'n verklaring onbevredigend: Dit moet as oorbodig beskou word, óf dit moet die nuanse hê van "Hy self". Waarom dit egter in die spesifieke konteks beklemtoon word dat JHWH sêlf die altare en gedenkstone verwoes, is nie duidelik nie. Daarteenoor staan dat voornaamwoorde in gevalle soos hierdie gewoonlik 'n adversatiewe funksie het (vgl. hemnā in 9:10). Vir 'n korrekte verklaring van vs. 2 moet daar dus rekening gehou word met die noue verband tussen vs.

2a en b en moet daar voorkeur gegee word aan die moontlikheid dat vs. 2c en d adversatief staan teenoor vs. 2a en b.

Die volgende verklaring hou rekening met die moontlikheid dat hū' adversatief gebruik word en dat daar 'n noue verband is tussen vs. 2a en b: Cattā word in vs. 2b nie temporeel of konkluderend gebruik nie, maar dit het 'n konjunktiewe funksie.<sup>1</sup> Vs. 2b is dan ondergeskik aan vs. 2a. Die betekenis "skuld bely" pas in hierdie geval die beste vir 'šm. Die eerste deel van vs. 2 kan dan soos volg vertaal word:

"Hulle hart is vals  
wanneer hulle skuld bely.  
Maar Hý sal ..."

Terwyl vs. 1 dus oor die uiterlike godsdienstige bedrywighede handel, ontmasker vs. 2a en b dit as 'n klug aangiesien die korrekte gesindheid by die volk ontbreek, selfs wanneer hulle hulle skuld bely. Vs. 2c en d stel dan die optrede van JHWH teenoor hierdie valsheid: Hy sal hulle altare afbreek en hulle gedenkstone verwoes. Omdat die volk innerlike valsheid probeer verberg agter uiterlike godsdienstigheid, sal JHWH 'n einde maak aan die uiterlike godsdiensoefening.

Vs. 3 en 4 kan op verskillende maniere verklaar vs.3 en 4 word. Die meerderheid van die kommentatore beskou vs. 3a as 'n beskrywing van 'n toekomstige gebeure. Wolff verdedig hierdie standpunt deur die stelling dat Cattā in die boek Hosea betrekking het op die toekoms wanneer dit saam met 'n imperfektum gebruik word en dat dit verwys na gebeure in die hede as die werkwoord daarby in die perfektum staan. Alhoewel dit in die meeste gevalle korrek is, kan hierdie standpunt van Wolff egter nie as 'n reël geld nie, aangesien die vraag of dit

---

1. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 159. Oor die eerste drie voorbeelde uit Hosea stem ek nie met Van der Woude saam nie.

oor die hedē of toekoms gaan, nie in die eerste plek bepaal word deur die gebruik van perfekta of imperfekta nie, maar deur die konteks en inhoud.

Die vraag of vs. 3a op die hede of toekoms betrekking het, hang saam met die vraag waar die direkte rede eindig wat by vs. 3b begin, en wat die verband is tussen vs. 3 en 4. Hieroor loop die menings van die kommentatore uiteen: Van Gelderen beskou vs. 3b as die woorde van die volk, waarop die profeet in vs. 3c en d antwoord. Die eerste persoon meervoud in vs. 3c pleit téén so 'n verklaring. Daarby verantwoord Van Gelderen hom nie op bevredigende wyse oor die gebruik van die perfektum in vs. 4a en oor die betekenis van vs. 4c en d nie. Weiser, Wolff en Van Leeuwen neem vs. 3b tot d as direkte rede van die volk, terwyl Rudolph en Mays dit laat deurloop na vs. 4d. Die vooronderstelling waarvan al vyf laasgenoemde eksegete uitgaan, is dat vs. 3a verwys na 'n toekomstige gebeure en dat vs. 4 die antwoord is op die vraag wat in vs. 3d gestel word. Om dit te handhaaf, is hulle verplig om die perfektum dibb<sup>e</sup>rū te verander na 'n infinitief dabber. Dit word begrond met die lesing van die Septuaginta, naamlik lalōn. Die probleem is egter dat dit die enigste teksgetuie is wat afwyk van die meervoudsvorm en na alle waarskynlikheid net 'n bepaalde interpretasie reflekteer. Om die standpunt te handhaaf dat vs. 4 'n antwoord in die hede is op 'n vraag wat in die toekoms gestel sal word, vind die kommentatore die imperfektum ya<sup>c</sup>āsē lastig en word hulle verder genoop om mišpāt in vs. 4c te verklaar as "valse reg" (vgl. die kritiek by Rudolph), óf om vs. 4d te beskou as 'n latere toevoeging (so by Rudolph).

Dit is egter onnodig om enige wysiging in die Masoretiese teks aan te bring: Vs. 3a het nie betrekking op die toekoms nie, maar op die hede. Vs. 3b kan beteken dat die volk verklaar dat hulle geen koning het nie, maar dit kan ook beteken dat hulle die waarde wat die koning

of koningskap vir hulle het, in twyfel trek (vgl. II Sam. 19:7 vir 'n soortgelyke gebruik van 'ēn l<sup>e</sup>). In die lig van vs. 3d is die laaste moontlikheid die beste. Feitlik alle kommentatore vertaal kī in vs. 3c redegewend in noue aansluiting by vs. 3b. Die voegwoord in vs. 3d en die waarskynlikste kombinasie van hemistiges (vgl. Vorm) pleit egter vir 'n nouer verband tussen vs. 3c en d as tussen vs. 3b en c.

Aangesien dit onwaarskynlik is dat die volk sal verklaar dat hulle JHWH nie vrees nie (vs. 3c) is daar verskil-lende verklarings moontlik vir vs. 3c en d:

- i. kī kan die inleiding wees tot die protasis van 'n voorwaardesin (Ges-K. par. 159 l). kī word in so 'n geval gewoonlik met die perfektum gebruik om 'n hipotetiese geval te stel (vgl. bv. Num. 5:20). Die apodosis volg in vs. 3d in die vorm van 'n retorie=riese vraag. hammelek is dan voorop gestel ter wille van beklemtoning. Vs. 3 sou dan soos volg vertaal kon word:

"Voorwaar nou sê hulle:  
Die koning is vir ons niks werd nie.  
As ons JHWH nie gevrees het nie,  
wat sou die kóning dan vir ons kon doen?"

- ii. 'n Ander moontlikheid is dat l' in vs. 3c nie die gewone negasie is nie, maar bekrachtigend gebruik word.<sup>2</sup>

Gordis vermoed dat die bekrachtigende betekenis van l' ontwikkel het uit die gebruik van die negasie in retoriese vrae (vgl. nonne in Latyn). Hy verwys nie na Hos. 10:3 nie, maar wel na 10:9 en 11:5. Oor laasgenoemde voorbeeld is daar onsekerheid, maar by 10:9 is daar geen twyfel oor die feit dat die sin wat met l' begin, bedoel is om 'n sterk positiewe stelling te wees nie.

---

2. Vgl. R. Gordis, The text and meaning of Hosea XIV 3, artikel in VT 5 (1955), bl. 88-90.



iii. In aansluiting by vs. 4b is dit die beste om kī lō' as die inleiding van 'n eed te beskou. kī word in die boek Hosea dikwels gebruik as inleiding tot die protasis van voorwaardesinne waar ons 'im sou verwag (vgl. bv. 8:7 en 10). kī word ook soms in die Ou Testament in eedformules gebruik (vgl. by I Kon. 2:23). Vs. 3c is dan 'n elliptiese eed= formule waarin die volk sweer dat hulle JHWH vrees. Vs. 3d staan adversatief teenoor vs. 3c. Vs. 3 kan dan soos volg vertaal word:

"Voorwaar nou sê hulle:  
Die koning is vir ons niks werd nie.  
Ons vrees waaragtig JHWH;  
maar die koning, wat sal hy vir ons kan doen?"

Soos reeds gesê, pas die laaste moontlikheid die beste in 'n konteks waarin valse eedswerings veroordeel word (vgl. vs. 4). Om hierdie rede verdien die laaste van die drie moontlikhede die voorkeur.

Dit is opvallend dat vs. 3b tot d die vrees vir JHWH stel teenoor die vertrouwe op die koning. Indien die houding van die profeet ten opsigte van die koning in ag geneem word, is dit egter volkome begryplik. In die boek Hosea word die koning, sy regering en uitvoerende amptenare soos die priesters verskillende male aangedui as die bron van die kwaad in Israel (vgl. bv. 5:1 v., 9:15). In aansluiting hierby moes die koning en wat met hom geassosieer is van die toneel verdwyn voordat die heil vir Israel 'n werklikheid sou word (vgl. 2:2; 3:4, ens.). Alles dui daarop dat die profeet hom sou tuis voel in kringe wat die koningskap in Israel veroordeel het (vgl. bv. I Sam. 8:6). Vir hierdie groepe was 'n keuse vir die koning 'n keuse téén JHWH (vgl. I Sam. 6:7). Hos. 10:3 reflekteer waarskynlik 'n positiewe reaksie van die volk op die veroordeling van die koning deur die profeet en sy geesgenote.

Vs. 4 kan nie die antwoord van die profeet op die vraag in vs. 3d wees nie, aangesien dit 'n retoriese vraag is. Dit is die profeet se reaksie op vs. 3a tot d. Hy ontmasker die erkenning in vs. 3 as niksseggende woorde (dibb<sup>e</sup>rū d<sup>e</sup>bārīm). Die infinitief absolutus-vorme ('ālōt en kārōt) bou vs. 4a verder uit. 'ālōt šāw' het in hierdie konteks waarskynlik betrekking op die vervloekings wat tydens 'n verbondsluiting uitgespreek word. kārōt b<sup>e</sup>rīt kan dus die beste as 'n omstandighedsin weergegee word (vgl. Ges-K. par. 156 a en d):

"Hulle sweer vals, selfs wanneer hulle 'n verbond sluit."

Die meerderheid moderne kommentatore vermoed dat kārōt b<sup>e</sup>rīt verwys na 'n verbond tussen die koning en die volk.<sup>3</sup> Dit hang daarmee saam dat die koning beskou word as die versweë subjek van die werkwoorde in vs. 4a en b. Dit is egter meer waarskynlik dat die volk en nie die koning nie beskuldig word in vs. 4a en b. Aangesien dit verder baie onwaarskynlik is dat die profeet hom sou bekommer oor die verbreking van 'n verbond met die koning, kan aangeneem word dat kārōt b<sup>e</sup>rīt verwys na die verbond tussen JHWH en die volk.

Vs. 4c en d kondig die oordeel aan oor hierdie valsheid: { ūfārah is 'n waw konsekutief aan die perfektum om ná 'n voorafgaande beskrywing van 'n bestaande toestand na 'n toekomstige gebeure te verwys (vgl. 8:14 vir 'n soortgelyke gebruik van die waw konsekutief aan die perfektum). rō'š is een of ander onidentifiseerbare giftige plant wat as onkruid (vgl. die Septuaginta) blykbaar opgeskiet het op die wenakkers van die lande (vgl. 12:12 vir hierdie betekenis van talmē šāday). Die bedoeling van vs. 4c en d is dan dat die geregtigheid (mišpāt teenoor 'ālōt šāw' in vs. 4b) sal seëvier, so seker as wat onkruid op die wenakkers groei.

3. Vgl. G. Fohrer, Der Vertrag zwischen König und Volk in Israel, ZAW 71 (1959), bl. 1-22.

Vs. 3 en 4 toon inhoudelike ooreenkoms met vs. 1 en 2: Die oënskynlike vroomheid of godsdienstigheid van Israel word eers geskets (vs. 1 en vs. 3). Daarop volg 'n stelling wat hierdie oënskynlike vroomheid ontmasker as valsheid (vs. 2a en b en vs. 4a en b). Daarna volg 'n oordeelswoord waarin die beëindiging van die valsheid in die vooruitsig gestel word.

Terwyl vs. 1 oor die volk en die kultus en vs. vs.5 3 v. oor die verhouding van die volk tot die koning handel, konsentreer vs. 5 op die staatskultus te Bet-el.

In vs. 5a lees verskillende kommentatore l<sup>ec</sup>egel in plaas van l<sup>ec</sup>eglōt op grond van die enkelvoud in die Septuaginta en ander teksgetuies. Aangesien die Masoretiese teks egter 'n lectio difficilior is en buitendien deur die Vulgaat gesteun word, verdien die vorm l<sup>ec</sup>eglōt voorkeur bo die enkelvoud. Uit die suffikse in vs. 5c tot e is dit wel duidelik dat c<sup>e</sup>eglōt nie 'n numeriese meervoud kan wees nie. Die beste verklaring vir c<sup>e</sup>eglōt is dat dit 'n versterkingsmeervoud is wat die begrip wat dit aandui, intensifiseer (vgl. Ges-K. par. 124 e). Dit kan vergelyk word met vorme soos ḥāmūdōt (Dan. 9:23) en s<sup>e</sup>bā'ōt<sup>4</sup> wat gebruik word in verband met manlike enkelvoudsvorme. Die term c<sup>e</sup>eglōt word egter met sarkasme gebruik (vgl. Rudolph en Van Leeuwen), aangesien vs. 5 juis die magteloosheid van die kalf hekel. c<sup>e</sup>eglōt sou dus weergegee kon word met "die kalf-gedierte". Dit pas goed in 'n konteks waarin daar op 'n neerhalende manier verwys word na Bet-el (vs. 5a) en die priesters (vs. 5d).

gwr l<sup>e</sup> het gewoonlik die betekenis "vrees vir ..." of "bekommerd wees oor ..." (Rudolph, teen Wolff). š<sup>e</sup>kan is waarskynlik 'n kollektiewe enkelvoud en kan daarom die werkwoord in die meervoud neem sodat geen wysiging van die teks nodig is nie (Rudolph). Uit die gebruik

4. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 505 i.v.m. s<sup>e</sup>bā'ōt.

van perfekta in die verdere uitbouing van vs. 5a en b (vgl. vs. 5c en e), kan afgelei word dat die imperfektum in vs. 5b nie betrekking het op toekomstige gebeure nie, maar op die hede. Vs. 5a en b kan dus soos volg vertaal word:

"Die inwoners van Samaria is  
bekommerd oor die kalf-gedierte van  
Bet-awen."

Vs. 5a tot e brei verder uit op die stelling wat in vs. 5a en b gemaak word. Die term gyl, wat gewoonlik 'n juig=kreet aandui, word in vs. 5d blykbaar gebruik in die sin van "hardop uitroep". As parallel van 'ābal kan dit die beste weergegee word met "kerm". Die term is waarskynlik gekies ter wille van die klankassosiasie met gālā in vs. 6e (Rudolph). Die imperfektum ygylw dui op 'n voortdurende handeling (Ges-K. par. 107 b). Volgens vs. 5c en d het die vereerders van die kalf (<sup>c</sup>ammō) oor hom rou bedryf en het sy heidenpriesters (vgl. Van Leeuwen) onophoudelik oor hom gekerm.

Die herhaling van <sup>c</sup>al in vs. 5e dui daarop dat k<sup>e</sup>bōdō bedoel is as 'n permutatief by <sup>c</sup>ālāw in vs. 5c en d. Dit bepaal die objek van die treurrites noukeuriger (Ges-K. par. 131 k, vgl. veral die voorbeeld uit II Kon. 3:4). Op voetspoor van Sellin sien die meeste kommentatore in kābōd 'n verwysing na die goue beslag van die houtbeeld wat volgens dié verklaarders gebruik is as tribuut aan die Assiriërs. Die volgende beswaar kan teen hierdie verklaring geopper word: Uit vs. 6a is dit duidelik dat die kābōd reeds weggevoer was na Assirië en dat die beeld self ook sou volg. Dit is moeilik voorstelbaar dat 'n kultusobjek soos die goue kalf wat vir die vereerders en die staat sekerlik net so heilig was as die verbondsark in Jerusalem, van sy goue beslag gestroop sou word om mee tribuut te betaal. Dit klink ook onaanvaarbaar dat 'n waardelose houtbeeld deur die Assiriërs weggeneem sou word as 'n geskenk aan hulle koning (vs. 6a

en b). Dit het wel soms gebeur dat ander kosbaarhede in en aan die tempel gebruik is ter versekering van die veiligheid van die staat (vgl. I Kon. 15:18 v., II Kon. 18:16). Op grond hiervan lyk dit logies dat kābōd in vs. 5e verwys na die verwydering van die tempelskat en kosbaarhede om die belasting aan die Assiriërs by te bring. kābōd kan dan ook die beste weergegee word met "rykdom" (vgl. bv. Jes. 10:3 waar kābōd i.v.m. private kosbaarhede gebruik word).

Vs. 5 stel dus dat daar kommer heers by die inwoners van Samaria oor die staatskultus te Bet-el. Hierdie kommer was nie ongegrond nie, aangesien die tempelskat reeds gebruik moes word om (soos blyk uit vs. 6a) die Assiriërs gunstig te stem. Met minagting en spot word die totale magteloosheid van die goue kalf om enige hulp te gee aan die vereerders, na vore gebring.

Sommige kommentatore wysig yūbal in vs.6a omdat vs.6a en b die nota accusativi ongewoon is by 'n passiewe werkwoord. So 'n verandering is egter onnodig aangesien daar ook ander voorbeelde is van die gebruik van die nota accusativi saam met passiewe stamformasies (Ges-K. par. 121a en b). Vanweë die feit dat gam-'ōtō soos l<sup>ec</sup>eglōt in vs. 5a voorop gestel word, verkry dit 'n besondere klem. Soos die tempelskat sou die goue kalf sêlf ook sy weg vind na Assirië as 'n geskenk aan die opperkoning (lees mālkī rāb, vgl. die bespreking by 5:13).

Alhoewel vs. 5a tot 6b 'n bietjie anders gestruktureer is as die voorafgaande twee spreuke (vs. 1v en vs. 3v), vervul vs. 6a en b dieselfde funksie as vs. 2c en d en vs. 4c en d: Dit dui 'n toekomstige gebeure aan, waardeur die saak waarom dit in die betrokke spreuk gaan, beëindig sal word. In vs. 2c en d word die toekomstige beëindiging van die kultus waaroor vs. 1a tot 2b handel, aangekondig; in vs. 4c en d die beëindiging van die valse verklarings en in vs. 6a en b die beëindiging van die verering van die goue kalf.

bošnā in vs. 6c is 'n hapax legomenon. Feit= vs.6c en d lik al die kommentatore bring dit in verband met

bwš en vertaal dit op grond van die parallelle gebruik van yēbōš in vs. 6d met "skande" of "skaamte". Dit is egter 'n vraag of bšnh met bwš in verband staan. Die vertalers van die Septuaginta het die woord klaarblyklik nie in verband gebring met bwš nie en die eerste letter van bšnh as die voorstelsel b<sup>e</sup> vertolk. bšnh word in die Septuaginta weergegee met en domati en in enkele handskrifte met en stomati. In laasgenoemde geval is šnh blykbaar in verband gebring met šen (m.a.w. "met die tande/mond"). Die vertaling en domati is waarskynlik 'n verleentheidsvertaling wat aansluit by vs. 6b waar daar sprake is van 'n geskenk (minhā).

Die voorstel van Rudolph dat bšnh as baššānā gelees moet word is sinvol, behalwe dat sy verbinding van vs. 6c en d met vs. 6a en b afgewys moet word (vgl. Struktuur). In aansluiting by vs. 7 en 8 moet dit oorweeg word om vs. 6c te vokaliseer baššānā 'efrayim yuqqah en dit vertaal met "in hierdie jaar gaan Efraim ingeneem word". Vs. 6d is dan 'n gevolgsin.

Die verklaring van Rudolph dat c<sup>e</sup>šā 'n nomen unitatis is van c<sup>e</sup>es as 'n verwysing na die goue kalf, kan in die breër verband van die perikoop goed verdedig word: Vs. 7 en 8 verwys in omgekeerde volgorde na sake wat in vs. 1 tot 4 ter sprake was, naamlik die koning (vs. 7b en vs. 3) en die kultus (vs. 8a tot d en vs. 1c en d). 'n Verwysing na die goue kalf in vs. 6d (vgl. vs. 5) voltooi die patroon van omgekeerde terugverwysings. Verder sluit dit goed aan by die neerhalende toon van vs. 5 en ook by die beeld wat in vs. 7b gebruik word. Vs. 6c en d kan dan soos volg vertaal word:

"In hierdie jaar gaan Efraim verower word,  
sodat Israel in die skande sal kom oor sy  
stuk hout."

Dit is 'n goeie inleiding by 'n spreuk wat handel oor 'n vyandelike inval wat sal deurdring tot in Samaria (vs. 7). Verder is uitsprake wat 'n aanduiding gee van wanneer 'n bepaalde gebeure in die toekoms sal plaasvind,

nie vreemd in die boek nie (vgl. die uitleg van 9:5 asook die bespreking onder Agtergrond by 9:1 tot 9).

By vs. 7 is daar onsekerheid oor die vraag wat vs.7 die subjek is van ndmh en of malkāh by die eerste of tweede hemistige gegroeper moet word. Die eenvoudigste oplossing is om šōm<sup>e</sup>rōn as die subjek van ndmh te neem (so ook in die Septuaginta) en om malkāh tot die tweede hemistige te reken. Dit bring dan net mee dat ndmh as 'n vroulike partisipium (nidmā) gevokaliseer moet word. Die partisipium dui in hierdie geval die omstandighede aan waaronder die stelling wat in die nominale sin in vs. 7b gemaak word, sal geld (Ges-K. par. 116 w, vgl. bv. ook I Sam. 2:13). qeṣef kan saam met die oorgrote meerderheid kommentatore in verband gebring word met q<sup>e</sup>sāfā (vgl. Joël 1:7) wat "stomp" beteken. In vertaling kan vs. 7 dan soos volg weergegee word:

"Wanneer Samaria vernietig word,  
sal sy koning wees soos 'n stomp op die water."

Vs. 6c tot 7b beskryf dus die magteloosheid van die goue kalf en die koning van Samaria wanneer die land en die hoofstad in die hande van die vyand gaan val. Die koning en die staatskultus sal die volk nie kan red nie, maar sal albei totaal nutteloos wees: Die goue kalf is niks meer as 'n stuk hout nie en die koning sal soos 'n stuk hout wat op die water dryf, meegesleur word deur die geweld.

Vs. 8a tot d skets die verwagte lot van die vs.8 kultusplekke in die land tydens die oornam deur die vyandelike magte: Die hoogtes waar Israel hulle boosheid bedryf het en teen JHWH gesondig het, sal verwoes word (vs. 8a en b) en verlate wees (vs. 8c en d). So word die moontlike hulp wat Israel dalk deur bemiddeling van die kultus kon kry, hulle ontnem.

Vs. 8e en f sluit die spreuk af met die verwagte reaksie van die volk wanneer hulle in volslae radeloosheid sal besef dat dié dinge waarop hulle vertrou het, vernietig

is. Die terme hārīm en g<sup>e</sup>bā<sup>c</sup>ōt sinspeel waarskynlik op die Kanaänitiese afgodediens wat dáár beoefen is (vgl. bv. Deut. 12:2; Mi. 6:1). Vs. 8e en f is 'n gebed om vernietiging. Gestroop van alle sigbare dinge waarop hulle moontlik hulle hoop om hulp sou kon vestig, sal die volk verkies om liever te sterwe.

Die drie spreuke (vs. 1 en 2, vs. 3 en 4 en vs. 5a tot 6b) wat handel oor verwante temas, word saamgebind deur die feit dat al drie in 'n hoë mate eenders opgebou is en veral ook deur die feit dat die laaste strofe van die perikoop die oordeel oor dié sake wat aan die orde was, uitbou. Die laaste stige waarin die toekomstige reaksie van die volk op die vernietiging geskets word, rond die laaste strofe effektief af. Dit is tegelyk ook 'n goeie afsluiting vir die geheel.

## 6. Vertaling

- 1 Israel was 'n welige wingerdstok;  
sy vrugte was net so geil.  
Hoe meer vrugte hy gedra het,  
hoe beter is daar voorsiening gemaak vir die altare.  
Hoe beter die opbrengs van die land was,  
hoe kunstiger is die gedenkstone versier.
- 2 Hulle hart is vals wanneer hulle skuld bely!  
Maar Hy sal hulle altare afbreek; hulle gedenk=  
stone sal Hy verwoes.
- 3 Voorwaar nou sê hulle:  
"Die koning is vir ons niks werd nie.  
Ons vrees waaragtig JHWH;  
maar die koning, wat sal hy vir ons kan doen?"
- 4 Dit is niksseggende woorde.  
Hulle sweer vals selfs wanneer hulle 'n verbond sluit.  
Maar die geregtigheid sal seëvier so seker as  
wat onkruid op die wenakkers van die landerye groei!
- 5 Die inwoners van Samaria is bekommerd oor die  
kalf-gedierte van Bet-awen:  
Sy vereeders het oor hom gerou  
en sy heidenpriesters kerm oor hom;  
dit is oor sy rykdom wat van hom weggeneem is.
- 6 Hy sal sêlf ook na Assirië geneem word as 'n geskenk  
aan die opperkoning!

In hierdie jaar gaan Efraim ingeneem word  
sodat Israel se verwagtings van daardie stuk hout=



- beeld verydel sal wees.
- 7 Wanneer Samaria verwoes word,  
sal die koning meegesleur word soos 'n stuk dryfhout  
op die water.
- 8 Die hoogtes waar boosheid bedryf is en waar Israel  
gesondig het, sal vernietig word -  
dorings en struike sal op hulle altare groei.  
Dan sal hulle vir die berge sê: "Bedek ons!"  
en vir die heuwels: "Val op ons!"

## 7. Agtergrond

Die agtergrond van die perikoop is moeilik bepaalbaar. Uit vs. 1 kan afgelei word dat daar in die verlede 'n periode van groei en vooruitgang op kultiese gebied was. Dit sou kon verwys na die regeringstyd van Jerobeam II, maar dit beteken nie dat vs. 1 in sý tyd gedateer moet word nie (teen Rudolph e.a.). In vs. 3 is daar tekens van opstand teen die koning, terwyl vs. 5 verwys na tribuut wat aan die Assiriërs betaal is deur gebruikmaking van die tempelskatte. Dit verwys waarskynlik nie na die belasting wat Menahem moes betaal nie, aangesien hy volgens II Kon. 15:19 v. sy verpligtinge teenoor Assirië deur die heffing van superbelasting kon nakom (teen Gispem e.a.). Indien die uitleg by vs. 6c korrek is (nl. dat dit handel oor 'n verowering van die gebied Efraim), dan moet vs. 6c in elk geval ná 733 v.C. gedateer word. Vs. 5 verwys waarskynlik na gebeure wat ook in II Kon. 17:3 verhaal word: Die land was verarm na die Siro-Efraimitiese oorlog en die verlies van die noorde=like en oostelike gebiede. Hosea ben Ela sou beswaarlik belasting kon betaal sonder om die tempelskatte te gebruik. Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, moet dus waarskynlik gedateer word ná 727 v.C. (toe Salmaneser V op die troon gekom het) maar vóór die gevangeneeming van koning Hosea en die beleg van Samaria in 723 v.C.<sup>5</sup> (vgl. vs. 7).

---

5. Vgl. J. Gray, I and II Kings, Londen 1964, bl. 580.

Die perikoop as geheel wek nie die indruk dat dit die skriftelike neerslag is van 'n openbare optrede van die profeet nie (Wolff). Daarop dui die feit dat dit as 'n profeterede gestileer is en die godsrede nêrens in die perikoop voorkom nie, asook die konstante gebruik van die derde persoon in verwysings na die volk. Uit die eenderse strukture van die onderdele en inhoudelike verbindingslyne is dit duidelik dat die perikoop in sy huidige vorm nie net 'n los samevoeging van verskillende spreuke is nie (teen Rudolph). In sy huidige vorm is dit 'n afgeronde eenheid. Indien die perikoop die weer=spieëling is van 'n mondelinge optrede, verteenwoordig dit waarskynlik die optrede van die profeet binne 'n kleiner kring van volgelingen (Wolff).

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Die aanklagte teen die volk en die gepaardgaande oordele word in 10:1 tot 8 voortgesit. Die perikoop sluit egter nie direk aan by die voorafgaande perikoop nie. Soos by 8:1 tot 14, maar anders as by 9:1 tot 17 word die vrugbaarheidsgodsdiens nie pertinent genoem nie. Dit gaan oor die verkeerde gesindheid by die kultus van JHWH (vgl. 8:11 v.) en die nutteloosheid van die staats= kultus (vgl. 8:5 v.). Alhoewel die koningskap in Israel verskillende male veroordeel word in die voorafgaande perikope (vgl. bv. 7:3 vv.; 8:4; 9:15), is 'n nuwe aspek in 10:1 tot 8 die magteloosheid van die koning.

Die mag wat JHWH se oordele sou voltrek, is nog steeds Assirië (vgl. vs. 6). Daar is egter geen verwysing na 'n ballingskap in die perikoop nie, maar net na die rade= loosheid en angs wat die volk sal oorval wanneer alles waarop hulle vertrou het, vernietig is. 'n Nuwe aspek is ook dat die verwoesting van Samaria pertinent genoem word.

Anders as by hoofstuk 9 is daar geen verwysing na die verwerping van die profetiese verkondiging nie; vs. 3

skep trouens die indruk dat daar positiewe reaksie was op die eis dat die volk hulle moet losmaak van die koning.

## 10:9-15

### 1. Afgrensing

Die hoogtepunt van die katastrofeschildering in 10:8 dui die einde van die voorafgaande perikoop aan; die nuwe perikoop begin dan met 'n verwysing na gebeure in die verlede (so Wolff; vgl. ook 9:10; 10:1; 11:1). Die vraag oor waar die nuwe perikoop eindig, word deur die kommentatore verskillend beantwoord: Sommige (waaronder Weiser, Rudolph en Mays) behandel vs. 9v, vs. 11 tot 13c en vs. 13d tot 15d as drie verskillende perikope.

Andere (bv. Ward en Wolff) beskou vs. 9 tot 15 as een perikoop wat uit verskillende retoriese eenhede bestaan.

Vs. 9 tot 15 word as 'n perikoop behandel omdat die motief van 'n militêre bedreiging in vs. 9v en vs. 13d tot 15, voorkom (vgl. ook Struktuur) en so 'n inhoudelike eenheid skep. By 11:1 begin daar 'n nuwe tematiese eenheid.

### 2. Tekskritiek

Die belangrikste teksgetuies wyk op verskillende punte af van die Masoretiese teks. Al hierdie afwykings het egter 'n interpretatiewe kleur. Die enigste verandering wat op goeie tekskritiese gronde berus en noodsaaklik is, is die lesing <sup>c</sup>wntm in plaas van <sup>c</sup>yntm in vs. 10c (vgl. die Septuaginta, Siriese vertaling en Vulgaat asook die q<sup>e</sup>rē').

### 3. Vorm

Die strofes bestaan uit twee- en drievoetige versreëls

met twee, drie en (in twee gevalle) vier heffings per versvoet. By vs. 12a tot c is daar metriese beklemtoning (3 + 3 + 3) en alhoewel daar geen vaste patroon in die metrum is nie, is daar tog telkens aan die einde van die eerste drie strofes 'n neiging tot eenvormigheid (vgl. vs. 10, vs. 11e tot g, vs. 13a tot c).

Soos gewoonlik is die parallelisme sinteties. Die dubbelchiasme in vs. 13a tot c is opmerklik en kom soos die figura etymologica in vs. 12c, nie dikwels voor in die boek nie. Verder is die perikoop ryk aan beeldspraak (vgl. vs. 11a tot 13c); herhalings (vgl. vs. 12 en vs. 15b en c) en alliterasie (vgl. die alliterasie op 's- in vs. 10 asook ' as eerste konsonant in vs. 11e en y in vs. 11f en g).

#### 4. Struktuur

Die struktuurontleding toon vier kleiner eenhede:

- i. Vs. 9 en 10 bestaan uit twee dele wat verbind word op grond van die verwysings na militêre handeling in vs. 9d en 10b. Dit is gestileer as 'n godsrede (vgl. vs. 10a) en met die uitsondering van vs. 9a waaroor daar onsekerheid bestaan (vgl. Betekenis), word daar na die betrokkenes verwys in die derde persoon meervoud.
- ii. Vs. 11 is ook gestileer as 'n godsrede en daar word na Efraim verwys in die derde persoon enkelvoud. Dit word van die voorafgaande eenheid geskei deur die beeldspraak waarin Efraim en in vs. 11f en g ook Juda en Jakob vergelyk word met trekdier. Hierdie eenheid bestaan ook uit twee dele wat van mekaar geskei word deur die gebruik van die perfektum as hoofwerkwoord (vs. 11c, vgl. Betekenis) en die imperfektum (vs. 11e tot g).
- iii. Vs. 12a tot 13c bevat ook soos vs. 11 beeldspraak uit die akkerbou, maar die betrokkenes is hier nie

in die rol van trekdier nie, maar van boere. Anders as die voorafgaande is dit gestileer as 'n profete=rede (vgl. vs. 12d en e) en is daar ook 'n oorgang na die tweede persoon. Die eenheid word ook in twee dele verdeel deur die gebruik van imperfektiese vorme (vs. 12) en perfekta (vs. 13a tot c).

Vs. 11 en 12a tot 13c is verbind deur die voorkoms van terminologie wat te doen het met akkerbou.

- iv. In vs. 13d tot 15c word die gebruik van die tweede persoon voortgesit en blykbaar is dit ook as profete=rede bedoel. Die terminologie hou nie soos by vs. 11a tot 13c verband met die landbou nie, maar soos by vs. 9 en 10 met die krygswese. Hierdie eenheid is ook opgebou uit twee dele wat onderskei word deur die gebruik van die enkelvoud (vs. 13d tot 14b) en meervoud (vgl. vs. 15a en b).

Die huidige plasing van die vier eenhede toon 'n chiastiese bou in die dieptestruktuur:

- i. Die perikoop word ingelei (vs. 9) en afgesluit (vs. 14c tot 15c) met verwysings na die gebeure by 'n bepaalde plek in die verlede. Hierdie gebeure figureer in 'n profesie oor die toekomstige lot van die betrokkenes. Die toekomstige gebeure word gemotiveer deur hulle sonde en boosheid.
- ii. Die verdere motivering vir en verwysing na 'n vyandelike inval in vs. 10 word gebalanseer deur 'n motivering vir en verwysing na 'n vyandelike inval in vs. 13d tot 14b.  
  
In die middelstuk (vs. 11a tot 13c) verskuif die fokus van die militêre bedreigings na beelde wat ontleen is aan die akkerbou.
- iii. Die werklikhede van die verlede wat in vs. 11a tot d ter sprake is, vind 'n pendant in die verwysing na die werklikhede van die verlede in vs. 13a tot c.
- iv. Vs. 11e tot g en vs. 12 waarin die doel van JHWH

met Efraim in die beloofde land geskets word, lê weerskante van die draaipunt van die chiastiese bou.

Dit is opmerklik dat die een been van die inhoudelike chiasme formeel gestileer is as 'n godsrede en dat na die betrokkenes in die derde persoon verwys word (vgl. Beteke= nis i.v.m. h̄t't in vs. 9a), terwyl die ander been ge= stileer is as 'n profeterede (t.o.v. vs. 13d tot 15c is daar 'n mate van onsekerheid) en dat die betrokkenes in die tweede persoon aangespreek word.

Hierdie chiastiese struktuur kan nie toevallig wees nie. Dit getuig van 'n sorgvuldige plasing van die verskillende spreuke. Die uitgangspunt van sommige kommentatore dat vs. 9 tot 15 drie of vier aparte spreuke is wat totaal onafhanklik is van mekaar en alleen op grond van enkele sleutelwoorde saamgegroepeer is, kan beslis nie gehandhaaf word nie.

## 5. Betekenis

Die masorete het h̄t't in vs. 9a gevokaliseer as vs.9 'n tweede persoon enkelvoud van die werkwoord h̄t'. In dieselfde stige (vs. 9b) word dan oorgegaan na die derde persoon meervoud. Alhoewel daar ander voorbeelde is van 'n soortgelyke oorgang in die persoonsvorme (vgl. 8:5), is dit tog vloeiender om h̄t't yisrā'el as 'n status konstruktusverbinding te lees (vgl. hatta't yisrā'el in vs. 8). Dit pas beter in die struktuurpatroon; verder het die Septuaginta en Vulgaat dit waarskynlik ook so gelees en as 'n nominale sin verstaan, naamlik: "Die sonde van Israel is (d.w.s. dateer) uit die dae van Gibeā." Daar is trouens 'n paar Hebreuse manuskripte wat ook h̄t't as 'n status konstruktus vokaliseer (vgl. die kri= tiese apparaat in BHS).

ḥmd word in vs. 9b gebruik met die nuanse "stabiliseer" of "onveranderd standhou" (vgl. Lev. 13:5; Jer. 48:11; Ps. 19:1). šām kan dan ook nie letterlik bedoel wees

nie, maar dit word figuurlik gebruik in die sin van "in dieselfde toestand". Die bedoeling van vs. 9a en b is dus dat die sonde van Israel uit die dae van Gibeon dateer en dat hulle daarmee volhard het.

Soos by 9:9 is die oorgrote meerderheid kommentatore oortuig daarvan dat vs. 9a verwys na gebeure wat ook in Rig. 19 tot 21 verhaal word. Dieselfde argumente wat by 9:9 aangevoer is, sou egter ook hier aangevoer kon word om aan te toon dat Ward gelyk het wanneer hy dit interpreteer as 'n verwysing na die vestiging van die monargie onder Saul. Hierdie verklaring word by 10:9 verder ondersteun deur die volgende: In die chiastiese bou van die perikoop word vs. 9 gebalanseer deur vs. 14c tot 15d. In dien y<sup>e</sup>mē haggib<sup>cā</sup> sinspeel op die begin van die monargie, sluit dit baie goed aan by die verwysing na die koning van Israel in vs. 15.

Die negatief van die Masoretiese teks in vs. 9c en d pas nie in die verband nie en daarom vertolk die kommentatore dit gewoonlik as 'n vraag. l' sou ook as lu' gevokaliseer kon word. Dit moet dan egter nie verstaan word as die inleiding van 'n wens (vgl. Ges-K. par. 151 e) of voorwaarde sin nie (Ges-K. par. 159 l), maar as 'n bekragtigende partikel.<sup>1</sup> <sup>c</sup>al-b<sup>e</sup>nē <sup>c</sup>alwā word deur die kommentatore gewoonlik weergegee met 'n redegewende bysin: "... vanweë die opstandiges ..." (vgl. <sup>c</sup>lwh I in KBL). Ná die suffiks aan taššīgēm is so 'n bysin egter lomp, en daarom moet dit saam met milḥāmā gegroepeer word as 'n nadere kwalifisering daarvan. Vs. 9c en d kan dan vertaal word:

"Die oorlog teen die opstandiges sal  
hulle sekerlik in Gibeon bereik."

baggib<sup>cā</sup> in vs. 9c moet soos šām in vs. 9b figuurlik verstaan word. Die vertalers van die Septuaginta het blykbaar ook aangevoel dat daar 'n nuanseverskil is tussen gib<sup>cā</sup>

---

1. Vgl. A. van Selms, Genesis II, Nijkerk 1967, bl. 291 i.v.m. die gebruik van lū in Gen. 50:15.

in vs. 9a en c en dit daarom in die eerste geval met 'n meervoud (hoi bounoi) en in die tweede geval met 'n enkelvoud (en tōi bounōi) vertaal.

Indien die naam Gibeā vir die profeet sinnebeeldig was van die monargie, kan die vraag inderdaad gevra word of die naam Gibeā in vs. 9c nie 'n metonemie is vir Samaria nie. Die tradisie oor Gibeā as 'n versterkte vesting op 'n heuwel in besit van die koning sou in die tyd van die profeet maklik kon lei tot 'n assosiasie van die naam Gibeā met Samaria (vgl. bv. Jes. 1:10 waar Jerusalem genoem word Sodom en Gomorra).

Só verstaan, is die bedoeling van vs. 9 dan dat die sonde wat ten nouste saamgehang het met die monargie, met oorlog gestraf sou word en dat dit sou deurdring tot in Samaria waar die kwaad gesetel was.

Vs. 10a lewer probleme op en daar is verskil= vs.10 lende voorstelle tot wysiging van die teks. Een daarvan is om op grond van die Septuaginta bā'tī te lees in plaas van b<sup>e</sup>'awwātī (Sellin, Weister, Wolff, Mays e.a.). Die belangrikste argument wat hiervoor aangevoer word, is dat die voegwoord voor 'essōrem 'n voorafgaande verbale vorm veronderstel. Die lesing van die Septuaginta gaan egter (as dit nie 'n interpretasie van die teks is nie) terug op bw' en nie op b'ty nie. Daar is dus nie oortuigende tekstkritiese gronde vir 'n verandering van die Masoretiese teks nie. Die eenvoudigste oplossing van die grammatikale probleme is om b'wty te vokaliseer as 'n pi<sup>c</sup>el infinitief konstruktus van 'wh (dus b<sup>e</sup>'awwōtī; so Rudolph) en om w<sup>e</sup>'essōrem nie as 'n doelsin nie, maar as die hoofsin te beskou (teen Rudolph en Van Leeuwen). 'n Soortgelyke konstruksie met die hoofwerkwoord in die perfektum kom voor in 6:11 tot 7:1. b<sup>e</sup> met 'n infinitief konstruktus kan temporele krag hê (vgl. 6:11), maar in hierdie konteks pas 'n kousale betekenis beter (KBL bl. 104, nr. 16 en 18). 'wh beteken in die pi<sup>c</sup>el gewoonlik



"begeer" maar kan ook gebruik word in die sin van "besluit" (vgl. Ps. 132:2). Vs. 10a kan dan soos volg vertaal word:

"Omdat Ek dit besluit het (of begeer) sal  
 Ek hulle 'n les leer."

In betekenis verskil dit nie van die weergawe van Van Leeuwen wat b<sup>e</sup>'awwātī behou en w<sup>e</sup>'essōrem as 'n doelsin neem nie. Dit kom daarop neer dat JHWH besluit het om Israel te straf vir hulle sonde (vgl. vs. 9a en b).

Die maatreël van JHWH waarmee Hy Israel tot ander insigte sou bring, is die monsterring van nasies teen hulle. In vs. 10c dui die voorsetsel b<sup>e</sup> die grond aan van die handeling wat in vs. 10b beskryf word (vgl. vs. 10a): Die nasies sal teen hulle versamel word omdat hulle (naamlik die Israëliete) gebonde is aan hulle twee sondes. Oor die vraag wat die twee sondes of dubbele skuld van Israel is, bestaan daar uiteenlopende menings. Ward noem tien verskillende verklarings wat kommentatore al aangebied het vir lištē <sup>c</sup>āwōnōtām. Hy self vertolk dit as "baie groot skuld" en bring dit in verband met Jer. 2:13 waar 'n verwante uitdrukking gebruik word om twee fasette van één sondige daad te beskryf.<sup>2</sup> Die vraag is of die telwoord (lištē) kwalitatief of kwantitatief bedoel is. Albei is inderdaad moontlik: Indien lištē 'n kwalitatiewe aanduiding is wat op dieselfde vlak lê as rā<sup>c</sup>at rā<sup>c</sup>atkem in vs. 15b is die betekenis waarskynlik "dubbele skuld" of "besondere groot skuld". Indien lištē 'n kwantitatiewe betekenis het, verwys dit waarskynlik terug na haṭṭa't yiśrā'el in vs. 8 en 9a. Dit beteken dat die aanhang van 'n verwerde kultus (vs. 8) en die verbondenheid aan 'n goddelose koningskap (vs. 9a), die twee sondes van Israel is. Die perikoopindeling sou 'n argument téén hierdie verklaring kon wees, maar die breër konteks van die boek ondersteun dit. Die twee sondes is dan waar=

---

2. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl. 48.

skynlik die kultiese en politieke oortredinge van Israel. Vs. 11a tot d word ook verskillend uitgelê deur vs.11 die kommentatore. Die opinies gaan veral uiteen by vs. 11c en d: Sommige verklaarders beskou vs. 11c en d as 'n adversatiewe sin (vgl. wa'ānī) wat teenoor vs. 11a en b staan en 'n ongunstige betekenis het in soverre dit as 'n oordeel van JHWH bedoel is (Gispén e.a.). Ander dink weer aan 'n gunstige betekenis en vertaal <sup>c</sup>br <sup>c</sup>1 met "verskoon" of "oorsien" (vgl. bv. Mi. 7:18). 'n Derde groep neem 'n middelposisie in en vertolk vs. 11c en d neutraal in die sin van "inspan" as 'n beeld om die vestiging in Kanaän te beskryf (Rudolph, Van Leeuwen, e.a.). Indien die teks onveranderd gehandhaaf word, is die volgende verklaring die beste: Vs. 11a en b is 'n temporele bysin wat die begeleidende omstandighede by die hoofsin in vs. 11c en d beskryf (Ges-K. par. 141 b, e; vgl. ook bv. Gen. 23:10 waar 'n soortgelyke konstruksie voorkom; die bysin het in dié geval 'n redegewende nuanse). 'ōhabtī is 'n vroulike partisipiale vorm wat deur middel van die hīreq compaginis verbind is met lādūš (Ges-K. par. 90 1). <sup>c</sup>ābar <sup>c</sup>al word in vs. 11c en d gebruik met die betekenis "afkom op", of "ontdek" (so Wolff; vgl. ook Es. 16:6 en 8). Vs. 11a tot d kan dan soos volg vertaal word:

"Toe Efraim 'n mak jong vers was wat lief was  
om te dors,  
het Ek haar sterk nek raakgesien."

Die beeld wat gebruik word, is dié van 'n Palestynse boer wat 'n mak jong vers het wat graan uittrap (vgl. Deut. 25:4; Jer. 50:11) en dan op 'n dag besef dat die dier se nek sterk genoeg is om swaarder werk te doen. Daarmee word die handelwyse van JHWH teenoor Efraim beskryf: Op 'n stadium (klaarblyklik tydens Efraim se nomadiese bestaan), het JHWH besluit om hulle op 'n ander wyse in sy diens te gebruik. Dit gaan hier nie oor die begin van

1 JHWH se bemoeienis met sy volk nie en sê ook niks oor die gronde vir sy verkiesing van Israel nie (teen Wolff, Rudolph en Van Leeuwen).

Vs. 11e dui die besluit aan wat voortgevloei het uit die "ontdekking" dat Efraim sterk genoeg was vir ander werk: JHWH sou Efraim inspan.<sup>3</sup> Dit is opmerklik dat die beeld wyer uitgebou word in vs. 11f en g. Nie net Efraim nie, maar ook Juda en Jakob word betrek. Sommige kommentatore beskou die naam Juda as 'n latere byvoeging in die teks maar daar is geen metriese-, tekskritiese- of literêr-kritiese gronde vir só 'n wysiging nie. Die kommentatore wat die teks onveranderd handhaaf, beskou die naam Jakob as 'n samevatting van die name Efraim en Juda. Die gebruik van die naam Jakob op ánder plekke in die boek Hosea dui egter daarop dat dit as parallel van Efraim gebruik word.<sup>4</sup> (Vgl. die bespreking by 4:16 v.).

Die bewerking van die grond waaroor vs. 11e tot g handel, is 'n duidelike verwysing na die oorgang van 'n nomadiese bestaan na 'n gevestigde landboukultuur: Die diere wat voorheen vry kon rondbeweeg en deur hulle eienaar versorg is, sou nou moes werk en 'n bydrae maak tot die produksie van hulle eie voedsel (vgl. lō in vs. 11g).

Die gedagtegang van vs. 11 word in vs. 12 vs.12-13c voortgesit. Alhoewel die beeld wat in vs. 11 gebruik word, nie deurloop na vs. 12 nie, dui die terminologie die verband tussen vs. 11 en 12 aan. Die beeldspraak wat hier gebruik word, is ook ontleen aan die akkerbou. Dit gaan egter nie oor die akkerbou nie, maar oor die lewe van die verbondsvolk in 'n gevestigde landboukultuur (Van Leeuwen e.a.). Die terme "saai" en "oes" dui die totale arbeid en waarskynlik ook die hele lewe van

---

3. Vgl. S. Mowinckel, Drive and/or ride in O.T., VT 12 (1962), bl. 285, vir hierdie betekenis van hirkīb.

4. So ook A. van Selms, The Southern Kingdom in Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 108.

die verbondsvolk aan (so Gispen; vgl. vir 'n soortge-lyke geval Ps. 121:8 waar šə't ūbō' gebruik word om die lewensduur aan te dui). Die term š<sup>e</sup>dāqā het verskillende betekenismoontlikhede.<sup>5</sup> Uit die parallelle gebruik van hesed en die konteks waarin dit staan, kan gekonkludeer word dat š<sup>e</sup>dāqā in verband staan met die verbond in vs. 12a. lišdāqā beteken dan "in ooreenstemming met die gestelde orde van die verbond". hesed is byna 'n sinoniem van š<sup>e</sup>dāqā maar lê die klem meer op die verpligting teenoor die verbondgenote wat die verbond meebring (Mays). In vs. 12a en b word die opdrag dus gegee dat die totale lewe van arbeid en optrede teenoor die verbondgenote moet ooreenstem met die norme wat JHWH in sy verbond gestel het.

Die uitdrukking "braak vir julle 'n braakland" (vs. 12c) verwys na die nuwe era wat in Kanaän sou begin wanneer arbeid en lewe in diens van die God van die verbond sou wees. Dit bevat moontlik ook 'n sinspeling op die ryke seën wat JHWH sou skenk in die nuwe situasie (vgl. Spr. 13:23).

w<sup>ec</sup>et l<sup>e</sup> word in vs. 12d deur die kommentatore verskillend weergegee. Dit word hier gebruik met die betekenis "dit is die aangewese tyd om ..." of "dit is noodsaaklik om ..." (vgl. Hag. 1:2 v.). drš 't-yhwh was blykbaar 'n vaste uitdrukking wanneer dit gegaan het oor vrae wat aan JHWH gerig is deur bemiddeling van 'n profeet.<sup>6</sup> Die uitdrukking word in die Ou Testament veral gebruik wanneer 'n politieke noodsituasie ontstaan het. Te oordeel na ander uitsprake in die boek Hosea (bv. 12:10 v., 14) verwys drš 't-yhwh ook na die soek van die wil van JHWH deur die diens van die profete. In die nuwe situasie sou die profetewoord dus 'n noodsaaklike riglyn wees vir die daaglikse lewe.

---

5. Vgl. Jenni/Westermann, THAT, deel II, kol. 507-529.

6. Vgl. Jenni/Westermann, THAT, deel I, kol. 462 v.

Die voorsettel <sup>c</sup>ad het in vs. 12e 'n sterker doelaanwysende as temporele betekenis (Rudolph). yōrē is vermoedelik 'n Noord-Israëlitiese wisselvorm vir yarwē (d.w.s. "laat reën", vgl. 6:3 waar yābō'en yōrē ook saam voorkom). Dit kan ook die hif<sup>c</sup>īl van yrh II wees (d.w.s. "onderrig", vgl. mwrh śdq in die Qumranmanuskripte). In aansluiting by die beelde uit die landbou is die eerste moontlikheid die waarskynlikste, maar dit is nie uitgesluit dat yōrē dubbelsinnig bedoel is nie. śedeq dui in vs. 12e die seëninge aan wat JHWH skenk wanneer die volk volgens sy wil leef. Konkreet kan dit onder andere slaan op vrugbaarheid en 'n goeie opbrengs van die grond (vgl. 2:21 tot 24). Vs. 12 kan soos volg vertaal word:

"Saai vir julle volgens die eise van die verbond!  
 Oes in ooreenstemming met die verbondstrou!  
 Breek vir julle 'n nuwe akker oop!  
 Dit is noodsaaklik om na die wil van JHWH te vra  
 sodat Hy kan kom en sy weldade oor julle uitgiet."

Vs. 12 sou beskryf kon word as 'n profetiese tōrā (Ward). Hiervolgens was daar vir die volk van JHWH twee riglyne vir die arbeid en lewe in die nuwe situasie in Kanaän, naamlik die voorskrifte van die verbond (vs. 12a en b) en die openbaring deur die profete (vs. 12d). 'n Lewe in ooreenstemming daarmee sou deur JHWH bekroon word met sy weldade.

Vs. 13a tot c beskryf die werklike optrede van Efraim in die land wat JHWH aan hulle gegee het. hrš word in vs. 13a gebruik om die bewerking wat die saad onder die grond moes kry, te beskryf, naamlik "inploeg". Dit is dus 'n ekwivalent van zr<sup>c</sup> in vs. 12a. reša<sup>c</sup> is egter die teenoorgestelde van ś<sup>e</sup>dāqā.<sup>7</sup> Dit is optrede wat nie aan die gestelde norm van die verbond beantwoord nie.<sup>8</sup>

cawlātā is 'n ou akkusatiefvorm van cawlā (Ges-K. par. 90 f). Die term word dikwels parallel met rš<sup>c</sup> gebruik

7. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 814 v.

8. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 226.

(bv. Jes. 26:10; Ps. 125:3; Job 27:7) en staan teen=oor hesed in vs. 12b (Wolff, Van Leeuwen, e.a.). Terwyl hesed die toegeneentheid teenoor JHWH en teenoor mekaar in die verbondsverhouding tot uitdrukking bring, beskryf cawlā gewoonlik 'n gesindheid van vyandskap (vgl. Ps. 89:23).

Sommige kommentatore verklaar vs. 13c as 'n oordeelswoord wat op die toekoms betrekking het (Ward, Rudolph). Andere (waaronder Mays) sien daarin 'n verwysing na gebeure in die verlede. Op grond van die parallelisme tussen vs. 13a, b en c is die laaste moontlikheid die beste: Vs. 13a tot c is klaarblyklik bedoel as die teëhanger van vs. 12. Vs. 13c staan teenoor vs. 12d en e. In plaas van na JHWH se wil te vra en die goeie gevolge daarvan te geniet, het hulle hom verloën deur nie aan sy tōrā gehoorsaam te wees nie.<sup>9</sup> Die vrug van die verloëning is dan die teëspoed wat hulle ervaar het as 'n gevolg daarvan. Hulle hele lewe was net die teenoorgestelde van wat JHWH geëis het en hulle het toe ook die teenoorgestelde ervaar van wat Hy vir hulle beoog het.

Vanaf vs. 13d gaan dit weer oor die aan= vs.13d-14b staande militêre aanslag teen die land. Vs. 13d en e motiveer vs. 14a en b. b<sup>e</sup>dark<sup>e</sup>kā word deur sommige kommentatore verander na b<sup>e</sup>rikb<sup>e</sup>kā op grond van die Septuaginta. Die lesing van die Septuaginta is egter nie in hierdie geval voldoende grond vir 'n verandering aan die Masoretiese teks nie aangesien dit heel waarskynlik 'n interpretasie is. Van Leeuwen vertaal drk met "mag" en verwys in dié verband na die Ugaritiese betekenis van drkt.<sup>10</sup> Die Vulgaat, Siriese vertaling en Targum gee drk met 'n meervoudsvorm weer; waarskynlik in die sin van "vermoë" of "krag" (vgl. Spr. 31:3 waar die meervoud

9. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 827.

10. Vgl. C.H. Gordon, Ugaritic Manual, Rome 1955, deel III, bl. 256 nr. 510.

van drk parallel staan aan ḥayil). Alles in ag genome, is dit die beste om die Masoretiese teks en vokalisasie te behou en drk te vertolk as "beleid". Dit pas goed in die konteks en sluit ook goed aan by gibbōrēkā wat die beroepsoldate onder bevel van die koning aandui (vgl. I Sam. 20:7; 23:9; so ook Wolff, Mays e.a.).

w<sup>e</sup>qā'm is, soos die imperfektum in vs. 14b aandui, bedoel as 'n waw konsekutief aan die perfektum van qwm (Ges-K. par. 9b; 23g; 72p). qwm b<sup>e</sup> word soos in Mi. 7:6 gebruik met die betekenis "opstaan teen". Sommige kommentatore gee <sup>c</sup>am in vs. 14a weer met "krygsvolk" (vgl. Num. 20:20, Rig. 5:14). Soos by vs. 13d en e is die parallelisme egter nie presies sinoniem nie, sodat die betekenis "volk" goed pas. yūššad ("verwoes word") is waarskynlik 'n passiewe imperfektum gal van šdd (Ges-K. par. 53 u). Vs. 13d tot 14b kan dan soos volg vertaal word:

"Omdat jy jou vertrouwe stel op jou beleid,  
 op jou groot hoeveelheid soldate,  
 sal daar krygsrumoer losbreek teen jou volk  
 en al jou vestingstede sal verwoes word."

Wolff meen dat vs. 13d tot 14b gerig is tot 'n militêre bevelvoerder. Die gebruik van die kollektiewe enkelvoud in die res van die boek plaas egter 'n vraagteken oor só 'n afleiding. Uit die inhoud lyk dit asof vs. 13d tot 14b gerig is tot die beleidmakers. Omdat hulle nie vertrou het op JHWH nie maar op hulle eie beplanning en militêre vermoë, gaan daar 'n oorlog uitbreek teen die land wat nie afgeweer sal kan word nie; die verdediging=stelsel sal heeltemal in duie stort.

Die hemistiges van vs. 14c en d word ge= vs.14c-15c woonlik so gekombineer dat 'em <sup>c</sup>al-bānīm ruṭṭāšā 'n enkelvoetige versreël vorm (vgl. die druk in BHS). Die parallelisme tussen vs. 14c en d en vs. 15 maak die groepering soos aangedui in die struktuurontleding, wenslik (Ward): Die eerste stige van vs. 14c en d begin met die voorsettel k<sup>e</sup> en dié van vs. 15 met kākā. In elkeen kom 'n pleknaam voor. Die tweede stigesbegin albei met

die voorsetsel b<sup>e</sup> wat deel is van 'n tydsaanduiding (b<sup>e</sup>yōm en baššahar).

Die kommentatore verklaar vs. 14c gewoonlik op twee maniere (vgl. Rudolph):

- i. šōd word vertolk as die status konstruktus van die selfstandige naamwoord šōd en šlmn byt 'rb'l word as 'n pleknaam beskou (vgl. bv. Abel-Bet-Maàga in II Sam. 20:14). Hierdie verklaring verbreek egter die parallelisme tussen vs. 14c en d en vs. 15 en laat śh in vs. 15a sonder 'n spesifieke subjek. Verandering van śh in e<sup>c</sup>śšē op grond van die Septuaginta moet afgewys word omdat die lesing van die Septuaginta 'n lectio faciliior is en 'n bepaalde interpretasie van die teks verteenwoordig.
- ii. šōd word verklaar as 'n infinitief konstruktus van šdd. šalmān ('n persoonsnaam) is die subjek en bet 'arbē'l die objek van šōd (Rudolph).

Laasgenoemde verklaring is ongetwyfeld die beste. 'em al-bānīm (vs. 14d) is waarskynlik 'n vaste uitdrukking.<sup>11</sup> Vs. 14d kan die beste verklaar word as 'n parentetiese sin. In vertaling kan vs. 14c en d soos volg weergegee word:

"Soos Salman Bet-arbel verwoes het -  
moeders is tydens die slag oor hulle kinders  
verpletter - ..."

Vs. 15a neem dan die vergelyking wat in vs. 14c getref word, weer op (vgl. kākā). Die subjek van āśā moet in die lig hiervan dieselfde wees as die subjek van šōd in vs. 14c, naamlik Salman. Uit die konteks is dit duidelik dat vs. 15 oor 'n toekomstige gebeure handel. Die perfektum āśā druk dus sekerheid uit. Dit is waarskynlik die enigste voorbeeld van 'n sogenaamde perfectum propheticum in die boek Hosea. Die eksegete wat die Masoretiese teks handhaaf, beskou Bet-el in vs. 15a as 'n vokatief of as die subjek van āśā. Die laaste

---

11. Vgl. A. van Selms, Genesis deel II, bl. 135 i.v.m. Gen. 32:12.



moontlikheid moet beslis afgewys word op grond van die parallelisme tussen vs. 14c en d en vs. 15. bēt-'el is hier waarskynlik 'n lokatief (vgl. 5:8 vir 'n soortgelyke gebruik van bēt-'āwen; verder ook 4:15; 9:10; 12:5 vir die gebruik van plekname in die akkusatief om "in die rigting van" uit te druk). Die uitdrukking rā<sup>c</sup>at rā<sup>c</sup>atkem is vermoedelik bedoel as 'n superlatief (Ges-K. par. 133 i). Vs. 15a en b kan soos volg vertaal word:

"Net so sal hy aan julle doen in Bet-el  
vanweë julle opperste boosheid."

baššahar is as parallel van b<sup>e</sup>yōm milhāmā (vs. 14d), 'n verwysing na die tyd wanneer die aanval begin (vgl. Rig. 10:33 vv.; II Kron. 20:16 vv.). Die perfektum in vs. 15c is waarskynlik nie bedoel as 'n perfectum propheticum nie, maar as 'n futurum exactum; met ander woorde, wanneer die geveg begin sal die koning van Israel alreeds vernietig wees.

Vs. 14c tot 15c bring verskillende vrae na vore:

- i. Wie is Salman en na watter gebeure verwys vs. 14c en d?
- ii. Waarom word Bet-el pertinent genoem in verband met die komende vernietiging?
- iii. Wat is die opperste boosheid (vs. 15b) waarvan die aangesprokenes beskuldig word?

Hierdie sake hou vanselfsprekend verband met mekaar en die breër konteks van die perikoop en boek sal ook in ag geneem moet word by die beantwoording van die vrae:

- i. Die vraag wie šalmān is, is deur die eeue verskillend beantwoord (vgl. Rudolph). Die meerderheid van die moderne kommentatore sien in vs. 14c 'n verwysing na die Moabitiese koning Salamanu wie se naam op een van die lysste van tribuutpligtiges van

Tiglat-piléser III verskyn.<sup>12</sup> Grammatikale oorwegings en die parallelisme tussen vs. 14c en d en vs. 15 maak hierdie verklaring onwaarskynlik aangesien šalmān ook die subjek is van Āśā in vs. 15a: Die Moabiete was nie in die tweede helfte van die agste eeu so 'n groot militêre faktor dat die profeet hulle as 'n bedreiging vir die Israelitiese staat sou sien nie. Indien šalmān die subjek is van Āśā (vs. 15a), is daar eintlik net één verklaring vir die naam: Dit verwys na die Assiriese koning Salmaneser. Hierdie verklaring kom reeds voor op een van die Septuaginta-manuskripte en word onder andere ook deur Weiser en Ward voorgestaan. Die feit dat die naam nie soos in II Kon. 17:3 en 18:9 as šlmn'sr voorkom nie, is nie 'n deurslaggewende argument teen die verklaring dat dit verwys na Salmaneser V nie (téén Rudolph).

Die beswaar van Rudolph dat die verkorting van die naam van die Assiriese koning moeilik verklaar kan word, verval wanneer ánder voorbeelde van verkorting van teofore name vergelyk word. Voorbeelde hiervan is Nimrod (Ninurta) wat waarskynlik 'n verkorting is van Tukulti-ninurta,<sup>13</sup> asook name soos Baäl (I Kron. 5:5) en Hadad (I Kon. 11:14 vv.). Soos dit waarskynlik is in die geval van Salman, is die teofore element behou by die verkorting van die name. In Akkadies is daar ook verskillende voorbeelde van verkorting van name.<sup>14</sup>

Die breër konteks ondersteun ook hierdie verklaring, aangesien dit in die voorafgaande perikoop duidelik gestel word dat die koning van Israel en sy kultus magteloos is teen die Assiriese opperkoning (vgl. 10:3 tot 7).

---

12. Vgl. A.H. van Zyl, The Moabites, Leiden 1960, bl. 23, 149 v., 183.

13. Vgl. A. van Selms, Genesis deel I, Nijkerk 1967, bl. bl. 146.

14. Vgl. J.J. Stamm, Die akkadische Namengebung, Darmstadt 1968, bl. 111-117.

Oor die pleknaam byt 'rb'l bestaan daar onsekerheid. Daar is vier plekke waarna die naam moontlik kan verwys, naamlik Irbid in Trans-Jordanië,<sup>15</sup> Irbid in Galilea,<sup>16</sup> Afula in die vlakte van Jisreël<sup>17</sup> en Arba-ilu in Assirië. Die laaste moontlikheid is beslis die beste. Daarop dui die spelwyse van 'rb'l. Die tweede 'ālef kan makliker verklaar word as die naam verwys na ar-ba-ilu, as wanneer dit verwys na arbēla. Verder dui die element byt in die naam waarskynlik daarop dat daar 'n kultusplek was. | Arba-ilu was 'n bekende kultiese sentrum in die noord-ooste van Assirië<sup>18</sup> en is dus 'n goeie parallel vir Bet-el. 'n Verwoesting van Arba-ilu word wel nêrens vermeld in die Assiriese annale nie, maar dit is bekend dat die stad in die tyd van Šamši-Adad V (823 tot 810 v.C.) opstandig was teen die gesag in Nineve.<sup>19</sup> Dit is heel moontlik dat Salmaneser by sy bewindsaanvaarding in 727 v.C. te doen gehad het met 'n opstand in die noordooste. Die opstande wat Sargon II ná 721 v.C. moes onderdruk in die noordoostelike deel van die Assiriese ryk<sup>20</sup> en die blote feit dat Israel dit gewaag het om die Assiriese gesag uit te daag in 723 (vgl. II Kon. 17:4), wys in dié rigting.

---

15. Vgl. bv. N. Glueck, Explorations in Eastern Palestine IV, in The Annual of the American Schools of Oriental Research, New Haven 1951, deel 25-28, bl. 154 v.; asook die meerderheid moderne kommentatore.

16. Genoem arbēla in I Makkabeërs 9:2.

17. Van Leeuwen noem dit as 'n moontlikheid met verwysing na A. van Selms, Levend verleden, Nijkerk 1967, bl. 79.

18. Vgl. B. Meissner, Babylonien und Assyrien, Heidelberg 1920, deel I, bl. 14, 101; deel II (1925), bl. 29, 68, 100, 281, 401.

19. Vgl. E. Ebeling en B. Meissner, Reallexikon der Assyriologie, Berlyn 1932, bl. 141, par. 3.

20. Vgl. J. Bright, A History of Israel, Londen 1960, bl. 263.

Die argument dat Arba-ilu in Assirië te verafgeleë was om bekend te wees by die hoorders van Hosea, hou nie steek nie, aangesien daar talle voorbeelde in die Ou Testament is wat daarvan getuig dat die inwoners van Palestina kennis gedra het van gebeure in verafgeleë plekke. (Gispen verwys in dié verband na Nah. 3:8 tot 10 waar die lot van die inwoners van Thebe as bekend veronderstel word by die hoorders.)

- ii. Die naam Bet-el verwys in vs. 15a ongetwyfeld na die plek waar die staatskultus gevestig was. Die argument van die kommentatore (vgl. Wolff, Rudolph, Mays, Van Leeuwen e.a.) dat die profeet die naam Bet-awen sou gebruik as hy die staatskultus in gedagte gehad het, verval wanneer in ag geneem word dat byt-'l 'n beter fonetiese parallel is vir byt-'rb'l as wat byt-'wn sou wees. Alhoewel dit in die perikoop nie oor kultiese sake gaan nie, is dit 'n uitgemaakte saak dat die staatskultus 'n rol sou gespeel het in die weerstand teen Assirië. Tradisies oor die God van Israel wat hulle uit Egipteland uitgelei het (vgl. I Kon. 12:28 v.), sou beslis bygedra het tot 'n gevoel van veiligheid en die vertroue dat die juk van Assirië afgegooi kan word (vgl. vs. 13d en e asook Jer. 7 vir 'n dergelike gesindheid later jare in Juda). Vs. 13d tot 15c stel dat die komende verwoesting nie net die militêre magsapparaat sou vernietig nie, maar dat dit sou deurdring tot by die middelpunt van die kultiese bedrywighede in Israel, naamlik die staatsheiligdom wat die beleid en optrede van die staat gesanksioneer het.
- iii. Die boosheid waarvan in vs. 15b sprake is, verwys na die vertroue op die eie beleid en magsontplooiing (vs. 13d en e). Die feit dat Israel nie die voorskrifte van JHWH gevolg het nie (vs. 12a tot 13c), maar hulle eie weg gegaan het (vs. 13d en e),

was in die oë van JHWH "opperste boosheid". Hierin het die koning as hoof van die weermag en as hoof van die staatskultus in Bet-el (vgl. die offisiële titel in vs. 15c), die leiding geneem. Daarom word sy lot spesiaal vermeld: Wanneer die aanval op Bet-el begin, sal die inisieerder van die "opperste boosheid" (vgl. ook 9:15) se lot reeds beseël wees (vs. 15c).

Dit is opmerklik dat die term  $r\bar{a}^c\bar{a}$  in die boek Hosea slegs gebruik word in 'n konteks waarin daar verwys word na die politieke leiers en die koning (7:1 v., 3; 9:15; 10:15). Dit klop met die gedagte wat telkens na vore kom in die boek, naamlik dat die owerheid die bron was van die kwaad in Israel.

10:9 tot 15 is in sy huidige vorm 'n sorgvuldig saamgestelde eenheid waarin 'n vyandelike inval deur die Assiriërs in die vooruitsig gestel word. Dit word voorgelê as JHWH se strafmaatregel teen sy volk oor hulle goddelose optrede (vgl. vs. 9a en b; 10a en c; 13d tot 14b en 15b). Hulle goddeloosheid hang ten nouste saam met die bestaan van die koningskap en die ewels wat dit meegebring het. Die vertroue op die beleid en magsapparaat van die staat word veral gelaak. Die sonde van die volk kom sterker na vore deurdadig die bedoeling wat JHWH met Israel in Kanaän gehad het, gestel word teenoor hulle ware gesindheid en handeling (vs. 11a tot 13c). Die vyandelike magte sou deurdring tot in Samaria (vgl.  $gib^c\bar{a}$  in vs. 9c) en Bet-el, die sentra van die twee ewels naamlik die koningskap en die kultus.

## 6. Vertaling

- 9 Die sonde van Israel dateer uit die dae van Gibeon  
- daarmee het hulle volhard.  
Die oorlog teen die opstandiges sal sekerlik deurdring tot in Gibeon!
- 10 Ek het vas besluit om hulle 'n les te leer:

- Vreemde nasies sal teen hulle gemonster word omdat hulle geheg is aan hulle twee sondes.
- 11 Terwyl Efraim 'n mak vers was wat daarvan gehou het om koring uit te trap, het Ek besluit dat sy sterĳ genoeg is vir swaarder werk:  
Ek sou haar inspan;  
Juda sou ploeg; Jakob sou eg.
- 12 Die bedoeling was:  
"Saai vir julle volgens die eise van die verbond; oes ooreenkomstig die verbondstrou!  
Breek vir julle 'n nuwe akker oop!  
Dit is noodsaaklik om JHWH te raadpleeg sodat Hy kan kom en sy weldade oor julle uitgiet."
- 13 Maar julle het goddeloosheid ingewerk;  
julle het vyandskap geoes;  
julle het die vrug van verloëning geëet!  
Omdat jy vertrou op jou beleid, op jou groot getal soldate,
- 14 sal krygsrumoer losbreek teen jou volk en al jou vestingstede verwoes word.  
Soos Salman Bet-arbel verwoes het - tydens die slag is moeders op kinders verpletter -
- 15 net so sal hy met julle doen in Bet-el vanweë julle opperste boosheid.  
Wanneer die aanval begin, sal die koning van Israel reeds vernietig wees.

## 7. Agtergrond

Met inagneming van die moontlikheid dat die spreuke in die perikoop dalk nie 'n gemeenskaplike agtergrond het nie, sou die profetiese optrede wat hierin weerspieël word, gedateer kan word tussen die jare 727 en 723 v.C. In Israel was daar 'n magsopbou aan die gang om weerstand te bied teen die Assiriërs (vs. 13d tot 15c). Salmaneser V (727 tot 722) was reeds aan bewind, maar dit was vóór die gevangening van Hosea ben Ela in 723. Die plek van optrede was waarskynlik Samaria of Bet-el.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

10:9 tot 15 sluit inhoudelik aan by die voorafgaande perikoop: Die verwysing na 'n Assiriese inval wat sal deurdring tot in Bet-ël en Samaria en waarmee die lot

van die koning beseël sal word, is in albei perikope prominent. Daarby word hierdie vyandelike inval in albei perikope in die nabye toekoms verwag. Die verskil tussen die twee perikope is dat die verwoesting in vs. 1 tot 8 hoofsaaklik gemotiveer word deur die verbondenheid aan die kultus, terwyl dit in vs. 9 tot 15 gemotiveer word deur die verbondenheid aan die koning en sy beleid. Die twee gedeeltes weerspreek mekaar egter nie, maar vul mekaar aan.

Anders as by hoofstuk 9 is die vrugbaarheidsgodsdienst nie aan die orde in hoofstuk 10 nie en word daar ook nie pertinent verwys na die verlies van die land en die wegvoering in ballingskap nie.

## 11:1-11

### 1. Afgrensing

Feitlik al die kommentatore behandel 11:1 tot 11 as een perikoop. Daar is 'n duidelike wending in die perikoop wanneer die aanklagte en oordele wat in vs. 1 tot 7 ooreheers, by vs. 8 oorgaan in heilsprofesie. Vs. 8 tot 11 kan egter nie los van die voorafgaande verse verstaan word nie. By 12:1 begin daar tematies 'n nuwe eenheid. n<sup>e</sup>um yhwh dui as afsluitingsformule ook 'n sesuur aan ná vs. 11.

### 2. Tekskritiek

Die Masoretiese teks lewer verskeie probleme op. Kommentatore bring dan ook verskillende wysigings in die teks aan op grond van die oudste vertalings. Die belangrikste hiervan is die volgende:

- i. By vs. 2a lees die meerderheid k<sup>e</sup>qor'ī in plaas van qār<sup>e</sup>,ū op grond van die Septuaginta en die Siriese vertaling. Dit is egter 'n vraag of genoemde vertalings werklik teruggaan op 'n afwykende Hebreuse teks en of dit pogings is om 'n moeilike lesing verstaanbaarder te vertaal. Dit is wel moontlik dat die w in qr'w, soos soms in manuskripte gebeur, verwar is met y en dat dít die oorsprong is van die lesing in die Septuaginta en die Siriese vertaling. Die Masoretiese teks word gesteun deur die Vulgaat en verdien ook as lectio difficilior die voorkeur.
- ii. By die oorgang tussen vs. 2a en b het die Septuaginta en Siriese vertaling 'n ánder lettergroepering as die Masoretiese teks en lees mpny hm in plaas van mpnhm. Hierdie verdeling bied nie net 'n sinvolle lesing nie, maar sluit ook beter aan by die res van vs. 2 en 3. Dit is om dié rede verkieslik bo die lettergroepering van die Masoretiese teks.
- iii. Daar word meestal ook by qhm in vs. 3b veranderings aangebring op grond van die lesings in die Siriese vertaling, Vulgaat, Targum en die Septuaginta. Dit kan egter met redelike sekerheid beweer word dat al hierdie gevalle pogings is om die teks te verbeter en daarom behoort die Masoretiese teks, nieteenstaande die probleme wat qhm oplewer, behou te word (vgl. Betekenis). Die lesing z<sup>e</sup>rō<sup>c</sup>ōtay (vgl. die Septuaginta, Siriese vertaling, Targum en Vulgaat) pas beter in die konteks as z<sup>e</sup>rō<sup>c</sup>ōtāw. Die Masoretiese teks het waarskynlik ontstaan deur dittografie van w.
- iv. By vs. 4c en 5a lees die kommentatore op grond van die Septuaginta gewoonlik ook 'wkyl lw in plaas van 'wkyl, l'. Die lesing van die Septuaginta kan egter te wyte wees aan 'n hoorfout (lō i.p.v. lō') en behoort as lectio facilior afgewys te word.



v. Daar is ook verskillende ánder veranderings wat die kommentatore aanbring, veral by vs. 7b: Die afwykende lesing van die Septuaginta naamlik kai ho theos epi ta timia autou thumōthēsetai, veronderstel 'n Hebreeuse lesing w'l <sup>c</sup>l yqryw yhr. Dit wyk nie so sterk af van die Masoretiese teks nie en kan te wyte wees aan die verwarring van d en r (yhr i.p.v. yhd) en 'n foutiewe interpretasie van yqr'hw as die selfstandige naamwoord yāqār met 'n derde persoon suffiks. Die Masoretiese teks verdien ook in hierdie geval die voorkeur.

By vs. 7a het die Septuaginta (naas ander verskille) derde persoon enkelvoud suffikse by <sup>c</sup>m en mšbh in plaas van die eerste persoon soos in die Masoretiese teks. Hierdie verskil is waarskynlik óók te wyte aan die skryfwyse van w en y. Dit is egter moeilik om in hierdie geval te bepaal watter lesing die oorspronklike een was (vgl. Betekenis).

### 3. Vorm

Die perikoop bestaan uit enkel-, twee- en drievoetige versreëls wat elk twee of drie heffings per versvoet bevat. Daar kan nie met sekerheid gesê word of vs. 6c en 7c as twee of drie heffings geskandeer moet word nie. Verder is dit onseker of n<sup>e</sup>'um yhwh in vs. 11c binne of buite die metrum val (vgl. 2:15). Die eerste moontlikheid lyk die beste. Daar is nie 'n vaste patroon in die metrum nie, (maar dit is tóg opmerklik dat die qīnā-ritme in 'n hele paar versreëls in vs. 1 tot 5 voorkom) (vgl. Betekenis vir vs. 2a). By die oorgang na die konsekutiewe perfekta en daaropvolgende imperfekta in vs. 6 en 7 is daar 'n duidelike verandering in die metrum. Vs. 8 begin weer met 'n qīnā-ritme, maar gaan daarna oor na sesklem versreëls. By vs. 10 klop die chiastiese patroon van die metrum met die chiasme van die twee stiges.

Die perikoop bestaan oorewegend uit sintetiese parallelle hemistiges. Sinonieme parallelisme kom byvoorbeeld voor in vs. 2b, 4a en 8. Vs. 1 tot 5 en vs. 10 v. is ryk aan beeldspraak. Verskillende woorde word in die perikoop herhaal (vgl. qr' in vs. 1b, 2a en 7b; šwb in vs. 5a, b en 9b; hlk in vs. 2a en 10a; š'g in vs. 10a en b; hrd min in vs. 10b en 11a; lō' in vs. 9). In vs. 8a en b is daar alliterasie op '.

#### 4. Struktuur

Die perikoop is saamgestel uit twee dele wat elk uit verskillende onderdele opgebou is:

- i. Vs. 1 tot 7 Hierdie deel van die perikoop bestaan uit drie spreuke waarin die optrede van JHWH in die verlede teenoor Israel of Efraim, telkens gevolg word deur hulle reaksie (vs. 1 en 2; vs. 3; vs. 4 en 5 - vgl. Betekenis vir die verklaring van vs. 5a). Dit is opmerklik dat die beskrywing van die reaksie van Israel of Efraim al hoe korter word in verhouding tot die beskrywing van die handeling van JHWH.

Ná die drie spreuke word daar in vs. 6 en 7 oorgegaan na konsekutiewe perfekta en imperfektiese vorme in 'n beskrywing van die toekomstige lot wat Efraim sal tref.

- ii. Vs. 8 tot 11 Dit bestaan uit twee dele: In vs. 8 en 9 is JHWH die subjek van die handeling wat beskryf word. Die retoriese vrae in vs. 8 en die negatiewe in vs. 9 onderskei hierdie verse van vs. 10. In vs. 10 en 11 word daar ook anders as in vs. 8 en 9 na Efraim of Israel verwys in die derde persoon meervoud. Hier gaan dit oor toekomstige gebeure waarin Efraim of Israel se reaksie op die handeling van JHWH weer beskryf word.

Daar is verskillende formele verbindingslyne tussen

vs. 1 tot 7 en vs. 8 tot 11: Daar is byvoorbeeld die heropname van die name Israel en Efraim (vs. 1, 3 en vs. 8), Egipte en Assirië (vs. 5 en vs. 11) en terme soos h<sub>l</sub>k (vs. 2 en vs. 10).

## 5. Betekenis

Die perikoop begin soos 'n paar van die vooraf= vs.1 gaande perikope, met 'n verwysing na gebeure in die geskiedenis van Israel (vgl. 9:10; 10:9). In hierdie geval word daar egter verder teruggegaan in die geskiedenis as in die ander gevalle.

k<sub>i</sub> lei in vs. 1a 'n temporele bysin in, waarop 'n konsekutiewe imperfektum volg (vgl. Ges-K. par. 111, b). na<sup>c</sup>ar kan bedoel wees as 'n adjektief (Gispen), maar dit is meer waarskynlik 'n selfstandige naamwoord wat parallel staan aan b<sup>e</sup>n<sub>i</sub> in vs. 1b. Dit kan 'n kind of jongeling van enige ouderdom aandui en kan ook "kneg" beteken. Albei die betekenisse pas ewe goed in die konteks, maar op grond van die parallelle gebruik van b<sub>e</sub>n moet na<sup>c</sup>ar met "knaap" of "jongeling" vertaal word. Verskillende kommentatore vertolk wā'ōhābēhū as 'n inkoatiewe werkwoord. Dit kan egter ook bloot 'n handeling aandui wat gelyktydig plaasvind met die situasie wat in die temporele bysin beskryf word, sonder dat dit 'n inkoatiewe aspek hoef te hê. Die klem lê in vs. 1a nie op die tydstip waarop JHWH Israel liefgekry het nie, maar op die feit dat JHWH Israel reeds liefgehad het terwyl hy nog 'n "jongeling" was.

In aansluiting by vs. 1a stel vs. 1b dat JHWH sy seun uit Egipte geroep het. Uit die beeld van vader en seun wat gebruik word vir die verhouding tussen JHWH en Israel, is dit duidelik dat die liefde waarvan vs. 1a praat, die grond was vir hierdie verhouding. Die beeld bring JHWH se versorging van Israel na vore (Wolff). Sy bemoeienis met Israel was daarop gerig om hulle te lei en

te onderrig (Van Leeuwen).

Die meerderheid van die kommentatore groepeer vs.2 kēn by die tweede hemistige en veronderstel dan dat k<sup>e</sup> voor qr' uitgeval het (vgl. Tekskritiek). Die Masoretiese teks kan egter onveranderd gehandhaaf word as kēn by die eerste hemistige gereken word (vgl. Rig. 21:14 vir 'n soortgelyke gebruik van kēn). kēn beteken dan "op dieselfde wyse" en verwys terug na 'hb in vs. la. qār<sup>e</sup>'ū is 'n voorbeeld van 'n werkwoord in die derde persoon meervoud wat 'n onbepaalde subjek het en vir alle praktiese redes gelykstaan aan 'n passief (Ges-K. par. 144 g). qār<sup>e</sup>'ū lāhem kēn is blykbaar 'n temporele bysin by hāl<sup>e</sup>kū mippānay (vgl. Ges-K. par. 164, a en b). Vs. 2a kan dan soos volg vertaal word:

"Toe hulle op dieselfde wyse geroep is,  
 het hulle van My af weggegaan."

JHWH se bemoeienis met Israel het nie geëindig ná die uittoeg uit Egipte nie (vs. 1). Met dieselfde liefde en dieselfde gesindheid van sorg en leiding teenoor sy volk, wou Hy hulle ook daarná aan Hom verbind. Indien uitsprake in die res van die boek Hosea in ag geneem word, is die bedoeling waarskynlik dat die roepstem van JHWH tot Israel gekom het deur die diens van die profete (vgl. bv. 12:14, asook die parafrase in die Targum).

Die volk het egter geen ag geslaan op die liefdevolle roepstem van JHWH nie en die rug op Hom gedraai. In vs. 2b lê hem en die ongewone posisie van die indirekte voorwerpe (labb<sup>e</sup>ālīm en lapp<sup>e</sup>silīm) 'n bepaalde klem: Dat hulle, die volk van JHWH, juis die vrugbaarheidsgode en die afgodsbeelde vereer het met hulle slag- en reukoffers, is onbegryplik! Vs. 1 en 2 sinspeel na alle waarskynlikheid op die inleiding en eerste twee gebooe van die dekalog (vgl. Eks. 20:2 vv.; Deut. 5:6 vv.): Die uitverkore volk van JHWH, wat Hy aan Hom verbind het uit liefde, het op sy heilssdade gereageer met die grofste vorm van ondankbaarheid.

Die gebeure wat in vs. 1 en 2 beskryf word, moet nie beskou word as direk opeenvolgende gebeurtenisse sodat vs. 2 verwys na iets wat in die woestyn plaasgevind het nie (vgl. Ward e.a.). Alle klem lê op die teenstelling tussen die handeling van JHWH en die optrede van Israel. Vs. 2 verwys na die tydperk ná die vestiging in Kanaän aangesien die aanhang van die vrugbaarheidsgodsdiens volgens Hosea eers by die inname van die land begin het (9:10) en die woestyntyd die ideale tyd was in die verhouding tussen JHWH en Israel (vgl. 2:16 v.).

In vs. 3 word daar weer met die beeld van 'n vs.3 kind gehandel oor JHWH se optrede teenoor Israel. Dit is egter nie 'n direkte voortsetting van die beeld in vs. 1 en 2 nie, aangesien dit in vs. 3 gaan oor 'n kind wat nog leer loop. 'ānōkī staan voorop en lê besondere klem op die feit dat JHWH en niemand anders nie, Efraim "leer loop het". (tirgaltī is vermoedelik 'n tif<sup>c</sup>el-vorm van rgl; vgl. Ges-K. par. 55 h).

qhm in vs. 3b is problematies en die meerderheid van die kommentatore wysig die teks (vgl. Tekskritiek). Die masorete het qhm moontlik vertolk as 'n derde persoon enkelvoud perfektum van lqh met die suffiks van die derde persoon manlik meervoud (d.w.s. l<sup>e</sup>qāhām), maar waarvan die l weggeval het deur aferese (vgl. Gispen). Die probleem is in só 'n geval dat JHWH as subjek voorkom in die eerste persoon in vs. 3a, in die derde persoon in vs. 3b en weer in die eerste persoon in vs. 3c. 'n Ander moontlikheid is dat die masorete qhm verstaan het as 'n ongewone infinitief konstruktus van lqh met die suffiks (Van Leeuwen). Alhoewel qhm onoplosbare grammatikale probleme oplewer, is die bedoeling van vs. 3b klaarblyklik om te sê dat JHWH Efraim opgetel en gedra het. Vs. 3a en b kan soos volg vertaal word:

"Ek het Efraim self leer loop;  
 Ek het hulle op my arms geneem."

(Dit is soos wat die vertalers van die Septuaginta, Siriese

vertaling, Targum en Vulgaat ook die teks geïnterpreteer het.)

Op hierdie daad van JHWH het Efraim volkome negatief ge= reageer (vs. 3c). rp' word in die res van die boek ge= bruik met die betekenis "gesond maak" of "herstel". Dit word elke keer gebruik in 'n konteks waarin dit gaan oor die herstel van die verhouding tussen JHWH en Israel en die gepaardgaande verlossing uit 'n toestand van nood (5:13; 6:1; 7:1). rp' kan dan ook "verlos" (Ps. 107:20), of "beskerm teen plaë" beteken (vgl. Eks. 15:26; II Kron. 30:20). In Hos. 11:3 kan die term die beste weergegee word met "beskerm". Efraim het dus die beskermende sorg van JHWH geloën.

Verskeie kommentatore sien in vs. 3 'n verwysing na die verlossing van die volk uit Egipteland of hulle verblyf in die woestyn (vgl. Wolff en Van Leeuwen). Dit is egter 'n vraag of vs. 3 handel oor 'n bepaalde faset van die geskiedenis van Israel. Die beeld van 'n kleuter wat leer loop, wil waarskynlik nie iets sê oor enige stadium van die volk se bestaan nie, maar dit wil beklemtoon dat die liefdevolle sorg van JHWH hulle deur krisis geleidelik het wat hulle sonder sy hulp nie te bowe sou kon kom nie (Mays).

Die betekenis van vs. 4 is omstrede: Kommenta= vs.4 tore soos Wolff, Mays en Van Leeuwen sien in vs. 4 'n voortsetting van die beeldspraak wat in vs. 3 gebruik is, naamlik dié van 'n vader se optrede teenoor sy kind. Hulle lees dan ook c<sub>ū</sub>l in plaas van c<sub>ō</sub>l in vs. 4b. Andere (waaronder Gispén en Rudolph) vertolk vs. 4 as beeldspraak waarin die optrede van JHWH teenoor Efraim vergelyk word met dié van 'n boer teenoor sy trekdier. Die tweede moontlikheid is beslis die beste. Diegene wat in vs. 4 die beeldspraak van 'n ouer en sy kind terugvind, se verklaring van vs. 4a is totaal onbevredigend. Wolff sê byvoorbeeld: "Nach Analogie von Lenkseilen für das Vieh ... ist hier von der zwar

vergleichbaren, aber doch betont andersartigen Lenkung junger, leicht sich verlaufender Menschen die Rede." Van Leeuwen dink weer aan 'n moderne gebruik wanneer hy sê: "... zoals een vader zijn gemakkelijk weglopende en dan verdwalende zoontje aan een tuigje leidt, ...". Dit is onwaarskynlik dat die profeet in beeldspraak van 'n suigeling, gebruik sal maak van nóg 'n beeld, naamlik dié van toue waarmee diere gelei word!

In vs. 4a is die beeld wat gebruik word beslis dié van 'n landbouer wat sy trekdier met toue lei,<sup>1</sup> waarskynlik om ingespan te word. 'ādām en 'ahābā wat ḥablē en ḥābōtōt nader bepaal, verwys na die handelwyse van die boer (vgl. II Sam. 7:14 vir 'n soortgelyke gebruik van 'ādām). Dit beteken dat JHWH sy "trekdier" nie onmenslik behandel het nie en dat Hy hulle met liefde hanteer het.

Die grammatikale en ander besware wat by vs. 4b geopper word teen die vokalisasie van die masorete en die verklaring dat die beeldspraak verwys na trekdier, gaan nie op nie (vgl. hiervoor bv. Wolff en Van Leeuwen): ḥal-l<sup>e</sup>ḥēm is 'n relatiewe sin sonder 'āšer (vgl. Ges-K. par. 155 b) met ḥōl as antesedent. Vs. 4b kan soos volg vertaal word:

"Ek was vir hulle soos diegene wat die juk oplik wat teen hulle kake druk."

Die beswaar dat 'n juk nie teen 'n bees se kake druk nie, maar op sy nek rus, verval as in ag geneem word dat wanneer die dier stilstaan en veral as hy sy kop laat sak om te vreet, die juk wegskuif van die skof af en die skeie teen die kake druk.<sup>2</sup>

- 
1. Vgl. G. Dalman, Arbeit und Sitte in Palästina, Gütersloh 1932, deel II, bl. 113.
  2. Vgl. bv. G. Dalman, a.w., afbeelding 33 en 48, waar die skeie baie duidelik teen die rustende dier se kake druk.

Daar is wel 'n oneffenheid in vs. 4b in soverre 'n enkelvoud ('ehyē) en 'n meervoud (m<sup>e</sup>rīmē) aan mekaar gelyk gestel word. Dit geld egter ook wanneer <sup>c</sup>ōl as <sup>c</sup>ūl gevokaliseer word.

w't in vs. 4c is blykbaar deur die masorete vertolk as 'n byvoeglike naamwoord ("sagkens" van 't, vgl. bv. Gen. 33:14; II Sam. 18:5). Dit is egter beter om w't as wā'et, 'n konsekutiewe imperfektum gal van nṯh te vokaliseer (vgl. Rudolph). 'ōkīl is waarskynlik die hif<sup>c</sup>īl imperfektum van 'kl en lê klem op die voortdoring van die handeling in die verlede. 'ōkīl het nie 'n objek nie, maar dit kan wel uit die konteks aangevul word. In vertaling kan va. 4c dan soos volg weergegee word:

"Ek het na hom afgebuig,  
 Ek het hom gereeld gevoer."

Die beeld is dan dié van 'n boer wat sy trekdier inspan (vs. 4a), uitspan (vs. 4b) en gereeld versorg (vs. 4c). Wanneer in die beeld na die in- en uitspan verwys word, is die bedoeling waarskynlik om daarmee die totale diensbaarheid van die volk aan te dui. JHWH het sy volk nooit sonder liefde en menslikheid behandel nie (vs. 4a). In hulle diensbaarheid aan Hom was hulle vryheid (vs. 4b) en versorging gewaarborg.

Sommige kommentatore bring vs. 4 in verband met die woestynog (vgl. 'emš<sup>e</sup>kem) en verklaar 'ōkīl as 'n verwysing na die manna in die woestyn. Dit is egter beter om soos by vs. 2 en 3 nie aan 'n spesifieke periode van die geskiedenis van Israel te dink nie, maar aan JHWH se versorging te alle tye.

\Vs. 5a word deur feitlik al die kommentatore vs.5 vertolk as 'n oordeelswoord oor Efraim. In die meeste gevalle word lō' verander na lō en verbind met 'ōkīl in vs. 4 (vgl. Tekskritiek). In gevalle waar die negatief behou word, word die tweede hemistige teensteltend tot die eerste vertaal, naamlik "hy sal nie na Egipteland terugkeer nie, maar Assirië sal sy koning



wees". Die probleem met hierdie verklaring is dat dit in stryd is met vs. 11 waarvolgens daar wel 'n "terugkeer" na Egipte sal wees. Andere behou ook die negatief maar vertolk dit dan as 'n vraag (vgl. in dié verband ook die kommentatore se verklaring van 10:9).

Die probleem met al hierdie verklarings is dat 'n oordeelswoord ná vs. 4 uit sy plek is. (Wolff het dit ook aangevoel, maar sy verklaring dat dit oor bestaande politieke situasies gaan, is onbevredigend. Dieselfde geld vir die verklaring van Rudolph dat die profeet met die deur in die huis wou val deur die oordeelswoord in vs. 5a eerste te plaas vóór die reaksie van die volk in vs. 5b). Die patroon van die voorafgaande spreuke waarin die negatiewe reaksie van die volk telkens die spreuk afsluit, dui daarop dat vs. 5a nie 'n oordeelswoord is nie en dat dit 'n ánder nuanse moet hê.

In die eerste plek moet lō' ook by die tweede deel van vs. 5a veronderstel word (vgl. Ges-K. par. 152 z vir gevalle waar 'n negatief by een sin ook vir 'n parallelle sin geld). Vs. 5a is waarskynlik bedoel as 'n verbod (lō' met die imperfektum yāšūb). Soos soms die geval is by 'n imperatief, moet dit egter nie as 'n gewone verbod vertolk word nie, maar as 'n versoek of begeerte wat uitgespreek word (vgl. Ges-K. par. 110 a). Vs. 5a kan dan soos volg weergegee word:

"Ek wou hê dat hy nie na Egipte terugkeer nie,  
en dat Assirië nie oor hom moet heers nie."

(Vgl. bv. II Kon. 5:22 waar die bevel aan Naäman baie duidelik 'n versoek is en daarom in 'n vertaling aangevul moet word met "ek wil hê dat u ..."). Dit sluit goed aan by vs. 4 waar dit gaan oor die volk se diensbaarheid aan JHWH: Hy het sy volk uit liefde vrygemaak van die knegskap in Egipte. Hy wou hê dat hulle in sý diens moet wees en nie in knegskap in Egipte of onder die heerskappy van Assirië verkeer nie. Solank hulle onder die liefdevolle hantering en versorging van JHWH was

(vs. 4), was hulle gevrywaar van die tirannie van die wêreldmagte (vs. 5a).

Ná die negatiewe sin (vs. 5a) lei kī in vs. 5b 'n adverbale sin in (vgl. Ges-K. par. 163a). lāšūb is duidelik bedoel as 'n woordspel met yāšūb in vs. 5a: JHWH wou hulle aan Hom verbonde hou en wou nie hê dat hulle na Egipte moet terugkeer nie, maar hulle het geweier om hulle na Hóm te keer. Die reaksie van Efraim was dus soos in die vorige gevalle volkome negatief.

Ná die drie aanklagte waarin die ondankbare en vs.6 koppige reaksie van die volk gestel is teenoor die sorg en toewyding van JHWH, volg die oordeel in vs. 6 en 7. hālā, die perfektum vroulik van hwl beteken in die konteks "verwoesting aanrig". hereb staan pars pro toto vir 'n krygsmag (Van Leeuwen). klh kan in die pi<sup>c</sup>el "vernietig" of "uitroei" beteken (vgl. Eks. 32:10). Die betekenis van baddāw is onseker: Indien vs. 6b bedoel is as 'n sinonieme parallel van vs. 6a, dui baddāw moontlik die sluitbalke aan waarmee die poorte van stede (ā<sup>c</sup>rāw) gesluit is (Gispen e.a.). Indien daar 'n nouer verband is tussen vs. 6b en c, verwys baddāw eerder na persone. Die afwesigheid van 'n objek by 'klh ('n objek wat dus uit die onmiddellik voorafgaande aangevul moet word) en die meervoudige suffiks aan mō<sup>c</sup>esōt maak die tweede moontlikheid die waarskynlikste. Wolff (gevolg deur Van Leeuwen) vertaal baddāw met "seine Schwätzer", terwyl Mays dit weergee met "his oracle-priests".<sup>3</sup> (Vgl. Jes. 44:25; Jer. 50:36). Die laaste moontlikheid is in aansluiting by vs. 6c die beste: Die beleid van die land in die verhouding tot die grootmoondhede (vs. 5) sou beslis nie bepaal word sonder die raadpleging van orakelgewers nie. mō<sup>c</sup>esōt moet dan ook in die sin van "advies" verstaan word (vgl. Job 29:21). Wanneer die vyandelike krygsmag die land inval en verwoes (vs. 6a),

3. Vgl. H.J. Elhorst, Das Ephod, ZAW 30 (1910), bl. 266 v.

sal diegene wat die verkeerde advies gegee het, as die hoofskuldiges val deur die swaard.

Vs. 7 lewer ernstige probleme op en vertalers vs.7 en eksegete het van die vroegste tye af moeite gehad om die sin en betekenis van die Masoretiese teks te bepaal. Daar is dan ook talle konjektore wat voorgestel word by die teks (vgl. die kritiese apparaat in BHS). Die meerderheid van die moderne kommentatore beskou vs. 7 nie as 'n direkte voortsetting van die oordele in vs. 6 nie, maar as die beskrywing van 'n verandering wat by die volk sal intree in die komende krisis waarna vs. 6 verwys. Van Leeuwen byvoorbeeld, vertaal vs. 7a "dan zal mijn volk het afdwalen van Mij moe worden". Dit is egter 'n vraag of die passiewe partisipium t<sup>e</sup>lū'īm "moeg word" kan beteken. By vs. 7b is die probleem met die masoretiese vokalisasie dat dit twyfelagtig is of c<sup>a</sup>l adverbiaal gebruik kan word (vgl. Rudolph) en die betekenis kan hê "na bo waar JHWH woon" (so bv. Gispén).

Alles in ag genome, kan vs. 7 die beste soos volg verklaar word: In aansluiting by vs. 6a en b moet die eerste persoon suffikse in vs. 7a op grond van die Septuaginta gewysig word na derde persoon suffikse. Hierdie suffikse verwys soos by vs. 6a en b na Efraim, terwyl die meervoudsvorm t<sup>e</sup>lū'īm betrekking het op c<sup>a</sup>m. c<sup>a</sup>m dui in die konteks nie die hêle volk aan nie, maar slegs 'n deel daarvan.<sup>4</sup> Die passiewe partisipium t<sup>e</sup>lū'īm beteken letterlik "opgehang word" (vgl. II Sam. 21:12) en verwys na die gebruik om ná die inname van 'n stad sommige van die inwoners, gewoonlik die leiers, op te hang (so ook Van Hoonacker, soos aangehaal deur Gispén en Rudolph). Die voorsetsel l<sup>e</sup> dui soos min in vs. 6c die rede vir die handeling aan (vgl. KBL, bl. 465, nr. 22). m<sup>e</sup>šūbā beteken soos op verskeie ander plekke in die Ou Testament "afvalligheid" of "verlating" (vgl.

4. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 301, nr. 3.

ook 14:5). Dit verwys ongetwyfeld terug na šūb in vs. 5b. Op grond van die partisipium moet vs. 7a dan ook as 'n temporele bysin by vs. 7b vertaal word:

"En terwyl sy mense opgehang word  
vir die feit dat hy My verlaat het, sal ..."

Saam met die Vulgaat, Aquila, Theodotion en Symmachus moet c<sub>1</sub> in vs. 7b gevokaliseer word as c<sub>01</sub>. Soos dikwels in die Ou Testament dien dit as 'n simbool van knegskap<sup>5</sup> en in die konteks verwys dit na die ballingskap. Die subjek van qr' is soos in vs. 2 onbepaald en die term word hier gebruik met die betekenis "kommandeer".<sup>6</sup> yigrā'uhū kan ook hier die beste met 'n passief vertaal word:

"hy (d.w.s. Efraim) sal na die juk  
(van die ballingskap) gekommandeer word."

Die werklikheid en die beeld van die juk vloei dus ineen in vs. 7b.

Vs. 7c sluit die oordeelswoord af: yaḥad word hier soos in vs. 8d gebruik met die betekenis "geheel en al" (vgl. Wolff e.a.). Saam met lō' kan dit weergegee word met "geensins". yrrm moet ook as 'n passief gelees word (nl. y<sup>e</sup>rōmām, vgl. Van Leeuwen). c<sub>01</sub> is die versweë subjek van yrrm. Vs. 7c stel dus dat die juk geensins verwyder sal word nie. Dit beteken dat die knegskap of ballingskap geen einde sal hê nie; met ander woorde, Efraim sal vernietig word en tussen die nasies verdwyn.

Die oordeel in vs. 6 en 7 bevat dus 'n realistiese beskrywing van die inval van 'n leërmag - na alle waarskynlikheid die Assiriërs. Die krygsmag sal in die stede verwoesting aanrig (vs. 6a). Die waarsêers wat die land van advies bedien het, sal doodgemaak word (vs. 6b en c). Wanneer die stede ingeneem is, sal van die mense opgehang

---

5. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 190.

6. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel II, kol. 670.

word, terwyl die res op bevel van die veroweraars die lang tog as ballinge na die vreemde begin (vs. 7a en b). Dit sal 'n eindelose knegskap wees (vs. 7c).

In die oordeel is daar, soos op ander plekke in die boek, verskillende terugverwysings na die aanklagte wat daar aan voorafgaan: JHWH het die volk gevoed ('kl in vs. 4c), maar in die oordeel sal die swaard die orakelgewers verkeer ('kl in vs. 6c). Hulle wou nie luister toe daar na hulle geroep is in liefde nie (qr' in vs. 2a); in die toekoms sal hulle geen keuse hê wanneer die veroweraars hulle kommandeer nie (qr' in vs. 7b). Omdat hulle geweier het om diensbaar te wees aan dié Een wat gereeld die juk van hulle nekke afgehaal het en by wie hulle vryheid kon geniet (vs. 4 en 5), sal hulle uitgelewer word aan 'n baas wie se juk nooit verwyder sal word nie (vs. 7b en c).

In vs. 8 is daar ná die oordele van vs. 6 en 7 vs.8 'n skielike wending in die perikoop. Efraim of Israel word hier in die tweede persoon aangespreek. Verder is daar 'n bewoë toon in vs. 8 hoorbaar. Alhoewel daar nie 'n pertinente verwysing na liefde is nie, is dit duidelik dat die liefde wat in die verlede die grond was vir JHWH se optrede teenoor sy volk, ook die dryfkrag is agter die woorde in vs. 8 en 9.

Die twee retoriese vrae wat met 'ēk ingelei word, het in die konteks die betekenis "Ek kan mos nie ..." (vgl. Gen. 39:9 vir 'n soortgelyke gebruik van 'ēk). ntn word as parallel van mgn gebruik in die sin van "prysgee" (vgl. Ps. 44:12; Mi. 5:2). Die name Adma en Seboim was spreekwoordelik vir 'n totale uitwissing (vgl. Wolff en Mays). Positief gestel, beteken vs. 8a en b dus dat JHWH sy volk nie geheel en al sal vernietig nie. Vs. 8c dui die grond aan vir die retoriese vrae in vs. 8a en b: Met 'n antropomorfisme word gesê dat JHWH se hart teen Homself gekeer is en dat sy medelye (niḥūmay) hewig ontbrand (yahad nīkm<sup>e</sup>rū - vgl. Wolff). JHWH se liefde

vir sy volk staan dus die uitvoering van sy besluit om hulle heeltemal te vernietig (vs. 7c) in die weg.

In vs. 9a en b volg JHWH se besluit wat voort= vs.9 vloei uit wat in vs. 8 gestel is. Wanneer JHWH sê dat Hy nie sy brandende toorn vrye teuels sal gee nie (vs. 9a), beteken dit dat Hy sy volk nie geheel en al sal uitroei nie. (Vgl. I Sam. 28:18 vir 'n identiese gebruik van die uitdrukking śh hrwn 'p; vgl. daarmee saam ook I Sam. 15:2 v., 18).

Vs. 9b is deur sommige van die ouer kommentatore vertolk as 'n verwysing na die verwoesting van die noordelike ryk in 721 v.C. en vs. 8 tot 11 of dele daarvan is dan ook gewoonlik as 'n na-eksiliese profesie beskou. Sellin het egter aangetoon dat šūb in kombinasie met 'n volgende werkwoord nie noodwendig 'n herhaling van iets aandui nie, maar slegs dat 'n vroeëre daad ongedaan gemaak word (vgl. 2:11). Sellin word in dié verklaring tereg gevolg deur die meerderheid resente kommentatore. Vs. 9b sou dus vertaal kon word met:

"Ek sal My nie rig op die uitwissing van Efraim nie."

Vs. 9b is dus sinoniem parallel aan vs. 9a en in 'n sekere sin verwys dit terug na vs. 1: JHWH sal die daad waarmee Hy Israel sy volk gemaak het, nie weer ongedaan maak deur hulle heeltemal te vernietig nie (vgl. šht in Gen. 13:10; 19:13 i.v.m. die vernietiging van Sodom en Gomorra).

Uit die aanklagte in vs. 1 tot 5 blyk dat JHWH die volste reg gehad het om Efraim uit te wis. Die rede vir JHWH se besluit in vs. 9a en b is nie by Efraim geleë nie, maar by Homself. Hy is God en nie 'n mens nie (vs. 9c). Hy is die Heilige wat naby sy volk is (vs. 9d). qādōš dui in vs. 9 aan dat daar 'n wesenlike onderskeid is tussen God en die mens (vgl. Weiser, Rudolph): Wat menslike liefde nie sou vermag nie, doen die liefde van JHWH. Dit seëvier oor die grofste vorm van ontrou.

Vs. 9e vat vs. 9a tot d saam. Wanneer JHWH subjek is van die term bw', verwys dit meestal na 'n toekomstige ingryping van JHWH in die geskiedenis<sup>7</sup> (vgl. 6:3). c̄ir kan "spanning" of "opwinding" beteken (vgl. Jer. 15:8). In die konteks van vs. 8 en 9 sou dit miskien die beste vertaal kon word met "woede". JHWH se ingryping in die geskiedenis van sy volk sal dus deur liefde bepaal word. Sy optrede is gegrond in die liefde en nie in 'n gemoedsgesteldheid nie. Omdat die liefde van JHWH nie afhanklik is van die prestasie of voortreflikheid van die objek daarvan nie (vs. 1a), kan die ontrow van sy volk dit nie vernietig nie. Dit is dieselfde liefde en medelye wat JHWH in vs. 8 en 9 laat besluit om sy volk nie uit te wis nie.

In vs. 8 en 9 word die klem gelê op die feit dat JHWH Efraim nie sal uitwis en heeltemal sal vernietig nie. Hierdie verse bevat egter nie die teendeel van alles wat in vs. 6 en 7 staan nie. Dit staan net teenoor vs. 7c waar 'n nimmer eindigende ballingskap in die vooruitsig gestel word. Dat daar wel 'n ballingskap sal wees, word duidelik veronderstel in vs. 10 en 11.

In vs. 10 en 11 word die toekomstige uitwerking vs.10 van die besluit van JHWH in vs. 9, beskryf: Waar die Israëliete voorheen wegbeweeg het van JHWH af (vs. 2), sal hulle in die toekoms ná Hom toe beweeg (vs. 10a). Die beeld van 'n leeu wat brul, beteken dat JHWH sy stem duidelik sal laat hoor. Dit verwys na alle waarskynlikheid na die profetiese verkondiging (vgl. Am. 1:2 vv.; 3:4 tot 8). Die gedagte dat die toekomstige herstel van Israel sou plaasvind deur die profetiese verkondiging, word in 12:10 v. en 14 pertinent gestel. As JHWH in die toekoms sy stem kragtig sal laat hoor deur die diens van sy profete, sal die Israëliete daarop ag gee en Hom volg. Hulle sal nie soos vroeër sy roepstem minag nie (vgl. vs. 2).

Vs. 10b beklemtoon dat JHWH en niemand anders nie,

7. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 267 v.

verantwoordelik sal wees vir die terugkeer van die Israeliete. Dit bou vs. 10a ook verder uit hrd het gewoonlik die betekenis "bewe" of "bewend gaan/kom". In vs. 10b en 11a kan dit weergegee word met "vol ont=sag kom". bānīm sinspeel op bēn in vs. 1: Soos JHWH sy "seun" in die verlede uit Egipte geroep het, só sal sy kinders in die toekoms uit verskillende oorde kom wanneer Hy sy stem laat hoor (vs. 10b, 11a). miyyām beteken "uit die weste". Dit verwys blykbaar na die oostelike kusgebied van die Middellandse See (Gispen en Wolff). Die profeet het blykbaar verwag dat die komende katastrofe nie net die Israeliete as vlugtelingen en ballinge na Egipte en Assirië sou dryf nie (vs. 11a), maar dat hulle ook verstrooi sou word na die weste. (Dat die verbrekers van die verbond van God in die Feniciëse en ander kusgebiede sou beland, is 'n moontlikheid wat ook deur Deut. 28:68 voorsien word). Of dit werklik gebeur het met die val van die noordelike ryk, is natuurlik nie ter sake by die uitleg van vs. 10 nie.

Die oorgrote meerderheid van die kommentatore beskou vs. 10 of 'n deel daarvan as 'n latere invoeging in die teks. Die belangrikste argumente wat hiervoor aangevoer word, is die volgende:

- i. Die oorgang na die derde persoon in die verwysing na JHWH dui op 'n invoeging.
- ii. Die gebruik van die uitdrukking 'aryē yiš'āg is ontleen aan Am. 1:2 en 3:8. Verder is die beeld van die leeu vreemd in 'n heilsprefesie, aangesien Hosea dit net gebruik in verband met die oordeel van JHWH (vgl. 5:14; 13:7).
- iii. Die verwysing na bānīm miyyām in vs. 10b veronderstel 'n latere situasie, aangesien daar tydens die lewe van die profeet geen verstrooiing in die weste was nie.



Nie een van hierdie argumente is steekhoudend nie:

- i. Daar is verskeie voorbeelde in die boek waar 'n godsrede oorgaan in 'n profeterede binne dieselfde eenheid (vgl. bv. 9:10 tot 17).
- ii. Die gebruik van die terme 'aryē en yiš'āg is sekerlik nie net die prerogatief van Amos nie (vgl. Rudolph). Verder kom die gebruik van dieselfde beeld in 'n oordeelsprofesie en heilsprofesie ook elders in die boek voor: Die beeld van die duif wat in vs. 11 aangewend word in 'n heilsprofesie om die terugkeer na JHWH te beskryf, word in die aanklagte in 7:11 v. gebruik om die verlating van JHWH te verbeeld.
- iii. Die argument in verband met bānīm miyyām kan met 'n vraag weerlê word: As die profeet Hosea kon verwys na die toekomstige terugkeer van vlugtelinge en ballinge uit Egipte en Assirië, waarom kon hy nie ook verwys na die terugkeer van vlugtelinge van die kus van die Middellandse see, byvoorbeeld van Tirus af nie? Die stelling van Rudolph dat miyyām in die tyd van Hosea nie net betrekking kon hê op die ooskus van die Middellandse see nie, maar dat dit 'n wyer gebied ingesluit het, is onverdedigbaar. (vgl. KBL bl. 383 nr. 4).

Die belangrikste argument vir die handhawing van vs. 10 in sy geheel is dat dit nie net 'n brug slaan tussen vs. 9 en 11 nie, maar dat dit ook stilisties perfek aansluit by vs. 11a. Vs. 10 is 'n chiasme. Die chiasiese plasing van die werkwoorde word gedeeltelik voortgesit in vs. 11 met die heropname van yeherdū min. Vanaf vs. 10b tot 11a is daar in elk van die hemistiges 'n formele skakel met die voorafgaande hemistige. Vs. 10 of 'n deel daarvan kan alleen as 'n latere byvoeging beskou word as hierdie ooglopende skakeling verontagsaam word.

Die Israëliete sou ook uit Egipte en Assirië vs.11 terugkeer. Met die beeld van die voël en duif word daar klem gelê op die snelheid waarmee hierdie terugkeer na JHWH en na hulle land (vs. 11b) sal plaasvind. Wanneer in vs. 11b gesê word dat JHWH hulle sal "laat sit op hulle neste" (vgl. Sellin; asook Ps. 84:4), dan beteken dit dat Hy hulle weer sal vestig in hulle land. Dit is belangrik om daarop te let dat vs. 10 en 11 veronderstel dat daar wél 'n vlug en wegvoering uit die land sal wees. Die besluit van JHWH om sy volk nie heeltemal uit te wis nie (vs. 9), het net betrekking op die einde van vs. 7 waar 'n permanente knegskap, dit wil sê die algehele vernietiging van Efraim voorsien word. Dat Hy hulle nog sou straf, al was dit nie in woede nie (vs. 9f), word duidelik geïmpliseer deur vs. 10 en 11. Oor die vraag of n<sup>e</sup>'um yhwh in vs. 11c 'n deel was van die oorspronklike profesie en of dit behoort tot die latere redaksionele arbeid aan die boek, kan natuurlik geen definitiewe uitsluiting gegee word nie (vgl. die verskillende standpunte van Wolff en Rudolph hieroor). Dit is wel duidelik dat dit bedoel is om die heilsprofesie te bekragtig en af te sluit en as sodanig gaan dit waarskynlik terug tot die eerste skriftelike neerslag van die perikoop.

Die perikoop begin met drie aanklagte teen Israel of Efraim waarin hulle ondankbaarheid teenoor die liefdevolle toewyding en versorging van JHWH baie duidelik gestel word (vs. 1 tot 5). Ná die aanklagte volg die oordeel dat 'n vyandelike mag die land sal verwoes en die inwoners in ballingskap sal wegvoer (vs. 6a tot 7b). Dit sluit af met die stelling dat die knegskap permanent sal wees (vs. 7c). In vs. 8 en 9 word gestel dat JHWH se liefde Hom nie sal toelaat om sy volk heeltemal uit te wis nie. Die konsekwensies van hierdie besluit volg dan in vs. 10 en 11. Ná die oordeel sal JHWH weer sy volk byeenroep en hulle vestig in die land.

In hoofstuk 11 word die hele geskiedenis van Israel oorskou. Dit begin met die roeping uit Egipte en eindig met die belofte van herstel in die toekoms. Dit verwys na kultiese (vgl. vs. 2), politieke (vs. 5) en militêre sake (vs. 6). Daar word nie 'n deel van Israel of Efraim uitgesonder in die aanklagte nie en die name Israel en Efraim word as volkome sinonieme gebruik (vgl. bv. vs. 8). Dit is wel opvallend dat die raadgevers in die oordeel pertinent genoem word. Alhoewel daar geen besonderhede gegee word oor hóé die nuwe volk van JHWH daar sal uit-sien nie, is dit duidelik dat die bestaande staatsbestel die oordeel nie sou oorleef nie.

## 6. Vertaling

- 1     Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom reeds  
      liefgehad,  
      en uit Egipte het Ek my seun geroep.
- 2     Toe hulle later met dieselfde liefde geroep is,  
      het hulle van My af weggegaan.  
      Aan die vrugbaarheids gode het hulle hulle offers  
      gewy  
      en gesnede beelde is met hulle reukoffers vereer.
- 3     Ék self het Efraim leer loop;  
      Ek het hom in my arms geneem.  
      Maar hulle wou nie erken dat Ek hulle beskerm nie!
- 4     Ek het hulle altyd menslik hanteer en met liefde  
      ingespan.  
      Ek was vir hulle soos iemand wat die juk oplik  
      wat teen hulle kake druk.  
      Ek het My na hom neergebuig en hom gereeld gevoer.
- 5     Ek wou nie hê dat hy moes terugkeer na die kneg=  
      skap in Egipte  
      en dat Assirië oor hom moes heers nie.  
      Maar hulle het botweg geweier om hulle te bekeer!
- 6     'n Krygsmag sal in sy stede verwoesting aanrig.  
      Dit sal sy waarsêers uitroei;  
      dit sal hulle vernietig oor die advies wat hulle  
      gegee het.
- 7     En terwyl van sy mense opgehang word as straf vir  
      sy afvalligheid,  
      sal hy gekommandeer word vir die juk van die  
      ballingskap  
      - 'n juk wat nooit afgeskud sal word nie.
- 8     Ek kan jou mos nie prysgee nie, Efraim!  
      Ek kan jou mos nie laat vaar nie, Israel!  
      Ek kan jou mos nie vernietig soos Ek Adma

- vernietig het;  
met jǒú maak soos Ek met Seboim gemaak het nie!  
My binneste skop daarteen;  
My medelye sal My nooit toelaat om dit te doen nie!
- 9 Ek sal nie my vernietigende toorn vrye loop  
gee nie.  
Ek sal My nie daartoe begewe om Efraim uit te wis  
nie.  
Dit sal Ek doen omdat Ek God is en nie 'n mens nie.  
Ek is die Heilige wat naby jou is.  
Ek sal nie in woede ingryp nie.
- 10 Hulle sal JHWH volg, want Hy sal soos 'n leeu brul.  
Wanneer Hy sy stem só duidelik laat hoor, sal  
kinders van die seekant af kom met ontsag.
- 11 Met ontsag sal hulle so vinnig soos 'n voël uit  
Egipte kom  
en soos 'n duif uit Assirië.  
En Ek sal hulle na hulle neste terugbring,  
is die uitspraak van JHWH.

## 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, dateer waarskynlik uit die regeringsjare van Hosea ben Ela. Uit vs. 6v kan afgelei word dat die Assiriese inval onafwendbaar en voor die deur was. Kronologies sou dit goed pas ná die profesieë in 10:9 tot 15.

Daar is in die perikoop geen aanduiding van waar of by watter geleentheid die profesieë gelewer is nie. Daar bestaan ook nie voldoende rede om soos Wolff aan te neem dat dit gelewer is in die kring van die profeet se vriende nie.

## 8. Breër verbande en perspektiewe

Hoofstuk 11 is in 'n sekere sin die hoogtepunt en samevatting van die verkondiging van die voorafgaande perikope: Vanaf hoofstuk 8 bestaan die profesieë uit aanklagte en oordele. Alhoewel die leidende groepe of staat as politieke instelling uitgesonder word in bepaalde gevalle (vgl. bv. 8:1 tot 10; 9:15; 10:7, 15), is die aanklagte en oordele veral vanaf hoofstuk 9

gerig tot die hele Israel of Efraim. In 11:1 tot 7 word hierdie patroon van aanklagte en die gepaardgaande veroordelings voortgesit. Alhoewel die raadgewers in vs. 6 uitgesonder word, is die aanklagte en oordele soos in die voorafgaande perikope gerig tot Israel of Efraim as geheel. [Terwyl hoofstuk 9 konsentreer op die vrugbaarheidskultus en dit in hoofstuk 10 hoofsaaklik gaan oor politieke en militêre sake, is daar in hoofstuk 11 'n breër visie en word kultiese en politieke sake (vs. 2 en 5) ingebou in aanklagte wat handel oor die totale optrede van Israel of Efraim.

Hoofstuk 11 bring egter ook in 'n sekere sin 'n keerpunt: Vanaf hoofstuk 8 maar veral vanaf hoofstuk 9 was dit duidelik dat 'n verwoesting van die land onafwendbaar was. Die inwoners sou as vlugtelinge in Egipte beland of as ballinge in Assirië. Daar is besliste aanduidings dat die volk nie sou terugkeer na hulle land nie. Wanneer hulle in die vreemde sterf (9:6) of as permanente ballinge rondswerf (9:17), impliseer dit die einde van die uitverkore volk. Hierdie gedagtes word ook pertinent uitgespreek in die oordeel in 11:6 en 7. By 11:8 vv. is daar egter 'n wending: JHWH besluit om ná die katastrofe sy werk met sy volk voort te sit! Uit die verstrooides na al die streke sal Hy vir Hom kinders roep en hulle weer vestig in die land (vs. 10 v.). Hierdie hoop op 'n nuwe toekoms is alleen gegrond op die liefde van JHWH.

12:1-14

1. Afgrensing

By 12:1 begin daar 'n nuwe eenheid. Die meerderheid van die kommentatore behandel 12:1 tot 15 as 'n perikoop wat uit verskillende spreuke saamgestel is. Die insluiting van vs. 15 by die voorafgaande verse berus hoofsaaklik op die volgende argumente:

- i. Daar is klankassosiasie tussen tamrūrīm in vs. 15 en mirmā in vs. 1 en 8 (vgl. Wolff en Van Leeuwen).
- ii. Die voorkoms van die uitdrukking yašīb lō in vs. 3 en 15 dui daarop dat vs. 15 by vs. 1 tot 14 tuishoort.

Nie een van hierdie twee argumente is oortuigend nie:

- i. tamrūrīm kan eerder 'n klankassosiasie of woordspel met mār<sup>e</sup>tā in 14:1 wees, as met mirmā in vs. 1 en 8.
- ii. Teenoor die argument dat yāšīb lō in vs. 3 en 15 voorkom (so ook in 4:9), staan dat vs. 15 inhoudelik baie nouer aansluit by 13:1 as by 12:14. Volgens die kommentatore het hik<sup>c</sup>īs in vs. 15 betrekking op afgodediens. Dit is ook waaroor dit gaan in 13:1. Verder sluit dāmāw<sup>c</sup>ālāw in vs. 15 goed aan by wayyāmot in 13:1. Op grond hiervan word vs. 15 by 13:1 gereken en word 12:1 tot 14 as 'n perikoop behandel.

2. Tekskritiek

Die Septuaginta en Siriese vertaling wyk in enkele gevalle af van die Masoretiese teks. Wanneer die tekskritiese gegewens egter bestudeer word, is die indruk dat die vertalers (veral in die geval van die Septuaginta) soms interpreterend vertaal het, onvermydelik. Omdat die Masoretiese teks deurgaans lectio difficilior blyk te wees, word geen veranderings aan die teks voorgestel nie.

### 3. Vorm

Die perikoop bestaan uit twee- en drievoetige versreëls met twee tot vier heffings per versvoet. Daar is nie 'n patroon in die metrum nie en 'n duidelike afbakening van die strofes is ook moeilik. Dit is wel duidelik dat drievoetige versreëls oorheers in vs. 1 tot 7 en tweevoetige versreëls in vs. 8 tot 14. Die sesklem versreëls by vs. 8 en 9 (4 + 2, 2 + 4, 4 + 2) is opmerklik. Verder is daar metriese beklemtoning by vs. 2b tot d, vs. 3 en vs. 7.

Die hemistiges is soos gewoonlik sinteties parallel alhoewel sinonieme parallelisme ook voorkom (bv. vs. 1a, 3b). Daar is alliterasie op r in vs. 2a en op gl in vs. 12. Die perikoop is ook ryk aan herhalings (vgl. die voorsetsels <sup>c</sup>im in vs. 1 tot 3 en b<sup>e</sup> in vs. 13; verder ook die woorde šmr in vs. 7, 13 en 14; 'wn in vs. 4b, 9a en 12a; nābī' in vs. 11 en 14 en mš' in vs. 5c en 9a en b). Daar is 'n duidelike woordspel in vs. 9a en b (māsā'tī 'ōn lī/yimš<sup>e</sup>'ū lī <sup>c</sup>āwōn). Die woordspel gekoppel aan name is ook opvallend (vgl. Jakob en <sup>c</sup>qb in vs. 3b en 4a; Israel in yśr 'l in vs. 5a; bglgl en kglym in vs. 12).

### 4. Struktuur

Die struktuurontleding op formele gronde is moeilik. Die perikoop skep inderdaad die indruk van 'n los samevoeging van spreuke en dit is nie verrassend dat sommige kommentatore van die verse verplaas nie (vgl. bv. Rudolph en Mays). Die perikoop bestaan hoofsaaklik uit twee dele:

- i. Vs. 1 tot 7 vorm 'n eenheid. Die terme kaḥaš, mirmā (vs. 1) en kāzāb (vs. 2) asook bepaalde inhoudsmomente dui daarop dat vs. 1 en 2 verbind moet word. Die voorkoms van die naam Juda wat elders in die perikoop ontbreek, dui ook 'n verband aan tussen vs. 1v en vs. 3. w<sup>e</sup>'attā in vs. 7a verwys klaarblyklik na die persoon of groep oor wie dit gaan in

in vs. 4 vv.; gevolglik moet vs. 4 tot 7 verbind word. Dit is egter ook duidelik dat vs. 4 vv. aansluit by vs. 3. Laasgenoemde is dus die skakel wat vs. 1 v.en vs. 4 tot 7 verbind.

- ii. In vs. 8a begin 'n nuwe onderafdeling van die perikoop wat oënskynlik uit 'n aantal onafhanklike spreuke bestaan. Vs. 8 en 9 kan op grond van bepaalde inhoudsmomente verbind word. [Tussen vs. 10 en 11 is die eerste persoon enkelvoud as subjek die skakel.] Die tweede persoon suffikse in vs. 10 verwys na Efraim in vs. 9, sodat vs. 8 tot 11 verbind moet word. Die formulering in vs. 13 en 14 (šmr b<sup>e</sup>) asook die voorkoms van die naam Israel dui 'n verband tussen hierdie twee verse aan. Vs. 12 sluit blykbaar nouer aan by vs. 13 en 14 as by die voorafgaande (vgl. šāday en š<sup>e</sup>dē, asook die waw konsekutief aan die begin van vs. 13. Die heropname van die term nābī' (vs. 11 en 14) en die ooreenkoms tussen vs. 10a en 14a dui 'n verband aan tussen vs. 8 tot 14.

Die twee dele van die perikoop hou ook verband met mekaar soos blyk uit die verwysings na Jakob en Israel en die heropname van terme soos mirmā (vs. 1 en 8, šmr (vs. 7 en 13 v.), 'ōn (vs. 4 en 9) en 'ēlōhēkā (vs. 7 en 10).

## 5. Betekenis

Wolff beskou vs. 1a as 'n profeterede waarin die vs.1a teenkanting van die leiers van die noordelike ryk teen Hosea se verkondiging gestel word. Dit hang saam met sy hipotese dat Hosea tot Levitiese opposisie-groepe behoort het wat in Efraim teenkanting ervaar het, maar in Juda vriendelik ontvang is (vs. 1b en c). Wolff kan sy uitleg van vs. 1b en c egter net handhaaf as hy die Masoretiese teks by vs. 3a verander en Israel lees in plaas van Juda. Die wysiging van die Masoretiese teks en gevolglik ook Wolff se verklaring van vs. 1 moet afgewys word (vgl. Rudolph en Van Leeuwen). [ Vs. 1a is 'n godsrede. Die



oorgang na 'n profeterede in vs. lb en c is nie 'n be= swaar daarteen nie, aangesien daar ook ánder voorbeelde is van 'n soortgelyke oorgang van 'n godsrede na 'n pro= feterede of andersom in dieselfde spreuk (vgl. 11:10 v.).

As JHWH kla dat Efraim en die huis van Israel Hom om= singel het met leuens en bedrog, beteken dit dat Hy oral by hulle leuens en bedrog teëkom (vgl. Mays en Van Leeuwen). Dit is nie heeltemal duidelik wie presies met die naam Efraim aangedui word nie. As dit sinoniem parallel is aan bēt yiśrā'el, val die klem waarskynlik op die leiers wat die politieke beleid bepaal het (vgl. Ekskurs I; vgl. ook vs. 2). Dit is egter uit die res van die perikoop duide= lik dat die volk nie uitgesluit is by die benaming Efraim nie.

Vs. lb en c word verskillend verklaar en die betekenis van veral rād is omstrede. Die vraag is of vs. lb en c 'n (positiewe of negatiewe uitspraak maak oor Juda. In die lig daarvan dat JHWH volgens vs. 3a 'n regspraak teen Juda het, is die afleiding dat vs. lb en c 'n ongunstige betekenis het, onvermydelik. As al die moontlikhede oor= weeg word, lyk dit die beste om rād <sup>c</sup>im as 'n pregnante uitdrukking met die betekenis "onbestendig wees in die om= gang met", te vertolk (vgl. Van Leeuwen). <sup>c</sup>ōd het dan die betekenis "gedurigdeur", "steeds" (teen Wolff; vgl. Gen. 46:29). q<sup>e</sup>dōšim is as parallel van 'el klaarblyklik be= doel as 'n pluralis excellētiaē of maiestatis (vgl. Ges-K. par. 124 h; vgl. ook 11:9 waar qādōš gebruik word in 'n verwysing na God; verder ook Spr. 9:10). Vs. 1 kan dan soos volg vertaal word:

"Ek kom by Efraim en die leiers van Israel altyd  
 net leuens en bedrog teë  
 en Juda is nog steeds onbestendig in sy verhouding  
 met God, met die Heilige wat getrou bly."

Die teenoorstaande begrippe "bedrog" (van Efraim) en "trou" (van JHWH) duik telkens in die perikoop op (vgl. die ver= dere bespreking).

In vs. 2 gaan dit oor die valsheid en bedrog van vs.2 Efraim in sy verhouding met die grootmoondhede. Om jou met die wind te bemoei of met die wind bevriend te wees (vgl. KBL r<sup>c</sup>h II), beteken om met 'n vrugtelose saak besig te wees. Om die verwoestende woestynwind (vgl. qādīm in 13:15) te volg, beteken om verderf na te jaag. Die beeldspraak in vs. 2 druk dus die algehele sinloosheid en katastrofale gevolge van die buitelandse beleid uit waarmee Efraim al die tyd besig is. Vs. 2b en c gee meer besonderhede daaroor: Deur Egipte se guns te probeer wen met geskenke van olie (vs. 2d, vgl. 10:6 vir die gebruik van yūbal), terwyl hulle 'n verbond het met Assirië (vs. 2c), was fataal. Daardeur het hulle nie net JHWH se almag geloën nie (kāzāb in vs. 2b)<sup>1</sup> maar ook seker gemaak dat hulle vernietiging oor hulleself bring (šōd yarbē).

Vs. 3 is 'n algemene stelling oor JHWH se reaksie vs.3 op die optrede van Juda en Efraim. Sy reaksie teen Juda word bondig gestel. Dit sê slegs dat JHWH 'n regspraak het met hulle (vs. 3a). Uit vs. 1 tot 3 is dit duidelik dat die profeet Efraim en Juda as op gelyke voet beskou,<sup>2</sup> maar dat sy belangstelling eintlik by Efraim lê.

w<sup>e</sup>lifqōd in vs. 3b is waarskynlik bedoel as 'n emfatiese vorm (vgl. Ges-K. par. 114 p). Vs. 3b moet dan soos volg vertaal word:

"Hy sal Jakob beslis straf vir sy  
dade en hom vergeld vir sy optrede."

Verskeie kommentatore (bv. Mays) sien in die naam Jakob 'n verwysing na die godsvolk as geheel (d.w.s. Efraim en Juda) en lees daarom Israel in plaas van Juda in vs. 3a. Die naam Jakob dui egter in die boek Hosea net die

---

1. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 821.

2. Vgl. A. van Selms, The Southern Kingdom in Hosea, OTWSA 1964-'65, bl. 100-111.

noordelike ryk aan en sluit nie Juda in nie (vgl. die verwysings by 10:11; vgl. verder ook Jes. 9:7; 17:4; Am. 3:13; 6:8; 7:2 en 5 en Mi. 1:5 vir 'n soortgelyke gebruik van die naam). In vs. 3d word die naam Jakob gebruik met die oog op wat in vs. 4 volg.

In vs. 4 en 5 word daar verwys na tradisies oor vs.4 die voorvader Jakob wat ook bekend is uit die boek Genesis. Die doel van hierdie verwysings is baie duidelik om die optrede van die volk, as draers van die tradisies oor Jakob, te spieëlbeeld. Uit vs. 5c blyk dat dit nie net oor hulle optrede gaan nie, maar ook oor hulle verwagtinge. Dit is verder duidelik uit vs. 4, 5 en 13, dat die verwysings na die tradisies oor Jakob met vryheid hanteer word en dat die gebruik daarvan nie kronologies nie, maar homileties bepaal is (Van Leeuwen).

Vs. 4a verwys na die geboorte van Jakob (vgl. Gen. 25:26). Terwyl die feit dat hy die hakskeen van Esau vasgehou het by die geboorte in Genesis vermeld word sonder afkeur, word dit in Hos. 12:4 as 'n afkeurenswaardige daad voorgelê wat die geslepe persoonlikheid van Jakob weerspieël. Dit is duidelik uit die gebruik van die werkwoord cāqab wat "onderkruip" beteken (vgl. Gen. 27:35 v. en Jer. 9:4). Verder is dit opmerklik dat die naam Esau nie gebruik word nie, maar dat verwys word na "sy broer". Daardeur verkry die verwysing 'n meer algemene karakter: Jakob (d.w.s. sy nasate) pleeg bedrog teenoor die naaste!

In vs. 4b word 'n tradisie opgeneem wat ook in Gen. 32:24 tot 28 verhaal word, 'ōn kan "rykdom" beteken (vs. 9a), maar in aansluiting by vs. 4a moet dit as "manlike krag" vertolk word. Die term is in elk geval dubbelsinnig (vgl. Van Leeuwen). Die bedoeling van vs. 4 is blykbaar dat Jakob (d.w.s. sy nakomelinge) van begin tot end (babbeten ūb<sup>e</sup>'ōnō) bedrog pleeg teenoor die naaste en in konflik is met God. (Die gedagte dat JHWH oral bedrog teëkom by Efraim, kom dus ook in vs. 4 voor.)

Vs. 5 word verskillend vertolk deur die kommen=vs.5

tatore en die teks is nie sonder haakplekke nie. Die vokalisasie van die masorete by vs. 5a lewer die probleem op dat wāyyāśar (van śrr "heers") baie moeilik saam met die voorsetsel 'el gebruik kan word. Verder is daar redelike eenstemmigheid by meer resente kommentatore dat mal'āk as 'n glosse beskou moet word. Die beste oplossing van die probleem is om vs. 5a as wayyiśar 'el wayyukal te lees. Dit is dan 'n duidelike sinspeling op die naam yiśrā'el. Terwyl vs. 4a 'n volksetimologie van die naam Jakob bevat, kom 'n volksetimologie van die naam Israel in vs. 5a voor. Vs. 5a is ook 'n verwysing na die spreekwoord (?) in Gen. 32:29 (kī śārītā 'im 'ēlōhīm w<sup>ec</sup>im 'ānāšīm wattūkal). Dit is volkome begryplik dat die lesing wayyiśar 'el wayyukal tot die invoeging van mal'āk en die vokalisasie wāyyāśar sou lei.

Volgens die tradisie in Gen. 32:29 het Jakob geworstel met God (of gode) en het hy sukses behaal. Dieselfde tradisie word in Hos. 12:5 opgeneem. Dit moet egter nie verstaan word as 'n aanklag van die profeet teen die nakomelinge van Jakob soos vs. 4 nie, maar as uitdrukking van die verwagting wat hulle gekoester het (vgl. die verdere bespreking). In vs. 5b word gesê op watter wyse Jakob sukses behaal het (wayyukal). Hy het dit gedoen deur te ween en God te smek. (Vs. 5b kan daarom die beste kousaal vertaal word.)

In vs. 5b word iets vermeld wat nie in Genesis voorkom nie, naamlik dat Jakob geweene het. Die vraag of Hosea 'n ánder tradisie geken het as die outeur van Genesis, kan natuurlik nie beantwoord word met die beskikbare gegewens nie. Dit is in elk geval redelik seker dat die outeur van Genesis en die profeet Hosea die tradisies met 'n mate van vryheid hanteer het en elk sy eie klem gelê het.

Dit is moontlik dat daar in Hos. 12:5b aangesluit word by tradisies oor Bet-el (vs. 5). Uit Gen. 35:8 sou die afleiding gemaak kon word dat Bet-el

by uitstek die plek was waar die volk geweene het. Rig. 20:23 en 26; 21:2 wys in dieselfde rigting en toon dat Bet-el in elk geval 'n plek van verootmoediging was.

Die kommentatore verander gewoonlik die eerste persoon meervoud suffiks aan Cim en lees Cimmō. Hiervoor is daar egter nie goeie tekstkritiese gronde nie (vgl. die kritiese apparaat in BHS) en die Masoretiese teks, wat gesteun word deur die Vulgaat, moet as lectio difficilior behou word. Daarby is dit beter om yms'nw in aansluiting by Cimmanū te lees as yimsā'enū. Die oorgang na die imperfektum in vs. 5c en die gebruik van die eerste persoon meervoud suffikse toon dat dit woorde is wat die profeet vir die volk in die mond lê om hulle verwagting tot uitdrukking te bring. As die stamvader Israel met God geworstel het en sukses behaal het (vs. 5a) omdat hy geweene het en Hom gesmeek het, kon sy nageslag dit ook doen! Die woorde in vs. 5c kan vergelyk word met dié in 6:2. Die term ms' word in vs. 5c waarskynlik gebruik in die sin van "ag slaan op" (vgl. Deut. 32:10) of selfs ook "(weer) verkies" (vgl. Ps. 89:21). Dit kan miskien die beste weergegee word met "tegemoetkom". db is weer 'n sinspeling op die tradisie oor JHWH se verskyning aan en spreke met Jakob by Bet-el (vgl. db in Gen. 35:13 tot 15). JHWH se spreke het bestaan uit die herhaling van sy belofte dat Jakob 'n groot nasie sou wees en die land sou besit (vgl. Gen. 28:13 v. en 35:11 v.). Die woorde "by Bet-el sal Hy ons tegemoetkom en dáár sal Hy met ons spreek" beteken dan dat die volk verwag het dat JHWH by Bet-el die beloftes wat aan die aartsvader Jakob gegee is, vir hulle sou herbevestig.

Vs. 6 word deur sommige kommentatore as 'n vs. 6 latere redaksionele byvoeging beskou (vgl. Wolff). Daarvoor bestaan daar egter nie goeie gronde nie.

Die uitdrukking ywhh 'ēlōhē haṣṣ<sup>e</sup>bā'ōt kom dikwels in doksologieë voor en is uit die liturgie af=

komstig.<sup>3</sup> Dit lê klem op JHWH se almag (vgl. die vertaling pantokratōr in die Septuaginta). By zeker, soos Van Leeuwen dit stel, "ligt de nadruk op de telkens herhaalde representatie van Gods heilsdaden, zoals die in het cultisch aanroepen van de naam YHWH van geslacht tot geslacht plaatsvindt" (vgl. ook Wolff; verder Ps. 102:13; 135:13). Die uitdrukking 'ēlōhē s<sup>e</sup>bā'ōt kom nie net voor in doksologieë wat in die kultus in Jerusalem gebruiklik was, soos sommige kommentatore beweer nie, maar dit is ook in die heiligdomme van Israel gebruik. Dit blyk byvoorbeeld uit die voorkoms daarvan as refreinvers in Ps. 80 wat uit Israel afkomstig was en met redelike sekerheid gedateer kan word in die tyd tussen 733 en 722 v.C.<sup>4</sup> Dit sluit ook die doksologie in Am. 4:13 af (vgl. ook Am. 3:13; 5:14 tot 16, 27; 6:8, 9; 9:5). Dit is opmerklik dat die uitdrukking in Ps. 80 voorkom in 'n konteks waarin die volk JHWH smee om hulle nood raak te sien en hulle te beskerm teen vyande en te "herstel" (vgl. hāšībēnū in vs. 4, 8 en 20; vgl. ook t<sup>e</sup>ḥayyēnū in vs. 19 met Hos. 6:2). Daarby het W. Brueggemann oortuigend betoog dat die formule yhwh 'ēlōhē s<sup>e</sup>bā'ōt š<sup>e</sup>mō in Am. 4:13 die afsluiting is van 'n oproep tot hernuwing van die verbond.<sup>5</sup> Die doksologie in Hos. 12:6 vorm 'n baie goeie afsluiting vir die woorde wat die profeet in die mond van die volk lê.

Die verwagting dat JHWH by Bet-el gunstig sal reageer op die smeking van die volk, is dus gegrond op die

- 
3. Vgl. A. van Selms, Jeremia deel I, Nijkerk 1972, bl. 51 tot 53.
  4. Vgl. O. Eissfeldt, Psalm 80, art. in Kleine Schriften III (onder redaksie van R. Sellheim en F. Maass), Tübingen 1966, bl. 221-232. H.J. Kraus, Psalmen I, Neukirchen-Vluyn 1966, bl. 556 v. het 'n ander standpunt oor Ps. 80.
  5. W. Brueggemann, Amos 4:4-13 and Israels covenant worship, VT 15 (19) bl. 1-15.

geloof dat Hy die almagtige God van die voorvaders is wat sy weldade aan hulle bewys het wanneer hulle Hom gesmeek het.

Die oorgang na 'n enkelvoud en die direkte aanspreekvorm toon dat vs. 7 nie die voortsetting van vs. 4 tot 6 is nie. Dit is die "antwoord" van die profeet op die verwagting van die volk (vgl. ook die oorgang na die enkelvoud en direkte aanspreekvorm in 6:4). Daar is twee verklarings moontlik by vs. 7a:

- i. Die voorsetsel by 'ēlōhēkā kan beskou word as 'n b<sup>e</sup> auctoris en die imperfektum tāšūb as 'n belofte vir die toekoms (so bv. Rudolph en Van Leeuwen). Vs. 7a kan dan vertaal word met "jy sal terugkeer danksy jou God."
- ii. tšwb kan in aansluiting by vs. 7b en c as 'n jussief gelees word (tāšōb) en saam met die voorsetsel b<sup>e</sup> as 'n pregnante uitdrukking vertolk word. Dit kan dan vertaal word met "jy moet terugkeer na die gemeenskap met jou God" (Keil, soos aangehaal deur Gispén; vgl. ook KBL bl. 103 v. nr. 11 vir hierdie betekenismoontlikheid van b<sup>e</sup>).

w<sup>e</sup>attā is waarskynlik adversatief bedoel en daarom is die laaste moontlikheid die beste in die konteks.

'ēlōhēkā sinspeel op die inleiding tot die dekalog (vgl. vs. 10a). Vs. 7a staan inhoudelik teenoor vs. 5c: Hulle moet nie na Bet-el nie, maar na die gemeenskap met die Verbondsgod terugkeer. Hierdie gedagte word verder uitgebou in vs. 7b en c: Israel moet hom toelê op ḥesed en mišpāṭ. Die terme ḥesed en mišpāṭ is tipiese verbondsterme. ḥesed dui die korrekte gesindheid en liefdevolle toegeneentheid teenoor God en die naaste aan. mišpāṭ verwys as parallel daarvan na die orde wat JHWH gestel het deur die verbond. Vs. 7b staan inhoudelik teenoor vs. 4 waarin die volk by implikasie daarvan aangekla word dat hulle bedrog gepleeg het teenoor die

naaste en in konflik is met God. Volgens vs. 7c moet Israel "gespanne wag op" die Verbondsgod (vgl. Van Leeuwen). Hulle moes in selfverloëning hulle hoop volledig op God stel, wat op sy tyd en wyse uitkoms sou bring (vgl. Jes. 51:5; Ps. 27:14; 37:34). Dit dui natuurlik nie passiwiteit aan nie, maar aktiewe optrede wat deur die wil van God beheers word.

Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen vs. 7 en Mi. 6:8. In 'n konteks waarin dit gaan oor die verootmoediging van die volk voor die almagtige God (Mi. 6:6 v.), antwoord die profeet dat JHWH mišpāt en hesed eis asook bedagsame omgang met God ('ēlōhēkā).<sup>6</sup> Dit is opvallend dat Mi. 6:8 ook soos Hos. 12:7 gevolg word deur 'n aanklag teen die wat deur valsheid rykdom vergader het!) Op grond van hierdie ooreenkomste en die ooreenkomste wat daar tussen Hos. 12:4 tot 7 en Ps. 80 asook Am. 4:4 tot 13 bestaan<sup>7</sup> kan met redelike sekerheid aanvaar word dat Hos. 12:4 tot 7 die optrede van die profeet weerspieël voor of tydens 'n geleentheid waar die volk hulle voor JHWH verootmoedig het met die doel om 'n dreigende onheil af te wend (vgl. die bespreking onder Agtergrond by 5:8 tot 6:6). tāmīd in vs. 7c is waarskynlik 'n refleksie daarop dat die volk gewoonlik net in tye van nood hulle voor JHWH verootmoedig het. Verder is dit baie waarskynlik dat die verwysings na die aartsvader Jakob daarmee saamhang dat die dreigende verlies van die land (vgl. vs. 2, 10b, 12 en 13) die volk laat hoop het op JHWH se beloftes aan die aartsvaders en dat dit die tradisies oor die aartsvader weer aktueel gemaak het (vgl. die opmerkings oor y<sup>e</sup>dabber by vs. 5c; verder ook Mi. 7:20).

---

6. Vgl. A.S. van der Woude, Micha, Nijkerk 1977, bl. 213-219.

7. Vgl. W. Brueggemann, a.w., bl. 13 vn. 1.



Vs. 8 sluit formeel aan by vs. 1 vv. waarin die vs.8 tema "bedrog" is (vgl. mirmā in vs. 1, kāzāb in vs. 2 en āqab in vs. 4). Inhoudelik staan dit teenoor vs. 7 waarin eiewillige optrede afgewys en die handhawing van hesed en mišpāt geëis word. Uit vs. 9 is dit duidelik dat die naam k<sup>e</sup>na<sup>c</sup>an in vs. 8 gebruik word as metonimia vir Efraim. Die Kanaäniete het die reputasie gehad dat hulle oneerlik handel gedryf het (vgl. Van Leeuwen). Alhoewel die naam gebruik kan word om 'n handelaar aan te dui (vgl. Job 40:30; Spr. 31:24), is dit duidelik dat die naam pejoratief bedoel is in Hos. 12:8. Dit staan as casus pendens voorop. Wanneer gesê word "Kanaän hou in sy hand 'n bedrieglike weegskaal - hy hou daarvan om uit te buit" dan is die bedoeling dat Efraim in die handel soos die Kanaäniete oneerlik optree deur te bedrieg met gewigte en hoeveelhede (vgl. Mi. 6:10 v.).

Erger nog as die bedrog wat op dié wyse teen die vs.9 medemens gepleeg word, is die selfversekerde houding wat teenoor God ingeneem word: Efraim spog nie net dat hulle ryk is nie ('ak āšartī), maar ook dat hulle hulle rykdom self verwerf het (māsā'tī 'ōn lī). In vs. 9b is kol-y<sup>e</sup>gī<sup>c</sup>ay ("verworwe besit", vgl. Jer. 3:24) 'n adverbiale akkusatief; met ander woorde "wat betref al my besittings ..." (vgl. Rudolph). yimš<sup>e</sup>'ū word in vs. 9b gebruik met 'n onbepaalde subjek (Ges-K. par. 144 d). Vs. 9b sou dus soos volg vertaal kon word:

"Wat al my besittings betref -  
 daar kan by my geen oortreding  
 gevind word wat sonde is nie."

By die selfversekerdheid wat in vs. 9a na vore gekom het, gee hulle toe dat hulle wel verkeerd opgetree het (āwōn), maar is hulle oortuig daarvan dat dit nie sonde is wat gestraf sal word nie (ḥeṭ'). Die besit van rykdom is waarskynlik vertolk as 'n bewys dat God hulle bedrog oorgesien het (vgl. Van Leeuwen e.a.).

Vs. 8 en 9 kom inhoudelik ooreen met vs. 4: Teenoor die

naaste word bedrog gepleeg en teenoor God is daar 'n houding van selfversekerdheid.

In vs. 10 volg JHWH se reaksie op die optrede vs.10 en houding van Efraim wat in vs. 8 en 9 beskryf is. Vs. 10a is 'n duidelike verwysing na die inleiding van die dekalog (vgl. Eks. 20:2; Deut. 5:6). Dit dui aan dat JHWH teenoor sy volk getrou gebly het, maar ook dat Hy sy wil aan hulle bekendgemaak het. Hy het in die dekalog aan Israel die regte gesindheid (hesed) en optrede (mišpāṭ) teenoor God en die naaste geleer. Volgens vs. 8 en 9 was die optrede en gesindheid van Efraim presies die teenoorgestelde daarvan. Daarom sal Hy hulle rykdom wegneem deur hulle weer in tente te laat woon (vs. 10b). kīmē mō<sup>c</sup>ed word verskillend vertolk deur die kommentatore. Sommige sien daarin 'n verwysing na die Loofhuttefees (vgl. 9:5; so bv. Rudolph). Andere meen dat mō<sup>c</sup>ed in vs. 10 nie "feestyd" beteken nie, maar "ontmoeting" en dat kīmē mō<sup>c</sup>ed verwys na Israel se verblyf in die woestyn (so bv. Van Leeuwen). In die lig daarvan dat gesê word JHWH sal hulle "in tente" laat woon, lyk die laaste moontlikheid die beste. (kīmē mō<sup>c</sup>ed sou 'n verkorting van kīmē 'ōhel mō<sup>c</sup>ed kon wees waarin 'ōhel uitgelaat word om 'n herhaling van die term in dieselfde stige te vermy.) (Dit hoef egter nie te beteken dat die volk werklik sal terugkeer na die nomadelewe en verblyf in die woestyn nie. Vs. 10b is beeldspraak waarmee die profeet wil sê dat die Verbondsgod die rykdom van Efraim gaan wegneem en hulle besit van die land gaan beëindig. Terwyl die woestyntyd in ander gevalle in die boek geld as ideale tyd (vgl. 2:16) word dit hier as straf voorgelê. Dit verwys waarskynlik na 'n ballingskap.

Dit is nie heeltemal seker of vs. 11 verwys na vs.11 gebeure in die toekoms of na gebeure in die verlede of hede nie. In die konteks van die perikoop lyk dit die beste om dit soos die meeste kommentatore te vertolk as 'n verwysing na die verlede en hede. w<sup>e</sup>dibbartī

is 'n konsekatiewe perfektum met iteratiewe krag (vgl. Ges-K. par.122 dd). Vs. 11 stel dan JHWH se trou in die verlede en hede teenoor die ontrou van Efraim. dibbartī <sup>c</sup>al beteken, soos Wolff dit stel, "eindringlich einreden auf ...". 'Ādam̄ se betekenis kan die beste geparafraseer word as "vergelykings of gelykenisse gebruik in die verkondiging".<sup>8</sup> JHWH het nie sy volk in die duister gelaat oor wat Hy van hulle verwag het nie: Deur sy woordopenbaring en die openbaring deur visioene aan die profete het Hy sy wil bekendgemaak (vs. 11a) en met gebruikmaking van vergelykings is dit deur die diens van die profete oorgedra aan die volk (vs. 11b).

Vs. 11 is waarskynlik bedoel as 'n teëhanger vir vs. 5c: Die volk het verwag dat JHWH met hulle sou spreek en sy beloftes sou herhaal wanneer hulle hulle by Bet-el verootmoedig. JHWH het egter voortdurend deur die diens van sy profete gespreek.

Vs. 12 lewer baie probleme op en die vroegste vs.12 vertalings weerspieël dit reeds (vgl. bv. die Vulgaat wat vertaal asof daar lašš<sup>e</sup>wārīm staan en die Septuaginta wat šwrym vertolk het as sārīm). Die probleem lê veral by die vraag waarom die offer van bulle\_juis sou lei tot die verwoesting van die altare van Gilgal. Die meeste kommentatore vermoed dat die offers gewy was aan die vrugbaarheids gode en dat dít die rede was vir die oordeel in vs. 12c. Dit staan egter nie in die teks nie en dit word ook nie geïmpliseer deur die konteks nie.

Die probleem van vs. 12 kan opgelos word deur 'wn as 'ōn te vokaliseer in aansluiting by 'ōn in vs. 4b en 9a. Die vokalisasie van die masorete is waarskynlik beïnvloed deur die gebruik van 'āwen in verband met Gilead in 6:8. Verder moet 'im konsessief vertolk word (m.a.w. "alhoewel", vgl. Ges-K. par. 160). Vs. 12b en c is 'n voorwaardesin

---

8. Vgl. C.J. Labuschagne, The similes in the book of Hosea, art. in OTWSA 1964-'65, bl. 76.

sonder inleidingspartikel waarin die verhouding tussen die protasis (vs. 12b) en apodosis (vs. 12c) deur blote neweskikking tot uitdrukking gebring word (Ges-K. par. 159 b). Soos soms by voorwaardesinne gebeur, is daar aposiopesis in hierdie geval (vgl. Ges-K. par. 167). š<sup>e</sup>wārīm dra klem deur die plasing daarvan voor die werkwoord. Vs. 12 kan soos volg vertaal word:

"Alhoewel Gilead vermoënd was,  
het hulle heeltemal tot niet gegaan.  
Al sou hulle ook búlle offer in Gilgal,  
(dit sal niks baat nie, want)  
ook húlle altare sal wees soos kliphope op  
die wenakkers van die landerye."

Daarmee bedoel die profeet dat die rykdom van Efraim (vs. 9) die komende verwoesting (vs. 10b) nie sal kan afweer nie. In 'n vergelyking (vgl. vs. 11b!) word daar na Gilead verwys: Gilead was ook 'n vooruitstrewende gebied, maar dit kon die verwoesting van die gebied en die wegvoering van die bevolking deur die Assiriërs in 733 v.C. nie afweer nie (vs. 12a). Al sou die inwoners van Efraim ook hulle rykdom in die kultus aanwend deur die beste offers (nl. bulle) te bring, sal hulle nie die verwoesting van die land kan afweer nie! [Om te dink dat hulle die onheil wel sou kon afweer met verootmoediging (vs. 5) en offers (vs. 12b), was selfbedrog! Vs. 12 verwys dus terug na verskillende voorafgaande verse, maar veral na vs. 9 (vgl. die gebruik van 'ak en 'ōn in vs. 9a en vs. 12a).

Die vergelyking tussen Gilead en die altare van Gilgal bevat ook 'n baie fyn woordspel: Die oorsprong van die naam gl<sup>c</sup>d is in die geskiedenis van Jakob ingebed (Gen. 31:44 tot 53) en volksetimologies is dit verklaar as "kliphoop van getuie".<sup>9</sup> Die altare van Gilgal sou ook 'n "kliphoop van getuie" word (vs. 12c)!

---

9. Vgl. A. van Selms, Genesis deel II, Nijkerk 1967, bl. 127.

Om die sekerheid van die toekomstige verlies vs.13 van die land tot uitdrukking te bring, gryp die profeet in vs. 13 terug na nog 'n tradisie oor Jakob in nog 'n gelykenis (vs. 11b!). Jakob het gevlug na ś<sup>e</sup>dē 'āram. Dit is die Hebreeuse ekwivalent van paddan-'āram (vgl. Gispén). s<sup>e</sup>dē is waarskynlik gekies om 'n formele skakel met śāday in vs. 12 te kry. Die bedoeling van vs. 13a is dat daar ná Bet-el (vs. 5c) 'n vlug uit die land en slawediens in die vreemde voorlê. 'āram is na alle waarskynlikheid 'n simbool vir Assirië. Dit sal met die nageslag gaan soos met die voorvader (vgl. die bespreking by vs. 5)! Die herhaling van b<sup>e</sup>'iššā in vs. 13b dui daarop dat dit in die vergelyking wat getref word, 'n bepaalde betekenis moet hê. Waarskynlik verwys dit na die vrugbaarheidskultus (vgl. Van Leeuwen e.a.; vgl. ook šmr in 4:11). Die slawediens wat Jakob in die vreemde verrig het (vir die hoorders bedoel dit "gaan verrig"), was ter wille van (vir die hoorders "as gevolg van") die omgang met vroue.

Vs. 14 staan teenoor vs. 13. Soos in vs. 13 vs.14 is die vermelding van 'n gebeure in die verlede (in hierdie geval die uittoeg) nie net 'n verwysing na 'n tradisie nie, maar 'n profesie oor die toekoms wat gegiet is in die beelde van die verlede. Die trou van JHWH kom daarin tot uitdrukking dat Hy in die toekoms Israel weer uit die knegskap (mimmišrayim) sal lei. Hy sal dit soos in die verlede doen deur die diens van 'n profeet. (In Deut. 18:15 tot 18 kom dieselfde gedagte, nl. dat Moses 'n profeet was, en dat JHWH in die toekoms aan sy volk 'n profeet soos Moses sal gee, na vore). b<sup>e</sup>nābī' in vs. 14 staan kennelik teenoor b<sup>e</sup>'iššā in vs. 13. Die bedoeling daarvan is blykbaar dat Israel nie die vrugbaarheidsgodsdien in die toekoms sal aanhang nie (b<sup>e</sup>'iššā šāmar), maar gelei sal word deur 'n profeet (vs. 14b). In die verlede, die hede en die toekoms tree JHWH in Israel op deur die diens van sy profete (vs. 11 en 14). Hierdie toewyding aan en

trou ten opsigte van sy volk staan in skerp kontras teenoor hulle konstante bedrog (vgl. vs. 1 vv.).

Die standpunt van 'n hele aantal kommentatore dat hoofstuk 12 'n los sameflansing is van verskillende spreuke wat herrangskik moet word om 'n sinvoller geheel te verkry (vgl. bv. Rudolph en Mays) is heeltemal onaanvaarbaar. Die perikoop skep wel die indruk dat dit 'n versameling is van onafhanklike spreuke wat op grond van sekere sleutelwoorde soos mirmā (vs. 1 en 8) byeengebring is. Die uitleg het egter getoon dat dit 'n sorgvuldig saamgestelde eenheid is waarin daar nie net 'n sentrale tema is nie maar ook 'n logiese opbou: Vs. 1 stel in 'n sekere sin die tema van die perikoop wanneer die konstante bedrog en onbestendigheid van die godsvolk gestel word teenoor die trou van die heilige God. Vs. 2 v. bied die eerste voorbeeld van die bedrog van Efraim op politieke gebied. Die politieke noodsituasie wat voortgevloei het uit die optrede wat in vs. 2 beskryf word, vorm egter tegelyk ook die agtergrond vir wat in die res van die perikoop volg. //Met verwysing na 'n tradisie oor Jakob word die bedrog van die volk teenoor die naaste in vs. 4 aan die orde gestel sowel as die verkeerde gesindheid teenoor God. Hulle het naamlik gedink dat as hulle hulle voor God verootmoedig, hulle Hom daartoe sou bring om hulle te help in hulle noodsituasie (vs. 5 v.). In plaas van hierdie gesindheid eis die profeet liefde en die korrekte optrede teenoor die naaste en teenoor God in vs. 7. Dit was egter juis wat hulle nie gedoen het nie (vs. 8 v.). Met bedrog teenoor die naaste en 'n hovaardige houding teenoor God het hulle hulleself verryk. //In vs. 10 word JHWH se oordeel oor hulle bekendgemaak: Hy sal hulle rykdom wegneem. Vs. 11 verwys na die spreke van JHWH met sy volk in die verlede deur die diens van die profete. Hulle het dus geen verskoning gehad vir hulle bedrog nie. Die profete het hierdie openbaringe van JHWH aan die volk oorgedra deur gelykenisse

en vergelykings. In vs. 12 tot 14 volg daar dan drie spreuke waarin met gebruikmaking van vergelykings gehandel word oor die toekoms van die volk:

- i. As die rykdom van Gilead nie verwoesting kon afweernie, sal dié van Efraim dit ook nie kan doen nie al sou hulle dit ook in die kultus aanwend (vs. 12).
- ii. Soos Jakob uit die land moes gaan en dienswerk moes verrig in die vreemde, so sal sy nageslag dit ook moet doen (vs. 13).
- iii. Maar soos JHWH deur 'n profeet sy volk in die verlede uitgelei het uit die knegskap, so sal Hy dit ook in die toekoms doen (vs. 14).

Die perikoop handel dus oor die bedrog van Efraim wat op verskillende vlakke na vore kom. JHWH sou hierdie bedrog straf deur hulle die land te ontnem en in ballingskap te laat gaan. Hierdie onheil sou nie afgeweer kon word deur verootmoediging of die beste offers nie. Maar omdat JHWH, die Heilige, getrou was, sou Hy sy volk ook weer in die toekoms verlos van die knegskap in die vreemde.

So is die bedrog van Efraim wat gestraf word en die trou van JHWH wat ook 'n nuwe toekoms sal bring, die tema van die perikoop.

## 6. Vertaling

- 1 Ek kom by Efraim en die leiers van Israel altyd  
net leuens en bedrog teë  
en Juda is ook nog steeds onbestendig in sy ver=  
houding met God, met die Heilige wat getrou bly.
- 2 Efraim hou hom op met wind en hy is voortdurend  
besig om die verwoestende woestynwind te volg.  
Hy vermeerder leuens en vergroot die vernietiging  
wat dit meebring,  
want terwyl hulle 'n verbond het met Assirië,  
word geskenke van olie na Egipte gestuur.
- 3 JHWH het dus 'n regspraak teen Juda  
en Hy sal Jakob beslis straf vir sy dade en  
hom vergeld vir sy optrede!
- 4 In die moederskoot het hy sy broer onderkruip  
en as volwasse man was hy in konflik met God.
- 5 Hy het teen God (d.w.s. 'n engel) gestry en

- sukses behaal  
omdat hy geween het en Hom gesmeek het.  
"By Bet-el sal Hy ons tegemoet kom  
en daar sal Hy sy beloftes herhaal,  
6 want JHWH is die almagtige God, Hy doen wat  
Hy gesê het!"  
7 Jy is verkeerd Efraim! Jy moet na die gemeenskap  
met jou God terugkeer:  
Handhaaf die verbondstrou en tree op soos God  
dit van jou verwag.  
Vestig jou hoop voortdurend op jou God.
- 8 Efraim is in die handel so oneerlik soos die  
Kanaäniete - hy bedrieg graag.  
9 Dan spog hy nog: "Ek is skatryk!  
Ek het my rykdom self verwerf.  
Die oortredinge wat ek begaan het toe  
ek al my besittings bymekaargemaak het, is nie  
sonde wat gestraf sal word nie."  
10 Jy het blykbaar vergeet Ek is JHWH, jou God  
wat jou uit Egipteland gelei het.  
Ek sal jou weer so arm maak soos in die tyd toe  
jy in tente gebly het!  
11 Ek het nog altyd my wil bekendgemaak deur die  
profete.  
Ek het dit deur baie visioene gedoen  
en deur gelykenisse het my profete dit openbaargemaak:  
12 Alhoewel Gilead ryk was, het hulle heeltemal  
tot niet gegaan.  
Al het hulle ook die beste offers gebring in Gilgal,  
dit sal niks baat nie, want  
ook hulle altare sal soos kliphope op die wen=  
akkers van die landerye wees.
- 13 Dit sal met hulle gaan soos met hulle voorvader:  
Jakob het gevlug; na die velde van Aram gegaan!  
Israel het slawediens verrig as gevolg van vroue;  
as gevolg van vroue moes hy skape oppas.  
14 Maar JHWH sal ook maak soos in die verlede:  
Deur 'n profeet het Hy Israel laat optrek uit  
die slawediens in Egipte,  
deur 'n profeet is hulle opgepas!

## 7. Agtergrond

Daar is verskillende aanduidings dat die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, dateer uit die laaste jare van Hosea ben Ela se regering. Gilead was verwoes (vgl. vs. 12); dit was dus ná 733 v.C. Die opstand teen Assirië het reeds begin deur die toenadering wat by Egipte gesoek is (vs. 2; vgl. ook II Kon. 17:4a). Die



volk het blykbaar ook reeds besef dat hulle gevaar geloop het om die land te verloor (vs. 4 tot 6).

Die profesieë is waarskynlik uitgespreek voor die hou van 'n dag van verootmoediging by Bet-el waardeur die volk gehoop het om die onheil af te wend (vs. 4 tot 6). Dit is moontlik dat die profeet by Gilgal opgetree het (vs. 5c en vs. 12). Dit lyk ook waarskynlik dat die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, by dieselfde geleentheid gelewer is.

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Die stelling wat dikwels deur kommentatore gemaak word, naamlik dat hoofstuk 12 geen verband het met die voorafgaande perikope nie (vgl. Wolff) en dat hoofstuk 12 tot 14 oorspronklik 'n ander versameling van profesieë van Hosea was as hoofstuk 4 tot 11, is verkeerd en kan nie gesubstansieer word nie. Hoofstuk 12 word deur enkele formele sake verbind met die voorafgaande perikoop (vgl. bv. die gebruik van qdš as aanduiding van God in 11:9 en 12:1) en inhoudelik sluit dit volledig aan by die hoofgedagtes van hoofstuk 11:

In hoofstuk 11 is gestel dat Efraim in sy geskiedenis konstant ondankbaar was teenoor JHWH. In hoofstuk 12 word beklemtoon dat JHWH oral stuit op die bedrog van Efraim. Volgens hoofstuk 11 en 12 sal hierdie ondankbaarheid en ontrou gestraf word met die verwoesting van die land en die wegvoering in ballingskap. Albei hoofstukke sluit egter af met die verwagting dat JHWH weer sy volk sal verlos van die knegskap. Hierdie verwagting vir die toekoms is alleen gegrond in die liefde (11:8 v.) en trou (12:1, 10 v.) van JHWH. Die herstel in die toekoms sal volgens albei perikope bewerkstellig word deur die profetiese verkondiging.

'n Belangrike aspek wat in hoofstuk 11 nie op die voorgrond is nie, maar in hoofstuk 12 beklemtoon word, is

dat niks die onheil kan afwend nie - nie die verootmoediging by Bet-el nie en ook nie die beste offers by Gilgal nie.

## 12:15-14:1

### 1. Afgrensing

By die voorafgaande perikoop is die redes vir die groepering van vs. 12:15 by 13:1 vv. reeds aangevoer. Die motiewe "straf" en "dood" loop vanaf 12:5 deur tot by 14:1. By 14:2 begin 'n ander tema wat uitloop op 'n heilsprofesie. Alhoewel daar verskillende verbande is tussen 12:15 tot 14:1 en 14:2 vv., is dit die beste om 12:15 tot 14:1 voorlopig as 'n perikoop te behandel.

### 2. Tekskritiek

Die vertalings wyk op verskillende punte af van die Masoretiese teks. Die volgende gevalle verdien die aandag:

- i. Die Septuaginta en Vulgaat het in vs. 2f klaarblyklik zbhw gelees in plaas van zbhy. Die meerderheid van die kommentatore volg die lesing zbhw. Aangesien die Masoretiese teks 'n lectio difficilior is, verdien dit die voorkeur (vgl. Betekenis).
- ii. In vs. 5 het die Septuaginta, die Targum, Siriese vertaling en die Vulgaat in plaas van y<sup>e</sup>da<sup>c</sup>tikā een of ander vorm van die werkwoord r<sup>c</sup>h gelees, na alle waarskynlikheid r<sup>ec</sup>itikā. Die lesing in die Masoretiese teks het waarskynlik ontstaan deur dittografie van y (vgl. 'ny) en verwarring van d en r. Dit het moontlik onder invloed van tēda<sup>c</sup>

- in vs. 4b plaasgevind. Die lesing r<sup>e</sup>citīkā word in die lig van die eenstemmigheid by die teksgetuies teenoor die Masoretiese teks, geneem as uitgangspunt by die eksegesi.
- iii. Sommige kommentatore volg die Septuaginta en Siriese vertaling in vs. 9 en lees mī in plaas van kī bī. Die Masoretiese teks is in hierdie geval 'n lectio difficilior en aangesien dit deur ander teksgetuies gesteun word, word dit gehandhaaf.
- iv. Vroeër is algemeen aanvaar dat yafri' in 13:15 as yafriḏ gelees moet word, maar Rudolph het daarop gewys dat die lesing van die Septuaginta, die Siriese vertaling en Vulgaat wat ypr' weergee met "skei", nie noodwendig dui op 'n ander lesing nie, aangesien farā in Arabies ook "skei" of "verdeel" kan beteken. Die lesing van die Septuaginta dioti houtos anameson adelphōn diastelei is in die lig hiervan 'n presiese weergawe van die Masoretiese teks; behalwe dat bēn ("seun") vertolk is as bēn ("tussen"). Die Masoretiese teks moet dus gehandhaaf word.
- v. wybwš in vs. 15c moet verander word na wybš. Die Septuaginta, Siriese vertaling en Vulgaat het die woord in verband gebring met ybš en nie met bwš soos die masorete nie. 'n Hosea-fragment wat by die Dooie See gevind is, lees ook wybš in plaas van wybwš (vgl. Wolff en Rudolph). Die vertalers van die Septuaginta het wybš en wyḥrb blykbaar as hif<sup>c</sup>īl-vorme vertolk (vgl. Betekenis).

### 3. Vorm

Die perikoop bestaan uit enkel-, twee- en drievoetige versreëls. Alhoewel daar nie enige vaste patroon in die metrum na vore kom nie, is die volgende tog opmerklik: (By 12:15 tot 13:2 waarin dit hoofsaaklik gaan oor die optrede van Efraim, oorheers drievoetige versreëls. In vs. 3 waar die toekomstige lot van Efraim beskryf

word, verander die ritme na tweevoetige versreëls. In vs. 4 en 5 word die metrum 3 + 2 drie maal herhaal in 'n beskrywing van JHWH se optrede in die verlede. Indien lāken buite rekening gelaat word (vgl. 4:8 en 11 vir 'n soortgelyke geval), word die metrum 3 + 3 weer drie maal herhaal in die beskrywing van die toekomstige optrede van JHWH. Vir die optrede van Efraim (vs. 6) word die ongewone kombinasie 2 + 3 + 2 (as 'n vals noot?) gebruik. Vanaf vs. 10b tot 14b bestaan die metrum uit vyf- en sesklem versreëls. By 13:15b tot 14:1b het dit 'n konsentriese patroon.

By vs. 9 is dit onseker of kī bī as een of twee heffings geskandeer moet word en in die geval van 13:15a bestaan daar onsekerheid oor die vraag of dit by vs. 14b of vs. 15c gegroepeer moet word (vgl. Betekenis).

Die hemistiges is oorwegend sinteties parallel. Daar kom egter ook sinonieme parallelisme voor (vgl. vs. 12, 14a en b en 13:15c). By 12:15a is daar alliterasie op r en m en ook op m in vs. 2c en e.

Heropname of herhaling van terme kom in die perikoop voor, veral teen die einde (vgl. 'šm in 13:1b en 14:1a; yš<sup>c</sup> in vs. 4b en 10a; libbām in vs. 6a en 8a; hū in vs. 13; 13:15a en d). 'n Voorbeeld van klankassosiasie is m<sup>c</sup>yny in vs. 14c en m<sup>c</sup>ynw in 13:15c. Die gebruik van ypry' in 13:15a is waarskynlik bedoel as 'n woordspel met die naam 'efrayim. Soos dikwels in die boek is die perikoop ryk aan beeldspraak (vgl. vs. 3, 7v; 13:15).

#### 4. Struktuur

Die struktuurontleding toon die volgende eenhede in die perikoop:

- i. 12:15 tot 13:3 Hierdie eenheid bestaan uit twee dele. Dit word ingelei deur 'n stige waarin die optrede van Efraim in die verlede (12:15a) gevolg word deur die toekomstige optrede van JHWH (vgl.

'ādōnāw in 12:15b). 13:1 tot 3 vorm 'n eenheid waarin die optrede van Efraim in die verlede en hede (13:1 en 2) ook gevolg word deur toekomstige gebeure (vs. 3). 12:5 en 13:1 tot 3 word aan mekaar verbind deur die verwysing na Efraim in die derde persoon. Verder lê die verband ook in bepaalde inhoudsmomente (vgl. dāmāw <sup>c</sup>ālāw en wayyāmot).

- ii. Vs. 4 tot 11 word van die res van die perikoop geskei deur die gebruik van die tweede persoon enkelvoud in verwysings na Israel naas die derde persoon meervoud. Dit bestaan ook uit twee dele: Vs. 4 tot 8 vorm 'n eenheid waarin die optrede van JHWH (vs. 4 v.) en die reaksie van Efraim daarop (vs. 6) gevolg word deur 'n nuwe optrede van JHWH (vs. 7 v.). Vs. 9 tot 11 is 'n eenheid waarin die tweede persoon enkelvoud weer opgeneem word en waarin die koning (melek) prominent figureer. Naas die gebruik van die tweede persoon enkelvoud in albei dele word vs. 4 tot 8 en vs. 9 tot 11 ook saamgebind deur bepaalde inhoudsmomente (vgl. bv. mōšīa<sup>c</sup> in vs. 4b en yōšī<sup>c</sup>ākā in vs. 10a).
- iii. Vs. 12 tot 14:1 bestaan ook uit twee dele: In vs. 12 tot 14 word die optrede van Efraim met behulp van vergelykings geskets, gevolg deur die reaksie van JHWH. In 13:15b tot 14:1 gaan dit oor die toekomstige lot van Efraim en Samaria. Hierdie deel begin ook met 'n vergelyking. In die geval van 15a is dit glad nie duidelik of kī 'n redegewende sin by vs. 14c inlei en of dit die begin van 'n nuwe grammatikale konstruksie is wat in vs. 15b voortgesit word nie. Op grond van die gebruik van hū' ben (vgl. vs. 13a), word vs. 15a voorlopig met vs. 14c verbind (vgl. Betekenis). (Vs. 12 tot 14:1 word verbind op grond van die gebruik van die derde persoon enkelvoud suffikse in m<sup>e</sup>qōrō en ma<sup>c</sup>yānō wat klaarblyklik na Efraim verwys.

Die voegwoord in vs. 4a asook die gebruik van suffikse wat na Efraim verwys dui 'n verband aan tussen 12:15 tot 13:3 en 13:4 tot 11. Hierdie groter eenheid word weer met 13:12 tot 14:1 verbind op grond van die feit dat dit in albei dele oor Efraim gaan en verder ook op grond van die heropname van terme soos 'šm (13:1 en 14:1) en bq<sup>c</sup> (vs. 8c en 14:1b) en vanweë bepaalde inhoudsmomente.

## 5. Betekenis

Die perikoop begin met 'n algemene tipering van 12:15 Efraim se optrede en die toekomstige handelwyse van YHWH teenoor hom. Die term k<sup>c</sup>s kom in die hif<sup>c</sup>īl gewoonlik voor in die betekenis "beledig" of "krenk". Alhoewel die hif<sup>c</sup>īl-vorm gewoonlik met 'n objek gekonstrueer word, word dit in vs. 15a absoluut gebruik (vgl. ook I Kon. 21:22). Uit die konteks is dit wel duidelik dat Efraim se optrede beledigend was teenoor JHWH. Verder is dit opmerklik dat die term k<sup>c</sup>s in die Deuteronomistiese literatuur en in die boek Jeremia veral gebruik word in kontekse waarin dit gaan oor die beoefening van die vrugbaarheidskultus. In Hos. 12:15 is dit klaarblyklik ook die geval (vgl. die verwysing na ba<sup>c</sup>al in 13:1b). Die woord tamrūrīm funksioneer as 'n adverbiale akkusatief in vs. 15a (vgl. Ges-K. par. 118 q). Die bedoeling van vs. 15a is dat Efraim ontsettend krenkend opgetree het teenoor JHWH.

In vs. 15b word die straf van JHWH oor Efraim aangekondig. Die uitdrukking w<sup>e</sup>dāmāw<sup>c</sup>ālāw is waarskynlik uit die regspraak afkomstig en is gewoonlik gebruik by die vonnis van 'n ter dood veroordeelde. Die formule het diegene wat die oordeel sou voltrek van alle blaam onthef.<sup>1</sup> In vs. 15b is die bedoeling blykbaar dat Efraim die doodstraf opgelê word. Die woorde impliseer dat

---

1. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 449.

hy self alle blaam dra daarvoor. herpātō verwys terug na die beledigende optrede van Efraim (vgl. vs. 15a). Hiervoor sal JHWH ('ādōnāw) hom vergeld.

In die res van die perikoop is die dood van Efraim as 'n regverdige straf vir sy krenkende optrede teenoor JHWH 'n dominante motief. Die voorkoms van dieselfde motief in 'n algemene tipering van die optrede van Efraim en die straf van JHWH in 12:15 skep die indruk dat dit bedoel is om die tema van die perikoop aan die begin te stel.

Vs. 1a word verskillend vertaal deur die kommentatore, alhoewel hulle dit eens is dat dit hier gaan oor die leiersposisie wat Efraim vroeër in Israel ingeneem het. Die vertaling van die hapax legomenon r<sup>e</sup>tet met "skrik", berus op goeie gronde (vgl. Van Leeuwen). Verder dui die gebruik van hū' ná ns' daarop dat die vokalisasie van die masorete in die geval van ns' nie korrek is nie, aangesien die tweede hemistige van vs. 1a 'n nominale sin moet wees. Die kommentatore lees dan ook gewoonlik ns' as niśśā' (d.w.s. "verhewe", vgl. die Siriese vertaling en Targum) of as nāsī' (d.w.s. "'n vors"). Alhoewel daar nie veel verskil is in die betekenis nie, pas die laaste moontlikheid die beste in aansluiting by die eerste hemistige van vs. 1a: Niemand sou dit in die verlede waag om teë te praat teen Efraim nie. Hy was die onbetwiste leier in Israel! Die versreël verwys na die vroeëre geskiedenis toe die stam Efraim die leiding geneem het in Israel. Die lesing van die masorete is waarskynlik beïnvloed deur Judese en latere Joodse tradisies dat Juda en nie Efraim nie, die leiersposisie beklee het in Israel (vgl. Gen. 49:8 vv.).

Vs. 1b vorm 'n skerp kontras met vs. 1a. Efraim het deur die vrugbaarheidsgodsdiens 'n skuldelaas op homself gelaai wat sy "dood" veroorsaak het. Hy het van die hoogste posisie in Israel gedaal na die laagste posisie wat moontlik is. Die presiese bedoeling van wayyāmot is

nie duidelik nie. Dit verwys waarskynlik na die verbondsverbreking en die gevolglike teëspoed wat Efraim ervaar het, veral in die tyd ná die Siro-Efraimitiese oorlog (vgl. die bespreking by 6:2 en 5). wayyāmot is moontlik ook 'n sarkastiese sinspeling op die geloof dat die vrugbaarheidsgod sterf.

<sup>c</sup>attā het in vs. 2a ongeveer dieselfde nuanse as vs.2 in Gen. 22:12 en Eks. 18:11, naamlik "nou, na alles wat gebeur het". Aangesien vs. 2 staan teenoor vs. 1b kan w<sup>ec</sup>attā die beste weergegee word met "desnieteenstaande"<sup>2</sup> (so ook Rudolph en Van Leeuwen). Vs. 2a stel dat Efraim nie geleer het uit die dure ondervinding van die verlede nie, maar dat hulle nog steeds voortgaan om te sondig.

In vs. 2b tot f word meer besonderhede gegee van die sonde van Efraim. massekā dui 'n metaalbeeld aan (vgl. Eks. 32:4 en 8; so ook Wolff, Van Leeuwen, e.a.). Dit is waarskynlik bedoel as 'n kollektiewe verwysing na die beelde van bulle wat in die kultus in Israel gebruik is (vgl. <sup>c</sup>āšabbīm in vs. 2b en <sup>c</sup>āgālīm in vs. 2c).

Vs. 2c staan in apposisie by massekā en beskryf die metaalbeelde. kit<sup>e</sup>būnām word op grond van die Septuaginta en Vulgaat deur sommige kommentatore verander na k<sup>e</sup>tabnīt (so bv. Wolff). Dit is egter 'n vraag of die vertalings van die Septuaginta en Vulgaat werklik 'n ánder lesing reflekteer. Ander kommentatore vertolk kit<sup>e</sup>būnām as 'n skryffout vir kit<sup>e</sup>būnātām (so bv. Van Leeuwen; vgl. ook Ges-K. par. 91 e). Dit is ook moontlik dat t<sup>e</sup>būnām maar net 'n (noordelike) wisselvorm is vir t<sup>e</sup>būnātām. Die godebeelde was met vaardigheid (kit<sup>e</sup>būnām) uit silwer (mikkaspām) vervaardig. Dit was egter volledig mensewerk (vs. 2d, vgl. Ges-K. par.

---

2. Vgl. H.A. Brongers, Bemerkungen zum Gebrauch des adverbialen w<sup>ec</sup>attā im Alten Testament, art. in VT 15 (1965), bl. 295 v.



91 e vir die vorm kullō). Die kosbare meesal en goeie vakmanskap het dit nie tot iets méér verhef nie.

Vs. 2e en f lewer probleme op. Verskillende kommentatore lees op grond van die Septuaginta, Aquila, Symmachus, Theodotion en die Vulgaat zibhū in plaas van zōb<sup>e</sup>hē. Wolff vertaal vs. 2e met "Bei sich selbst sagen sie" en vertolk zibhū 'ādām as 'n verwysing na mense-offers. Dit is egter baie onwaarskynlik dat die profeet so iets net in die verbygaan sou noem (vgl. verdere besware by Rudolph en Van Leeuwen). Rudolph en Van Leeuwen vertolk hem 'ōm<sup>e</sup>rīm as 'n tussensin en lāhem zibhū as direkte rede. Van Leeuwen vertaal vs. 2e en f soos volg:

"'Aan hem' zo zeggen zij, 'moet gij offeren!'  
Mensen kussen kalveren!"

Die beswaar teen hierdie verklaring is dat die plasing van 'n indirekte objek voor 'n parentetiese sin en die imperatief daarna, 'n baie ongewone uitdrukkingswyse in Hebreeus is.

'n Ander verklaringsmoontlikheid is die volgende: lāhem in vs. 2e word gebruik met die betekenis "met betrekking tot" (vgl. KBL bl. 463, nr. 7 asook 'mr 1<sup>e</sup> in Gen. 20:13). Dit verwys na die afgodsbeelde waaroor vs. 2b tot d handel. Die lesing van die masorete zōb<sup>e</sup>hē 'ādām word behou en 'ādām word verklaar as 'n genetivus explicativus (vgl. Ges-K. par. 128 l). Die uitdrukking zōb<sup>e</sup>hē 'ādām beteken dan "die wat offer, naamlik mense". Alhoewel daar ook besware bestaan teen hierdie verklaring (vgl. Rudolph en Van Leeuwen) is dit in die lig van die onsekerhede die beste om die Masoretiese teks en vokalisasie te handhaaf en vs. 2e en f te vertaal:

"Met betrekking tot die afgodsbeelde sê hulle:  
'Mense wat wil offer, moet die kalwers soen'."

Nieteenstaande die onsekerheid wat bestaan oor die presiese betekenis van vs. 2e en f is dit duidelik dat dit hier gaan oor die kultiese verering van die bul=

beelde. Die soen van 'n beeld was 'n teken van verootmoediging voor en verering van die godheid (vgl. I Kon. 19:18; vgl. ook Job 31:26 tot 28). Dit is moontlik dat die huldebetoon aan die beelde verpligtend gemaak is. Die maak van die beelde en die kultiese verering daarvan was in elk geval 'n gruwelike belediging van JHWH (vgl. 12:15a) wat dit uitdruklik verbied het in die dekaloo.

lāken lei in vs. 3 die strafaankondiging van vs.3 JHWH oor Efraim in (Sellin en Rudolph meen dat dit in vs. 3 oor die beelde gaan). Die vergelykings wat gebruik word dui al vier op snelle en algehele verdwyning. Die oggendwolk en dou is ook in die beeldspraak in 6:4 gebruik. Kaf wat van die dorsvloer weggewaaie word (lees die passiewe vorm y<sup>e</sup>sō<sup>c</sup>ar) en rook wat uit 'n gat in die muur trek (Van Leeuwen) om in die niet te verdwyn, is beelde wat ook die tydelikheid en verganklikheid sterk beklemtoon. Die eens magtige Efraim (13:1a) sal binnekort glad nie meer bestaan nie!

Vs. 4 sluit inhoudelik aan by vs. 1 tot 3. Teen vs.4 oor die ontrou en verganklikheid van Efraim staan die trou en magtige verlossingsdade van JHWH in die verlede. Vs. 4a bevat 'n duidelike verwysing na die dekaloo (vgl. ook 12:10). JHWH het die verering van ander gode en die maak van beelde verbied. Hierdie verbod was gegrond op JHWH se openbaring aan Israel tydens en na die uittoeg: Israel het geen ander god geken of ander verlosser gehad as JHWH nie (vs. 4b).

Met klem word daar gesê dat JHWH en niemand vs.5 anders nie (vgl. 'ānī) Israel versorg het in die woestyn. Die beeld wat gebruik word is dié van 'n herder wat sorg dat sy skape weiding en water het (r<sup>c</sup>h, vgl. Tekskritiek). tal'ubōt is 'n hapax legomenon wat in 'n konteks waarin dit gaan oor weiding waarskynlik "droogtes" beteken (vgl. Wolff en Rudolph téén Van Leeuwen).

In vs. 6a is k<sup>e</sup>mar<sup>c</sup>itām blykbaar bedoel as 'n vs.6 nominale sin (Wolff) wat gevolg word deur 'n waw konsekutief met imperfektum (vgl. 11:1 vir 'n soort=gelyke konstruksie waar die waw konsekutief óók na 'n nominale sin gebruik word). Die bedoeling van vs. 6a is duidelik: Toe die weiding beter geword het, het hulle versadig geword. (Dit verwys waarskynlik na die vestiging en voorspoedige verblyf van die volk in Kanaän.) Toe hulle versadig geword het, het hulle gesindheid teenoor JHWH verander - hulle het hoogmoedig geword. Vs. 6b dui die gevolge van die gesindheidsverandering by die volk van JHWH aan: Hulle het Hom vergeet. In die konteks beteken dit waarskynlik dat hulle sy magtige daade by die uittog en in die onherbergsame woestyn vergeet het en toe ook in hulle daaglikse lewe nie meer met Hom rekening gehou het nie (vgl. ook Deut. 8:7 tot 14).

Maar JHWH laat Hom nie uitskakel deur sy volk vs.7 nie. In plaas van hulle te versorg en beskerm soos 'n herder teenoor sy kudde optree, het Hy tóé vir hulle 'n bedreiging geword soos 'n leeu vir die skape (vgl. 5:14 asook I Sam. 17:34). Dieselfde gedagte kom ook in vs. 7b na vore: 'n Luiperd wat kleinvee dophou (šwr) terwyl hulle verbytrek hou 'n wesenlike gevaar vir hulle in. So het JHWH sy volk aan gevaar blootgestel omdat hulle Hom nie meer erken het as hulle God nie (vs. 6b).

Die meeste kommentatore vertolk vs. 7 as 'n verwysing na die verlede en vs. 8 as 'n verwysing na die toekoms. Dit was waarskynlik ook die bedoeling, soos blyk uit die oorgang na die imperfektiese vorme in vs. 8 (vgl. vs. 8b vir die verklaring van w'klm). Terwyl JHWH in die verlede 'n ernstige bedreiging was vir Efraim (vs. 7), gaan Hy hulle in die toekoms vernietig. 'n Beerwyfie wat van haar kleintjies beroof is (vgl. Ges-K. par. 122e vir die manlike vorme in vs. 8a), was sekerlik die gevaarlikste dier in die Bybelse tyd. Omdat

Efraim se hart hoogmoedig geword het (vs. 6a), sou hulle in die hart getref word (vs. 8a).

In die meeste moderne kommentare word wysigings in die teks voorgestel by vs. 8b. Die vertalers van die Septuaginta het w'klm klaarblyklik as wa'ākālūm gelees. In aansluiting hierby het Duham (soos aangehaal deur Rudolph) voorgestel dat k<sup>e</sup>lābīm gelees word in plaas van k<sup>e</sup>lābī'. Hierdie voorstel word redelik algemeen aanvaar. Van Leeuwen stel dat die beeld van die leeu wat ná vs. 7a weer herhaal word (volgens die lesing van die masorete) vreemd is. Verder wys hy daarop dat honde (k<sup>e</sup>lābīm) in vs. 8b 'n baie beter parallel is vir ḥayyat haššādē in vs. 8c. Die beeld is naamlik dié van 'n woedende beer wat 'n prooi oorval en doodmaak (vs. 8a). Daarna kom die rondloper honde en aasdiere soos die jakkalse en verskeur die karkas (vs. 8b en c). In die beeld verwys die honde en aasdiere waarskynlik na die nasies wat Efraim sou stroop nadat JHWH hulle die doodslag toegedien het (vgl. vs. 14 vv.).

Die vokalisasie van die masorete in vs. 9 sluit vs.9 nie goed aan by vs. 8 en 10 nie (vgl. die besware by Van Leeuwen). Daar is verskillende voorstelle om die teks te wysig. Die meerderheid van die kommentatore aanvaar op grond van die Siriese vertaling die lesing šihattikā yiśrā'el mī b<sup>ec</sup>ezr<sup>e</sup>kā. Die Masoretiese teks kan egter onveranderd gehandhaaf word as šhtk as 'n infinitief konstruktus en <sup>c</sup>zrk as 'n partisipium gevokaliseer word (m.a.w. šahetkā yiśrā'el kī bī b<sup>ec</sup>ōz<sup>e</sup>rekā). Vs. 9 kan dan vertaal word met: "Jou vernietiging Israel, voorwaar dit lê by My, by die een wat jou gehelp het." Dit sluit goed aan by die konteks: JHWH het Israel voorheen gehelp en beskerm (vs. 4 en 5) maar daarna het Hy hulle vyand geword en nou is Hy daarop uit om hulle te vernietig (vs. 7 en 8). Die partisipium <sup>c</sup>ōz<sup>e</sup>r het dan dieselfde funksie as m<sup>e</sup>nā'efet in 3:1: Dit verwys na 'n handeling wat in die verlede plaasgevind het.

'hy, deur die masorete gevokaliseer as 'šhī, vs.10 is blykbaar 'n (noordelike) wisselvorm vir 'ayyē (in die Septuaginta is dit vertaal met pou). Deur die vraag "Waar is jou koning dan ...?" word die magteloosheid van die koning om as helper op te tree na vore gebring. As die ware verlosser van Israel besluit het om hulle te vernietig, kan die koning hulle nie help nie (vgl. yš<sup>c</sup> in vs. 4b en vs. 10a).

Sommige kommentatore lees w<sup>e</sup>kōl šārēkā in plaas van b<sup>e</sup>kol ārēkā en bring ook ander wysigings in vs. 10b aan. Dit is egter heeltemal onnodig: In die monargale stelsel in Israel is die koning in die verskillende stede verteenwoordig deur die šārīm.. Hulle het regterlike (vgl. šōf<sup>e</sup>tēkā) en militêre funksies gehad.<sup>3</sup>

Vs. 10 weerspieël na alle waarskynlikheid 'n situasie kort voor die beleg van Samaria in 723 tot 721 v.C. toe die amptenare van die koning ter wille van hulle veiligheid uit al die stede na Samaria gegaan het. Deur die gebruik van yōšī<sup>c</sup>ākā word daar vermoedelik gesinspeel op die naam van Hosea ben Ela, die laaste koning van Israel (Van Leeuwen e.a.).

In die woorde t<sup>e</sup>nā-lī melek w<sup>e</sup>šārīm klink iets deur van die versoek van die volk aan Samuel om 'n koning aan te stel (vgl. I Sam. 8:6, 19 v.). Daar is 'n duidelike spottende toon in vs. 10 en die algehele antipatie van Hosea teen die monargale stelsel kom hier duidelik na vore.

In vs. 11 word gestel dat JHWH Heer is oor die vs.11 monargie. Hy gee 'n koning in sy toorn en neem hom weg in sy woede. Daar is nie 'n teësprak tussen hierdie uitspraak en dié in 7:3 tot 7 en 8:4 waar die leiers verwytdat hulle konings op die troon plaas sonder

3. Vgl. R. Knierim, Exodus 18 und die Neuordnung der mosaischen Gerichtsarbeit, art. in ZAW 73 (1961), bl. 146-171. Vgl. ook die bespreking by 3:4.

om JHWH te raadpleeg nie. In hulle eiewilligheid en sonde het hulle konings aangestel en om die lewe gebring. JHWH het hulle eie goddelose daade gebruik om hulle te straf. Die monargie was 'n gawe van God se toorn aan Israel (Wolff)!

Die afleiding van Wolff dat Hosea ben Ela waar= skynlik reeds gevange geneem was, lyk geregverdig (vgl. w<sup>e</sup>'eqqaḥ in vs. 11). Dit is egter uit vs. 10 duidelik dat die Assiriërs nog nie die land binnegeval het nie<sup>4</sup> (vgl. vs. 15b v. en Agter= grond).

Terwyl die klem in vs. 1 tot 11 meer geval het vs.12 op die optrede van Efraim in die verlede en hulle posisie in die hede, verskuif dit in vs. 12 vv. na die onmiddellike toekoms van Efraim.

In vs. 12 word 'n beeld gebruik om die onafwendbaarheid van die oordeel van JHWH oor Efraim tot uitdrukking te bring: Efraim se skuld is soos 'n belangrike manuskrip wat toegewikkel is in 'n omhulsel en soos 'n kosbare skat wat weggesteek is om dit nie verlore te laat gaan nie (vgl. Job 14:17). Dit beteken dat JHWH dit nie sou ver= geet nie, maar dit weer na vore sou haal om Efraim te straf vir sy sonde. cāwōn en haṭṭā't verwys klaarblyk= lik na dié sake wat vanaf vs. 1 ter sprake was.

Vs. 13 dui aan dat Efraim self daarvoor verant= vs.13 woordelik is. Die beeld wat gebruik word is dié van 'n ongebore baba vir wie die tyd aangebreek het om die lewenslig te aanskou. Efraim is egter 'n onwyse kind (vs. 13a; vgl. Ges-K. par. 152a vn. 1 vir die vorm lō'-ḥākām): Wanneer dit tyd is vir die geboorte (cēṭ), neem hy nie die regte posisie in in die baarmoeder om gebore te word nie (lō' ya<sup>c</sup>āmoḏ b<sup>e</sup>mišbar bānīm). Die populêre siening in die tyd van die profeet was blykbaar

---

4. Vgl. J. Bright, A history of Israel, Londen 1960, bl. 258.

dat dit die ongebore baba se skuld was as hy nie reg lê vir die geboorte nie. Met net primitiewe mediese hulpmiddele tot hulle beskikking, het 'n verkeerde posisie van die kind in die baarmoeder natuurlik 'n gewisse dood beteken. Die betekenis van die beeld is duidelik: Efraim besef nie dat die krisis waarin hy verkeer 'n krisis van lewe en dood is nie. Omdat hy nie die regte houding inneem nie, gaan hy 'n gewisse dood tegemoet.

Vs. 14a moet vanweë die konteks (vgl. vs. 14c) vs.14 as vroe gelees word. Dit word aangedui deur die ongewone posisie van die werkwoorde (vgl. Ges-K. par. 150 a) en dit sluit ook goed aan by die vroe in vs. 14b. Die vroe impliseer baie duidelik dat JHWH die ongebore kind kan red van die mag van die dood. Hy besluit egter om dit nie te doen nie en in vs. 14b word die vernietigende magte van die dood by wyse van vroe ingeroep om op Efraim toe te slaan.

JHWH doen dit omdat sy geduld met Efraim op is (vs. 14c). Omdat Efraim nie wil leer uit sy ondervinding nie (vs. 2a en 7) en so dwaas is dat hy in die krisissuur van sy bestaan, wanneer dit gaan oor lewe en dood, nog steeds die verkeerde houding inneem (vs. 13), kan hy geen hulp en genade van JHWH verwag nie.

Sommige eksegete meen dat vs. 14c in teësprak is met gedeeltes soos 11:8. By die uitleg van 11:8 vv. het dit egter geblyk dat dit nie gegaan het oor die krisis van die Assiriese aanval op die staat Efraim nie, maar oor die vraag of JHWH sy volk finaal sou prysgee sodat hulle uitgewis word en glad nie meer bestaan nie. Volgens 11:8 vv. het Hy daarteen besluit. In 13:14 lê die klem egter op Efraim as staat. Dit blyk uit die prominente plek wat die koning en sy amptenare asook die hoofstad Samaria in die perikoop inneem (vgl. vs. 10v en 14:1). Op die vraag of JHWH

-348-

die staat Efraim sou verlos uit die krisis van die Assiriese bedreiging, antwoord vs. 14 negatief (vgl. ook vs. 3, 8 en 14:1). Oor die moontlikheid van die voortbestaan van die godsvolk ná die verwoesting, handel 14:2 tot 9.

Mays stel byna dieselfde standpunt wanneer hy sê:

"Yahweh has his sympathy for his unwise people, but he will not consider it now in deciding his course of action. Ephraim's guilt still stands on record (vs. 12). The judgment that is already in progress has brought forth no new life of repentance (vs. 13). In another time and place there may be occasion for Yahweh's sympathy. But for now, this nation in its present form and mood is given to death for punishment."

Die betekenis van vs. 15a is duister. Die 13:15a Masoretiese teks word ondersteun deur die vertalings, behalwe dat bēn vertolk is as bēn (vgl. Tekskritiek). Een van die probleme in verband met vs. 15a is die vraag of dit by vs. 14c aansluit en of dit by vs. 15b gegroepeer moet word. Rudolph verbind vs. 15a met vs. 14 en sien in hū' 'n verwysing na die dood. Met 'n wysiging van die suffiks in vs. 14c (mē<sup>c</sup>ēnō i.p.v. mē<sup>c</sup>ēnay), kom hy dan tot die vertaling:

"Mitleid ist seinen Augen verborgen,  
denn er trennt auch Brüder."

Wolff verbind vs. 15a en b en lees die laaste drie woorde van vs. 15a as bēn 'āhū mafri'. Hy vertaal vs. 15a en die eerste deel van vs. 15b soos volg:

"Ja, während er zwischen Riedgras gedeiht  
kommt der Ostwind als Jahwes Wind, ..."

Van Leeuwen verbind ook vs. 15a en b en vertolk vs. 15a soos die meerderheid van die kommentatore, naamlik:

"Ook al bloeit hij tussen de broeders,  
de oostenwind zal komen ..."

Teen al hierdie verklarings kan besware ingebring word: Rudolph en Wolff verander die Masoretiese teks sonder goeie gronde. By die tradisionele uitleg soos dié van



Van Leeuwen is dit 'n vraag of Efraim se posisie, op die stadium toe die Assiriese magte op pad was om die land te verwoes (vgl. vs. 15b v.), beskryf sou kon word met die woorde "hy bloei tussen broers". Dit lyk baie onwaarskynlik.

Indien die Masoretiese teks behou word is dit op grond van die metrum waarskynlik dat vs. 15a by vs. 14c gegroepeer moet word. (Vgl. die afgeronde konsentriese patroon van die metrum in vs. 15b tot 14:1b). Die heropname van hū' ben in vs. 15a (vgl. vs. 13a) kan as 'n addisionele argument aangevoer word vir die terugwaartse verbinding van vs. 15a. Die beeld van vs. 13a loop blykbaar deur tot in vs. 15a. Vs. 14c en die eerste deel van vs. 15a sou dan soos volg vertaal kon word: "Ek het geen medelye (met hom) nie, voorwaar hy (d.w.s. Efraim) is 'n seun wat ...". Die betekenis van 'āhīm yafrī' is in só 'n geval egter duister. Sou "hy skei broers" (d.w.s. hy skei homself van 'n broer wat reeds gebore is) dalk 'n idiomatiese uitdrukking kon wees wat die dood van 'n ongebore kind aandui? Dit sou 'n goeie afsluiting wees vir vs. 12 en 14: Efraim se sonde is nie vergete nie (vs. 12). Soos 'n ongebore baba wat nie die regte posisie inneem as dit tyd is vir die geboorte nie, het Efraim die verkeerde houding in die krisis waarin hy verkeer (vs. 13). JHWH sal hom nie red van die dood nie (vs. 14a en b). Omdat JHWH geen genade gaan betoon nie, sal hy sekerlik sterwe (vs. 14c en 15a).

In vs. 15b en c word 'n ander beeld 13:15b tot d gebruik om die gewisse dood van Efraim te beskryf. Die oostewind is hier 'n beeld van die Assiriese leërs (vgl. vs. 15d v.). Deur dit 'n ruah yhwh te noem, dui die profeet aan dat die Assiriese leërs ook onder die mag van JHWH is. Hierdie vernietigende storm van JHWH wat uit die ooste sal opkom, is besig om in die woestyn op te steek (clh moet in aansluiting by ruah as cōlā gevokaliseer word). Dit dui waarskynlik daarop dat die Assiriese magte besig was om gereed te maak vir die inval in die land.

Die beeld van die versengende woestynwind word in vs. 15c voortgesit. Indien y<sup>b</sup>š en y<sup>h</sup>rb as qal-vorme gelees word (vgl. Tekskritiek) is m<sup>e</sup>qōrō en ma<sup>c</sup>yānō die subjekte van die werkwoorde. Wanneer die woestynstorm losbreek, sal Efraim se bronne opdroog. Dit is bedoel as beeldspraak om die dood en vernietiging wat die Assiriese leërs sal bring tot uitdrukking te bring, maar dit kan ook 'n sinspeling wees op die watervoorrade wat uitgeput sal raak in die beleëring van Samaria (vgl. 14:1).

In vs. 15d word die beeld van die oostewind losgelaat en stel die profeet dat hy (d.w.s. die Assiriese leërmag) voorrade sal plunder en dat alle kosbaarhede in sy hande sal val.

Omdat Samaria klaarblyklik die uiteindelijke mik=14:1 punt van die Assiriese leërs sou wees, word die lot van die stad en sy inwoners spesiaal vermeld. Wanneer gesê word "Samaria sal boet (vgl. 4:15 vir al die betekenisemoontlikhede van 'šm) omdat hy in opstand was teen God", is dit duidelik dat Hosea die setel van die regering beskou het as die konsentrasiepunt van die opstand teen JHWH. Die baälkultus en beelddiens (13:1 en 2), asook die monargale stelsel (vs. 9), was die uiterlike tekens van die opstand teen God. Dit is gefinisieer deur die regering in Samaria (vgl. bv. 5:1 v.; 8:4 vv.). Daarom sou Samaria boet.

Die perikoop sluit af met 'n grieselige beskrywing van die lot wat die bewoners van die stad te wagte kon wees. Wie teen die God van genade en liefde in opstand kom, sal genadeloos behandel word wanneer Hy sy liefde en beskerming onttrek!

Die perikoop vorm 'n hegte tematiese eenheid waarin die volgende motiewe sterk op die voorgrond is:

- i. Efraim is skuldig teenoor JHWH en is self verantwoordelik vir sy vernietiging: Hy wou nie leer uit die duur ondervinding van die verlede toe JHWH hom gestraf het nie (13:1), maar het voortgegaan om

te doen wat JHWH uitdruklik verbied het (vs. 2). Die voorspoed wat JHWH geskenk het (vs. 4), het Efraim nie in dankbaarheid teenoor Hom laat lewe nie (vs. 6). Selfs in die grootste krisis het Efraim die verkeerde houding (vs. 13). Daarom sou hulle boet vir hulle skuld (14:1).

- ii. JHWH wat Heer is oor die dood (vs. 14) en die Assiriese leërs (vs. 15b v.) sal Efraim as straf vir die sonde aan vernietiging oorgee (vs. 3, 8 en 14 tot 14:1).

(Die tema van die perikoop word baie goed saamgevat in 12:15 waar gestel word dat Efraim verskriklik krenkend opgetree het en dat sy Heer hom met die doodstraf verantwoording sal laat doen vir sy beledigende optrede.

## 6. Vertaling

- 12:15 Efraim het verskriklik krenkend opgetree.  
Sy Heer hou hom daarvoor verantwoordelik  
en sal hom vergeld vir sy beledigende optrede.
- 13:1 Vroeër sou niemand dit waag om teë te praat teen  
Efraim nie;  
hy was die leier in Israel.  
Maar hy het hom skuldig gemaak deur die vrug=  
baarheidsgodsdienst en gesterwe.
- 2 Nogtans gaan hulle voort om te sondig:  
Hulle het vir hulle metaalbeelde gemaak  
- godebeelde wat met vaardigheid van silwer  
gemaak is.  
Dit is geheel en al die werk van ambagsmanne!  
Van dié beelde sê hulle:  
"Mense wat wil offer, moet die kalwers soen!"
- 3 Omdat hulle dit doen sal hulle soos  
'n mōrewolk en soos dou vinnig verdwyn.  
Ja soos kaf wat van die dorsvloer  
en soos rook wat uit die skoorsteen weggewaai  
word!
- 4 Ek is JHWH jou God wat jou uit Egipteland uit=  
gelei het.  
Jy het geen ander god geken nie  
en daar was geen ander verlosser nie.
- 5 Ek het jou laat wei in die woestyn, in 'n  
dorre land.
- 6 Toe hulle by goeie weiding gebring is, het  
hulle dik geraak;  
toe hulle dik geraak het, het hulle

- hoogmoedig geraak.  
Om dié rede het hulle nie meer met My rekening  
gehou nie.
- 7 Toe het Ek vir hulle geword soos 'n leeu,  
soos 'n luiperd wat hulle langs die pad dophou.
- 8 Ek sal hulle oorval soos 'n wyfieber wie se  
kleintjies afgeneem is.  
Ek sal hulle borskas oopskeur.  
Dan sal die honde hulle opvreet  
en die aasdiere sal hulle uitmekaar skeur.
- 9 Jou vernietiging Israel, het jy aan  
Mý te danke, aan die Een wat jou voorheen  
gehelp het!
- 10 Waar is jou koning dan nou?  
Hy kan jou mos help in al jou stede!  
Waar is jou aangestelde regters?  
Al die manne van wie jy gesê het:  
"Gee vir my 'n koning en amptenare!"
- 11 Ek gee aan jou 'n koning in my toorn  
en Ek neem hom weg in my woede!
- 12 Die skuld van Efraim is opgeberg,  
sy sonde is in veilige bewaring!
- 13 Die krisisuur het vir hom aangebreek;  
maar hy is soos 'n dwase baba  
wat, as dit tyd is om gebore te word,  
nie die regte posisie inneem in die  
baarmoeder nie!
- 14 Moet Ek hom red van die dood?  
Moet Ek hom verlos van die doderyk?  
Bring jou peste, dood!  
Bring jou epidemie, doderyk!  
Ek sal hom nie jammer kry nie.
- 15 Hy sal sekerlik nie die lewenslig aanskou nie.  
Die oostewind, daardie storm van JHWH wat in die  
woestyn opsteek, sal losbreek  
sodat sy bron sal opdroog  
en sy fontein sal gaan staan.  
Die vyand sal die voorrade plunder en alle  
kosbaarhede wegneem.
- 14:1 Samaria sal boet want hy was in opstand teen  
sy God:  
Die mans sal met die swaard gedood word;  
die klein kindertjies sal verpletter word  
en die swanger vroue oopgesny word.

## 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, dateer  
na alle waarskynlikheid uit die tyd ná die gevangeneeming  
van Hosea ben Ela (vs. 10a en 11) toe die staatsamptenare  
veiligheid gaan soek het in Samaria (vs. 10a) omdat

hulle 'n Assiriese inval verwag het. Die Assiriese leërs was vermoedelik reeds op pad uit die ooste (vs. 15b). Dit was dus waarskynlik in die jaar 723 v.C. net voordat Samaria beleër is.<sup>5</sup> Die profeet was waarskynlik nie self in die stad nie (vgl. Wolff).

#### 8. Breër verbande en perspektiewe

Daar is 'n hele aantal verbindingslyne met die voorafgaande perikope. Naas die aanklagte van skuld is dit veral die verwagting dat die land ingeneem en verwoes gaan word deur die Assiriërs, wat sterk op die voorgrond is (vgl. bv. 10:14 v.; 11:6 v.; 12:2). In 12:15 tot 14:1 is die sekerheid dat dit sal gebeur en op hande is, sterker as in die voorafgaande perikope. Die hulpeloosheid van die koning in die krisis en die inname van die regeringsetel is motiewe wat ook elders voorkom (vgl. 10:9 en 15).

Opvallend genoeg is daar in 12:15 tot 14:1 géén verwysing na 'n ballingskap na Assirië of 'n vlug na Egipte nie. Dit kan wel verklaar word uit die feit dat die profesieë konsentreer op Efraim as staat en vanweë die tema van die dood as straf oor Efraim, wat dominant is in die perikoop.

---

5. Vgl. J. Gray, I and II Kings, Londen 19 , bl. 585.

### 1. Afgrensing

Die afgrensing na vore is reeds beredeneer by die voorafgaande perikoop. Vs. 10 sluit nie inhoudelik aan by vs. 2 tot 9 nie, maar is bedoel as 'n slot van die hele boek en staan as sodanig los van die voorafgaande verse.

### 2. Tekskritiek

Alhoewel die Masoretiese teks probleme oplewer by vs. 8 en 9, bestaan daar nie voldoende tekskritiese gronde om veranderings aan te bring nie. Die kommentatore volg wel meestal die afwykende lesings van die Septuaginta by vs. 8 en 9, maar die Masoretiese teks is in al die gevalle lectio difficilior en verdien daarom die voorkeur.

### 3. Vorm

Die metrum bestaan uit enkel-, twee- en drievoetige versreëls. Daar is nie 'n vaste patroon in die metrum nie, maar die herhaling van die ritmiese kombinasie 2 + 2 + 2, 3 in vs. 3c tot e, 4c en d en 'n byna soortgelyke metrum in vs. 8a tot d is opvallend. Die eerste stiges van die spreuk wat by vs. 5a begin en dié wat by vs. 9a begin, kom ook ooreen (2 + 2). Op grond van die struktuurontleding word vs. 5b en vs. 6a gekombineer (vgl. Struktuur).

Die opvallendste kenmerk van die perikoop is die opeenstapeling van vergelykings in vs. 6 tot 9. Met die uitsondering van vs. 8b en vs. 9a en b kom daar vanaf vs. 6 in elke hemistige 'n vergelyking of metafoor voor. Verskillende terme word in die perikoop herhaal (vgl. bv. šwb in vs. 2a, 3a, 5a en b; l<sup>e</sup>bānōn in vs. 6c, 7c en 8d; prḥ in vs. 6b en 8c).

### 4. Struktuur

Die perikoop bestaan uit twee dele:

- i. Vs. 2 tot 4 is gestileer as 'n profeterede. Vs. 2a tot 3b bevat hoofsaaklik imperatiewe wat gerig is tot Israel. Vs. 3c tot 4d is 'n direkte rede ná 'mr in vs. 3b. In hierdie deel word Israel sprekend ingevoer en is hulle woorde gerig tot JHWH.
- ii. Vs. 5 tot 9 is gestileer as 'n godsrede. In feitlik al die vertalings en kommentare word vs. 5b en vs. 5a verbind. Die verwysing na Israel in die derde persoon enkelvoud in vs. 5b teenoor die meervoudsvorme in vs. 5a maak 'n verbinding tussen 5b en 6a (vgl. l<sup>e</sup>yisrā'el) noodsaaklik. Vs. 5 tot 9 is dan uit die volgende dele saamgestel: In vs. 5a tot 6a is JHWH in die eerste persoon die subjek van die handeling. In vs. 6b tot 8d is Israel die subjek, aanvanklik in die enkelvoud (vs. 6b tot 7c) en daarna in die meervoud (vs. 8). In vs. 9 gaan dit oor Efraim en is JHWH weer die subjek van die handeling.

Vs. 2 tot 4 en vs. 5 tot 9 word met mekaar verbind op grond van die voorkoms van die naam Israel en die term šwb in albei dele, asook bepaalde inhoudsmomente (vgl. bv. ma<sup>c</sup>ššē yādēnū in vs. 4c en <sup>c</sup>šabbīm in vs. 9a; rḥm in vs. 4d en 'hb in vs. 5a).

## 5. Betekenis

Die eerste stiges van die perikoop word oor= vs.2 heers deur imperatiewe wat gerig is tot Israel. Die term šwb kom dikwels in die boek Hosea voor; in vs. 2a dui dit die bekering van Israel tot JHWH aan. Die feit dat die voorsetsel <sup>c</sup>ad by šwb gebruik word in vs. 2a en 'el in vs. 3a het waarskynlik geen besondere betekenis nie (Rudolph, teen Gispen en Van Leeuwen). Die benaming ywhw 'ēlōhēkā is in die voorafgaande perikope gebruik in aanklagte teen Israel waar die trou van JHWH aan sy verbond en die gevolglike straf vir die oortreders daarvan, beklemtoon is. In vs. 2a staan

dit in 'n konteks waarin die klem val op JHWH se trou aan sy volk om hulle te vergewe en te verlos.

In vs. 3 dui die profeet aan op watter wyse vs.3 die terugkeer na JHWH moes plaasvind. Die twee imperatiewe in vs. 3a kan die beste weergegee word met 'n voorwaardesin (vgl. Ges-K. par. 110 f). Uit vs. 3c v. is dit duidelik dat d<sup>e</sup>bārīm in vs. 3a betrekking het op 'n skuldbelydenis. Vs. 3a kan dan soos volg vertaal word:

"As julle 'n belydenis doen,  
sal die verhouding met JHWH herstel word."

In vs. 3b tot 4d dui die profeet aan wat die inhoud van Israel se belydenis behoort te wees. kōl dra vanweë die ongewone posisie daarvan besondere klem (vgl. Ges-K. par. 128 e vir ander voorbeelde van 'n soortgelyke gebruik van kōl). Die imperatief qah wat met 'n waw kopulatief verbind word aan die jussief tiśśā', dui 'n bedoelde gevolg aan (vgl. Ges-K. par. 110 i). tōb het in die konteks die betekenis "redevoering"<sup>1</sup> (vgl. tōb in Ps. 39:3 en Neh. 6:19). Vs. 3d sou met "neem die belydenis aan", vertaal kan word.

In vs. 3e druk die kohortatief ūn<sup>e</sup>šall<sup>e</sup>mā 'n voorneme uit (vgl. Ges-K. par. 108 d). prym kan saam met die meerderheid van die kommentatore verklaar word as die status konstruktus van p<sup>e</sup>rī waaraan 'n enklitiese m gevoeg is (vgl. die verwysings by Wolff en Van Leeuwen). Die vokalisasie van die masorete is waarskynlik beïnvloed deur die offerterm šlm. p<sup>e</sup>rīm ś<sup>e</sup>fātēnū is bedoel as 'n adverbiale akkusatief. Vs. 3b tot e kan dan soos volg vertaal word:

"Sê aan Hom: Vergewe ons skuld tog geheel en al,  
sodat U (ons) belydenis kan aanneem.  
Ons wil die vrug van ons lippe aan U bied."

---

1. Vgl. R. Gordis, The text and meaning of Hosea XIV 3, art. in VT 5 (1955), bl. 89 v.



Die woorde wat die profeet vir Israel voorsê, is dus 'n gebed om vergifnis (vs. 3c) en om verhooring en 'n uitspreek van die voorneme om met die belydenis en lofprysing te kompenseer vir die sonde en ontrou van die verlede (vs. 3e).

Vs. 4 gee inhoud aan p<sup>e</sup>rīm ś<sup>e</sup>fātēnū in vs. 3e. vs.4  
 Dit is 'n belydenis waarin die eie onvermoë (vs. 4a tot c) en die feit dat hulle volledig aangewese is op die genade van JHWH (vs. 4d), erken word. By die erkenning van die eie onvermoë word drie sake genoem wat in die voorafgaande perikope in die aanklagte teen Israel gefigureer het. Dit is die geloof dat Assirië Israel kan help in sy nood (vgl. 5:13 v.), die vertrouwe op die eie magsapparaat (vgl. 10:13) en die beelddiens (vgl. 13:2). Die profeet lê dit vir Israel in die mond om hulle eie onvermoë te erken deur die vertrouwe op die eie politieke, militêre en kultiese beplanning af te sweer.

Vs. 4c staan redegewend by vs. 4a tot c: Die belydenis dat die eie beplanning misluk het en die verklaring om nie daarmee voort te gaan nie, word gemotiveer deur die erkenning dat 'n hulpelose en verdrukte (vgl. yātōm) op JHWH alleen aangewese is (b<sup>e</sup>kā dra vanweë die vooropstelling klem).

Die stelling van Van Leeuwen dat Israel in vs. 2 tot 4 'n volk is oor wie die gerigte van God heengegaan het, is volkome korrek. Dit blyk uit die geheel van vs. 2 tot 4, maar veral in vs. 2b en 4d. Dit is wel opmerklik dat daar in vs. 4 geen verwysing is na die koningskap, wat deur die profeet beskou is as die oorsaak van die kwaad in Israel nie. Dit dui waarskynlik daarop dat die profesie gelewer is in 'n tyd toe die koningskap nie meer bestaan het nie.

Vs. 5a sluit in 'n mate inhoudelik aan by vs. vs.5a  
 4d (vgl. rhm en 'hb). JHWH gee sy voorneme te kenne om Israel in die toekoms weer te herstel. Uit

die woorde "Ek sal hulle afvalligheid genees" kan afgelei word dat die oproep van die profeet tot Israel in vs. 2 tot 4 nog nie tot 'n positiewe reaksie aan hulle kant gelei het nie. Israel is dus nog afvallig wanneer die goddelike openbaring van vs. 5 vv. bekendgemaak word. Die meeste kommentatore meen dat vs. 5 tot 9 voorwaardelik is in dié sin dat JHWH sal doen wat Hy in vs. 5 vv. onderneem as Israel positief reageer op die oproep van die profeet. Hierdie standpunt lyk nie korrek nie. [Die feit dat JHWH nie sy volk sou laat vaar nie maar hulle gesindheid in die toekoms sou verander, is nie afhanklik van die bekering van Israel nie, maar is gegrond in sy liefde. Dat sy liefde nie afhanklik is van menslike prestasies nie, word beklemtoon deur die adverbiale akkusatief n<sup>e</sup>dābā ("uit eie vrye wil"). Dit is wel duidelik dat die oortuiging wat in vs. 5a na vore kom, naamlik dat God sy volk liefhet en hulle verkeerde gesindheid sal genees, die oproep in vs. 2 tot 4 gemotiveer het. Dit beteken egter nie dat vs. 5 vv. voorwaardelik is nie. (Die probleem wat die inhoudelike verband tussen vs. 5 tot 9 en vs. 2 tot 4 oplewer, is dieselfde as die probleem van die verhouding tussen goddelike genade en menslike verantwoordelikheid by die uitverkiesing).

Vs. 5b word deur al die kommentatore met vs. vs.5b-6a 5a verbind. Die verbinding met vs. 6a is egter beter (vgl. Struktuur). Dit is nie duidelik of kī in vs. 5b redegewend bedoel is nie en of dit 'n tempo-rele bysin inlei nie (vgl. Ges-K. par. 164 d). 'n Keuse op grond van die konteks is moeilik. In die lig daarvan dat die imperfekta in vs. 5 vv. klaarblyklik verwys na toekomstige gebeure, is die laaste moontlikheid die waarskynlikste: Op die stadium wanneer die profesie gelewer word, leef Israel nog onder JHWH se toorn, maar wanneer dit afgewend is (šāb is bedoel as 'n futurum exactum, vgl. Ges-K. par. 106 o), sal JHWH vir hulle wees soos die dou. Terwyl die dou in 6:4 en

13:3 'n beeld is vir onbestendigheid en snelle verdwyning, lê die klem in vs. 6a op die verkwikkende en lewe-  
wekkende krag daarvan. JHWH sal Israel dus in die toe-  
koms tot nuwe lewe wek.

In aansluiting by vs. 6a waar die beeld vs.6b en c  
van Israel as 'n plant gebruik word, brei vs. 6b vv.  
daarop uit met ander vergelykings wat hoofsaaklik uit  
die plantewêreld kom, om die heilryke toekoms van Israel  
te teken. Die beeld in vs. 6b lê die klem op die skoon-  
heid van die nuwe skepping van JHWH.

Die meeste kommentatore vertolk kall<sup>e</sup>bānōn in vs. 6c as  
'n stylfiguur waarin die naam van die berg gebruik word  
vir die bome wat daar groei (vgl. Van Leeuwen). Dit is  
inderdaad die geval in vs. 7, maar in vs. 6c word die  
wortels van die "plant" Israel vergelyk met die rante  
wat aan die voet van die berg uitlopers vorm en die  
"wortels" van die berg genoem kan word (vgl. Job 28:9).  
Dit beteken dat die nuwe Israel so onbeweeglik sal vas-  
staan soos die Libanon.

Terwyl vs. 6b en c na die skoonheid en besten-  
digheid verwys, lê vs. 7a klem op die kragtige uit-  
breiding van Israel in die toekoms. Hy sal soos 'n  
geilgroeiende plant lote skiet. Die glansrykheid van  
die toekomstige "plant" Israel, word in vs. 7b vergelyk  
met dié van 'n silwergroen olyfboom wat altyd vrugte dra.  
Die aangename geur wat hy sal afgee word weer vergelyk  
met dié van die geurryke plante op die Libanon. Israel  
sal dus 'n verkwikking wees en vreugde verskaf aan almal  
wat met hom in aanraking sal kom.

Wolff het daarop gewys dat die beeldspraak in  
vs. 6 en 7 herinner aan motiewe in die liefdes-  
liedere (vgl. bv. Hoogl. 1:2 en 4; 2:13; 4:10 v.;  
5:1; 6:11; 7:9 v., 13 v.). Dit sluit goed aan  
by vs. 5a waarin JHWH verklaar dat Hy Israel sal  
liefhê. Rudolph het egter daarop gewys dat die  
soort beeldspraak wat in vs. 6 vv. gebruik word,

ook gewild was in wysheidskringe. In die boek Hosea word dit wel aangewend met 'n eie stempel van oorspronklikheid.

yōš<sup>e</sup>bē in vs. 8a word deur die meeste kommenta- vs.8 tore verander na yēš<sup>e</sup>bū op grond van die Septuaginta en die Siriese vertaling. Die Masoretiese teks is egter 'n lectio difficilior en word ondersteun deur die ander teksgetuies. Die gebruik van 'n partisipium in status konstruktus voor 'n voorsetsel is nie ongewoon in Hebreeus nie (vgl. Ges-K. par. 130 a). yōš<sup>e</sup>bē b<sup>e</sup>šillō kan dus vertaal word met "die wat in sy skaduwee sit". Die meeste kommentatore verander ook b<sup>e</sup>šillō na b<sup>e</sup>šillī. Daarvoor is daar egter geen tekskritiese gronde nie. Die suffiks verwys klaarblyklik na Israel. Soos in 2:4 waar Israel met 'n vrou vergelyk word en die Israëliete tog van Israel, die moeder, onderskei word, so word die Israëliete in vs. 8a onderskei van die "boom" Israel. Die partisipium yōš<sup>e</sup>bē verwys soos in die partisipia in 3:1 (m<sup>e</sup>nā'efet) en 13:9 (lees cōz<sup>e</sup>rēkā), na gebeure in die verlede. Vs. 8a en b kan dan soos volg vertaal word:

"Die wat in sy skaduwee gesit het, sal terugkeer, hulle sal koring verbou."

Hierdie woorde verwys waarskynlik na ballinge wat sal terugkeer en soos van ouds in die veiligheid wat Israel bied, landbou sal beoefen. Die Israëliete wat sal terugkeer, is ook die subjek in vs. 8c. Hulle sal gedy soos 'n druiwestok.

Vs. 8d sluit die spreuk wat by vs. 6b begin het, af. Die suffiks aan zeker verwys blykbaar soos dié aan šēl in vs. 8a na Israel. Die roem van die "plant" van JHWH sal so wyd verbrei wees soos dié van die wyn wat aan die hange van die Libanon verbou is.

Vs. 9a lewer 'n probleem op in soverre die be- vs.9 tekenis van die woorde ma-lī cōd lā<sup>c</sup>āšabbīm onseker is. Die meeste kommentatore lees lō in plaas van lī

op grond van die Septuaginta. Dit is egter die enigste teksgetuie wat die derde persoon lees in plaas van die eerste persoon. Die vertalers van die Targum en die Siriese vertaling het die probleem aangevoel en dit probeer oplos deur ma-lī <sup>C</sup>ōd lā<sup>C</sup>āšabbīm as woorde van Efraim te vertolk, maar dit sluit nie goed aan by vs. 9b en c nie.

Die naam Efraim is blykbaar bedoel as 'n vokatief. Die retoriese vraag "Wat het Ek steeds met die godebeelde te doen?" beteken waarskynlik "Ek het nog nooit enige verband met die godebeelde gehad nie!" Dit is dus 'n vermaning aan Efraim dat JHWH nie deur beelddiens ge= dien mag word nie.

Vs. 9b is ook nie sonder probleme nie. Die masorete het <sup>C</sup>nyty in aansluiting by die gebed waarvan daar in vs. 3b tot 4d sprake is, vertolk as "verhoor" (<sup>C</sup>nh I). Ná die vermaning in vs. 9a waarin geïmpliseer word dat Efraim JHWH wil dien deur gebruikmaking van beelde, is dit onwaarskynlik dat JHWH sal verklaar dat Hy hulle verhoor het. Buitendien is vs. 3b tot 4d nie 'n gebed van Efraim nie, maar 'n belydenis waartoe die profeet die volk oproep. Daarom is dit beter om <sup>C</sup>nyty in aansluiting by vs. 9a en op grond van die lesing in die Septuaginta (etapeinōsa auton) en die Siriese vertaling, as <sup>C</sup>innītī te lees (d.w.s. 'n pi<sup>C</sup>el van <sup>C</sup>nh II met die betekenis "verneder"). Daarmee word die almag van JHWH, wat Efraim in die oordeel ondervind het, gestel teenoor die magteloosheid van die godebeelde.

Die betekenis van w'šwrnw is ook onseker en omstrede. Dit blyk alreeds uit die feit dat die Septuaginta, die Siriese vertaling, die Targum en die Vulgaat almal verskillende vertalings bied vir die woord. Die vraag is of die voegwoord bedoel is as 'n gewone kopula (m.a.w. "Ek het hom verneder en Ek ...") en of dit teenstellend bedoel is (m.a.w. "Ek het hom verneder, maar ..."). In aansluiting by vs. 9c waarin JHWH se nimmer eindigende

en verkwikkende optrede teenoor sy volk uitgebeeld word, is die laaste moontlikheid die beste. šwr het dan, anders as in 13:7 'n gunstige betekenis. Die derde persoon suffiks aan šwr is vreemd by die direkte aanspreekvorm in vs. 9a en c, maar in Hebreeus word soms derde persoon suffikse gebruik waar 'n tweede persoon suffiks verwag word (vgl. Ges-K. par. 135 r). Vs. 9b kan dan soos volg vertaal word:

"Ek het jou verneder,  
maar Ek sal (weer) aan jou aandag gee."

Vs. 9c bevat 'n duidelike refleksie op die vrugbaarheids-godsdiens. Die godebeelde wat vir die profeet in verband gestaan het met die vrugbaarheidsgodsdiens (vgl. 13:1 v.), was simbole van gode wat sterf en onaktief raak soos 'n bladwisselende boom. JHWH is egter soos 'n immergroen jeneverboom. In die tweede deel van vs. 9c is die beeld van die jeneverboom op die agtergrond omdat dié boom nie eetbare vrugte dra nie. Die beeldspraak in die laaste hemistige is wel duidelik: By JHWH alleen (mimmennī staan voorop t.w.v. beklemtoning) kan daar nuwe groeikrag en vrugbaarheid gevind word.

In die perikoop word Israel opgeroep om hulle tot JHWH te bekeer en hulle skuld, eie onvermoë en totale afhanklikheid van JHWH te bely (vs. 2 tot 4). Hierdie oproep is gegrond in die vaste oortuiging dat JHWH 'n genadige God is (vs. 4d) wat sy liefde openbaar aan mense wat dit nie verdien nie (vs. 5a). In die tweede deel van die perikoop gee JHWH sy voorneme te kenne om Israel in die toekoms te herstel (vs. 5a). Deur sy lewewekkende krag (vs. 6a), sal Hy 'n skone, bestendige en vrugbare volk skep in die toekoms. Dit sal 'n roemryke volk wees wat in veiligheid sal gedy (vs. 6 tot 8). Die perikoop sluit af met 'n vermaning aan Efraim waarin die almag van JHWH en die blywende lewenskrag wat Hy skenk, gestel word teenoor die magteloosheid van die godebeelde.

## 6. Vertaling

- 2 Bekeer jou, Israel, tot JHWH jou God,  
want jy het gestruikel vanweë jou skuld.
- 3 As julle 'n belydenis doen,  
dan sal julle weer in JHWH se gemeenskap opgeneem  
word.  
Sê aan Hom: Vergewe ons skuld tog geheel en al,  
sodat U ons belydenis kan aanneem,  
want ons wil die vrug van ons lippe aan U bied:
- 4 Assirië kan vir ons geen heil bring nie;  
ons wil ons nie meer verlaat op oorlogstuig nie.  
Ons sal ook nie weer vir ons handewerk sê "ons  
god" nie,  
want by U alleen is daar hulp en liefde vir die  
weerlose.
- 5 Ek sal hulle ontrou genees.  
Ek sal hulle uit vrye wil liefhê.  
Wanneer my toorn van hom afgewend is,
- 6 sal Ek Israel tot nuwe lewe wek soos die dou 'n  
verwelkte plant verkwik.  
Israel sal so mooi wees soos 'n pragtige blom.  
Hy sal so vas staan soos die Libanon.
- 7 Sy groei sal geil wees;  
sy glans sal wees soos dié van 'n olyfboom  
en hy sal 'n aangename geur hê soos die plante  
van die Libanon.
- 8 Dié wat voorheen onder sy beskutting geleef het,  
sal weer terugkeer.  
Hulle sal weer koring verbou.  
Hulle sal gedy soos 'n wingerdstok.  
Die roem van Israel sal wees soos dié van die wyn  
van die Libanon.
- 9 Efraim, daar was nog nooit enige verband tussen  
My en godebeelde nie!  
Ék het jou verneder, maar Ek sal weer aan jou  
aandag gee.  
Ek is soos 'n immergroen jenerwerboom wat nooit  
verwelk nie.  
By My kan jy ware vrugbaarheid vind!

## 7. Agtergrond

Die profesieë wat in die perikoop opgeneem is, dateer waarskynlik uit die tyd kort ná die val van die noorde=like ryk in 721 v.C. Die volk oor wie dit gaan, het gestruikel (vs. 2b), is weerloos (vs. 4d) en verneder (vs. 9b). Daar is geen verwysing na die staat of koning nie en die oorheersing van Assirië word in vs.

4a geïmpliseer. Indien die uitleg by vs. 8a en b korrek is, verwys dit na 'n wegvoering in ballingskap.

### 8. Breër verbande en perspektiewe

Daar is verskillende formele verbindingslyne met die voorafgaande perikoop, soos blyk uit die heropname van die terme yhwh 'ēlōhēkā (vs. 2a; 13:4), āwōn (vs. 2b en 3c; 13:12), yš<sup>c</sup> (vs. 4a; 13:4 en 10), ma<sup>c</sup>āšē as verwysing na afgodsbeelde (vs. 4c; 13:2), āšabbīm (vs. 9a; 13:2), verwysings na die toorn van JHWH (vs. 5b; 13:11), ensovoorts. Vs. 2 tot 9 staan egter inhoudelik teenoor 12:15 tot 14:1: Terwyl "vernietiging" en "dood" temawoorde is in die voorafgaande perikoop, is dié van 14:2 tot 9 die lewewekkende en bestendige krag wat van JHWH sal uitgaan vir sy volk.

Dit beteken egter nie dat 14:2 tot 9 die voorafgaande perikoop weerspreek, of dat (soos dikwels beweer word) 'n redakteur dit ná 12:15 tot 14:1 geplaas het om die oordele van vernietiging en dood minder kras te laat klink nie. In 12:15 tot 14:1 gaan dit oor die staat Efraim in die krisistyd voor die finale Assiriese aanval. Efraim as staat het deur JHWH veroordeel gestaan en sou vernietig word. In 14:2 tot 9 gaan dit oor die verslane volk aan wie verkondig word dat JHWH hulle uit liefde tot nuwe lewe sal wek. 12:15 tot 14:9 kom in 'n mate inhoudelik ooreen met hoofstuk 11 en 12: Efraim in sy bestaande vorm, dit wil sê as monargiese staat, is veroordeel en sal uitgewis word. JHWH sal egter uit liefde weer 'n volk deur die profetiese verkondiging byeenroep uit dié wat oorbly. Só sal Hy die werk wat Hy eenmaal begin het, voortsit. Die oproep tot bekering in 14:2 tot 4 is waarskynlik bedoel om deel te wees van die profetiese verkondiging waardeur die nuwe Israel tot stand sou kom.



14:10

Die slot van die boek

Die boek word afgesluit met 'n spreuk waarvan die metrum  $2 + 2 + 2, 3 + 3 + 3$  is. Vs. 10a bestaan uit 'n kort, nominale sin wat ingelei word deur die vraagwoord mī, gevolg deur 'n verbale sin, waarvan die werkwoord in die jussief staan. Dieselfde konstruksie volg daarna in 'n verkorte vorm. Vs. 10a word gemotiveer deur die drie hemistiges in vs. 10b tot d.

Daar is 'n verskil van mening by die kommentatore oor die funksie van mī in vs. 10a (vgl. bv. Wolff en Rudolph). Indien vs. 10 as geheel in ag geneem word, lyk die verklaring van Rudolph, dat mī die betekenis "wie ookal" het, die beste (so ook Mays; vgl. KBL bl. 518, nr. 5). byn word in vs. 10a as parallel van yd<sup>c</sup> gebruik in die sin van "ag slaan op". 'ellē verwys ongetwyfeld na die profesieë wat in die boek opgeneem is. Sommige kommentatore vertolk darkē yhwh as 'n verwysing na JHWH se geboorte (Wolff, Mays en Van Leeuwen). Rudolph meen weer dat dit betrekking het op JHWH se leiding in die algemeen. Hierdie verklaring is albei onbevredigend. derek word in vs. 10b metafories gebruik en dui JHWH se optrede en sy planne aan.<sup>1</sup> In aansluiting by 'ellē kan dit net verwys na die optrede en openbaring van JHWH soos dit in die boek Hosea skriftelik neerslag gevind het. Die persone wat wys en regverdig is, sal ag slaan op die profesieë en die lering wat daaruit geput kan word (vs. 10a en c). Aan die ander kant sal diegene wat dit nie ter harte neem nie, tot 'n val kom (vs. 10d). Vs. 10 kan dan soos volg vertaal word:

"Wie wys is, sal op hierdie dinge ag slaan;  
wie verstandig is, sal dit ter harte neem,

---

1. Vgl. Jenni/Westermann, THAT deel I, kol. 459, nr. 4a.

want die openbaringe van JHWH is volmaak.  
Die regverdiges rig hulle lewens daarvolgens in,  
maar dié wat hulle eie kop volg, sal tot 'n val kom."

#### 14:10 as redaksionele byvoeging

Die kommentatore is dit eens dat vs. 10 'n byvoeging is uit die eksiliese of na-eksiliese tyd. Die byvoeging word gewoonlik verklaar as 'n bewys dat die boek in dié tyd deur persone uit die wysheidskringe gehanteer is (vgl. Van Leeuwen).

Hierdie verklaring is nie bevredigend nie. Daarteenoor kan gestel word dat vs. 10 na alle waarskynlikheid terug=gaan tot die redaksionele arbeid waardeur die boek tot stand gekom het. Die volgende argumente kan daarvoor aan=gevoer word:

- i. Alhoewel vs. 10 'n tipiese wysheidspreuk is en nie 'n deel uitmaak van die profesieë in die boek nie, is dit nie 'n los aanhangsel nie. Dit blyk uit die feit dat die formulering van vs. 10 aansluit by die terminologie van die boek: byn het in vs. 10a dieselfde betekenisnuanse as in 4:14. yd<sup>c</sup> is 'n term wat dikwels in die boek voorkom (vgl. 5:3 v.). Dieselfde geld ook vir kšl (vgl. 4:5; 5:5; 14:2). Terwyl rš<sup>c</sup> gewoonlik as antoniem vir šdq gebruik word in die wysheidsliteratuur, is pš<sup>c</sup> waarskynlik gebruik in aansluiting by 7:13 en 8:1).
- ii. Die belangrikste argument is egter dat die boek Hosea begin met 'n inleiding wat tiperend is vir sommige Egiptiese wysheidsversamelings (1:2a) en ook afgesluit word met 'n tipiese wysheidspreuk waarin die belang van die goddelike openbaring in die boek, vir die lesers op die hart gedruk word. Die feit dat die profesieë omraam word deur 'n inleiding en slot in die idioom van die wysheid, lei onvermydelik tot die konklusie dat dit versamel en georden is in wysheidskringe.

Daar kan ook met stellige sekerheid beweer word dat hier=

die eerste redaksionele arbeid gedoen is deur 'n persoon of persone wat betreklik ná aan die profeet was. Dat Hosea 'n verbintenis met die wysheidskringe gehad het, is duidelik uit die volgende: In die eerste plek word 'n oorvloed vergelykings in die boek gebruik. Die aanwending van vergelykings vir die oordra van 'n bepaalde boodskap is 'n tipiese trek in die wysheidsboeke. Verder vertoon die taalgebruik in die boek Hosea soms merkwaardige ooreenkomste met dié in die wysheidsboeke. Terme en uitdrukkinge het in bepaalde gevalle in die boek 'n betekenis wat elders in die Ou Testament net in wysheidsliteratuur gevind word (vgl. bv. hēfeš in 8:8 en Spr. 3:15; 8:11; q<sup>e</sup>dōšīm as aanduiding van God in 12:1 en Spr. 9:10; ċet wat in 13:13 gebruik word in die sin waarin dit in Pred. 8:5 voorkom), Die kettingspreuk wat in 2:23 v. gebruik word en die gebruik van beelde uit die plantewêreld in 14:6 tot 8, verraai invloede van die wysheid. Dit geld ook byvoorbeeld vir die gebruik van rūah as simbool van nietigheid (vgl. 8:7; 12:2). Die verbintenis met die wysheid kom ook tot uitdrukking in sekere verbande wat gelê word in die boek, byvoorbeeld tussen goddeloosheid en dwaasheid in 7:9 tot 11 en tussen 'n daad in die hede en gebeure in die toekoms. Uit hierdie voorbeelde kan afgelei word dat die profeet een of ander verbintenis met die wysheidskringe gehad het. Dit is in die lig hiervan nie verrassend dat die boek redaksioneel versorg is deur iemand uit dieselfde kring nie. Dat die redaksionele arbeid nie deur Judeërs gedoen is nie, is duidelik uit die feit dat 'n inleiding soos 1:2a nêrens anders in die Ou Testament voorkom nie.

### KONKLUSIE

Die doel van die ondersoek was om vas te stel watter formele en inhoudelike verbande daar is tussen die profetiese uitsprake in die boek Hosea en of daar enige ontwikkeling

met betrekking tot die inhoud in die boek waarneembaar is. Die resultate van die studie is kortliks die volgende:

i. Die samehang binne perikope

Dit het geblyk dat, met enkele uitsonderings, daar oor die algemeen binne elke perikoop 'n sterk inhoudelike samehang is. 'n Bepaalde tema word meestal uitgebou en daar is 'n logiese ontplooiing van gedagtes. So is byvoorbeeld aangetoon dat 2:14 tot 15, wat deur feitlik al die kommentatore beskou word as 'n los samevoeging van spreuke, logies opgebou is en dat die herhaling van motiewe verklaar kan word uit die feit dat die perikoop gestileer is as die aanklagte en vonnis tydens 'n hofsaak. In 5:8 tot 6:6 volg die profetiese uitsprake mekaar weer op so 'n wyse dat die verskillende fases van die profeet se optrede by 'n bepaalde geleentheid onderskei kan word. In enkele gevalle het die inleidingspreuk die tema van die perikoop aangedui (vgl. 12:1 tot 14 en 12:15 tot 14:1). In die meeste gevalle waar perikope bestaan uit oordeelsprofesieë, is daar 'n innerlike verband tussen die oordele en die aanklagte wat daaraan voorafgaan (vgl. bv. 9:1 tot 4).

Die sorgvuldige plasing in 'n perikoop van spreuke wat op die oog af nie direk met mekaar in verband staan nie, het op verskillende plekke duidelik geblyk. 'n Voorbeeld hiervan is die drie formeel ooreenstemmende spreuke oor verskillende onderwerpe in 10:1 tot 8, waarna in die afsluitende oordeelspreuk terugverwys word in omgekeerde volgorde. 'n Ander voorbeeld is die drie spreuke in 12:12 tot 14 wat oënskynlik geen verband met mekaar het nie, maar tog in volgorde handel oor die toekomstige verwoesting van die land, die wegvoering in ballingskap en die uiteindelijke terugkeer.

Een van die belangrikste resultate met betrekking tot die samehang binne perikope is die chiastiese dieptestruktuur wat aan die lig gekom het in gevalle waar daar op die oog af 'n los samevoeging van spreuke en onnodige herhaling

van gedagtes is. Die belangrikste voorbeelde hiervan is 2:12 tot 15; 7:3 tot 7; 9:3 tot 17 en 10:9 tot 15.

Die feit dat die metrum ook meestal in genoemde gevalle met 'n konsentriese patroon die chiasiese bou ondersteun, getuig van besondere vernuf aan die kant van die outeur.

In die hele boek het slegs 7:10 en 8:14 die indruk geskep dat dit spreuke is wat tematies verwant is aan die perikope waarin dit staan, maar dat dit formeel en inhoudelik nie goed inskakel by die res van die perikope nie.

#### ii. Die verband tussen perikope

Die ondersoek het ook getoon dat daar inhoudelike verband is tussen die verskillende perikope in die boek. Dit is kortliks die volgende:

1:2 tot 9 en 2:1 tot 3 staan nie (soos dikwels beweer word), teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan. Dieselfde geld ook vir die verhouding tussen 2:4 tot 15 en 2:16 tot 25. Die profesieë van hierdie twee groter eenhede word saamgevat en bekragtig in 3:1 tot 5.

4:1 tot 15 sluit aan by die voorafgaande in soverre die tema van 3:1 tot 5 gedeeltelik in 'n oproep verwerk word in 4:15. 4:16 tot 19 sluit weer by hierdie oproep aan. 5:1 tot 7 bied 'n verdere uitbouing van wat in 4:1 tot 19 aan die orde is, maar daar is ook verbindingslyne met hoofstukke 1 tot 3.

Die perikope wat by 5:8 begin, sluit nie direk aan by die voorafgaande perikope nie, alhoewel daar enkele skakels met 5:1 tot 7 is. 6:7 tot 7:16 het 'n direkte verband met die einde van 5:8 tot 6:6. 8:1 tot 14 sluit ook tematies aan by 6:7 tot 7:16.

9:1 tot 9 en 9:10 tot 17 vorm 'n tematiese eenheid wat nie 'n direkte verband het met die voorafgaande perikope nie. Dit geld ook vir 10:1 tot 8 en 10:9 tot 15. In hoofstuk 11 bereik die oordele wat in hoofstuk 9 en 10

voorkom, 'n hoogtepunt. Aan die einde van hoofstuk 11 is daar egter ook weer vir die eerste keer ná hoofstuk 1 tot 3 'n heilsprofesie opgeneem. Die patroon van hoofstuk 11, naamlik veroordeling gevolg deur 'n belofte van heil, word ook in 12:1 tot 15 en 13:1 tot 14:9 voortgesit.

Daar is dus perikope waartussen daar 'n nouer verband bestaan. Alhoewel daar inhoudelik 'n breuk is tussen die perikope wat eindig by 5:7 en die wat begin by 5:8, asook tussen die wat eindig by 8:14 en die wat begin by 9:1, sou 'n definitiewe afbakening van groter eenhede in die boek die verbindingslyne wat deur die hele boek loop, geweld aandoen.

### iii. Inhoudelike ontwikkeling in die profetiese uitsprake

Daar is 'n duidelike ontwikkeling in die profetiese uitsprake van die boek waarneembaar. In hoofstuk 1 tot 3 gaan dit oor die verbondsverhouding tussen JHWH en sy volk wat verbreek is deur Israel se deelname aan die vrugbaarheidskultus. Die politieke leiers word primêr aangekla en veroordeel, en die vernietiging van die staat en kultus word aangekondig. JHWH sou in die toekoms weer die verbondsverhouding met sy volk herstel, maar die monargale staatsvorm en kultus moes eers verdwyn. In 4:1 tot 15 word die priesters aangekla dat hulle die oorsaak is van die volk se ontrou teenoor JHWH. Die volk word egter dringend gewaarsku om hulle te distansieer van die verdoemde kultus. In 4:16 tot 19 verhewig die aanklagte teen die volk omdat hulle voortgegaan het met die beoefening van die vrugbaarheidskultus. In 5:1 tot 7 word gestel dat hulle saam met die kultiese en politieke leiers geoordeel gaan word, dat JHWH hulle kultiese toenadering tot Hom gaan afwys en hulle gaan vernietig. Die primêre aanklag in 1:2 tot 5:7 gaan oor die aanhang van die vrugbaarheidsgodsdienst. Die wyse waarop JHWH se oordeel voltrek sou word, is betreklik vaag.

Vanaf 5:8 gaan dit nie meer oor die baaldienst nie, maar

handel die profesieë in die eerste plek oor politieke sake, alhoewel militêre, sosiale en kultiese sake ook in hoofstuk 6 tot 8 aandag kry. Die aanklagte en gepaardgaande veroordelings verhewig algaande. Die profesieë konsentreer op die leiers, maar die volk is nie uitgesluit by die oordele nie. Alhoewel die beskrywing van toekomstige gebeure vaag is, is dit duidelik dat Assirië die vyandelike mag is deur wie JHWH Efraim sou straf en dat daar 'n "terugkeer" na Egipte sou wees.

In hoofstuk 9 word die volk weer veroordeel vir hulle deelname aan die vrugbaarheidsgodsdienste. In hoofstuk 10 is die aanklagte gerig teen kultiese en politieke misdrywe. In hoofstuk 9 en 10 is die oordele dominant en word daar geen twyfel gelaat dat Assirië die land sal binneval en verwoes en die inwoners sal wegvoer in ballingskap nie. Daar sou geen terugkeer wees nie, ook nie vir dié wat na Egipte sou vlug nie.

Dieselfde oordele, naamlik dat die straf van JHWH op 'n permanente ballingskap sou uitloop en dat dit die einde van die godsvolk sou beteken, word in die eerste deel van hoofstuk 11 herhaal. Daar kom egter 'n wending in hoofstuk 11 wanneer JHWH besluit om ná die katastrofe, uit liefde tóg weer 'n volk byeen te roep uit dié wat oorbly. Hierdie twee aspekte, naamlik dat die vernietiging van Efraim as staat sowel as die wegvoering van die volk in ballingskap na Assirië absoluut onafwendbaar was, maar dat JHWH tóg daarna weer vir Hom 'n volk sou skep, is ook die dominante tema in hoofstuk 12. Dit loop ook deur in hoofstuk 13 en 14. In hoofstuk 13 en 14 word die totale vernietiging en volmaakte herstel daarná, net duideliker beskryf.

Daar is soos in hoofstuk 1 tot 3 dus in hoofstuk 11 tot 14 die verwagting dat daar 'n herstel sal wees in die toekomst. In die eerste hoofstukke word die leiers verantwoordelik gehou vir die gebroke verbondsverhouding en is die uitgangspunt dat as die kwaad (nl. die monargale stelsel en die verwerde kultus) verwyder is, die volk vanself

sou terugkeer tot 'n nuwe verhouding met JHWH. In die laaste hoofstukke is die volk egter net so skuldig soos die leiers en word álmal die oordeel aangesê. Die toekomstige herstel wat in dié hoofstukke verkondig word, is alleen gegrond in die liefde van JHWH.

(Naas die voorafgaande resultate waarop die studie in die eerste plek gerig was, het die volgende sake as nuwe produkte van die ondersoek na vore gekom:)

iv. Die volgorde van die profesieë in die boek

Uit die gegewens wat telkens onder die rubriek Agtergrond verwerk is, is dit duidelik dat die perikope in breë trekke kronologies gerangskik is. Hoofstuk 1 tot 5:7 dek die tyd vanaf die laaste deel van Jerobeam II se regering tot vóór die Siro-Efraimitiese oorlog in 734 v.C. Die profesieë in 5:8 tot 6:6 dateer uit die tyd kort na die bewindsoorname van Hosea ben Ela in 731 v.C. Dit geld ook vir die res van hoofstuk 6 en hoofstuk 7. In hoofstuk 8 word die eerste tekens van 'n beplande verset teen Assirië gereflekteer. Die profesieë wat in hoofstuk 9 opgeneem is, dateer waarskynlik uit die tyd kort voor 727 v.C. en dié in hoofstuk 10 uit die tyd ná 727 v.C., maar vóór die gevangeneeming van koning Hosea in 723 v.C. Laasgenoemde geld waarskynlik ook vir die profesieë in hoofstuk 11 en 12. Hoofstuk 12:15 tot 14:1 weerspieël 'n profetiese optrede kort voor die finale Assiriese aanval in 723 v.C. Die laaste perikoop bevat waarskynlik profesieë uit die tyd net na die val van die noordelike ryk. Dié kronologiese rangskikking verklaar die afwesigheid van enige verwysing na buitelandse gevaar en die relatiewe vaagheid in verwysings na die toekomstige oordeel in 1:2 tot 5:7. Die bewindsoorname en veranderde godsdienstige beleid van Hosea ben Ela word gereflekteer in die feit dat daar vanaf 5:8 tot 8:14 slegs 'n terloopse verwysing na die vrugbaarheidskultus is. Die toename in die sekerheid oor die Assiriese oorheersing vanaf hoofstuk 9 bevestig ook die breë kronologiese rangskikking van die



profesieë. In die geval van 5:8 tot 6:6 is 'n kronologie=se rangskikking van enkele spreuke ook aanwysbaar.

v. Redaksie- en oorleweringsgeskiedenis van die boek

Uit die ondersoek het geblyk dat die tradisionele beskouing, naamlik dat die boek uit drie oorleweringskomplekse saamgestel is (t.w. hoofstuk 1 tot 3, 4 tot 11 en 12 tot 14), nie gehandhaaf kan word nie. Dit word bewys deur die noue verband tussen hoofstuk 3 en 4 en tussen hoofstuk 11 en 12.

Dat die profeet self verantwoordelik was vir die optekening van sommige van sy profesieë, kan afgelei word uit die gebruik van die eerste persoon in 3:1 vv. Naas gedeeltes soos 4:1 tot 15 waarin 'n openbare optrede van die profeet weerspieël word, is daar perikope in die boek wat beslis nie die neerslag is van 'n impromptu optrede nie, maar in die huidige vorm ongetwyfeld 'n oorspronklike skriftelike eenheid is (vgl. bv. 9:10 tot 17). As die breë kronologiese ordening en die feit dat die perikope eenvoudig naas mekaar geplaas is sonder enige gegewens oor die tyd of omstandighede van optrede, daarby in ag geneem word, lyk die konklusie onvermydelik dat die openbaringe van God aan die profeet by ontvangs of kort na die lewering daarvan, opgeteken is. Uit die inleiding en slot van die boek het dit ook geblyk dat die redaksie van die boek gedoen is deur 'n geesgenoot of geesgenote van die profeet uit die wysheidskringe van Israel.

Dit kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die profetiese uitsprake van Hosea as 'n volledige boek hulle weg gevind het na Juda. Die Judese redaksionele ingryping in die teks is dan ook van geringe omvang en maklik aanwysbaar (vgl. 1:1; 1:7; 3:5; 4:15; 5:5; 6:11). Dit bestaan hoofsaaklik uit pogings om die profesieë vir Judese lesers te aktualiseer.

In die geheel gesien is die teks goed oorgelewer. Die gevalle waar dit probleme bied, is waarskynlik meer te wyte aan die vertaler se gebrekkige kennis van die idioom van die profeet, as aan tekskorrupsie.


1:1 - 2a

דְּבַר-יְהוָה   אֲשֶׁר הָיָה אֶל-הוֹשֵׁעַ בֶּן-בְּאֵרִי בַיּוֹם עֲזָבָה יוֹתָם אֶתְּוֹ יַחְזִקְנָה מַלְכֵי יְהוּדָה וּבַיּוֹם יִרְבְּעִם בֶּן-יֹאשׁ מֶלֶךְ יִשְׂרָאֵל	1a b c
תְּחִלַּת דְּבַר יְהוָה בְּהוֹשֵׁעַ	2a


1:2b - 9

$2+2+2$ $3+2$	וַיֹּאמֶר יְהוָה אֶל-הוֹשֵׁעַ לֵךְ קַח-לְךָ אִשָּׁת זְנוּנִים וַיִּלְדוּ זְנוּנִים כִּי-זֶנְהָ תִזְנֶה הָאָרֶץ מֵאַחֲרֵי יְהוָה וַיִּלְדֶּה וַיִּקַּח אֶת-זָמֶר בַּת-דְּבַלַּיִם וַתַּהַר וַתֵּלֶד-לוֹ בֶּן	2b c d 3
$3$ $2+3+2$ $3+3+2$	וַיֹּאמֶר יְהוָה אֵלָיו קְרָא שְׁמוֹ יִזְרְעֵאל כִּי-עוֹד מַעַט וּפְקַדְתִּי אֶת-דְּמֵי יִזְרְעֵאל עַל-בַּיִת יְהוָה וְהִשְׁבַּתִּי מִמְּלָכּוֹת בַּיִת יִשְׂרָאֵל וְהָיָה בַּיּוֹם הַהוּא וַשְׁבַּרְתִּי אֶת-קִשְׁת יִשְׂרָאֵל בְּעַמֻּק יִזְרְעֵאל וַתַּהַר עוֹד וַתֵּלֶד בֵּת וַיֹּאמֶר לוֹ	4a b c d e 5a b 6a b
$3$ $3+3+3$	קְרָא שְׁמָהּ לֹא רַחֲמָה כִּי לֹא אוֹסִיף עוֹד אֲרַחֵם אֶת-בַּיִת יִשְׂרָאֵל כִּי נִשְׂא אִשָּׁא לָהֶם	c d e f
$3+3$ $2+3+2$	וְאֶת-בַּיִת יְהוּדָה אֲרַחֵם וְהוֹשַׁעְתִּים בַּיְהוָה אֱלֹהֵיהֶם וְלֹא אוֹשִׁיעִם בְּקִשְׁת וּבְחַרְבֹּ וּבְמִלְחָמָה בְּסוּסִים וּבְפָרָשִׁים וַתֵּגְמַל אֶת-לֹא רַחֲמָה וַתַּהַר וַתֵּלֶד בֶּן וַיֹּאמֶר	7a b c d e 8
$3$ $2+3$	קְרָא שְׁמוֹ לֹא-עַמִּי כִּי-אַתֶּם לֹא-עַמִּי וְאֲנֹכִי לֹא-אֶהְיֶה לָכֶם	9a b c d

2:1 - 3




2:4 - 15



2:16 - 25

4+4	}	לְכֵן הִנֵּה אֲנִכִּי מִפְתִּיחַ וְהִלְכֶתִיךָ הַמַּדְבָּר וְדַבַּרְתִּי עַל-לִבָּהּ	16a
			b
4+4	}	וְנִתְּתִי לָהּ אֶת-כָּרְמִיחַ מִשָּׁם וְאֶת-עֵמֶק עֶכוֹר לְפֶתַח תְּקוּנָה	17a
			b
4+4	}	וְעִנְתָה שְׁמֵהּ כִּימִי נְעוּרֶיהָ וְכִזּוּם עֲלֵתָה מֵאֶרֶץ-מִצְרַיִם	c
			d
3+2	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא נֶאֱמַר יְהוָה תִּקְרָאִי אִישִׁי וְלֹא תִקְרָאִי לִי עוֹד בְּעָלָי	18a
2+2+2	}	וְהִסְרֹתִי אֶת-שְׁמוֹת הַבְּעָלִים מִפִּי וְלֹא יִזְכְּרוּ עוֹד בְּשֵׁמָם	b
4+4	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא נֶאֱמַר יְהוָה תִּקְרָאִי אִישִׁי וְלֹא תִקְרָאִי לִי עוֹד בְּעָלָי	19a
			b
3+2	}	וְכִרְתִּי לָהֶם בְּרִית בַּיּוֹם הַהוּא עִם-חַיַּת הַשָּׂדֶה וְעִם-עוֹף הַשָּׁמַיִם וְרִמְשׁ הָאָדָמָה	20a
2+2+2	}	וְקִשַׁת וְחֶרֶב וּמִלְחָמָה אֲשַׁבֵּר מִן-הָאָרֶץ וְהַשְּׂכֻבֹתִים לִבְטַח	b
3+2+2	}	וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי לְעוֹלָם וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְצַדִּיק וּבְמִשְׁפָּט וּבְחֶסֶד וּבְרַחֲמִים וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְאַמוּנָה וַיִּדְעַתְּ אֶת-יְהוָה	c
			d
3	}	וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי לְעוֹלָם וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְצַדִּיק וּבְמִשְׁפָּט וּבְחֶסֶד וּבְרַחֲמִים וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְאַמוּנָה וַיִּדְעַתְּ אֶת-יְהוָה	21a
2+2+2	}	וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי לְעוֹלָם וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְצַדִּיק וּבְמִשְׁפָּט וּבְחֶסֶד וּבְרַחֲמִים וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְאַמוּנָה וַיִּדְעַתְּ אֶת-יְהוָה	b
3+2	}	וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי לְעוֹלָם וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְצַדִּיק וּבְמִשְׁפָּט וּבְחֶסֶד וּבְרַחֲמִים וְאֶרְשָׁתִּיךָ לִי בְאַמוּנָה וַיִּדְעַתְּ אֶת-יְהוָה	22a
			b
3+3	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא אֲעֵנֶה נֶאֱמַר יְהוָה אֲעֵנֶה אֶת-הָאָרֶץ וְהִם יַעֲנוּ אֶת-הָאָרֶץ	23a
2+3	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא אֲעֵנֶה נֶאֱמַר יְהוָה אֲעֵנֶה אֶת-הָאָרֶץ וְהִם יַעֲנוּ אֶת-הָאָרֶץ	b
3+2	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא אֲעֵנֶה נֶאֱמַר יְהוָה אֲעֵנֶה אֶת-הָאָרֶץ וְהִם יַעֲנוּ אֶת-הָאָרֶץ	24a
3	}	וְהִנֵּה בַיּוֹם הַהוּא אֲעֵנֶה נֶאֱמַר יְהוָה אֲעֵנֶה אֶת-הָאָרֶץ וְהִם יַעֲנוּ אֶת-הָאָרֶץ	b
3+3	}	וְזָרַעְתִּיךָ לִי בְאֶרֶץ וְרַחֲמֵתִי אֶת-לֹא רַחֲמָה וְאִמְרֹתִי לֹלֵא עִמִּי אִתָּה וְהוּא יֹאמֶר אֱלֹהֵי	25a
3+2	}	וְזָרַעְתִּיךָ לִי בְאֶרֶץ וְרַחֲמֵתִי אֶת-לֹא רַחֲמָה וְאִמְרֹתִי לֹלֵא עִמִּי אִתָּה וְהוּא יֹאמֶר אֱלֹהֵי	b
3	}	וְזָרַעְתִּיךָ לִי בְאֶרֶץ וְרַחֲמֵתִי אֶת-לֹא רַחֲמָה וְאִמְרֹתִי לֹלֵא עִמִּי אִתָּה וְהוּא יֹאמֶר אֱלֹהֵי	c
			d

3:1 - 5



4:1 - 15

3+2		שָׁמְעוּ דְבַר יְהוָה בְּנֵי יִשְׂרָאֵל	1a
2+2		פִּירְיֵב לִיהוָה עִם־יוֹשְׁבֵי הָאָרֶץ	b
4+4		כִּי־אִין אָמַת וְאִין חֶסֶד וְאִין תַּעַת אֱלֹהִים בְּאָרֶץ	c
3+3+3		אֱלֹהִים וְכֹחַשׁ וְרִצָּח	2a
		וְנֹגֵב וְנֹאֲף פָּרְצוּ	b
3+3		וְדָמִים בְּדָמִים נִגְעוּ	b
		עַל־כֵּן וְהִאֲבֵל הָאָרֶץ וְאִמְלַל' כָּל־יוֹשֵׁב בָּהּ	3a
2+2		בְּתִיַת הַשָּׁדָה וּבְעוֹף הַשָּׁמַיִם	b
3		וְגַם־דָּגַי הַיָּם יִאֲסָפוּ	c
2+3+3		אֶדְאִישׁ אֶל־יָרֵב וְאֵל יוֹכַח אִישׁ	4a
		וְעַמָּה כַּמְרִיבֵי כַהֵן	b
2+4+2		וְכַשְׁלֵת הַיּוֹם	5a
		וְכַשְׁל נִם־נָבִיא עִמָּה לְיִלְהָ	b
		וְדַמִּיתִי אִמָּה	c
2+2		נִדְמוּ עַמִּי מִבְּלֵי הַדַּעַת	6a
3+3	כִּי־אִתָּה הַדַּעַת מְאֹסָת וְאִמְאָסָאךָ מִכֶּתֶן לִי	b	
3+3	וְהַשְׁכַּח תוֹרַת אֱלֹהֶיךָ אֲשַׁכַּח בְּנִיךָ גַם־אֲנִי	c	
4+3	כָּרַפְס כֵּן חָטְאוּ לִי כַבּוּדִם בְּקִלּוֹן אֲמִיר	7	
3+3	חָטְאֵת עַמִּי יֹאכְלוּ וְאֶל־עֵוֹנִם יִשְׁאוּ נַפְשׁוֹ	8	
3+3+3	וְהָיָה כָּעַם כִּפְתָּן	9a	
	וּפְקַדְתִּי עָלָיו דְּרָכָיו וּמַעֲלָלָיו אָשִׁיב לוֹ	b	
3+3	וְאֹכְלוּ וְלֹא יִשְׁבְּעוּ הַזֵּנוּ וְלֹא יִפְרְצוּ	10a	
4+4	כִּי־אִת־יְהוָה עֲזָבוּ לְשֹׁמֵר זְנוּת	10b11a	
	וְנִין וְתִירוֹשׁ יִקַּח לֵב	11b	
3+3	עַמִּי בְּעֵצוֹ יִשְׁאֵל וּמִקְלוֹ יִגִּיד לוֹ	12a	
3+3	כִּי־רוּחַ זְנוּנִים הַתְּעָה וַיִּזְנוּ מִתַּחַת אֱלֹהֵיהֶם	b, c	
3+3	עַל־רֵאשֵׁי הַהָרִים יִזְבְּחוּ וְעַל הַגְּבְעוֹת יִקְטְרוּ	13a	
2+2+2	תַּחַת אֱלֹהִים וְלִבְנָה וְאֵלֶּה כִּי־טוֹב צִלָּה	b	
3+2	עַל־כֵּן תִּזְנֶינָה בְּנוֹתֵיכֶם וְכִלּוֹתֵיכֶם תִּנְאֲפְנָה	c	
4+4	לֹא אֶפְקֹד עַל־בְּנוֹתֵיכֶם כִּי תִזְנֶינָה	14a	
	וְעַל כִּלּוֹתֵיכֶם כִּי תִנְאֲפְנָה	b	
3+3	כִּי־הֵם עִם־הַזְּנוּת יִפְרְדוּ וְעִם הַקְּדָשׁוֹת יִזְבְּחוּ	c	
2+2	וְעִם לֹא־יָבִין יִלְבַּט עִם־זָנָה	14d15a	
3	אִתָּה יִשְׂרָאֵל אֶל־טָאֲשִׁם (יְהוּדָה)	15b	
3+3+3	וְאֵל תִּבְאִי הַגְּלָגָל וְאֵל תַּעֲלוּ בֵּית אֹנָן	c	
	וְאֵל תִּשְׁבְּעוּ חַי־יְהוָה	d	

4:16 - 19

3+2			
		כי כפרה סררה סרר ישראל	16a
		עתה ירעם יהוה ככבש במרחב	b
		חבור עצבים אפרים	17a
		הנחלו סר סבאם	17b18a
		הזנה הזני אהבו הבו קלון מגניה	b, c
		צקר רוח אותה בכנפיה	19a
		ויבשו מזבחותם	b
3+2			
3+2			
3+3			
2+4			
4+2			

5:1 - 7


		שמעו זאת הכהנים	1a
		והקשיבו בית ישראל	b
		ובית המלך האזינו	c
		כי לכם המשפט	d
		כי פח הייתם למצפה	e
		ורשת פרושה על-תבור	f
		ושחת השטים העמיקו	2a
		ואני מוסר לכלם	b
3+3+3			
3			
3+3+3			
3			
3+3		אני ידעתי אפרים וישראל לא-נכתד ממני	3a
3+2		כי עתה הזנית אפרים נטמא ישראל	b
3+2		לא יהנו מעלליהם לשוב אל-אלהיהם	4a
3+3		כי רוח זנונים בקרבם ואת-יהוה לא ידעו	b
		וענה גאון ישראל בפניו	5a
4+4		וישראל ואפרים יכשלו בעונם	b
(+3)		(כשל גם-יהודה עמם) — — — — —	c
3+2		בצאנם ובבקרם ילכו לבקש את-יהוה	6a
2+2		ולא ימצאו חלץ מהם	b
2+3		ביהנה בנרו כי-בנים זרים ילדו	7a
2+2		עתה יאכלם חרש את-חלקיהם	b



5:8 - 6:6

3+2+2	חֲצֹצְרָה בְּרִמָּה	תִּקְעוּ שׁוֹפָר בַּנִּבְעָה	8a, b
		הֲרִיעוּ בֵּית אֹזן	c
3+2+2	בְּיוֹם תּוֹכַחַה	אֲחֲרֵיךָ בְּנִימִין אֶפְרַיִם	8d, 9a
		לְשִׁמָּה תִּהְיֶה	9b, c
2+2	הוֹדַעְתִּי נְאֻמָּה	בְּשִׁבְטֵי יִשְׂרָאֵל	d, e
3+2		הָיוּ שָׂרֵי יְהוּדָה כַּמְסִינֵי גְבוּל	10a
2+2		עָלִיהֶם אֲשַׁפּוּךְ כַּמִּים עֲבָרְתִּי	b
2+2+3		עָשָׂק אֶפְרַיִם רָצַץ מִשְׁפָּט	11a
		כִּי־הוֹאִיל הֶלֶךְ אַחֲרֵי־צוֹ	b
3+3		וְאֲנִי כָעַשׂ לְאֶפְרַיִם וְכָרַקְב לְבֵית יְהוּדָה	12a
3+2		וַיֵּרָא אֶפְרַיִם אֶת־חֲלִיו וַיְהוּדָה אֶת־מְזוּרוֹ	13a
3+3		וַיִּלְךְ אֶפְרַיִם אֶל־אֲשׁוּר וַיִּשְׁלַח אֶל־מֶלֶכִּי רָב	b
4+4		וְהוּא לֹא־יִוְכַל לְרַפֵּא לָכֶם וְלֹא יִנְהַה מִכֶּם מְזוּר	c
4+3		כִּי אֲנֹכִי כִשְׁחַל לְאֶפְרַיִם וְכִכְפִּיר לְבֵית יְהוּדָה	14a
4+3		אֲנִי אֲנִי אֲטַרְף וְאֵלֶיךָ אֲשָׂא וְאִין מִצִּיל	b
3		אֵלֶיךָ אֲשׁוּבָה אֶל־מְקוֹמִי	15a
2+2+3		עַד־אֲשֶׁר יֵאָשְׁמוּ וּבִקְשׁוּ פָנָי	b
		בְּצַר לָהֶם יִשְׁחַרְגְּנִי	c
3+3+2		לָכוּ וּנְשׁוּבָה אֶל־יְהוָה	1a
		כִּי־הוּא טָרַף וַיִּרְפָּאנוּ	b, c
2+3+3		יַחֲנִינוּ מִיָּמִים בְּיוֹם הַשְּׁלִישִׁי יִקְמְנוּ	2a, b
		וְנִחִיה לִפְנֵיו וְנִבְעָה	2c, 3a
3		נִרְדְּפָה לְדַעַת אֶת־יְהוָה	3b
3+3+3		כְּשַׁחַר נִכּוֹן מוֹצֵאוֹ	c
		וַיָּבֹא כִנְשָׁם לָנוּ . כַּמְלִקוֹשׁ יוֹרָה אֶרֶץ	d, e
3+3		מָה אַעֲשֶׂה־לָּךְ אֶפְרַיִם מָה אַעֲשֶׂה־לָּךְ יְהוּדָה	4a
3+3		וַחֲסֹדְכֶם פֶּעֶנָן בְּקָר וְכִטְל מִשְׁכִּים הֶלֶךְ	b
3+3+3		עַל־כֵּן חֲצַבְתִּי בַּנְּבִיאִים הַרְגָתִים בְּאִמְרֵי פִי	5a, b
		וּמִשְׁפָּטִי כְּאוֹר יֵצֵא	c
2+2+3		כִּי־חֲסַד חֲפַצְתִּי וְלֹא זָבַח וְדַעַת אֱלֹהִים מַעֲלוֹת	6a

6:7 - 7:7



7:8 - 16

2+2		אֶפְרַיִם בְּעַמִּים הוּא יִתְבּוֹלֵל	8a
3+2		אֶפְרַיִם הָיָה עֲנָה בְּלִי הַפּוֹכָה	b
3+2		אֶכְלוּ זְרִים פָּחוּ וְהוּא לֹא יָדַע	9a
3+2		גַּם-שִׁיבָה זָרְקָה בּוֹ וְהוּא לֹא יָדַע	b
(4)	(וְעֲנָה נְאוּן-יִשְׂרָאֵל בְּפָנָיו)	וְלֹא-שָׁבוּ אֶל-יְהוָה אֱלֹהֵיהֶם	10a
3+3		וְלֹא בִקְשׂוּהוּ בְּכָל-זֹאת	b
3+2		וַיְהִי אֶפְרַיִם כִּיּוֹנָה	11a
3+2		פּוֹתַח אֵין-לֵב	b
2+2		מִצָּרִים קָרְאוּ	c
2+2		אֲשׁוּר הִלְכוּ	d
2+3		כַּאֲשֶׁר יִלְכוּ	12a
2+3		אֶפְרַיִם עָלֵיהֶם רִשְׁתִּי	b
3+3		כְּעוֹף הַשָּׁמַיִם אֲזִרֵיהֶם	c
3+3		אִיסָרִם כְּשֹׁמֵעַ לַעֲדָתָם	d
2+2		אֹי לָהֶם כִּי-נִדְּדוּ מִמֶּנִּי	13a
2+2		שָׂד לָהֶם כִּי-פָשְׁעוּ בִּי	b
2+4		וְאֲנֹכִי אֶפְדֶּם	c
2+4		וְהִמָּה דִבְרוּ עָלַי כְּזָבִים	d
3+3+3		וְלֹא-זָעַקוּ אֵלַי בְּלִבָּם	14a
3+3+3		כִּי יִלְלוּ עַל-מִשְׁכַּבֹּתָם	b
3+3+3		עַל-דָּגָן וְתִירוֹשׁ יִתְגַּדְּדוּ	c
2+2		יִסּוּרוּ בִּי	d
2+2		וְאֲנִי יִסְרֵתִי	15a
2+3+2		חֲזַקְתִּי זְרוּעֵתָם	b
2+3+2		וְאֵלַי יִחְשְׁבוּ רָע	c
2+3+2		יָשׁוּבוּ לֹא-עַל	16a
3		הִיוּ כְּקִשְׁת רִמְיָה	b
3+2		יָפְלוּ בַחֲרֵב שָׂרִיָּה	c
3+2		מִזְעֵם לְשׁוֹנָם	d
2+2		זוֹ לַעֲנָם	e
2+2		בְּאַרְץ מִצְרַיִם	f


8:1 - 14

2+3	}	אל-חֲכֵךְ שֹׁפֵר כְּנֹשֵׁר עַל-בַּיִת יְהוָה יַעַן עָבְרוּ בְרִיתִי וְעַל-תּוֹרָתִי פָּשְׁעוּ לִי יִזְעֲקוּ אֵלֵי יְדֵעֲנוּךְ יִשְׂרָאֵל זָנַח יִשְׂרָאֵל טוֹב אוֹיֵב יִרְדְּפוּ	1a, b
3+2			c, d
2+3			2a, b
3+2			3a, b
2+2+3	}	הֵם הַמְּלִיכִים וְלֹא מִמֶּנִּי הַשִּׁירִים וְלֹא יִדְעֵתִי כִּסְפָּם וְזִהְבָּם עָשׂוּ לָהֶם עֲצָבִים לְמַעַן יִכְרַת זָנַח עֲגֻלָּה שְׁמֵרוֹן תָּרַח אֲפִי בָּם עַד-מָתִי לֹא-יִוָּכְלוּ נִקְוֹן כִּי מִיִּשְׂרָאֵל וְהוּא תָרַשׁ עָשָׂהוּ וְלֹא אֱלֹהִים הוּא כִּי שִׁבְבִים יִהְיֶה עֲגֹל שְׁמֵרוֹן	4a, b
3+2+2		c	
3+3		d, e	
3+2		f	
3+3		5a, b	
3+2		5c6a	
3+3	}	b, c	
3+2		e, e	
2+2	}	כִּי רוּחַ יִזְרְעוּ וְסוּפְתָהּ יִקְצְרוּ קָמָה אֵינֶנּוּ צָמַח בְּלִי יַעֲשֶׂה קָמַח אוֹלֵי יַעֲשֶׂה זָרִים יִבְלַעְהוּ נִבְלַע יִשְׂרָאֵל עֵתָה הֵיוּ בַגּוֹיִם כַּכְּלֵי אֵינֶנּוּ תַפְזֵן בּוֹ כִּי-הִמָּה עָלוּ אֲשׁוּר פָּרָא בּוֹדְדֵלוֹ אֲפָרִים הִתְנִנוּ אֲהָבִים גַּם כִּי-יִתְנֶנוּ בַגּוֹיִם עֵתָה אֲקַבְצֵם וְיִחַלְנוּ מֵעַט מִמַּשָּׂא מַלְדָּה שָׂרִים	7a, b
3+3		c, d	
2+2		e, f	
2+3+3		8a	
3+3+2	}	b, c	
3+2		9a	
2+3	}	b, c	
2+3		10a, b	
4+4	}	כִּי-הִרְבָּה אֲפָרִים מִזְבַּחַת לַחֲטָא הָיוּ לוֹ מִזְבַּחֹת לַחֲטָא אֲכַחֹב לוֹ רַבּוֹ תּוֹרָתִי כָמוֹ זֶר נִחְשְׁבוּ זָבַחַי הַבְּהֵמִי יִזְבַּחוּ בָשָׂר וַיֹּאכְלוּ יִתְנָה לֹא רָצָם וַיִּפְקְדוּ חַטָּאוֹתָם הִמָּה מִצְרִים יָשׁוּבוּ	11a
4+3		b	
3+2		12a, b	
3		13a, b	
3+2		c	
3		d, e	
3		f	
3+2	}	וַיִּשְׁבַּח יִשְׂרָאֵל אֶת-עֲשָׂהוּ וַיְהוֹדֶה הִרְבָּה עָרִים בְּצִרְוֹת וְשִׁלַּחַתִּי אֵשׁ בְּעָרָיו וְאָכְלָה אֶרְמְנֵיהָ וַיִּבֶן הַיְקָלוֹת	14a
2+2		b	
3+2		c	
3+2		d	

9:1 - 9

2+2		אל-תשִׁמַח יִשְׂרָאֵל		
		אל-יִלַּל כְּעַמִּים		1a, b
		כִּי-זָנִיחַ מֵעַל אֱלֹהֶיךָ		c
		אֶתְהַבֵּת אֶתְנֹן		d, e
3+2+3		עַל-כֹּל נִרְנוֹת דָּגָן		
		נֶרְן וַיִּקַּב לֹא-זָרַעַם		2a
		וַתִּירוֹשׁ וַיִּכְחַשׁ בָּהּ		b
3+3		לֹא-יֵשְׁבוּ בְּאֶרֶץ יְהוָה		3a
		וַיִּשְׁבּוּ אֶפְרַיִם מִצְרַיִם		b
		וַבְּאֲשׁוּר טָמְאוּ יֹאכְלוּ		c
		לֹא-יִסְכּוּ לִיהוָה וַיִּנָּן		4a
3+3+3		וְלֹא יִעָרְבוּ-לוֹ זִבְחֵיהֶם		b
		כִּלְחָם אוֹנִים לָהֶם		c
		כֹּל-אֲכָלוּ יִטְמְאוּ		d
3+2		כִּי-לַחֲמֵם לְנַפְשָׁם		e
		לֹא-יָבֹאוּ בֵּית יְהוָה		f
2+3		מִה-תַּעֲשׂוּ לַיּוֹם מוֹעֵד		5a
		וּלְיוֹם חַג-יְהוָה		b
3+2		כִּי-הִנֵּה הִלְכוּ מִשָּׁד		6a
		מִצְרַיִם תִּקְבְּצֵם		b, c
3+2+2		מִן הַתְּקַבְּרָם		d, e
		מִחֲמַד לְכַסְפָּם		f
2+2+2		קָמוּשׁ יִירָשֶׁם		
		חֹחַ בְּאֶחְלֵיהֶם		
		בָּאוּ וַיִּמְנֵי הַפְּקֻדָּה		7a, b
3+2+2		בָּאוּ וַיִּמְנֵי הַשְּׁלָם		c
		יִדְעוּ יִשְׂרָאֵל		
		אֲנִיל הַנְּבִיא		d
2+3		מִשְׁנַע אִישׁ הָרוּחַ		e
		עַל רֵב עֹנֶה		f
2+2		וַרְבֵּה מִשְׁטֵמָה		g
		צִפָּה אֶפְרַיִם עַם-אֱלֹהֵי נְבִיא		8a
2+2		פֶּחַ יִקוֹשׁ עַל-כֹּל דְּרָכָיו		b
		מִשְׁטֵמָה בְּבֵית אֱלֹהֵיו		c
2+2		הָעַמִּיקוּ שַׁחַתוֹ		9a
3+2		כִּימְנֵי הַגְּבֻעָה		b
		יִזְכּוּר עֹנֵם		c, d
2+2+2		יִפְקֹד חַטְאוֹתָם		

9:10 - 17



10:1 - 8

3+2	}	פְּרִי יִשְׁנָה לְךָ	גִּפְּנֵי בּוֹקֵק יִשְׂרָאֵל	}	1a, b	
2+2		הַרְבֵּה לְמִזְבְּחוֹת	כָּרֵב לְפָרִיז		c	
2+2		מִצְבּוֹת	כָּטוּב לְאַרְצוֹ		d	
2+2		יִשְׂרָד מִצְבּוֹתָם	חֶלֶק לָכֶם		עֵתָה יֵאָשְׁמוּ	2a, b
3+2		הוּא יַעֲרַף מִזְבְּחוֹתָם	יִשְׂרָד מִצְבּוֹתָם		c, d	
3+2	}	כִּי עֵתָה יֵאָמְרוּ	כִּי עֵתָה יֵאָמְרוּ	}	3a	
3+2		אִין־מֶלֶךְ לָנוּ	אִין־מֶלֶךְ לָנוּ		b	
3+3	}	כִּי־לֹא יֵרְאוּ אֶת־יְהוָה	כִּי־לֹא יֵרְאוּ אֶת־יְהוָה	}	c	
3+3		וְהִמְלִיךְ מִה־יַּעֲשֶׂה לָנוּ	וְהִמְלִיךְ מִה־יַּעֲשֶׂה לָנוּ		d	
2+2+2	}	דְּבָרוֹ דְּבָרִים	דְּבָרוֹ דְּבָרִים	}	4a	
2+2+2		אֲלוֹת שׂוֹא כָּרַת בְּרִית	אֲלוֹת שׂוֹא כָּרַת בְּרִית		b	
3+2	}	עַל־תִּלְמֵי שָׂרֵי	וּפְרַח כְּרֹאשׁ מִשְׁפָּט	}	c, d	
3+2		לְעֹנָלוֹת בֵּית־אֹן	לְעֹנָלוֹת בֵּית־אֹן		5a	
2+3	}	יְגוּרוֹ שָׁכֵן שְׁמֵרוֹן	יְגוּרוֹ שָׁכֵן שְׁמֵרוֹן	}	b	
2+3		כִּי־אָבֵל עָלָיו עֲמוֹ	כִּי־אָבֵל עָלָיו עֲמוֹ		c	
3+3+3	}	וּכְמֵרִיו עָלָיו יִגִּילוּ	וּכְמֵרִיו עָלָיו יִגִּילוּ	}	d	
3+3+3		עַל־כְּבוֹדוֹ כִּי־נָלְהָ מִמֶּנּוּ	עַל־כְּבוֹדוֹ כִּי־נָלְהָ מִמֶּנּוּ		e	
3+3	}	מִנְחָה לְמֶלֶךְ רֵב	גַּם־אוֹתוֹ לְאֲשׁוּר יוֹכֵל	}	6a, b	
3+3		בִּשְׁנֵה אֶפְרַיִם יָקַח	בִּשְׁנֵה אֶפְרַיִם יָקַח		c, d	
2+3	}	מֶלֶכָּה כְּקֶצֶף עַל־פְּנֵי מַיִם	נִדְמָה שְׁמֵרוֹן	}	7a, b	
2+3		חֲטֵאת יִשְׂרָאֵל	וְנִשְׁמְדוּ בְּמֹת אֹן		8a, b	
2+2	}	יַעֲלֶה עַל־מִזְבְּחוֹתָם	קוֹץ וְדַרְדַּר	}	c, d	
2+2		וְאָמְרוּ לְהָרִים כְּסוֹנֵנוּ	וְאָמְרוּ לְהָרִים כְּסוֹנֵנוּ		e	
3+3	}	וְלִנְבָעוֹת נָפְלוּ עָלֵינוּ	וְלִנְבָעוֹת נָפְלוּ עָלֵינוּ	}	f	
3+3						





11:1 - 11

3+3			
		כִּינְעַר יִשְׂרָאֵל וְאַהֲבָהוּ	7.a
		וּמִמְצָרִים קָרָאתִי לְבָנִי	b
3+2		קָרָאוּ לָהֶם בֶּן הַלְכוּ מִפְּנֵי	2.a
3+2		הֵם לְבָעָלִים יִזְבְּחוּ וְלַפְסָלִים יִקְטְרוּן	b
3+2		וְאַנְכִי חֲדַנְלַחֲתִי לְאַפְרַיִם	3.a
		קָחֶם עַל-זְרוּעֹתַי	b
3		וְלֹא יָדְעוּ כִּי־דַפְּאֹתֵי	c
3+2		בְּחִבְלֵי אָדָם אֲמַשְׁכֶּם	4.a
		וְאַהֲרִיגָה לָהֶם כִּמְרִימֵי עַל עַל-לְחֵיהֶם	b
2+3+3		וְאַט אֲלִיוֹ אוֹכִיל	c
3+3		לֹא-יָשׁוּב אֶל-אֶרֶץ מִצְרַיִם וְאַשׁוּר הוּא מְלִכּוֹ	5.a
3		כִּי מֵאַנּוּ לְשׁוּב	b
3+2+3		וְחָלָה חֲרַב בְּעָרָיו.	6.a
		וְכִלְתָּה בְּדָיו	b
		וְאַכְלָה מִמַּעֲצוּתֵיהֶם	c
3+2+3		וְעַמּוֹ תְלוּאִים לְמִשׁוֹבְתוֹ	7.a
		וְאֶל-עַל יִקְרָא הוּ	b
		יַחַד לֹא יִרְוּם	c
3+2		אֵיךְ אֶתְנַן אֶפְרַיִם אֲמַנְנֶךָ יִשְׂרָאֵל	8.a
3+2		אֵיךְ אֶתְנַן כְּאֲדָמָה אֲשִׁימֶךָ כַּצַּבֹּאִים	b
		נִהַפְּךָ עָלַי לְבִי	c
3+3		יַחַד נִכְמְרוּ נְחוּמֵי	d
3+3		לֹא־אֲעִשֶׂה חֲרוֹן אַפִּי	9.a
		לֹא־אָשׁוּב לְשַׁחַת אֶפְרַיִם	b
2+2+2		כִּי־אֵל אֲנִכִּי וְלֹא אִישׁ	c
		בְּקִרְבְּךָ קָדוֹשׁ	d
3		וְלֹא אָבּוֹא בְעִיר	e
3+2		אַחֲרֵי יְהוָה יִלְכוּ כְּאַרְיֵה יִשָּׂאג	10.a
2+3		כִּי־הוּא יִשָּׂאג וַיַּחֲרְדּוּ בָנִים מֵיָם	b
3+3+3		יַחֲרְדּוּ כְּצִפּוֹר מִמְצָרִים וְכִיּוֹנָה מֵאֶרֶץ אֲשׁוּר	11.a
		וְהוֹשְׁבֵתִים עַל-בְּתֵיהֶם נֹאם־יְהוָה	b, c

12:1 - 14

3+3	}			
		סִבְבְּנֵי בְּכַחַשׁ אֶפְרַיִם וּבְמִרְמָה בֵּית יִשְׂרָאֵל		1a
		וַיְהוּדָה עוֹדְרָד עִם־אֵל		b
		וְעַם קְדוֹשִׁים נֶאֱמָן		c
		אֶפְרַיִם רֵעָה רֵיחַ וְרִחַף קָדִים כָּל־הַיּוֹם		2a
		כָּנֹב וְשָׂדֵה יִרְבֵּה		b
		וּבְרִית עִם־אֲשׁוּר יִכְרַתוּ		c
		וְשִׁמֹן לַמִּצְרִים יִיבֹל		d
		וְרִיב לַיהוָה עִם־יְהוּדָה		3a
		וּלְפָקֵד עַל־יַעֲקֹב כְּדַרְכּוֹ כִּמְעַלְלָיו יָשִׁיב לּוֹ		b
		בְּבֶטֶן עַקֵּב אֶת־אֲחִיו		4a
		וּבְאוּנוֹ שָׂרָה אֶת־אֱלֹהִים		b
		וַיִּשָׂר אֵל (מְלֹאָךְ) וַיִּכַּל		5a
		בְּכַה וַיִּתְחַנֵּן לּוֹ		b
		בֵּית־אֵל יִמְצְאוּנוּ וְשֵׁם יְדַבֵּר עִמָּנוּ		c
		וַיְהִי הָאֱלֹהִים הַצְּבָאוֹת יְהוָה זָכְרוּ		6
		וְאֵתָהּ בְּאֵלֶיהָ תָּשׁוּב		7a
		חֶסֶד וּמִשְׁפָּט שָׁמֵר		b
		וְקִנְיַת אֵל־אֱלֹהֵיהָ תִּמְד		c
		כִּנְעַן בְּיָדוֹ מֵאוּנֵי מִרְמָה לַעֲשֹׂק אָהֵב		8
		וַיֹּאמֶר אֶפְרַיִם אַךְ־עֲשֵׂרְתִי מִצְּאֵתִי אֲוֹן לִי		9a
		כָּל־יְיֹנְעֵי לֹא־יִמְצְאוּ לִי עֹנֶן אֲשֶׁר חֲטָא		b
		וְאֲנֹכִי יְהוָה אֱלֹהֶיהָ מֵאֲרֶץ מִצְרַיִם		10a
		עַד אוֹשִׁיבָהּ בְּאֵהָלַיִם כִּימֵי מוֹעֵד		b
		וְדַבַּרְתִּי עַל־הַנְּבִיאִים		11a
		וְאֲנֹכִי חֲזוֹן הַרְבִּיתִי		
		וּבְיַד הַנְּבִיאִים אֲדַמָּה		b
		אִם־יִלְעָד אֲוֹן אַךְ־שׂוֹא הָיוּ		12a
		בַּגִּלְגָּל שׁוֹרִים זִבְחוֹ		b
		גַּם־מִזְבְּחוֹתָם כְּגֹלִים עַל־תְּלָמֵי שָׂדֵי		c
		וַיִּבְרַח יַעֲקֹב שָׂדֵה אֲרָם		13a
		וַיַּעֲבֹד יִשְׂרָאֵל בְּאִשָּׁה		b
		וּבְאִשָּׁה שָׁמֵר		
		וּבְנִבְיָא הָעֵלְיָה יְהוָה		14a
		אֶת־יִשְׂרָאֵל מִמִּצְרַיִם		
		וּבְנִבְיָא נִשְׁמֵר		b

12:15 - 14:1

3+3+3		הַכְּעִיס אֶפְרַיִם תְּמָרוּרִים	
		וְדָמְיוֹ עָלָיו יִטּוֹשׁ וְחִרְפָּתוֹ יִשְׁבִּילֹו אֲדָנָיו	15a
		כְּדַבֵּר אֶפְרַיִם רִתַּח נָשָׂא הוּא בְּיִשְׂרָאֵל	b
		וַיֵּאשֶׁם בְּבַעַל וַיִּמַּח	13:1a
		וְעַתָּה וַיֹּסֶפּוּ לַחֲטָא	b
		וַיַּעֲשׂוּ לָהֶם מִסְכָּה	2a
		מִכֶּסֶפֶם כְּחַבּוּנִים עֲצָבִים	b
		מַעֲשֵׂה חֲרָשִׁים כָּלָה	c
		לָהֶם הֵם אֹמְרִים	d
		זִבְחֵי אָדָם עֲגֻלִים יִשְׁקֹון	e
		לָכֵן יִהְיֶה כַּעֲנַן-בָּקָר וְכִטָּל מִשְׁכִּים הַלֵּל	f
		כַּמֶּזֶץ יִסְעַר מִגֵּרָן וְכַעֲשָׂן מֵאַרְבֶּה	3a
		וְאֹנְכֵי יִהְיֶה אֱלֹהֶיךָ מֵאַרְצֵי מִצְרַיִם	b
		וְאֱלֹהִים זִוְלָתִי לֹא-תִדַע וּמוֹשִׁיעַ אִין-בְּלָתִי	4a
		אֲנִי רִעַתִּיךָ בַּמִּדְבָּר בְּאַרְצֵי תְּלָאֲבוֹת	b
		כְּמַרְעִיתָם וַיִּשְׁבְּעוּ וַיִּגְרָם לָבָם	5
		עַל-כֵּן שָׁכַחוּנִי	6a
		וְאֵתִי לָהֶם כְּמוֹ-שָׁחַל	b
		כְּנֹמֵר עַל-דֶּרֶךְ אֲשׁוּר	7a
		אֶפְנֹשֶׁם כְּדָב שָׁכוּל וְאַקְרַע סִגּוּר לָבָם	b
		וְאַכְלֶם שֵׁם כְּלָבִים	8a
		תִּיתַת הַשָּׂדֶה תִּבְקַעֶם	b
		שַׁחַתְךָ יִשְׂרָאֵל כִּי בִי בַעֲזָרְךָ	c
		אֵתִי מִלִּבְּךָ אֶפּוֹא וַיֹּשִׁיעַךָ בְּכָל עֲרִיךְ	9
		וְשִׁפְטִיךָ אֲשֶׁר אִמְרַתָּ תִּנְהַלֵּי מִלִּבְּךָ וְשָׁרִים	10a
		אֶתֶּן-לָּךְ מִלִּבְּךָ בְּאִפִּי וְאַקַּח בְּעִבְרָתִי	b
		צָרוּר עֲנֹן אֶפְרַיִם צְפוּנָה חֲטָאָתוֹ	11
		חֲבָלֵי יוֹלְדָה יִבְאוּ-לָּו הוּא בֶן לֹא-חֲקָם	12
		כִּי-עַתָּה לֹא יַעֲמֵד בְּמִשְׁבַּר בָּנִים	13a
		מִיָּד שְׂאוֹל אֶפְדֶם מִמּוֹת אֲנָאֶלֶם	b
		אֵתִי דְבַרְיֶךָ מוֹת אֵתִי קִטְבָּךְ שְׂאוֹל	14a
		נַחֵם יִסְתַּר מַעֲיָנִי	b
		כִּי הוּא בֶן אֲחִים יִפְרִיא	c
		יָבֹוא קָדִים רוּחַ יִהְיֶה מִמִּדְבָּר עֲלֶיהָ	15a
		וַיִּבֶשׁ מְקוּרֹו וַיִּחַרֵב מַעֲיָנֹו	b
		הוּא יִשְׁסֶה אוֹצַר כָּל-כְּלֵי חֲמֻדָּה	c
		תֵּאשֶׁם שְׁמֵרוֹן כִּי-מָרַתָּה בְּאֱלֹהֶיךָ	d
		בְּתִרְבַּב יִפְלוּ עַל-לִיבָתָם יִרְפְּשׂוּ וְהָרִיחוּ וַיִּבְקְעוּ	14:1a
			b

14:2 - 9

2+2+2	}	שׁוּבָה יִשְׂרָאֵל עַד-יְהִינָה אֱלֹהֶיךָ	2a
		כִּי-כִשְׁלַת בְּעֹנֶה	b
3+2	}	קָחֵוּ עִמָּכֶם דְּבָרִים וְשׁוּבוּ אֶל-יְהוָה	3a
		אָמְרוּ אֵלָיו	b
2+2+2	}	כָּל-תְּשׂא עֵוֹן	c
		וְקֹחַ טוֹב	d
3	}	וְנִשְׁלַמָּה פְּרִים שְׁפָתֵינוּ	e
		אֲשׁוּר לֹא יוֹשִׁיעֵנוּ	4a
3+3	}	עַל-סוֹס לֹא נִרְכָּב	b
		וְלֹא נֹאמַר עוֹד אֱלֹהֵינוּ לְמַעֲשֵׂה יְדֵינוּ	c
2+2+2	}	אֲשֶׁר-בָּךְ יִרְחֶם יְחֹם	d
3			
2+2	}	אָרְפָא מְשׁוּבָתָם אֲהַבֶּם נִדְבָה	5a
		כִּי-שָׁב אִפִּי מִמֶּנּוּ	b
3+3	}	אֲהִינָה כַּטַּל לְיִשְׂרָאֵל	6a
		יִפְרַח כְּשׁוֹשַׁנָּה	b
2+3+2	}	וַיִּהְיֶה שְׁרָשׁוֹ כַּלְבָּנוּן	c
		יִלְכוּ יִנְקוּתָיו	7a
3+3	}	וַיְהִי כַזֵּית הַזֶּדֶד	b
		וַהֲיֵחַ לוֹ כַּלְבָּנוּן	c
	}	יָשׁבוּ יֹשְׁבֵי בְצֻלּוֹ	8a
3+2+2		יִחֲיוּ דָגָן	b
	}	וַיִּפְרְחוּ כַגֶּפֶן	c
3		זָכְרוּ כִּגְיוֹן לְבָנוּן	d
2+2	}	אֲפָרִים מִה-לִּי עוֹד לְעֶצְמוֹתַי	9a
		אֲנִי עֲנִיתִי וְאֲשׁוּרֵנוּ	b
3+3+3	}	אֲנִי כִבְרוֹשׁ הָעֵנָן מִמֶּנִּי פָרִיחַ נִמְצָא	c

14:10

2+2+2	}	מִי חָכֵם וַיִּגְבֵּן אֱלֹהִים נִבּוֹן וַיִּדְרֹשׁ	10a
		כִּי-יִשְׂרִים דְּרָכָי יְהוָה	b
3+3+3	}	וְצַדִּיקִים יִלְכוּ בָּם	c
		וּפְשָׁעִים יִכָּשְׁלוּ בָּם:	d

LITERATUURLYS (vgl. ook die lys van afkortings op bl. x).

- Ackroyd, P.R. en Lindars, B., ed. Words and meanings, Cambridge 1968.
- Aistleitner, J. Die mythologischen und kultischen Texte aus Ras Schamra, Budapest 1964.
- Alt, A. Kleine Schriften Zur Geschichte Des Volkes Israel (Band I en II), München 1953.
- Baltzer, K. Das Bundesformular, Neukirchen 1964.
- Baly, D. The Geography of the Bible, Londen 1957.
- Bartlett, J.R. "The use of the word rō'š as a title in the Old Testament", VT 19 (1969).
- Boecker, H.J. Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament, Neukirchen-Vluyn 1964.
- Brooks, B.A. "Fertility cult functionaries in the Old Testament", JBL 60 (1941).
- Bright, J. A History of Israel, Londen 1960.
- Brongers, H.A. "Bemerkungen zum Gebrauch des adverbialen we<sup>c</sup>attā im Alten Testament", VT 15 (1965).
- Buss, M.J. The Prophetic Word of Hosea, Berlyn 1969.
- Cowley, A. Aramaic Papyri of the Fifth Century B.C., Osnabrück 1967.
- Cowley, A.E. The Samaritan Liturgy, Oxford 1909.
- Dalman, G. Arbeit und Sitte im Palästina (IV en VI), Hildesheim 1964.
- Ebeling, E. en Meissner, B. Reallexikon der Assyriologie, Berlyn 1932.
- Ehrlich, A.B. Randglossen zur hebräischen Bibel; Band V: Ezechiel und die kleinen Propheten, Leipzig 1912.

-394-

- Elhorst, H.J. "Das Ephod", ZAW 30 (1910).
- Elliger, K., ed. "Eine verkannte Kunstform bei Hosea (Zur Einheit von Hos. 5:1f)", ZAW 69 (1957).
- Fitzmyer, J.A. The Aramaic inscriptions of Sefīre, Rome 1967.
- Fohrer, G. "Der Vertrag zwischen König und Volk in Israel", ZAW 71 (1959).
- Gelderen, C. van, Gispén, W.H. Het boek Hosea, Kampen 1953.
- Glück, J.J. "Some semantic complexities in the book of Hosea", OTWSA 1964-'65.
- "Explorations in Eastern Palestine IV", in The Annual of the American Schools of Oriental Research (25-28), New Haven 1951.
- Good, E.M. "Hosea 5:8-6:6: An alternative to Alt", JBL 85 (1966).
- Gordis, R. "Hosea's marriage and message: A new approach", HUCA 25 (1954).
- Glueck N. "The text and meaning of Hosea XIV 3", VT 5 (1955).
- Gordon, C.H. Ugaritic manual, Rome 1955.
- Gray, J. I and II Kings, Londen 1964.
- Herzberg, H.W. Die Bucher Josua, Richter, Ruth, Göttingen 1965.
- Huffman, H.B. "The treaty background of Hebrew yāda<sup>c</sup>", Bulletin of the American Schools of Oriental Research (181), Baltimore 1966.
- Knierim, R. "Exodus 18 und die Neuordnung der mosaischen Gerichtsbarkeit", ZAW 73 (1961).
- Koehler, L., Baumgartner, W. Supplementum ad Lexikon in Veteris Testamenti Libros, Leiden 1958.
- Kuhl, C. "Neue Dokumente Zum Verständnis von Hos. 2:4-15", ZAW 52 (1934).
- Leeuwen, C. van Hosea, Nijkerk 1968.

- Maarsingh, B.                    "Gideon reformator", Kerk en Theologie, (28e jaargang nr. 2), 's-Gravenhage 1977.
- Mays, J.L.                        Hosea: a commentary, Londen 1969.
- Meissner, B.                     Babylonien und Assyrien, Heidelberg 1920.
- Merwe, B.J. van der            "Joseph as successor of Jacob", Studia Biblica et Semitica (red. W.C. van Unnik en A.S. van der Woude), Wageningen 1966.
- Moor, J.C. de                    New Year with Canaanites and Israelites, Kampen 1972.
- Mowinckel, S.                  "Drive and/or ride in O.T.", VT 12 (1962).
- Neufeld, E.                     Ancient Hebrew marriage laws, Londen 1944.
- Patai, R.                         Sex and family life in the Bible and the Middle East, New York 1959.
- Paul, S.M.                        "The image of the oven and the cake in Hosea VII 4-10", VT 17 (1967).
- Richardson, H.N.                "Two addenda to Some notes on lyš and its derivatives", VT 5 (1955).
- Richter, W.                     Exegese als Literaturwissenschaft, Göttingen 1971.
- Robinson, Th. H. en  
  Horst, F.                        Die zwölf kleinen Propheten, Tübingen 1954.
- Rudolph, W.                     Hosea, Gütersloh 1966.
- Segal, J.B.                     The Hebrew Passover, Londen 1963.
- Sellin, E.                        Das Zwölf prophetenbuch, Leipzig 1922.
- Selms, A. van                    Genesis deel I, Nijkerk 1967.
- Genesis deel II, Nijkerk 1967.
- Jeremia deel I, Nijkerk 1972.
- Jeremia deel II, Nijkerk 1974.
- Jeremia deel III en Klaagliederen, Nijkerk 1974.

-396-

- Levend verleden, Nijkerk 1967.
- Marriage and family life in Ugaritic literature, Londen 1954.
- "Temporary henotheism", Symbolae Biblicae et Mesopotamicae, Leiden 1973.
- "The Southern Kingdom in Hosea", OTWSA 1964-'65.
- Stamm, J.J. Die akkadische Namengebung, Darmstadt 1968.
- Thomas, D.W. Documents from Old Testament Times, Londen 1958.
- Ullmann, M. Wörterbuch der Klassischen Arabischen Sprache (Band I), Wiesbaden 1970.
- Vaux, R. de Hoë het oude Israel leefde (deel II), Roermond-Maaseik 1962.
- Waldow, E. von "Der traditionsgeschichtliche Hintergrund der prophetischen Gerichtsreden", in BZAW 85, Berlyn 1963.
- Ward, J.M. Hosea; a theological commentary, New York 1966.
- Weiser, A. en Elliger, K. Das Buch der zwölf kleinen Propheten, Göttingen 1963-'64.
- Westermann, C. Das Loben Gottes in den Psalmen, Göttingen 1963.
- Widengren, G. Sakrales Königtum im Alten Testament und im Judentum, Stuttgart 1955.
- Wijngaards, J. "Death and resurrection in covenantal context (Hos. VI 2)", VT 17 (1967).
- Wolff, H.W. Probleme biblischer Theologie, München 1971.
- Dodekapropheton I - Hosea, Neukirchen 1961.
- "Hoseas geistige Heimat", Theologische Literaturzeitung 81 (1956).
- "Jahwe als Bundesvermittler", VT 6 (1956).



-397-

Woude, A.S. van der     Micha, Nijkerk 1977.  
Zolli, J.                 "Hosea 4:17-18", ZAW 15 (1938).  
Zyl, A.H. van            The Moabites, Leiden 1960.

DIE VERBAND TUSSEN EN DIE ONTWIKKELING IN DIE PROFETIESE  
UITSPRAKE IN DIE BOEK HOSEA

deur

ANDRIES PETRUS BERNARDUS BREYTENBACH

Promoter: Prof. dr. J.P. OBERHOLZER

Mede-promoter: Prof. dr. W.C. VAN WYK

DEPARTEMENT OU-TESTAMENTIESE WETENSKAP  
VIR DIE GRAAD DOCTOR DIVINITATIS

SAMEVATTING

Die doel van die ondersoek was om die verband tussen die profetiese uitsprake in die boek Hosea na te gaan en te bepaal of daar enige ontwikkeling is ten opsigte van die inhoud. Om dié doel te bereik, is 'n noukeurige eksegeese van die hele boek 'n voorvereiste. Dit is dan ook primêr 'n eksegetiese studie.

Die uitgangspunt was dat die betekenis van die profetiese uitsprake alleen bepaal kan word deur 'n sinkroniese metode van ondersoek wat gerig is op teks-immanente eksegeese. Die metode wat gevolg is, is kortliks die volgende: Na die voorlopige afgrensing van 'n perikoop en die verwerking van tekskritiese gegewens, word aandag gegee aan die poëtiese vorm. Daarna word die struktuur van die perikoop bepaal op grond van formele kriteria. In 'n struktuurontleding word die verbande tussen die verskillende boustene van die perikoop aangetoon. Aangesien die boek met die uitsondering van enkele verse uit poësie bestaan, is uitgegaan van die stige en in bepaalde gevalle van die hemistige as kleinste bousteen in die struktuur. Hierna word die betekenis met die struktuurontleding as riglyn bepaal.

Die resultate van die ondersoek is die volgende: In gevalle waar daar op die oog af geen logiese opbou is nie, is die perikope meestal sorgvuldig saamgestelde

eenhede wat getuig van groot vernuf aan die kant van die outeur. Daar is verskillende voorbeelde van eenhede wat 'n chiastiese dieptestruktuur vertoon. Daar is ook verband tussen die verskillende perikope wat byvoorbeeld 'n vraagteken plaas oor die algemeen aanvaarde standpunt dat hoofstuk 4 tot 11 en hoofstuk 12 tot 14 oorspronklik selfstandige oorlewingseenhede was.

Die volgende ontwikkeling was in die profetiese uitsprake waarneembaar: In die eerste hoofstukke word gestel dat die verbondsverhouding tussen JHWH en Israel verbreek is. Die owerheid wat bestaan uit die politieke en kultiese leiers word primêr verantwoordelik gehou vir die verbreking van die verbond. Die toekomstige herstel van die gebroke verhouding en 'n nuwe toekomst vir die volk word tog ook verwag. Die monargale staatstelsel en die vrugbaarheidsgodsdiens sou egter eers moes verdwyn voordat die heilryke toekomst 'n werklikheid sou word. Na die aanvanklike konsentrasie van die doemprefesieë op die politieke en kultiese leiers, word die breë bevolking al meer in die oordeel betrek en word hulle algaande krasser veroordeel totdat 'n totale vernietiging van die uitverkore volk deur middel van 'n vyandelike inval en wegvoering in permanente ballingskap, as onvermydelik voorgelê word. Daar kom egter 'n wending: JHWH sou uit liefde tog nie sy volk vernietig nie, maar ná die katastrofe weer 'n volk byeenroep deur die profetiese verkondiging. Die gedagte dat die vernietiging van die staat Israel onafwendbaar was, maar dat JHWH tog sy volk ná die katastrofe sou herstel, is oorheersend in die laaste perikoop.

Verder is aangetoon dat die profesieë in breë trekke kronologies gerangskik is en waarskynlik georden is deur 'n outeur uit die wysheidskringe van die noordelike ryk. Redaksionele ingryping in die boek deur Judese redaktore is van geringe omvang en bestaan uit enkele pogings om die profesieë vir Judese lesers te aktualiseer.

THE CONNECTION BETWEEN AND THE DEVELOPMENT IN THE  
PROPHETIC UTTERANCES OF THE BOOK HOSEA

by

ANDRIES PETRUS BERNARDUS BREYTENBACH

Promoter: Prof. Dr. J.P. OBERHOLZER

Co-promoter: Prof. Dr. W.C. VAN WYK

DEPARTMENT OF OLD TESTAMENT STUDIES FOR THE  
DEGREE DOCTOR DIVINITATIS

SUMMARY

The object of this investigation was to trace the connection between the prophetic utterances in the book Hosea and to determine whether there is any development with regard to the content. An accurate exegesis of this book is a prerequisite to attain this end. It is therefore primarily an exegetic study.

The point of departure was that the meaning of prophetic utterances can only be determined by means of a synchronic method of investigation with text-immanent exegesis in view. The method adopted is shortly the following: After preliminary demarcation of a pericope and the treatment of problems concerning textual criticism, attention is given to the poetic form. Hereafter the structure of the pericope is determined on the grounds of formal criteria. In a structural analysis the connections among the various constituents of a pericope are pointed out. Since the book, with the exception of a few verses, consists of poetry, the stichos and in certain cases the hemistichos as smallest constituent in the structure, was taken as point of departure. Consequently the meaning is determined with structural analysis as directing principle.

The results of the investigation are the following: In cases where it appears on the surface that there is no

logical advancement in thought, the pericope usually consists of carefully composed units which bear evidence of great ingenuity on the part of the author. There are various examples of units which reveal a chiasmic deep structure. There is also a connection between the different pericopes, which for example, questions the generally accepted view that chapters 4-11 and 12-14 were originally autonomous tradition units.

The following development was perceptible in the prophetic utterances. The first chapters disclose the disrupted covenant relationship between Yahweh and Israel. The authorities which consist of the political and cultic leaders are held primarily responsible for disrupting the covenant. The future restoration of the violated relationship and a new future for the people is also anticipated. The monarchic structure of state and forms of fertility religion would, however, first have to disappear before the beneficial future could become a reality. After the initial concentration of the prophecies of doom on the political and cultic leaders, the members of the population in general become involved in judgment and the judgment against them (and their condemnation) gradually grows stronger until total destruction of the chosen people becomes inevitable through a hostile invasion and abduction into permanent exile. A favourable turn is however revealed in chapter 11. Yahweh, for love of His people, will not destroy them, but will call them together after the catastrophe through prophetic proclamation. This line of thought is pre-dominant in the last pericopes.

I furthermore indicated that the prophecies in broad outline follow one another chronologically and were probably arranged by an author from the wisdom circles of the northern kingdom. Editorial intervention in the book by Judean editors is of minor importance and consists of a few attempts to actualise the prophecies for Judean readers.